# DIE TIEN WOORDE VAN GOD

DR P W MARAIS

# Die Tien Woorde van God

Dr. Willie Marais

# Inhoudsopgawe

**Van die skrywer** ........ **9**
**Inleiding** ........ **10**
**HOOFSTUK I** ........ **11**
Die Tien Gebooie ........ 11
Die oorsprong van die Tien Gebooie ........ 11
Die noodsaaklikheid van Gods wet ........ 12
Die uniekheid van die tien woorde ........ 13
Die onvernietigbaarheid van die wet ........ 13
Geloof bevestig die wet ........ 14
Die binding van die wet ........ 14
Die wet geskrywe op die tafels van ons harte ........ 15
Wie die Here liefhet, bewaar sy gebooie ........ 16
Die doel van God met die wet ........ 16
Omdat... daarom ........ 16
Evangelie en wet ........ 17
Die vloek van die wet ........ 19
Christus en die wet ........ 19
Die gelowige en die wet ........ 20
Die ongelowige en die wet ........ 20
Die wet as norm ........ 21
Die toepassing van die wet van God ........ 21
Die verstaan van die wet ........ 22
Die diepere beginsel in die wet ........ 23
Die één voorbeeld in elke wet ........ 23
Nie net uiterlike pligpleging nie ........ 24
Wat tot oortreding aanleiding mag gee ........ 24
Die eenheid van die wet ........ 25
Ander toelaat om te sondig ........ 25
Die verwerping van die wet ........ 26
Die misbruik van die wet ........ 26
Die gebruike van die wet ........ 27
Die wet as tugmeester ........ 28
Die wet as reël van dankbaarheid ........ 28
Die samevatting van die wet ........ 29
Eerbied vir die wet ........ 29
Die aanhef tot die wet ........ 30
Die aanvang van die wet ........ 30
Die sprekende God ........ 31
Die bestaan van God ........ 31
God is 'n persoonlike God ........ 32
Die persoonlike aanspreeklikheid van die mens ........ 32
Die Here van die geskiedenis ........ 33
Verlossing uit slawediens ........ 33
Die tafels van die verbond ........ 34
**HOOFSTUK II** ........ **35**
Die Eerste Gebod ........ 35
Die één ware God ........ 35
Geen sinkretisme nie ........ 36
Geen mens sonder aanbidding nie ........ 36
Die beslissende keuse ........ 37
Die ander gode wat ons dien ........ 38
Die geldgod ........ 38
Die god van roem en eer ........ 38
Die plesiergod ........ 39
Dit waarop ek meer vertrou as op God ........ 39
Dit wat ek meer liefhet as vir God ........ 40
Wat ons in die plek van God stel ........ 40
Dit wat ons meer vrees as vir God ........ 41
Van die ware godsdiens misbruik maak ........ 41
Wanneer beskouinge gode word ........ 42
Die aangesig van God ........ 42

Die oorsprong van die sonde ........ 43
**HOOFSTUK III ........ 44**
Die Tweede Gebod ........ 44
Die verskil tussen die twee gebooie ........ 44
Wat van beeldhouwerk of skilderkuns? ........ 45
Wat van simbole in die kerke? ........ 45
God se eie simbole ........ 46
God se beelde ........ 46
Ons het geen gesnede beelde nodig nie ........ 47
Gesnede beelde het geen nut nie ........ 47
Die één ware God kan nie afgebeeld word nie ........ 48
Ons mag geen gesnede beelde hê nie ........ 49
Die beeld wat sal praat ........ 49
Die rede vir beeldediens ........ 50
Aaron se goue kalf ........ 50
Die kerkgeboue ........ 51
Die erediens ........ 51
Die prediking ........ 52
Die prediker ........ 52
Die Bybel ........ 53
'n Tweede rede vir beeldediens ........ 54
Die genadegawe van die Heilige Gees ........ 55
Sterker as die Here wees ........ 55
'n Derde rede vir beeldediens ........ 56
Godsdienstig bloot om tydelike gewin ........ 56
'n Eiesinnige godsdiens ........ 57
Verkeerde voorstellinge van God ........ 57
Die God wat Hom verborge hou ........ 58
Die sin van die tweede gebod ........ 58
'n Jaloerse God ........ 59
Belofte en bedreiging ........ 59
Die trefwydte van die tweede gebod ........ 60
**HOOFSTUK IV ........ 61**
Die Derde Gebod ........ 61
Die Naam van die Here jou God ........ 61
Die openbaring van die Naam van die Here ........ 62
Die inhoud van sy Naam ........ 62
Die ydel gebruik van die Naam van die Here ........ 63
Die regte gebruik van die Naam van Here ........ 63
Die Naam van God, met vrees en eerbied gebruik ........ 64
Van die gebed misbruik maak ........ 64
Mag ons by die Naam van God 'n eed sweer? ........ 65
Die redes vir die eed ........ 66
Die prosedure by die eed ........ 66
Die vervloeking by die eed ........ 67
Die onherroeplikheid van die eed ........ 67
Om onnodig te sweer ........ 68
By 'n ander naam te sweer ........ 68
Nie vals sweer nie ........ 69
Christus en die eed ........ 69
Die onbruik van sy Naam ........ 70
Die lot van die ongehoorsames ........ 70
Die sondes van versuim ........ 71
Die oortreder nie aangekla nie ........ 72
Gedeeltelike stilswye ........ 72
Lippediens ........ 73
Geweld in die Naam van God ........ 73
Die Naam van God om ons ontwil gelaster ........ 74
Deur te vloek ........ 74
Deur te laster ........ 75
Die vervloeking in sy Naam ........ 76
Die bedreiging van die derde gebod ........ 76
Die doel met die derde gebod ........ 77

**HOOFSTUK V** ........ **78**
Die Vierde Gebod ........ 78
Verskille in die twee weergawes van die vierde gebod ........ 78
Die rede vir die weglating en toevoegings ........ 79
Die oorsprong van die sabbat ........ 80
Die sabbat as toets vir gehoorsaamheid ........ 80
Die sabbat as arbeidsreëling ........ 81
'n Week met ses werksdae ........ 82
Die één rusdag van die week ........ 82
'n Dag om te laat lewe ........ 83
'n Dag van heilige samekoms ........ 83
'n Dag van blye herinnering ........ 84
Om die sabbatdag te heilig ........ 85
Om die sabbatdag te ontheilig ........ 85
Wat wel op die sabbatdag geoorloof was ........ 86
Die seën van die sabbatdag ........ 86
Die vloek van die sabbatdag ........ 87
Die sabbat as aansporing om heilig te wees ........ 88
Die sabbat as teken dat dit die Here is wat sy volk heilig ........ 88
Die sabbat as teken van die verbond van Sinai ........ 89
Die heilshistoriese vergesig van die vierde gebod ........ 89
Christus die vervulling van die sabbat ........ 90
Paulus en die sabbat ........ 91
Die konsekwensies vir die sabbatdag ........ 91
Die wins vir die volk van God as gevolg van die verdwyning van die sabbatdag ........ 92
Die verlies vir die volk van God as gevolg van die verdwyning van die sabbatdag ........ 93
God se antwoord op die behoefte van sy nuwe volk ........ 93
Die sabbat en Sondag vergelyk ........ 94
Die kerkvaders en Sondag ........ 94
Alle owerhede en Sondag ........ 95
Hoe Sondag gevier moet word ........ 96
Die Heidelbergse Kategismus en Sondag ........ 96
**HOOFSTUK VI** ........ **98**
Die Vyfde Gebod ........ 98
Die vyfde gebod en die twee taf els van die wet ........ 98
Die verskille in die twee weergawes van die vyfde gebod ........ 99
Die eerste gebod met 'n belofte ........ 99
Die lang lewe wat beloof word ........ 100
Die beloofde land ........ 100
Die ouergesag as voorbeeld van ander gesagsinstellinge ........ 101
Die huisgesin ........ 102
Die betekenis en doel van gesag ........ 102
Die konsekwensies van gesag ........ 103
Die oorsprong van gesag ........ 103
Die enigste grond vir gesag ........ 104
Gesag eis gehoorsaamheid ........ 105
Die motief tot gehoorsaamheid ........ 105
Die hoë eise vir die handhawing van gesag ........ 106
Die grense van gesag ........ 106
Die oorskryding van die grense van gesag ........ 107
Ons houding wanneer gesag oorskry word ........ 107
Die regte gebruik van gesag ........ 108
Die draers van gesag ........ 108
Die onderhoriges ........ 109
Die hoë roeping van die gesagsdraer ........ 110
Die kinders en die vyfde gebod ........ 110
Die skool ........ 111
Die Kerk ........ 111
Die staat ........ 112
Die regswese ........ 113
Die Oppergesag ........ 113
**HOOFSTUK VII** ........ **115**
Die Sesde Gebod ........ 115

Die dood ... 115
Verskillende soorte van dood ... 116
'n Gebod sonder voorwerp ... 116
Die plant ... 117
Die dier ... 117
Die mens ... 118
Die mens as beeld van God ... 119
Die lewe ... 119
Die mens as fetus ... 120
Aborsie ... 121
Mediese indikasies en aborsie ... 122
Die genadedood ... 123
Selfmoord ... 123
Moord ... 124
Aanleiding tot moord ... 124
Doodmaak sonder opset ... 125
Eerbied vir die lewe ... 126
Die bewaring van die lewe ... 126
Die dood te voorkom ... 127
Nie betrokke te raak nie ... 127
Selfbehoud en selfliefde ... 128
Selfverdediging ... 128
Martelare ... 130
Die dood van 'n held ... 130
As plaasvervanger sterf ... 131
Mediese hulp weier ... 131
Die kwaad moet uitgeroei word ... 132
Doodstraf ... 132
Oorlog ... 133
**HOOFSTUK VIII ... 135**
Die Sewende Gebod ... 135
Die oorsprong van die huwelik ... 135
'n Definisie van die huwelik ... 136
Die doel of bestemming van die huwelik ... 137
Gesinsbeplanning ... 137
Kunsmatige inseminasie ... 138
Seksualiteit ... 139
Liefkosing ... 140
Kleredrag ... 140
Die skaamtegevoel ... 141
Die ongehude staat ... 142
Die keuse van 'n lewensmaat ... 142
Jeug-liefde ... 143
Die verlowing ... 144
Huweliksluiting en -bevestiging ... 145
Egskeiding ... 145
Die hertrou van geskeides ... 146
Owerspel ... 147
Onwettig saamwoon ... 147
Selfbeheersing ... 149
Selfbevrediging ... 150
Seksuele wanpraktyke ... 150
Bloedskande ... 151
Homoseksualiteit ... 151
Prostitusie ... 152
Die vrye liefde ... 153
By wie die vrye liefde gewoonlik voorkom ... 153
Die redes vir die vrye liefde ... 154
Die gevolge van die vrye liefde ... 155
Die gevare van die vrye liefde ... 155
**HOOFSTUK IX ... 157**
Die Agtste Gebod ... 157
Die tweede gebod sonder 'n voorwerp ... 157

Die Alleen-Eienaar ..... 158
Absolute beskikkingsreg ..... 158
Eiendom ..... 159
Eiendomsreg ..... 159
Die mens as rentmeester van God ..... 160
Wat God in die agtste gebod verbied ..... 161
Hoe eiendom verwerf moet word ..... 161
Arbeid ..... 162
Lone ..... 162
Handel ..... 163
Verkoopkuns ..... 164
Reklame ..... 165
Krediet, huurkoop en agterstallige rekenings ..... 166
Geld, rente en woekerwins ..... 167
Versekering ..... 168
Diefstal ..... 168
Bedrog ..... 169
Lotery en dobbelary ..... 170
Strafmaatreëls ..... 170
Wat God in die agtste gebod gebied ..... 171
Hoe ek moet besit ..... 171
Gierigheid ..... 172
Verkwisting ..... 172
Privaatbesit en gemeenskaplike besit ..... 173
Hoe eiendom bestee moet word ..... 174
Bestaansmoontlikheid ..... 174
Tiendes ..... 175
**HOOFSTUK X ..... 178**
Die Negende Gebod ..... 178
Die verband met die ander gebooie ..... 178
Wat die negende gebod verbied ..... 179
Wat die negende gebod gebied ..... 179
Die regspraak ..... 180
Die naam van die mens ..... 180
Die valse getuienis ..... 181
Kerklike tug ..... 182
Die taal wat ons praat ..... 183
Die tong van die mens ..... 183
Die taal van Satan ..... 184
Die taal wat God praat ..... 184
Wat is waarheid? ..... 185
Getrou aan myself ..... 186
Getrou aan God ..... 186
Getrou aan my naaste ..... 187
Wie is my naaste? ..... 187
Die leuen wat ons vertel ..... 188
Uitsonderinge wat toelaatbaar is ..... 188
Sifra en Pua ..... 189
Ragab ..... 189
Die vrou in Bahúrim ..... 190
Die noodleuen ..... 190
Krygslis ..... 191
Spioenasie ..... 191
Diplomasie ..... 191
In tye van vervolging ..... 192
Die lokvalstelsel ..... 192
Spoedlokvalle ..... 193
Oor die naderende dood praat ..... 193
Geheimhouding ..... 194
**HOOFSTUK XI ..... 195**
Die Tiende Gebod ..... 195
Verskille in die twee weergawes van die tiende gebod ..... 195
Net één gebod ..... 196

Gebod met 'n voorwerp ..... 196
Die selfstandigheid van die tiende gebod ..... 197
Die andersheid van die tiende gebod ..... 197
Die dieptedimensie van die tiende gebod ..... 198
Die hek voor al die gebooie ..... 198
Die verborge lewe van die mens ..... 199
Die gesindheid ..... 199
Die gedagte ..... 200
Verkeerde gedagtes ..... 200
Die ontwikkeling van die sonde ..... 201
Die gewete ..... 201
Die tiende gebod en die Woord ..... 202
Mag ek begeer? ..... 202
Wanneer word begeerte sonde? ..... 203
Heiligmaking ..... 203
Die erfsonde ..... 204
Die perfeksionisme ..... 205
Imperfeksionisme ..... 206
Die tiende gebod is 'n pretbederwer ..... 207
Wrange vrugte ..... 207
Om te voorkom is beter as om te genees ..... 208
Tevredenheid ..... 209
Wat die tiende gebod ons gebied ..... 209
Waarom is wetsprediking nodig? ..... 210
Sonde ..... 210
Verlossing ..... 211
Dankbaarheid ..... 212
**HOOFSTUK XII ..... 213**
Die "elfde" gebod ..... 213
Diepe simpatie en innige meegevoel (Matt. 8:14-17) ..... 213
Eie belange of Syne? (Matt. 12: 46-50) ..... 214
Voed die wat honger het (Matt. 14:14-21) ..... 214
Nie aanstoot gee nie (Matt. 17: 24-27) ..... 215
Liefde vir kindertjies (Matt. 19:13-15) ..... 215
Vir die veronregte opgekom (Matt 26:6-13) ..... 216
Nie eie voordeel gesoek nie (Matt. 27:12-14) ..... 216
Niemand verstoot nie (Matt. 27: 3&-44; Luk. 23: 39-43) ..... 217
Ruimheid van hart ..... 218
Tyd vir 'n bedelaar (Mark. 10:46-52) ..... 218
Die geringste offer raakgesien (Mark. 12: 41-44) ..... 219
Liefde wat nie verander nie (Markus 14:29-31,66-72; 16:1-7) ..... 219
'n Vriend van sondaars (Luk. 7: 34) ..... 220
Vyandigheid nie gewreek (Luk. 9: 51-56) ..... 221
Verwondes versorg (Luk. 10:25-37) ..... 221
Plek vir die mindergegoede en verstoteling (Luk. 14:15-24) ..... 222
Blydskap oor één siel (Luk. 15:1-10) ..... 222
Vir sondaars jammer (Luk. 15:11-32) ..... 223
Vergewe sonder om te verwyt (Luk. 15: 21-32) ..... 224
Soek en red wat verlore was (Luk. 19:1-10) ..... 224
Oor sondaars geween (Luk. 19: 29-44) ..... 225
Hy bid vir hulle wat Hom doodmaak (Luk. 23:33,34) ..... 226
Arm geword, ter wille van ons (Joh. 1:14) ..... 226
Die mooie in elkeen raakgesien (Joh. 1: 41-43) ..... 227
Dié wat in verleentheid was, het Hy gehelp (Joh. 2:1-12) ..... 228
Oor die hulpelose het Hy Hom ontferm (Joh. 5:1-9) ..... 228
Vir dié wat geval het, het Hy ingetree (Joh. 8:1-11) ..... 229
Saam met die bedroefdes het Hy geween (Joh. 11: 30-36) ..... 229
Andere se voete gewas (Joh. 13:1-20) ..... 230
Hy het sy lewe vir ons gegee (Joh. 15:12,13) ..... 230
**Geraadpleegde werke ..... 232**

## Van die skrywer

Aan die einde van hierdie boek verskyn daar 'n volledige lys van geraadpleegde werke. Omdat hierdie werk oorspronklik as 'n dagboek voorberei is, is daar nie van direkte aanhalings uit werke van ander skrywers en voetnote gebruik gemaak nie. Die skrywer wil egter geensins beweer dat alles wat in hierdie boek staan, sy eie en oorspronklike gedagtes is nie. Waar die skrywers van die geraadpleegde werke dalk iewers op die bladsye van hierdie boek 'n eie woord of gedagte mag herken, wil die skrywer graag sy persoonlike erkentlikheid, dankbaarheid en waardering betuig vir die geleentheid en voorreg om van hul gedagtes in 'n boek soos hierdie, gebruik te kon maak.

# Inleiding

Hierdie werk is oorspronklik geskrywe om as dagboek te dien. Om verskeie redes is besluit om daarvan af te stap, en dit liewers as 'n boek met twaalf hoofstukke aan te bied. Die inhoud is egter min of meer dieselfde. Alleen is alle aanduidings van 'n dagboek uitgehaal. Die 365 paragrawe getuig egter van die oorspronklike vorm waarin dit opgestel is. Die eerste hoofstuk is, hoewel minder interessant, tog noodsaaklik om die ander hoofstukke beter te begryp. Dit moet as 'n sleutel tot die res van die boek gesien word. Die onderskeie paragrawe word duidelik aangedui en ook in die inhoudsopgawe opgeneem, sodat dit ook maklik as 'n naslaanboek diens kan doen. Die leser hoef die boek nie van voor tot agter in chronologiese orde te lees nie, maar kan gerus die onderwerpe waarin leiding gesoek word eerste raadpleeg. Alhoewel die paragrawe met mekaar vervleg lê en 'n aaneengeskakelde eenheid behou, is elke paragraaf tog 'n afgesonderde eenheid wat ook sonder die voorafgaande of daaropvolgende paragrawe gelees kan word.

Die boek raak feitlik die hele veld van die etiek en sny talle sake aan wat vandag aktueel of ter sake is. Die gewaardeerde hulp van prof. N.H. Stapelberg en mnre. J. Steyn en C.B. Yeo oor ekonomiese en wetsaangeleenthede word dankbaar erken. Die manuskrip is veral vanweë 'n groot aantal kontensieuse onderwerpe aan 'n paar vriende vir kritiese opmerkinge voorgelê. Ons dank professore J.A. Heyns, P.M. Bremer en P.R. Botha vir insiggewende wenke en hul vriendelike aanmoediging om die werk vir publikasie aan te bied, asook die kerkraad van Pretoria-Oos vir die 15 dae onaangetekende verlof om die werk betyds te voltooi.

Dit is die wens van die skrywer dat die boek in al ons huise 'n welkome ontvangs mag geniet en dat dit vir meer as een lig en leiding sal bied oor die talle vrae of probleme waarmee almal van ons in minder of meerdere mate tog een of ander tyd moet worstel. Mag dit verder ook 'n bydrae lewer om 'n nuwe begrip te kweek vir die wonderlike diepte van die ewige wet van God, sodat ons waarlik opnuut sal kan sê: "Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevele van die Here is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer: dit verlig die oë." (Ps. 19:8,9).

# HOOFSTUK I

## *Die Tien Gebooie*

"En Hy het op die tafels die woorde van die verbond, die tien woorde, geskrywe" (Ex. 34:28).

Die Tien Gebooie word dus ook "die tien woorde" genoem (Ex. 34:28; Deut. 4:13; 10:4). Ons vind dit opgeteken in Ex. 20:1-17 en Deut. 5:1-22. Dit is die inhoud van die verbond wat die Here by Horeb met Israel gesluit het (Deut. 5:1-5) en omvat die wet van God vir sy koninkryk op aarde.

Die Tien Gebooie word gewoonlik in twee tafels verdeel (H.K. 93). Die rede hiervoor moet blykbaar gesoek word in die feit dat die tien woorde op twee kliptafels geskrywe was (Ex. 31:18; 34:1), en ook daarin dat die Here Jesus die wet in twee dele verdeel het, te wete die liefde tot God (Matt. 22:37; Deut. 6:5) en die liefde tot die naaste (Matt. 27:39; Lev. 19:18).

Hoewel 'n ander verdeling moontlik is, word die Tien Gebooie gewoonlik in die verhouding van 4 tot 6 (K.B. 5, 6[1]) soos volg verdeel:

l. Die eerste tafel:

1.1 Die eerste gebod (Ex. 20:3; Deut. 5:7)- Die Persoon van God.

1.2 Die tweede gebod (Ex. 20:4-6; Deut. 5:8-10) – Die diens van God.

1.3 Die derde gebod (Ex. 20:7; Deut. 5:11) – Die Naam van God.

1.4 Die vierde gebod (Ex. 20:8-11; Deut. 5:12-15)- Die dag van God.

2. Die tweede tafel:

2.1 Die vyfde gebod (Ex. 20:12; Deut. 5:16) – Die gesag van die mens.

2.2 Die sesde gebod (Ex. 20:13; Deut. 5:17) – Die lewe van die mens.

2.3 Die sewende gebod (Ex. 20:14; Deut. 5:18) – Die huwelik van die mens.

2.4 Die agste gebod (Ex. 20:15; Deut. 5:19) – Die eiendom van die mens.

2.5 Die negende gebod (Ex. 20:16; Deut. 5:20) – Die naam van die mens.

2.6 Die tiende gebod (Ex. 20:17; Deut. 5:21) – Die begeertes van die mens (vgl. K.B. 4,6).

Later moet ons terugkom op die aspek dat die Roomse kerk en die Lutherse kerk van die eerste twee gebooie een gebod en van die tiende gebod twee gebooie maak, terwyl ook die verskil in die twee weergawes van die Tien Gebooie nader ondersoek moet word. Intussen is dit uit die uiteensetting hierbo duidelik dat die gebooie van God baie wyd is (Ps. 119:96) en dat dit die totale mens vir God opeis. Onder die Tien Gebooie mag dan ook verstaan word: al die gebooie van God. Dit word dus onmiddellik 'n persoonlike vraag in hoe verre ons na al die gebooie van God begin het om te lewe? (vgl. H.K. 114).

## *Die oorsprong van die Tien Gebooie*

Daar staan geskrywe:

*"Die Here onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit. Met ons vaders het die Here hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is"*

[1] 4. VR.- Hoe word die Tien Gebooie verdeel? ANTW.- In twee Tafels.
5. VR.- Wat is die hoofinhoud van wat God jou gebied in die vier gebooie van die eerste Tafel? ANTW.- Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en die groot gebod (Matt. 22:37, 38).
6. VR.- Wat is die hoofinhoud van wat God jou gebied in die ses gebooie van die tweede Tafel? ANTW.- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete (Matt. 22:39, 40).

*(Deut. 5:2,3).*

Hieruit is dit duidelik dat die Tien Gebooie, soos ons dit in Ex. 20 vind, nie vantevore bekend was nie. Dit is eers 430 jaar na die sluiting van die verbond met Abraham gegee (Gal. 3:16, 17). Die Tien Gebooie dra dan ook onmiskenbaar 'n sterk Israelitiese stempel (Ex. 20:1, 2, 12; Deut. 5:15). Aan Israel het die Here sy heilige sabbat bekend gemaak (Neh. 9:13, 14), aan húlle het Hy dit as teken gegee (Eseg. 20:10-13). Om hierdie rede kon Jesus die wet vervul (Matt. 5:17) en bevestig (Rom. 3:31; 8:4) en as Here van die sabbat (Mark. 2:28) die Saterdag-sabbat afskaf (Hosea 2:10; Kol. 2:13-17; Gal. 4:10, 11) en vervang met die dag van die Here (Ps. 118:18-29; Hand. 4:10-12; Openb. 1:10) sonder om die wet in sy wese aan te tas.

Maar dan is dit ewe-eens uit die Skrif duidelik dat die Tien Gebooie nie tot Israel as 'n totaal vreemde en nuwe gebod kom nie, want reeds van die begin af het God die wet in die hart van die mens gelê. Vanweë die sondeval het die mens die vermoë verloor om die wil van God te ken. Daarom het dit nodig geword dat die wet van God van buite af op kliptafels aan Gods volk bekend gemaak moes word. So vind ons in Gen. 9 reeds 'n verbod op doodslag en in Ex. 16 voorskrifte met betrekking tot die sabbat voordat dit op die kliptafels van Horeb vasgelê sou word.

Ons sien egter dat God by elke nuwe bedeling en by elke nuwe aankondiging van sy verbond nuwe toevoegings maak wat as skaduwees, gebruike, handelinge en tekens vir bepaalde omstandighede dien. Hierdeur word die wese of inhoud van die verbond nie verander nie, maar word die heilsplan van God daardeur net duideliker en sterker geaksentueer. Om hierdie rede kan God later in 'n nuwe bedeling onder nuwe omstandighede eenvoudig hierdie skaduwees vernietig sonder om die wet van God in sy wese aan te tas, aangesien dit alleen op die toekoms gewys het en met die volheid van die tyd in vervulling getree het (vgl. Kol. 2:13-17; Ex. 20:8-11; 31:14-16; Neh. 9:13,14; Eseg. 20:10-13; Hebr. 9:1-28).

Al hierdie dinge demonstreer egter aan die een kant die afhanklikheid van die mens, en aan die ander kant die grootheid van die genade van God wat die gevalle mens nie aan sy lot oorgelaat het nie. Daaroor moet ons bly en dankbaar wees.

## *Die noodsaaklikheid van Gods wet*

Jesaja roep uit:

*"Luister na My, my volk, en neig die oor tot My, my nasie! Want 'n wet sal van My uitgaan, en Ek sal my reg vasstel as 'n lig van die volke" (Jes. 51:4).*

Sowel God (Jes. 6:5) as Christus word Koning genoem. (Matt. 21:5; Luk. 1:31-33), en as Koning eis Hy gehoorsaamheid van al sy onderdane, van elkeen van ons. (Jes. 51:4). Die sonde het egter die harmonie in sy koninkryk versteur. En as gevolg hiervan het die mens as onderdaan hom teen die heerskappy van God verset. Die Koning het egter nie sy onderdane verstoot of hulle aan die verderflike uitwerking van die sonde uitgelewer nie (Ps. 138:8). Om chaos en wanorde te stuit, en om orde in sy koninkryk te handhaaf en sy onderdane van allerlei gevare te bewaar en van die ewige verderf te bevry, het Hy bepaalde voorskrifte of gebooie aan hulle gegee, want waar wette heers en gehoorsaam word, daar is orde en vrede.

Deur wette daar te stel, het God bepaalde grense getrek waarbinne sy volk steeds veilig moet wees. Hierdie wette moet dus gesien word as Gods liefdevolle bemoeienis met hulle wat Hy nie aan hulle lot oorgelaat het nie, maar wil red en 'n nuwe toekoms wil gee. Daarom moet die wet van God, en daarmee ook die Tien Gebooie, steeds gesien word as 'n lig op die pad vir die volkere van die hele wêreld. Hierdeur wil God sy onderdane nie verslaaf nie, maar waarlik bevry om tot eer van sy heilige Naam te kan leef.

Sonder die wet is daar nie vryheid nie, maar bandeloosheid; is die mens nie vry nie maar gebonde aan talle vleeslike hartstogte waardeur die mens 'n slaaf word van die sonde (vgl. Joh. 8:32-36). Wie dus die juk van God van hom wil afgooi, neem daarmee die juk van sonde en diensbaarheid op (vgl. Gal. 5:1). Die mens kan nie sonder 'n heerser lewe nie. Daarom bevind die mens hom voortdurend voor 'n keuse. Dit is óf die lig óf die duisternis, óf die Here óf Satan.

Niemand kan neutraal bly nie. Elke mens moet altyd 'n keuse maak. En die wet van God help die mens om seker te maak of sy keuse onder bepaalde omstandighede en vir bepaalde situasies reg is, óf dit vir of téén God is.

## *Die uniekheid van die tien woorde*

Moses verklaar:

*"En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van*

*God, in die tafels gegraveer (Ex. 32:16).*

Van geen ander geskrif of gebod kon ooit gesê word, dat dit met die vinger van God geskrywe is nie (Ex. 31:18; 32:16). Waarom net hierdie tien woorde deur God self geskrywe is, en nie die res van die Bybel ook nie, weet ons nie. Om hierdie rede alleen is die Tien Gebooie uniek.

Ook wat die inhoud betref verskil die Tien Gebooie van al die ander gebooie in die Bybel. Hier is God persoonlik aan die woord en word die mens in sy persoon aangespreek en aan bepaalde norme gebind. Hier word nie een of ander geval bespreek nie. Dit bepaal ook nie wat geoorloof of wat verbode is aan die hand van bepaalde situasies nie. Dit is nie voorskrifte met betrekking tot sekere seremoniële aangeleenthede nie. Maar op ondubbelsinnige wyse word die wil van God aan die mens bekendgemaak; word grense gestel waarbinne die mens die Godgewilde lewensruimte moet vind. Dit eis absolute gehoorsaamheid aan dié God wat spreek in die gebooie wat aangekondig word.

Hieruit is dit duidelik dat God steeds met die mens bemoeienis maak terwyl sy handelinge met die mens die geskiedenis binnedring, só drasties en konkreet dat Jesus kon verklaar dat die saligheid uit die Jode is (Joh.4:22).

Maar dan weer vind byvoorbeeld die vierde gebod sy grondslag, nie alleen in die uittog van Israel uit Egipte nie (vgl. Ex. 20:1, 2; Deut. 5:15), maar ook in die feit van die skepping (Ex. 20:11), waaruit dit duidelik blyk dat die God van die skepping ook die God van die uittog is. Om hierdie rede kan die Tien Gebooie na sy diepere beginsel van Israel losgemaak en vir alle volkere van alle tye van krag gemaak word. En ook hierin is die Tien Gebooie uniek.

Dit alles lewer getuienis daarvan dat ook die mens kosbaar is in die oë van God; dat Hy die mens met jaloersheid bemin; dat Hy nooit laat vaar die werke van sy hande nie. Dit moet die mens tot diepe dankbaarheid stem, en leer om die wet van God waarlik lief te hê en in die hart te koester sodat hy teen God nie sal sondig nie. Maar dit kan alleen ondervind word deur hom wat geleer het om die ware doel van die wet te ken en om dit uit opregte dankbaarheid te doen.

## *Die onvernietigbaarheid van die wet*

Jesus het gesê:

*"Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val" (Luk. 16:17).*

Met die koms van Christus het daar 'n nuwe bedeling met 'n nuwe orde in werking getree. Daarmee is die openbaring van God onder die Ou Verbond egter nie opgehef of verwerp nie, en, bly egbreuk nog egbreuk (Vgl. Matt. 5:31, 32), al het Christus gekom om die wet te vervul (Vgl. Matt. 5:17-19). So kon Paulus byvoorbeeld vir 'n praktiese reëling met betrekking tot die plek van die vrou in die gemeente hom op die wet beroep (1 Kor. 14:34).

God is 'n ewige Koning en die goeie orde in sy ewige koninkryk kan nie anders nie, as om op sy ewige wet te rus nie. Sy koninkryk kon nie sonder wet en orde wees nie. As daar 'n tyd was dat dit vir God nodig was om sy wette aan die mensheid bekend te maak, dan het dit in ons dag nie minder noodsaaklik geword nie. Ook ons het 'n behoefte daaraan om die wil van God vir ons daaglikse lewe te ken.

Al het die seremonies en sinnebeelde van die wet met die koms van Christus verdwyn "en

het daar aan alle skaduwees (vgl. Kol. 2:14-17) 'n einde gekom, sodat die gebruik daar van onder die Christene afgeskaf moet word; nogtans bly die waarheid en wese vir ons in Christus Jesus in wie hulle hul vervulling het. Intussen gebruik ons nog die getuienisse – wat aan die wet en die profete ontleen is – om ons in die evangelie te bevestig, en ook om ons lewe te reël, in alle eerbaarheid, tot eer van God, volgens sy wil" (N.G.B.25).

Ook in die bedeling van die nuwe verbond, bepaal die wet van God nog steeds die grense waarbinne die ware lewe vir die volk van God waarlik moontlik is. Ook vir ons bly die wet van God die kennis van die sonde (Rom. 3: 20; 7:7; 13:9), die rigsnoer vir heel ons lewe, die tugmeester na Christus toe. Daarom verklaar die Nuwe Testament dat die sonde wetteloosheid is (1 Joh. 3:4).

Wie dus sy pad suiwer wil hou, moet dit hou na die woord van God (Ps. 119:9; Hebr. 4:12), omdat die woord van God 'n beoordelaar is van die oorlegginge en gedagtes van die hart (Hebr. 4:12). Verder staan daar geskrywe: "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof ? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet" (Rom. 3:31; 1 Joh. 2:3,4; Luk. 16:17).

En die onvernietigbaarheid van die wet, roep ons toe dat die wet van God ook daagliks in ons lewe vervul mag word in die liefde, want die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:8-10), terwyl juis die liefde die band van die volmaaktheid is (Kol. 3:14).

## *Geloof bevestig die wet*

Paulus skrywe:

*"Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet" (Rom. 3:31).*

Paulus stel dit duidelik dat die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Christus nie die wet tot niet maak nie, maar dit bevestig (Rom. 3:22, 31). Hy kon dit alleen verklaar omdat die geregtigheid van God dié deur God toegerekende geregtigheid is. Die mens word sonder enige verdienste deur God se genade vrygestel van die skuld en straf van die sonde. Geloof is die middel van toeëiening van die regverdigmaking (Rom. 3:25). Hierdie geloof is egter nie alleen geen werk nie, maar juis die afsien van alle eie prestasie of verdienste (Rom. 4:5). Dit is dan ook die werk van God dat ons in Hom glo wat Hy gestuur het (Joh. 6:29).

Die regverdigmaking is egter alleen moontlik omdat Christus aan al die eise van die wet voldoen het en die verlossing vir ons verwerf het deur sy bloed (Rom. 3:21-26). Die ongeregtigheid waarvan Paulus skrywe (Rom. 4:7), is die sonde as verontagsaming van die wet (vgl. Rom. 3:23) en die regverdigmaking is die vergewing van die sondes (Rom. 3:26). Hierdie vryspraak en vergifnis (Rom. 4:8) word ons deel sonder die werke van die wet, en die sonde word ons nie toegereken nie (Rom. 4:8), omdat dit aan Christus toegereken is, terwyl sy geregtigheid ons toegereken word (2 Kor. 5:21).

Hierdie heerlike waarheid kan egter alleen 'n werklikheid bly daar waar die wet nog ten volle teenwoordig en werksaam is. Om hierdie rede kon Paulus verklaar dat die wet nie deur ons geloof tot niet gemaak word nie, maar dat die wet deur ons bevestig word (Rom. 3:31).

Ons mag dus nooit lewe asof die wet nie meer van krag is nie; maak asof die koninkryk van God geen wette het nie; lewe asof God op ons geen aanspraak meer het nie, maar maak soos ons goeddink of wil nie. Christus het dan ook die onvernietigbaarheid van die wet en die sewende gebod só bymekaargebring: "Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een titel van die wet sou val. Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en elkeen wat trou *met* die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk" (Luk. 16:17, 18; vgl. Matt. 5:17-19).

## *Die binding van die wet*

*"Sodat die reg van die wet vervul kon word. Rom. 8:4.*

Paulus verklaar dat die reg van die wet vervul moes word (Rom. 8:4). Die soendood van Christus verlos ons wel van die vloek van die wet (Gal. 3:10-13), maar nooit van die binding

van die wet nie. (Rom. 8:*2-4).* Ons weet dat geen vlees uit die werke van die wet geregverdig word nie (Gal. 2:16), want dan het Christus tevergeefs gesterwe (Gal. 2:21). Ons weet ook dat alle mense vanweë die wet vervloek is (Gal. 3:10; 1 Joh. 1:10) en alleen deur Christus van die vloek van die wet losgekoop is (Gal. 3:13), aangesien Hy van 'n beter verbond borg geword het (Hebr. 7:22) en ons dus nie meer onder die veroordelende mag van die wet is nie, maar dan tog nog steeds onder sy bevelende mag (Joh. 14:15). En al kon die wet ons nie red nie, kan hy tog ons gids wees. Al is die wet nie die bron van die nuwe lewe nie, is hy tog die reël vir ons lewe.

Nooit verloor die wet sy reg, dit is die geregtigheid wat dit eis, op ons lewe nie, want die Gees van God lei ons steeds op die weg van ware wetsvervulling (Rom. 7:22, 26; 8:4). Die Gees stort die liefde van God in ons harte uit (Rom. 5:5) en werk in ons die ware naasteliefde wat ons in staat stel om die wet te vervul, aangesien die liefde die vervulling van die wet is (Rom. 13:8-10).

Ook die verloste kind van God mag nie egbreek nie, nie doodslaan nie, nie steel of watter gebod ook al oortree nie. En juis hy word daartoe deur die liefde in staat gestel, want die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:8-10).

Uit bogenoemde getuienis uit die Skrif is dit dus baie duidelik dat die binding van die wet vir alle skepsele van God ewig bly. Die Heilige Gees staan ook nooit teenoor die wet asof hulle wat na die Gees wandel geen wet meer nodig het nie. Immers, dit is juis die Heilige Gees wat die lewe van die mens op die weg van heiligmaking ooreenkomstig die reg van die wet vervul, aangesien ons nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees (Rom. 8:4).

Wanneer die wet van die Gees ons vrygemaak het van die wet van die sonde en die dood (vgl. Rom. 8:2), dan wandel ons deur die Gees omdat ons deur die Gees lewe (Gal. 5:25). Só word die werke van die vlees (Gal. 5:19-22) deur die Gees doodgemaak (Rom. 8:13) en die vrug van die Gees (Gal. 5:22) kragtig in die lewe van die gelowige kind van God openbaar. So is die wet as reël van dankbaarheid steeds 'n toetssteen vir ons geestelike groei – vir ons vordering op die pad van die genade.

## *Die wet geskrywe op die tafels van ons harte*

Daar staan geskrywe:

*"Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe*

*(Hebr. 8:10).*

As daar een uitspraak in die Skrif is wat onomwonde die geldigheid vir alle tye en die onvernietigbaarheid van die wet van God leer, dan is dit Hebr. 8:10. Ook in die nuwe verbond wat tot die einde van die tye van krag sal bly, vind ons die wet van God op die hart van die kinders van God geskrywe.

In die nuwe bedeling vind ons dus die wet van God nie net op kliptafels nie, maar ook in die verstand en op die hart van die kind van God geskrywe. Soos van oudsher is God hulle God en hulle sy volk. Maar dan tog is dit geen volk wat bandeloos is nie, maar 'n volk wat geleer het om uit louter vreugde na die eis van al die gebooie van God te begin lewe. Dit is hulle wat in waarheid kan sê: "Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag" (Ps. *119:97).*

Nou eers begin die kind van God verstaan dat goeie werke alleen dié werke is wat uit 'n ware geloof, volgens die wet van God, alleen tot sy eer gedoen word, en nie dié werke wat op ons goeddunke of op die insettinge van mense gegrond is nie (H.K. 91). Eers nou ontvang hy uit genade 'n ernstige voorneme om nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God te begin lewe (H.K. 114).

Op grond van hierdie feit bly die wet van God steeds 'n tugmeester na Christus toe omdat ons hoe langer hoe meer uit die wet van God leer hoe groot ons sonde en ellende is, en ons hoe langer hoe meer leer om op die genade van God in Christus alleen vir ons ewige saligheid ons vertroue te stel, aangesien al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed is (Jes. 64:6) en ons uit ons self tot niks goeds in staat is nie (Jer. 13:23).

## *Wie die Here liefhet, bewaar sy gebooie*

Jesus het gesê:

*"As julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Joh. 14:15).*

Elkeen wat die Here waarlik liefhet, sal sy gebooie bewaar (Joh. 14:15), want elkeen wat liefhet is uit God gebore en ken God (1 Joh. 4:7). Hy wat sê dat hy die Here ken, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie (1 Joh. 2:4). Want dit is dieliefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar (1 Joh. 5:3). En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê (1 Joh. 4:21). En wie die gebooie van die Here bewaar, erken daarmee uitdruklik dat die gebooie van die Here vandag nog van krag is. So kon Paulus dus ook redeneer dat al die gebooie in hierdie woord saamgevat is: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Rom. 13:9).

En wanneer Petrus nadat hy Jesus verloën het, deur Jesus herstel word, word drie maal na sy liefde vir Jesus navraag gedoen. En wanneer hy telkens bevestigend antwoord, word aan hom bepaalde opdragte gegee (Joh. 21:15-17). Liefde vir die Here eis sonder uitsondering gehoorsaamheid aan die opdragte van God. En wie liefhet, ontdek dat die gebooie van die Here nie swaar is nie (1 Joh. 5:3); dat dit nie swaar is om 'n Christen te wees nie. En die geheim agter dit alles is die feit dat die Here Jesus self hom tot dit alles in staat stel (Fil. 4:13), dat dit God is wat in hom werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae (Fil. 2:13).

As ons dus wil weet of ons die Here waarlik liefhet, is die antwoord baie eenvoudig. Ons kan maar net kyk in hoe 'n mate ons sy gebooie bewaar, en ons sal weet in hoe 'n mate ons Hom liefhet.

## *Die doel van God met die wet*

Die Here het aan Israel gesê:

*"En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees" (Ex. 19:6).*

Die eintlike doel met die wet was nie net om die wil van God aan die mensheid bekend te maak en om die grense te trek waarbinne daar vir die volk van God lewensruimte moet wees nie, maar om juis daardeur die volk van God as nasie te heilig (Ex. 19:5, 6; Lev. 19:2; 1 Petr. 1:16; 2:9). So word daar byvoorbeeld spesifiek van die sabatte gesê, dat dit 'n teken tussen God en hulle in hulle geslagte moet wees, sodat die mense kan weet dat dit die Here is wat hulle heilig (Ex. 31:13; Eseg. 20:12).

Aangesien die Here die God van sy volk heilig is, moet sy volk ook heilig wees (Lev. 19:2) en selfs toon dat hulle heilig is (Lev. 11:44). En alleen binne die ruimte van sy wet kan sy volk waarlik heilig wees, aangesien God self hulle binne dié ruimte geplaas het. Die wet mag dus nooit van God of sy verlossingsplan los gemaak word nie. Dit is nog steeds die Here wat sy volk heilig (Ex. 31:13; Eseg. 20:12). Sowel ons regverdigmaking as ons heiligmaking, ons status voor God as ons konkrete gehoorsaamheid aan die wet van God is deur God in sy genadeverbond aan sy volk gegee (1 Kor. 1:30). Daarom mag ons alleen in die Here roem (1 Kor. 1:31), omdat die Vader van onse Here Jesus Christus ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus (Ef. 1:3, 4).

En om heilig te lewe, beteken om anders te lyk en anders te wandel as die kinders van die wêreld. Dit beteken om altyd en oral uitgeken te word as dissipels van Jesus. Andere moet kan hoor en sien dat ons kinders van die Here is, anders spreek ons lewe in elk geval so luid dat niemand ons woorde ooit sal kan hoor nie.

## *Omdat... daarom*

Moses het by geleentheid gesê:

*"Wees stil en luister, o Israel! Vandag het jy die volk van die Here geword. Daarom moet jy na die stem van die Here jou God luister en sy gebooie en sy insettinge volbring wat ek jou vandag beveel" (Deut.27:9,10).*

Ook by die aankondiging van die verbond met Abraham (Gen. 17:7), met die volk van God by Sinai (Lev. 26:12), en ook in die nuwe verbond (Hebr. 8:10), kry ons telkens, soos 'n magtige refrein, die woorde: “Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees.” God is altyd eerste op die toneel. Dit is Hy wat Hom in die grootheid van sy liefde neerbuig tot sy volk. Dit is Hy wat sy volk opsoek, wat hulle heilig en toerus vir hulle dienswerk op aarde. Dit is Hy wat sy volk verlos.

En omdat Hy hulle sy volk gemaak het, daarom word hulle opgeneem in die verordeninge van sy verbond met hulle. Dit is nooit andersom nie. Dit is nie so dat hulle sy volk sal word indien hulle sy wet sou nakom nie. Dit is altyd: omdat ... daarom. Die wet is dus nooit voorwaarde vir die ontvangs van die verlossing nie, maar steeds die uitvloeisel, die konsekwensie as vrug van God se bemoeienis met sy volk. Die wet is dus 'n reël van dankbaarheid vir hulle wat reeds volk van God geword het.

Maar die handelinge van God met sy volk, is nooit net mededelinge nie, maar ook 'n eis. God gee nie net nie, maar Hy eis wat Hy gee en gee wat Hy eis. Wat God gee, word dan meteen 'n opdrag. En hierdie opdrag vind konkrete gestalte in die Tien Gebooie as die onvoorwaardelike eis van die genade verbond.

Hierdie eis neem weliswaar 'n voorwaardelike vorm aan, wanneer ons lees: “As julle dan nou terdeë na my luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees ...” (Ex. 19:5), maar dan steeds as 'n voorwaarde *in* die heilsweg, nooit 'n voorwaarde *van* die heilsweg nie. Dit is alleen die wyse waarop God sy volk heilig, waarop sy volk betrokke raak in die opdrag van die verbond, die wyse waarop God in en deur sy volk werk (Ex. 31:13; 20:1, 2; Fil. 2:12, 13).

As ons dus waarlik God ontmoet het, is sy gebooie nie soseer 'n plig nie, maar 'n louter vreugde; nie soseer 'n moet nie, maar 'n sal in ons alledaagse lewe. Dan is Christen-wees 'n fees tot eer van die Here en tot seën vir andere met wie ons in aanraking mag kom.

## *Evangelie en wet*

Paulus verklaar:

*“Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig” (Gal. 5:24).*

Ons het reeds gesien dat dit wat God gee nie net mededeling is nie, maar meteen 'n opdrag en dat dié opdrag die wet van God is (vgl. Gal. 5:24). Hierby moet nog 'n derde aspek bykom. Reeds in die inhoud van die opdrag word dit duidelik dat die genade van God met die eis tot beantwoording kom, terwyl die wet van God dit aan die mens voorhou hoé hy God moet antwoord. En as ons in die evangelie nie alleen met 'n mededeling nie, maar ook met 'n oproep tot 'n antwoord te make het, en die wet die inhoud van die antwoord omskrywe (vgl. Mark. 10:17-21), dan kan ook gesê word dat ons in die wet met die inhoud of met 'n integrale deel van die evangelie te make het.

So gesien mag ons wet en evangelie nooit skei nie, maar moet ons tog terdeë tussen wet en evangelie onderskei. Wet en evangelie staan dus nooit teenoor mekaar nie, en van 'n botsing tussen die twee kan en mag daar geen sprake wees nie.

Daarom kan egter nie beweer word dat ons in die wet en dus ook in die Tien Gebooie met die ganse inhoud van die evangelie te make het nie, want bo en behalwe die wet van die verbond, het ons nog die Woord, die tekens en die Gees van die verbond. Maar in die Tien Gebooie wil God steeds sy volk in alle aspekte van hulle lewe, godsdienstig en eties, indiwidueel en sosiaal, aanspreek. En daar waar die volk op hierdie mededeling en opdrag vir elke konkrete situasie antwoord, daar vloei wet en evangelie ineen en word in die Tien Gebooie die weg gebaan en die grense aangedui as die ruimte waarbinne God se bemoeienis met sy volk deur die geloof ontvang of deur ongeloof of ongehoorsaamheid verbeur word (Luk. 14:16-24).

Ook die doen van die opdragte van die wet is dus uitvloeisels van die genade, 'n bewys dat God met sy volk besig is; besig is om die genadewerk in hulle voort te sit om dit uiteindelik tot voltooiing te voer – te “voleindig tot op die dag van Jesus Christus” (Fil. *1:6,7;* lThess.5:24).

Daar mag dus nie stilstand of agteruitgang in ons geestelike lewe wees nie, maar ons vooruitgang moet steeds vir almal duidelik wees (lTim.4:15).

## *Die vloek van die wet*

Moses het gesê:

*"Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie" (Deut. 27:26).*

God is Koning, en in sy koninkryk moet daar orde wees. Hy is heilig, en daarom moet sy volk heilig lewe. Hy het die sondaar lief, maar haat die sonde. En omdat Hy regverdig is, kan Hy nie anders as om die sonde te straf nie (vgl. Deut. 27: 26).

Die wet van God is tegelyk 'n seën en 'n vloek. Vir diegene wat sy gebooie bewaar, hou dit die heerlikste seëninge in, maar vir hulle wat sy wet verag, hou dit die verskriklikste straf en die vreeslikste vervloeking in.

Maar dit is vir ons duidelik dat niemand in hierdie lewe die wet van God kan onderhou nie (H.K. 114, 115). Dit weer beteken dat almal onder die vloek van die wet is. Paulus skrywe: "Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie" (Gal. 3: 10). En Johannes verklaar: "As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie" (1 Joh. 1:10). Uit die wet van God is dit dus duidelik dat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig is, en dat uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig is nie, maar dat die geregtigheid van God sonder die wet geopenbaar word, aangesien ons deur sy genade sonder verdienste geregverdig word deur die verlossing wat in Christus Jesus is (Rom. 3:19-24). Want so skrywe Paulus verder: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang" (Gal. 3:13,14).

Dit het God vir ons gedoen deur die sonde te straf in sy eniggebore Seun. Hy het ons duur gekoop. Daarom het Hy dubbel reg op ons ganse lewe. Maar wat doen ons vir Hom?

## *Christus en die wet*

Jesus leer:

*"Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul" (Matt. 5:17).*

Christus het nie gekom om die wet te ontbind, af te skaf of te vernietig nie, maar om die wet te vervul (Matt. 5: 17-19). Dit beteken vol te maak, van krag te maak, geldig te maak.

Christus het in 'n dubbele sin die wet vervul. Hy het in die eerste plek die wet volkome onderhou, want geen sonde was in Hom nie (2 Kor. 5:21). In die tweede plek het Hy volkome aan die eise van die wet voldoen deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis (Fil. 2: 8; Gal. 3:10-13). Daardeur het Hy sowel die eis van die wet vervul, as die straf van die wet gedra. Hy het die volle rekening van die wet betaal en kon waarlik sê: "Dit is volbring" (Joh. 19:30).

Daarmee is die wet egter nie verander of afgeskaf nie, maar het ons deur die geloof in 'n gans nuwe situasie met betrekking tot die eis en straf van die wet te staan gekom, want God het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom (2 Kor. 5:21). Deur vir ons 'n vloek te word, het Hy ons van die vloek van die wet verlos (Gal. 3: 10,13).

Maar sodoende het Christus die godsdienstig-sedelike wet nie oorbodig gemaak of ons van sy bindinge bevry nie. Dit is nie die tien woorde wat verval het nie, maar die seremoniële wet, die skaduwees van die wet, die tekens, gebruike en handelinge wat afgeskaf is (Gal. 4: 10, 11; Kol. 2:13-17), want dit wat daardeur belowe was, het met die volheid van die tyd gekom (Kol. 2:17; Gal. 4:4-6). Alleen die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, het Hy uitgedelg en weggeruim deur dit aan die kruis vas te nael (Kol. 2:14; Ef. 2:15; Hebr. 9:1-28).

Aan die anderkant weerklink die wekroep van Jesus vandag nog: "As julle My liefhet,

bewaar my gebooie" (Joh. 14:15). En in hierdie opdrag eis die Here die hele mens vir God op en daarmee ook elke terrein van sy lewe, aangesien daar geen terrein bestaan waarin Hy nie kan sê dat dit syne is nie. Daarom is dit 'n belangrike vraag waarop elkeen van ons persoonlik moet antwoord in hoe 'n mate die koningskap van Christus al in ons handel en wandel tot sy reg gekom het?

## *Die gelowige en die wet*

Paulus verklaar:

*"Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God" (1 Kor. 7:19).*

Verder leer hy dat elkeen wat 'n ander liefhet, die wet vervul het, omdat die liefde die vervulling van die wet is (Rom. 13: 8, 10). Dit is egter duidelik dat die vervulling van die wet deur die een wat liefhet 'n totaal ander wyse is as waarop Christus die wet vervul het.

Wat Christus gedoen het, kan geen ander mens Hom ooit nadoen nie. Vervulling deur ons sou eerder sien op die bewaring of onderhouding van die wet (vgl. 1 Kor. 7:19). Die gelowige wat die wet van God bewaar, doen dit dan ook nooit om daardeur sy saligheid te verdien nie, maar om daardeur aan God gehoorsaam te wees (Ps.ll9:4).

Deur die gebooie van God te onderhou, erken die gelowige dat die wet nie verval het toe Jesus dit vervul het nie, maar dat die wet as die wil van God vir die mens sy normatiewe betekenis nie verloor het nie. Hy aanvaar die wet daarom as reël vir sy hele lewensbestaan. Hier is die wet nie 'n voorwaarde tot verlossing nie, maar 'n bewys daarvan dat hy reeds deur God verlos is. Hiermee word die wet nie vóór of na die heil geplaas nie, maar deel daarvan – inhoud daarvan; die wyse waarop die verlossing tot uitwerking kom in die gelowige in wie God deur sy genade die verlossing bewerk, 'n werklikheid gemaak het en nog steeds doen.

Hierdie feit moet ons steeds tot selfondersoek dwing. Ons moet weet in hoeverre die genade van God in ons, aan die Here as ons ewige Koning sy regmatige plek in ons lewe laat verower het en in welke mate ons nog die werk van God in ons lewe weerstaan. Dit weer word duidelik in dié mate dat ons die gebooie van God onderhou of nie onderhou nie (1 Kor. 7:19). Die beslissing val egter nie in 'n uiterlike pligpleging nie (1 Kor. 7:19), maar dit gaan om die besnydenis van die hart in die gees – nie na die letter nie (Rom. 2: 28-3:4). Ons moet ons harte skeur en nie ons klere nie; ons moet ons tot die Here onse God bekeer, want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid (Joël 2:13). Want nie wat die mens sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan (1 Sam. 16:7). Daarom moet steeds na die diepere sin en betekenis van die wet van God gevra word, want die Gees van God deursoek die hart en die niere van die mens om te sien of daar 'n weg van smart is (Ps. 139:23,24).

## *Die ongelowige en die wet*

Paulus skrywe:

*"Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werk van die wet in hul harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig" (Rom. 2:14, 15).*

Dit moet vir ons duidelik wees dat ook die ongelowige ten nouste by die wet van God betrokke is. En wanneer die heiden die dinge van die wet doen, dit wil sê, dade verrig wat ooreenstemming met die wet vertoon, lewer dit onomwonde getuienis dat God altyd met hulle besig is; ook oor hulle heers. En wanneer die heidene hulle in hul dade deur reëls en orde laat bepaal, lewer dit bewys van die werking van Gods Gees in hulle waar hulle die onderskeid tussen reg en verkeerd ken en ook reg gebruik, omdat hulle in hul gewete daardeur aangespreek word en daaraan gebonde voel.

Só word ook die heiden deur God in sy diens geneem, 'n stroom van ongeregtigheid

teëgehou en bestaansruimte vir die volk van God verseker.

Die ongelowige vervul egter nooit die wet nie, maar hy doen alleen die dinge van die wet, omdat die werk van die wet in sy hart geskrywe staan. Dit is egter geen aangebore besit, 'n natuurlike sedelikheid of natuurreg waaroor elke mens beskik nie, aangesien die menslike hart totaal deur die sonde bedorwe is. Die doen van die dinge van die wet ook deur die heiden, is gegrond op die feit dat God Skepper en Onderhouer van alle dinge is en nooit laat vaar die werke van sy hande nie. Hy het die gevalle mens nie aan sy lot oorgelaat nie, maar maak steeds bemoeienis met alle mense.

Dit staan daarom vas dat geen heiden of ongelowige kan sê dat hy geen verantwoordelikheid teenoor die gebooie van God het nie; dat hy kan lewe soos hy wil of maak wat hy wil omdat hy nie 'n Christen is nie. God duld die sonde nêrens nie. Sy wette mag ook nie deur die heidene oortree word nie (Sag. 6:1-8): "Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie. Want almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet verlore gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word." (Rom. 2:11, 12; Luk. 12:47,48).

## *Die wet as norm*

Die Psalmdigter het uitgeroep:

*"Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van u gebooie nie. Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie" (Ps.119:10, 11).*

Wette wat oortree kan word, word gewoonlik norme genoem. Etiese, estetiese of godsdienstige wette is voorbeelde hiervan. In wette gaan dit meer bepaald om handelinge van die mens want dit bepaal hoe mense onder bepaalde omstandighede behoort op te tree.

Só gesien, is dit duidelik dat die Tien Gebooie ook norme is. Hier sê God aan die mens hoe hy moet lewe. Hier lê God self die grense vas waarbinne daar vir sy volk lewensruimte moet wees. Dit is dus ordebepalinge waaraan God die ganse skepping bind, want sy wet is die wet van sy koninkryk waardeur Hy oor die hele wêreld as Koning heers, terwyl die Tien Gebooie as grondwet vir die menselewe in Gods skepping gesien mag word.

Dit word dus verder ook duidelik dat God met die mens as 'n verantwoordelike wese handel; 'n wese wat Hy tot verantwoording kan roep en van wie Hy rekenskap gaan eis met betrekking tot sy antwoord op die eise van die wet van God.

Die wet van God is dan die riglyn waarvolgens die mens sy voetstappe moet rig (Ps. 119:9; Jes. 8:19, 20). Nie die gewete van die mens, of sy eie ervaring of selfs die voorbeeld van ander mense is die norm nie, maar slegs die Woord van God kan beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart wees (Hebr. 4:12), kan 'n lamp vir die *voet* en 'n lig vir die pad, ja, 'n veilige gids vir heel die lewe wees (Ps. 119:105).

Om hierdie rede sal ons groter erns moet maak met die voorskrifte van die wet van God; sal ons met groter noulettendheid moet toesien dat ons nie van die gebooie van God afdwaal of aan sy opdragte ongehoorsaam word nie (Ps. 119:10,11**,** 112).

## *Die toepassing van die wet van God*

Dawid sê:

*"Ek het mv hart geneig om u insettinge te betrag, vir ewig, tot die eindetoe"' (Ps.H9:112).*

En as die wet van God die grense vasstel waarbinne daar vir die volk van God lewensruimte moet wees, dan is dit allereers ons taak om die inhoud van daardie ruimte vas te stel. In die wet van God vind ons egter nie volledig uitgewerkte stipulasies vir elke moontlike situasie waarin die mens hom bevind of dalk kan bevind nie. Net breë stippellyne word aan die mens gegee. God het dit aan die mens oorgelaat. Hy het die mens vertrou om self in die lig van bepaalde situasies en omstandighede te bepaal wat reg en wat verkeerd is. Maar dan is dit geen onbeperkte vryheid van optrede nie. Alleen binne die grense van die wet self mag hy dit doen.

En hierdie afgeleide formules of standpunte kan ons beginsels noem. Hierdie beginsels is dus nie die wet van God self nie, maar dit is die vrug van menslike insig vir bepaalde situasies. En aangesien die mens feilbaar is, mag hierdie beginsels nooit verabsoluteer word nie, maar sal dit altyd weer aan die onfeilbare wet van God getoets moet word. Waar dit nie gebeur nie, kan dit lei tot gevaarlike verstarring van alle lewenspatrone waardeur ontwikkeling en vooruitgang nie meer moontlik is nie.

Aan die anderkant sou dit ewe verkeerd wees om die waarde, en dan ook die blywende betekenis van sulke beginsels gering te skat, omdat daardeur die leiding van die Gees van God in die geskiedenis misken sou word, wanneer daar oorhaastig van beginsels ontslae geraak word of wanneer die oue al te maklik met die nuwe vervang sou word.

Hieruit is dit duidelik dat ons dubbel versigtig moet wees. Enersyds sal daar 'n egte waardering vir die oue bly, andersyds sal daar 'n dapper openheid moet wees na die toekoms met sy nuwe en onbepaalbare lewensomstandighede. Daar sal aanpassings vir nuwe lewensomstandighede gemaak moet word. Dit weer beteken nie 'n rewolusionêre ommekeer of afbreek van die bestaande ordes nie, maar veronderstel 'n ordelike groei namate die mens gereed of ryp is om die nuwes te aksepteer of te verwerk. Nie te vinnig nie, maar ook nie te stadig nie, moet die wagwoord bly. Waar alles egter verstar en die mens weier om aan te pas, daar gryp die oordele van God gewoonlik in en word die mens teen wil en dank tot 'n nuwe orde deur God self gedwing met baie pyn en skade vir die ongehoorsames soos die geskiedenis dit al telkens bewys het. Dit beteken dat beginsels wat in die verlede dalk gesond en reg kon gewees het, in die huidige bedeling onder nuwe situasies gevaarlik en verkeerd kan wees. En sodra beginsels nie meer die goeie orde dien en in belang van vrede vir alle belanghebbendes is nie en dit vir sommige op diskriminasie neerkom, dan het dit strydig geword met die breë riglyne van die wet van God en moet dit so gou as moontlik met nuwes vervang word.

Wanneer verandering en aanpassing egter te gou plaasvind of afgedwing word op 'n gemeenskap wat nie bereid of gereed is vir sulke aanpassings nie, skep dit verwarring en chaos. Die een is so rampspoedig soos die ander. En verandering alleen ter wille van verandering is net so verkeerd. Versigtigheid en verantwoordelikheid, maar ook geduld en selfbeheersing is bo alles nodig.

Die enigste oplossing vir hierdie probleem is dat die lewensbehoeftes van alle mense voortdurend bestudeer moet word en dat elke afgeleide beginsel weer en weer, sonder enige vooroordeel en in belang van alle belanghebbendes vir elke nuwe situasie aan die onfeilbare norm van die wet van God getoets en daarvolgens aangepas moet word (vgl. Ps. 119:112).

En alle leiers sal moet toesien dat almal dienooreenkomstig ingelig word, dat sover moontlik almal se samewerking verkry word, dat nuwe beginsels deurgevoer en vir elke lewensvlak toegepas word en dat gehoorsaamheid aan die eise van die wet van God desnoods afgedwing word al sou daar selfs diegene wees wat hierteen besware sou hê. Die belange van die ongehoorsame minderheid sal aan dié van die meerderheid geoffer moet word, of anders sal juis diesulkes die oorsaak wees dat ook die ander saam met hulle die afgrond ingesleep word.

## *Die verstaan van die wet*

Dawid sê:

*"Here, maak my u weë bekend; leer my u paaie" (Ps. 25:4).* Waar ons gesien het dat ons in die Tien Gebooie net oor algemene riglyne beskik, en dat dit ons taak is om die inhoud van die vasgestelde lewensruimte te bepaal, is dit ewe-eens noodsaaklik dat ons die reëls sal ken wat ons moet help om die wet van God te verstaan of toe te pas.

As eerste reël word dit vir ons duidelik dat daar in elke verbod 'n gebod en in elke gebod 'n verbod gevind moet word. Wanneer ons verbied word om te steel, dan impliseer dit vanselfsprekend dat ons die eiendomsreg van ons naaste sal erken, beskerm en bevorder. En dit geld van al agt gebooie wat negatief van opset is. Die opdrag: jy mag nie, beteken ewe-eens: jy moet! En wanneer ons gebied word om ses dae te arbei, dan beteken dit met soveel woorde dat ons op hierdie dae nie ledig mag wees nie. En dit geld van altwee die gebooie wat positief van opset is. Net so beteken die opdrag: jy moet, dan ook: jy mag nie.

Wanneer ons so na die Tien Gebooie kyk, ontdek ons op 'n verrassende wyse hoe 'n geweldige wye veld gedek word, ja, so wyd dat daar haas geen terrein gevind kan word waar die wet van God nie 'n woord mee kan spreek nie (vgl. Ps. 119:96). Hieruit mag ons onder meer aflei dat ons in die Tien Gebooie met die grondwet van die koninkryk van God te make het, aangesien daar geen enkele terrein bestaan waaroor Gods heerskappy nie gaan of waar sy wet nie van krag is nie.

Ons mag dus by die aanhoor van die wet nie net op die letter afgaan nie, maar ons moet steeds soek na die diepere sin en betekenis wat daarin vir ons opgesluit lê. Ons mag ook geen enkele terrein van ons lewe vir onsself uithou asof God oor dié aspek van ons lewe niks te sê het nie. God eis die totale mens vir Homself op en eis dat sy koningskap altyd en oral erken, bely en eerbiedig sal word.

En om aan hierdie eis te kan voldoen, is dit bo alles nodig dat ons dit met biddende opsien tot God moet doen sodat ons sy wet mag verstaan (vgl. Ps. 25:4).

## *Die diepere beginsel in die wet*

Daar staan geskrywe:

*"Die gebod van die Here is suiwer: dit verlig die oë." (Ps. 19:9).*

Elke gebod het 'n duidelike en letterlike betekenis. Jy mag nie doodslaan nie, beteken letterlik dat jy nie mag doodmaak nie. Maar dit spreek tog vanself dat die gebod daarmee nie afgehandel is nie. Om dood te slaan, spreek meteen van wortels wat veel dieper lê as net om iemand dood te slaan. Daarom gaan die Skrif ook veel dieper waar ons lees: "Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar" (1 Joh. 3:15). Egbreuk wat in die sewende gebod verbied word, beteken letterlik dat 'n man, getroud of ongetroud, nie seksuele verkeer met 'n getroude vrou of 'n verloofde meisie mag hê nie. Maar Christus het die diepere beginsel van die gebod aangetoon toe Hy verklaar het dat die owerspelige begeerte reeds 'n oortreding van die wet is (Matt. 5:27,28).

Wie dus alleen op die letter van die wet afgaan, het nog nooit die bedoeling van die wet begryp nie. Alle vorme van oppervlakkige uitleg word hiermee dan ook baie duidelik afgewys. Om hierdie rede is dit dan ook moontlik om steeds uit die skat van die Woord ou en nuwe dinge uit te haal (Matt. 13:52), om die diepere en nuwe sin van die ou skat van Skrifkennis te verstaan en dit steeds beter te leer verstaan of nuwe kennis te voorskyn te bring (Spr. 2:2-6).

Ons moet dus steeds probeer om die Bybel nie op die klank af te lees of toe te pas nie. Daarom sal die Skrif altyd met die Skrif vergelyk moet word; sal ons steeds deur gebed en bepeinsing soek om die eintlike bedoeling van die Gees in die Woord na te vors sodat ons uit die volle rykdom van die Woord mag lewe.

## *Die één voorbeeld in elke wet*

Dawid verklaar:

*"U het u bevelegegee om dit trou te onderhou." (Ps. 119:4).*

In al tien woorde van God se wet word daar elke keer net één saak verbied of gebied. Dit is egter duidelik dat ons in elke gebod net één voorbeeld vind van soortgelyke sake wat deur die onderskeie gebooie geraak word.

Wanneer die wet van God ons verbied om dood te slaan, dan word onmiddellik alle aspekte wat hierby betrokke is, geraak. Daarom kom sake soos selfmoord, genadedood, aborsie, doodstraf, oorlog of alles wat tot doodslag aanleiding kan gee meteen ter sprake.

En wanneer die kinders gebied word om hul ouers te eer, dan gaan dit in die gebod nie net oor die ouer as 'n gesagsinstelling nie, maar dan word ook die skool, die kerk, die owerheid en selfs die Oppergesag van God in die gebod aangesny.

Wie so na die wet van God kyk, verstaan nie alleen waarom daar haas geen terrein bestaan waaroor die gesag van God nie gaan nie, maar begryp ook meteen waarom dit vir die

volk van God steeds nodig is om telkens in die lig van nuwe omstandighede en nuwe uitdagings nuwe formules te vind wat as gangbare lewenstyl in die lig van God se wet relevant is en verantwoord kan en moet word. Daar kom steeds nuwe situasies na vore wat nog nooit vantevore die aandag van Gods volk gevra het nie, maar oornag aktueel en ter sake geword het, terwyl daar intussen nie na nuwe norme gesoek hoef te word nie, omdat die wet van God vir alle tye en vir alle volke en vir alle situasies gegee is.

En hierdie dinge het nodig geword omdat dit die mens nie aan vindingrykheid ontbreek om altyd nuwe sondes uit te vind nie, of omdat veranderinge as gevolg van wêreldtoestande of ander faktore telkens nuwe uitdagings bring of aanpassinge vereis waarop die mens nie altyd voorberei word nie. Gelukkig vir ons, raak die Bybel nooit verouderd nie, maar ontdek die mens altyd op verrassende wyse nuwe waarhede uit die ou Boek sodat Dawid reeds kon sê: "U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing. Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevele" (Ps. 119:98-100).

## *Nie net uiterlike pligpleging nie*

Dawid het geskrywe:

*"Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee: in brandoffer het U geen behae nie. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie" (Ps. 51:18,19).*

Uiterlike pligpleging alleen, dit wil sê, uiterlike of meganiese gehoorsaamheid aan die opdragte van die wet, kan nooit die bedoeling van die wet wees nie. Joël het uitgeroep: "En skeur julle hart en nie julle klere nie" (Joël 2:13), terwyl Jesus gesê het: "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander en die swaarste van die wet laat julle na: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat" (Matt. 23:23). En wanneer Paulus 'n oproep om fondse doen, skrywe hy uitdruklik. "Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief' (2 Kor.9:7).

Dit gaan dus vir God in sy wet nie net om die uiterlike handeling nie, maar Hy soek na die innerlike gesindheid waarmee die handeling uitgevoer word.

So gaan dit in die tiende gebod byvoorbeeld oor 'n terrein waaroor geen mens oor 'n ander 'n oordeel kan uitspreek nie, te wete die gedagtes en motiewe van die mens. Hieroor kan die kerk geen sensuur en die staat geen tronkstraf oplê nie. God eis dus ook die verborge lewe van die mens vir Hom op. Daarom word die tiende gebod altyd eers oortree voordat enige ander gebod oortree kan word.

En omdat die ryk jongman hierdie feit nie geken het nie, kon hy sonder skroom verklaar dat hy al die dinge van die wet onderhou het van sy jeug af, maar nie besef het dat hy reeds aan die eerste gebod skuldig was nie (vgl. Mark. 10:17-22). Om hierdie rede kan daar geen mens wees wat die wet kan onderhou nie. Daarom kan die mens homself nie red of vir ander 'n verlosser wees nie, omdat almal gesondig het. Daarom kan alleen Christus Jesus ons middelaar wees, want geen sonde was in hom nie (2Kor. 5:21; 1 Joh. 3:5).

## *Wat tot oortreding aanleiding mag gee*

Daar staan geskrywe:

*"Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie" (Rom. 13:14).*

En hieruit staan dit vas dat as 'n saak verbied word, daarmee meteen alles verbied word wat tot daardie saak aanleiding kan gee. Dit is dus verkeerd om enigiets te doen as ons vooraf weet dat dit tot sonde aanleiding kan gee, behalwe in dié gevalle waar ons met noodsaaklikhede te make het. Ons moet dus die vermaning in die Skrif ernstig opneem waar dit sê: "Wees dan

versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe" (Matt. 10:16). En ook die vermaning wat sê: "Gee aan die duiwel geen plek nie" (Ef. 4:27). Of ook die Skrifwoord: "Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid" (2 Tim. 2:22). Josef het geleer dat dit nie help om met 'n ontugtige vrou te redeneer nie; hy moes vlug (Gen. 39:7-12). So waarsku die Woord van God ook dringend: "Hou jou ver van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie" (Spr. 5:8).

Dit is opvallend dat die wêreld nooit teen die begin van 'n oortreding is nie, maar wel teen die einde, wel teen die gevolge of resultaat daarvan. Die wêreld het byvoorbeeld niks teen 'n goedkoop flirtasie nie, maar werp die een wat geval het genadeloos uit; het niks teen 'n drankie nie, maar het nie veel simpatie met die dronkaard nie. Die Woord van God waarsku egter teen die begin van die kwaad: "Kyk nie na die wyn as dit rooiagtig lyk nie, as dit sy glans gee in die beker, glad na binne gly nie: op die end byt dit soos 'n slang en spuug gif uit soos 'n basilisk" (Spr. 23:31, 32).

Uit dit alles moet ek leer om my nooit met voorbedagte rade in omstandighede te stel, of om geleenthede of situasies wat tot die sonde aanleiding kan gee te skep nie, maar te vermy, behalwe in sake of omstandighede wat noodgedwonge op my pad moet kom nie (Rom. 13:14).

## *Die eenheid van die wet*

Die wet is 'n eenheid, want so lees ons:

*"Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword" (Jak. 2:10).*

Op die vraag van die ryk jongman wat hy moes doen om die ewige lewe te beërwe, was die antwoord van Jesus: "Jy ken die gebooie . . ." (Mark. 10:17-19). Dit is nog 'n aanduiding dat die Tien Gebooie inhoud van die evangelie is en van God se kant die omskrywing is van hoé die antwoord van die mens in die geloof op die opdrag van die verbond moet wees om die ewige lewe te kan beërwe. En wanneer Jesus 'n paar voorbeelde uit die tweede tafel van die wet opnoem, antwoord die ryk jongman dat hy al hierdie dinge van sy jeug af onderhou het (Mark. 10:20). Maar toe Jesus hom beveel om alles wat hy besit te gaan verkoop, het hy treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad (Mark. 10:21, 22). Uit hierdie optrede van hom het dit geblyk dat die eerste tafel van die wet by hom slegs skyn was. En daarmee het hy aan die oortreding van die hele wet skuldig geword omdat die wet 'n ondeelbare eenheid is (Jak. 2:10).

So kon Johannes dan ook skrywe: "As iemand sê: Ek het God lief – en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar: want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê" (1 Joh. 4:20, 21). Wie die eerste tafel van die wet hou, moet ook die tweede tafel van die wet hou, en andersom: Wie die tweede tafel van die wet hou moet ook die eerste tafel van die wet hou. Wie aan een van die twee skuldig word, het aan albei skuldig geword. Daarom het dit die skrifgeleerdes en Fariseërs niks gebaat om stiptelik op die fyn punte van die wet te let, maar die swaarste van die wet, die reg en die barmhartigheid en die trou, na te laat nie (Matt. 23:23).

Ook vir ons in ons dag is die gevaar nie denkbeeldig dat ons die klem eensydig op die een tafel van die wet laat val terwyl die ander tafel van die wet vergeet of skromelik verwaarloos word nie.

## *Ander toelaat om te sondig*

Moses het vir Aaron gesê:

*"Wat het hierdie volk jou gedoen, dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het?" (Ex. 23:21).*

Hy wat, hoewel hyself die wet van God nie wil oortree nie, maar ander toelaat of in die geleentheid stel om dit te oortree, staan self ook as 'n wetsoortreder skuldig voor God.

Dawid het self nie vir Uria doodgemaak nie, maar het daartoe die opdrag gegee, sodat hy aan die hand van die vyand omgekom het (2 Sam. 11:14-17), maar Natan bestraf hom nietemin soos volg: "Uria, die Hetiet, het jy met die swaard verslaan" (2 Sam. 12:9). Paulus het self nie vir Stefanus gestenig nie, maar nietemin sy vermoording goedgekeur (Hand. 8:1), terwyl nie net die kwaad nie, maar ook die goedkeuring te gee aan andere om dit te doen, verkeerd is in die oë van die Here (Rom. 1:32). Ons leef juis in 'n tyd waarin daar 'n goddelose verdraagsaamheid in die wêreld bestaan jeens al die gruwels wat aan die orde van die dag is, terwyl hierdie slappe houding baie sterk deur die Woord van God veroordeel word (Lev. 5:1; Spr. 29:24). Die hele Israel het byvoorbeeld opdrag gekry om Agan te stenig (Josua 7:25). Vir Israel het dit steeds daarom gegaan dat die kwaad uit hul midde uitgeroei moes word (Deut. 22:21). Eli is gestraf omdat hy sy seuns oor hulle misdade nie streng bestraf het nie (1 Sam. 3:13,14).

En al het Aaron waarskynlik self nie om die goue kalf gedans nie, het hy deur sy slappe optrede toegelaat dat die volk verkeerde dinge gedoen het. En die Here het dan ook verklaar dat dit Aaron was wat daardeur sonde oor die volk gebring het (Ex. 23:21). Dit is dus voorwaar 'n ernstige vraag in hoeverre God die owerhede en die verantwoordelike instansies verantwoordelik hou vir die sondes van die volk wanneer daar oogluikend toegelaat sou word dat die volk deur die film, toneel, vermaaklikheid, pers, boek of op watter ander wyse ook al besoedel sou word, selfs al sou die volk ook, soos in die geval van die goue kalf (vgl. Ex. 32:22,23), daarvoor vra.

## *Die verwerping van die wet*

Paulus verklaar:

*"Want almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet verloregaan" (Rom. 2:12).*

Nie alleen in die oortreding van die wet van God nie, maar reeds daar waar goedkeuring aan andere gegee word om die wet van God te oortree, lê in die diepste sin 'n verklaring vir die verwerping van die wet van God deur die ongelowige mens. Wanneer die wet van God geheel en al verwerp of ignoreer word, het ons al klaar met die oersonde van Genesis 3 te make. Dit was reeds die begeerte van die eerste mensepaar om selfstandig, sonder enige voorskrifte van buite, te oordeel oor wat goed en wat kwaad is. Die mens wil hom van nature nie laat voorskrywe nie; hy wil self bepaal wat mag en wat nie mag nie. Die mens wil soos God wees. Of anders gestel, kom dit daarop neer dat die mens sy eie God wil wees, 'n mens met sy eie wet en norme wat self bepaal wat goed of wat sleg is. Daarom sê die moderne of mondige mens graag dat elkeen reg op sy eie mening het, dat elkeen mag lewe soos hy goeddink, dat elkeen vry is om te maak soos hy wil. En in hierdie houding word geen rekening meer gehou met wat God in sy wet bepaal het nie. Die moderne mens het homself geheel en al van die heerskappy van God losgemaak.

Maar nou wend hierdie self de mens hom tog tot ander middele om antwoorde vir homself te vind. Die geloof het vir die ongeloof en bygeloof plek gemaak. Nou beroep die mens homself op allerlei bonatuurlike ingewinge, drome, tekens, gesigte, waarsêery, goëlery, verklaring van voortekens, sterrewiggelary, towery, die oproep van geeste en dergelike dinge om sy weg te vind (Deut. 18:9-14). Daarom waarsku die Here sy volk om nie die geeste van die afgestorwenes te raadpleeg nie maar om in die Woord van God lig te soek (Jes. 8:19, 20; Hebr. 4:12), terwyl verskriklike oordele uitgespreek word oor almal wat sulke verkeerde en gruwelike dinge doen (Deut. 18:9-14).

Intussen beteken dit hoegenaamd nie dat die ongelowige en goddelose mense kon redeneer dat hulle nie volgens die gebooie van God hoef te lewe omdat hulle nie Christene is nie, want die Woord verklaar ondubbelsinnig: "Almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet verlore gaan (Rom. 2:12). Hoeveel te meer is dit dan nie waai van hulle wat die wet ontvang het, maar vertrap het nie (2Thess. 1:8,9).

## *Die misbruik van die wet*

Paulus skrywe:

*"Selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe" (Gal. 2:16,21).*

Al sou 'n mens die wet van God nie noodwendig verwerp nie, is dit uit bogenoemde tekste byvoorbeeld duidelik dat die mens op 'n gruwelike wyse die wet van God misbruik. Terwyl die wet bedoel is om uitvloeisel te wees van Gods bemoeienis met sy volk en die grense van die lewensruimte aandui vir die mens, kan die mens dié orde ewe maklik omswaai en van die wet 'n voorwaarde gaan maak vir die ontvangs van Gods heil. En deur dit te doen, word Christus geloën en die boodskap van verlossing glad nie meer begryp nie. Hierdeur word die genade van God verwerp en die aksent gelê op die voortreflikheid van die mens wat langs die weg van die werke van die wet sy eie geregtigheid voor God wil verdien (Rom. 9:30-33). So wil die mens sy eie messias wees en reken hy dat hy Christus nie meer nodig het nie. Die wet word nou teen God gekeer. Op hierdie wyse word selfs die ywer vir die wet 'n verskriklike sonde in die hart van die mens – die sonde van eie roem (Ef. 2:8, 9) en vertroue op die vlees (Fil. 3:1-13). En dit mag nie (1 Kor. 1:31)!

Dit was dan ook ten diepste die dwaling van die Fariseër wat op homself vertrou dat hy regverdig is en die ander verag het. Daarom is hy verneder en die ander verhoog in die treffende en betekenisvolle gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk. 18:9-14). Daardeur het die wet van God, wat God gegee het om die verloste des te inniger aan Hom te verbind, in die hand van die mens die middel geword om hom van God los te maak en hom onafhanklik en selfgenoegsaam teenoor God te stel.

Teenoor hierdie growwe misvatting getuig die Woord van God luid en helder: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie (Ef. 2:8, 9). Wie op sy eie werke roem, kan nie meer in die Here roem nie (vgl. 1 Kor. 1:31).

## *Die gebruike van die wet*

Paulus sê:

*"Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik" (1 Tim. 1:8).*

Dit sou, om alle misverstand uit te skakel miskien beter wees om van die nut, voordeel, funksie of uitwerking van die wet te praat eerder as van die gebruike van die wet, omdat dit in feite God is wat sy wet hanteer en die mens alleen daarvan gebruik maak in sy gelowige aanvaarding en gehoorsame uitlewing daarvan.

Terwyl die wet gegee is ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van die mens, kan die Tien Gebooie gesien word as die grondwet vir die menselewe in hierdie bedeling van die skepping van God. En as die reëls vir die ordelike bestaan van die mens in die Tien Gebooie neergelê word, kan selfs die burgerlike funksie van die wet van God meteen afgelei word, 'n funksie wat selfs in 'n nie-Christelike staat of gemeenskap tot openbaring kan kom, al het ons hier nie met die openbaring van God wat gelowig aanvaar word te make nie, maar met 'n ontdekking van die rede en die stem van die gewete te doen. God is hier dan eintlik anoniem werksaam in die wêreld, want ook die ongelowige is ten nouste by die wet van God betrokke. Ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van die ganse mensheid moet ook die ongelowige hom aan die wet van God hou, mag hy byvoorbeeld nie steel, doodslaan of lieg nie. Daarom kon Paulus verklaar dat ook die heidene die dinge van die wet doen al het hy geen wet nie (Rom. 2:14).

As dit nie so was nie, dan sou die lewe vir die volk van God nie meer moontlik wees nie. Dit is dus duidelik dat ook die ongelowige en die heiden sonder sy wete en selfs teen sy wil in onder die heerskappy van God te staan kom, dit wil sê, deur God in diens geneem word.

Die burgerlike funksie van die wet van God is dus nie noodwendig Christelik in die sin dat dit net vir die gelowige bedoel is nie. Ook vir die ongelowige geld die wet van God omdat God hom nie aan sy lot oorgelaat het nie.

## *Die wet as tugmeester*

Die Woord verklaar:

*"Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons gereg-*

*verdig kan word uit die geloof' (Gal. 3:24).*

En die wet is steeds ons tugmeester na Christus toe omdat ons alleen deur die geloof in Christus geregverdig kan word (Gal. 3:24; 2:16, 21). Dit is dus nodig dat die Tien Gebooie steeds aan ons verkondig sal word, al kan niemand in hierdie lewe dit onderhou nie, want daardeur sal ons hoe langer hoe meer ons eie sondige aard leer ken, en ons des te begeriger sal wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus alleen te soek (H.K. 3, 115).

Paulus verklaar dan ook: "Inteendeel, ek sou die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie" (Rom. 7:7). En 'n bietjie verder staan daar: "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! " (Rom. 7:24,25).

Die Tien Gebooie het dus 'n ontdekkende funksie. En in die sonde-ontdekkende werking toon die Heilige Gees die mens nie net dat dit wat in die vlees is God nie kan behaag nie (Rom. 8:8), maar maak hy die mens ook vry: "Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees; sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees" (Rom. 8:2-4).

Die Tien Gebooie is dus wel 'n spieël waarin die mens sy totale verdorwenheid sien (Rom. 3:19, 20), maar ook die wegwyser of tugmeester wat die mens na Christus lei sodat God self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is (Rom. 3:26).

Ons moet dus nie bang wees om die wet toe te laat om ons meer en meer tot selfondersoek te bring nie, maar mag ook vir geen oomblik vergeet nie, dat ons uit genade alleen gered kan word nie.

## *Die wet as reël van dankbaarheid*

Dawid sê

*"Open my oë, dat ek kan sien die wonders van u wet" (Ps. 119:18).*

As die Tien Gebooie die antwoord op die roep van die evangelie is, die afgrensing van die lewensruimte vir die volk van God is, riglyne, norme of gids vir heel die lewe is, dan spreek dit vanself dat die wet van God as reël van dankbaarheid die belangrikste van die drie funksies of gebruike van die wet is, omdat ons in die gebooie van God die beste antwoord vind op die vraag hoe ek God vir sy verlossing dankbaar sal wees.

Die Heidelbergse Kategismus plaas om dié rede die Tien Gebooie in die derde deel oor die dankbaarheid en vind as tweede rede vir die verkondiging van die Tien Gebooie "dan ook, dat ons sonder ophou ons sal beywer en God sal bid om die genade van die Heilige Gees, sodat ons hoe langer hoe meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word, totdat ons hierdie volkomenheid wat ons voorgehou word, na hierdie lewe bereik" (H.K. 115).

Die prediking oor die wet wek dus nie alleen 'n diepe sondebesef nie, en daarom 'n groter behoefte aan die vergewing van ons sondes deur die bloed van Christus nie, maar ook 'n innige verlange na heiligmaking, om die ou mens af te lê en met die nuwe mens oorklee te word wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:22-24), dit is die herstel van Gods Beeld in ons.

Nie om daardeur gered te wil word nie; nie om daarmee die saligheid te probeer verdien nie; nie om myself voor die oë van God te regverdig nie, maar uit diepe dankbaarheid vir wat

Hy vir my reeds gedoen het, dat Hy my verlos het, my sy kind gemaak het, kan ek nie anders nie as om na al sy gebooie te begin lewe nie. Want as ons die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe? (Rom. 6:2). Daar behoort dus in ons hart die diepe begeerte steeds sterker en sterker te groei om steeds meer en meer die Here welbehaaglik te lewe. Dit moet meer en meer ons gebed wees: "Open my oë, dat ek kan sien die wonders van u wet" (Ps. 119:18).

## *Die samevatting van die wet*

Jesus het geleer:

*"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete" (Matt. 22:37-40).*

Toe die Here Jesus die wet van God saamgevat het in die één woord, "liefde", het Hy niks nuuts geleer nie. Die eerste tafel vind ons reeds in Deut. 6:5: "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag." En die tweede tafel vind ons in Lev. 19:18: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Hier word twee lyne getrek, 'n vertikale en 'n horisontale, wat ewe belangrik is, terwyl die een nie sonder die ander moontlik is nie.

Wanneer die Skrif praat van jou hart, siel, verstand en krag, dan word daarmee al die ingeskape vermoëns van die mens bedoel. Dit omvat die totale mens. God wil op die hele mens beslag lê, wil die totale mens in al sy handelinge heilig. Nie net die uiterlike en sigbare dinge is belangrik nie, maar ook die innerlike, die onsigbare en verborge dinge van die mens waaroor die Here die mens in die oordeel sal bring (Luk. 12:2, 3; Rom. 2:16). Dit is dus die totale mens wat vrygespreek of veroordeel sal word.

En wanneer Jesus verklaar dat die hele wet en die profete aan hierdie twee gebooie hang, het Hy daarmee nie alleen die onverbreekbare eenheid tussen die twee tafels geleer nie, maar ook die diepe en onlosmaaklike band tussen die Ou en Nuwe Testament bevestig.

Daarmee word ook gesê dat liefde die vervulling van die wet is, en dat ons, namate die nuwe lewe in ons gestalte kry, al hoe meer sal leer wat dit beteken om God en ons naaste waarlik lief te hê.

## *Eerbied vir die wet*

Salomo sê:

*"Gee dan ag op jou voet as jy na die huis van God gaan, want om nader te kom en te hoor, is beter as dat dwase 'n slagoffer bring; want hulle het geen verstand nie, sodat hulle kwaad doen" (Pred. 4:17).*

Op die vooraand toe God sy wet aan sy volk sou bekendmaak moes die volk hulleself heilig, hulle klere was, hulle van die huweliksplig onthou en toesien dat hulle nie op die berg klim of die voet daarvan aanraak nie (Ex. 19:10, 12, 15). Ook die priesters wat naby die Here sou kom moes hulleself heilig sodat die Here nie teen hulle losbreek nie (Ex. 19:22). Selfs die berg is afgebaken en geheilig en die volk gewaarsku dat diegene wat na die Here toe deurbreek, sou sterwe (Ex. 19:21, 23). Vir Israel was dit 'n grootse en heilige oomblik in hulle geskiedenis want die volk sou hoor hoe God met Moses spreek (Ex. 19:9) en uit die mond van God self die wet ontvang (Ex. 20:1-18). Daarom moes heilige ontsag en diepe eerbied vir God die houding van die volk wees.

Hoe jammer tog dat die elemente van eerbied en ontsag by vele in die eredienste ontbreek. Die volk van die Here kom tog vandag nog op na sy huis om niemand minder as die Here self daar te ontmoet nie en om vandag nog na sy wet te luister. Hy self tog het gesê: "Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde" (Matt. 18:20). Die Here verskyn vandag nog aan sy volk in die prediking van die evangelie, want so lees ons: "Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons

verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo" (1 Thess. 2:13). Dit gaan dus in die erediens nie om die prediker nie, maar om die Here wat deur hom tot die gemeente spreek. Daarom moet ons ag gee op ons voet as ons na die huis van God gaan (Pred. 4:17). Ons is per slot van rekening verantwoordelik vir ons houding vóór die, tydens die, maar ook na die erediens.

## *Die aanhef tot die wet*

Ex. 20 begin so:

*"Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (Ex. 20:1, 2).*

En in hierdie opskrif staan daar eintlik niks nuuts nie. Die uitdrukking dat God die God van Israel is, herinner aan die aankondiging in die verbond met Abraham (Gen. 17:7). Die Naam van God, die Here, is reeds aan Moses bekend gemaak (Ex. 3:14; 6:2, vgl. Gen. 32:29) en deur hom aan die volk. En ook die feit dat die Here die volk uit Egipteland uitgelei het was aan elkeen van hulle goed bekend. En wanneer God 'n bietjie verder die sabbat ook aan die skepping verbind, word dit meteen duidelik dat die God van die skepping, die God van Abraham, die God van Moses en die God van die uittog hier aan die woord is, en dat die verbond wat hier ter sprake is, steeds die genadeverbond is en daarom inhoud van die verbond is.

Die aanhef tot die wet is dus eintlik die wet, terwyl dit wat volg alleen maar 'n verdere tienvoudige uitwerking van die wet is. Eindelik is dit dan verkeerd om van Tien Gebooie met 'n aanhef te praat. Dit sal beter wees om te praat van die wet van God of verbond van God soos dit nader uitgewerk of uiteengesit of in tien woorde omskrywe is.

Ons sien dus ook hier hoe dit God behaag het om aan 'n bepaalde volk in bepaalde omstandighede sy bepaalde wet op 'n bepaalde wyse uit te werk en toe te pas in konkrete lewenspatrone of lewensstyle om aan sy verbond midde die geskiedenis van sy volk uitdrukking te gee.

Die Tien Gebooie mag dus nie gesien word as die begin van Gods bemoeienis met sy volk nie, maar as 'n voortsetting daarvan. Omdat hulle sy volk is, daarom lê dit bepaalde verpligtinge op hulle om voortaan soos Gods volk te lewe. Alle verdienste of dwang is weg – die wet is inhoud van die blye evangelie: Die Here het ons vrygemaak vir ons eintlike bestemming. Laat ons dan nie meer slawe van die sonde wees nie.

## *Die aanvang van die wet*

Hoof stuk 20 begin soos volg:

*"Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê'' (Ex. 20:1).*

Die woordjie: "toe" of letterlik vertaal "En", waarmee die hoofstuk begin word, het belangrike betekenis. Dit sê vir ons dat die Tien Gebooie 'n bepaalde begin gehad het, op 'n bepaalde tyd, binne 'n bepaalde historiese verloop, sy verskyning gemaak of ontstaan gehad het.

Uit die Skrif is dit dan ook duidelik dat alles sy bepaalde uur het en dat daar vir elke saak onder die hemel 'n bepaalde tyd is (Pred. 3:1). Toe die volk gebid het, toe het die Here hulle uit Egipte uitgelei (Deut. 26:*6-9),* en dit op só 'n kragtige manier dat die profeet kon sê dat die Here hulle God was van Egipteland af (Hosea 12:10; 13:4). Só het God dan ook toe die volheid van die tyd gekom het sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang (Gal. 4:4, 5). Só sou die Heilige Gees uitgestort word op 'n bepaalde tyd en op 'n bepaalde plek (Hand. 2:1; 1:12, 13) sodat die Skrif vervul sou word.

Dit is wonderlik om te weet dat alles op aarde gebeur op 'n bepaalde tyd – die tyd wat God daarvoor bepaal het. En dit is 'n geweldige troos om daaraan vas te hou dat God se tyd

altyd die beste tyd is.

Ons kan dikwels so haastig en self ongeduldig met die Here wees as dinge nie op óns tyd regkom nie. Ons kan so maklik ons geloof verloor en in wanhoop verval as ons nie dadelik verhoor word nie. Hoe heerlik is dit dan om te weet dat God 'n bepaalde plan, 'n bepaalde program, 'n bepaalde raad het wat die magte van die hel nie sal kan verander nie (Ps. 73:23, 24; 31:16).

En dit kan tog nie sonder betekenis wees dat God juis tóé, nadat Hy hulle uit Egipte bevry het en vóórdat Hy hulle in Kanaän ingelei het, sy wet aan hulle toevertrou het nie, soos dit trouens in die inhoud van die Tien Gebooie vasgelê is, en alleen só deur sy volk begryp en waardeer kon word.

## *Die sprekende God*

Moses skrywe van die sprekende God:

*"Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê" (Ex. 20:1).*

God het baie keer en op baie maniere deur die profete tot sy volk gespreek (Luk. 1:20; Hebr. 1:1), maar hier by Horeb het Hy self gespreek in sy eie Persoon. Hoe presies dit gebeur het, weet ons nie. Maar dat Hy tot hulle gespreek het, staan vas.

En juis die feit dat God gepraat het, sê vir ons dat Hy met ons in gesprek wil tree. Hy wat spreek, kan ook aangespreek word. Wanneer God ons aanspreek as sy kind (Matt. 21:28), gee Hy ook aan ons die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! (Rom. 8:15). Hoe anders sou ons dan ooit met Hom kon wandel? (Amos 3:3). En wie met die Here mag praat, mag en moet ook bid (Jak. 4: 2; 1 Thess. 5:17; Matt. 7:7-11).

God praat vandag nog met ons. Maar dan doen die Here dit in die reël deur sy woord (Jes. 8:19, 20; 1 Kor. 14:37; 2 Tim. 3:15; Hebr. 4:12; 2 Petr. 1:19-21). Die Here praat ook met ons deur die prediking (2 Tim. 4:2; 1 Thess. 2:13). Hy lei ons ook deur sy Gees (Rom. 8:14, 16) en verlig ons verstand om sy wil te ken (1 Kor. 7:12, 25, 40; 14:20; Fil. 3:15). Die Here mag ons selfs in gesigte of drome aanspreek (Hand. 2:17), maar juis hier moet ons baie versigtig wees dat ons nie dalk dwaalligte vir sterre aansien nie. Ons drome, die stem van ons eie mening en die leiding van die Heilige Gees, sal altyd aan die wet van God, as die enigste onfeilbare maatstaf vir ons, getoets moet word. Want net soos Natan kan ons dwaal (2 Sam. 7:1-13) of soos Apollos dalk nog noukeuriger in die weg van God onderrig moet word (Hand. 18:24-26).

Maar wanneer God spreek, soos ook by Horeb, eis dit van ons onvoorwaardelike gehoorsaamheid, omdat sy woord die einde van alle teëspraak is (2 Kor. 1:20). En ons mag by die woord van God wat Hy ons beveel, niks byvoeg nie, en daar niks van weglaat nie (Deut. 4:2; 12:31; Openb. 22:18,19). Sy wet is volmaak (Ps. 19:8). Ons mag nie dink bo wat geskrywe is nie (1 Kor. 4:6).

## *Die bestaan van God*

God stel Homself eenvoudig aan die mens bekend met die woorde: *"Ek is die Here jou God" (Ex. 20:2).*

Wanneer Hy tot die mens spreek, gaan Hy eenvoudig uit van die veronderstelling dat die mens weet dat Hy bestaan. Alle kennis van God en sy bestaan is dan ook alleen meegedeelde kennis. Daar is geen bewyse vir die bestaan van God nie, want dan sou daar 'n weg wees van die mens tot God; dan sou die mens op een of ander wyse kon opklim tot by God. En dit kan nie, omdat Hy 'n ontoeganklike lig bewoon (1 Tim. 6:16) en niemand God ooit aanskou het nie (1 Joh. 4:12). God is 'n God wat Hom verborge hou (Jes. 45:15). Daar bestaan dus alleen 'n weg van God na die mens. God openbaar Homself aan die mens wanneer, waar en soos Hy wil.

Wanneer die mens dan ook met allerhande argumente probeer om die bestaan van God te bewys, moet dit op een of ander tydstip aanleiding gee tot teleurstelling en ongeloof. Dié god tot wie op so 'n wyse opgeklim word, kan niks anders as 'n selfgemaakte god en daarom 'n afgod wees nie.

Toe Jesus aan sy dissipels gevra het wie hulle sê dat Hy is, en Petrus geantwoord het, dat Hy die Christus die Seun van die lewende God is, het Jesus vir hom gesê: "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is" (Matt. 16:17). En Paulus skrywe: "En niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor. 12:3). As iemand dus nie van Bó gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie (Joh. 3:3). Die wat roem, moet dus in die Here roem (1 Kor. 1:31). En die wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van diegene wat Hom soek (Hebr. 11:6).

En omdat alle mense oor 'n ingeskape Godskennis beskik (Rom. 1:18-21), is dit alleen die dwaas, en ook alleen in sy hart – nie in sy verstand nie – wat sê dat daar geen God is nie; en dit alleen sê, omdat sy hart nie reg is voor God nie (Ps. 14:1; Rom. 1:22, 23).

Die bestaan van God is vir die gelowige 'n vanselfsprekende werklikheid, soos ook die erkenning dat God die alleenreg op hom en sy hele bestaan besit. Wie dit ontken, is dwaas (Ps. 14:1) en blind (Joh. 9:25).

## *God is 'n persoonlike God*

Die Here self verklaar:

*"Ek is die Here jou God" (Ex. 20:2).*

Toe God sy wet aan sy volk gegee het, het Hy begin met die woorde: "Ek is" (Ex. 20:2). Reeds vroeër, toe Moses na die Naam van God navraag gedoen het, het Hy geantwoord: "Ek is wat Ek is" (Ex. 3:14). Die 'Ek' wat hier aan die woord is, is 'n Persoon, en daarom kennelik 'n persoonlike God. En hierdie sprekende God het 'n Eienaam wat Hy weer eens aan sy volk bekend maak, 'n Naam waarvan die betekenis van die woord "gebeur" of "daarwees" is. God is dus louter aksie, of dan ook die God wat steeds handelend daar is, of altyd was, is en sal wees (vgl. Ps. 48:15).

Dit was nodig vir God om Hom nog eens aan sy volk bekend te stel omdat Hy 'n ontoeganklike lig bewoon (1 Tim. 6:16) en niemand Hom ooit aanskou het nie (1 Joh. 4:12).

Deurdat God Hom met sy Eienaam aan sy volk bekend gemaak het, kon Hy nie meer met ander gode verwar word nie. Hy is gans anders as die afgode.

Verder beteken dit dat God nie maar net in teorie bestaan nie; dat dit nie slegs om idees gaan wat eenvoudig geïgnoreer kan word nie, maar om 'n persoonlike God wat optree en Homself wel deeglik kan laat geld indien Hy so sou verkies wanneer sy opdragte ignoreer sou word.

Wanneer God dus sy Eienaam bekend maak waar Hy sy wet aan sy volk gee, stel Hy Homself daarmee dan ook persoonlik agter dit wat Hy eis met alles wat dit ook al mag inhou.

En as God dan anders as al die heidense afgode is, dan spreek dit vanself dat sy volk ook anders moet wees: "Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Ek is die Here julle God. Volgens die werke van die land van Egipte waar julle in gewoon het, mag julle nie doen nie; en volgens die werke van die land Kanaän waarheen Ek julle bring, mag julle nie doen nie, en julle mag in hulle insettinge nie wandel nie. My verordeninge moet julle doen en My insettinge hou om daarin te wandel. Ek is die Here Julle God" (Lev. 18:2-4).

## *Die persoonlike aanspreeklikheid van die mens*

Ons lees:

*"Ek is die Here jou God." (Ex. 20:2).*

Wanneer God Homself nie maar net as 'n God of die God nie, maar as jou God (Ex. 20:2) openbaar, dan maak hy daarmee ook die mens tot persoon. Dit weer beteken dat aan die mens die moontlikheid van 'n keuse, 'n verantwoordelikheid en dus ook persoonlike aanspreeklikheid gegee word.

In die woorde: "Ek is die Here jou God," hoor ons nie alleen weer die magtige refrein as inhoud van die verbond met Abraham nie (Gen. 17:7), maar sien ons ook die feit dat God steeds met sy volk bemoeienis maak en hulle vir Homself opeis. Hy wil egter nie net hulle bestaan en voortbestaan nie, maar ook die besondere wyse van hul bestaan verseker, te wete 'n ordelike bestaan, want Hy is heilig, daarom moet hulle ook heilig wees. (Lev. 19:2; 20:26). En op hierdie eis moet die volk reageer.

Uit hul eie is die volk egter daartoe nie in staat nie. In die woorde: jou God, stel God Hom egter tot beskikking van sy volk, met die vanselfsprekende konsekwensie dat die volk hulle weer in ooreenstemming met die tien woorde tot beskikking van God en hul naaste sal gee (Hoogl. 2:16; Ex. 19:5, 6; Deut. 27:9, 10).

Die Here behoort dus aan sy volk, aan Israel (Hoogl. 2:16). Hy is hulle God. Hy is nie 'n soort nasionale God, teenoor byvoorbeeld die god van die Grieke of Romeine nie, want daar is maar één God (Deut. 6:4), bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie (Deut. 4:39). Tog is Hy hulle Koning (Ps. 47:3, 8), Vader (Ps. 103:13), Man, Verlosser (Jes. 54:5) en Bewaarder (Ps. 121:5), terwyl sy bewaring 'n almagtige, allesinsluitende en ewige bewaring is.

In hierdie uitdrukking, dat die Here ons God is, vind ons die soetste klanke van die blye evangelie wat die daaropvolgende ontvouing van die tien woorde tot 'n skone loflied verhef, sodat die verloste dit kan uitjubel: "Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienisse van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevele van die Here is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer: dit verlig die oë" (Ps. 19:8,9).

## *Die Here van die geskiedenis*

God verklaar dat Hy die God is wat Israel *"uit Egipteland... uitgelei het" (Ex. 20: 2).*

Die verlossing van Israel het nie in die lug bly hang nie. Hulle verlossing was Gods reddende daad in hul geskiedenis. Daarmee lewer God 'n historiese bewys van die egtheid van sy heil vir sy volk op aarde. God is nie net Skepper nie, maar ook Onderhouer van alle dinge. Hy laat nooit vaar die werk van sy hande nie.

Die Egiptenare was 'n trotse nasie en het op die Israeliete neergesien. Israel was vir hulle 'n gruwel (Gen. 46:34). Farao het die volk verdruk en van hulle slawe gemaak. En tog het God hulle bó die Egiptenare as sy volk verkies, en hulle met 'n sterke hand uitgelei. En daarmee het die verlossing uit Egipte veel groter betekenis verkry as net maar 'n nasionale aangeleentheid. Israel word bevry met die doel om volk van God, om sy eiendom uit al die volke te wees, 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie te wees (Ex. 19:5, 6). En só word die verlossing van Israel inderdaad 'n geestelike verlossing, 'n afskaduwing van die Nuwe-Testamentiese heil, 'n profetiese vergesig wat as 't ware vooruitgryp na die dag dat die "Ek is" in Christus as die Immanuel, God met ons, geopenbaar sou word (Matt. 1:23).

En wanneer God hier na die bevryding uit Egipte wys, dan roep dit die volk nie alleen op tot dankbaarheid nie, maar lê daarin juis die bewys van Gods genade wat die volk in staat stel om as vrygemaaktes te lewe. Omdat Israel Gods volk geword het, daarom kan hulle ook uit die volheid van die nuutgevonde verlossing lewe (Deut. 27:9, 10) binne die lewensruimte wat deur die tien woorde van God se wet vir hulle afgebaken is. Omdat God reg op ons het, kan Hy dit van ons eis om na al sy gebooie te lewe. En ons gehoorsaamheid aan sy gebooie is dan steeds 'n dankbare erkenning van die feit van ons redding uit genade alleen.

## *Verlossing uit slawediens*

God is die God wat Israel

*"uit die slawehuis uitgelei het" (Ex. 20:2).*

Israel het letterlik slawediens verrig: "Maar die Here het julle geneem en julle uit die ystersmeltoond, uit Egipte, uitgelei om sy erfvolk te wees soos dit vandag is" (Deut. 4:20). Egipte was by uitnemendheid die land van afgodery, towery, waarsêery, goëlery en bygeloof.

En uit al hierdie dinge het God sy volk uitgelei sodat hulle waarlik vry kon wees.

Die verlossing van Israel het dus twee aspekte geraak. Dit was in die eerste plek 'n letterlike bevryding uit die verdrukking. Maar aangesien dit die doel van God was om hulle as volk vir Hom te heilig, was die uittog ook 'n geestelike bevryding uit al die gruwelike sondes waarmee Egipte besmet was (vgl. Deut. 32:16, 17, 21).

En hierin is die uittog uit Egipteland 'n voorbeeld van elkeen wat vandag nog gered word. Jesus het gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is. As die seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" (Joh. 8:34, 36). Paulus skrywe: "Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie" (Rom. 6:12). En weer: "Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is" (Rom. 6:17). God het Paulus dan ook na die heidene gestuur om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis kon bekeer en van die mag van satan tot God (Hand. 26:17, 18). En hierdie verlossing is meteen 'n verlossing van die ewige verderf, van die hel wat berei is vir die duiwel en sy engele (Matt. 23:33; 25:41; Mark. 9:48; Luk. 8:31:2 Petr. 2:4; Openb. 14:11).

Uit dit alles wat ons tot dusver gesien het, is dit dus duidelik dat die gebooie van God gegee is tot 'n ordelike bestaan en voortbestaan van Gods volk op aarde. Die mens word nie gered net om eendag die hemel te beërwe nie, maar dat iets van die hemel nou hier op aarde reeds in hom gestalte kan kry.

## *Die tafels van die verbond*

Moses skrywe van

*"die tafels van die verbond wat die Here met julle gesluit het" (Deut. 9:9).*

Wat tot nou oor die aanhef gesê is, spreek duidelik daarvan dat die Tien Gebooie ook 'n genadeverbond is, en daarmee teruggryp na die "moederbelofte" (Gen. 3:15), die eerste konkrete bewys, direk na die sondeval dat God die mens nie aan sy eie lot oorgelaat het nie (Ps. 138:8). Ons kan ook sê dat die Tien Gebooie net maar 'n verdere uitwerking is van Gods genadige bemoeienis met die mens.

Reeds die "natuurverbond" met Noag (Gen. 9:1-17) is 'n bewys dat God sy liefde uitwerk in die bestaan van sy skepsele op aarde. En soos byvoorbeeld die reënboog of die eet van vleis of die instelling van die staat en van die doodstraf hier as byvoeging sou kom, net so sou later by die verbond met Abraham, die besnydenis, die land Kanaän en die seën vir baie nasies as eie byvoeginge gegee word (Gen. 12:3; 17:7; 18:18; 22:18; Hand. 7:8; Rom. 4:13-17). En op die vooraand van die vervulling van 'n gedeelte van die verbond met Abraham (Deut. 9:5) word aan Israel die tafels van die verbond (Deut. 9:9-15) met sy eie bepaalde toevoeginge vir die ordelike voortbestaan van Gods volk gegee, te wete die tien woorde en daarby ook die sabbatte, offerhandes en feeste wat as skaduwees sou dien van die toekomstige dinge (Kol. 2:16,17).

Intussen het dit by die instelling van elke nuwe verbond nog steeds gegaan om die bemoeienis van een en dieselfde God met die mens van sy koninkryk. En al was dit elke keer 'n nuwe verbond (vgl. Deut. 5:3; Hebr. 8:8,9), was dit in wese dieselfde verbond wat net nader uitgewerk en vir die spesifieke tyd midde in die geskiedenis vir die volk van God diensbaar gemaak is. Die kern, dat die Here hulle God en hulle sy volk is, sou bly, waarmee dan ook die wesentlike band tussen al die verbonde bly voortbestaan.

So gesien sou die Tien Gebooie dan ook niks anders kon wees as net maar 'n verdere uitwerking van Gods genadeverbond en sy bepaalde beloftes en bedreiginge nie (Lev. 26:1-46). Dit sal dus net reg wees, ter wille van die korrekte verstaan van die wet, dat die aanhef tot die wet elke keer by elke afsonderlike gebod gelees sal moet word.

# HOOFSTUK II

## *Die Eerste Gebod*

Die eerste gebod lees so:

*"Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie'' (Ex. 20:3).*

Eindelik het ons by die eerste van die tien woorde gekom. Dat dit nie deel uitmaak van die aanhef nie is duidelik, aangesien ons hier met 'n opdrag te make het.

Tog staan hierdie opdrag in die nouste samehang met die aanhef. In die aanhef het God Hom so pas as die God van Israel openbaar; as die God wat hulle uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het, van al die gode van Egipte vrygemaak het. Daarom mag daar vir Israel geen ander gode voor die aangesig van God bestaan nie; geen ander gode tussen God en Israel inkom nie; geen ruimte meer vir ander gode wees nie. Israel moet dus nou waarlik vry word van al die gode van Egipteland. Die God wat hulle uitgered het, moet nóú gedien word.

Die eerste gebod is dus die logiese uitvloeisel van die aanhef, omdat die één ware God teenoor al die ander gode bely en gedien moet word.

Dit staan dan vas dat ons in die eerste gebod uitdruklik met 'n opdrag te make het. Dit gaan hier nie slegs om die bekendmaak van bepaalde feite nie. Dit gaan hier om die openbaring van Gods wil vir die ordelike bestaan en voortbestaan van sy volk. En dit is alleen moontlik daar waar Hy alleen as God geken, erken en gedien sal word. Meer nog. Die eerste gebod is die fundamentele eis waarop al die daaropvolgende gebooie moet rus, en waarin al die ander gebooie sinvol verklaar moet word.

Wie God alleen dien, sal onmiddellik verstaan waarom hy geen beeld van God mag maak nie, waarom hy die Naam van God nie ydellik mag gebruik nie, nie mag doodslaan, egbreek, steel of watter ander gebod ook al, mag oortree nie. Hy sal verstaan waarom hy die Here sy God moet liefhê met sy hele hart, hele siel en hele verstand, en sy naaste soos homself.

## *Die één ware God*

So het God Hom aan Israel openbaar: "Daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat die Here God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie" (Deut. 4:39). Jesaja skrywe: "So sê die Here, die Koning van Israel en sy Losser, die Here van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie" (Jes. 44:6).

Maar as daar maar één ware God is, hoe weet die mens dat hy die een ware God aanbid en nie dalk 'n afgod nie? Die antwoord op hierdie vraag kan alleen gevind word in die Skrif self, en wat die eerste gebod betref in die aanhef tot die gebod. Die God wat hulle uit Egipteland uit die slawehuis "uitgelei het", Hy is die één ware God. Die God van die geskiedenis is die ware God. So gaan dit dan ook vir byvoorbeeld Hosea om die Here hulle God "van Egipteland af" (Hosea 12:10). Hy is die God van daad. In die geskiedenis van sy volk het God getoon dat Hy waarlik God is. Dit was toe God op Karmel met vuur geantwoord het dat die volk uitgeroep het: "Die Here, Hy is God! (1 Kon. 18:39). Dit was toe Naäman genees was, dat hy gesê het: "Kyk, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Israel" (2 Kon. 5:15). Elke vreemde god, wat buite die heilsdaad van die uittog gestaan het, was die ander gode, die nie-gode aan wie Israel niks te danke gehad het nie (Deut. 32:16,17).

In die Nuwe Testament het die Woord vlees geword en onder die volk gewoon (Joh. 1:14), en so weerklink die boodskap helder dat niemand na die Vader kan kom nie, behalwe deur Christus Jesus die Seun (Joh. 14:6). Aan Filippus het Jesus gesê: "Hy wat my gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:9). En Hy kon dit sê omdat Hy self beeld van God was (Kol. 1:15). Alleen in Christus Jesus word die één ware God gevind. Paulus skrywe: "Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een. Want al is daar ook sogenaamde gode, óf dit in die hemel en óf dit op die aarde is – soos daar baie gode en baie here is – tog is daar vir ons maar één God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en één Here Jesus Christus deur wie alles is, en

ons deur Hom." (1 Kor. 8:4-6).

## *Geen sinkretisme nie*

As die God van Israel, die God van die geskiedenis, die God wat hulle gered het, dan die één ware God is, dan spreek dit vanself dat hulle hul voor geen ander god mag neerbuig nie, omdat God jaloers is vir hulle (Ex. 34:14; Sag. 1:14). God kan dit eenvoudig nie verdra of toelaat dat daar ander gode voor sy aangesig aanbid word nie. God sal ywer vir sy Naam en vir sy volk (Ex. 34:14; Sag. 1:14).

Maar nie alleen mag geen ander gode aanbid word omdat God dit nie kan duld nie, maar ook baat so 'n godsdiens niks vir die ewige geluksaligheid nie: "Wat baat 'n gesnede beeld dat sy maker dit reggekap het, 'n gegote beeld, wat 'n leuenaar is, dat die maker op sy eie maaksel vertrou, deur stomme afgode te maak? Wee hom wat vir 'n stuk hout sê: Word wakker! Vir 'n dooie klip: Ontwaak! Kan hy 'n mens leer? Kyk, hy is oorgetrek met goud en silwer, en daar is geen gees in sy binneste nie! Maar die Here is in sy heilige tempel – swyg voor Hom, o ganse aarde! " (Hab. 2:18-20). En *met* hierdie uitspraak in die Skrif word alle sinkretisme by die wortel afgesny.

Onder sinkretisme word verstaan die idee dat alle godsdienste mense salig maak. Soos alle paaie na Rome lei, so lei alle godsdienste mense na hul hemelse geluksaligheid. As die gebod egter sê dat ons geen ander gode voor die aangesig van God mag hê nie, dan vra die geloof in die één God, dat daar maar één korrekte wyse van aanbidding sal wees vir alle skepsele op die ganse aarde (1 Kor. 15:1-4; Joh. 14:6) omdat Hy die hemel en die aarde gemaak het (Ps. 54:3; Jes.44:24).

So het Jesus dan ook gesê dat niemand na die Vader kan kom, behalwe deur Hom nie (Joh. 14:6). En so het Petrus voor die Joodse Raad getuig: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand. 4:12. Vgl. Fil. 2:9-11). En dit staan vas: "Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het die lewe nie" (1 Joh. 5:12). Nie godsdiens nie, maar Christus maak ons salig (Joh. 14:6).

## *Geen mens sonder aanbidding nie*

Elke mens het behoefte aan 'n god. Daarom is daar geen mens sonder 'n god nie. Alle mense bid, al bid sommige net wanneer hulle in nood verkeer. As ongelowige mens rig die mens hierdie behoefte aan 'n god, egter nie op die één ware God nie, maar op enigiets anders wat die plek van die ware God moet inneem. Dit is dan wanneer die mens selfs vir 'n stuk hout sê: Jy is my vader; en vir 'n klip; Jy het my gebaar (Jer. 2:27).

En as daar nie een of ander god beskikbaar is nie, dan maak die mens vir homself 'n god (Jer. 2:28), want sonder 'n god kan geen mens lewe nie. As dit nie die één ware God is nie, dan is dit die afgode: "En die kinders van Israel het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here: hulle het die Baäls gedien en die Here, die God van hulle vaders, verlaat wat hulle uit Egipteland uitgelei het, en hulle het agter ander gode aan geloop, van die gode van die volke wat rondom hulle was, en hulle daarvoor neergebuig en die Here geterg" (Rigt.2:11, 12).

Gewoonlik is dit vir die mens die een of die ander. Dit is die één ware God of die af gode of andersom: Die af gode of die één ware God. Maar dit kan ook gebeur dat die mens die één ware God aanbid, maar ook vir die ander gode 'n ereplek in sy aanbidding toelaat. So byvoorbeeld het die mense in die stede van Samaria die Here gevrees en hulle eie gode gedien (2 Kon. 17:33). Miskien is juis dit die grootste gevaar wat elke gelowige bedreig en dit is om God en die ander gode te dien.

Maar dan het Israel die ander gode nie altyd openlik aanbid nie, maar in die geheim (Deut. 27:15). Ook hierdie moontlikheid is vir die kind van God nie uitgesluit nie.

Maar God kon dit nooit duld nie. Die toorn van God het teen Israel ontvlam en Hy het hulle gestraf (Rigt. 2:13, 14). En vandag nog sal sy straf nie uitbly nie, want die Here onse God is 'n verterende vuur (Hebr. 12:29). En vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende

God (Hebr. 10:31). Ons sal ons keuse moet doen.

## *Die beslissende keuse*

Die eerste gebod sê nie wie en wat God of wie en wat die ander gode is nie. Dit is reeds in die aanhef gedoen. Die ander gode is die gode van Egipteland en ook dié wat Israel nog op hulle pad mag teëkom (Ex. 20:2; Deut. 32:16, 17, 21). Die gebod antwoord dus nie vrae soos wie God of wie of wat die afgode is nie; sê nie wat ons moet glo of nie glo nie, maar sê wat ons mag of nie mag doen nie. Die gebod plaas ons dus voor 'n beslissende keuse van te doen of nie te doen nie. Die een gebod wat ons verbied om geen ander gode voor sy aangesig te hê nie, gebied ons daarmee om die één ware God alleen te dien. Dit gaan om die een of die ander. Daar is hier geen middeweg nie. Die gebod wat sê dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag (Deut. 6:5), laat geen ander gode toe nie. Daarom is die keuse so beslissend, so finaal.

So het Josua dan ook met die volk gepraat en hulle voor 'n keuse gestel: "Vrees dan nou die Here en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die Here. Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: óf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, óf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die Here dien" (Josua 24:15).

So het Christus Jesus ook geleer: "Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal óf die een haat en die ander een liefhê, óf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God en Mammon dien nie" (Luk. 16:13).

Dit kan dus nooit God en die ander gode wees nie. Dit is die een of die ander. God eis alles of niks.

En hierdie keuse kan ons nie maar na willekeur uitstel tot later nie. Josua het van dieselfde dag gepraat. Daar is 'n tyd dat die Here naby is (Jes. 55:6), maar die oordeel vir die man wat sy nek verhard, is gewis (Spr. 29:1).

**Die ander gode**

Op die vraag of daar ander gode bestaan, moet bevestigend geantwoord word, al bestaan die gode alleen solank as wat daar mense is wat in hulle glo. Die eerste gebod beteken dan dat ons nooit enigiets in die hemel of op die aarde aan God gelyk sal stel nie; dat ons aan niks of niemand so sal glo dat dit 'n God vir ons sal word nie.

Maar dat daar ander gode bestaan het wat die één ware God by die mens verdring het, het Israel wel deeglik besef. Reeds in Egipte het hulle die Nylgod Osiris teëgekom. Later het hulle met Baal en Astarte van die Kanaäniete, met Dagon van die Filistyne en Kamos van die Moabiete in aanraking gekom.

Die Skrif noem hierdie ander gode afgode wat nie-God is nie (Deut. 32:16, 17, 21). Dit beteken egter nie dat dit vir die heidene net maar name was nie. So was byvoorbeeld Baal die verpersoonliking van die vrugbaarheid van die grond, die groei van die graan en die welvaart van die land. Baal was dan die gewer van voorspoed in die land.

En al sou die naam Baal vir ons geen betekenis hê nie, beteken dit hoegenaamd nie dat ons al aan die greep van hierdie ander god ontkom het nie, daar waar die mens sy ganse hoop vir sy eie voorspoed plaas op die natuurkragte alleen, terwyl hy die gawes van die natuur reeds van die Skepper-God los gemaak het.

Om hierdie rede is die eerste gebod vandag nog aktueel. Ook ons sal op ons hoede moet bly dat die ander gode nie dalk van buite af op ons so beslag sal lê dat hulle die plek van die één ware God in ons hart en verstand, handel en wandel sal verower nie, want nie hulle nie, maar God is die Skepper van hemel en aarde (Jes. 44:24), nie hulle nie, maar God het Israel verlos (Ex. 20:2) en ons skuld vir onsbetaal (2Kor.5:21).

# *Die ander gode wat ons dien*

Enigiets wat van God losgemaak en só sentraal in die lewensbestaan van die mens gestel word dat daarvan alles afhanklik gemaak word, alle hoop daarop gevestig word, daaraan alle tyd en kragte bestee word, het 'n ander god of afgod geword. So kan letterlik alles waarin 'n mens glo, waaraan 'n mens jou sonder voorbehoud toewy, waarvoor jy alles sal offer 'n afgod in jou lewe word soos byvoorbeeld, geld, mag, vooruitgang, vryheid, kuns, wetenskap, politiek, staat, sport, skoonheid en wat nog meer. Wanneer 'n mens vir hierdie dinge meer omgee, meer tyd, energie, liefde of geld spandeer as vir God en sy saak op aarde, dan het dit 'n ander god vir hom geword. Ons sien dus dat die ander gode vandag net ander name gekry het.

Hierdie dinge is op hulle self nie verkeerd nie, maar ons mag die aksent nie só verkeerd lê dat hulle nie meer tot ons diens is nie, tot ons voordeel nuttig is nie. Ons moet oor al die dinge heers en dit reg gebruik. Maar ons mag nie toelaat dat hierdie dinge ons kragte en tyd so in beslag neem dat hulle oor ons heers nie, dat ons slawe daarvan word nie. Hulle mag nie God se plek in ons lewe inneem nie. Dit mag nie vir ons belangriker wees of swaarder weeg as om God gehoorsaam te wees nie. Dit was dan ook duidelik dat die ryk jongman so aan sy besittings verkleef was, dat hy 'n oortreder geword het van die eerste gebod (Mark. 10:21, 22). Die Skrif verklaar dan ook met soveel woorde dat gierigheid afgodediens is (Kol. 3:5). En ook ons loop vandag nog gevaar om ander gode voor die aangesig van God te hê, en om selfs sonder dat ons daarvan bewus is, 'n oortreder van die gebod te word.

## Die geldgod

Uit die voorafgaande paragraaf het ons gesien dat ook gierigheid 'n afgod is (Kol. 3:5; Ef. 5:5). Paulus waarsku dan ook dat geldgierigheid 'n wortel van alle, dit is allerlei, euwels is (1 Tim. 6:10). Nie geld nie, maar geldgierigheid is die bron van die kwaad.

Die Skrif is nie teen rykdom as sodanig nie. Die Here seën selfs deur iemand ryk te maak (1 Kon. 3:13). Wat God wel verlang, is dat die rykes hulle rykdom reg moet spandeer deur goed te doen en ryk moet wees in goeie werke, vrygewig en mededeelsaam wees (1 Tim. 6:18) en selfs met hulle geld (Luk. 16:9) en goed (Luk. 8:3) die koninkryk van God moet dien.

Maar die mens verloën die Here wanneer hy sy hoop stel op die onsekerheid van die rykdom (Job 31:24-28; 1 Tim. 6:17); dan word geld sy god. En die mens wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang (1 Tim. 6:9; Matt. 13:22). Hoe jammer tog dat mense bereid is om self s hul siele te verkoop vir geld. En tog is daar niks so onseker soos rykdom nie (1 Tim. 6:17). Hoe dikwels sien ons dit: Die miljoenêr van vandag, is die boemelaar vanmore.

En intussen is dit ook duidelik dat rykdom niemand kan versadig nie. Die rykes is alleen tevrede as hulle nog 'n bietjie meer kan hê as wat hulle reeds besit; dit is, nooit!

En dan gebeur dit ook nie selde nie, dat skatryk mense hulleself om die lewe bring, as nog 'n bewys dat rykdom hulle nie versadig het nie. Dit het die diepste behoeftes, wat elke mens tog het, nie bevredig nie.

Wie egter sy geld en goed reg bestuur en reg bestee, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid (Vgl. 1 Tim. 2:15), kan ook reken op die belofte dat hulle "vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf' (1 Tim. 6:19). Wie dit nie doen nie, besit nie meer nie, maar word besit.

## Die god van roem en eer

Ons het gesien dat selfs prestasie, roem en eer ander gode in ons lewe kan word. Die Skrif waarsku uitdruklik dat die mens nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie (Rom. 12:3); dat ons nie na baie hoë dinge moet streef nie (Rom. 12:3); dat ons nie moet word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie (Gal. 5:26).

Natuurlik moet elke mens sy roeping vervul, moet elkeen die beste gee waartoe hy in staat is. Natuurlik doen 'n mens 'n ding goed of jy doen dit glad nie. Maar dit is heeltemal 'n ander storie wanneer 'n mens deur loutere selfsug en eersug en prestasiesug gedrywe word om

teen elke prys heel bo uit te kom. Dit is dikwels tragies om te sien hoe mense meedoënloos hulleself vorentoe stoot in die lewe – en dit dikwels ten koste van ander mense. Daar is mense wat niemand en niks in die lewe ontsien nie. Hulle gee nie om of hulle ander mense in die proses vernietig nie. Hulle maak inteendeel gebruik, of is dit misbruik van die wrakke wat hulle self geskep het, om bo uit te kom. Prestasie, roem en eer het vir hierdie mense doel op sigself geword; het vir hulle gode geword.

En tog weet ons dat roem en eer niemand ooit kan versadig nie. Van die mees beroemde mense is dikwels van die mees ongelukkige en tragiese mense. Roem alleen is nie genoegsaam om die leemte van die mensehart te vul nie.

Niemand besit in elk geval al die roem op aarde nie. Die mees beroemde het dikwels die meeste wat hom haat, vervolg en sy lewe soek.

Ook bly roem en eer nie vir altyd nie. Die een wat vandag op die lippe van almal is, word môre deur dieselfde mense vergeet.

En intussen bly die vraag van Jesus aktueel: "Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?" (Mark. 8:36,37).

## Die plesiergod

Daar is helaas baie mense wat hopeloos aan plesier verslaaf geraak het. Hulle kan eenvoudig sonder plesier nie lewe nie. Plesier het op al hulle tyd, energie en geld beslag gelê. Dit het vir hulle 'n god geword wat hulle dien met elke asemteug waaroor hulle beskik. Plesier is dan ook soos soutwater; hoe meer jy daarvan drink, hoe groter word die dors.

En ongelukkig is dit 'n feit dat hy wat 'n vriend van die wêreld word, nie anders kan nie, as om 'n vyand van God te word (Jak. 4:4). Dit was dan ook so toe die verlore seun onder die dak van sy vader uit was. Hy het dadelik begin om sy eiendom te verkwis deur losbandig te lewe (Luk. 15:13). En daarmee het hy volgehou totdat hy heeltemal bankrot was (Luk. 15:14). Maar wat hierdie saak so gevaarlik maak, is dat dit nie altyd so skielik of dadelik kom nie. Jy wandel eers in die raad van die goddelose, daarna staan jy op die weg van die sondaars en eindelik sit jy in die kring van die spotters (Ps. 1:1).

En tog kan plesier geen mens versadig nie. Dit kan die honger en dors van die siel nie wegneem nie. Dit bly steeds 'n gejaag na wind, ʼn pad na nêrens.

Dit is waar. Alle mense wil graag gelukkig wees. Baie soek dit in rykdom, ander in roem en eer, en nog baie meer soek dit in plesier. Die tragiese is dat niemand dit daar kan vind nie, want onrustig bly die hart van die mens totdat dit rus vind in God.

Die Bybel sê: "Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel! Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig, is jy, en dit gaan met jou goed" (Ps. 128:1, 2). Welgeluksalig beteken driemaal gelukkig, intens gelukkig, onbeskryflik heerlik gelukkig is die man wat God vrees en sy wil doen. En wie geluk in God gevind het, is versadig met die water van die ewige lewe – hy sal nie weer dors kry nie (Joh. 4:14). Nie die plesiergod nie, maar die één ware God sal aanbid moet word.

## Dit waarop ek meer vertrou as op God

Alles waarop die mens 'n groter vertroue het as in God, word ander gode in sy lewe – dinge soos assuransie, die staat, die wetenskap of watter saak ook al.

Ons het reeds daarop gewys dat hy wat op goud sy hoop gestel het en vir fyn goud gesê het: My vertroue; dat hy sy God verloën (Job 31:24-28) en aan God ongehoorsaam is (1 Tim. 6:17).

En aan hulle wat op mense staat maak, sê die Woord: "So sê die Here: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die Here afwyk" (Jer. 17:5). En 'n bietjie verder: "Geseënd is die man wat op die Here vertrou, en wie se vertroue die Here is" (Jer. 17:7).

Dan is dit ook net moontlik dat die mens meer op sy eie wysheid en insig kan reken as op

God: “So sê die Here: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie, maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken dat Ek die Here is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die Here” (Jer. 9:23,24).

Dit kan ook wees dat iemand meer op die wet kan vertrou vir sy saligheid as op die genade (Luk. 18:9-14), terwyl ons weet dat geen vlees deur die werke van die wet salig sal word nie (Gal. 2:16, 21), maar alleen deur die geloof in Christus Jesus (Gal. 2:16; Ef. 2:8,9).

Verder is daar ook diegene wat die Here verlaat, wat sy heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot – maar dat God hulle sal bestem vir die swaard, en almal sal buig om geslag te word, omdat die Here geroep, maar hulle nie geantwoord het nie, die Here gespreek, maar hulle nie geluister het nie, maar gedoen het wat verkeerd is in sy oë en verkies het wat Hom nie behaag het nie (Jes. 65:11-12).

Wie op enigiets anders as op God sy vertroue stel, het in die greep van 'n afgod gekom.

## Dit wat ek meer liefhet as vir God

Dit wat ek meer liefhet as vir God, is 'n ander god in my lewe. Die Skrif waarsku dan ook dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom, wanneer mense meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God sal wees (2 Tim. 3:1, 4). En dit is niks besonders nie, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind (Matt. 7:13,14). En dit kan ook nie anders wees nie, want die Skrif roep ons toe: “Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig” (1 Joh. 2:15-17).

Maar dan hoef dit nie net die wêreld en die dinge wat in die wêreld is te wees wat ons meer liefhet as vir God nie. Dit kan ook myself wees, my naam, my eer of my belange. Dit kan selfs my vader, moeder, man, vrou, broer, suster of kind wees (Luk. 14:26), of enigiets wat ek mag besit (Luk. 14:33). So het God ook vir Abraham opdrag gegee om Isak sy seun te gaan offer, en hom geprys omdat hy sy enigste van Hom nie teruggehou het nie (Gen. 22:16-18).

Dit bly dus 'n ernstige, aktuele en persoonlike vraag of daar nie iets of iemand in ons lewe is wat ons meer liefhet as vir God nie? Ons kan miskien maklik met die mond “ja” sê. Maar wanneer ek gevra word om soos die ryk jongman alles prys te gee wat ek het ter wille van die koninkryk van God, dan kan ek dalk ook soos hy omdraai omdat ek nie kans sien om van my goed afstand te doen nie (Mark. 10:17-25). Christus vermaan ons almal om te dink aan die vrou van Lot (Luk. 17:32), want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood” (2 Kor. 7:10).

## Wat ons in die plek van God stel

Die moderne mens het hom van God losgemaak en sy geloof het van inhoud verander. Hy glo nie meer dat God regeer nie, maar glo in die opperheerskappy van 'n blinde mag in die natuur; nie meer aan die gevalle mens nie, maar aan die ontwikkelende aap; nie meer aan verlossing deur genade nie, maar aan 'n eindelose vooruitgang van dinge. Die mens deur die ewolusie gedra, meen dat hy sonder God kan klaarkom, en dat hy magtig genoeg is om die toekoms in eie hande te neem – die mens het sy eie god geword.

Verder het die ongeloof tot allerlei vorme van bygeloof oorgegaan. Heidense gebruike en voorstellinge is aan die orde van die dag. Waarsêery, towery, sterrewiggelary, oproep van geeste, goëlery, wit magie en swart magie, aanroeping van heiliges en selfs duiwelaanbidding begin talle en talle mense te boei. Dit is asof die ander gode van Egipte (Deut. 18:9-14; 32:16, 17,21) weer eens begin oplewe en ons die waarheid beter verstaan van dit waarvan Paulus skrywe: “Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen owerhede, teen die

magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (Ef. 6:12; 1 Kor. 10:19, 20).

By reeds genoemde lys kan ons nog die ander dinge noem soos waarsêery met kaarte, teeblare, die glasbal, die lees van handpalms en allerlei kunsgrepe van bedrog en misleiding.

Die ophang van 'n perdeskoen, die dra van allerlei gelukbringertjies moet seker weer eens onder die vergrootglas kom, aangesien die mens begin leer het om te lewe uit tallose strome wat die plek van God in hulle lewe moes inneem: "Want My volk het twee verkeerde dinge gedoen: My die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie" (Jer.2:13).

## Dit wat ons meer vrees as vir God

Die Bybel verklaar dat die heidene in die mag van Satan is (Hand. 26:*18).* Daarom is die heiden vasgevang in allerlei vorme van vrees; vrees vir die bonatuurlike magte, vrees vir die voorvaderlike geeste, vrees vir *die* toordokter, vrees vir afgode, vir allerlei rampe, ongelukke, straf en dergelike meer. En selfs wanneer Israel van God afvallig geword het, het hulle die ander gode wat hulle begin dien het, gevrees (2 Kon. 17:7, 35, 38), die gode vir wie hulle vadere nie gehuiwer het nie (Deut. 32:16,17).

Hierdie ander gode word vir die ongelowige meer as net name. Die gode is vervleg met hulle bestaan. Elke oomblik leef hulle met hierdie gode saam. Die gode is altyd en oral by hulle. Dit verklaar dan ook die geweldige vrees waaronder hierdie mense voortdurend verkeer en waarom dit so moeilik vir 'n heiden en 'n ongelowige is om hom te bekeer en sy rug geheel en al op hierdie gode te draai; hy vrees dat hulle wraak sal neem en dat een of ander verskriklike ding met hulle sal gebeur. Die gode moet dan steeds op een of ander wyse gepaai word.

Om hierdie, en baie ander redes was dit dan nodig om die heiden se oë te open vir die feit dat die ander gode stomme afgode is wat geen gees in sy binneste het nie (Hab. 2:18, 19). Dit *is* gode wat die heiden vir homself gemaak het (Jer. 2:28) en wat geen voordeel aanbring nie, want hulle sien niks en weet niks nie (Jes. 44:9, 10). Een deel daarvan dien vir brandhout. Van die ander deel maak die mens 'n gesnede beeld en aanbid dit en sê: "Red my, want u is my god!

(Jes. 44:14-17). Sulke gode word rondgedra, gekoop en verkoop (Hand. 19:24). Hulle kan ook gesteel word. En die gode weet van dit alles niks nie.

Daarom mag ons die ander gode nie vrees nie (2 Kon. 17:35, 38). "Maar die Here julle God moet julle vrees, en Hy sal julle verlos uit al julle vyande" (2 Kon. 17:39; Lev. 19:14; Pred. 12:13; 1 Petr. 2:17). Christus het verklaar: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Matt. 28:18). En ook: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20). En ook: "Niemand sal julle uit my hand ruk nie" (Joh. 10:28). Wie dit glo, sal nie vrees nie, want dit waarvoor ek 'n groter vrees het as vir God, dit het 'n afgod in my lewe geword. En dit mag nie wees nie!

## Van die ware godsdiens misbruik maak

Om van godsdiens misbruik te maak, is 'n alledaagse verskynsel. Dit is om op Christus net vir hierdie lewe te hoop; te reken dat die godsdiens winsgewend is. Sulke mense is egter die ellendigste van alle mense (1 Kor. 15:19). Sulke mense stel alleen in godsdiens belang in sover as wat dit vir hulle tydelike voordele inhou, dit hulle sake, belange of besigheid kan bevorder (Hand. 16:16-23; 19:23-29).

Dit beteken verder ook om die ware God op 'n eiesinnige wyse te wil dien. Dit het Nadab en Abihu ook probeer doen. In plaas daarvan dat hulle vuur van die altaar geneem het (Lev. 16:12), het hulle vreemde vuur, hulle eie vuur (Lev. 10:1), voor die aangesig van die Here gebring, wat die Here hulle nie beveel het nie. Daarop het daar vuur van die aangesig van die Here uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die Here (Lev. 10:2). Om die Here op 'n ander wyse te dien as wat Hy ons geleer het, baat die mens eenvoudig niks nie (1 Kor. 15:2).

Erger nog. Wanneer die mens die ware godsdiens misbruik as dekmantel vir een of ander gemene saak, kan die straf van God nie uitbly nie. So byvoorbeeld het Absalom vir sy vader Dawid onder die indruk gebring dat hy aan die Here in Hebron 'n gelofte wou gaan betaal, terwyl hy in werklikheid besig was om 'n opstand teen sy vader te organiseer (2 Sam. 15:7-10). En die straf van God het dan ook nie uitgebly nie (2 Sam. 18:9-17).

'n Mens kan ook van die ware godsdiens misbruik maak deur soos Joab na die horings van die altaar te vlug, terwyl jou hart nie reg is met God nie. Ook dit is tevergeefs, want hy het daar by die altaar gesterf (1 Kon. 2:28-34). Dit geld ook vir mense wat met hulle mond bely dat hulle die Here ken, maar Hom deur hulle werke verloën (Tit. 1:16). Dit moet gewis 'n gruwel in die oë van God wees wanneer mense voorgee om te wees wat hulle in feite nie is nie. Sulke mense sal seker 'n swaarder oordeel van God ontvang. Só mag ons nie wees nie, en só mag ons nie die ware God terg met ander gode nie!

### Wanneer beskouinge gode word

Nie net dinge nie, maar ook ander beskouinge kan ander gode vir ons word. Wanneer ek aan een of ander stelsel, denkbeeid of beskouing vashou, sonder om dit aan die toets van die woord van God te onderwerp (1 Joh. 4:1), dan het hierdie stelsel 'n god in my lewe geword.

Daar is vandag letterlik miljoene mense wat hulle lewe sal gee vir die beskouinge van die Kommunisme. Tog is dit 'n stelsel wat God nie erken of vrees nie, en vandag 'n wesenlike bedreiging vir die Christendom inhou.

En so kan hierdie soort ideologieë talryk vermenigvuldig word: Die ateïsme wat leer dat God nie bestaan nie; die Agnostisisme wat leer dat niemand kan weet of God bestaan nie of die deïsme wat sê dat God wel bestaan, maar niks meer met die voortbestaan van die wêreld te doen het nie. Erger nog: Die sogenaamde sekularistiese teologiese beskouing dat God dood is. En so kan ons voortgaan. Al hierdie beskouinge wil graag die troon van ons harte verower en daarmee die ware God van sy troon afstoot. Hierdie beskouinge laat God egter nie meer God bly in sy openbaring nie. Hier het die mens, sy rede of eie insig in die plek van die Woord van God geskuiwe. Eintlik is dit ook maar net nog 'n voorbeeld van die oersonde waarin die mens deur sy eie stelsels verklaar dat hy hom nie deur God of wie ook al laat voorskrywe nie. Hy glo soos hy wil glo, en doen soos hy wil doen, of anders gestel, die mens hou van nature nie van God nie (Rom. 1:21) en wil nie hê dat sy Seun Koning oor hom moet wees nie (Luk. 19:14). Hy hou van sy eie gemaakte gode, want dié laat hom toe om te lewe en te doen net soos hy graag wil. Sy gode lewe in elk geval self ook só dat haas niks meer vir hom ongeoorloof is nie. Die mens wil in elk geval nie voorgeskrywe word nie. Aan die ander kant maak die God van die Bybel sy wil aan sy skepsele bekend. Hy sê hoe hulle moet lewe en Hy roep hulle tot rekenskap op indien hulle ongehoorsaam is.

## *Die aangesig van God*

Voor die aangesig van die Here beteken in Gods teenwoordigheid, want "aangesig" staan vir die persoon self, die persoonlike teenwoordigheid van God. En aangesien God alomteenwoordig en alwetend is, word dit vir die mens onmoontlik om vir God weg te kruip of om iets vir Hom weg te steek. Hy sien oral en weet alles. Hiermee word selfs ook nie die diepste geheime van die menslike hart uitgeskakel nie. En juis ook daar in die hart of gedagtes van die mens, mag geen ander gode gedien word nie. Die mens moet God met die hele hart liefhê en dien (Deut. 6:5; Matt. 22:37). Dit gaan dus om die daad en die gesindheid van die mens.

In die reël sal die mens eerder in die geheim iets verkeerds doen. Nie al te maklik sal die mens oortree, daar waar elkeen hom kan sien nie. Só verhard en ongevoelig is die meeste mense nie. En tog doen die mens al hierdie verkeerde dinge in teenwoordigheid van die alsiende en alwetende God. Miskien is dit omdat die mens nie altoos besef of selfs glo dat God oral en alwetend is nie. Meestal wil ons net nie hê dat die mens daarvan moet weet of ons uitvind nie. En tog staan daar geskrywe: "Daar is niks bedek wat nie geopenbaar sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie. Daarom, alles wat julle in die donker gesê het, sal in die lig gehoor word; en wat julle in die oor gepraat het in die binnekamers, sal op die dakke verkondig word" (Luk. 12:*2,* 3; Rom. 2:16). Dit is dus goed om altyd te weet: Al sien en weet

niemand nie, die Here sien en weet alles.

En as ek dan te veel selfrespek het, of respek vir my medemens, my ouers, onderwysers, meerderes of wie ook al om nie in hulle teenwoordigheid iets verkeerd te doen nie, hoeveel te meer moet ek eerbied en respek vir God hê om nie ander gode voor sy aangesig te hê nie.

## *Die oorsprong van die sonde*

Aangesien ons geen ander gode voor die aangesig van God mag hê nie, beteken dit dat daar in feite aan geen ander gode bestaansreg voor die aangesig van God gegee mag word nie. So mag byvoorbeeld selfs nie aan Satan as 'n tweede "God" gedink word nie. In die heidenwêreld vind ons weliswaar allerlei gode, goeie en slegte gode. So gesien het die kwaad tot die wese van dinge behoort,

Die Bybel sien sake egter nie so nie. Satan is byvoorbeeld 'n gevalle engel, 'n geskape engel en dus geen god nie. Maar as gevolg hiervan word die vraag na die oorsprong van die sonde onoplosbaar gemaak. En al is die mens geskape met die moontlikheid om te sondig, durf ons God nooit die outeur van die sonde maak nie. Die mens word steeds verantwoordelik vir sy eie sonde gehou voor God.

Dit gaan dus nie in die eerste plek vir die mens om die raaisel met betrekking tot die sonde op te los nie, maar om daarvan verlos te word. Die Bybel sê dan ook nie vir ons waar die sonde vandaan kom nie. En om daardie rede alleen pas dit ons om die vraag na die oorsprong van die sonde daar te laat, aangesien dit nie verstandig is om wys te probeer wees bo dit wat God aan ons bekend gemaak het nie. Wat ons wel weet - en dit is belangrik en beslissend vir ons om dit te weet - is dat die bloed van Jesus Christus ons van alle sonde reinig as ons dit bely en laat staan (1 Joh. 1:7-10; Spr. 28:13), aangesien Hy ons van ons sondes gewas het in sy bloed (Openb. 1:5), soos geskrywe is: "Want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie" (Openb. 5:9). Nie in die oorsprong van die sonde nie, maar in die vergewing daarvan lê ons hoop.

# HOOFSTUK III

## *Die Tweede Gebod*

Die Tweede Gebod lees so:

*"Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat my haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou" (Ex.20:4-6).*

Ons het reeds vroeër daarop gewys dat die Roomse en Lutherse kerk van die eerste en tweede gebod een gebod maak, maar die tiende gebod in twee gebooie verdeel. Die Jode neem die aanhef as die eerste gebod en maak ook van hierdie twee gebooie een gebod. Vir die kerkvaders oor die algemeen, die Oos-ortodokse kerk en verreweg die meeste Gereformeerdes is dit egter twee gebooie. En by laasgenoemde beskouing het ons aansluiting gevind (Kort Begrip 3).

Die onderskeid tussen die twee gebooie val egter nie dadelik op nie. Die gesnede beelde van die tweede gebod waarvoor die mens hom neerbuig en dien (Ex. 20:4, 5), het dan onmiddellik die ander gode of afgode geword wat ons nie mag aanbid nie (Ex. 20:3). As dit die betekenis van hierdie gebod was, dan het ons inderdaad nog steeds met die eerste gebod te doen. Dit moet dan alleen as 'n verdere uitbreiding daarop, as 'n verduideliking en toepassing van die eerste gebod gesien word. Dan gaan dit hier ook om die aanbidding van die ander gode soos Baal, Astarte, Dagon, Jupiter, Mammon, Diana en andere (vgl. Deut. 32:16, 17, 21), terwyl daar net één ware God is (Deut. 4:39; Jes. 44:6; 1 Kor. 8:4-6) voor wie se aangesig ons geen ander gode mag hê nie (Ex. 20:3).

Indien dit die geval is, dan het die Roomse en Lutherse kerk gelyk, en sal ons óf soos die Jode van die aanhef die eerste gebod óf soos eersgenoemdes van die tiende gebod twee gebooie moet maak. Aangesien, soos later aangetoon sal word, dit nie moontlik is nie, en aangesien bostaande interpretasie nie die verklaring van die gebod is nie, sal ons op hierdie vraag nader moet ingaan.

## *Die verskil tussen die twee gebooie*

By nadere ondersoek word dit dan ook duidelik dat ons hier nie met 'n herhaling, verduideliking of verdere toepassing van die derde vers te make het nie, maar met 'n verbod daarop, dat die mens sal poog om van die één ware God 'n gesnede beeld of enige gelykenis te maak en voor dit neer te buig of dit te dien.

Wanneer Moses na die tien woorde verwys en teen die oortredinge waarvan in die tweede gebod sprake is (Ex. 20:4-6), waarsku (Deut. 4:13-19), dan gee hy as rede hiervoor aan: "Want julle het géén verskyning gesien op die dag dat die Here by Horeb uit die vuur met julle gespreek het nie" (Deut. 4:15). Hoe kan hulle dan ooit van Hom 'n gesnede beeld of gelykenis maak as God Hom nie aan hulle vertoon het nie? En vir Moses het God gesê: "Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie" (Ex. 33:20; vgl. 1 Joh. 4:12). So iets is dus nie moontlik nie (H.K. 97).

Dit is egter nie net 'n saak van onmoontlikheid nie, maar dit beteken ook om verderflik te handel (Deut. 4:16), terwyl dié misdaad nie ongestraf sal bly nie (Ex. 20:5).

Die tweede gebod verbied dus dat die één ware God deur middel van 'n beeld of 'n gelykenis aanbid sal word. Die eerste gebod leer dus wie aanbid moet word en die tweede gebod leer hoe Hy aanbid moet word, of nie aanbid mag word nie.

Wie God dus deur middel van 'n beeld aanbid, verstaan niks daarvan dat ons nie deur aanskouing nie, maar alleen deur die geloof moet wandel nie (2 Kor. 5:7), en dat ons sonder geloof die Here nie kan behaag nie (Hebr. 11:6).

Deur nie beelde in hul aanbidding te hê nie, het die godsdiens van Israel van al die ander godsdienste verskil en het hulle hul God as die gans andere verklaar. Beeldediens sou die godsdiens van Israel met die godsdienste van die heidene gelyk gemaak het. Dan was dit ons beelde teenoor julle beelde. Net nog 'n godsdiens. En dit word reeds in die eerste gebod verbied.

## *Wat van beeldhouwerk of skilderkuns?*

Uit die vorige paragraaf het ons gesien dat dit in die verbod gaan, om nie gesnede beelde of gelykenisse van God te maak en jou daarvoor neer te buig of dit te dien nie. Dit het ook gegaan teen die maak van gegote gode (Ex. 34: 17; Lev. 19: 4). Nie die maak van beelde of gelykenisse as sulks word daarmee verbied nie, maar dat dit as gode sou dien of die Here deur middel daarvan aanbid sou word.

Dat ons afleiding korrek is, spreek uit die feit dat die Here aan Besaleël en Ohóliab (Ex. 35: 30-35) opdrag gegee het om onder andere twee gérubs van goud vir die versoendeksel van die verbondsark te maak (Ex. 37:1-9), of ook die gerubs van oliewenhout, palmbome en oop blomknoppe in die tempel (1 Kon. 6: 23, 29, 32), gesnede beelde en gelykenisse in opdrag van God vervaardig, bevestig die gedagte dat daar geen prinsipiële beswaar teen die maak van beelde, skilderye, portrette, familiewapens, landsvlae, versiersels, films en televisie ingebring kan word nie.

So is die koperslang wat Moses gemaak het, toe die plaag van giftige slange die volk bedreig het (Num. 21:1-9), deur Israel bewaar, maar later deur koning Hiskia stukkend gekap toe die volk daarvoor offerrook laat opgaan het (2 Kon. 18:4). Die maak van die koperslang was nie die fout nie. God het Moses beveel om dit te maak. Maar toe die volk aan hierdie voorwerp offers gebring het, het hulle die afbeeldsel van God losgemaak, en aan dit die betekenis van 'n afgod toegeken. Daarom moes dit vernietig word, want die volk het die wet van God oortree. Nie die gebruik nie, maar die misbruik daarvan word dus in die Skrif veroordeel.

Dit sou selfs nie verkeerd wees om 'n beeld of skildery van Christus te maak nie, mits dit nie verheerlik of aanbid word nie. Christus is nie 'n afbeelding van God nie, maar 'n openbaring van God. En God het Hom in Christus nie aan geopenbaardheid uitgelewer nie. Hy wat deur die mens waargeneem en gekruisig kon word, was nie God self nie, maar God-in-'n-menslike-gestalte (K.B. 33[2]; Fil. 2:6-8). En nie die menslike natuur van Christus moet vereer en aanbid word nie, maar wel God in die menslike natuur. Christus het dan ook self in sy prediking van afbeeldinge gebruik gemaak (Matt. 22:19-21).

Intussen mag God self op geen ander manier afgebeeld word nie, en op geen manier vereer word nie as wat Hy in sy Woord beveel het nie. En al mag skepsele wel afgebeeld word, verbied God ons tog om hul beeltenis te vereer of om Hom daardeur te dien (H.K. 96-98).

## *Wat van simbole in die kerke?*

Uit die voorafgaande het dit vir ons duidelik geword dat ons nie beelde in die kerke, en daarmee ook allerlei kunswerke in die kerke, mag gebruik om God daardeur te dien of te vereer nie, want ons moet nie wyser wees as God nie, wat sy volk nie deur stomme beelde nie (Jer. 10: 8-16; Hab. 2: 18, 19), maar deur die lewende verkondiging van sy woord wil laat onderrig (Rom. 10: 14, 15, 17; 2 Petr. 1: 19; 2 Tim. 3: 16, 17; H.K. 98). Beelde kan die prediking dus nooit vervang of selfs aanvul nie. God wederbaar ons deur die gepredikte woord (1 Petr. 1:23-25). Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God (Rom. 10:17), terwyl ons gevoed word met die woorde van die geloof (1 Tim. 4: 6) en wandel deur die geloof en nie deur aanskouing nie (2 Kor. 5:7). Die aanskouing of volle verwesenliking lê in die toekoms, en kan nie nou al deur beelde of gelykenisse nader gebring word nie (1 Joh. 3:2; Rom. 8:24,25).

Aan die ander kant sou dit moeilik verdedig kan word, indien ons die tweede gebod so sou

---

[2] 33. VR.- In watter natuur het Hy dit gely? ANTW.- Alleen in sy menslike natuur, dit is (a) in sy siel en (b) in sy liggaam. (a) Matt. 26:38. My siel is diep bedroef tot die dood toe. (b) 1 Petr. 2:24: Wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het.

verstaan, dat alle denkbare beelde en simbole uit die kerke geweer sou moet word. Teen so 'n standpunt getuig tog alreeds die gesnede voorwerpe in die verbondsark (Ex. 37: 1-9) en tempel (1 Kon. 6:23, 29, 32). Veral kan hier gedink word aan simbole soos die kruis, Christus-monogram en venster-afbeeldinge. Dit is te verstaan waarom die Protestantisme teenoor die Roomse kerk teen alle beelde en simbole in opstand gekom het. Maar dit is tog jammer dat daarmee die kind met die badwater uitgegooi is en byvoorbeeld die kruissimbool in feite aan die Roomse kerk prysgegee is.

Natuurlik mag hierdie simbole nooit 'n afbeelding van God word of religieuse verering ontvang nie, want dan is dit in stryd met die aanbidding in gees en waarheid (Joh. 4: 24) en daarmee 'n oortreding van die tweede en eerste gebod.

Wanneer die mens egter die beeld of simbool nie vereer, of as medium tot aanbidding gebruik nie, kan dit as denke in beeld en voorstelling ook as 'n wesenlike deel van die kerkstyl geïnkorporeer word. So kan die simbool van die kuns deur vorm en lyn tot verryking van die mens lei. Die waarde van die simbool lê daarin dat dit die mens laat swyg en dwing om te luister na die taal van sy eie siel by aanskouing daarvan. So mag die aanskouing van die kruis die mens herinner aan Golgotha, en hom met diepe dankbaarheid vul. Wanneer hieraan egter allerhande bygelowigheid verweef word, het dit 'i gruwel geword, wat soos die koperslang vernietig moet word (2 Kon. 18:4).

## God se eie simbole

Alhoewel die mens uitdruklik verbied word om van God enige beeld of gelykenis te maak en Hom daardeur te vereer of te dien, en dit dus verkeerd sal wees om Hom deur middel van simbole te vereer of dien, het God tog sy eie simbole aan die kerk gegee, te wete die Nagmaal en die doop. In hierdie twee simbole kry ons sigbare elemente soos brood, wyn en water. Hier spreek God tot sy volk deur wat hulle hoor en sien. Dit is egter meteen duidelik dat ons hier nie met beelde, gelykenisse of simbole te make het wat God afbeeld of waardeur Hy vereer of gedien wil word nie, maar waarin Hy sy volk tot diens gekom het.

Die geloofslewe word dan ook gevoed en versterk, nie alleen deur dit was ons hoor nie, maar ook deur dit was ons sien. Daarom het ook die visuele sy goeie reg in die erediens, want die boodskap kom nie tot die oor alleen nie, maar wend hom ook tot die oog. In die vleeswording van die woord, in die aanskouing van sy heerlikheid (Joh. 1:14) is die mens dan ook van die vloek van abstraksie verlos.

Maar ook hier is die gevaar nie denkbeeldig nie, dat die mens God se eie simbole, van God kan losmaak en die teenwoordigheid van God, buite die geloof om, as 'n outomatiese vanselfsprekendheid gaan bely; dan het hierdie simbole daarmee afgode geword.

Christus het weliswaar by die instelling van die Nagmaal van die brood en die wyn gesê dat dit sy liggaam en bloed is (Matt. 26:26-28), en elders dat elkeen wat sy vlees eet en sy bloed drink die ewige lewe het (Joh. 6:54), wat daarop neerkom dat wie Nagmaal gebruik die ewige lewe het. Tog het Judas en vele andere die Nagmaal gebruik sonder om daar enige baat by te vind (vgl. Matt. 26: 23; Hand. 1: 25). En die antwoord hierop is eenvoudig dat dit by hulle nie met die geloof gepaard gegaan het nie. Hierdie simbole is deur God ingestel met die oog op die geloof. Nie dat die geloof hierdie simbole tot werklikhede maak nie, want Christus self maak dit tot werklikheid. God is nie as sodanig, vanweë die blote voltrekking van die handeling, teenwoordig nie. En so kry die goddelose en ongelowige dan ook geen deel aan sy liggaam nie, want sy teenwoordigheid is 'n saak van geloof en gebed.

## God se beelde

In die eerste plek is dit duidelik dat die Skrif op 'n mensvormige wyse van God spreek. Ons lees onder andere van sy aangesig (Gen. 32:30), sy neus (Ex. 15:8), sy mond (Num. 12:8), sy oë (Deut. 11:12) en ore (2 Kon. 19:16).

God het dan ook talle beelde van Hom aan Israel gegee in sy Woord. Hier het Hy Homself in sy gesproke en geskrewe woord laat nateken en afbeeld. In sy wet het Hy sy wil aan hulle

bekend gemaak. Hy het die reënboog, besnydenis en sabbat as tekens van sy verbond gegee en in tekens en wonders Homself aan hulle openbaar.

Dan ook het Hy die mens geskape na sy beeld en sy gelykenis (Gen. 1: 26, 27). Hierdie beeld is egter deur die sondeval aangerand, en moet in Christus herstel word in ware kennis, geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:22-24). Die gebod sê dus: Moenie God deur middel van beelde aanbid nie, maar wees self beeld van God! En dit is alleen moontlik deur Christus wat die beeld van die onsienlike God is (Kol. 1:15), en wat in waarheid kon sê: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:9). En hiertoe is die mens nie in staat vanweë ingeskape vermoëns nie, maar as 'n genadedaad van bo (Matt. 16: 17; 1 Kor. 12: 3). Die oë van die Emmaüs-gangers moes eers geopen word (Luk. 24: 13-31).

Christus het dus nie met sy menswording sy Godheid afgelê nie, maar verberg, om dit te openbaar aan wie Hy wil, waar Hy wil en soos Hy wil. So lees ons: "Ek het My laat raadpleeg deur wie na My nie gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; aan 'n nasie wat na my Naam nie genoem is nie, het Ek gesê: Hier is Ek, hier is Ek" (Jes. 65:1). En dit het gebeur toe die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het (Joh. 1: 14), want Hy sou genoem word Emmanuel, dit is: "God met ons" (Matt. 1:23). Christus is dus as Beeld van God, 'n openbaring van God, die af straling van sy heerlikheid.

Christus is dus dié Beeld deur wie alleen ons na die Vader kan gaan (Joh. 14: 6). En elke wyse van aanbidding van God en nadenke oor God waarin Jesus Christus nie die sentrale plek inneem nie, is 'n oortreding van die tweede gebod.

## *Ons het geen gesnede beelde nodig nie*

Jesus het vir die Samaritaanse vrou gesê: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie" (Joh. 4: 13, 14). En dit is so. Christus versadig ons volkome. En elkeen wat eenmaal God in Christus gevind het, het geen behoefte meer om God op enige ander wyse te aanbid as net deur sy Seun Jesus nie. In Christus het God naby gekom. Die verloste het geen begeerte meer om God deur middel van beelde nader aan hom te bring nie, of Hom daardeur beter te leer ken nie. Hy wil self beeld van God wees en dit in en deur Christus meer en meer wees.

Die feit dat Christus beeld van God genoem word (Kol. 4:15-18), beteken dat Hy bedoel is om God op aarde te verteenwoordig in sy woorde en werke (Joh. 5:17). En dit te meer glo ons, omdat Hy self beloof het om met ons te wees tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 28: 20) binne ons bereik te wees (Rom. 10:6-8). Hy wil dan ook telkens aan ons verskyn in die prediking van die evangelie (Matt. 18:20), aan elkeen wat glo (Mark. 5:20). Want so lees ons: "Maar die Here is in sy heilige tempel - swyg voor Hom, o ganse aarde" (Hab. 2:2). Wie dit glo, kan nooit meer alleen wees of bang wees nie, want: "Die Here is jou bewaarder; die Here is jou skaduwee aan jou regterhand. Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie. Die Here sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar. Die Here sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid" (Ps. 121: 5-8).

Meer nog, wie hierdie waarheid ontdek het, begryp waarom Paulus kan sê: "Sal julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid" (Ef. 4: 22-24; Kol. 3: 9,10). En dit omdat Christus alles is en in almal (Kol. 3: 11).

Nie deur gesnede beelde of gelykenisse van God te maak en te dien nie, maar in Christus word ons deur die Vader met alle geestelike seëninge geseën (Ef. 1:3). Ons het nie gesnede beelde nodig nie!

## *Gesnede beelde het geen nut nie*

Gesnede beelde is dood: "Daar is geen gees in sy binneste nie" (Hab. 2: 19). Die gesnede beeld word dus nooit deur God of die afgod besiel of bewoon nie. Hy kan niemand ooit help nie.

Gesnede beelde is "die werk van mensehande, hout en klip wat nie sien en nie hoor en nie

eet en nie ruik nie" (Deut. 4: 28), stomme afgode (Hab. 2: 18; 1 Kor. 12: 2) wat nie kan antwoord nie (Jes. 46: 7). Hulle moet rondgedra word (Jes. 46: 1), op sy plek neergesit word, en daar staan hy (Jes. 46: 7). As hy omval, moet hy deur mensehande opgetel word (1 Sam. 5: 2, 3). Intussen is hy wat die gesnede beeld gemaak het groter as die beeld wat hy gemaak het (vgl. Hebr. 3:3).

Die ware God is 'n God wat spreek (Ex. 20:1, 2), maar Hy word deur die gesnede beelde met stomheid geslaan. Roep tot die beeld van hout en klip, en hy kan jou nie antwoord gee nie. Roep tot die één ware God deur middel van 'n gesnede beeld, en Hy sal jou nie antwoord nie.

Hoe anders is dit die geval met die één ware God. Elia kon met die profete van Baal spot dat hulle harder moet roep tot hulle god dat hy kan hoor, "maar daar was geen stem en niemand wat antwoord nie, en geen opmerksaamheid nie" (1 Kon. 18:24-29). Op sy beurt bid Elia: "Antwoord my, Here, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, Here, God is, en dat U hulle hart tot U laat terugkeer" (1 Kon. 18:37). En dan staan daar: "Daarop het die vuur van die Here neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek. En toe die hele volk dit sien, het hulle op hul aangesig geval en gesê: Die Here, Hy is God" (1 Kon. 18:38,39).

Verder word die één ware God nie deur mensehande rondgedra nie, maar Hy dra hulle: "Luister na My, o huis van Jakob en die hele oorblyfsel van die huis van Israel, julle wat deur My gedra is van die moederskoot af; opgeneem is van, die geboorte af; en tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ek het dit gedoen, en Ek sal julle opneem, en Ek sal dra en red" (Jes. 46: 34). Gesnede beelde het geen nut nie (Jes. 44: 10). Slegs die één ware God kan help en red. Die afgode is leuenaars (Hab. 2:18, 19) en kan niemand red in die tyd van onheil nie (Jer. 2: 28). Op die Here alleen kan ons vertrou (Ps. 56: 4, Hab. 2: 18).

## *Die één ware God kan nie afgebeeld word nie*

Dit is duidelik dat God op geen enkele manier afgebeeld kan word nie (H.K. 97). Die Here vra dan ook: "By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees?" (Jes. 40:25). God is te geweldig. Hy vra ook: "Wie het die waters met die holte van sy hand afgemeet, en van die hemele met 'n span die maat geneem, en in 'n drieling die stof van die aarde opgevang, en die heuwels met 'n weegskaal?" (Jes. 40: 12). En elders staan daar: "Kyk die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het" (1 Kon. 8:27). Die alomteenwoordige God kan nooit deur 'n gesnede beeld afgebeeld word of in hout en steen ingekerker word nie (Ps. 139:7-10; Jona 1: 9; Jes. 40:18-26).

Verder kan die ewige (Jes. 40:28) en onverganklike God nie verander word in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voèls en viervoetige en kruipende diere nie (Rom.l:23).

Die mens kan ook geen beeld of gelykenis van God maak nie, want geen mens het ooit 'n verskyning gesien van die één ware God wat sy wet aan sy volk gegee het nie (Deut. 4: 15; Ex. 33: 20; 1 Joh. 4:12). En hoe kan hulle Hom afbeeld as niemand weet hoe Hy lyk nie?

Intussen staan dit ook vas dat geen tempel God ooit kan bevat nie (1 Kon. 8:29; Hand. 17:24). Hoe sou daar dan ooit 'n gesnede beeld gemaak kan word, waarin Hy sou kan of sou wil woon?

Maar dan het God dit wat vir die mens nie moontlik of geoorloof is nie, reeds self gedoen, toe Hy die mens geskape het na sy beeld en sy gelykenis. Meer nog. Toe dit 'n werklikheid geword het in sy Seun, van wie ons lees: "Hy is die Beeld van die onsienlike God" (Kol. 1: 15). En dit alles word verder onderstreep waar Jesus sê: "By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik" (Mark. 10:27). God is dan ook die God van die onmoontlike.

Sou ons dan ooit te veel van God kan verwag; sou ons ooit groot genoeg van God kan dink? Sou daar vir God iets te wonderlik wees om te kan doen? (Luk. 1:37). Wanneer niemand meer kan help nie, help Hy (Jes. 41:10,13,14).

## *Ons mag geen gesnede beelde hê nie*

Die belangrikste rede waarom ons nie gesnede beelde mag hê nie, lê opgesluit in die woord van God: "Ek is die Here, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie" (Jes. 42: 8). Wie gesnede beelde maak, rand God in sy eer aan. Dit is dus te begrype waarom God die oprigting van byvoorbeeldklippilare haat (Deut. 16: 22).

Ons mag geen gesnede beelde hê nie, omdat God ons dit belet het: "Julle mag vir julle geen afgode maak nie; en 'n gesnede beeld of klippilaar mag julle nie oprig nie en 'n steen met beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die Here julle God" (Lev. 26: 1). Wie gesnede beelde maak om te dien, is ongehoorsaam aan God.

Paulus noem dit 'n dwaasheid van die heidene wanneer hulle die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere (Rom. 1:22, 23), en sê dat dit een van die redes is waarom God hulle aan allerhande ongeregtigheid oorgegee het (Rom. 1:24-32). Die dien van afgode bring daarom netskaamteenskande (Jes.42: 8,17;44:10,11).

Om afgode te dien is niks anders as om aan duiwels te offer nie (Ps. 106: 35-38; 1 Kor. 10: 20). Geen wonder ook nie, want in tye van geestelike oplewing is die afgodsbeelde steeds uitgeroei (2 Kon. 23:6,24).

God is Skepper van hemel en aarde (Gen. 1:1; Jes. 44:24), en dit pas ons nie om aan 'n stuk hout te sê, dat hy ons vader is, of aan 'n klip dat hy ons gebaar het nie (Jer. 2: 27). Wie hierdie dinge doen, het die één ware God verloën en van hout en klip sy god gemaak. Hy het daarmee die poort van die hemel vir homself toegemaak: "Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen" (Openb.22:15).

Maar wat die mens nie mag doen nie, het God gedoen, deur aan ons 'n Beeld te gee, sy eie Seun, deur wie ons moet bid, in Hom glo en Hom dien, sodat ons gered kan word (Joh. 14: 6; Kol. 1:15).

## *Die beeld wat sal praat*

In Openb. 13 lees ons dat die valse profeet (vgl. Openb. 16:13; 13: 11-18) die bewoners van die aarde beveel om 'n beeld te maak vir die dier wat uit die see opkom (Openb. 13:1, 14), dit is die Antichris. Aan hierdie beeld gee die valse profeet 'n gees sodat die beeld praat en hy maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie (Openb. 13: 15).

Tot op daardie tyd sou die Bybel kan spot met die gesnede beelde van die heidene omdat hulle geen gees in hulle binneste het nie, en nie kan praat nie (Hab. 2: 18, 19; 1 Kor. 12: 2). Met hierdie wonderteken sal bogenoemde beswaar teen beeldediens uit die weg geruim kan word sodat dit 'n geweldige oplewing van die heidense afgodediens ten gevolg kan hê. Met hierdie wonderteken word die bewering van die heiden dat sy god die betrokke beeld besiel of bewoon dan ook "bewys".

Dit is egter nie al nie. Waar God aan sy volk sy eie Beeld, dit is Christus Jesus (Kol. 1:15) gegee het, deur wie sy volk Hom mag nader (Joh. 14: 6) en mag sien (Joh. 14: 9); sou die Antichris nou ook 'n beeld hê wat aanbid moet word, waardeur hy self vereer sal word, sodat Christus self nie meer as Here aanbid moet word nie. Alle goddeloses en ongelowiges word dan ook verlei, deurdat hulle allerlei wondertekens sien wat hulle nie kan weerlê nie.

Die Bybel waarsku dan ook dat wanneer hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is, die ongeregtige openbaar sal word, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen, terwyl God aan hulle die krag van die dwaling sal stuur om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in ongeregtigheid (2 Thess. 2: 7-12). Ons moet dus op ons hoede wees dat ons nie dalk ook deur die verleier op 'n dwaalweg sal beland nie, want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig (2 Kor. 11: 14). Ons moet egter aan Christus

getrou bly tot die dood toe (Openb. 2: 10), want hy wat oorwin sal alles beërwe (Openb. 21:7).

## *Die rede vir beeldediens*

Daar is seker meer as een rede vir die maak van gesnede beelde. Een van die belangrikste redes is seker dat die mens graag 'n *konkrete* bewys van sy godheid wil hê. Daar is seker maar iets van Thomas in elke mens. Ons glo nie, tensy ons sien nie. Die beeld word dan 'n soort manifestasie van die godheid. Die godheid is dan nie net maar 'n vae idee nie, maar 'n konkrete werklikheid. Hy weet nou waar hy hom kan vind om hom te aanbid en sy offers te bring. Dit gee aan hom groter sekuriteit en bevrediging.

Die heiden meen nie dat sy god soos die beeld lyk wat hy van hom gemaak het nie. Sy beeld wil alleen maar 'n bepaalde eienskap van sy godheid beklemtoon, en hy is daarmee tevrede. Hy glo ook nie dat die klip of hout self sy godheid is nie, maar dat die godheid die gesnede beeld besiel of bewoon, of deur die beeld aangeroep en gedien kan word. So word die offers aan die beeld, eintlik offers aan die godheid wat deur die beeld binne sy bereik geplaas is. Sy god is dan daar waar die beeld van die godheid is. So word Diana die godheid van die Efesiërs (Hand. 19: 28).

Hierdie behoefte van die mens is nie denkbeeldig nie. En dit raak alle mense. Maar ongelukkig kan hierdie wyse waaraan uitdrukking gegee word deur die mens om sy behoefte aan die konkrete teenwoordigheid van sy godheid te bewerkstellig die mens nie bevredig nie en hom ook niks baat nie (Jes. 44: 10, 11, 17, 18, 19, 24) omdat die één ware God Hom nie op hierdie wyse aan die mens diensbaar maak nie (Jes. 42: 8). Maar die één ware God voorsien tog in hierdie behoefte van die mens deur sy eie Beeld te voorsien, sy eie Seun Jesus Christus die Here (Kol. 1:15).

En omdat Israel self nie geheel en al van die heidense dwalinge vry was nie, het Jerobeam goue kalwers gemaak en dit in Bet-el en Dan opgerig sodat die volk daar kon aanbid, uit vrees dat as hulle na Jerusalem sou gaan, hulle van hom afvallig sou word (1 Kon. 12: 26-33; 2 Kron. 13: 6-10), maar dit was verkeerd in die oë van die Here (2 Kon. 17: 16, 17). Só mag ons die één ware God nooit aanbid nie.

## *Aaron se goue kalf*

Toe Moses op die berg Sinai was, en die volk sien dat hy vertoef om van die berg af te kom, het hulle rondom Aaron versamel en vir hom gesê: "Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie" (Ex. 32:1).

Hierdie optrede spreek duidelik van 'n behoefte by die volk om die onsigbare en skynbaar afwesige God - wat in Moses wel naby hulle was - deur middel van 'n konkrete beeld te dien. Dit was nie bedoel om 'n afgodsbeeld te wees nie, maar om die teenwoordigheid van die Verbondsgod op hierdie wyse by die volk tuis te bring. Dit sien ons in hulle eie belydenis, waar hulle sê: "Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het" (Ex. 32:4). Daarop het ook Aaron gesê: "Môre is daar fees tot eer van die Here" (Ex. 32:5). Hulle doel was dus om die God van hulle vaders, die één ware God van die geskiedenis te vereer.

Uit hierdie optrede van Israel blyk dit dat die geestelike teenwoordigheid van God hulle nie bevredig het nie. God was vir hulle te vaag en onduidelik. Hulle het na 'n meer konkrete en tasbare teenwoordigheid van God gesoek. En so het hulle 'n gesnede beeld van die één ware God gemaak en Hom deur die beeld gedien, en daarmee die tweede gebod oortree (Ex. 20:4-6).

Toe Moses dit sien, het sy toorn ontvlam. Die goue kalf het hy in die vuur verbrand en fyn gemaal. Die volk is gestraf. Drieduisend man het geval. En Moses het vir hulle gesê: "Julle het 'n groot sonde begaan" (Ex. 32:19-30). God kan dit nie toelaat dat sy eer aan 'n ander gegee word nie (Jes. 42:8). Daarom sal almal wat die Here op hierdie wyse terg (Deut. 32:21), nie ongestraf kan bly nie (Ex. 20:4-6).

Waarom Israel so gou na die afkondiging van die wet op Horeb tot so 'n daad oorgegaan

het en waarom Aaron die volk nie sterk teengestaan het nie, is nie vir ons duidelik nie, behalwe dat ons hierin ook net sien dat die hart van die mens steeds geneig is om aan God ongehoorsaam te wees en Hom op 'n eiesinnige wyse te dien (Kol. 2:23). Terwyl eiesinnigheid niks anders as afgodery en beeldediens is nie (1 Sam. 15:23).

## *Die kerkgeboue*

Dit het reeds met die oprigting van die tabernakel (Ex. 35-40) en die bou van die Tempel (1 Kon. 5-8) duidelik geword dat die volk van die Here behoefte daaraan het om op een of ander plek saam te kom waar die Here op 'n besondere wyse aanbid kan word. En hierdie onderlinge byeenkomste mag dan ook nie versuim word nie (Ps. 84:ll;Hebr. 10:25).

En by die bou van die tabernakel en die tempel was net die beste vir die huis van die Here goed genoeg. Die Christendom het dan ook van meet af aan kerkgeboue opgerig as plek van samekoms vir die gemeente. En van die mooiste en deftigste geboue versier vandag nog die bakermat van die vroeë Christendom. En hierdie sierlike geboue getuig ook daarvan dat net die beste vir die huis van die Here goed genoeg was.

Hierdie kerkgeboue het egter verrys in tye van ekonomiese opbloei. En dit sal ongetwyfeld betreur moet word indien daar onder soortgelyke omstandighede 'n ander benadering met betrekking tot kerkgeboue sou posvat, en hierdie tipe geboue vir saaklike, funksionele en goedkoper kerkgeboue en sale moet plek maak bloot op grond van die argument dat daar te veel geld belê word in hout en klip. Hiermee word al te gou vergeet dat daar ook vanuit hierdie monumente van hout en klip 'n sterk geestelike getuienis uitgaan en word tog iets van die eerbied van die gelowiges vir hulle God weerspieël. Dit is nie noodwendig 'n vermorsing van geld nie. Dit is ook nie die gemeente wat spaar by die oprigting van goedkoper geboue nie, maar slegs die lidmate wat meer vir hulleself het om te spandeer. Te gou word vergeet dat die geld wat gebruik word om kerkgeboue mee op te rig, nie geld is wat reeds in trustfondse vir die kerk belê is nie, en wat dus vir sake soos evangelisasie, sending of diens van barmhartigheid gebruik word nie; dit is geld wat nog in die sakke van die gemeentelede lê, nog nie in die rekening van die kerkraad inbetaal is nie, en desnoods nie vir bogenoemde sake gegee gaan word nie, omdat die lidmate reeds na húlle oortuiging genoegsaam vir dié sake bydraes gemaak het. Dit is egter geld wat die lidmate bereid is om te gee suiwer en alleen vir die oprigting van sodanige gebou. En wanneer hierdie offergawes versigtig en met die grootste verantwoordelikheid bestee word en die gemeente nie deur 'n té groot skuldelas gedruk word nie, maak dit die gemeente nie moedeloos of geestelik dood nie, maar bevorder eerder spanwerk en werkywer. In tye van inflasie en depressie, of in die geval van 'n arm gemeente, staan sake egter heeltemal anders. In sulke omstandighede moet op die funksionele eerder as op die sierlike gekonsentreer word.

Intussen is dit egter geen afgodediens wanneer 'n gemeente 'n mooi en sierlike kerkgebou oprig as hy dit kan bekostig nie. 'n Kerkgebou word wel 'n afgodstempel wanneer 'n gemeente sou glo dat God slegs daar te vinde is. Dan vra hulle soos die Samaritaanse vrou of daar op die berg Gerisim of in Jerusalem aanbid moet word, of doen hulle soos Jeróbeam wat in Bet-el en Dan 'n plek van aanbidding opgerig het om die mense van die God van Jerusalem af weg te hou. Dan dien die gemeente hul God op Sondag, maar nie op die ander dae van die week nie.

Wanneer ons egter onthou dat God nie in tempels woon wat met hande gemaak is nie (1 Kon. 8:27; Hand 27:24); dat Christus groter as die tempel is (Matt. 12:6); dat Hy daar wil wees waar twee of drie in sy Naam byeen is (Matt. 18:20; 6:7); dat Hy ook wil wees waar net één in sy Naam afgesonder is (Matt. 6:6); dat Hy oral is (Ps. 139:7-10), dan word geen kerkgebou, hoe sierlik ook al, meer afgod nie.

## *Die erediens*

Ons het reeds besluit dat beelde wat mense maak, nie die teenwoordigheid van die één ware God vanselfsprekend maak nie. Maar dan kan ons intussen die voorbeeld van die gesnede beelde, wat die handewerk van mense is, ook verder uitbrei na ander handelinge waarby mense betrokke is. En dan moet ons dit waag om selfs die erediens en die sakramente te noem,

wanneer mense reken dat God as sodanig teenwoordig is, terwyl ons weet dat alleen geloof en gebed beantwoord aan die wyse waarop God self sy teenwoordigheid wil reël. Die erediens en daarmee ook die sakramente word afgode, wanneer ons reken dat die teenwoordigheid van God daar en daarin outomaties, vanselfsprekend, as sodanig teenwoordig is, sonder dat ons daarvoor hoef te bid en sy teenwoordigheid gelowig en met eerbiedige verwagting hoef te vra. So kan en mag geen mens ooit poog om op God beslag te lê nie. So laat God Hom nooit manipuleer nie. 'n Kerkdiens beteken nooit as sodanig dat God ook midde in die gemeente aanwesig is nie. Al het Hy belowe dat Hy in hul midde sal wees, daar waar twee of drie in sy Naam vergader (Matt. 18:20), bly dit nog, soos al die ander beloftes, steeds 'n belofte vir en deur die geloof.

En van hierdie waarheid is die vrou wat aan bloedvloeiing gely het (Mark. 5:25-34) 'n treffende bewys. Toe Jesus gevra het wie sy klere aangeraak het, kon die dissipels ook antwoord: "U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak?" (Mark. 5:30, 31). En dit was so. Talle het sy klere aangeraak, maar net één is genees. Waarom? Sy was die enigste wat Hom aangeraak het met verwagting en in geloof. En met dieselfde gesindheid, geloof en verwagting moet ons die huis van die Here besoek en aan die erediens deelneem. Dan is Christus vir die gelowiges teenwoordig; vir die ander nie.

Mag die Here ons tog vry maak van 'n platte vanselfsprekendheid. Mag Hy aan ons weer eens 'n verwondering skenk vir die heerlike waarheid dat Hy verlang om in die erediens gemeenskap te oefen met diegene wat gelowig om sy teenwoordigheid vra, en dit ook doen.

## *Die prediking*

Paulus het Timótheüs beveel: "Verkondig die woord" (2 Tim. 4:2) en prys die gemeente van die Thessalonicense soos volg: "Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo" (1 Thess. 2:13).

Dit is duidelik dat dit hier gaan om die Woord van God, en nie soseer om die prediking nie. Die Nuwe Testament was toe nog nie 'n geskrewe dokument soos vandag nie. En om daardie Woord het dit gegaan. En dan ook het hulle nie maar sommer alles wat hulle gehoor het sonder meer aanvaar nie (vgl. 1 Joh. 4:1). Want hierin prys Paulus die inwoners van Berea: "En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Hand. 17:11). Selfs in Korinthe was dit die gebruik dat wanneer twee of drie profete gespreek het, 'n ander dit moes beoordeel (1 Kor. 14:29). Aan Apollos is die weg van God noukeuriger uitgelê (Hand. 18:26).

En dit bring ons by die punt wat ons wil maak. 'n Mens hoor werklik waar dat daar geoordeel word dat 'n preek bo alle kritiek verhewe is. Dan het die prediking daarmee meteen 'n afgod geword. Natuurlik moet die prediker kan sê: So sê die Here, en glo dat dit die Here is wat deur hom spreek. Maar dan moet hy egter steeds daarmee rekening hou dat die Woord van God hier met mensewoord vermeng is, en dat hy ook 'n fout kan maak. 'n Prediker wat weier dat sy preek getoets mag word, is alreeds mislei (1 Joh. 4:1). En 'n prediker wat reken dat hy nie 'n fout kan maak nie, eien homself dinge toe wat alleen aan God toekom.

Daarmee word die prediking nie van sy sekerheid of gesag beroof nie, maar die prediker aangespoor om soos Paulus te vra: "En bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus ... dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek" (Kol. 4:3, 4). Die evangelie kan verkondig word agter 'n geslote deur, en dan is dit nie woord van God nie, net maar mensewoord, net maar klanke.

## *Die prediker*

Dit is duidelik dat die Here aan sommige in die gemeente die roeping om prediker te wees, opgedra het (Matt. 23:34; Mark. 16:15; 2 Petr. 3:15, 16). Dit is verder ook duidelik dat God aan sommige van hulle 'n groter gawe van welsprekendheid as aan ander gegee het (vgl.

Hand. 18:24), wat dan seker ook op 'n veel meer effektiewe manier die Woord kan verkondig as die ander. Dit sou dan selfs ook beteken dat hulle, en andere wat weer ander gawes ontvang het, oor die natuurlike vermoëns beskik om groter skares te trek as sommige van hulle kollegas.

Hierdie verskil in talente of in gawes maak deel uit van die groot verskeidenheid in God se plan en program met sy skepsele, en daaraan mag ons nie torring, en moet ons nie probeer verander nie (1 Kor. 12:4-31), "want hierin is die woord waar: Dit is die een wat saai, en 'n ander wat maai" (Joh. 4:37). Saaier en maaier moet saam bly kan wees (Joh. 4:36), sonder om op mekaar jaloers te wees.

Maar, en dit is waar die fout lê, nou gebeur dit dat mense, graag gaan luister na die welsprekende prediker, maar glad nie na die ander nie. Mense gaan nou slegs kerk toe as die een dominee preek, maar nooit as iemand anders die Woord verkondig nie. En dit is dan dat die mens hom nie alleen besondig, om aan die Woord van God ongehoorsaam te word, deurdat hy die onderlinge byeenkoms versuim het nie (Hebr. 10:25), maar het hy klaar van die een welsprekende dominee 'n afgod gemaak. En dit mag nie!

'n Mens gaan nie na die huis van die Here omdat 'n sekere dominee preek nie, maar omdat God verwag dat hy daar moet wees. 'n Mens besoek nie die huis van die Here oor dit wat hy daar ontvang nie, maar oor dit wat hy gee. Hy gaan om te aanbid, die Here te loof in sang en lied, sy offergawes te gee, en te luister na dit wat God hom aansê in sy Woord. En wat sê die Woord? "Vertrou nie op prinse, op die mensekind by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se hoop is op die Here sy God" (Ps. 146:3-5).

## *Die Bybel*

Selfs die Bybel kan vir ons 'n afgod word. Ons glo dat die Skrif die onfeilbare Woord van God is. Ons glo in die Bybel as die Woord van God en nie in sover as wat dit die Woord van God is nie. Ons glo nie dat die Woord van God in die Bybel is nie, maar dat die Bybel die Woord van God is. Ons bely saam met Petrus: "En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petr. 1:19-21). Ons bely saam met Paulus: "Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Tim. 3:16), en dat ons alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is (Hand. 24:14), omdat dit makliker is dat die hemel en aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val (Luk. 16:17).

Maar dan is dit tog seker nie die Bybel presies soos ons dit vandag besit nie, maar soos dit oorspronklik aan ons deur God toevertrou was. Hierdie oorspronklike dokumente het gelukkig verlore geraak, want anders sou ons dit ook al aanbid het, soos wat Israel by geleentheid met die koperslang gedoen het ( 2 Kon. 18:4). Intussen sal die kerk deur studie en navorsing steeds moet trag om die inhoud van die Bybel so na as moontlik te kry aan die oorspronklike, as dit ooit moontlik sal kan wees.

Intussen mag ons hierdie Boek nie as boek só vereer dat ook dit 'n afgod vir ons geword het nie. Veral sal ons moet waak daarteen om die Bybel soos 'n toorboekie te probeer gebruik, en nie allerlei bygelowige gedagtes aan die Bybel vasknoop nie. Ook die Bybel, hoe groot die boodskap ook al, hoe bly en dankbaar ons mag wees oor die besit daarvan, bly nog net maar 'n boek van papier, wat nie aan ons geluk of beskerming verleen, net omdat ons 'n Bybel by ons het nie.

Skrifkritiek, waarin die mens besluit wat Woord van God en wat nie is nie, verhef die mens tot God. Maar tekskritiek, om daarmee na die oorspronklike te soek, is nie alleen geoorloof nie, maar noodsaaklik, want mensewerk - die vasstel van die oorspronklike, die oorskryf daarvan, die vertaling daarvan - kan nooit onfeilbaar wees nie.

## *'n Tweede rede vir beeldediens*

Die eerste rede vir beeldediens het ons gesien is dat die mens graag 'n konkrete bewys van sy godheid wil hê. Hy wil weet waar sy god is, waar hy hom kan vind en waar hy sy offers kan bring. Die godheid besiel of bewoon nou die beeld of ontvang verering deur middel van die beeld deur wie die godheid nou werk en bereik kan word.

Daar is egter ook 'n tweede rede vir beeldediens. Die mens wil graag beheer kry oor sy godheid; seker maak dat sy god sal uitvoer wat hy ook al van hom verlang om te doen. Die godheid wat dan in 'n beeld woning gemaak het, 'n beeld wat hanteer kan word, het dan ook meteen hanteerbaar geword. So kan die mens dan as 't ware beslag lê op die godheid wat nie meer aan die greep van die mens kan ontkom nie. So is die godheid meteen sy vryheid kwyt, en het inderdaad in diens van die mens gekom.

Maar so kan ons die één ware God nooit oorheers of manipuleer nie. Beelde kan rondgedra en hanteer word, maar nie die een ware God nie. Hy word nie gedra nie, maar dra self dié wat syne is (Jes. 46:1-4). God is soewerein: "Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek my wil ontferm. So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is" (Rom. 9:15, 16). God laat nie toe dat die mens oor Hom heers of aan Hom voorskrywe nie. En ons moet God toelaat om God te wees, anders word die tweede gebod deur ons oortree.

Om hierdie selfde rede, het ons reeds aangetoon, weet ons dat die mens nie vanselfsprekend oor die teenwoordigheid van God beskik nie; nie in die prediking (Kol. 4:3, 4) of in die erediens (Matt. 18:20; Mark. 5:25-34) of in die sakramente nie (Joh. 6:54; Matt. 26:23, 26-28; Hand. 1:25). Dit bly steeds heilige handelinge wat vra om geloof, gebed en gehoorsaamheid. Vanselfsprekende teenwoordigheid vra die beeld, en dit is afgodediens, en beteken dat ons die één ware God wil vereer op 'n ander manier as wat Hy ons in sy Woord beveel het om te doen (H.K. 96).

**Die verhaal van 1 Samuel 4**

Israel was by geleentheid in 'n hewige geveg met die Filistyne gewikkel, en is deur die Filistyne verslaan. Die oudstes het hieroor raad gehou en gesê: "Waarom het die Here ons vandag voor die Filistyne verslaan? Laat ons die verbondsark van die Here uit Silo na ons toe bring, dat dit onder ons inkom en ons verlos uit die hand van ons vyande" (1 Sam. 4:3). Toe die Filistyne dan verneem wat gebeur het, het hulle gesê: "God het in die laer gekom! En hulle het gesê: Wee ons, want so iets het gister en eergister nie gebeur nie. Wee ons! Wie sal ons red uit die hand van hierdie gode? Dit is dieselfde gode wat die Egiptenaars met allerhande plae getref het in die woestyn" (1 Sam. 4:6-8). Die Filistyne het egter moedig geveg en Israel verslaan, en die verbondsark ook weggevoer saam het hulle. Op die dag het Eli en sy twee seuns Hofni en Pinehas ook gesterwe.

Hierdie verhaal is 'n duidelike bewys dat ook Israel nie heeltemal aan die heidense bygeloof ontkom het nie. Hulle het gereken dat God saam met die verbondsark onder hulle sou inkom. So wou hulle God dwing om onder hulle teenwoordig te wees en vir hulle te veg. Die één ware God sal tog nooit toelaat dat die verbondsark in die hande van die vyand val nie, en sal nooit toelaat dat sy eer deur die onbesnede heidene aangetas word nie. Maar daarmee was God sy vryheid kwyt en wou hulle Hom manipuleer. En dit mag nie! Op hierdie wyse het die verbondsark 'n afgod geword en het Israel die tweede gebod oortree.

Hier het ons dus nog 'n bewys dat selfs die verbondsark nie vanselfsprekend die teenwoordigheid van God waarborg nie. God weier dat van Hom 'n afgod gemaak sal word. Dan is Hy nie meer teenwoordig nie. So wil Hy nie gedien of vereer word nie. Die God van Israel is anders as die gode van die heidense volke. God is alomteenwoordig, en sy teenwoordigheid hoef nie deur 'n beeld of selfs die verbondsark, of die tempel of 'n kerkgebou gereël of verkry te word nie.

God wil egter sy teenwoordigheid self reël deur sy Woord en Gees, nie outomaties of vanselfsprekend, as sodanig nie, maar in antwoord op die gebed, geloof en gehoorsaamheid van sy kinders. Nie dat geloof die teenwoordigheid van God eers 'n werklikheid maak nie, want

sy teenwoordigheid hoef ons nie te realiseer nie. Hy doen dit self. Maar geloof, gebed en gehoorsaamheid beantwoord aan die wyse waarop Hy sy teenwoordigheid wil reël.

## *Die genadegawe van die Heilige Gees*

Uit die Skrif is dit duidelik dat die Heilige Gees bepaalde genadegawes in die gelowiges werk (Rom. 12:6-8; 1 Kor. 12:4-11; Ef. 4:11-16) met die oog op wat nuttig is (1 Kor. 12:7). Maar dan is dit duidelik dat daar 'n groot verskeidenheid bestaan (1 Kor. 12:14-31) terwyl die Gees aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil (1 Kor. 12:11). Dit wil nie sê dat die voorbeelde in die Skrif genoem, die enigste genadegawes was of in die toekoms sou wees, of dat dieselfde genadegawes altyd teenwoordig sou wees nie. Dit net terloops.

Wat vir ons hierin ter sake is, is die feit dat die mens heel gou ook oor hierdie genadegawes wou beskik, op so 'n wyse dat die soewereiniteit van die Gees daardeur aangetas sou word (vgl. 1 Kor. 12:11).

Reeds Simon die towenaar het die apostels geld aangebied om die mag te bekom sodat elkeen wat hy die hande oplê die Heilige Gees kan ontvang (Hand. 8:18-24).

Mense reken dan ook al te maklik dat hulle willekeurig oor die gebruik van die genadegawes, wat aan hulle toevertrou is, beskik. Maar so word ook van genadegawes afgode gemaak. Dit werk egter nie so nie. Paulus het byvoorbeeld ook die genadegawe van gesondmaking besit (vgl. Hand. 14:8-10; 19:11, 12), maar het Trófimus siek op Miléte agtergelaat (2 Tim. 4:20) en vir Timotheus 'n bietjie wyn aanbeveel ter wille van sy swak maag en herhaalde ongesteldhede (1 Tim.5:23).

Uit dit alles leer ons genoegsaam dat geen mens willekeurig oor die genadegawes van God beskik nie. Jy kan nie links en regs en voor die voet vir mense bid en verwag dat hulle almal gesond moet word nie. Afgesien nog van die vermetelheid om alle mense vir wie jy bid voor die voet in die Naam van Jesus gesond te verklaar. Dit werk dan ook nie uit nie. God laat hom nie manipuleer nie. So het die mens van God se gawes afgode gemaak.

Nee, ons moet telkens bid: “Here, as U wil, kan U my reinig” (Matt. 8:2). So 'n gebed verraai nie twyfel of ongeloof nie, maar erken eerbiediglik die soewereine reg van God om in elke geval self te besluit wie Hy gesond wil maak en wie nie. Wie dit nie doen nie, is besig om die tweede gebod te oortree.

## *Sterker as die Here wees*

Die gevaar is nie denkbeeldig nie dat iemand 'n Bybelteks kan neem, dit uit sy historiese verband losmaak, en vir homself toeëien, nadat 'n eie verklaring en toepassing gemaak is, en dan van God verwag om dit te doen, wat Hy in die teks blykbaar beloof het om te doen, en as dit dan nie gebeur nie, in God teleurgesteld raak of die geloof verloor. Dit is om van die Bybel 'n toorboekie te maak, 'n afgod.

Aan die ander kant is dit egter duidelik dat dit die goedkeuring van God wegdra wanneer mense hulle met die grootste erns, deur selfverloëning, volharding en vasberadenheid, as 't ware met geestelike geweld binne die koninkryk van God indring (Matt. 11:12; Luk. 16:16). Wie die Here herinner aan sy beloftes, moenie rus nie, en Hom ook nie met rus laat nie, totdat Hy doen wat Hy beloof het om te doen (Jes. 62:6, 7). Daarom het Jesus ook gesê dat die mens gedurig moet bid en nie moedeloos moet word nie (Luk. 18:1).

Dit is in hierdie verband dat die volgende uitspraak in die Bybel sprekend is: “Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met mense en het oorwin” (Gen. 32:28). Dink daaraan. Jakob die magtelose het God die Almagtige oorwin. En hoe het hy dit reggekry? Hy het God herinner aan sy woord, dit wat Hy twintig jaar vantevore by Bet-el beloof het om te doen: “U het tog self gesê” (Gen. 32:12).

En toe God na die episode van die goue kalf die volk wou uitwis en uit Moses 'n nuwe nasie wou bou, het Moses Hom herinner aan die belofte wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob gedoen het om dié land aan hul nageslag te gee. En dit het God van sy plan laat afsien (Ex.

32:9-14).

Net so was die Kananese vrou te sterk vir Jesus (Matt. 15:21-28). Sy het geweier om nee as antwoord te aanvaar en het met haar versoek volhard en eindelik by die woorde van Jesus 'n aanknoping gevind: "Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval" (Matt. 15:27). En daarop het Hy haar dogter genees.

So is daar baie beloftes in die Skrif waaraan ons kan en moet vashou, totdat Hy ons genadig is, "want hy wat tot God gaan moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Hebr. 11:6; Jes. 62:6,7).

## *'n Derde rede vir beeldediens*

Die eerste rede vir beeldediens is dat die mens sy godheid konkreet binne sy bereik wil bring. Die tweede rede is dat hy beheer oor sy godheid wil bekom. Maar nou is daar 'n derde rede wat baie nou by genoemde twee redes aansluiting vind. Die mens wil deur middel van die beeld deel kry aan die krag of vermoëns wat daar van die spesifieke godheid uitgestraal word.

Die feit dat die beeld woonplek van die godheid word, en dus die konsentrasiepunt is van sy goddelike mag, beteken as sodanig en vanselfsprekend dat die mens nou sy god besit en kan gebruik vir welke oogmerk ook al. Die tasbare teenwoordigheid van die godheid waarborg in elk geval dat daar tussen die godheid en die een wat hom dien 'n soort van 'n wisselwerking plaasvind waardeur die aanbidder sterker, voorspoediger of vrugbaarder word, of ander voordele verkry al na gelang die eienskappe van die spesifieke godheid.

Dit is seker nie verkeerd om ter wille van eie voordeel tot die één ware God te bid nie, mits ons nie net vir hierdie lewe op Christus hoop nie, want dan is ons die ellendigste van alle mense (1 Kor. 15:19.) Maar hy wat byvoorbeeld wysheid kortkom, mag daarom bid (Jak. 1:5). Immers ons word soos volg beveel: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God" (Fil. 4:6).

Die fout is egter dat ons die dinge nie op 'n verkeerde manier, soos die heidene deur beeldediens moet probeer bekom nie. Ons mag God nie omkoop, afpers of probeer om Hom op 'n eie manier tot ons wil oor te haal nie. Daarmee word die wese van God self aangetas, en die vryheid Hom ontsê om Hom te openbaar op 'n plek, tyd en wyse wat deur Homself en nie deur mense vir Hom gekies word nie. Nooit mag ons probeer om God aan ons te bind nie, asof Hy verplig is om ons te verhoor en geen reg van keuse het nie. So word God 'n gevangene van die mens, soos die godheid van die heiden in hout en klip 'n gevangene geword het.

En ons is nie minder skuldig aan 'n oortreding van die tweede gebod, wanneer ons reken dat ons byvoorbeeld in die Nagmaal en die doop vanselfsprekend, buite die geloof en gebed om, oor God en Christus Jesus beskik het nie.

## *Godsdienstig bloot om tydelike gewin*

In die Bybel is talle voorbeelde van mense wat godsdienstig was, bloot om eie gewin. Miga het vir hom 'n gesnede en 'n gegote beeld gemaak, en vir hom 'n leviet as priester aangestel en gesê: "Nou weet ek dat die Here aan my goed sal doen, omdat ek 'n leviet as priester het" (Rigt. 17:13).

Joab weer het, toe Salomo hom wou straf oor sy misdade, aan die horings van die altaar vasgehou, waarskynlik in die hoop dat dit hom van sy straf sou red (1 Kon. 2:28-34; vgl. Ex. 21:13,14).

So het ook Jeróbeam twee goue kalwers in Bet-el en Dan opgerig om sy eie koningskap en lewe te beveilig.

In al drie bogenoemde voorbeelde is godsdiens beoefen bloot om tydelike gewin. Van mense wat so optree, verklaar Paulus: "As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop dan is ons die ellendigste van alle mense" (1 Kor. 15:19).

Natuurlik kan ons ook om tydelike gewin die aangesig van die één ware God soek, want

Hy belowe aardse seëninge aan die wat Hom vrees (Ps. 128), maar daar mag dit nie eindig nie, want die lewe is meer as die voedsel en die liggaam as die klere (Matt. 6:25). Daarom leer die Here Jesus: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matt. 6:33). Die eerste bestemming en plig van die mens is om uitbreiding vir die koninkryk van God te soek en om hom te onderwerp aan die wet van daardie ryk, dit is die wil van God. Voedsel en klere, waaroor ons ons so maklik bekommer, word dan deur ons hemelse Vader (Ps. 103:13) self voorsien.

Dit moet dus nooit vir die kind van God gaan om tydelike gewin as doel van die lewe nie, maar veral om die dinge wat tot die ewige lewe dien (Joh. 6:26, 27). En nooit mag godsdiens gebruik word om alleen tydelike voorspoed en seën te waarborg nie, want dan het ons nog nie van die heidense afgodediens ontkom nie. Dit is om van die één ware God 'n afgod te maak.

Die God van Israel is wesenlik anders as die gode van ander volke en daarom mag die volk van God die één ware God nie nader op presies dieselfde wyse of met dieselfde motiewe as wat die heiden sy godheid nader nie. Die één ware God kan nie forseer word tot mededeling en dus deelhebbing aan sy seëninge nie.

## *'n Eiesinnige godsdiens*

Die Heidelbergse Kategismus leer dat God in die tweede gebod eis dat ons Hom op geen enkele manier mag afbeeld en Hom op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (H.K. 96). Samuel het reeds aan koning Saul gesê dat eiesinnigheid afgodery en beeldediens is (1 Sam. 15:23). Saul was aan God ongehoorsaam en wou dit alles met offers regmaak; wou God so paai. Dit verander alles wat tot 'n seën moes strek tot 'n vloek, en maak die ware erediens tot afgodery en beeldediens Daarom het daar dan ook, toe Nadab en Abihu vreemde vuur voor die aangesig van die Here gebring het, vuur van die aangesig van die Here uitgegaan en hulle verteer (Lev. 10:1, 2; 16:12). Hiermee het God dan ook alle eiesinnige vorme van godsdiens beslis afgekeur.

Die Kategismus leer dan ook dat ons God nie anders moet vereer as wat Hy ons in sy Woord, die heilige Skrif, beveel het nie. Dit is dus belangrik om te weet hoe God Hom in sy woord aan ons openbaar, en hoe Hy gedien wil word. Dit gaan dus in die eerste plek om die selfopenbaring van God. Die antwoord wat die Skrif gee op die vraag wie God is, sal dus die wyse bepaal waarop ons met God sal omgaan. As Hy dan die Verbondsgod is, wat in Christus Jesus die Here, ons Vader is, terwyl ons seuns en dogters van God genoem word (2 Kor. 6:16, 18), dan moet ons byvoorbeeld sy teenwoordigheid nie anders wil reël as wat Hy ons dit in sy Woord beveel het nie.

En in die lig van die tweede gebod is dit duidelik dat ons ons aan 'n eiesinnige godsdiens skuldig sou maak as ons van God 'n gesnede beeld of enige gelykenis sou maak en aan Hom deur middel daarvan enige verering sou wou toebring. Om hierdie rede word enige ander manier van aanbidding deur hierdie gebod streng veroordeel, en die straf van die Here afgekondig op almal wat Hom ongehoorsaam is.

## *Verkeerde voorstellinge van God*

Dit sal gewis nie verkeerd wees om van God 'n voorstelling *te maak* nie, want daarvoor getuig beslis die mensvormigheid van God in die heilige Skrif (vgl. Gen. 32:30; Ex. 15:8; Num. 12:8; Deut. 11:12), sowel as die feit dat die mens na die beeld van God geskape is (Gen. 1:26) en dat Christus die beeld is van die onsienlike God (Kol. 1:15). Die tweede gebod waarsku alleen teen 'n verkeerde voorstelling wat ons van God kan maak, 'n voorstelling waarin God nie meer is wat Hy wil wees nie. Dit kan baie eenvoudig gestel word. 'n Voorstelling van God waarin Hy nie meer die Verbondsgod is nie, is 'n valse voorstelling.

En as dit so is, dan word dit 'n baie ernstige vraag of ons nog met die Verbondsgod te make het, wanneer ons praat van die Godheid, die Voorsienigheid, die Ewige, die Goddelike, die Transendente en so meer. Met hierdie benaminge word God geneutraliseer, en daarmee van sy kenmerke as die Verbondsgod beroof. En wanneer ons God nie meer God laat wees soos Hy Homself aan ons openbaar het nie, dan het ons van Hom 'n afgod gemaak, en so word die

oortreding van die tweede gebod gelyk aan die van die eerste.

In die bogenoemde benaminge van God merk ons 'n neiging tot vaagheid. Dit is asof die segsman enige definitiewe belydenis ontwyk. In al die benaminge hoef die Naam van Christus ook nie bedoel te word nie. Dit kan selfs so wees dat iemand een van die neutrale benaminge gebruik, óf omdat hy nie in Christus glo nie, óf omdat hy weet dat die Naam van Christus dalk aanstoot kan gee. In die laaste geval word Christus dan ook verloën. En dit word meteen gevaarlik, want Hy self het gesê: "Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is" (Matt. 10:32,33).

Om 'n eie definisie van God te gee anders as wat in die heilige Skrif openbaar is, veronderstel al klaar weer 'n poging van die mens om na God op te klim, terwyl daar geen weg van die mens na God is nie, maar alleen 'n weg van God na die mens. So word God 'n selfgemaakte God, dit wil sê 'n afgod.

## *Die God wat Hom verborge hou*

Jesaja het reeds gesê: "Waarlik, U is 'n God wat U verborge hou, die God van Israel, die Heiland. Hulle het beskaamd gestaan en ook in die skande gekom, hulle almal; hulle het tesame met skande heengegaan - die wat afgode maak" (Jes. 45:15, 16). Hier bring Jesaja die verborgenheid van God in verband met die feit dat die heidene afgode maak. Die bedoeling met die gesnede beelde is dan ook om aan die godheid 'n sekere liggaamlikheid te skenk wat hom ontwyfelbaar in die wêreld teenwoordig maak. So kan met God nie gemaak word nie. Reeds Moses het die verband raakgesien toe hy teen die maak van gesnede beelde gewaarsku het, en daarop gewys het dat hulle geen verskyning gesien het op die dag dat die Here by Horeb uit die vuur met hulle gespreek het nie (Deut. 4:13-19). Die Bybel sê dan ook dat niemand God ooit aanskou het nie (1 Joh. 4:12).

Dit is verder duidelik dat God nie gesien wil word nie, want geen mens kan Hom sien en bly lewe nie (Ex. 33:20). En as God nie gesien kan word nie (1 Tim. 6:16), dan is dit onsinnig en loutere dwaasheid (vgl. Rom. 1:22) om aan Hom deur middel van 'n gesnede beeld sigbaarheid te probeer verleen. Op geen wyse ooit sal ons op Hom kan beslag lê nie. Op geen enkele manier sal ons na Hom kan opklim of Hom na ons toe kan af bring nie

Alleen Hy kan in sy neerbuigende liefde Homself aan ons openbaar, Hom laat vind deur ons (Matt. 16:17; 1 Kor. 12:3). Niks verhinder ons intussen om soos Moses vol te hou soos een wat die Onsienlike sien (Hebr. 11:27), terwyl ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is (1 Joh. 3:2).

Maar dan verraai die heiden wat gesnede beelde maak tog maar net die diepste verlange van die mens om sy God te mag sien. So het ook Filippus gesê: "Here toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg" (Joh. 14:8). En in hierdie behoefte het die één ware God voorsien in sy Seun (Kol. 1:15; 2:9; Hebr. 1:3) soos Jesus ook aan Filippus kon sê: "Hy wat my gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:9). Alleen in Jesus vind ons waarlik die Vader.

## *Die sin van die tweede gebod*

'n Mens sou kon vra wat die eintlike bedoeling van God met die tweede gebod was? Hier word die volk verbied om enige gesnede beeld of gelykenis van God te maak en om Hom daardeur te vereer.

In die Skrif, so het ons gesien, word dit gesê dat God nie gesien kan word nie (Ex. 33:20; 1 Tim. 6:16), terwyl dit in verband met die maak van gesnede beelde gebring word. So word dit ook duidelik dat daar geen beeld van God gemaak kan word nie, aangesien Hy met niks en niemand vergelyk kan word nie (Jes. 40:12-26). Uit bogenoemde twee voorbeelde sou dit meteen vasstaan dat God hiermee Homself as die onsienlike, alomteenwoordige, almagtige en ewige God aan sy volk wil openbaar.

As 'n tweede doelstelling kan daarop gewys word, dat God, in teenstelling met alle ander godsdienste, van Israel 'n godsdiens sonder beelde eis, om eerstens aan te toon dat Hy gans

anders is as al die ander gode, en nie sy vryheid Hom laat ontneem soos die ander gode nie, maar ook dat Israel in 'n uitverkore posisie verkeer - afgesonder as die volk van die één ware God.

'n Derde doelstelling wat hieruit voortspruit moet gesoek word in die feit dat die teenstelling met die ander godsdienste só skerp is, dat geen kompromis ooit moontlik kan wees nie, aangesien Israel vir God 'n eiendom uit al die volke moes wees, 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie (Ex. 19:5, 6). So sou Israel in afsondering op die koms van Christus moes wag, want die saligheid is uit die Jode (Joh.4:22).

Die belangrikste boodskap is seker dat ons God aan ons nie hoef vas te bind nie; Hy bind ons vas aan Hom. Ons hoef God nie rond te dra nie; Hy dra ons. Ons hoef hom nie te sien nie; Hy sien ons. Ons hoef Hom nie te vind nie; Hy vind ons, Ons hoef nie na Hom op te klim nie; Hy daal neer tot ons. Ons hoef nie bang te wees dat ons God sal verloor nie; Hy verloor ons nie.

Ook in die tweede gebod maak God sy wil aan ons bekend, trek hy die grense van die lewensruimte vir die ordelike bestaan en voortbestaan van die volk, wie se God Hy is.

## *'n Jaloerse God*

Jaloesie het by ons gewoonlik 'n ongunstige betekenis. Die jaloesie van God is egter 'n heilige passie. Hy is jaloers vir sy volk, nie op sy volk nie: "Ek ywer oor Jerusalem en oor Sion met 'n groot ywer" (Sag. 1:14). Jaloesie kan hier dus ook met liefde-ywer weergegee word. God is 'n God wat omgee, en die woord sinspeel ook op die ywer van God om sy volk na Hom terug te lei sodat Hy alleen hulle God en hulle sy volk kan wees.

Dit is egter ook duidelik dat die eer van God deur beeldediens aangerand word (Jes. 42:8); dat sy ywer deur vreemde gode gewek word (Deut. 32:16,17) wanneer die volk Hom deur hulle nietige afgode terg (Deut. 32:21; Ex. 34:14-17), en die toorn van die Here dan teen die volk kan ontvlam en Hy hulle van die aarde kan verdelg omdat Hy 'n jaloerse God by hulle is (Deut. 6:13-17). Jaloesie het hier weer die betekenis van 'n heftige gemoedsbeweging wat iemand ondervind as hy in sy eer of reg gekrenk voel, en 'n ywer vir die behoud of herstel van die eer wat geskend is. God is dus 'n God van daad, 'n God wat handelend optree en kragdadig toesien dat sy wil ten uitvoer gebring word en ongehoorsaamheid gestraf word (Josua24:19,20).

Dit gaan dus by God nie maar net om 'n idee nie. God is 'n lewende werklikheid met wie daar deeglik rekening gehou moet word. Dit gaan vir God in sy koninkryk om die wet van sy ryk wat gehoorsaam moet word. Die wat hulle aan sy heerskappy onderwerp sal loon ontvang, maar dié wat teen sy wil in opstand kom, sal die gevolge moet dra.

Gehoorsaamheid aan die wil van God is dan ook steeds die bewys van die gelowige se aanvaarding van Gods verbond, van God se reg om tot hom met die eise van die verbond te kom, en daarmee, sy erkenning van God se voortgaande bemoeiing met sy volk. Omgekeerd, beteken ongehoorsaamheid aan die wet van God die verwerping van die verbond van God en die weiering om Gods eiendom te wees. Kortom, die verwerping van Christus om sy Verlosser te wees. En hierteenoor kan God nie onverskillig staan nie.

## *Belofte en bedreiging*

In die tweede gebod staan daar geskrywe: "Ek, die Here jou God is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My lief het en my gebooie onderhou" (Ex. 20:5, 6). In hierdie woord vind ons 'n bedreiging en 'n belofte wat strek oor geslagte heen. Hier is dus sprake van kollektiewe straf en seën (vgl. Ex. 34:7; Deut. 7:9, 10).

So word byvoorbeeld die hele gesin van Agan saam met hom gestenig vanweë die misdaad wat hy gepleeg het (Josua 7:19-26), en word redding aangekondig (Luk. 19:9) of belowe (Hand. 16:31) vir die hele huis van die een wat glo. Dan weer ontvang Hiskia genesing en verlossing uit die hand van die Assiriërs "ter wille van My en my kneg Dawid" (2 Kon. 20:5, 6). So word enersyds die kinders vergeet van die wat die wet van God vergeet (Hosea 4:6), en

andersyds die kinders geseën van Hom wat in regskapenheid wandel (Spr. 20:7).

Hiermee word egter nie met die persoonlike verantwoordelikheid weggedoen nie (vgl. Deut. 24:16). Van Hiskia byvoorbeeld lees ons: "En hy het gedoen wat reg was in die oë van die Here net soos sy vader Dawid gedoen het" (2 Kon. 18:3), terwyl Jeremia (Jer. 31) en Esegiël (Eseg. 18) op treffende wyse afreken met die spreekwoord wat sê: "Die vader het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword" (Eseg. 18:2). Hierdie spreekwoord sê dat die volk al die skuld op die voorgeslag gelê en hulleself van alle verantwoordelikheid vrygepleit het. Hier word die tweede gebod só verstaan dat die erfsmet onafwendbaar op die kinders oorgaan. Teen hierdie uitleg verset die profete hulle: "Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees" (Eseg. 18:20; Deut. 24:16). En dit word bewys deur voorbeelde in die Skrif van vrome kinders uit goddelose ouers en goddelose kinders uit vrome ouers (2 Kon. 8:26,27; 12:2; 1 Sam. 2:12).

Verder spreek hierdie gebod daarvan dat God se toorn alleen strek tot en met die vierde geslag. Hy sal nie vir altyd die toorn behou nie (Ps. 103:9; Jes. 57:16). Aan die ander kant is sy barmhartigheid grensloos. Hy seën tot in die duisendste geslag (Deut. 7:9; Klaagl. 3:22,23).

## *Die trefwydte van die tweede gebod*

Die tweede gebod gaan nie net om die uiterlike godsdienstige handelinge van die mens nie, maar sny veel dieper. Dit raak die hart en die gesindheid van die mens. Hier is sprake van lief de en van haat.

Dit is duidelik dat die haat waarvan gespreek word in verband gebring word met die maak van gesnede beelde en die verering daarvan. Wie die één ware God op so 'n wyse vereer, doen Hom geen guns nie, het Hom nie lief nie, maar haat Hom.

Daarom word die onderhouding van die gebooie in die tweede gebod met die liefde in verband gebring (Ex. 20; 6), en kon Jesus later sê: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Joh. 14:15).

Die trefwydte van die tweede gebod raak dus die hele mens. God wil op die totale mens beslag lê, hom volkome besit. Daarom staan daar geskrywe dat ons Hom moet liefhê met ons hele hart, met ons hele siel en met al ons krag (Deut. 6:5).

Die oortreding van die tweede gebod begin dus nie eers met die maak van gesnede beelde nie, maar begin reeds by die verborge gesindheid van die hart, reeds daar waar God alleen kan sien.

Maar wanneer die verdorwenheid van die hart reeds so ver ontwikkel het, dat die mens tot die daad oorgaan, en hy die Here terg met sy nietige afgode (Deut. 32:16, 17, 21) en verderflik handel deur gesnede beelde of 'n gelykenis van God te maak (Deut. 4:13-19), dan sal die Here nie afsydig bly nie: "Jy moet dan weet dat die Here jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. Maar aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik, vergeld Hy dit, om hom te vernietig; Hy sal met sy hater nie versuim nie, hom persoonlik sal Hy dit vergelde" (Deut. 7:9, 10).

# HOOFSTUK IV

## *Die Derde Gebod*

Die derde gebod lees so:

*"Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie." (Ex. 20:7).*

Die derde gebod sluit baie nou aan by die tweede gebod. Die tweede gebod verbied onder meer dat die één ware God deur middel van gesnede beelde of gelykenisse vereer word. So was byvoorbeeld die goue kalf van Aaron (Ex. 32) en die gesnede en gegote beeld van Miga (Rigt. 17) voorbeelde gewees van beeldediens wat deur die gebod veroordeel word.

Vir Aaron het dit gegaan om 'n fees tot eer van die Here (Ex. 32:5), terwyl Miga op die seën van die Here gehoop het (Rigt. 17:13). In beide gevalle is die Naam van die Here by hierdie ydelhede ingesleep, en is nie alleen die tweede nie, maar ook die derde gebod oortree.

Die derde gebod verbied dus die gebruik van die Naam van die Here in enige vorm van beeldediens, en wel om die volgende rede: "Ek is die Here, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee nie, of ook my lof aan gesnede beelde nie" (Jes. 42:8). En ons mag die eer van sy Naam nie van Hom wegneem nie (Ps. 29:2).

Ook hierdie gebod veroordeel dus die gelykskakeling van alle godsdienste omdat elke poging om die Naam van die één ware God met gesnede beelde in verband te bring om genoemde rede deur die gebod veroordeel word. Enige verwarring, vermenging of verbinding met die ander gode word by die wortel afgesny, omdat daar geen ander naam onder die hemel is wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered kan word nie, as net die Naam van Jesus Christus die Here (Hand. 4:10-12).

Omdat Christus, wat in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en Homself verneder het deur gehoorsaam te word tot die dood van die kruis, het God aan Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is sodat elke knie voor Hom sou buig en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is (Fil. 2:6-11). Daarom staan daar geskrywe dat elkeen wat hierdie Naam aanroep, gered sal word (Joël 2:32; Hand. 2:21; Rom. 10:13), want Hy is die weg en die waarheid en die lewe, en niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie (Joh. 14:6).

Wie egter van die één ware God afwyk, gaan agter nietige afgode aan wat nie kan red nie, omdat hulle nietighede is (1 Sam. 12:21), en word self nietig (2 Kon. 17:15).

## *Die Naam van die Here jou God*

Dit is opvallend dat hier in die derde persoon gepraat word, terwyl die eerste gebod in die eerste persoon gestaan het. Hier word egter in die gebod na die aanhef teruggegryp, en dit seker nie sonder rede nie. Dit is die Naam van die Here jou God wat nie ydellik gebruik mag word nie. Dit is dus duidelik dat dit hier gaan om die besondere Naam "Here". Juis die Naam "Here" moet met eerbied en ontsag gebruik word.

Van hierdie Naam lees ons: "En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam Here het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie" (Ex. 6:2). Hierdie Naam is vir die eerste keer aan Moses (Ex. 3:13, 14) en deur Moses aan Israel (Ex. 3:15) bekend gemaak. Voorheen het Hy geweier om sy Naam aan Jakob (Gen. 32:29) of Manoag (Rigt. 13:17, 18) bekend te maak.

Toe die Here egter aan Moses verskyn het in 'n vuurvlam uit 'n doringbos (Ex. 3:2), en hom gestuur het om Israel uit Egipte uit te lei (Ex. 3:10), het Moses gevra: "Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle vra my: Hoe is sy naam? - wat moet ek hulle antwoord?" (Ex. 3:13). Daarop het God vir Moses gesê: "Ek is wat Ek is" (Ex.3:14).

Die uitspraak sowel as die vertaling van die woord is onseker. Maar as met die feit

rekening gehou word dat die Here 'n ewige God is (Jes. 40:28), wat is en wat was en wat kom (Openb. 1:4), die Alfa en die Omega, die begin en die einde (Openb. 1:8; Jes. 41:4; 44:6), dan kan dit goedskiks vertaal word: Hy wat is, wat was en wat sal wees, of ook: Hy wat altyd daar is.

Die teruggryp na die aanhef sê ook nog meer. Dit is die Naam van die Verbondsgod wat nie ydellik gebruik mag word nie. Dit is die God van die geskiedenis; die God wat hulle uit Egipteland uitgelei het; die één ware God. Sy Naam is die Here.

En wanneer ons sien dat Christus die Inhoud en Hoof van die verbond is (Jes. 42:1-8; 49:8,9; 59:21; Matt. 12:13-21), dat Hy die Here onse God is (Jes. 40:3,4; Luk. 3:4, 5) wat vlees geword het en onder ons gewoon het (Joh. 1:14), dan verstaan ons dat die "Ek is" van die Ou Testament geopenbaar is in Christus as die Immanuel, die God met ons van die Nuwe Testament (Matt. 1:23). Dit is sy Naam wat nie ydellik gebruik mag word nie.

## *Die openbaring van die Naam van die Here*

Die naam van die Here is nie deur die mens uitgedink nie. Hy het self sy Naam aan sy volk bekend gemaak. Die God van die verbond is die God van die geskiedenis, die God wat handelend besig bly met sy volk. En hierdie God wou nie in die verborgene werk en dus onbekend bly nie. En toe Hy Hom openbaar, het Hy ook sy Naam bekend gemaak. Sy Naam is dus 'n openbaringsnaam en is 'n openbaring van Homself, al is dit nie 'n openbaring in totaalsom nie. God is oneindig meer as net G-o-d.

In die Bybel vind ons dan ook verskeie name of betitelings van God. Die eerste Naam is Elohim, wat as God vertaal word. Die tweede Naam is Jahwe, wat as HERE vertaal word. Die derde Naam is Adonai, wat met Here vertaal word. Of ook Name soos, die Vader, die Almagtige, die Allerhoogste, Jesus, Christus, Heilige Gees, Seun en so meer. Onder die woord G-o-d word ook verstaan die totaalsom van al die Name saam, terwyl dieselfde met die uitdrukking, "die Naam van God" bedoel word: "Doop hulle in Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matt. 28:19). Of ook: "Gee aan die Here die eer van sy Naam" (Ps. 29:2; Spr. 18:10).

En soos die Here Hom aan die mens bekend gemaak het, só moet die mens Hom dan ook noem (Luk. 1:31; Matt. 6:9). Die mens het wel die opdrag en reg gekry om aan al die lewende wesens name te gee (Gen. 2:19), maar God het Homself van 'n Naam voorsien, en aan die mens gesê dat hy die Naam van die Here sy God nie ydellik mag gebruik nie (Ex. 20:7).

Die mens het egter eie reg gebruik en aan God allerhande name gaan gee soos byvoorbeeld: Voorsienigheid, Godheid, Goddelike, Transendente, Argitek, Groot Kaptein, Oubaas en nog vele ander benaminge. Maar met hierdie neutrale benaminge is ons nie meer by die Verbondsgod nie, en is God in sy wese aangerand en van sy heerlikheid beroof, en het die mens 'n oortreder geword van die derde gebod wat sê dat hy die Naam van die Here sy God nie ydellik mag gebruik nie.

## *Die inhoud van sy Naam*

Ons het reeds gesien dat die Here Hom deur sy Naam aan sy volk openbaar het. Die Naam Here is dan ook uitdrukking van sy wese. Hy is alleen vir die heiden en die ongelowige 'n onbekende God (Hand. 17:23), maar vir Israel is Hy die Here hul God wat hul uit Egipteland uitgelei het (Ex. 20:1,2). Die Here is dan die God wat Hom in sy dade bekend maak. Die Naam van God en sy dade is onlosmaaklik aan mekaar verbind, want Hy is die God wat handelend optree, die God van die geskiedenis. Die inhoud van sy Naam verwys na sy verlossingsdade as Verbondsgod.

En as die Naam van God nie van sy wese losgemaak kan word nie, dan het Hy nie alleen 'n Naam nie, maar dan is Hy tegelyk sy Naam. Deur sy Naam aan ons te gee, het God Homself aan ons gegee.

Daar is dan ook ongetwyfeld 'n noue samehang tussen die naam en die persoon wat die naam dra. In die Bybel het name inhoud gehad en bepaalde eienskappe van die persoon weergegee. Daarom is mense se name selfs verander om by nuwe en veranderde

omstandighede aan te pas: Abram word Abraham, Jakob word Israel en Simon word Petrus.

Treffend is die ooreenkoms tussen naam en persoon wanneer ons lees: "Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereed gemaak het. Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom" (Ex. 23:20, 21). Hierdie Engel is die Here in sover as wat Hy op aarde bemoeienis maak met sy volk (Gen. 16:7; 48:16; Ex. 3:2, 4). Die Naam hier is dus 'n verpersoonliking van die Here self. Daar bestaan dus 'n noue samehang tussen die naam en die persoon wat bestaan en handel.

'En hierdie openbaring sou nie hoorbare klank en sigbare daad bly nie, maar ook in die vlees sigbaar word in Christus Jesus die Here (1 Joh. 1:1-3), deur wie se Naam ons gered moet word (Hand. 4:12), vergifnis van sondes ontvang (Hand. 2:38) en die ewige lewedeelagtig word (1 Joh. 5:13).

Om Christus te ontken of te verloën, beteken dan om die Naam van God van sy inhoud te beroof en dus ydellik te gebruik.

## *Die ydel gebruik van die Naam van die Here*

Die woord ydel kan baie betekenisse hê soos byvoorbeeld leeg asof dit niks is nie en niks sê nie. Dit kan ook ligvaardig of oppervlakkig en self s vals of onbesonne beteken. Die woord gebruik hoef nie net uitspreek te beteken nie, maar aanhef, opneem of ophef. Miskien kry ons 'n goeie begrip van die woord ophef in Ps. 119:47, 48: "En ek wil my verlustig in u gebooie wat ek liefhet, en my hande ophef na u gebooie wat ek liefhet, en u insettinge oordink." Of ook in Ps. 24:4: "Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie." Om die Naam van die Here ydellik te gebruik kan dus baie dinge beteken. Ons kan, soos ons reeds aangetoon het, ontken dat Jesus die Seun van God en Verlosser van die wêreld is en sodoende die Naam van God van sy inhoud beroof en sodoende ydellik gebruik. Ons kan sy Naam leeg maak deur sy Naam hoegenaamd nie te gebruik nie; optree asof Hy glad nie bestaan nie. Ons kan sy Naam aan niks gelykstel deur Hom deur middel van gesnede beelde, wat nietige afgode is, te probeer vereer. Ons kan sy Naam ydellik gebruik deur vals te sweer, ligtelik of onnodig te sweer, of in 'n ander naam te sweer. Ons kan misbruik maak van 'n vervloeking in sy Naam, of net deur te vloek of te laster of in towerkunste sy Naam ydellik gebruik. Ons kan selfs in minder opvallende sake soos in vormgodsdiens en skynvroomheid ons skuldig maak aan 'n oortreding van die derde gebod. Ook wanneer ons niks doen om die Naam van die Here te heilig nie, of stilbly wanneer sy Naam ontheilig word, of self nie die Naam met diepe ontsag opneem nie, ons voor die Here besondig en oortreders word van die gebod. Ons kan sy Naam ontheilig in oorlog, sport, spel en selfs in gebed en godsdiens.

En nou verklaar die Heidelbergse Kategismus heel tereg dat "daar geen groter sonde is of een wat Hom meer vertoorn nie, as die lastering van sy Naam; daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf" (100). En dit is te begrype, want wie sy Naam laster, rand God self aan in sy eer (Jes. 42:8; Lev. 24:16).

## *Die regte gebruik van die Naam van Here*

'n Naam bepaal meestal 'n bepaalde familieverbintenis en is 'n etiket waarmee iemand uitgeken en aangespreek kan word, sy adres vasgestel kan word.

Om iemand aan te spreek of te roep beteken dan ook dat hy in die onmiddellike omgewing of in hoorbare afstand is. En dit is dan ook 'n belangrike gebruik wat ons het met betrekking tot 'n bepaalde naam.

En die feit dat die Here Homself van 'n Naam bedien het, veronderstel dan ook dat Hy in die onmiddellike omgewing of binne hoorbare afstand van sy volk is. Hy kan aangeroep, dit wil sê, aanbid word, altyd en oral omdat Hy alleen alomteenwoordig is.

En ook hierin verskil Hy van al die ander gode. Daarom kon Elia met die priesters van Baal spot en sê: "Roep hard; hy is mos 'n god! Hy is seker in gepeins, of hy het hom seker afgesonder, of hy is seker op reis; miskien slaap hy en moet wakker word" (1 Kon. 18:27).

Maar van die één ware God lees ons: "En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek verhoor Ek" (Jes. 65:24). Ons hoef dus nie tot Hom deur te bid nie. Hy is nader aan ons as ons eie asem (Hand. 17:27,28).

Dit beteken egter nie dat die Here vanselfsprekend daar is waar sy volk vergader is nie. Die feit dat Hy Hom van 'n Naam bedien het, is 'n aanduiding dat Hy sy teenwoordigheid wil reël daar waar Hy daarom gelowig gevra word: "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is" (Jes. 55:6). Daar waar sy Naam biddend, gelowig en in gehoorsaamheid aangeroep word, is Hy dan ook seënend en verlossend teenwoordig, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Joël 2:32; Hand. 2:21; Rom. 10:13; Ps. 54:3).

Maar dan moet sy Naam nie van sy inhoud leeggemaak word nie. Name het 'n bepaalde inhoud en is nie net maar 'n etiket waaraan iemand uitgeken of aangespreek kan word nie. In die Skrif bestaan daar 'n noue verband tussen die naam en die persoon wat so genoem word. Daarom word Abram, Jakob en Simon se name verander, en word opdrag gegee hoe Johannes en Jesus genoem moet word. Die Skrif heg groot waarde aan die naam wat iemand dra, want 'n naam is verkiesliker as groot rykdom (Spr. 22:1; Pred. 7:1).

En die inhoud van die Naam van die Here is Christus Jesus, "want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand. 4:12).

## *Die Naam van God, met vrees en eerbied gebruik*

Die Heidelbergse Kategismus leer dat ons die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied moet gebruik nie. En in die brief aan die Hebreërs lees ons: "Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur" (12:28,29).

In hierdie gedeelte van die Skrif is daar sprake van die eindtyd (Hebr. 12:26; Matt. 24:29). Alles wat verganklik is, sal vernietig word, sodat die onwankelbare kan bly (Hebr. 12:27). Hierdie dinge moet die gelowige dankbaar stem, omdat hy 'n onwankelbare koninkryk ontvang, terwyl hy daardeur aangespoor moet word om God met eerbied en vrees te dien, dit is met ontsag, omdat God in sy heiligheid en regverdigheid 'n verterende vuur (Deut. 9:3) en 'n jaloerse God is (Deut. 4:24), wat gesê het: "Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie. Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer" (Jes. 45:22,23).

Wanneer ons onthou dat daar 'n noue verband bestaan tussen die naam en die persoon wat bestaan en handel, en die Naam van die Here ook uitdrukking van sy wese is, en dat Hy self sy teenwoordigheid wil reël waar sy Naam aangeroep word, in eie persoon aanwesig wil wees, dan is dit te begrype waarom ons met eerbied en vrees dié Naam op ons lippe moet neem, of in watter verband ons dit ook al gebruik omdat Hy 'n grote en gedugte God is, 'n heilige en regverdige God is, wat die een wat sy Naam ydellik gebruik nie ongestraf laat bly nie (Ex. 20:7).

Toe die Here dan aan Moses in 'n vuurvlam uit 'n doringbos verskyn het, en hy nuuskierig nader gestaan het, het die Here vir hom gesê: "Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond" (Ex. 3:5). En as vier lewende wesens sonder ophou dag en nag sê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!" (Openb. 4:8), en die aanroeping van sy Naam ons in die teenwoordigheid van so 'n God bring, dan verstaan ons waarom ons sy Naam nooit anders as met eerbied en vrees mag gebruik nie.

## *Van die gebed misbruik maak*

Oor die misbruik van die gebed kan daar baie boeke geskrywe word sonder om oor die onderwerp uitgeput te raak. Ons noem net 'n paar voorbeelde.

Die Here het ons in sy Woord geleer om te bid (Matt. 7:7-11; Luk. 18:1-8; 1 Thess.

5:17), maar ons mag dalk daaronder verstaan dat ons aanhoudend soos die verlore seun moet vra: "gee my" (Luk. 15:12), in plaas van ook te sê: "maak my" (Luk. 15:19). Gebed beteken nie om net te vra nie, maar dit is aanbidding, voorbidding, smeking, danksegging, lofprysing en so meer.

Hierdie voorbeeld van misbruik van die gebed bloot om eie voordeel, word veel erger wanneer gebed ontaard in 'n soort van kompetisie met andere, waarin die een probeer om die ander voor die troon van God weg te bid vir eie voordeel ten koste van die ander party in byvoorbeeld sake soos sport of eie bevordering. In tye van verkiesing of selfs oorlog waar elke kant bid om 'n oorwinning ten koste van die ander is die gebed uiteraard aan die heidendom uitgelewer. In sulke tye word vele gebede in die openbaar goedkoop propaganda tot voordeel van die saak waarvoor die bidder staan. Maar so kan ons God nooit manipuleer nie, al neem ons ook 'n verbondsark met ons saam (1 Sam. 4).

Afskuweliker nog word die ydele gebruik van die Naam van die Here wanneer ons ons tafel dek vir die geluksgod (Jes. 65:11-15) deur aan byvoorbeeld perderesies, loterye, dobbelary of allerlei kompetisies, waar die geluk die bepalende faktor is, deel te neem, en dan selfs die Naam van die Here aanroep om te wen. Geen wonder dat die Here juis oor so 'n gruwel sulke verskriklike oordele aankondig nie (Jes. 65:12-15).

Hierby kan nog gevoeg word die ydele herhaling van woorde in gebede soos die heidene doen, wat reken dat hulle deur hulle baie woorde verhoor sal word (Matt. 6:7), of die hooghartige gebed soos die Fariseër wat met sy eie prestasie kon spog in die tempel (Luk. 18:9-14), of soos die geveinsdes wat bid om gesien te word (Matt. 6:6), of die herhaalde gebruik van die Naam Here as stopwoord aan die einde van elke sin, of as asempouse, ensovoorts.

Laastens kan ons ook nog noem die voorstelling van Iemand in die verbeelding terwyl gebid word. Dit is 'n oortreding van die tweede gebod om God deur middel van 'n beeld te aanbid, maar ook 'n oortreding van die derde gebod om die Naam van die Here ydellik te gebruik deur dit aan niks gelyk te maak, terwyl Hy ons geleer het: "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Joh. 4: 24).

## *Mag ons by die Naam van God 'n eed sweer?*

Die Heidelbergse Kategismus leer dat ons wel godsalig by die Naam van God 'n eed mag sweer as die owerheid dit eis, of anders die nood dit vorder om trou en waarheid daardeur te bevestig, en dit tot eer van God en tot heil van die naaste is; want om so 'n eed te sweer, is in die Woord om God gegrond (Deut. 6:13; 10:20; Jes. 48:1; Hebr. 6:16) en daarom ook deur die heiliges in die Ou en Nuwe Testament reg gebruik (Gen. 21:24; 31:53; Jos. 9:15; 1 Sam. 24:23.; 2 Sam. 3:35; 1 Kon. 1:29; Rom. 1:9; 9:1; 2 Kor. 1:23). Om by die Naam van die Here te sweer is nie alleen reg nie, maar onder bepaalde omstandighede 'n plig. In Ex. 22 waar allerlei wette oor die eiendom van die naaste gegee word, lees ons byvoorbeeld: "As iemand aan sy naaste 'n esel of bees of stuk kleinvee of enige dier gee om op te pas, en dit gaan dood of kry 'n ongeluk of word weggevoer sonder dat iemand dit sien, dan moet die eed by die Here tussen hulle twee beslis, of hy nie sy hand na sy naaste se goed uitgesteek het nie; en die eienaar moet daarmee tevrede wees, en die ander hoef geen vergoeding te gee nie" (Ex. 22:10,11). En in Num. 5 moes 'n vrou onder eed geneem word of sy aan haar man ontrou was of nie: "So moet dan die priester die vrou met die eed van vervloeking besweer, en die priester moet aan die vrou sê: Mag die Here jou tot 'n vervloeking en 'n verwensing maak onder jou volk deurdat die Here jou heup laat inval en jou skoot laat opswel; en mag hierdie water wat die vloek bring, in jou ingewande ingaan om die skoot te laat opswel en die heup te laat inval. Dan moet die vrou sê: Amen, amen! " (Num. 5:21,22).

Die Skrif beveel dan ook uitdruklik dat die mens by die Naam van God moet sweer: "Jy moet die Here jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer" (Deut. 6:13; 10:20; Jes. 45:23; 48:1), soos Abraham (Gen. 2:23, 24). Jakob (Gen. 31:53), die owerstes (Jos. 9:15, 19, 20), Dawid (1 Sam. 24:23), Paulus (Rom. 1:9; *9:1; 2* Kor. 1:23) en ook Christus Jesus (Matt. 26:63, 64) gedoen het. . .

Die neem van 'n eed val dus onder die derde gebod, aangesien in elke eed die Naam van die Here aangeroep word, en hy wat by sy Naam vals sweer, die Naam van God ontheilig (Lev. 19:12) terwyl God as getuie en regter optree (vgl. Gen. 31:44, 53) en nie straffeloos kan toekyk (Jer. 7:9, 15, 16) as sy Naam ontheilig word nie (Jes. 42:8,17). .

Die derde gebod veroordeel dus nie die gebruik nie, maar wel die misbruik van die eed in die Naam van God.

## *Die redes vir die eed*

By die neem van 'n eed of wanneer iemand sweer, word God as getuie geroep vir die bevestiging van die waarheid wat verklaar of beloof word (2 Kor. 1:23). Die belangrikste rede vir die eed moet seker gesoek word in die swakheid en sondigheid van die mens self. Deur die neem van ede word die sonde gestuit. Deur die aanroeping van die Naam van God word die mens daaraan herinner dat God hom hoor en sien; dat God self in eie persoon teenwoordig is. God is waarheid, en sy eer is altyd gemoeid met die handhawing van trou en waarheid, reg en geregtigheid.

Dit gaan dus in die eed nie net om die bevestiging van trou en waarheid nie, om die eer van God nie, maar ook om reg en geregtigheid, die heil van die naaste. Deur die eed word die Here geëer as die Een wat reg en geregtigheid laat geskied, die belange van die verontregte verdedig, en as die Een wat die waarheid laat triomfeer, die skuldige een laat straf. Daarom is die eed ook ingestel ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van die mens binne die ryk van God op aarde.

So moes byvoorbeeld 'n eed by die Here 'n saak tussen twee mense beslis en die prosedure daarmee beëindig word (Ex. 22:10, 11), of ook die onskuld van iemand daardeur gestaaf word (Num. 5:12-27; Job 31:13-22) of die skuld bewys word (Num. 5:28).

Die eed kan ook gebruik word waar iemand homself verbind om iets in die toekoms te doen (Jos. 2:12-20), of om 'n wedersydse ooreenkomstebekragtig (Gen. 25:33; Jos. 9:15).

So word die eed gebruik om te verseker dat die waarheid in die hof gepraat sal word, om trou aan jou land te sweer of in een of ander amp ingestel te word.

Eindelik word dit ook gebruik om jou trou aan God te bevestig (Jos. 24:1, 19-27; Neh. 9:38; 10:29; Ps. 119:106; Jes. 48:1).

In die kerk word egter geen eed afgelê nie. Maar wanneer ons belydenis van geloof aflê, in die huwelik tree, ons kinders ten doop bring, in die amp as diaken, ouderling of leraar bevestig word, word aan God ja gesê, in sy teenwoordigheid ja gesê. En geloftes is gelyk aan ede (Matt. 5:37), en sal betaal moet word (Ps. 50:14; Pred. 5:1-5; Deut. 23:21).

## *Die prosedure by die eed*

Ons het reeds gesien dat die Naam van die Here aangeroep moet word wanneer 'n eed geneem of gesweer moet word (Deut. 6:13; 10:20; Jes. 45:23).

In die Bybelse tyd het dit gepaard gegaan met die ophef van die hand (Gen. 14:22) of die lê van die hand onder die heup (Gen. 24:2, 3), terwyl 'n offerhandeling (Num. 5:18-22), of die slagting van diere as 'n simboliese handeling (1 Sam. 11:7) die eed kon begelei. Vandag word dit meestal gedoen met die opsteek van die regterhand en twee wysvingers in die hof.

Maar dan gaan dit gewoonlik gepaard met bepaalde eedformules. Wanneer God gesweer het, het Hy gesê: "So waar as Ek leef" (Jes. 49:18). Omdat Hy by geen meerdere kan sweer nie, sweer Hy by Homself (Hebr. 6:13,14). Wanneer die mens sweer, roep hy God tot getuie (2 Kor. 1:23) of sê hy ook: "So waar as die Here leef! " (Jer. 4:2). En die rede hiervoor is duidelik. Dit is 'n woord wat alleen uitgespreek kan word in teenwoordigheid van die lewende God, terwyl die mens, ter wille van die waarheid, reg en geregtigheid hom, vrywillig stel in die hande van die alsiende en alwetende God, wat oor die gebruik en misbruik van die eed moet waak ter wille van die handhawing van die wet en orde in sy koninkryk op aarde.

Dan was daar ook 'n verdere formule wat uit twee dele bestaan het waarin die eedsweerder oor homself 'n oordeel uitspreek indien hy skuldig sou wees aan 'n saak (Job 31:5-40) of nie 'n onderneming ten uitvoer sou bring nie (1 Kon. 2:23).

Wie 'n eed sweer, bely nie alleen daarmee dat God bestaan nie, maar dat Hy steeds handelend daar is en Hom met hierdie wêreld bemoei, meer nog, dat Hy die uitsluitlike reg op hierdie wêreld het, en Hom steeds met sy ganse skepping besig hou, en ook toesien dat sy wette gehoorsaam word en die oortreders daarvan hulle oordeel ontvang.

Wie dan die eed anders gebruik as wat God dit bedoel het, rand God aan in sy persoon, laat God nie meer God wees nie, en het 'n oortreder geword van die derde gebod.

## *Die vervloeking by die eed*

In die voorafgaande het ons twee voorbeelde genoem waar die een wat sweer 'n vervloeking oor homself uitspreek (Job 31:5-40; 1 Kon. 2:23).

Die idee van 'n vervloeking het dan ook wesenlik tot die eed behoort soos dit byvoorbeeld by die vernuwing van die verbond van God in Deut. 29 treffend gestel word: "Om oor te gaan in die verbond van die Here jou God - en in sy eedswering - wat die Here jou God vandag met jou sluit" (Deut. 29:12). En 'n bietjie verder: "En die Here sal hom tot sy ongeluk van al die stamme van Israel afskei volgens al die vloeke van die verbond wat in hierdie wetboek geskrywe is" (Deut.29:21).

So het Nehemia die priesters laat sweer om toe te sien dat 'n bepaalde ooreenkoms nagekom sal word. Verder het hy sy boesem uitgeskud en gesê: "Mag God so elke man uitskud wat hierdie woord nie bevestig nie, uit sy huis en uit sy besitting; en mag hy so uitgeskud en leeg wees! Toe sê die hele vergadering: Amen" (Neh. 5:12-13).

Dit is dus uit bogenoemde voorbeelde duidelik dat dit die vloek van God is wat by die aflegging van die eed self aanwesig is. Dit is die vloek van die Here wat by die eed afgekondig word: "Mag die Here jou tot 'n vervloeking en 'n verwensing maak..." (Num. 5:21). En die aanduiding is dan ook dat die Here by so 'n vervloeking kragdadig teenwoordig is, en in die geval van die een wat skuldig is, die vervloeking dan ook laat uitkom (Num. 5:27).

Hiermee word dan ook die deïsme, die idee dat God hierdie wêreld aan sy lot oorgelaat het, by die wortel afgesny. God maak bemoeienis met sy volk. Hy is die God wat steeds handelend daar is waar sy Naam gelowig aangeroep word, omdat sy Naam die uitdrukking van sy wese, sy persoon self is.

Wie hom egter ligvaardig of bloot om eie gewin in die eedswering aan die heilige Naam van God vergryp, of sy Naam ontheilig deur vals te sweer (Lev. 19:12), sal die straf van die Here nie ontkom nie (Ex. 20:7).

## *Die onherroeplikheid van die eed*

Omdat die Naam van die Here aangeroep word in die eed en die Here self daarby betrokke is, is die eed in sy wese dan ook onherroeplik (Num. 30:2; Eseg. 17:19).

So het Israel dit dan ook verstaan toe hulle hulself met 'n eed aan die Gibeoniete verbind het en later die bedrog ontdek het: "Dit sal ons aan hulle doen en hulle laat lewe, sodat daar nie toorn oor ons kom ter wille van die eed wat ons vir hulle gesweer het nie" (Jos. 9:20). Ongeveer 500 jaar later het koning Saul hierdie eed verbreek en probeer om die Gibeoniete uit te wis. Die straf van die Here het egter nie uitgebly nie (2 Sam. 21:1, 2, 9, 14). Om hierdie rede mag ons nooit ligvaardig een of ander eed sweer nie, want die Here self sal ons by ons ede hou, terwyl sy toorn nie sal uitbly nie (Jos. 9:20). Dit beteken egter nie dat alle ede, ongeag van watter omstandighede ook al, gehou moet word nie. Daar is ede wat herroep kan word soos deur die wet self bepaal is, soos byvoorbeeld die ede van 'n dogter wat deur haar vader (Num. 30:3-5) of van 'n vrou wat deur haar man tot niet gemaak kan word (Num. 30:6-16).

So byvoorbeeld is Dawid deur Abigail verhinder om die eed wat hy gesweer het om Nabal dood te maak ten uitvoer te bring (1 Sam. 25). Dawid het haar ook daaroor geprys: "En

geseënd is jou verstandigheid en geseënd is jy self wat my vandag teëgehou het om in bloedskuld te geraak en my met eie hand te help" (1 Sam. 25:33). En dit is so. Hierdie eed mog Dawid nie hou nie, want dan het hy die gebod van God oortree, wat sê: "Jy mag nie doodslaan nie" (Ex. 20:13).

Daar is dus ede wat herroep kan word en ede wat herroep moet word. Om hierdie rede was die gelofte van Jefta (Rigt. 11:30, 31) en die eed van Herodes Antipas (Matt. 14:7) nie alleen ligvaardig en daarom sondig nie, maar was ook die voltrekking in beide gevalle dubbel verkeerd en daarom 'n oortreding van die derde gebod, terwyl hulle die Naam van die Here ydellik gebruik het. In al drie bogenoemde gevalle was die eedswering self sondig en ongeldig. God laat nie op so 'n wyse op Hom beslag lê om daarby betrokke te wees nie.

## *Om onnodig te sweer*

Die Heidelbergse Kategismus leer dat ons ook deur onnodig te sweer die Naam van die Here ydellik gebruik (99).

Die Bybel waarsku dat ons nie haastig met die mond moet wees nie. Ons woorde moet eerder min wees, omdat God toornig kan word oor ons stem (Pred. 5:1-5) en ons al te maklik onder 'n oordeel kan val (Jak.5:12).

Dit is duidelik dat die derde gebod ons leer om die eed alleen by wyse van die hoogste uitsondering te gebruik, waar die owerheid dit vereis of die nood dit vorder om trou en waarheid daardeur te bevestig, en dit tot eer van God en tot heil van die naaste is (H.K. 101), en nie vir allerlei alledaagse en platvloerse sake, sodat die verhewe en heilige karakter daarvan verlore raak en die eed goedkoop gemaak word nie.

Ons sê so maklik: So waar as die Here, of: Die Here hoor my. En dit mag nie wees nie. Om te sweer is 'n groot saak. Ons mag nie by alles wat ons sê die Naam van die Here insleep nie.

Dit kan ook wees dat ons, net omdat ons persoonlike wins daaruit wil haal die Naam van die Here as getuie roep, of erger nog, net om 'n lastige ondersoek vry te spring. Sodoende is ons egter besig om die eed te misbruik en die derde gebod te oortree.

Uit die Skrif word dit duidelik dat die eed ingestel is, nie ter wille van alleen eie persoonlike voordeel nie, maar dan wanneer God se eer en die heil van die mens op die spel is: "Dan sal jy sweer: So waar as die Here leef! in waarheid, in reg en in geregtigheid; en die nasies sal hulleself in Hom seën en hulle in Hom beroem" (Jer. 4:2; Jes. 45:23).

Maar wanneer dit gaan om ons eie eer, soos in die geval van Jefta (Rigt. 11:30-40) en van Herodes (Matt. 14:7-11), sweer ons nie meer tot eer van God nie (Jes. 45:23), en dien ons daarmee ook nie meer ons naaste nie (Rigt. 11:35-40; Matt. 14:10,11), maar onsself, omdat God nie meer in sulke ede teenwoordig is nie. Dan het ons van ons ede afgode gemaak, en het ons daarmee God van sy vryheid beroof. Dit is 'n oortreding van die derde, maar ook van die tweede gebod.

## *By 'n ander naam te sweer*

Ons het reeds gesien dat die Woord verklaar dat ons by die Naam van die Here moet sweer (Deut. 6:13; 10:20; Jes. 45:23). Die Skrif gaan egter nog verder en kondig die oordele van God aan oor diegene wat by 'n ander naam sweer: "En Ek sal my hand uitstrek teen Juda en teen al die inwoners van Jerusalem; Ek sal ook uit hierdie plek uitroei wat van Baal oorgebly het, die naam van die afgodsdienaars saam met die priesters; en die wat op die dakke die leër van die hemel aanbid; en die aanbidders wat by die Here sweer en sweer by Milkom" (Sef. 1:5). Of ook: "Waarom sou Ek jou vergewe? Jou kinders het My verlaat en gesweer by wat geen god is nie" (Jer. 5:7).

God weier egter om sy eer aan 'n ander te gee (Jes. 42:8). Daarom sê Hy: "Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie; dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer" (Jes. 45:23). Daarom verklaar die Heidelbergse

Kategismus ook dat die mens nie by heiliges of enige ander skepsel 'n eed mag sweer nie," want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ons God aanroep om as die enigste Kenner van die hart vir die waarheid getuienis te gee, en my te straf as ek vals sweer (2 Kor. 1:23; Rom. 9:1)- "'n eer wat aan geen skepsel toekom nie" (Matt. 5:34-36; Jak. 5:12; H.K. 102).

Om watter rede Josef dit ook al sou gedoen het, word hiermee die eed wat hy by die naam van Farao gesweer het (Gen. 42:16) veroordeel as 'n oortreding van die derde gebod.

Christus het gesê dat ons hoegenaamd nie moet sweer "by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook nie by jou hoof mag jy sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie" (Matt. 5:34-36; 23:16-22).

Hier kan ons selfs ook dink aan sulke ligsinnige opmerkings soos wanneer mense sê: So waar as padda manel dra, of: Só by my kool, en dergelike uitdrukkings wat gebruik word om te bevestig dat ons die waarheid gepraat het. Dit is dinge wat nie by kinders van die Here tuishoort nie; woorde wat nie oor ons lippe geneem mag word nie. By die Here alleen mag ons sweer, en sy eer mag aan niks of niemand anders gegee word nie!

## *Nie vals sweer nie*

Daar staan geskrywe: "En julle mag nie vals sweer by my Naam en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die Here" (Lev. 19:12).

Ons het reeds gesien dat die neem van 'n eed nie in die Skrif verbied word nie. Dit is vir bepaalde omstandighede ingestel ter wille van die waarheid, reg en geregtigheid (Jer. 4:2).

Die waarskuwing in Lev. 19 leer ons egter dat die valse eed veroordeel en verbied word. Die Heidelbergse Kategismus wys daarop dat die Naam van die Here deur die valse eed gelaster en misbruik word (99).

Wanneer 'n eed geneem word, word God self as Getuie en Regter aangeroep om die woorde wat gespreek word as die waarheid te bevestig (Rigt. 11:10; Gen. 31:44-55). Wie dus hier nie die waarheid praat nie, het God tot getuie van 'n leuen gemaak, het God self tot deelgenoot van sy leuen gemaak.

As dit moontlik is om die Naam van die Here te belaster (Vgl. 1 Tim. 6:1), dan word dit deur die valse eed gedoen. Hy wat vals sweer glo nie meer dat God werkend teenwoordig is, of self sy eer sal handhaaf nie; die vrees en eerbied vir die één ware God is weg.

En helaas, omdat die Naam van die Here deur so baie op hierdie manier belaster word, het daar al baie stemme opgegaan dat die eed liewers afgeskaf moet word. Die heiden en ongelowige glo in elk geval nie in God nie, en vir hulle beteken die neem van die eed ook niks. Dit sal hulle in elk geval nie aanspoor om die waarheid in die hof te praat nie.

Hoe waar dit alles ook al is, sal dit jammer wees as die owerheid ooit so ver sal gaan om die eed af te skaf. Ons het reeds gesien dat die eed ingestel is om die mag van die sonde te stuit ook binne die raamwerk van die algemene genade vir die handhawing van wet en orde, en om die waarheid, reg en geregtigheid daarmee te dien. Die feit dat die eed vandag nog gehandhaaf bly is onteenseglik 'n getuienis dat ons daar nog nie met 'n ateïstiese staat te make het nie.

'n Mens vertel gewoonlik 'n leuen omdat jy reken dat die waarheid in die spesifieke geval jou nie sal bevoordeel nie. Die kind van God word egter vermaan om nooit, onder geen omstandighede te lieg nie, omdat hy die ou mens met sy werke afgelê het (Kol. 3:9; Ef. 4:25).

## *Christus en die eed*

Dit wil voorkom dat die Jode in die tyd van onse Here Jesus aan die heilige karakter van die eed wou ontkom deur nie by die Naam van die Here te sweer nie, maar by die hemel, by die aarde, by Jerusalem of by die hoof (Matt. 5:34-36). Dan het hulle ook 'n ingewikkelde verdeling gemaak tussen ede wat bindend en wat nie bindend is nie (Matt. 23:16-22).

Teen hierdie wanpraktyk het Jesus só sterk opgetree dat dit die indruk skep dat Jesus die eed as sulks afgewys het: "Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie ... Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose" (Matt. 5:34,37).

Wanneer ons hierdie uitspraak egter in sy konteks lees, val dié misverstand weg, en sien ons duidelik dat Jesus leer dat ons hoegenaamd nie by die hemel, by die aarde, by Jerusalem of by die hoof mag sweer nie, want op so 'n wyse kan ons tog nie aan God ontkom nie, want die hemel is die troon van God, die aarde is die voetbank van sy voete, Jerusalem is die stad van die groot Koning, en die hoof se hare word nie deur die mens nie, maar deur God wit of swart gemaak. (Matt. 5:34-36). Op dieselfde wyse word die ander wanpraktyke deur Jesus afgewys: "Wie by die altaar sweer, sweer daarby en by alles wat daarop is; en wie sweer by die tempel, swéér daarby en by Hom wat daarin woon; en wie sweer by die hemel, sweer by die troon van God en by Hom wat daarop sit" (Matt. 23:20-22).

Wie dan ook al op watter wyse ook al sweer, sweer in teenwoordigheid van die alomteenwoordige God by wie se Naam alleen gesweer mag word (Deut. 6:13; 10:20; Jes. 45:23). En in die teenwoordigheid van God moet ons woord wees: Ja ja, nee nee. Al die ander dinge, om by ander name of dinge te sweer, is uit die Bose.

Dat ons hiermee 'n korrekte vertolking van die woorde van Jesus gegee het, blyk duidelik uit die feit dat Jesus self by geleentheid voor Kajafas die eed gebruik het (Matt. 26:63,64).

Om 'n eed te sweer is dus nie alleen geoorloof nie, maar onder bepaalde omstandighede 'n plig, want dit strek tot eer van God, dat Hy as God erken word, en tot heil van die naaste, wie se belange beskerm moet word.

## *Die onbruik van sy Naam*

Wie die Naam van God geheel en al nie gebruik nie, tree op asof God glad nie bestaan en Homself nie in die geskiedenis van Israel en in Jesus Christus openbaar het nie. Daardeur word die heilige Naam van God ontheilig, van sy inhoud leeg gemaak en daarmee die derde gebod oortree. So iemand ignoreer nie alleen die bestaan van God nie, maar ook die feit dat God gespreek het. En so 'n optrede teenoor die lewende God, asof Hy dood is, kan nie anders om as 'n verskriklike vergryp teen sy heilige Naam veroordeel te word nie.

Dit beteken om te leef asof daar geen God is nie: "o Geslag, verneem die woord van die Here! Het Ek vir Israel 'n woestyn geword of 'n land van duisternis? Waarom sê my volk dan: Ons swerf vry rond, ons sal nie meer na U toe kom nie? Kan 'n jonkvrou haar versiersel vergeet, 'n bruid haar pronkgordel? Maar my volk het My vergeet, dae sonder getal" (Jer. 2:31, 32). God kan nie werkeloos toesien dat die mens aan wie Hy net goed gedoen het, so gou kan vergeet nie. Daarom lees ons 'n bietjie verder: ,,'n Stem is gehoor op die kaal heuwels, smekende geween van die kinders van Israel, omdat hulle hul weg verdraai het, die Here hulle God vergeet het" (Jer. 3:21).

Wie God ignoreer, sal wel op een of ander wyse deur God self van sy bestaan bewus gemaak word, al is dit dan ook deur middel van bankrotskap soos byvoorbeeld die verlore seun by die varkbakke (Luk. 15:15-17).

'n Mens kan God ignoreer selfs deur 'n eie strewe na geregtigheid, waarmee die gebod van God verwerp of nagelaat word (Mark. 7:7-9). Hier het die oorlewering van mense die plek van die gebod van God ingeneem, 'n eiesinnige godsdiens (Kol. 2:23) soos in die geval van Nadab en Abihu wat vreemde vuur voor die aangesig van die Here gebring het (Lev. 10:1,2; 16:12).

'n Mens kan ook die woord van God ignoreer deur net daarna te luister, maar dit nie te doen nie. Daarom staan daar geskrywe: "En word daders van die Woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie" (Jak. 1:22).

## *Die lot van die ongehoorsames*

Jesus het gesê: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die

Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matt. 28:19). Dit is dus duidelik dat die verkondiging van die evangelie en die Naam van God onlosmaaklik aan mekaar geweef is, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie, as die Naam van Jesus Christus nie (Hand. 4:10-12), want aangaande Hom getuig al die prof ete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang (Hand. 10:43), want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Rom. 10:13), en elkeen wat glo in die Naam van die Seun van God kan weet dat hy die ewige lewe het (1 Joh. 5:13).

Die verkondiging van die evangelie is dus niks anders as die proklamasie van die Naam van Christus Jesus die Here nie. Dit is die grootste opdrag, die belangrikste taak van die kerk, die uitbreiding van sy ryk op aarde. En aan hierdie opdrag moet elke kind van God meedoen, want as ons swyg, sal die klippe uitroep (Luk. 19:40).

En as ons aan hierdie opdrag ongehoorsaam is, dan moet ons weet dat die Here Jesus eendag met sy magtige engele uit die hemel kom "in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte, wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo, in daardie dag; want ons getuienis het by julle geloof gevind" (2 Thess. 1:8-10).

Ons mag dus nie afsydig staan asof God nie gespreek het nie. Ons moet dan gedurig déúr Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely (Hebr. 13:15). Hy self het gesê: "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is" (Matt. 10:32, 33). En ook: "Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die Mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele" (Mark.8:38).

## *Die sondes van versuim*

Wanneer daar oor sondes gepraat word, dan is ons al te geneigd om te vra: Wat het ek dan verkeerd gedoen? Sonde is vir ons al te veel dit wat ek verkeerd doen. En ons vergeet so maklik dat ons ook skuldig kan staan oor dit wat ons nalaat om te doen - die sondes van versuim in ons lewe.

En dan kan ons maar begin opnoem. Die Bybel sê: "Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer" (Hebr. 10:25-27). En hoe maklik verwaarloos ons nie die onderlinge byeenkomste nie. Hier mag ons ook dink aan die goeie gebruik van huisgodsdiens, waar die familie om die huisaltaar saamkom vir Bybellees en gebed, wat al meer in onbruik raak.

Om nie eers van die sonde van biddeloosheid te praat nie. Die Skrif sê: "Julle het nie, omdat julle nie bid nie" (Jak. 4:2). En ook: "Bid sonder ophou" (1 Thess. 5:17). Maar hoe lyk dit met ons gebedslewe? Bid ons nog soos van ons verwag word om te doen?

En wat het van ons getuienis geword? Die Skrif sê: "Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely" (Hebr. 13:15). En in Hand. 1:8 staan daar: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees .. ." Kan ons ook soos die Psalmdigter sê: "Kom luister, en laat my vertel, julle almal wat God vrees, wat Hy aan my siel gedoen het" (Ps. 66:16), en dit ook aan ons eie mense van ons eie huis vertel? (Mark. 5:19).

En werk ons nog in die Heer se wingerd (Matt. 21:28), of moet ons ook maar soos die onvrugbare loot afgesny en in die vuur gegooi word (Joh. 15:2, 6) of uit die mond van God gespuug word, omdat ons lou geword het? (Openb. 3:15, 16). Die Skrif sê dat hy vervloek is

wat nalatig is om die werk van die Here te doen (Jer. 48:10), en dat God die bloed van die goddelose van ons hand sal eis as ons hom nie gewaarsku het nie (Eseg. 3:18).

Wie nie met die Naam van God woeker nie (Neh. 9:5), maak die Naam leeg en word skuldig aan die derde gebod.

## *Die oortreder nie aangekla nie*

Om die oortreder nie aan te kla nie, tel ook onder die sondes van versuim. Ons durf nie stilbly wanneer die Naam van die Here gelaster word nie. Daar staan geskrywe: "En as iemand sondig - dat hy die luid uitgesproke beswering hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet - as hy naamlik dit nie te kenne gee nie en so sy ongeregtigheid moet dra" (Lev. 5:1). Of ook: "Hy wat saam met 'n dief deel, haat sy eie siel; hy hoor die beswering, maar openbaar niks nie" (Spr. 29:24). Daarom het die wet bepaal dat die hele vergadering die vloeker moes stenig (Lev. 24:13-16). Die hele volk moes optree soos ook in die geval van Agan - die hele Israel het hom gestenig (Jos. 7:25).

Daarom leer die Heidelbergse Kategismus ook dat "ons ook deur te swyg of dit toe te laat, aan sodanige verskriklike sondes geen deel moet hê nie" (99). Die wat stilswyend toekyk terwyl daar gesondig word, is ook skuldig. Die derde gebod waarsku dus teen die gevaar van neutraliteit. Die kind van die Here moet steeds, en op al die terreine van die lewe, die sout van die aarde wees (Matt. 5:13). Daarom verklaar die Kategismus verder dat God Hom ook oor diegene vertoorn wat die laster van die Naam van God, soveel as dit in hul vermoë is, nie help weer en verbied nie (100).

Die derde gebod waarsku dus teen 'n goddelose verdraagsaamheid by die kinders van die koninkryk van God (vgl. Rom. 1:32), asof die goddelose en ongelowige nie ook moet buig onder die wette van God nie (vgl. Rom. 2:12).

Daarom moet die eer van die heilige Naam van God ook deur wetgewing beskerm word, want die Woord van God verklaar: "Vloek Meros, sê die Engel van die Here; ja, vervloek sy inwoners, omdat hulle die Here nie tot hulp gekom het nie, die Here tot hulp onder die helde" (Rigt. 5:23). Wanneer die mense die heilige dinge van God nie beskerm nie, sal God self intree. Ons mag nooit huiwer wanneer die eer van God op die spel is nie; dan mag ons nie bang wees of weier om betrokke te raak nie.

## *Gedeeltelike stilswye*

Nie net die algehele stilswye nie, maar ook die gedeeltelike stilswye oor God word in die derde gebod verbied. God is Skepper en Onderhouer van die ganse heelal, en ter wille van die hele wêreld het Hy sy Seun as Verlosser gegee (Joh. 3:16; 1 Joh. 2:2) en ook sy Gees om sy allesinsluitende heiligende werk in sy koninkryk te verseker. Daarom mag daar geen terrein hoegenaamd wees van wie Hy nie kan sê, dat dit Syne is nie.

Die derde gebod word dus oortree wanneer ons nie noulettend toesien dat die Koningskap van Christus oral, dit wil sê, op elke terrein van die lewe, gehandhaaf word nie. Dit sluit terreine soos opvoeding en onderwys, kuns en wetenskap, politiek en arbeid, radio en perswese, en enige ander vakgebied in. Daar bestaan geen terrein wat neutraal is nie, 'n terrein waar die Naam van God-drieënig nie ter sake is nie. So byvoorbeeld bestaan daar geen neutrale beoefening van die wetenskap nie. Die beoefening daarvan is wel objektief, maar nooit neutraal nie. Oral moet daar dus met die Naam van God gewoeker word. Op elke vakgebied moet die gebed gehoor word: Laat u koninkryk kom! (Matt. 6:10).

Daar is al talle pogings aangewend om die godsdiens van die gewone lewe te skei. Dit is iets vir Sondag, maar nie vir die ander dae van die week nie. So word byvoorbeeld gesê dat die godsdiens niks te make het met die opvoedkunde, kuns, wetenskap of die politiek nie. Die kerk mag hom met hierdie dinge nie bemoei nie. Dit is so. Dit is sekerlik nie die terrein van die Teologie nie. Die kerk het nie tot taak om wette vir die staat te maak of aan die wetenskaplike voor te skrywe nie. Maar die kerk het sekerlik 'n taak om al hierdie aspekte van die lewe aan die norme van die Skrif te toets. Die Tien Gebooie is die grondwet van God se ryk op aarde, die

grense waarbinne Hy aan die mens lewensruimte geskep het. En daar is beslis geen terrein wat nie hierdeur gedek word nie. Of anders sou dit beteken dat daar 'n gebied is wat hom aan die heerskappy van God ontworstel het. Vir hierdie gebied is die Naam van God dan leeggemaak, aan niks gelyk gestel, en die derde gebod inderdaad oortree.

## *Lippediens*

Toe die Fariseërs en skrifgeleerdes van Jesus wou weet waarom sy dissipels met ongewaste hande brood eet, het Hy hulle geantwoord: "Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af' (Mark. 7:6; Jes. 29:13). Ook deur die mond van Joël het God gespreek en gesê: "En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God" (2:13).

Uiterlike pligspleging, vormdiens of lippediens het geen waarde nie, en beteken om die Naam van God ydellik te verhef (Ps. 139:20). God hou dit teen sulke mense: "As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis - om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste - Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor My weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu, al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol" (Jes. 1:12-18).

So het Samuel aan Saul gesê: "Kyk, om gehoorsaam te wees, is beter as slagoffer; om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens" (1 Sam. 15:22, 23). En soos Saul, het later ook Absalom met sy lippe agter die ware godsdiens geskuil, maar met geen suiwere motiewe nie (2 Sam. 15:7, 8). Dit is om die stem van Jakob en die hande van Esau te hê (Gen. 27:22), of dit is soos die Satan in die mantel van Samuel (1 Sam. 28:13, 14). Van hierdie mense skrywe Paulus: "Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk" (Tit. 1:16).

Wie veins, doen hom voor vir wat hy nie is nie. En hy wat so in teenwoordigheid van God handel, lieg vir die Heilige Gees (Hand. 5:3). Hy lieg nie vir mense nie, maar vir God (Hand. 5:4). Hy gebruik die Naam van die Here ydellik en word dus skuldig aan die derde gebod.

## *Geweld in die Naam van God*

As 'n mens sien hoe daar al meer gepleit word vir geweld in die Naam van God, kan die waarheid van die voorsegging van Christus ook al hoe meer begryp word, waar Hy gesê het: "Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys" (Joh. 16:2).

En hoe laat het dit nie al geword nie, wanneer terroriste deur 'n kerklike vergadering vryheidsvegters genoem word, wanneer moord en doodslag in die Naam van God bevorder of goedgepraat word.

Hoe anders klink die taal van die Skrif, waar ons lees: "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare" (Sag. 4:6). En toe Petrus die oor van Malchus afgekap het (Joh. 18:10, 11) het Jesus vir hom gesê: "Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie?" (Matt. 26:52, 53). En aan Pilatus het Jesus gesê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (Joh. 18:36). Die wapens van die kerk is dus nooit wapens van die vlees nie, maar van die Gees, soos sy Woord (Ef. 6:17), die geloof (1 Joh. 5:4) en die liefde (1 Kor. 13:13; 1 Joh. 4:20, 21). Niemand word deur geweld

waarlik bekeer nie. Die karakter van die kerk is oorredend, nie dwingend nie. Daarmee word die terrein van die staat betree.

God het wel aan die staat die swaardmag gegee (Rom. 13:4) "sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm. En hul amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel" (N.G.B. 36). Dit is dus die plig van die staat om die Here op so 'n wyse te hulp te kom (vgl. Rigt. 5:23), maar nooit die taak van die kerk nie (Matt. 28:19). Dan word die derde gebod deur die kerk self oortree. Die taak van die kerk is nie om te verderf nie, maar te red (Luk. 9:51-56).

## *Die Naam van God om ons ontwil gelaster*

Paulus skrywe: "Want, soos geskrywe is, die Naam van God word om julle ontwil onder die heidene gelaster" (Rom. 2:24; vgl. Jes. 52:5). En dan maak hy direk daarop die toepassing: "Want die besnydenis is wel nuttig as jy die wet onderhou; maar as jy 'n oortreder van die wet is, het jou besnydenis onbesnedenheid geword" (Rom. 2:25). Die Jood staan veroordeel ondanks die besnydenis, en ondanks die feit dat hy hom op die wet beroem en ander as oortreders van die wet veroordeel. Hy wat vir ander preek, staan self skuldig as 'n oortreder van die wet (Rom. 2:17-23). Sodoende het die Jood nie alleen die besnydenis ongedaan gemaak en die verskil tussen hom en die heiden uitgewis nie, maar ook daartoe die aanleiding gewees dat die Naam van God, as gevolg hiervan, grootliks onder die heidene gelaster is.

Die Christen het 'n plig om te lewe soos hy getuig en dit ter wille van die Naam wat oor hom uitgeroep is (Hand. 15:17). Daarom skrywe Paulus ook aan almal wat diensknegte is onder 'n juk, dat hulle hul "eie here alle eer waardig ag, sodat die Naam van God en die leer nie belaster mag word nie" (1 Tim. 6:1). 'n Christen moet onder alle omstandighede waardig die evangelie en die Naam van God lewe, anders gee dit aan die ongelowiges en goddeloses rede om die Naam van God te laster, aangesien dit die indruk skep dat daar geen krag tot vernuwing in sy Naam is nie. Deur die ydele wandel van die gelowige word die Naam van God leeggemaak en aan niks gelyk gestel, omdat dit 'n streep trek deur alles wat in die evangelie geleer word met betrekking tot die ware vryheid (Joh. 8:36) die nuwe lewe (2 Kor. 5:17), die volkome redding (Hebr. 7:25) en al die geestelike seëninge wat in Christus Jesus die Here is (Ef. 1:3).

En onder sulke omstandighede, waar die Naam van God ontheilig is, kan God nie straffeloos toekyk nie. Daarom het God byvoorbeeld deur Natan aan Dawid gesê: "Maar omdat u die vyande van die Here deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind wat vir u gebore is, ook sekerlik sterwe" (2 Sam. 12:14). Dawid het dus dubbel gesondig. Hy het self die wette van God oortree (2 Sam. 12:1-13), maar deur sy oortreding het ander ook skuldig geword aan die wet van God wat leer dat die Naam van die Here onse God nie ydellik gebruik mag word nie (Ex. 20:7; Deut. 13:5-11).

## *Deur te vloek*

Die Heidelbergse Kategismus verklaar dat ons ook deur te vloek die Naam van God laster en misbruik (99).

Die vloek is die doelbewuste gebruik van die Naam van God of enige ander kragwoord om aan die eie woorde groter krag te gee. Dit weer getuig van innerlike bankrotskap en van 'n gevoel van minderwaardigheid en van gebrek aan selfbeheersing. Dit is ook gevoelsontlading. Die natuurlike mens het behoefte aan kragterme. Dit getuig ook van 'n gevoel van onmag, 'n begeerte om ander te verneder, te skok of selfs te beïndruk. Dit kan ook bloot stopwoorde, lapwoorde of 'n gewoonte wees.

Die meer brutale ontheiligende misbruik van die name van God wat as vloekwoorde uitgeroep word is: God, Here en Jesus. Of ook: Vadertjie, Heretjie, hemel, hel, donder, bliksem,

dêmit ensovoorts.

Om die name van God as stopwoorde of skelwoorde te gebruik, beteken om die Naam van God te ontheilig, terwyl die Here Jesus ons geleer het om te bid: "Laat u Naam geheilig word" (Matt. 6:9).

Kragwoorde uit die weer uit, soos donder en bliksem, beteken weer om die majesteit van God aan te rand.

Maar dan kry ons 'n hele aantal bastervloekwoorde wat op 'n meer gekamoefleerde wyse die heilige Naam van God ontheilig soos byvoorbeeld magtig, 'n afleiding van die Almagtige, wragtig van die Waaragtige, jissie van Jesus, jislaaik van 'Jesus-like' en bleddie of blerrie wat kom van 'bloody' wat dui op 'the bloody One', dit is Jesus Christus. Waarskynlik gebruik die meeste mense hierdie bastervloekwoorde sonder dat hulle besef dat hulle vloek. Dit is vir hulle net 'n lelike gewoonte. En tog staan hulle nie minder skuldig teenoor die heilige Naam van God nie (Luk. 12:47,48).

Dit word al meer 'n ontstellende verskynsel dat allerlei vloekwoorde in toneelopvoerings, films en boeke kwistig gebruik word met die verskoning dat dit 'n lewensgetroue weergawe van die werklike lewe is.

Dit is tog duidelik dat die vryheid van die skrywer geen onbeperkte vryheid is nie (Deut. 13:5-11). Die bloedskande tussen Amnon en Tamar word nie in die fynste besonderhede smaakvol opgedis nie (2 Sam. 13). Die woordkeuse is sober en spaarsaam. En só 'n toneel mag tog seker nie op doek of op die planke gebring word nie. Ons leer wel van Semeï wat vir Dawid gevloek het (2 Sam. 16:7), maar die lelike taal self word nie genoem nie. Paulus skrywe dan ook van dinge wat skandelik selfs is om te noem (Ef. 5:3-7). Ons sou graag wil weet op grond waarvan die speler nie aan God rekenskap sal moet gee vir elke growwe woord wat hy moet uitspreek nie (Matt. 12:33-37); wat nog te sê van die skrywer wat sy karakter dit laat doen (vgl. 1 Kor. 8:9-13). Die Skrif beveel: "Laat geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor (Ef. 4:29). En ook: "Maar nou moet julle dit alles aflê, naamlik toom, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond" (Kol. 3:8).

## *Deur te laster*

As dit verkeerd is om te vloek, dan gaan Godslastering veel verder. Dit is om die eer van God aan te rand deur Hom te beledig, te bespot, te beskimp (Lev. 24:10-16; Openb. 13:1, 5, 6) of moedswillig iets te doen waardeur die woord van die Here verag en sy gebod verbreek word (Num. 15:30, 31). In die Nuwe Testament beteken dit die aantasting van die eer van Christus, dat Hy gesmaad word (Matt. 27:39-44; Luk. 23:39), terwyl teëkanting van die evangelie van Christus ook op Godslastering neerkom (1 Tim. 1:13; Hand. 13:45; 18:6; 26:ll;2Petr.2:2).

Die Heidelbergse Kategismus verklaar dat daar geen groter sonde is of een wat God meer vertoorn nie, as die lastering van sy Naam. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (100), soos geskrywe is: "As iemand sy God vloek, sal hy sy sonde dra. En wie die Naam van die Here laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land - as hy die Naam laster, moet hy gedood word" (Lev. 24:15,16).

Hierby moet gevoeg word die laster teen die Heilige Gees waarvoor daar geen vergifnis tot in ewigheid is nie (Mark. 3:29). Dit beteken om moedswillig, teen die beterwete in, die werk van God aan Satan toe te skrywe (Mark. 3:20-30). Dit is om te verklaar dat die waarheid die leuen, die hemel die hel, Jesus die Satan is, en dit teen die getuienis van die Heilige Gees in. Die skrifgeleerdes het nie die Naam van die Heilige Gees genoem nie, maar gesê dat Jesus 'n onreine gees het (Mark. 3:30) en tog laster hulle, deur so te praat, teen die Heilige Gees, dit is teen die duidelike getuienis van die Heilige Gees in; teen hulle beterwete in. Die daad spruit uit 'n onwedergebore hart vol haat, afguns en bitterheid. Hulle weet presies wat hulle doen omdat hulle dit wil doen. Dit kom dus uit 'n hart waarin die gewete toegeskroei is; uit die hart van een vir wie dit nie meer saak maak nie, wat niks meer omgee nie, vir wie dit nie eers meer hinder

nie.

Aan die ander kant is daarmee gesê dat alle ander sondes, hoe aaklig ook al (1 Kor. 6:10,11; Gal. 5:19-24), ja alle sondes wat bely word, deur God, kragtens die bloed van Christus, vergewe word (1 Joh. 1:7-10). So kon Jesus dan ook aan een van die rowers wat Hom gesmaad het (Matt. 27:39-44; Luk. 23:39), sê: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Luk. 23:43).

Intussen is dit 'n gruwelike sonde en gevaarlik om God uit te tart en sy heilige Naam te smaad, want vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God (Hebr. 10:31). En van Christus word gesê: "Elkeen wat op dié steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel'' (Luk. 20:18).

## *Die vervloeking in sy Naam*

'n Vervloeking in die Naam van die Here is geoorloof in geval van 'n heilige oorlog (Ps. 118:10-12), of dan wanneer die skuldige skuldig en die regverdige regverdig bewys moet word (1 Kon. 8:31, 32; Num. 5:20-31; Deut. 29:21). 'n Vervloeking in die Naam van die Here is onafwendbaar en kragtig (2 Sam. 16:5-12). Hy wat deur die vloek van God getref word, is uitgelewer aan magte van ontbinding en ondergang (vgl. Num. 5:20-31; Deut. 28:15-68). Daarom moes Christus ons loskoop van die vloek van die wet (Deut. 27:26; Gal. 3:10) deur vir ons 'n vloek te word (Gal. 3:13; 2 Kor. 5:21).

Om 'n vervloeking uit te spreek in die naam van ander gode of enige ander naam, is nie alleen 'n oortreding van die wet van God nie, maar het ook geen waarde nie (vgl. 1 Sam. 17:43). Die vloek van Goliat het ook geen uitwerking op Dawid gehad nie. Sulke vervloekinge mag ons ook nie vrees nie. Om ander mense te vervloek om kleinlike en persoonlike redes, en dan nog die Naam van God daarby in te sleep, is om op 'n gruwelike wyse van sy heilige Naam misbruik te maak.

Alleen waar die eer van die één ware God en die waarheid op die spel is, mag 'n vloek in sy Naam uitgespreek word. So skrywe Paulus: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees" (Gal. 1:8, 9). Of ook: "As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! " (1 Kor. 16:22). Die krag van die vloek in die Naam van God lê in die oordeel van God oor die skuld van hom wat deur die vloek getref word (Hand. 13:9-12).

Ons mag egter die Naam van die heilige God nie gebruik, wanneer ons daarmee iets wil bereik wat die Here nie wil nie of wanneer ons ander daarmee kwaad wil aandoen nie. Dit is om die Naam van God ydellik te gebruik, soos in die towerkunste gedoen word. So laat die Here Hom nie manipuleer nie. So kan die mens nie oor sy heilige Naam beskik en vir homself uit die godsdiens wins behaal nie. God is absoluut soewerein en volkome vry. Hy is nooit 'n gevangene van sy eie genademiddele nie. Hy laat Hom nie betrek by ons kleinlike, oppervlakkige en selfsugtige verwensinge of vervloekinge nie. Veeleer kan die vloek die vloeker tref soos met Goliat gebeur het (1 Sam. 17:43-51; Gen. 12:3).

## *Die bedreiging van die derde gebod*

Dit is die enigste gebod waarby dit prontuit gesê word dat die Here die oortreder nie ongestraf sal laat bly nie (Ex. 20:7). En wie ook al hierdie waarskuwing nie ernstig opneem nie, laat God nie toe om God te wees nie, rand sy heilige Naam aan, maak dit leeg, stel dit gelyk aan niks en oortree die derde gebod. Daarom kan God so iemand nie onskuldig hou nie; die straf sal gewis nie uitbly nie.

Natuurlik is daar steeds vergifnis by God (Ps. 103:3; 2 Petr. 3:9), maar hy wat die Naam van die Here ydellik gebruik, verwerp daarmee alreeds die vergifnis wat alleen deur sy Naam verkry kan word (Hand. 10:43) en daarom kan die straf ook nie uitbly nie. Geen vergifnis sonder belydenis nie (1 Joh. 1:7-9).

Dat dit die Here self is wat hier optree, word uit die geval van Ananias en Saffira treffend bewys. Hulle het albei dood neergeval sonder dat 'n mensehand aan hulle geraak het. En dit het

gebeur omdat hulle die heilige Naam van God ontheilig het deur in sy teenwoordigheid oor hul offergawe aan die Here te lieg (Hand. 5:1-11). En Herodes weer is onmiddellik deur 'n engel van die Here getref, toe hy die eer nie aan God gegee het nie; hy is deur wurms verteer en het gesterwe (Hand. 12:21-23).

In hierdie verband is dit beslissend of daar uit swakheid of uit moedswil gesondig word: "En as 'n enkele siel in swakheid sondig, moet dié 'n jaaroud bokooi as sondoffer bring. En die priester moet versoening doen vir die siel wat hom misgaan het, weens sy sonde in swakheid voor die aangesig van die Here begaan, om vir hom versoening te doen; en dit sal hom vergewe word. Wat die kind van die land onder die kinders van Israel aangaan en die vreemdeling wat onder hulle vertoef - een en dieselfde wet moet vir julle geld, vir hom wat in swakheid iets doen. Maar die siel wat iets moedswillig doen, van die kinders van die land of van die vreemdelinge, hy versmaad die Here; en dié siel moet uitgeroei word onder sy volk uit. Want die woord van die Here het hy verag en sy gebod verbreek. Dié siel moet sekerlik uitgeroei word; sy ongeregtigheid is op hom" (Num. 15:27-31). 'n Mens kan dus uit swakheid, sonder opset, onbewus (Lev. 5:14-19) of moedswillig sondig (Num. 15:30), en dit bepaal die graad van die oortreding en daarmee ook die graad van straf, want die wat weet en nie doen nie sal met baie slae geslaan word, maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slae verdien, sal met min slae geslaan word (Luk. 12:47,48).

Die bedreiging in die derde gebod dui daarop dat God 'n God van orde is wat steeds handelend daar is en wat nie sal toelaat dat sy Naam straffeloos ontheilig word nie.

## *Die doel met die derde gebod*

Die doel met die derde gebod word deur die Heidelbergse Kategismus op 'n treffende wyse uiteengesit: "Dat ons die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied moet gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys mag word" (99).

Daar moet steeds by die mens die nodige eerbied en ontsag vir die één ware God gekweek word. Gebrek hieraan was dan ook in die gemeente van Korinthe die rede gewees vir al die wanordelikhede waarteen Paulus ernstig moes waarsku (1 Kor. 11:17-34). Dit word van ons verwag om God met eerbied en vrees te dien (Hebr. 12:28).

Om sy Naam reg te bely, beteken om dit te bely soos dit in die Woord van God openbaar word. En by sy Naam dink ons aan die Here self in sy openbaring aan ons, in sy gesprek met ons, met alles wat God met die Naam aan ons wil sê. Hy is die Here onse God. Hy is wat Hy is. Hy is die God wat altyd handelend daar is. Hy is die God wat Hom in die geskiedenis aan Israel en in Christus aan ons openbaar het as die Skepper en Onderhouer van alles, en in Christus ons Vader en ewige Verlosser is. En dit bring ons by ons algemene en ontwyfelbare Christelike geloofsbelydenis, soos Sondag na Sondag in die erediens bely word.

En om Hom reg aan te roep, hou tog in dat ons, na luid van die modelgebed, Hom as onse Vader sal aanspreek (Matt. 6:9), terwyl ons by die gebruik van die ander Name van God, steeds onthou dat ons die één ware God, wat groot en heilig is, aanspreek, en nie aan Hom ander name sal gee as wat Hy aan ons gegee het om te gebruik nie.

En wanneer Hy in al ons woorde en werke geprys mag word, spreek dit tog duidelik dat ons aanbidding nie net lippediens mag wees nie, maar dat ons lewe die vrug sal dra wat by die bekering pas (Luk. 3:8). Ons wat sy Naam dra, moet tog steeds, en onder alle omstandighede, uitgeken word as dissipels van Jesus, want ons is briewe geskrywe tot eer van sy nooit volprese Naam (vgl. 2 Kor. 3:2, 3). En ons hele lewe moet een loflied wees: "Ek wil die Here prys so lank as ek lewe; ek wil psalmsing tot eer van my God so lank as ek nog daar is" (Ps. 146:2).

Die onderhouding van die derde gebod het dus, tesame met die eerste twee, tot doel om die mens tot ware aanbidding van God te bring sodat sy heilige Naam daardeur verheerlik en geprys mag word.

# HOOFSTUK V

## *Die Vierde Gebod*

Die vierde gebod lees so:

*"Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Ex.20:8-11).*

In die vierde gebod roep God sy volk op om die sabhatdag, soos reeds in Ex. 16 afgekondig is, nie te vergeet nie, maar steeds in herinnering te roep en te onderhou (vgl. Deut. 5: 12) as 'n heilige vierdag (Lev. 23: 3), 'n dag van heilige samekoms (Lev. 23: 2; 2 Kon. 4:23) om offers te bring (Num. 28:9, 10) en die woord van die Here te hoor (Ps. 40: 10, 11; 68: 27), 'n samekoms wat nie verwaarloos mag word nie (Hebr. 10:25, 26), want "geplant in die huis van die Here, sal hulle groei in die voorhowe van onse God" (Ps. 29: 14).

Dit is 'n sabbatdag, 'n rusdag, wat deur God vir Israel ingestel is (Ex. 16: 5, 25, 26, 29, 30) as 'n toets om te sien of hulle in die wet van God sal wandel of nie (Ex. 16:4), en as 'n teken dat dit die Here is wat hulle heilig (Ex. 31: 13;Eseg.20:12).

Om hierdie rede moes die volk die dag heilig, as 'n dag van afsondering van gewone werk (vgl. Num. 15: 32-36; Jer. 17: 21, 22), want wanneer die dag ontheilig word (Jes. 56:2) deur daarop gewone werk te verrig (Ex. 31: 14) of die dag as 't ware te verwens (Neh. 13: 20, 21; Amos 8: 4-7) of met besoedelde hande offers te bring (Jes. 1:12-17), word sulke handelinge deur God verfoei (Jes. 1:12-15) en was hulle die dood skuldig (Ex. 31:14; Num. 15: 32-36).

Die vierde gebod gaan nie net oor rus nie, maar roep die mens op tot arbeid, soos dit reeds in Gen. 1:28 gedoen is. Maar die mens sou nie deur sy werk oorheers mag word nie; daarom moet hy in ses dae al sy werk, sy beroepswerk, verrig (vgl. Ex. 16:23; 34:21; 35:3; Lev. 23:3; Neh. 13:15, 16; Jer. 17:21, 22; Amos 8:5), maar op die sewende dag moet hy rus van al sy gewone werk (Ex. 20:10; 31:12-18; Jes. 58:13, 14), omdat dit 'n sabbat van die Here, God, of liewers vir Hom, dit wil sê, tot sy eer is (vgl. Jes. 1:13).

En in hierdie opdrag word seun en dogter, dienskneg en diensmaagd, vee en vreemdeling binne die poorte van die stad betrek.

En die rede waarom God die sabbatdag geseën en geheilig het, word gevind in die skepping en voorbeeld van God, want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus (Ex. 20:11; Gen. 2:2,3),

## *Verskille in die twee weergawes van die vierde gebod*

In Deut. 5:12-15 staan geskrywe: "Onderhou die sabbatdag, dat jy dit heilig soos die Here jou God jou beveel het. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy. En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die Here jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te hou."

Wanneer die weergawe van die vierde gebod in Deut. 5 met die weergawe daarvan in Ex. 20 vergelyk word, vind ons nie alleen dat daar belangrike toevoegings tot Ex. 20 gemaak word nie, maar ook die weglating van Ex. 20:11: "Want in ses dae het die Here die hemel en aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en geheilig." Die woord "gedenk" is vervang met "onderhou", en die woorde "en jou vee" is vervang met "of jou os of jou esel of enige dier van jou." Verder is die

volgende woorde bygevoeg: “soos die Here jou God jou beveel het”, en “sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy”. En dan die belangrike laaste byvoeging in Deut. 5:15: “En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die Here jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en uitgestrekte arm; daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te hou.”

Dit is hierdie toevoegings en weglatings wat sommige laat vermoed het, dat al die gebooie oorspronklik net kort en kragtige uitsprake was, en dat Moses dit in Ex. 20 en in Deut. 5 in uitgebreider vorm, onder inspirasie van die Heilige Gees, weergegee het sodat die volk die doel en betekenis daarvan beter kon begryp.

Hierdie oplossing bied egter nie 'n bevredigende antwoord op die feit dat Moses self verklaar: “Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê (Ex. 20:1; Ex. 32:16). Hoe kon Moses self sy eie woorde byvoeg en verklaar dat God “al hierdie woorde gespreek en gesê” het? Só word die weergawe in Deut. 5 nie begin nie, want hier is nie die Here self nie, maar Moses aan die woord. Reeds die opmerking in vers 12 en vers 16, “soos die Here jou God jou beveel het”, dui daarop dat Moses nie besig is om die Tien Gebooie van Ex. 20 hier presies weer te gee nie. In dieselfde lig moet Deut. 5:22 verstaan word; dit is die woorde wat die Here God in Ex. 20 beveel het (Deut. 5:12,16).

Dit is dus beter om te sê dat Ex. 20 die oorspronklike weergawe van die Tien Gebooie is, terwyl ons in Deut. 5 'n vrye weergawe daarvan, met bypassende kommentaar deur Moses vind, sodat die volk die sin en betekenis van die wet beter kon begryp.

## *Die rede vir die weglating en toevoegings*

Onder die woord “gedenk” kan aan begrippe soos vergeet, verag of ignoreer gedink word. Die woord “onderhou” is egter 'n veel sterker woord waarin dit tot uitdrukking kom hoe God wil dat die sabbatdag gedenk moet word, soos dit ook deur die psalmdigter pragtig gestel word: “Maar die goedertierenheid van die Here is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders, vir die wat sy verbond hou en aan sy bevele dink om dié te doen” (Ps. 103:17,18).

Die woorde “soos die Here jou God jou beveel het”, sit groter krag en gesag agter die gebod. Dit is nie Moses nie, maar die Here hulle God wat hulle gered het, wat hulle beveel om die sabbatdag te heilig. Hierdie gebod mag dus nie ligtelik verontagsaam en die sabbat van die Here ontheilig word nie. Die Here sal nie straffeloos toekyk nie.

Die uitbreiding van “jou vee” tot die woorde “of jou os of jou esel of enige dier van jou”, wys sowel op die diere wat kan werk -die ploegos en pakesel - as enige ander dier - soos kamele en perde - wat moet deel in die seëninge van die verbond (Ex. 23:12; Deut. 25:4;lKor.9:9,10).

Die toevoeging, “sodat jou dienskneg en diensmaagd kan rus soos jy” wys daarop dat daar op die sabbatdag geen onderskeid tussen werkgewer en werknemer mag wees soos op ander dae van die week nie; ook aan die werknemer moet 'n rusdag gegun word.

Ex. 20:11 sê wel dat God die sabbatdag geseën en geheilig het omdat God op die sewende dag gerus het nadat Hy in ses dae die hemel en aarde gemaak het, maar Deut. 5:15 gee die rede waarom God Israel beveel het om die sabbatdag te hou, te wete die verlossing uit Egipteland. Hiermee het Moses eintlik niks nuuts gesê nie. Dit staan reeds in die aanhef tot die Tien Gebooie (Ex. 20:2) dat die Here hulle God hulle uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het, en dit is in elke geval 'n rede vir al tien woorde wat God aan Israel gegee het. In Deut. 5:15 word dit net weer eens gesê, maar met die klem op die feit dat Israel 'n slaaf was en dié God wat hulle uitgelei het 'n groot en gedugte God is.

Nie; alleen maak dit aanspraak op diepe dankbaarheid by Israel nie en gee dit aan hulle sekerheid met betrekking tot die grootheid van God nie, maar veral laat dit die klem val op die feit dat die sabbatdag 'n teken van die verbond is en dat dit spesifiek aan Israel, en aan geen ander volk nie, gegee is (Neh. 9:14; Eseg. 20:12). Reeds die weglaat hier van die skeppingsmotief (Ex. 20:11), bevestig die feit dat die sabbatdag vir Israel, en nie aan ander

volkere nie, gegee was (Ex. 19:5,6).

## *Die oorsprong van die sabbat*

Ongetwyfeld het die eerste mensepaar in die Paradys die sabbat onderhou; nie omdat hulle dit as 'n gebod of as 'n deel van die proefgebod (Gen. 2:16, 17) ontvang het nie, maar omdat hulle na die beeld en gelykenis van God geskape was (Gen. 1:26, 27). Omdat God op die sewende dag sy werk voltooi het en op die sewende dag van al sy werk gerus het wat Hy gemaak het, het Hy die sewende dag geseën en dit geheilig (Gen. 2:2, 3). En aangesien in die lewe van God hierdie ritme was dat Hy ses dae gewerk en die sewende dag gerus het, sou hierdie kringloop gewis in sy beelddraers uitdrukking gevind het.

Maar toe die mens in sonde geval het (Gen. 3: 1-7), is die beeld van God in hulle byna vernietig en het die mens ook daarmee sy sabbat verloor, omdat dit 'n deel van die vloek geword het: "Vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe" (Gen. 3:17).

Voortaan sou die mens nie meer van sy arbeid, waartoe hy geroep was (Gen. 1: 28; 2: 15), kon rus soos God van syne nie (vgl. Hebr. 4:10), maar vir sewe dae uit elke sewe, al die dae van sy lewe, soos 'n slaaf sy brood moet eet.

Die bewys dat die sabbat van toe af verdwyn het, vind ons daarin dat ons nêrens, binne of buite Israel, vóór die tyd van Moses enige gegewens omtrent die viering van die sabbat vind nie. Aan geen aartsvader is ooit enige opdrag met betrekking tot die sabbatdag gegee nie.

Die; heel eerste maal dat ons van die sabbat hoor, is in Ex. 16; en uit die wyse waarop dit hanteer word, dui dit onteenseglik op 'n nuwe en vir Israel vreemde instelling (Ex. 16:5, 20, 23-30). Die Skrif verklaar dan ook uitdruklik dat die sabbatdag aan Israel deur bemiddeling van Moses op die berg Sinai (Neh. 9:13, 14), en wel na die uittog uit Egipteland (Eseg. 20:10-20), gegee is.

Daaruit kan egter nie afgelei word dat die sabbat nooit vantevore gevier was nie. Juis die feit dat die sabbatdag by die instelling op die skeppingshandeling van God gegrond was (Ex. 20:11; 31:16, 17), en later, toe daar van die ewige sabbat gespreek is (Hebr. 4:4), na dieselfde handeling verwys is (Gen. 2:2, 3), dui op die teenoorgestelde.

Daarmee kan nie gesê word dat God nou weer die beeld van Homself in die mens volkome herstel het nie, want die sabbat word nou as toets vir gehoorsaamheid gegee (Ex. 16:4). Hoogstens kan daaruit afgelei word dat God die mens hierdeur aanspreek om beeld van God te wees.

Dit gaan dus om die skeppingshandeling van één dag uit elke sewe, en nie omdat God oor Saterdag besorg was nie. Dit het toevallig op Saterdag geval, omdat God Israel beveel het om die dag van die uittog as die eerste dag van hulle tydsberekening te neem (Ex. 13:2). Dit spreek ook uit die feit dat toe Israel later 'n volle dag se tyd verloor het (Jos. 10:13; Jes. 38:7, 8), hulle nie een volle dag op die almanak aangeskuiwe het nie.

Ons kan nie saamstem dat die erkenning van 'n Paradyssabbat die afskaffing van die Saterdagsabbat (vgl. Hosea 2:10) in die Nuwe Testament onmoontlik maak nie, want met die instelling van Sondag (Ps. 118:19-29; Hand. 4:10, 11; Matt. 28:1), is juis die skeppingshandeling van een uit elke sewe dae volkome honoreer (Hand. 20:7; 1 Kor. 16:1, 2), aangesien juis in Christus die beeld van God in sy volk herstel word (Ef. 4:20-24; Kol. 3:9, 10). Ook kan Deut. 5: 3, dat God dié verbond nie met die vaders gesluit het nie, nie as argument teen die Paradyssabbat gebruik word nie, omdat byvoorbeeld die sesde gebod (Ex. 20: 13) al in Gen. 9: 6 en die sewende gebod (Ex. 20:14) al in Gen. 39:9 deurskemer. Dit was egter die eerste keer dat die gebooie van God op só 'n wyse (Ex. 20: 1-17) aan die volk van God gegee was.

## *Die sabbat as toets vir gehoorsaamheid*

In Ex. 16:4 lees ons: "Toe sê die Here vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel

laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie."

Die toets sou daarin bestaan of die volk elke dag na die behoefte van elkeen sou insamel en niks daarvan sou laat oorbly tot die volgende dag nie (Ex. 16:18, 19) en of hulle op die sesde dag 'n dubbele porsie sou insamel sodat hulle op die sewende dag kon rus (Ex. 16:22-27). 'n Groot aantal van die volk was aan die wet van God nie gehoorsaam nie (Ex. 16:27,28).

Hierdie proefgebod herinner ons al dadelik aan die werkverbond en die verbod aan die eerste mensepaar om nie te eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie (Gen. 2:17); 'n verbod wat hulle egter oortree en sodoende die ganse mensheid in ellende gedompel het (Rom.5:12).

So het die Here by geleentheid ook vir Abraham op die proef gestel toe Hy hom beveel het om Isak as brandoffer te offer (Gen. 22:1, 2). Abraham het egter gedoen wat God van hom geëis het, en is op die laaste oomblik verhinder om sy seun te slag: "Maar die Engel van die Here het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham! Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie: teruggehou het nie" (Gen. 22:11,12).

Ons weet egter dat God alwetend is, en dat die uitslag van die toets reeds voor die tyd aan Hom bekend was. Ons sou eerder kon sê dat die proef daarin bestaan het, dat dit vir die mens self 'n toets is om te sien of hy sou slaag en of hy aan God gehoorsaam gaan wees of nie. Maar dit was van die begin af die weg van God met die mens sodat hy in sy hart kan erken dat die Here sy God hom onderrig, soos 'n man sy seun onderrig (Deut. 8:5) en kan uitvind dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees (Rom. 3:19). So bly die wet dus die tugmeester na Christus toe (Gal. 3:24), aangesien niemand ooit deur die werke van die wet geregverdig word nie (Gal. 2:16, 21), maar alleen deur Christus die Here (Rom. 3:21-26).

## *Die sabbat as arbeidsreëling*

Reeds uit Ex. 16 word dit duidelik dat Israel voortaan toegelaat word om slegs 6 dae uit elke 7 dae te werk. Die sewende dag sou 'n dag van volkome rus wees (Ex. 16:23-30; 20:10; 31:12-18).

So sou die sabbatdag die volk voortdurend daaraan herinner dat hy 'n slaaf in Egipteland was (Deut. 5:15), 'n land waar hy sewe dae uit elke sewe moes werk (Ex. 5:8, 13, 17, 19), sonder tyd vir gemeenskapsbeoefening met God (Ex. 5:17), terwyl die arbeidsbestel mensonterend en slawearbeid was (Ex. 1:10-14). In Egipteland het Israel slawe van die arbeid geword en ook van hierdie slawerny sou die sabbatdag hulle bevry.

En om dit te bereik, word aan Israel ses dae gegee om vir hulleself bymekaar te maak. Op die sesde dag word deur God 'n dubbele porsie voorsien vir die sewende dag. Maar op die sewende dag was daar niks te kry nie (Ex. 16:27). So sou die mens leer om op die sewende dag van al sy beroepswerk te rus, en leer om te heers oor sy arbeid en nie toelaat dat hy deur sy arbeid oorheers sal word nie.

In plaas dat Israel hulle hieroor verbly het en die sabbatdag 'n verlustiging genoem het en die heilige dag van die Here hoog gehou het (Jes. 58:13, 14), het hulle die dag ontheilig (Jes. 56:2), deur te sê: "Wanneer is die nuwemaan verby, sodat ons koring kan verkoop, en die sabbat, sodat ons die graanskuur kan oopsluit . . ." (Amos 8:5). Nehemia noem dit ontheiliging van die sabbat as rede vir die ballingskap (Neh. 13:15-18; vgl. Lev. 26:32-35, 43; 2 Kron. 36:21) en het noulettend toegesien dat die dag geheilig sou word (Neh. 13:19-22).

Die gebod om die sabbatdag te vier as 'n dag van volkome rus (Ex. 31:15), 'n dag waarop géén werk, dit is beroepswerk, gedoen mag word nie (Ex. 20:10), dui daarop dat die mens nie aan die arbeid verkneg of verslaaf mag raak nie. Hy moet die rusdag nie sien as 'n straf nie, maar juis as 'n teken van Gods genade wat daarin bestaan dat die mens vir een dag uit elke sewe bevry word van die nimmereindigende spiraal van arbeid. So word die mens tot koning verhef en die beeld van God in hom deur God self bevestig, want hy moet soos God koninklik

teenoor die eise van die lewe kan optree.

En juis omdat die mens in hierdie eis hopeloos te kort geskiet het, sou hy eers in Christus van die tirannie van die arbeid bevry word; vrygemaak vir ware diens aan God en aan die naaste.

## *'n Week met ses werksdae*

Arbeid moenie gesien word as 'n deel van die vloek wat op die sondeval gerus het nie. Reeds voor die sondeval het God aan die eerste mensepaar gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen. 1:28). En verder lees ons: "Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak" (Gen. 2:15). Om te werk sou dus deel uitmaak van die daaglikse program van die mens in sy sondelose staat.

Die sondeval sou egter 'n verandering bring in die wyse waarop dit die arbeid sou raak: "En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie - vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem" (Gen. 3:17-19).

En toe die Here Israel uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het, het Hy hulle nie onthef van die plig om te werk nie en is die vloek van die sondeval nie opgehef nie. Al toegewing wat gemaak is, is dat hulle nou elke sewende dag van hulle beroepswerk kon rus (Ex. 16:23-30).

Die Bybel het dan ook geen vriendelike woord vir die luiaard nie (Spr. 24:30-34) en spreek 'n verskriklike bedreiging uit oor die nuttelose mens: "En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande" (Matt. 25:14-30). So skryf Paulus: "Want toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie. Want ons hoor dat sommige onder julle onordelik wandel» dat hulle nie werk nie, maar bemoeisiek is. Sulke mense beveel en vermaan ons deur onse Here Jesus Christus, om rustig te werk en hulle eie brood te eet" (2 Thess. 3:10-12).

Dit is dus 'n ernstige vraag of 'n vier- of vyfdagwerksweek te rym is met die opdrag van God dat die mens ses dae moet werk en één dag moet rus? Natuurlik is dit onder sulke omstandighede vir diesulkes moontlik om die ander dae van die week ook te werk en so die gebod nie te oortree nie. Maar indien dit gebruik sou word om uit te ms en nutteloos te wees, sou dit gesien moet word as 'n oortreding van die vierde gebod, Dit was waarskynlik die sonde van die rykman dat hy glad nie gewerk het nie, maar al die dae van die week vrolik en weelderig geleef het (Luk. 16:19).

## *Die één rusdag van die week*

Wanneer Moses die volk aansê: "Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie" (Ex. 16:29), dan word dit meteen duidelik wat hy met die opdrag bedoel, te wete, nie uitgaan om manna in te samel nie (Ex. 16: 27). Die volk het dus op die sewende dag gerus (Ex. 16:30) van hulle beroepswerk (Ex. 16:23-30; 20:10; 31:12-18; Neh. 13:15). En as ons daarmee rekening hou dat die arbeidsbestel in Egipteland mensonterend was (Ex. 1:10-14) en sewe dae uit sewe dae verpligtend was (Ex. 5:8, 13, 17, 19) sonder tyd vir gemeenskapsbeoefening met God (Ex. 5:8, 17), terwyl die sabbatdag ingestel was as 'n dag van heilige samekoms (Lev. 23: 2; Num. 28: 9, 10), dan spreek dit vanself dat hierdie dag nie gegee is as 'n dag vir uitrus of ledig wees nie, maar om op 'n ander manier besig te wees; met die dinge van die Here besig te wees.

En so moes Israel op die sewende dag gerus het omdat God ses dae gewerk en die sewende dag gerus het (Ex. 31:17). Maar dan sou hulle tog nie kon rus presies soos God gerus het nie. Sy rus het alleen daarin bestaan dat Hy nie meer skeppend gewerk het nie, maar onderhoudend was Hy en is Hy nog steeds besig om te werk (Joh. 5:17). En dit is juis in die

onderhouding van die skepping dat die mens medewerker van God geword het (Gen. 1:28; 2:15; 3:17-19) en Israel dit ses dae van elke week (Ex. 16:23-30) moes wees.

Maar soos God tog op die sewende dag anders besig was, só sou Israel op die sewende dag ook anders besig wees, besig wees om die dag te heilig (Ex. 20:8) omdat God die dag geheilig het (Ex. 20:11). Géén werk op hierdie dag (Ex. 20:10), beteken dus geen gewone beroepswerk nie (Ex. 16:23-30; 31:12-18), maar besig wees met die dinge van die Here (Ex. 5:8, 17; Lev. 23:2; Num. 28:9, 10) omdat dit die sabbat van die Here is (Ex. 20:10).

Wie dus die sabbat gebruik om uit te rus, het die week nie reg gebruik nie. God het die nag aan ons gegee om uit te rus van die dag se werk (vgl. Joh. 9:4), maar die sabbat is aan ons gegee om besig te wees in die Heer se wingerd (Matt. 21:28), om ons in die Here te verlustig (Jes. 58:14), om saam met die volk van God (Ps. 68:17, 27) bly te wees oor die dag wat die Here gemaak het (Ps. 118:24).

## *'n Dag om te laat lewe*

Die vierde gebod het nie net 'n vertikale lyn, die aanbidding van God, op die oog nie, maar beslis ook 'n horisontale lyn, die welwese van mens en dier. Hier word die volk van God nie alleen geleer om soos koningskinders te lewe nie, maar om soos koningskinders te laat lewe: "Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg of jou diensmaagd kan rus soos jy" (Deut. 5:13, 14). Elders word dit só gestel: "Dat jou os en jou esel kan uitrus en die seun van jou slavin en die vreemdeling kan asem skep" (Ex. 23:12).

Waarskynlik is dit die enigste gebod in die hele wêreld waar 'n rusdag vir diere voorgeskrywe word, en dit seker omdat alle lewe 'n gawe van God is. Ook die dier mag nie deur die mens na willekeur afgetakel word nie. Daar moet by die mens steeds eerbied vir elke vorm van lewe wees. Die vierde gebod spreek dus beslis 'n woord mee in die saak van dierebeskerming.

Maar dan het die gebod ook 'n sterk sosiale aspek waarin die sosiaal-ekonomiese belange van die sosiaal swakkere, die slaaf en die vreemdeling en trouens die belange van alle werknemers ter sprake kom. Sake soos wêreldhonger, diskriminasie, verdrukking en onderdrukking van die een mens deur die ander is alles sake wat deur die vierde gebod aangesny word.

Hierdie gebod leer dus uitdruklik dat daar beperkinge bestaan met betrekking tot die eis wat die een mens aan 'n ander mag stel; elke mens het 'n eie onvervangbare en onaantasbare waarde voor God, wat deur God self in beskerming geneem word, sodat reg en geregtigheid ook teenoor die mindere en swakkere gehandhaaf moet word.

Die vierde gebod handel dus oor die prinsipiële gelykheid van alle mense voor God en verklaar dat die slaaf net soos sy baas, die werknemer net soos sy werkgewer, op die sabbat gelyke reg tot rus en aanbidding het, en daarom die geleentheid nie geweier mag word nie.

Hierdie waarheid word in die Nuwe Testament bevestig wanneer daar verklaar word dat daar in Christus nie meer slaaf of vryman is nie (Gal. 3:28; Kol. 3:10, 11), en word Onésimus aan Filémon terug gestuur met die woorde, "dat jy hom vir altyd kan besit, nie meer as; 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n geliefde broeder in die vlees sowel as in die Here" (Filémon v. 15, 16).

## *'n Dag van heilige samekoms*

Uit die vorige paragrawe het dit telkens uitgekom dat die sabbatdag die sabbat van die Here onse God is (Ex. 20:10) en dat die dag afgesonder moet word as 'n dag van heilige samekoms: "Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die Here wat julle moet uitroep as heilige samekomste - dit is my feestye. Ses dae kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van

volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie - dit is 'n sabbat van die Here in al julle woonplekke" (Lev. 23:1-3). Op hierdie dag is spesiale brandoffers gebring (Num. 28:9, 10) en is die Here geloof in die vergaderinge van die volk (Ps. 68:27), want dit was een van die belangrikste redes vir die instelling van die sabbat (Ex. 5:8,17).

Daarom is die sabbatdag meer as net 'n rusdag, die rus van alle beroepsarbeid; dit is 'n feesdag tot eer van God en tot heil van die gemeente. Op dié dag ontmoet God en sy volk mekaar. En waar God ontmoet word, ontmoet die volk ook mekaar, kom die gemeente byeen.

Net soos die tabernakel en later die tempel 'n gewaarborgde plek van samekoms vir Israel was, so sou die sabbatdag 'n gewaarborgde tyd van samekoms van die volk van God wees. Die volk het dan óf onder leiding van die profete (vgl. 2 Kon. 4:23) óf onder leiding van die priesters saamgekom (Lev. 1:1-17; Luk. 1:5-23) om meer onderrig te ontvang, soos Esra dit vir baie dae aaneen gedoen het (Neh. 8:1-19). So sou dit van die volk waar word soos die lied vir die sabbatdag (Ps. 92) ook sê: "Geplant in die huis van die Here, sal hulle groei in die voorhowe van onse God" (Ps. 92:14; vgl. Ps. 84:1-13).

Dit gaan dus op hierdie dag om die leiding van die volk deur God self deur sy Woord en Gees (Ex. 31:13; Eseg. 20:12). Die rus van die gewone werk is dus nie die hoogste doel met die sabbat nie, maar die heiliging van hulle wat rus. Wie dus net rus of uitrus, hou hierdie gebod nie, en begryp nie waarom dit op hierdie dag gaan nie. Om te rus en die dag te heilig (Ex. 20:8) beteken om reeds uitgerus te wees, en daarom besig te wees met die dinge van die Here (Jes. 58:13, 14). Daarom mag ons nooit die onderlinge byeenkoms versuim soos sommige die gewoonte het nie (Hebr. 10:25).

## *'n Dag van blye herinnering*

Die onderhouding van die sabbatdag (Deut. 5:12) word uitdruklik met die uittog uit Egipteland in verband gebring: "En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die Here jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te hou'' (Deut. 5:15).

Die sabbatdag was dus 'n weeklikse herinnering aan die uittog en die groot en magtige God wat hulle met 'n sterke hand en uitgestrekte arm uitgelei het. Ook sou die patroon van ses dae werk en één dag rus hulle herinner aan die God van die skepping en dat hierdie God ook die God van die uittog, dit wil sê, hulle God is, en dat hulle sy volk is.

'n Volk wat só 'n God het en wat op só 'n wonderbaarlike wyse uitgelei en bewaar is, kan nie anders as om bly en dankbaar te wees nie, om vol moed vir die toekoms te wees nie, om fees te vier nie. Op talle plekke word Israel vermaan om die wette en verordeninge van hul God nie te vergeet nie (Deut. 4:9, 23; 2 Kon. 17:38; Spr. 3:1), want hulle wat vergeet, doen verkeerde dinge (Deut. 4:23) en die Here hul God is 'n verterende vuur en 'n jaloerse God (Deut. 4:24).

Waarskynlik het die staf in die hand van Moses die volk oor Amalek laat seëvier (Ex. 17:8-13) omdat dit die manne aan die wonderdade van God in die verlede herinner het. En die wete dat so 'n gedugte God hulle God is, het hulle tot groot dade aangespoor.

Wie in oomblikke van stryd, beproewing of benoudheid sy seëninge tel. en in sy herinnering oproep, al die geleenthede toe God op 'n magtige wyse ingegryp het, staan altyd met nuwe geloofsvertroue uit die as van moedeloosheid en wanhoop op, aangevuur deur die wete: Die God van gister, is ook die God van vandag en van môre - ek mag nie vrees of verskrik wees nie!

Wie dan ook nie meer die sabbatdag gedenk en onderhou het nie, het daarmee ook die God van die sabbat en die weldade van dié God vergeet en word vanweë ongeloof en ongehoorsaamheid uit die gemeenskap uitgesluit (Ex. 31:14) en op die straf deur God aangewys (Neh. 13:17, 18) aangesien die sabbatsgebod deel geword het van die heil self (Jes. 58:13,14; Jer. 17:19-27).

## *Om die sabbatdag te heilig*

In die vierde gebod word met die heiliging van die sabbatdag in die eerste plek bedoel om dié dag te onderhou as die "sabbat van die Here" (Ex. 20:10), waarin die mens die Beeld van God vertoon (Gen. 2:3) en self beeld van God mag wees (Gen. 1:26,27).

Dit het beteken om al die insettinge en verordeninge met betrekking tot die sabbatdag (Ex. 20:8-11; Deut. 5:12-15) te leer en sorgvuldig te hou (Deut. 5:1). Ses dae moet alle beroepswerk gedoen word (Ex. 20:9), maar op die sewende dag mag daar géén werk gedoen word nie (Ex. 20:10). Dit moet 'n dag van volkome rus wees (Ex. 31: 15), sodat sy os en esel kan uitrus en sy onderhoriges saam met hom kan asem skep (Ex. 23:12; Deut. 5:14). Ook in ploeg- en oestyd moet dit so wees (Ex. 34:21).

Die dag moet gedenk word (Ex. 20:8), nie vergeet, verag of ignoreer word nie. Aan die God van die skepping moet gedink word (Ex. 20:11); Hy alleen moet aanbid word (Deut. 6:4,5,13-16).

Die dag moet onderhou word (Deut. 5:12), in praktyk gebring word. Die God van die uittog moet geëer word, sy wonderdade verkondig word (Deut. 5:15).

Dit moet 'n dag van heilige samekoms (Lev. 23:2) wees; 'n dag wanneer aan God geoffer moet word (Ex. 5:8, 17; Num. 28:9, 10), die Here geloof en sy lof besing moet word (Ps. 68:17, 27; 84:1-13; 92:1-16).

Jesaja het dit pragtig saamgevat: "As jy jou voet terughou van die sabbat - om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die Here hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die Here, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die Here het dit gespreek" (Jes. 58:13,14).

Die heiliging van die dag gaan egter nog verder deurdat dit 'n verpligting op Israel geplaas het om die sabbatskender met die dood te straf en so die kwaad onder Israel uit te roei (Ex. 31:14, 15; Num. 15:32-36).

Vir Israel wat die heiliging van die sabbatdag 'n groot en belangrike deel van hul godsdiens en die heiliging daarvan 'n teken tussen God en hulle sodat hulle kon weet dat die Here hulle God is (Eseg. 20:20) en hulle kon toon dat hulle heilig is (Lev. 20:7; 11:44).

## *Om die sabbatdag te ontheilig*

Terwyl God verklaar dat Hy die sabbatdag geseën en geheilig het, word die volk ook beveel om die dag te heilig (Ex. 20:8-11).

Die dag word egter ontheilig wanneer op hierdie dag enige beroepswerk verrig word (vgl. Lev. 23:3, 7, 8, 21, 35, 36; Ex. 31:12-15). Selfs Besaleël en Ohóliab sou byvoorbeeld nie eers op die sabbatdag aan die ark van die Getuienis of die versoendeksel kon gewerk het nie (Ex. 31:1-15).

Toe die sabbat vir die eerste keer ingestel was, het die Here die volk aangesê: "Môre is dit rusdag, 'n heilige sabbat van die Here. Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot môre toe" (Ex. 16: 23). Die volgende dag kon die volk nie van hulle woonplek weggaan om manna in te samel nie, op dié dag moes hulle rus (Ex. 16:25-30). En die Here was ontevrede omdat sommige tog sy gebod oortree en sy sabbatdag ontheilig het (Ex. 16:27,28).

Later is die volk verbied om enige vuur aan te steek in hul woonplekke (Ex. 35:2, 3), en word 'n man deur die hele volk gestenig omdat bv. op die sabbatdag hout bymekaar gemaak het (Num. 15: 32-36).

Nehemia het baie sterk opgetree teen almal wat op die sabbatdag wou handel drywe, en het verklaar dat God om hierdie rede op hulle vaders vertoorn was en hulle gestraf het en dat hulle daardeur die toorngloed oor Israel vermeerder deur die sabbat te ontheilig (Neh. 13:15-

22; vgl. Lev. 26:32-35,43; 2 Kron. 36:21).

Jesaja het verklaar dat die sabbatdag ontheilig word wanneer die volk met bloedbevlekte hande hul offers bring (Jes. 1:10-31) of wanneer hulle op dié dag hulle gewone gang gaan, geleentheid vir hulle sake soek en ydele taal spreek (Jes. 58:13,14).

Jeremia kondig aan: "So spreek die Here: Neem julle in ag om julle siele ontwil, dat julle geen las dra op die sabbatdag en dit inbring deur die poorte van Jerusalem nie. Ook mag julle geen las uit julle huise op die sabbatdag uitdra of enige werk doen nie; maar julle moet die sabbatdag heilig soos Ek julle vaders beveel het" (Jer. 17:21, 22). En as die volk nie sou luister nie, word verklaar dat die Here self die volk sou straf (Jer. 17:27).

Volgens Amos word die sabbatdag ontheilig as die volk net die dag sou omwens, omdat hulle haastig en ongeduldig word om te koop en te verkoop (Amos 8:4-7). Ook hier sou die straf nie uitbly nie (Amos 8:7-14).

## *Wat wel op die sabbatdag geoorloof was*

By uitstek was die sabbatdag 'n dag van heilige samekomste (Lev. 23:2, 3; *Ps.* 68:27) wanneer die volk dan na die profeet (2 Kon. 4:22, 23) of die plek van samekoms (Lev. 1:3) kon gaan, waar die priester deur te offer (Num. 28:9, 10) die wet van God gebreek het (Deut. 5:14) en tog onskuldig was (Matt. 12:5).

So is die Joodse seuntjies selfs op die sabbat besny (Joh. 7:22) sodat die wet van Moses (Lev. 12:3) nie verbreek mag word nie (Joh. 7:23). Die wet is verbreek om die wet te hou.

Ons lei uit Jos. 6:1-5 af, dat dit geoorloof was om ook op die sabbatdag oorlog te maak. Dit sou dwaas wees om op hierdie dag (op die sabbatdag) die vyand toe te laat om 'n volk sonder enige weerstand in 'n staat van volkome rus (Ex. 31:15) te vind.

Nehemia het poortwagters, dit wil sê, polisie aangestel om op die sabbatdag die poorte van die stad te bewaak (Neh. 13:19, 22) sodat die sabbat nie ontheilig word nie (Neh. 13:15-22). Mense het gewerk om toe te sien dat ander nie werk nie; dat die gebod van die Here gehoorsaam sou word.

Veral word die regte gebruik van die sabbat deur Jesus aangedui, wanneer Hy sê: "Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie" (Mark. 2:27). So het Christus as Here van die sabbat (Matt. 12:8; Mark. 2:28) sy dissipels toegelaat om op die sabbat are te pluk en te eet (Matt. 12:1) en die Fariseërs die mond gestop met voorbeelde uit die Ou Testament (Matt. 12:3-5; 1 Sam. 21:1-6; Num. 28:9, 10) om aan te toon dat nood en noodsaak die wet met reg verbreek. So ook het Hy met 'n beroep op hul gesonde verstand die verdorde hand van 'n man op die sabbat genees: "Maar Hy sê vir hulle: Watter mens sal daar onder julle wees wat een skaap het, en as dit op die sabbat in 'n sloot val, dit nie sal gryp en uithaal nie. Hoeveel meer is 'n mens dan nie werd as 'n skaap nie! So is dit dan geoorloof om op die sabbat goed te doen" (Matt. 12:9-13). So het Jesus ook op die sabbat 'n vrou genees, en Hom teenoor die owerste van die sinagoge soos volg verweer: "Jou geveinsde, maak elkeen van julle nie op die sabbat sy os of esel van die krip los en lei hom weg om hom te laat drink nie? Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat Satan - dink daaraan! agtien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die sabbatdag verlos word nie?" (Luk. 13:10-17). Verder was dit ook die gewoonte van Jesus om op die sabbat in die sinagoge die Woord van God te verkondig (Luk. 4:14-31).

Op die sabbatdag mog dus werke van noodsaaklikheid, hulpverlening, godsdiens en werke wat ononderbrokenheid vereis, beoefen word.

## *Die seën van die sabbatdag*

Die vierde gebod verklaar uitdruklik dat die Here die sabbatdag geseën het (Ex. 20:11). Die verklaring is genoegsaam om daaruit af te lei dat daar uit die geseënde dag seën sal voortspruit, insonderheid vir almal wat die dag sou heilig.

Net voor die instelling van die sabbatdag het die Here verklaar dat hy die sabbat instel as

'n toets vir gehoorsaamheid. Daardeur sou die beproefdes openbaar en die gehoorsames van die ongehoorsames onderskei word, die ongehoorsame uit die volk uitgeroei en die kwaad uit die midde van Israel verwyder word. Dit moet as 'n seën vir die volk van God gesien word.

Die sabbatdag het gekom as 'n arbeidsreëling sodat die volk na elke ses dae van arbeid vir een dag kon rus. Dit sou die volk van die tirannie van arbeid verlos, waardeur die één dag vir al die dae van die week tot seën sal wees.

Hierdie dag sou 'n geleentheid vir die volk van God wees om soos koningskinders te lewe en te laat lewe, deurdat sowel hulle minderes as die diere op dié dag kon rus en deel in die voorregte van waarlik vry wees van alle vorme van dwingelandy.

Hierdie dag sou 'n dag van heilige samekoms wees, waar die ganse volk aan God en die werke van God herinner sou kon word, en geestelik gevoed en versterk sou kon word.

Verder sou hierdie dag teken daarvan wees dat God hulle heilig en dat Hy hulle God is. Daardeur sou die volk ook aangespoor word om heilig te lewe en te toon dat hulle heilig, ja, dat hulle volk van God is.

Die sabbatdag sou dan ook teken wees van die verbond wat God by Sinai met sy volk gesluit het, dit wil sê, deel uitmaak van die heil van God waarin hulle ook kon deel omdat hulle sy volk geword het.

Verder sou die dag die volk nie alleen herinner aan die rus wat in Kanaän hulle aangebied sou word nie, maar ook as 'n aansporing dien om te soek na die hemelse rus wat alleen in God te vinde sou wees (vgl. Hebr. 4:1-11).

## *Die vloek van die sabbatdag*

Terwyl die Here die sabbatdag geseën het en daaruit vir die volk groot seën voortgevloei het, is dit tog ook duidelik dat daar uit die opdrag om die dag te heilig ook 'n verantwoordelikheid tot gehoorsaamheid die volk opgelê is, wat ook weer beteken het dat God nie straffeloos sou kon toekyk, indien sy gebod verag en sy heilige sabbat ontheilig sou word nie. Daarmee sou die seën meteen verander in 'n vloek. Maleagi waarsku dan ook die volk met reg soos volg: "As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om my Naam eer te bewys nie, sê die Here van die leërskare, dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in 'n vloek verander; ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie" (Mal. 2:2).

Pas nadat die sabbatdag ingestel was, sou die volk met skok en teleurstelling ontdek dat daar op die sabbatdag geen manna was om in te samel nie (Ex. 16:27). 'n Tyd later word iemand gestenig omdat hy op die sabbatdag hout bymekaar gemaak het (Num. 15:32-36). Nog later verklaar Nehemia dat die ontheiliging van die sabbatdag die rede vir die ballingskap was en dat dit die toorngloed van God vermeerder (Neh. 13:18). So waarsku ook die profeet Jeremia: "Maar as julle na My nie luister om die sabbatdag te heilig nie en om geen las te dra of deur die poorte van Jerusalem op die sabbatdag in te gaan nie, sal Ek 'n vuur in sy poorte aansteek, wat die paleise van Jerusalem sal verteer en nie uitgeblus word nie" (Jer. 17:27). Dieselfde ernstige waarskuwing word by Eségiël gehoor (Eseg. 22:26,31).

Dit is dus duidelik dat daar waar die volk van God die Here nie te hulp gekom het nie (vgl. Rigt. 5:23), en die priesters hulle oë vir die Here se sabbatte toegehou het (Eseg. 22:26), die Here nooit straffeloos toegekyk het nie (Eseg. 22:31).

Dit is steeds so, dat voorregte ook verpligtinge meebring en dat elkeen wat sy voorregte of seëninge nie waardeer of benut nie, moet weet dat dieselfde seëninge kan verander in 'n vloek; geleenthede word dan verleenthede. Soveel te meer is dit waar, daar waar die mens met sy God te make het, dié God wat op hom die eerste reg het omdat Hy hom gemaak het (Jes. 44:2). "Maar," so lees ons, "hulle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry" (Jes. 63:10).

## *Die sabbat as aansporing om heilig te wees*

Nog 'n belangrike rede vir die hou van die sabbat word gevind in die aansporing om heilig te lewe: "As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees" (Ex. 19:5, 6). Die woorde, "want die hele aarde is myne", beteken eintlik, hoewel die hele aarde myne is.

Israel was die enigste volk op aarde wat die sabbat gehou het en geen beelde in hul godsdiensoefening gehad het nie. Israel word dan ook om allerlei redes aangespoor om heilig te wees (Lev. 19:2) en om te toon dat hulle heilig is (Lev. 11:44).

Deur gehoorsaam te word aan die verbond van God het hulle nie toe eers of as gevolg van hulle gehoorsaamheid die eiendom van die Here geword nie, maar getoon dat hulle sy volk is, soos dit later uitdruklik verklaar word: "Wees stil en luister o Israel! Vandag het jy die volk van die Here geword. Daarom moet jy na die stem van die Here jou God luister en sy gebooie en insettinge volbring wat ek jou vandag beveel" (Deut. 27:9,10).

Die onderhouding van die gebooie van die Here was dan 'n reël van dankbaarheid vir Israel wat uit die slawehuis uitgelei was, en die viering van die sabbatdag 'n duidelike bewys dat hulle onder al die volke van die wêreld deur God uitgekies was om sy volk te wees.

Die feït egter dat hierdie gebod dikwels oortree was (vgl. Num. 15:32-36), en die doodstraf die sabbatskender opgelê was (Ex. 31:14), dui daarop dat nie almal hierdie gebod ernstig opgeneem het nie, en daarmee getoon het dat hulle nie aan die ware Israel toebehoort het nie.

In die opdragte van God word die mens nie as 'n stok en blok deur God behandel nie, maar word van hom verwag om die Here uit vrye keuse te dien. Maar aangesien die mens in homself geheel en al onbekwaam is tot enige goed, word hy deur God self daartoe in staat gestel, maar wel op so 'n wyse dat sy verantwoordelikheid hom geensins ontneem word nie, maar hy betrek word in sy gehoorsaamheid aan die wil van God (Fil. 2:12,13).

## *Die sabbat as teken dat dit die Here is wat sy volk heilig*

Dit is duidelik dat dit nie Israel was wat die sabbat uitgevind het nie, maar dat dit 'n instelling van God was om sy volk daarmee te heilig: "Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig" (Ex. 31:12, 13; Eseg. 20:10-12).

Nie alleen het God die sewende dag geseën en geheilig nie (Gen. 2:3; Ex. 20:11), maar Hy gee ook die sabbat aan Israel as teken dat dit Hy is wat sy volk heilig. Die daad is Goddelik.

En hieruit volg die opdrag aan Israel om die sabbat te onderhou (Ex. 31:13) en die dag te heilig (Eseg. 20:20) sodat die dag 'n teken kan wees tussen God en hulle en hulle kan weet dat die Here hulle God is (Eseg. 20:20), want die Here het aan hulle sy insettinge gegee en sy verordeninge bekend gemaak, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe (Eseg. 20:19).

*Die* Here het dus nie aan sy volk die sabbatdag gegee net om hulle vir die één dag te heilig nie, maar dat hierdie één dag vir al die dae van die week tot 'n seën en tot heiliging kon dien. Dit gaan dus oor die ganse linie heen en raak elke terrein van die lewe van Gods volk op aarde.

Deur die sabbatdag te onderhou, moet die volk dus die beeld van God vertoon, dié God wat in ses dae die hemel en aarde gemaak het en op die sewende dag gerus het (Ex. 20:11). Daardeur sou dit aan alle volkere bekend gemaak word dat die God van die skepping ook die God van Israel is, en dat hulle sy volk is (Ex. 31:17; Eseg. 20:20).

Maar in die onderhouding van die sabbatdag sou nie alleen die beeld van God vertoon word nie, maar word die volk van God ook opgeroep om self beeld van God te wees. Waar die

tweede gebod die volk verbied het om God deur middel van 'n beeld te aanbid, gebied die vierde gebod die volk om self beeld van God te wees; dit elke dag van die week te wees. Meer nog. Dit is die Here self wat sy volk heilig en hulle in staat stel om heilig te lewe (Ex. 31:13; Eseg. 20:11, 12, 20) en in Christus Jesus beeld van God te wees (Kol. 1:15; 3:9-ll;Ef.4:20-24).

## *Die sabbat as teken van die verbond van Sinai*

Die Here het met Moses gespreek en gesê: "En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die Here die hemel en aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik" (Ex.31:16,17).

Soos die reënboog 'n teken sou wees van die verbond met Noag (Gen. 9:13) en die besnydenis 'n teken van die verbond met Abraham (Gen. 17:7-14), so sou die sabbat by uitstek teken wees van die verbond van Sinai (Ex. 31:16, 17), terwyl die sabbat in die eerste plek op die skepping (Ex. 31:16, 17); Ex. 20:11) en in die tweede plek op die uittog uit Egipte (Deut. 5:15) gegrond is, dit wil sê, enersyds in die geskiedenis en andersyds in die heilsgeskiedenis sy beslag gekry het. So het die sabbat 'n teken geword van sowel die skeppingswerk van God in die begin, as die verlossingswerk uit Egipte deur één en dieselfde God. In Exodus word die klem gelê op die God van die verbond en in Deuteronomium op die volk van die verbond; in albei weergawes het ons te doen met verbondshandelinge van God met sy volk op aarde, en daarom met koninkrykshandelinge.

Só gesien, is die sabbat dan 'n teken van God se eienaarsreg op sy volk, dat Israel volk van God is (Ex. 19:5, 6) en dat die Here hulle God is (Eseg. 20:20); 'n teken van hulle gehoorsaamheid aan God (Ex. 16:4) en hulle heiligheid voor Hom (Ex. 31:13; Eseg. 20:12); 'n teken van hul afsondering as bondsvolk uit al die ander volke (Ex. 19:5, 6) en van hulle heerskappy oor die arbeid (Ex. 16:23-30; 20:10) om vry te kan wees vir diens aan die Here op die sabbat van die Here (Lev. 23:1-3; Num. 28:9,10; Ps. 92:14).

En aangesien die sabbat teken van die verbond was, het dit deel van die heil uitgemaak (Jes. 56:2) en het gehoorsaamheid aan die vierde gebod deelgenootskap aan die heil self beteken (Jes. 58:13, 14; Jer. 17:19-27) en is ongehoorsaamheid met uitroeiing uit die volksgenote bedreig (Ex. 31:14,15; Num. 15:32-36).

Daarom was Israel in die sabbat voortdurend daaraan herinner dat hulle die volk van die verbond is, en het die viering daarvan steeds in die teken van hulle verlossing uit Egipteland gestaan (Ex. 31:16, 17; Deut. 5:15).

## *Die heilshistoriese vergesig van die vierde gebod*

Israel moes die sabbatdag heilig deur te rus. Vryman, seun en dogter, dienskneg en diensmaagd, vee en vreemdeling moes rus. Die rus van die sabbat was 'n teken van bevryding, van die heil wat deur die Verbondsgod vir Israel verwerf is (Ex. 20:1, 2). Sy sterke hand en uitgestrekte arm het dit gedoen (Deut. 5:15), nie dié van Israel nie. Dit was 'n verlossing uit genade. Die volk self het gerus.

Die woord rus word egter ook met die gawe van die beloofde land in verband gebring. "Want julle het nog nie gekom in die rusplek en in die erfenis wat die Here jou God jou sal gee nie. Maar julle sal deur die Jordaan trek en woon in die land wat die Here julle God julle laat erwe, en Hy sal julle rus gee van al julle vyande rondom, en julle sal veilig woon" (Deut. 12:9,10; 25:19; Jos. 1:13).

Maar dit het nie van almal waar geword nie. Die volk het hulle hart verhard by Meriba, soos op die dag van Massa in die woestyn (Ps. 95:8; Ex. 15:23; 17:3, 7; Hebr. 3:8) sodat God in sy toorn gesweer het: "Waarlik, hulle sal in my rus nie ingaan nie" (Ps. 95:11; Num. 14:21-23; Hebr. 3:11; 4:3, 5). Deur hulle ongeloof kon die ongehoorsames nie ingaan nie (Hebr. 3:19; 4:6).

En selfs vir hulle wat die land ingegaan het, was die rus nie volkome nie. Deur die afvalligheid van Israel is die rus telkens versteur en is hulle selfs in ballingskap weggevoer.

Josua kon dus nie aan hulle die: ware rus gee nie (Hebr. 4:8). Met die rus wat Josua beloof het (Jos. 22:4; Deut. 31:7), was die belofte van die rus (Deut. 12:9, 10) nog nie vervul of voltooi nie.

Om hierdie rede spreek Dawid eeue later van die rus wat nog verkry moet word (Ps. 95:7-11). Die Joodse sabbat sou ook nie die ware rus bring nie (Hebr. 4:4) want dit was slegs 'n skaduwee van die toekomstige dinge (Kol. 2:16, 17) en sou verdwyn (Hosea 2:10).

Daarom het God weer 'n sekere dag, naamlik vandag (Ps. 95:7; Hebr. 4:7), bepaal as 'n genadetyd, waarin mense die belofte, wat nog steeds van krag bly (Hebr. 4:11), met die geloof kan aanvaar (Hebr. 4:3). Die sabbatsrus wat vir die volk van God, dit is die Christene, oorbly (Hebr. 4:9), is niks anders nie as die beloofde land van die hiernamaals, die ewige sabbat (Jes. *66*:23), die ewige saligheid (Hebr. 5:9), wat deur die groot Hoëpriester, naamlik Jesus die Seun van God (Hebr. 3:14) vir almal wat Hom gehoorsaam is, verwerf is (Hebr. 5:9) en wat deur sy opstanding bekragtig is (1 Kor. 15:12-49).

En met hierdie ewige sabbat kan reeds vandag (Hebr. 4:7), dit is in hierdie lewe, begin word (H.K. 103), omdat die ware rus in Kanaän nie vervul was nie, maar gewag het om vervul te word in Hom, wat gesê het: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28).

## *Christus die vervulling van die sabbat*

Vroeër is reeds gemeld dat Jesus geleer het dat die mens nie vir die sabbat gemaak is nie, maar die sabbat vir die mens (Mark. 2:27). Christus het voorts genoegsaam aangetoon dat op die sabbatdag werke van noodsaaklikheid, hulpverlening, godsdiens en werke wat ononderbrokenheid vereis, beoefen kon word (Matt. 12:1-13; Luk. 4:14-31; 13:10-17; Joh. 7:22,23).

Behalwe vir die feit dat Jesus op die verkeerde sabbatsgebruike van die Fariseërs en skrifgeleerdes van sy dag gewys het, het Hy die sabbat gehou: "Toe kom Hy in Nasaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge ..." (Luk. 4:16). Ook sy dissipels het "op die sabbat gerus volgens die gebod" (Luk. 23:56).

Jesus het nog verder gegaan. Hy het uitdruklik verklaar: "Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val" (Luk. 16:17; Matt. 5:17-19; vgl. Rom. 3:31). En waar Jesus selfs argumente op één woord bou (Joh. 10:34, 35; Matt. 22:41-46; vgl. Gal. 3:16), en verklaar dat die Skrif nie gebreek kan word nie (Joh. 10:35), is dit tog seker duidelik dat ook die vierde gebod by sy verwysing na die wet in Luk. 16:17 ingesluit was.

Maar daarmee het Jesus nie gesê dat die Joodse sabbat, die aanhangsel tot die vierde gebod en teken van die ou verbond, tot aan die einde sou voortduur nie. Selfs sy opmerking in Matt. 24:20 kan nie só vertolk word nie. Hy sê: "En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie." Maar dit beteken alleen dat die pad in die winter swaar en nat is en die vlug swaar is en dat dit op die sabbat, wat deur die meeste Jode nog tot op daardie tyd gevier sou word, vanweë die voorskrifte van die wet, moeilik sou wees om onderweg hulp te verkry. Die ou Joodse sabbat was dan ook tot baie lank daarna die sabbat genoem (Hand. 13:44; 16:13; 17:2; Kol. 2:16), en is selfs gebruik om die eerste dag van die week, dit is Sondag, aan te wys (Matt. 28:1; Hand. 20:7; 1 Kor. 16:1,2). Letterlik vertaal staan daar telkens: Op die eerste dag vanaf die sabbat.

Christus het egter in duidelike taal verklaar dat Hy gekom het om die wet te vervul: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet en die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul" (Matt. 5:17-19; Rom. 3:31; 8:4; 1 Kor. 14:34). Dit beteken vol te maak, van krag te maak, geldig te maak. En daarmee sou dan ook die sabbat, wat 'n skaduwee van die toekomstige dinge was (Kol. 2:16, 17), moes verdwyn met die koms van Christus Jesus in wie alle seremonies en sinnebeelde hul vervulling het (N.G.B. 25; Kol. 2:14; Gal. 4:10, 11; Hebr. 9:1-28).

In Christus vind die kinders van die koninkryk die ewige rus (Matt. 11:28), en daarmee

rus van die sonde (Joh. 8:32-36), rus van 'n besoedelde gewete (Hebr. 9:14) en van die ewige oordeel (Rom. 8:1).

## *Paulus en die sabbat*

Paulus sê twee belangrike dinge aangaande die wet: "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet" (Rom. 3:31). Hiermee verklaar hy uitdruklik dat die wet van God, as die eis vir die ordelike bestaan en voortbestaan van sy volk, soos in die Tien Gebooie vervat, van krag bly en deur die evangelie bevestig word.

En op 'n ander plek skryf hy dat Christus "die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael" (Kol. 2:14; Ef. 2:15). Hiermee sê hy nie dat die wet as uitdrukking van die wil van God vir die gelowiges, nie meer bestaan nie (Rom. 8:4; 13:8, 9; Gal. 5:14; 6:2); praat hy dus nie van die wet sonder meer nie, maar van haar bepaalde insettinge en verordeninge. 'n Bietjie verder maak hy dus wel onderskeid tussen die kulties-seremoniële verordeninge en die morele voorskrifte wanneer hy voorskrifte oor spys, drank, fees, nuwe maan of sabbat 'n skaduwee van die toekomstige dinge noem (Kol. 2:16,17).

Hierdie onderskeid maak Paulus nie in Rom. 10:4 waar hy Christus die einde van die wet noem, waar hy die wet teenoor die genade stel nie, maar wel in Rom. 14:5, 6; Gal. 4:10, 11 en Kol. 2:16, 17, waar dit oor die Joodse feesdae en selfs die Joodse sabbat en sake gaan wat in Christus volkome vervul is.

Dat hierdie uitsprake van Paulus nie gebruik mag word teen die viering van Sondag as rusdag nie, staan egter vas aangesien hy self die eerste dag van die week as 'n bepaalde dag vir die gemeentes te Korinthe en Galasië verorden het om fondse in te samel vir die kerk in Jerusalem (1 Kor. 16:1, 2), en in Troas, waar hy sewe dae deurgebring het, op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, hulle toegespreek het (Hand. 20:6, 7). Alhoewel die genoemde twee voorbeelde geringe besware oplewer teen die gedagte dat Sondag toe al erkenning geniet het as 'n kerklike feesdag, is dit tog opvallend dat hier probleemloos van 'n sewedaagse week uitgegaan word, terwyl so 'n week nie in die heidense wêreld gevind word nie. Paulus het dit dus nie teen 'n bepaalde dag nie, maar daarteen dat die Christelike gemeentes nog aan die ou skaduwees vashou omdat hulle onwillig is om dit na te laat, uit vrees dat dit sonde mag wees, en dié dae dus betekenis kry met die oog op die verkryging van die ewige lewe. En dit word afgewys, want teenoor die beeld en skaduwee is Christus die liggaam, dit is die werklikheid of saak waarop heengewys is; die funksie van die skaduwee dus reeds vervul is (Kol. 2:16, 17; Hebr. 9:10).

## *Die konsekwensies vir die sabbatdag*

Indien die sabbatdag dan volledig vervul is (Matt. 5:17-19; Rom. 10:4) en as skaduwee moes verdwyn met die koms van Christus (Kol. 2:16, 17) en daarmee alle insettinge met betrekking tot die sabbat uitgedelg, weggeruim en aan die kruis vasgenael is (Kol. 2:14), dan het dit bepaalde konsekwensies waarmee deeglik rekening gehou sal moet word.

Die Saterdagsabbatdag sal nie meer as 'n toets vir gehoorsaamheid (Ex. 16:4) kan dien nie. Dié dag sal nie meer as 'n verpligte rusdag onderhou mag word nie (Ex. 31:15; Gal. 4:10, 11; Kol. 2:13-17). Dié dag sal dus ook nie meer as arbeidsreëling kan dien nie. (Ex. 16:23-30; 20:10; 31:12-18). Dit sou ook nie meer die dag wees om die volk te leer om te lewe en te laat lewe nie (Deut. 5:13, 14; Ex. 23:12), al is die prinsipiële gelykheid van alle mense, waarvan die gebod getuig het, in die Nuwe Testament bevestig (Gal. 3: 28; Kol. 3:10, 11; Filemon v. 15, 16). Die Saterdagsabbat sou dit nie langer meer verklaar nie.

Die Saterdagsabbat sou ook nie meer die dag van verpligte heilige samekomste wees nie (Ex. 20:10; Lev. 23:1-3; Ex. 5:8, 17; Ps. 68:27; 2 Kon. 4:23) al sou Paulus ook gerieflikheidshalwe die afvallige Jode op hierdie dag bearbei (Hand. 13:44; 16:13; 17:2). Dit sou ook nie meer vir die volk van God, wat nou uit al die verskillende volkere bestaan (Gen. 17:5, 6; 22:18; Rom. 4:13-17; Openb. 5:9) as herinnering dien van die bevryding uit Egipteland nie (Deut. 5:15). Dit was alleen van Israel waar, nie van die ander volkere nie.

Die opdrag om dié Saterdagsabbat te heilig (Ex. 20:8; Deut. 5:12) of die waarskuwing om dié dag nie te ontheilig nie (Ex. 16:27, 28; 31:12-17; Neh. 13:15-22; Jes. 56:2; 58:13, 14; Jer. 17:21, 22, 27) het verval (Kol. 2:9-17; Gal. 4:10, 11). Vrae oor wat op dié dag geoorloof of nie geoorloof is nie (vgl. 12:2), is nie meer ter sake nie. Ook die seën van die Saterdagsabbat (Ex. 20:11) of die vloek wat op ongehoorsaamheid sou rus (Num. 15:32-36; Neh. 13:18; Jer. 17:27; Eseg. 22:26,31; Jes. 63:10; Mal. 2:2), bestaan nie meer nie.

Die Saterdagsabbat was 'n teken van die verbond van Sinai (Ex. 31:16; 17) en sou daarom saam met die ou verbond verdwyn "As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak, en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning" (Hebr. 8:13). Daarom kon dié dag nie meer 'n teken wees dat dit die Here is wat Israel heilig nie (Ex. 31:12, 13; Eseg. 20:10-12) of dat Hy hulle God (Eseg. 20:20) en hulle sy volk is nie (Ex. 19:5, 6) en as aansporing kan dien om heilig te lewe nie (Lev. 19:2; 11:44).

Die dag het veral 'n heilshistoriese vergesig gehad (Deut. 12:9,10; Ps. 95:7-11; Hebr. 4:3-11; Kol. 2:16, 17), maar dit is volkome in Christus vervul (Matt. 5:17; 11:28), en is daarom afgeskaf (Kol. 2:14; Gal. 4:10, 11). Dit het as heilige rusdag verdwyn (N.G.B. 25), en daarmee saam ook al sy verordeninge van nie te kook (Ex. 16:23) of hout bymekaar te maak (Num. 15:32-36) of vuur aan te steek (Ex. 35:2, 3) of op dié dag te koop of te verkoop (Neh. 13:15-22) of om 'n las te dra (Jer. 17:21, 22) of om enige beroepswerk te verrig nie (Lev. 23:2, 3, 7, 8, 21, 35). Al hierdie insettinge wat die volk vyand ig was, is uitgedelg en weggeruim deurdat Christus dit aan die kruis vasgenael het (Kol. 2:14). Saam met die Saterdagsabbat het al die dinge vir altyd verdwyn (Hosea 2:10; Hebr. 9:1-28).

## *Die wins vir die volk van God as gevolg van die verdwyning van die sabbatdag*

Waar die Skrif uitdruklik verklaar dat die Saterdagsabbat deur die Here aan Israel deur bemiddeling van Moses op die berg Sinai (Neh. 19:13, 14) en wel na die uittog uit Egipteland (Eseg. 20:10-20) *gegee* is as teken dat dit die Here is wat die kinders van Israel heilig (Ex. 31:14; Eseg. 20:10-12), dat Hy hulle God (Eseg. 20:20) en hulle sy volk uit al die volkere van die wêreld is (Ex. 19:5, 6), daar spreek dit vanself dat hierdie teken wat onderskeid tussen Israel en die res van die wêreld gemaak het, eenvoudig moes verdwyn toe al die volke begin deel in die seëninge van hierdie heilshistoriese vergesig (Gen. 17:5, 6; 22:18; Rom. 4:13-17; Openb. 5:9).

En al het Israel dit nie begryp nie (Hebr. 11:7-11), het hulle val nietemin die rykdom van die wêreld geword (Hebr. 11:12), want Christus sou Jood en heiden deur sy kruisdood met God versoen (Ef. 2:11-22), aangesien Hy die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het (Ef. 2:14-16; Kol. 2:14-17) en so sy nuwe volk van die juk van diensbaarheid bevry het (Gal. 5:1), die juk wat Israel in elk geval nie in staat was om te dra nie (Hand. 15:10; Neh. 13:15-18; Hosea 2:10; Eseg. 22:26). Daarom is die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was (vgl. Ex. 16:23; 35:2,3; Num. 15:32-36; Jer. 17:21,22) uitgedelg en weggeruim en aan die kruis genael (Kol. 2:14) sodat die volk van God nooit weer sy vryheid, waarmee Christus ons bevry het (Gal. 2:3-4; 5:1) hoef prys te gee nie, want waar die Gees van die Here is daar is vryheid (2 Kor. 3:17) al is dit nie sonder voorbehoud nie (Gal. 5:13;lPetr.2:16).

Daarmee is ook die vloek en straf wat op die ontheiliging van die sabbatdag sou volg (Ex. 31:14; Num. 15:32-36; Neh. 13:18; Jer. 17:27; Jes. 63:10; Eseg. 22:26, 31; Mal. 2:2; Gal. 3:10) opgehef, want Christus het ons van die vloek losgekoop deur vir ons 'n vloek te word (Gal. 3:13).

Die vervulling van die sabbat het met een woord vir die volk van God 'n groot seën, 'n groot wins meegebring waaroor ons moet juig en bly wees.

## *Die verlies vir die volk van God as gevolg van die verdwyning van die sabbatdag*

Ons het reeds gesien dat die Here die sabbatdag geseën het (Ex. 20:11) en dat daar 'n seën uit voortgespruit het, insonderheid vir almal wat dié dag geheilig het. Selfs as 'n toets vir gehoorsaamheid (Ex. 16:4) waardeur die beproefdes openbaar, die ongehoorsames gestraf (Neh. 13:18) en sommige uitgeroei is (Ex. 31:14; Num. 15:32-36) en die kwaad so uit die midde van Israel verwyder is (vgl. Deut. 19:19), het dit 'n bepaalde seën vir Israel ingehou. Met die afskaffing van die dag as heilige vierdag, sou hierdie seën ook daarmee verdwyn.

Verder het die feit dat die volk vir één dag uit elke sewe kon rus en so van die tirannie van arbeid verlos is en die één dag daarmee ook vir al die ander dae tot seën was, moet as 'n groot verlies, wat saam met die sabbatdag moes verdwyn, gesien word vir die volk van God.

Veral die feit dat die volk op die rusdag vir godsdienstige sake byeen kon kom (Lev. 23:2, 3; 2 Kon. 4:23) om geestelik gevoed en gesterk te word (Ps. 92:14), en waar die volk nie meer 'n dag met so 'n geleentheid sou hê nie, moet dit as die grootste verlies beskou word.

Dit was ook die dag waarop die volk van God geleer het om soos koningskinders die beeld van God te vertoon; self beeld van God te wees deur te lewe en te laat lewe. Die wegneem van so 'n dag sou vir werkgewer en werknemer, vee en vreemdeling 'n geweldige verlies meebring.

Dan was daar ook nie meer 'n dag om die volk aan te spoor om heilig; te lewe en hulle te herinner aan die hemelse rus wat vir die kinders van die koninkryk weggelê is nie.

Sonder só 'n heilige dag sou die volk van God ook geen sodanige teken meer hê waardeur hulle van die heidene of ongelowiges en ongehoorsames afgeskei of afgesonder of uitgeken kan word nie.

Dit sou dus vir ons vreemd en onverstaanbaar gewees het, indien God nie 'n ander dag sou voorsien nie, wat in al bogenoemde behoeftes sou voorsien het nie, want indien Israel aan so 'n dag behoefte gehad het, dan het die nuwe volk van God in die nuwe verbond ewe-eens behoefte aan 'n soortgelyke dag, wat ten minste aan bogenoemde behoef tes kan voorsien. Gelukkig het God daarin voorsien soos ons in die volgende paragraaf sal aantoon.

## *God se antwoord op die behoefte van sy nuwe volk*

Die Messiaanse Psalm 118 wys profeties heen na 'n dag wat godsdienstig gevier gaan word (Ps. 118:18-29). Ons lees hier van "die steen wat die bouers verwerp het", maar wat "'n hoeksteen geword het" (Ps. 118:22. Vgl. Jes. 28:16).

Wanneer Petrus getuig van Jesus Christus wat gekruisig is, maar wat God uit die dode opgewek het (Hand. 4:10), dan verklaar hy soos volg: "Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het" (Hand. 4:11). Die boodskap is glashelder. Israel (Hand. 4:8), die bouers (Ps. 118:22; Hand. 4:11) het Christus Jesus verag (Hand. 4:11) of verwerp (Ps. 118:22) deur Hom te kruisig (Hand. 4:10), maar hy het 'n hoeksteen geword (Ps. 118:22; Hand. 4:11) deurdat God Hom uit die dode opgewek het (Hand. 4:10).

Nou sê die Psalmdigter van hierdie gebeurtenis dit: "Dit het van die Here gekom; dit is wonderbaar in ons oë. Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees" (Ps. 118:23, 24). Watter dag is dan die dag wat die Here gemaak het? Dit is die dag van sy opstanding, die dag toe hy 'n hoeksteen geword het, toe God Hom uit die dode opgewek het. En watter dag was dit? In Matt, 28 lees ons: "En laat na die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdalena en die ander Maria om na die graf te gaan kyk. Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het" (Matt. 28:1, 5, 6; 16:21). En die eerste dag van die week is Sondag. Dit is dus die dag wat die Here gemaak het waaroor ons moet juig en bly wees (Ps. 118:24); die dag wat godsdienstig gevier moet word (Ps. 118:25-29). Johannes noem die eerste dag van die week, "die dag van die Here" (Openb. 1:10) waarop God die openbaring vir sy hele kerk aan hom gegee het, die dag wat vroeg reeds in die gemeente die plek van die sabbat ingeneem het (Hand. 20:7; 1 Kor. 16:1,2).

Sondag was nie alleen die opstandingsdag nie, maar ook die dag waarop Christus aan sy vergaderde kerk verskyn het (Joh. 20:19, 26; 1 Kor. 15:5, 6), die dag waarop Hy sy Heilige Gees op sy vergaderde kerk uitgestort het (Hand. 2:1-4), waarop Hy die Nagmaal in sy vergaderde kerk laat vier het (Hand. 20:7), waarop die gemeentes in Korinthe en Galasië hulle dankoffers moes opspaar vir die Christene in Jerusalem (1 Kor. 16:1, 2). Kortom, 'n teken van God se nuwe verbond met sy nuwe volk.

En met hierdie gebeurtenis is twee belangrike dinge bereik. In die eerste plek sou die nuwe volk van God nooit meer in die vierde gebod daaraan herinner word dat hulle 'n slaaf in Egipteland was en daarvan uitgelei is nie, want dit kan nie van die Romein of die Griek gesê word nie. Die motivering van Deut. 5:15 het vir altyd verval. In die tweede plek behoort die motivering van Ex. 20:11, wat op die skeppingshandeling van God gegrond is, tot die blywende van die vierde gebod, die ritme van ses dae werk en een dag rus in die lewe van God, na wie se beeld ons geskape is. Hierdie ommeloop van sewe dae, waarin één dag uit elke sewe as rusdag en heilige vierdag vir die Here opgeëis sou word, sou ook met Sondag behoue bly.

## *Die sabbat en Sondag vergelyk*

As Sondag die dag van die Here genoem word (Openb. 1:10), dan is dit ewe-eens 'n dag vir die Here. En as dit profeties aangekondig is dat die dag die feesdag sou word wat die Here gemaak het waaroor ons moet juig en bly wees en wat godsdienstig gevier sou word (Ps. 118:18-29; Hand. 4:10-11; 20:7; 1 Kor. 16:1, 2), dan beteken dit dat die nuwe volk van God van die nuwe verbond feitlik alles wat hulle verloor het met die afskaffing van die ou Joodse sabbat in die Sondag behou of teruggekry het.

Dan is ook hierdie dag geseën en moet daar 'n seën uit voortspruit vir elkeen wat die dag eer en die onderlinge byeenkoms op hierdie dag nie versuim soos andere nie (Hebr. 10:25). Dit sou as reël van dankbaarheid ook die beproefdes openbaar en die gelowiges van die ongelowiges, die Christene van die heidene onderskei.

Dit sou ook as arbeidsreëling die volk leer om oor die arbeid te heers, om soos koningskinders te lewe en te laat lewe sodat almal op dié dag kan rus en vry kan wees om die Here uit dankbaarheid te dien. En terwyl dit tot die lewe van God, die ritme van ses dae werk en een dag rus, behoort, is dit ook aan die volk van die verbond gegee om aan die kringloop van sewe dae vas te hou, waardeur een dag uit elke sewe vir God opgeëis word. Daardeur sou die volk van God die beeld van God vertoon; aangespoor word om heilig te lewe, en herinner word aan die hemelse rus, die ewige sabbat waarmee reeds in hierdie lewe begin kan word.

Aan die ander kant sou die wins wat vir die volk van God met die afskaffing van die sabbat gekom het, nie deur die Sondag prysgegee word nie. Sondag sou nou die teken wees van die nuwe verbond vir al God se kinders, Jode sowel as Grieke (Ef. 2:11-22). Die wet van gebooie wat in insettinge bestaan het (Ef. 2:15) of die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was (Kol. 2:14; Ex. 16:23; 35:*2,* 3; Num. 15:32; Jer. 17:21, 22) sou nooit in die Sondag ingedra mag word nie. Dit is vervul (Hebr. 8:13-9:28; Kol. 2:14-17).

En al sou die tug as afsnyding behou word (vgl. 1 Kor. 5:13) sou die doodstraf (Ex. 31:14; Num. 15:32-36) of vloek (Deut. 27:26; Gal. 3:10) of ook straf en bedreiging (Neh. 13:18; Jer. 17:27; Jes. 63:10; Eseg. 22:26, 31; Mal. 2:2) nooit deur die Sondag oorgeneem kan word nie, omdat die Here van die sabbat (Mark. 2:28) ons vir altyd van die vloek van die wet bevry het (Gal. 3:13; Rom. 8:1).

Die Sondag is dus geen verskuifde sabbat of verlenging van die Ou Testamentiese sabbat nie, maar het sy wortels in die Ou Testament, terwyl die vierde gebod alleen uit die vervulling in Christus gevul en verklaar kan word soos die Heidelbergse Kategismus dit ook doen (H.K. 103).

## *Die kerkvaders en Sondag*

Die Didaché of leer van die Twaalf Apostels, geskrywe ongeveer 100 na Christus, sê: "Kom saam, breek brood, en hou die Nagmaal op die dag van die Here" (14.1).

Ongeveer dieselfde tyd skrywe Barnabas in sy sendbrief dat die vroeë Christene "die agste

dag met vreugde hou, naamlik die dag waarop Jesus ook uit die dode opgestaan het" (15:8,9).

'n Bietjie later verklaar Ignatius in sy sendbrief aan die Magnesiers dat die Christene nie meer die Saterdagsabbat hou nie, maar die dag van die Here, die dag waarop hulle lewe deur Hom en deur sy dood begin het (9:1).

Ongeveer 114 na Christus skrywe Justinus die martelaar dat die eerste dag van die week waarop Jesus Christus uit die graf opgestaan het, die belangrikste van alle dae is (Dial. C. Tryph. 41). En in 'n ander geskrif van hom lees ons: "Op die dag bekend as Sondag kom almal wat in die stede of op die platteland woon op een plek bymekaar, waar die herinneringe van die apostels of die geskrifte van die profete gelees word . . . Sondag is die dag waarop ons ons gemeenskaplike vergadering hou .. . omdat Jesus Christus onse Heiland op daardie selfde dag uit die dode opgestaan het... en terwyl Hy aan sy apostels en dissipels verskyn het, het Hy hierdie dinge geleer, wat ons vir julle oorweging aan julle oorgelewer het" (Apol. prim. 67).

So het ook Tertullianus daarop gewys dat die Christene Sondag as feesdag afgesonder het (Apol. 16; Ad Nationes 13). En so kan ons die voorbeelde vermenigvuldig.

Die kerkvaders is dit met mekaar eens dat Sondag, die eerste dag van die week, die dag van die Here, van die begin of deur die Christene as 'n dag vir die Here beskou was, en daarom as 'n dag van die erediens gebruik het, al was dit vanweë heidense owerhede nie 'n dag van rus nie en al sou hulle ook begeer het om dit 'n dag van rus te maak. Die praktiese omstandighede raak egter nie die beginsel nie.

Die toename van die aantal Christene sou dit egter vir keiser Konstantyn moontlik maak om op 3 Maart 321 n.C. die eerste Sondag-wetgewing te proklameer, al was die wetgewing aanvanklik nie so Christelik as wat die Christene dit sou wou gehad het nie. Sondag het in elk geval skielik 'n werkvrye dag geword.

En die kerk het hierdie gawe sekerlik nie ontvang om op Sondag vakansie te hou nie, maar te gebruik in lyn met die Nuwe Testamentiese voorbeeld aan die volk van God gegee.

## *Alle owerhede en Sondag*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis omskrywe die taak van die owerheid soos volg: "Ons glo dat die goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand *gegee* om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm. En hul amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel..." (Art. 36).

Die vierde gebod is in die eerste plek 'n appèl op alle owerhede, maghebbers, hooggeplaastes, werkgewers en leiers om koninklik te lewe en te laat lewe, veral op die heilige sabbat van die Here. Hier moet die belange van alle werknemers en onderhoriges, die seun en dogter, dienskneg en diensmaagd, vee en vreemdeling, beskerm word deur hulle wat in gesagsposisies gestel is deur God. Mens en dier moet 'n geleentheid kry om asem te skep (Ex. 23:12). Alleen werke van noodsaaklikheid, hulpverlening, godsdiens en werke wat ononderbrokenheid vereis was toelaatbaar. En ons het reeds gesien dat hier die beginsels in die Sondag behoue gebly het en beskerm moet word.

Nou is dit van die leiers verwag om oor hierdie sake waaksaam te wee:; (Eseg. 22:26-31) en is hulle verantwoordelik gehou wanneer die volk dié dag ontheilig het (Neh. 13:17).

En waar die owerhede deur God self ingestel is (Rom. 13:1-7) en daarom ook aan God verantwoording skuldig is om ook die geestelike belange van sy onderdane te beskerm, behoort dit ook tot die taak van die staat om alles te weer wat kan verhinder dat die volk op die dag van die Here die geleentheid sou kry om die openbare erediens te onderhou soos die wet van God

dit beveel het en dit in Christus vervul is as rigsnoer vir die ordelike bestaan en voortbestaan van sy volk op aarde (vgl. Rigt. 5:23).

## *Hoe Sondag gevier moet word*

Ons het reeds gesien dat Sondag die dag is wat in Ps. 118 profeties aangekondig word as die dag wat die Here gemaak het wat godsdierstig gevier moet word (Ps. 118:19-29). Van hierdie dag word verder gesê: “Dit het van die Here gekom; dit is wonderbaar in ons oë. Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees” (Ps. 118:23,24). Ons het ook gesien dat die dag waarop die steen wat die bouers verwerp het (Ps. 118:22; Hand. 4:11) 'n hoeksteen geword het, op Sondag die eerste dag van die week was (Hand. 4:10; Matt. 28:1, 5, 6; 16:21). Sondag is dus die dag van die Here (Openb. 1:10) waaroor ons moet juig en bly wees. Dit moet 'n feesdag wees. Dit is dus 'n dag vir die Here wat godsdienstig gevier moet word (Ps. 118:25-29; Hand. 20:7; 1 Kor. 16:1, 2). Dit moet 'n dag van heilige samekoms wees.

Hierdie dag is verder geheilig deurdat Christus op hierdie dag uit die graf opgestaan het, waardeur die dag 'n teken geword het van die nuwe volk van die nuwe verbond. Die dag is verder geheilig deurdat Jesus daarop aan sy vergaderde kerk verskyn het en so die erediens ingestel het met sy groet: “Vrede vir julle” (Joh. 20:21, 26); deurdat Hy die Heilige Gees, waarmee die Christelike kerk begin is, op dié dag op sy vergaderde kerk uitgestort het (Hand. 2:1-4); deurdat die gemeente op dié dag hulle samekomste gereël het (Hand. 20:7; 1 Kor. 16:1,2); deurdat Hy op dié dag sy openbaringe met betrekking tot sy kerk op aarde bekend gemaak het (Openb. 1:10); deurdat dié dag die dag van die Here genoem word (Ps. 118:24; Openb. 1:10). En as dié dag, dit wil sê, Sondag, só deur die Here self geheilig is, dan pas dit die volk van God om self ook dié dag te heilig. En dit beteken om hierdie dag aan die Here te wy, met sy dinge besig te bly. Dit is nie 'n dag van uitrus nie, maar van anders besig wees tot eer van die Here.

Hiermee is die volk van God nie meteen terug by die ou Joodse sabbat met sy instellinge en verordeninge nie. Dit is vergoed afgeskaf (Kol. 2:14-17). Dit gaan hier nie om 'n hele aantal moenies nie -gebod op gebod en reël op reël nie. Die volk van God is vir altyd van die juk van diensbaarheid bevry (Hand. 15:10; Gal. 5:1). Die vraag mag nooit gestel word: Mag ek op die dag dit of dat doen nie? Mag ek aan sport deelneem of mag ek nie? Nee! Die vraag is voortaan: Is ek op Sondag, die dag van die Here besig met dinge wat aan Hom toegewy is; besig met 'n dag vir die Here. Nou antwoord elkeen vir homself die vraag: Behoort in my lewe die hele dag aan die Here? En as ek aan sport deelneem, is ek dan nog besig om die dag te heilig vir die Here? Is ek besig om die heilige dag van die Here hoog te hou, die dag te eer deur nie my gewone gang te gaan nie, geleentheid vir my eie sake te soek en ydele taal te spreek nie? Is ek besig om my in die Here te verlustig (vgl. Jes. 58:13, 14) om die dag godsdienstig te vier?” (Ps. 118:19-29).

## *Die Heidelbergse Kategismus en Sondag*

Die Heidelbergse Kategismus vra die vraag: “Wat gebied God in die vierde gebod?” Hierop word geantwoord: “Ten eerste, dat die kerkdiens of die predikamp en die skole onderhou moet word (Tit. 1:5; 2 Tim. 3:14; 1 Kor. 9:13, 14; 2 Tim. 2:2; 3:15); en dat ek, veral op die sabbat, dit is, op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom (Ps. 40:10, 11; 68:27; Hand. 2:42) om die Woord van God te hoor (1 Tim. 4:13; 1 Kor. 14:29), die Sakramente te gebruik (1 Kor. 11:33), God die Here openlik aan te roep (1 Tim. 2:1; 1 Kor. 14:16) en aan die armes Christelike liefdegawes te bring (1 Kor. 16:2); ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk, en so die ewige sabbat in hierdie lewe begin (Jes. 66:23)” (H.K. 103).

Dit is dan ook onmiddellik duidelik dat ons hier nie 'n letterlike verklaring van die vierde gebod vind nie. Hier word na die diepere geestelike betekenis van die gebod afgepyl en die wyse aangetoon waarop na die sin en betekenis van die gebod gelewe kan en behoort te word.

Die onderhouding van die kerkdiens dui op die kerk na sy sigbare openbaring. Hier is sprake van die ampte en bedieninge. Elkeen is verplig om by die kerk aan te sluit en sy of haar

dure plig te doen tot die instandhouding van die erediens, met alles wat dit inhou.

Die onderhouding van die skole sien op die dagskole en alle opvoedkundige inrigtings waar die Naam van God bely moet word, sowel as op die kategese waar die jeug in die Woord onderrig moet ontvang. Dit mag nie versuim word nie (2 Tim. 3:15).

Oor die feit dat die volk van God op die rusdag ywerig moet opkom en die onderlinge byeenkoms nie te versuim nie (Hebr. 10:25), het ons al genoegsaam gespreek.

Hier word die hele volk geplaas onder die tug van die woord, wat die sleutel van die kennis is (Luk. 11:52) waarmee oopgesluit en toegesluit word (Matt. 18:18; 2 Kor. 2:14-16). Hier word die gelowige verseker, vertroos, versterk en gevoed deur die gebruik van die sakramente te wete die doop en die Nagmaal; kry die gemeente geleentheid om die Here openlik aan te roep in sang, gebed en belydenis; geleentheid om die erediens finansieel in stand te hou en ook genoegsame middele vir die versorging van die behoeftiges te gee.

En eindelik word die gelowiges deur die vierde gebod opgeroep om van hul sondes te rus, wat oor al die dae van hulle lewe moet strek, en waarlik vervul word deur 'n hart wat rus gevind het in die rus van God.

# HOOFSTUK VI

## *Die Vyfde Gebod*

Die vyf de gebod lees so:

*"Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee . . ." (Ex. 20:12).*

In die vierde en vyfde gebooie het ons met gebooie te doen wat positief ingeklee is, soos byvoorbeeld: Gedenk die sabbatdag, en: Eer jou vader en jou moeder. Hieruit is dit duidelik dat die twee gebooie nie iets verbied nie, maar gebied. Al agt die ander gebooie is verbiedinge. Dit sê: Jy mag nie. En in hierdie opsig verskil die twee gebooie van al agt die ander, en stem wat die vorm betref met mekaar ooreen.

Ons vind egter ook 'n noue verwantskap tussen die twee wat die inhoud betref. Albei roep die mens op om Beeld van God te wees. Die vierde gebod beveel die mens om een dag uit elke sewe van al sy werk te rus (Ex. 20:8-10) soos God op die sewende dag van al sy werk gerus het (Ex. 20:11; Gen. 2:2, 3; 31:17). Sodoende word die menslike samelewing geskoei op die voorbeeld van die lewe van God. Terselfdertyd word die mens opgewek om ook die belange van sy onderhoriges en sy vee op hierdie wyse te beskerm. Hy moet lewe en laat lewe. Die vyfde gebod weer leer dat vader en moeder geëer moet word; dat hulle deur God self met outoriteit beklee word, net soos God self as ons hemelse Vader (Deut. 32:6; Mal. 2:10; Matt. 5:16) met outoriteit beklee is en deur alle skepsele geëer moet word (Mal. 1:6). Ook hierin word die mens opgeroep om die Beeld van God in alle gesagsinstansies te erken en te eerbiedig. In hierdie twee gebooie vind ons dus die voorbeeld en bindende outoriteit vir die ordelike bestaan en voortbestaan van die volk van God aangedui.

Terwyl die eerste drie gebooie die eer van God teen ons aanranding beskerm, en die laaste sewe die belange van die mens op die oog het, wil die vierde en vyfde gebod spesifiek die rigsnoer en bindende outoriteit vir die ordelike menslike samelewing aantoon; dit wil sê, aantoon hoe die belange van God se volk behartig moet word. Dit is dan ook opvallend dat juis hierdie twee gebooie in Lev. 19:3 saamgekoppel word: "Elkeen moet sy moeder en vader vrees, en my sabbatte hou," terwyl dit voorkom in dié gedeelte waar die volk opgeroep word om heilig te wees omdat God heilig is (Lev. 19:2), en waar die eer van God (Lev. 19:4, 14) en die belange van die naaste (Lev. 19:5-37) verdedig word.

## *Die vyfde gebod en die twee taf els van die wet*

In die eerste paragraaf van Hoofstuk I het ons reeds daarop gewys dat die Tien Gebooie in twee taf els (H.K. 63) in die verhouding van 4 tot 6 verdeel kan word (Kort Begrip 4-6).

Dat die Tien Gebooie op twee kliptafels geskrywe was (Ex. 31:18; 34:1) is duidelik, en dat Christus die tien woorde in twee verdeel het (Matt. 22:37-39), staan vas. Maar sowel die feit dat Hy dit in 'n liefde tot God en 'n liefde tot die naaste verdeel het, as die feit dat dit op twee kliptafels geskrywe was, wat in alle waarskynlikheid ewe groot was, maak ook 'n ander verdeling moontlik.

Indien bloot op die formele inhoud, dit is die aantal woorde, gelet word, sou ons eerder kan aanvaar dat die eerste drie gebooie op die eerste tafel en die laaste sewe op die tweede tafel geskrywe was. In die Hebreeuse letters, wat oorspronklik sonder vokale geskryf was, sou dit, tesame met die aanhef, neerkom op ongeveer nege reëls vir die eerste drie gebooie en tien reëls vir die laaste sewe. Indien die vierde gebod op die eerste kliptafel geskrywe was, was die verhouding, vyftien reëls teenoor vier. As die vyfde gebod ook op die eerste tafel gestaan het, was die verhouding sestien teenoor drie. Wat die plekruimte alleen betref, sou dit eerder dui op die verhouding van 9 teenoor 10, dit wil sê, die eerste drie gebooie op die eerste kliptafel en die laaste sewe op die tweede kliptafel.

So 'n indeling sou egter nie net aan die formele inhoud van die Tien Gebooie reg laat geskied nie, maar ook aan die materiële inhoud daarvan. Ons het reeds daarop gewys dat die

eerste drie gebooie die eer van God teen ons aanranding beskerm, terwyl die laaste sewe die belange van die mens op die oog het; dat die eerste drie gebooie dus regstreeks ons verhouding tot God reël, en die laaste sewe almal op die menslike lewe afstuur, terwyl die vierde en vyfde gebod na vorm en inhoud moeilik van mekaar geskei kan word. Dit sou ook in lyn lê met die verdeling van Christus in 'n liefde tot God (die eerste drie gebooie) en 'n liefde tot die naaste (die laaste sewe gebooie), geskrywe op twee kliptafels van dieselfde grootte en met ongeveer dieselfde aantal woorde op elke tafel.

## *Die verskille in die twee weergawes van die vyfde gebod*

Die weergawe van die vyfde gebod in Deutoronómium lees soos volg: "Eer jou vader en jou moeder soos die Here jou God jou beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die Here jou God aan jou gee" (Deut. 5:16). Die toevoeginge tot die weergawe van Ex. 20 dui meteen op wat ons vroeër al gesê het, dat ons in Deuteronómium die oorspronklike Tien Gebooie tesame met die bypassende kommentaar van Moses kry. Dit is eie aan die enigsins breedsprakige formulering wat in Deuteronómium aangetref word (vgl. Deut. 4:40; 5:33) en wat met die karakter van die prediking saamhang.

Wanneer Moses dus die woorde byvoeg: "soos die Here jou God jou beveel het", dan wys dit duidelik terug na Ex. 20:12, die tyd wanneer en plek waar God die Tien Gebooie aangekondig het.

Hierdie toevoeging dui verder daarop dat hierdie gebod nie net 'n wens of vriendelike advies van Moses is nie, maar 'n uitdruklike bevel van dié God is wat hulle met 'n sterke hand en uitgestrekte arm uit Egipteland uitgelei het (vgl. Deut. 5:15). Alle kinders moet dus hul vaders en moeders eer, nie omdat dit reg, redelik en voordelig is om dit te doen nie, maar in die eerste plek omdat God self hulle daartoe beveel het.

Die toevoeging: "en dat dit met jou goed mag gaan", gee 'n verdere versekering dat die lang lewe met ander seëninge gepaard sal gaan. Met die lang lewe word sekerlik nie 'n ongelukkige lewe bedoel nie, maar met hierdie toevoeging word die duidelike verskil aangedui tussen die lang lewe van die gehoorsame kind aan die een kant en die lang lewe van die ongehoorsame kind aan die ander kant. Die een het die belofte dat dit met hom goed sal gaan, die ander nie; of ook dat die gehoorsame volk, teenoor die bandelose volk, 'n lang en geseënde leeftyd sal hê; die bandelose volk egter nie.

Daarmee word meteen die probleem opgelos van die vrome kinders wat vroeg te sterwe kom en die goddelose kinders van hierdie wêreld wat 'n hoë ouderdom bereik. 'n Kort lewe met die seën van God is inderdaad 'n lewe wat aan inhoudelike kwaliteit gewen het, terwyl 'n lang lewe sonder die seën van God 'n waterlose wolk (vgl. Judas v. 12), 'n verbyskietende skim is. Ons hoef dus nie die Skrif vanuit die probleem te verklaar nie, maar soos dit hoort, die probleem vanuit die Skrif.

## *Die eerste gebod met 'n belofte*

In Ef. 6:2 skrywe Paulus: "Eer jou vader en jou moeder - dit is die eerste gebod met 'n belofte."

Hierdie stelling van Paulus het al vir baie mense hoofbrekens besorg omdat dit wil voorkom asof ons reeds al in die tweede gebod met 'n belofte te make het: "En Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou" (Ex. 20:6). Sommige reken dat daar wel in die tweede gebod 'n belofte is, maar dat dit 'n gebod is wat vir al die gebooie geld omdat dit toegesê word aan hulle wat die "gebooie onderhou" (Ex. 20:6). Ander weer meen dat die woord "eerste" (Ef. 6:2) nie 'n telwoord is nie, maar die besondere betekenis en belangrikheid van die vyfde gebod onderstreep, aangesien die eer van die vader en moeder 'n baie groot waarde, heilige erns en 'n verreikende strekking het.

Miskien moet ons nie angsvallig aan die stelling van Paulus probeer ontkom en nog eens probeer om die Skrif in die lig van ons probleme te verklaar nie. As ons doodeenvoudig aanvaar wat Paulus sê, dan beteken dit dat die mededeling in die tweede gebod dat die Here aan

duisende barmhartigheid bewys nie as 'n belofte nie, maar bloot as 'n stelling gesien moet word. Dit is 'n feit wat konstateer word: Die Here straf tot in die vierde geslag en Hy seën tot in die duisendste geslag (Deut. 7:9,10; Ex. 34:7).

En die belofte waarom dit hier gaan, stel Paulus soos volg: "Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde" (Ef. 6:3). Die volgorde van die "goed gaan" en "lank lewe" word hier net andersom as in Deut. 5:16 gestel, sodat die klem eerder op die geseënde lang lewe as net op die lang lewe gelê word.

Die woord van God maak dus wel deeglik gebruik van beloftes om die volk van God aan te spoor om Hom gehoorsaam te wees, al sou dit nie die eerste rede vir gehoorsaamheid mag wees nie. Alle loon is per slot van sake genadeloon, al is loon op gehoorsaamheid nie uitgesluit nie (Jes. 40:10; Matt. 5:12; 1 Kor. 3:8, 14; Openb. 22:12). Ouers moet egter geëer word, nie omdat daar loon belowe word nie, maar omdat dit 'n opdrag van God is. Die belofte van loon maak die gehoorsaamheid egter soet.

## *Die lang lewe wat beloof word*

Dit het reeds uit ons vorige paragrawe duidelik geword dat die klem in die vyf de gebod eerder op die geseënde lang lewe as op die lang lewe as sodanig gelê word. Ons het ook gesien dat dit eerder in die belofte gaan om die inhoudelike kwaliteit waarmee die lewe van die gehoorsame kinders geseën word, as om die verlenging van die lewensjare, alhoewel laasgenoemde seën hoegenaamd nie uitgeskakel is nie.

Dat hierdie belofte sowel op volke as op indiwidue betrekking het, is duidelik. Dit is in die eerste plek Israel wat uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei was (Ex. 20:2) aan wie belowe word dat dit met hulle goed sal gaan in die land wat die Here hulle God aan hulle as volk, en nie aan 'n enkele indiwidu nie, sal gee (Ex. 20:12). Dieselfde gedagte vind ons elders: "En jy moet sy insettinge en sy gebooie hou wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou en jou kinders na jou goed mag gaan, en dat jy die dae mag verleng in die land wat die Here jou God jou vir altyd sal gee" (Deut. 4:40). Die woorde, "vir altyd sal gee", kan onmoontlik net op die indiwidu slaan. Hier word van die hele volk gepraat, van "jou en jou kinders na jou." Hierdie belofte is dan ook letterlik aan Israel vervul. Afgesien van ongelukkige tussenposes vanweë eie ongehoorsaamheid word Kanaän vandag nog, meer as drieduisend jaar later, deur Israel bewoon.

Maar dat hierdie gebod ook die indiwidu op die oog het, staan vas: "In al die weë wat die Here julle God, julle beveel het, moet julle wandel, sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle die dae kan verleng in die land wat julle in besit sal neem" (Deut. 5:33). En 'n bietjie verder: "Dat jy die Here jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou -jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word" (Deut. 6:2; Ex. 23:26; Ps. 91:16). Dit gaan hier om die "jy en jou kind en jou kindskind, dit wil sê, om bepaalde indiwidue wat aangespreek, en aan wie 'n lang lewe belowe word. Alle moontlike onsekerheid word deur Ef. 6:1-3 volledig uitgeskakel. Hier word nie die volk nie, maar alleen die kinders aangespreek. Aan elkeen wat sy vader en moeder eer word 'n geseënde lang lewe beloof (Ef. 6:2,3).

## *Die beloofde land*

Dit staan vas dat die vyfde gebod 'n sterk Israelitiese stempel dra: "Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou sal gee" (Ex. 20:12). Dit is ongetwyfeld seker dat hierdie gebod in die eerste plek die aardse land Kanaän op die oog het, die land wat Israel in besit sou neem (Deut. 5:33), die land wat die Here hulle God vir altyd aan Israel sou gee (Deut. 4:40) en wat reeds aan Abraham beloof was (Gen. 12:6, 7; Deut. 25:19; Jos. 1:3, 13). Die Here het dus aan Israel 'n woonplek op die aarde verseker wat aan hulle, en nié aan ander volke nie, sou behoort; vir altyd sou behoort.

Maar wanneer hierdie gebod deur Christus en in Christus vervul sou word, sou die nasionale vir die universele moes plek maak. Wanneer die rol van Israel as uitverkore volk, ter wille van al die ander nasies wat die saligheid sou beërwe, uitgespeel is, word die perspektiewe van die vyfde gebod verbreed: "Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die

aarde" (Ef. 6:3). Kanaän is nie as erfdeel aan alle volke beloof nie, maar net aan Israel alleen (Gen. 12:6, 7; 17:8). Daarom sê Paulus dat die Christene "lank mag lewe op die aarde" (Ef. 6:3), nie in Kanaän nie. Dit beteken dat dit wat van die gehoorsame Israeliet met betrekking tot Kanaän waar geword het, nou waar word van elke gehoorsame kind van God uit elke taal, stam, volk en nasie (vgl. Openb. 5:9), waar op aarde hy ook al mag woon. Vir elke gehoorsame kind van God, en vir elke gehoorsame volk van God, word 'n woonplek op die aarde verseker.

Maar dan spreek dit vanself dat ons hier op aarde slegs bywoners en vreemdelinge is, en is die heerlikheid van Kanaän alleen maar 'n floue afbeeldsel van die hemelse Kanaän, die ewige geluksaligheid, waarna ons steeds moet verlang (vgl. Hebr. 11:12-16).

Die beloftes van God hou dus 'n hemelse, maar ook 'n aardse seën in. Ons mag verlang dat daar reeds op hierdie aarde iets van die hemelse Kanaän gesmaak word, om van ons woonplek 'n voorportaal van die ewige hemel te maak.

**Die straf vir die oortreder van die vyfde gebod**

In die vyfde gebod self vind ons nie 'n bedreiging soos by voorbeeld in die tweede en derde gebod nie (Ex. 20:5, 7). Hier is alleen sprake van 'n belofte vir diegene wat die gebod nakom (Ex. 20:12). Dit is ook duidelik dat daar 'n seën rus op elkeen wat leef volgens al tien die woorde wat God aan sy volk gegee het om dit te doen (Deut. 10:4, 10-22; vgl. Ex. 34:28; Deut. 4:13, 14). Maar dan staan dit ewe-eens vas dat tesame met die belofte van seën die bedreiging vir die ongehoorsame meteen gegee word (Deut. 4:14-24; 27:26; 28:1, 15), want God sal nie straffeloos toekyk wanneer sy wet oortree word nie (Deut. 28:58-68), aangesien dit sy wil is dat die kwaad onder sy volk uitgeroei moet word (Deut. 21:21).

En al vind ons geen direkte bedreiging by die aankondiging van die vyfde gebod nie, vind ons genoegsame voorbeelde in die Skrif wat onteenseglik daarop dui dat die gebod met groot gestrengheid gehandhaaf moes word. So byvoorbeeld word 'n vloek uitgespreek oor elkeen wat sy vader of sy moeder verag (Deut. 27:16), en word die doodstraf opgelê vir elkeen wat sy vader of moeder slaan of vloek (Ex. 21:15, 17). Ewe streng is die volgende bepaling: "As iemand 'n koppige en wederstrewige seun het, wat nie luister na die stem van sy vader en na die stem van sy moeder nie, en hulle hom tugtig, maar hy na hulle nie luister nie, dan moet sy vader en moeder hom neem en hom uitbring na die oudstes van sy stad en na die poort van sy woonplek, en hulle moet aan die oudstes van die stad sê: "Hierdie seun van ons is koppig en wederstrewig, hy luister nie na ons stem nie, hy is 'n deurbringer en dronkaard. Dan moet al die manne van sy stad hom stenig, dat hy sterwe. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei, en die hele Israel sal dit hoor en vrees" (Deut. 21:18-21; 19:18-21).

Die feit dat God so streng die gesag van die ouer beskerm moet eerstens gesoek word in die feit dat die Beeld van God ook in die ouerlike gesag setel. Opstand teen die ouer beteken dan inderdaad opstand teen God, omdat dit God behaag het om die kind deur die hand van die ouer te regeer (Kol. 3:20; Rom. 13:1,2). Hierdie ouerlike gesag is egter uit die aard van die saak begrensde gesag (vgl. Ef. 6:1), 'n saak waarby ons 'n bietjie later sal uitkom, aangesien ouerskap, vanweë die sonde (Ef. 6:4; Kol. 3:21), 'n floue afbeeldsel van die Goddelike gesag uitmaak. Intussen is die gebreke van die ouers (vgl. H.K. 104) geen lisensie aan kinders om aan hulle ongehoorsaam te wees nie.

## *Die ouergesag as voorbeeld van ander gesagsinstellinge*

Ons het reeds vroeër daarop gewys dat ons telkens in al die gebooie of verbiedinge van die Tien Gebooie net één voorbeeld vind van soortgelyke sake wat deur die betrokke gebod geraak word. So word net één bepaalde saak of oortreding by die naam genoem, maar word in die één genoemde saak alles aangedui of saamgevat wat daarmee saamval of ooreenkom of in dié verband met die sielelewe van die mens te make het.

Wanneer die mens verbied word om dood te slaan, word nie alleen alle sake wat met doodmaak verband hou, soos byvoorbeeld die genadedood, aan die orde gestel nie, maar word meteen die wortel van alle doodslag, te wete haat, daarmee aangesny. Of as diefstal verbied word, word daarmee onmiddellik alle sonde wat saamhang met die wederregtelike bymekaar maak van goed, betrek. Ons mag dus nie die verskillende gebooie net tot die één saak, of sake

wat by name genoem word, beperk nie, maar dit moet telkens so opgevat word dat daaronder alles begrepe is wat prinsipieel met die één genoemde saak saamhang.

Wanneer kinders dus beveel word om hulle ouers te eer, dan gaan dit in die gebod nie net oor die vader en die moeder as gesagsinstellinge nie, maar word daarmee vanselfsprekend ook die ander gesagsinstellinge soos die skool, kerk, staat en juis ook die Oppergesag van God bedoel. Daarom sal die diepe en verreikende strekking van die vyfde gebod glad nie begryp word nie, wanneer alleen maar die ouer/kind verhouding hieronder gebring sou word. Daar moet steeds na die algemene beginsel, waarvan die gebod uitgaan, deurgedring word. En die algemene beginsel hier is dat die mens nie los van mekaar staan nie, maar deel uitmaak van 'n samelewing wat vanweë die sonde alleen ordelik kan bestaan en voortbestaan op aarde, indien die mens onder bepaalde gesagsinstellinge geplaas word.

En aangesien die Heidelbergse Kategismus hierdie algemene beginsel raakgesien het, kon hy die vyfde gebod doodgewoon uitbrei tot almal wat op een of ander wyse oor andere gestel is (H.K. 104).

## *Die huisgesin*

Dat God spesifiek ouerlike gesag as voorbeeld vir alle gesagsinstansies geneem het, is begryplik. Die huisgesin is immers die allerbelangrikste lewensverband, die mees fundamentele kern waaruit alle ander lewensverbande opkom óf moontlik gemaak word en waaruit dus ook alle gesagsverhoudings groei. Wanneer die gesinsverband gesond en lewenskragtig is, werk dit heilsaam deur tot alle ander gesagsverhoudinge en lewensverbande. Wie geleer het om sy vader en sy moeder te eer, sal ook weet hoe om hom buite hierdie gesinsverband te gedra. En andersom is dit ewe-eens waar dat hy wat teen ouerlike gesag in opstand kom, ook in die skool, kerk of staat met die betrokke gesagsinstellinge in botsing sal kom. Reeds in die huis word die stryd gewoonlik gewen of verloor.

En hieroor moet ons nie verwonderd wees nie, want die kind kom heel eerste onder die sorg van sy ouers. Hulle is dan ook primêr vir sy opvoeding verantwoordelik. Die skool en kerk kan weliswaar later 'n hulparm wees, maar mag nooit die ouers vervang nie. Die gesin is die ruspunt vir die kind waar hy sy lief en leed kwyt raak. Dit is die terrein waar hy sy ontdekkingsreise onderneem op pad na volwassenheid. Dit is hier waar hy sy eerste vrae vra en sy eerste antwoorde kry. Dit is hier waar hy dissipline en gehoorsaamheid moet leer en watter ander deug ook al ingeskerp moet word.

Belangriker nog. Dit is hier waar hy heel eerste hoor van die Here sy God wat hom en sy ouers uit die slawehuis uitgelei het, en die konkrete bewys daarvan sien in die voorbeeld van sy eie ouers. Geen wonder dus dat hierdie eerste indrukke in die ontvanklikste jare van sy lewe toekomstige sukses of mislukking in 'n groot mate bepaal nie.

Ouers is dus deur God in 'n unieke geleentheid gestel om 'n bepaalde stempel op hul kinders af te druk en 'n fondament te lê waarop voortgebou kan word. En daarom sal die toekomstige sukses of mislukking in 'n groot mate afhang van hoe die fondament gelê word en hoe die kind daarop reageer.

En om die ouer in hierdie taak te hulp te kom, is die vyfde gebod gegee, waardeur God die vader en moeder met gesag beklee en die kind tot onderhorigheid beveel, terwyl juis hier die sedelike mag, waardeur hierdie bindende outoriteit sy krag uitoefen, naamlik gehoorsaamheid, deur liefde en dankbaarheid getemper moet word.

## *Die betekenis en doel van gesag*

Dit het reeds vir ons duidelik geword dat die instelling van gesag die sin van die vyfde gebod uitmaak. Die woord gesag is afgelei van die stam: Om te sê. Dit is die reg wat iemand het om iets te sê, dit wil sê, seggenskap te hê. Dit kan ook beteken om iemand anders iets te laat sê. Dit is dus die reg om oor andere besluite te neem en om aan hulle opdragte te gee, dit wil sê, om oor andere gesag uit te oef en.

Dit is voorts uit die vyfde gebod duidelik dat gesag deur God self ingestel is. Dit is Ek wat

die kinders beveel om hul ouers te eer (Ex. 20:12; Deut. 5:16). God het die ouers dus in 'n bepaalde amp gestel, omdat dit Hom behaag het om hulle kinders en trouens sy hele volk deur die hand van, nie net die ouers nie, maar deur alle gesagsinstellings te regeer (H.K. 104). Alle kinders, en daarmee ook alle onderhoriges, sal dus aan God rekenskap moet gee met betrekking tot die wyse waarop aan hierdie gebod uitvoering gegee was (vgl. Kol. 3:18-25).

Daarmee word nie gesê dat die gebod net die kinders of onderhoriges aanspreek nie, want ook die ouers word aangespreek om hulle kinders op te voed "in die tug en vermaning van die Here" (Ef. 6:4), en die here word soos volg vermaan: "En, here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie" (Ef. 6:9). Daarom sal ook ouers en almal wat oor andere gestel is aan God rekenskap moet gee van die rentmeesterskap wat deur God aan hulle toevertrou is.

Ons het ook reeds gesien dat gesag ingestel is ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van die volk van God op aarde, terwyl die heel eerste ontmoeting daarmee in die huisgesin plaasvind. Gesag is dus ter wille van orde en dissipline, vrede en harmonie ingestel, aangesien die sonde tot onrus, ongebondenheid, ongehoorsaamheid en wanorde aanleiding gee.

Maar al sou daar geen sonde in die wêreld gekom het nie, sou die instelling of bestaan van gesag ewe-eens onontbeerlik wees ter wille van voorsiening, produksie, koördinasie, versorging en alles wat met vooruitgang en die ordelike bestaan van die volk van God te make sou hê.

## *Die konsekwensies van gesag*

Reeds die feit dat gesag deur God ingestel is, dui daarop dat die mens nie net daarvan sal kennis neem nie, maar dat dit in die praktyk beoefen moet word. Om hierdie rede word daar oor die huis van Eli 'n vonnis uitgespreek deur God: "En Ek sal hom te kenne gee dat Ek sy huis gaan oordeel tot in ewigheid oor die ongeregtigheid wat hy geweet het; want toe sy seuns skande oor hulleself gebring het, het hy hulle nie streng bestraf nie" (1 Sam. 3:13).

En waar gesag uitgeoefen word, sal ongehoorsaamheid gestraf moet word. So het God byvoorbeeld aan die staat die swaardmag gegee: "Want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf" (Rom. 13:4). In die kerk weer het ons te make met die kerklike opsig en tug (vgl. 1 Kor. 5:13) wat ingestel is tot eer van God, tot heil van die kerk en tot behoud van die sondaar (K.O. Art. 57), sodat alles welvoeglik en ordelik toegaan (1 Kor. 14:40), aangesien God nie 'n God van wanorde is nie, maar van vrede (1 Kor. 14:33). En wat die huis en die skool betref, word die tug van die vader besing (Spr. 1:8; 13:1; 23:13), en verklaar: "Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging" (Spr. 13:24). Of ook: "As die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit daaruit verwyder" (Spr. 22:15).

En as gesag dan beoefen moet word, en selfs met die tugroede toegepas moet word, dan spreek dit vanself dat aan die een kant, van alle gesagsdraers verwag kan word om hierdie hoë en verhewe amp waardig te wees (vgl. Ef. 6:4; Kol. 3:21) en hulle nie aan die gesag van die één ware God te vergryp nie (vgl. Dan. 3), en aan die ander kant dat alle onderhoriges ten spyte van die tekortkominge van die gesagsdraers, hulle aan hierdie gesag sal onderwerp met die nodige eerbied, gehoorsaamheid en dankbaarheid. Die eerbied beveel God wanneer Hy opdrag gee dat elkeen wat sy vader of moeder vloek of slaan gedood moet word (Ex. 21:15, 17; Lev. 20:9; Spr. 20:20); gehoorsaamheid beveel Hy waar die koppige en wederstrewige seun gedood moet word (Deut. 21:18-21) en dankbaarheid beveel Hy waar die kind beveel word om aan sy ouers goed te doen (Matt. 15:4,5; 1 Tim. 5:8).

## *Die oorsprong van gesag*

Dit sou nie reg wees om die oorsprong van gesag by die afkondiging van die Tien Gebooie op die berg Sinai te soek nie, aangesien op Sinai niks aangekondig is wat nie oorspronklik met die skepping as beeld van God in die mens ingeskape was nie. Gesag is dus niks anders nie as 'n skeppingsdaad van God (Gen. 1:27, 28). Met die sondeval het ook die gesagsbeeld van die mens in die slag gebly. Na die sondeval werk hierdie besef, kragtens die algemene genade van

God, nog deur, selfs by die heidense volkere wat nog nie van Sinai gehoor het nie, as 'n samebindende mag, al is dit weliswaar in 'n vervalsde vorm.

So gesien is ouerlike gesag vanuit die skepping en daarmee ook vanuit die lewe self (Gen. 1:28; 2:24) gegrond. Die ouerlike gesag is daarom daaruit te begryp dat dit God behaag het om te bepaal dat kinders deur hulle ouers voortgebring sou word (Gen. 1:28). Hierdie gesag is dus, soos die natuur self ook leer, in die eerste instansie nie van buite af opgelê nie, maar in die lewe self gegrond, terwyl dit uit die lewe self opkom. Ons ouers het ons na die liggaam voortgebring. Ons is vlees van hulle vlees en been van hulle been, en daarom is die gesag wat hulle oor ons uitoefen in ons hele bestaan as mens gegrond. Dit word deur ons afhanklike verhouding en ons liggaamlike behoeftes vanself tot werklikheid gemaak. Die hulpelose kind groei op onder die versorgende en wakende hand van vader en moeder. Eers veel later word die gesag in ons gewetens gegrond en kom dit op vanuit ons geestelike bestaan. Gesag is dus primêr organies, nie meganies nie. Die gesag kom vanuit die lewensoorsprong oor die mens. Dienooreenkomstig is die natuurlike reg wat die ouers oor hul kinders het daarin gegrond dat hulle aan die kind lewe en 'n bestaan geskenk het. En hierdie gesag vloei alreeds daaruit voort dat God bepaal het dat kinders uit ouers gebore sou word en dat dit nie die mens self is wat sy eie kinders of ouers kies nie, maar God self wat daaroor beskik.

Maar omdat die sonde met sy verwoestende uitwerking ook die terrein van gesag aangeval het, het dit God behaag om op Sinai die opdrag tot gesagserkenning die mens van buite af op te lê (Deut. 5:3) ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van sy volk op aarde.

## *Die enigste grond vir gesag*

Dit is duidelik dat gesag beoefen word in 'n ongelyke wêreld. Reeds in die gelykenis van die talente word geleer dat alle mense nie oor dieselfde vermoëns beskik nie (Matt. 25:14-30). Ook wat die ekonomiese belange van 'n samelewing betref verskil die dienswaarde of markwaarde van die een tot die ander (vgl. Lev. 27:3-7). En juis hierdie verskille en ekonomiese belange roep die mens tot 'n natuurlike groepering in verskillende gesagstrukture. So ontstaan vanself die behoefte om vaste leiding te ontvang, aangesien alles sonder gesag of leiding op 'n hopelose chaos afstuur. Leiding weer vereis gesag, veral na dié mate dat die verwoestende gevolge van die sonde in 'n samelewing tot openbaring kom, alhoewel die owerheid tog ontsaglik baie dinge onderneem wat nie noodwendig met die sonde verband hou nie, soos byvoorbeeld die pos en telegraafdienste.

Die toepassing van gesag is onder dergelike omstandighede nie so eenvoudig nie, want nieteenstaande die verskil in vermoëns en in markwaarde van mense, bly almal voor God gelyk; het elke mens 'n gelyke reg voor God. Elke mens het 'n persoonlike en oneindige waarde. En geen mens het vanself die reg om homself aan ander op te dring of om homself oor ander aan te stel nie. Niemand is in sy gewete verplig om na iemand anders te luister bloot op grond van die feit dat hy oor minder vermoëns beskik of omdat hy 'n kleiner markwaarde het nie. Dan moet kinders na hulle ouers luister bloot op grond daarvan dat hulle ouers sterker of slimmer as hulle is of dalk vanweë die gevaarlikheid en brutaliteit van sommige ouers. En dan is ons terug by die wet van die oerwoud wat die voortbestaan van alleen die sterkste waarborg en word die heerskappy van die een mens oor die ander niks anders as mensonterend en slawerny; word die mens 'n tiran, 'n wreedaard, 'n onderdrukker.

Aan die ander kant beteken volslae vryheid sonder gesag of verantwoordelikheid niks anders nie as losbandigheid en chaos. Daarom het God gesag ingestel, en het Hy die kinders beveel om vader en moeder te eer en te vrees, en die mens beveel om hom te onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, omdat hulle optree as gesagsdraers namens God self. Alleen op grond van die feit dat God die een mens oor die ander gestel het, en die ouers met gesag oor die kinders beklee het, moet daar gehoorsaam word, omdat Hy ons eintlike Heer (Ef. 6:9) en ook die werklike en eintlike Vader is (Jes. 63:16; Ef. 3:14, 15), terwyl alle aardse gesag hiervan 'n floue afbeeldsel bly, maar dan tog kragtens sy opdrag, Hom kragtig verteenwoordig in elkeen wat Hy oor ander gestel het.

## *Gesag eis gehoorsaamheid*

Gesag veronderstel opdragte en gehoorsaamheid is die daad waarmee op 'n opdrag geantwoord word. Gehoorsaamheid is 'n uitdrukking van die onderlinge verband tussen ondergeskikte en meerdere. Die huisgesin het God deur twee middele saamgebind, te wete 'n liggaamlike en 'n geestelike band. Vir die gesin lê die liggaamlike verbintenis in die geboorte van die kinders uit die ouers en die geestelike verbintenis uit die opdrag tot gehoorsaamheid: "Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik" (Kol.3:20).

Ook wat die volk betref vind ons dieselfde tweeledige verbintenis. Enersyds is die volk aan mekaar verwant deur bande van bloed en andersyds deur die opdrag om aan dieselfde outoriteit gehoorsaam te wees: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang" (Rom. 13:1,2; 1 Petr. 2:13-17).

Hieruit word dit duidelik dat die sedelike mag waardeur die onderlinge verband tussen ouer en kind, owerheid en onderdaan, sy krag uitoefen, nie die liefde of dankbaarheid is nie, maar die gehoorsaamheid. Die kind en onderdaan word tot gehoorsaamheid opgeroep, afgesien van die vraag of daar liefde of dankbaarheid aanwesig is. Natuurlik kan die liefde en dankbaarheid die verband sterk en heilig en tot gehoorsaamheid aanspoor, maar die gehoorsaamheid bly die fondament waarop die onderlinge verband moet rus en opkom.

En hierin was Christus vir sy volk 'n voorbeeld, nie alleen daarin dat Hy sy aardse ouers onderdanig was nie (Luk. 2:51), maar ook daarin dat Hy Homself verneder het deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis (Fil. 2:8), sodat ook van sy volk gesê kan word dat "Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van die ewige saligheid geword het" (Hebr. 5:9; 2 Thess. 1:8; Fil. 2:12; Hand. 6:7) en dat God die Heilige Gees gee aan die wat Hom gehoorsaam is (Hand. 5:32).

## *Die motief tot gehoorsaamheid*

Ons het reeds vroeër daarop gewys dat uiterlike pligpleging, uiterlike of meganiese gehoorsaamheid aan die opdragte van die wet, nooit die bedoeling van die wet kan wees nie. Al het die skrifgeleerdes en Fariseërs baie noukeurig met betrekking tot die tiendes gehandel, het hulle nietemin die swaarste van die wet nagelaat: "die reg en die barmhartigheid en die trou" (Matt. 23:23). Dit gaan dus nie net om die uiterlike handelinge nie, maar om die motief, om die innerlike gesindheid waarmee die handelinge uitgevoer word, om die beweegredes vir gehoorsaamheid.

Gehoorsaamheid kan so maklik beoefen word bloot omdat die mens onder bepaalde omstandighede geen ander keuse het nie, maar daartoe gedwing word. Dan word gehoorsaam omdat jy daartoe beveel word, of anders gestraf word. Jy kan ook gehoorsaam omdat jy anders nie vergoed word nie, of omdat jy insien dat dit so moet, of omdat daartoe vooraf ooreengekom was, of watter ander rede ook al, behalwe vir die één en enigste korrekte beweegrede, naamlik dat ek gehoorsaam omdat God self gesag ingestel en my tot gehoorsaamheid beveel het.

Ek gehoorsaam dus nie alleen om lof te ontvang van die magte wat oor my gestel is nie (Rom. 13:1, 3), of alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete (Rom. 13:5) omdat ek erken dat daar geen mag is, behalwe van God nie, en dat die wat daar is, deur God self ingestel is (Rom. 13:1); dat die owerhede van wie ek bevele ontvang van God self daartoe die mag verkry het, dit wil sê, reg het om my te beveel. Ek gehoorsaam dus nie alleen omdat ek my ouers liefhet, of omdat ek insien dat wat my ouers verlang goed en reg is nie, maar omdat ek daartoe beveel is. Om alleen te handel op eie insig of oordeel is nog nie gehoorsaamheid nie. Gehoorsaamheid wil juis dat ek my voeg na die oordeel en wil van 'n ander, en nie dat ek na eie insig en oordeel sou handel nie.

Wanneer kinders en onderhoriges sou leer om alleen dié dinge te doen wat volgens eie insig reg en goed is, dan sal die ouers en owerhede voortdurend hulle bevele eers voor die

regbank van kind en onderdaan moet verdedig. Daarmee sou die orde omgekeer word, sou van gesag geen sprake meer wees nie, en die wêreld mank gaan aan die kragtige en bindende band van gehoorsaamheid wat vir die ordelike bestaan en voortbestaan van die samelewing onmisbaar is.

## *Die hoë eise vir die handhawing van gesag*

In die ou tyd was die gesag van die ouers oor die kinders feitlik onbeperk. Ouers kon hulle kinders verkoop (2 Kon. 4:1) of selfs doodmaak (Gen. 20:10; 38:24; Sag. 13:3). Die vader kon selfs 'n gelofte wat sy dogter gedoen het tot niet maak (Num. 30:13, 16). In Israel is ongehoorsaamheid aan die ouers met die dood gestraf, want die kwaad moes onder die volk uitgeroei word (Ex. 2:15, 17; Deut. 21:18-21). Die gesagsoefening wat in die Naam van God moes plaasvind, dui daarop dat aan die ouers 'n groot en gewigtige bestuursmag toegeken was terwyl die uitoefening van straf daarvan 'n wesenlike deel uitgemaak het (Spr. 1:8; 13:24; 22:15).

En dit alles is te begrype, aangesien die ouers God moes verteenwoordig teenoor die kind, soos ook dit die geval is met die owerheid teenoor die onderdaan. Maar daarmee word dit vanselfsprekend duidelik dat elkeen wat oor ander gestel 'n hoë en verhewe amp beklee, en dat dit vanself hoë eise stel aan elkeen wat deur God vertrou word om sy mondstuk teenoor andere te wees.

Hiermee word nie gesê dat die persoonlike kwaliteite van die gesagsdraers die spesifieke amp tot amp maak nie, en dat die onderhoriges alleen onderdanig moet wees aan die wat so 'n amp waardig is nie, want Jesus het by geleentheid self gesê: “Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit op die stoel van Moses. Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie” (Matt.23:2,3).

Dit egter gee nie aan die gesagsdraer die reg om maar slap te lê nie. Alle gesagsdraers sal hulle doelbewus daarop moet toelê om hierdie amp waardig te wees, en dit is alleen waar wanneer hulle persoonlike kwaliteite ooreenstem met die eise van God se Woord, dit wil sê, wanneer hulle lewe volgens die eise van die wet wat in Christus vervul is.

Dit kan dus gebeur dat 'n gesagsdraer uit sy amp ontslaan moet word, of dat die onwaardige ouer, al bly hy as ouer voor God verantwoordelik, tog as noodmaatreël deur die owerheid van die gesag, wat aan die amp verbonde is, ontneem moet word, daar waar die eer van God en die heil van die kind op die spel gekom het.

## *Die grense van gesag*

As die wet van God die riglyn is waarvolgens die mens sy voetstappe moet rig (Ps. 119:9; Jes. 8:19, 20), die grense dus is waarbinne daar vir die volk van God lewensruimte moet wees, dan is dit meteen duidelik dat daar binne die ruimte van die vyfde gebod ook grense aan alle vorme van gesag gestel word. Daarom beskik geen gesagsdraer oor absolute gesag nie; dit is begrensde gesag. God alleen beskik oor volstrekte, onbegrensde of absolute gesag. Die gesag van ouers of alle ander gesagsdraers kan dus alleen so ver strek as wat God dit toelaat. Alle aardse vorme van gesag bly dus afgeleide of verleende gesag.

Ons kan dus hieruit aflei dat alleen dié opdragte wat gesagsdraers gee, wat gesag dra, en waarvoor ontsag of gehoorsaamheid opgeëis mag word, dié bevele is wat ooreenstem met die norme in God se wet neergelê. Alle gesag van ouers en van alle ander gesagsdraers is deur God self ingestel, is daar omdat God self dit gewil het. Niks wat ooit teen die gebod van God ingaan mag dus deur enige gesagsdraer ooit van die onderhorige geëis word nie. Daar en daar alleen lê die grens van alle gesag.

Die Woord stel dit dan ook uitdruklik dat die magte wat daar is deur God ingestel is (Rom. 13:1) en dat die gehoorsaamheid van die onderhorige 'n onderhorigheid ter wille van die Here is: “Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus; nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar

soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen en met goedwilligheid die Here dien en nie mense nie, omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman"(Ef.6:5-8).

Voorts verklaar die Woord van God dat gehoorsaamheid aan ouers 'n gehoorsaamheid "in die Here" moet wees (Ef. 6:1), dit wil sê, in sover as wat dit met die Woord van die Here ooreenstem. Kinders mag hulle ouers nie bo die Here liefhê nie (Matt. 10:37), en ouers mag nie hul kinders vertoorn nie (Ef. 6:4), of, soos Kol. 3:21 ook vertaal kan word, altyd met hul kinders foutvind nie, sodat hulle moedeloos word nie, maar hulle opvoed "in die tug en die vermaning van die Here" (Ef. 6:4). Tug is dus nodig en heilsaam (vgl. Spr. 22:15) alleen in sover as wat dit ooreenstem met die Woord van God. Egte gesag is dus begrensde gesag.

## *Die oorskryding van die grense van gesag*

As gesag deur God self ingestel is, en Hy self die grense vasgestel het waarbinne daar lewensruimte vir sy volk geskep is, dan spreek dit vanself dat die grense van gesag oorskry word, daar waar nie meer met die wet van God rekening gehou word nie; daar waar die gesagsdraer, sonder of buite die wet van God om, self wil besluit wat gedoen of gelaat moet word. Dit sou daarop neerkom dat God, wat die gesag ingestel het, self nie meer erken word nie en dat die mens as skepsel van God ook nie meer volgens die voorskrifte van God behandel word nie.

Gesag wat God nie meer God en die mens nie meer mens laat bly nie, is nie meer egte gesag nie, maar het 'n karikatuur geword. Gesag wat nie meer in die Naam van God beoefen word nie, het die grond van alle gesag misken, en het die gesagdraer self tot God verhef. Gesag wat nie meer met die wet van God rekening hou nie, het die een groot faktor wat die belange van alle mense móét beveilig, oorboord gegooi, en moet tot die totale vernietiging lei van elke lewensmoontlikheid met sy aanspraak op reg en geregtigheid, waardeur die menslike samelewing moet ontaard of selfs vernietig word.

In die huisgesin en skool sou dit beteken dat van die kinders blinde gehoorsaamheid verwag word, al sou die eise wat gestel word ook teen die uitdruklike voorskrifte van die Woord van God ingaan. In die kerk sou dit neerkom dat van die lidmate verwag sou word om te glo, te bely en te doen wat teen die gehoorsaamheid aan Christus, en, wat op dieselfde sou neerkom, teen die getuienis van die Skrif te staan kom. Wat die staat betref sou daarmee alles bedoel word wat van die onderdaan verwag om God te verloën, sy gewete verkrag en die gebod van God verag sou word.

Maar die grense van gesag kan ook deur die onderhorige oorskry word, wanneer hy hom aan sy gesagsdraers onderwerp "met oëdiens soos mensebehaers" (Ef. 6:6), of die mens aanbid (Hand. 10:25, 26; 14:11-15) in plaas van Christus, die beeld van die onsienlike God (Kol. 1:15). Die beeld van God in die mens as gesagsdraer moet wel eerbiedig word, maar nooit mag die mens as beeld van God verheerlik word nie. Dit kom Christus alleen toe!

## *Ons houding wanneer gesag oorskry word*

Waar daar grense vir gesag bestaan, moet daar ook grense vir ontsag bestaan. Wanneer enige gesagsdraer, buite God en sy Woord om, vir homself onbegrensde en totalitêre gesag opeis, en van sy onderhoriges blinde, meganiese en onvoorwaardelike onderdanigheid en absolute gehoorsaamheid verwag, word die grense van gesag oorskry, en word die onderhorige van ontsag ontslaan. Sulke eise kan alleen deur God gestel word. Hy alleen beskik oor absolute en onbegrensde gesag.

Wanneer die mens hom egter vergryp aan die reg wat God alleen toekom, het die mens nie alleen die reg nie, maar is hy inderdaad verplig om aan sodanige opdragte ongehoorsaam te wees. So het byvoorbeeld Sadrag, Mesag en Abednégo die koning se bevel geïgnoreer en geweier om die goue beeld van Nebukadnéser te aanbid, terwyl God sy seën oor hulle optrede uitgestort het (Dan. 3); het Paulus geweier om Titus te besny om nie weer onder die juk van diensbaarheid te kom nie (Gal. 2:3-5; 5:1; Hand. 15:10), en word die gelowige beveel om vader en moeder nie bo Christus lief te hê nie (Matt. 10:37).

Wanneer die ouer van sy kind verwag om enigiets te doen wat in stryd met die voorskrifte in sy Woord is, mag die kind nie gehoorsaam nie. Hier is die kind weliswaar nie van sy eerbied vir die amp van sy ouer ontslaan nie, maar wel van sy gehoorsaamheid aan die persoon van sy ouer. Hier geld die woord van Petrus: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense" (Hand. 5:29).

Hier sal kinders en onderdaan egter dubbel versigtig moet wees, want daar het al baie verkeerd gegaan toe Dawid koning Saul nog as gesalfde van die Here respekteer het (1 Sam. 24:7), en Sem en Jafet met die bokleed die naaktheid van hul beskonke vader bedek het(Gen.9:20-27).

Gehoorsaamheid word dus nie in die eerste instansie afgelei van die voortreflikheid van die ouer nie, want ook met die gebreke van die ouer sal die kinders simpatie moet hê (H.K. 104). Kinders sal moet leer dat die ouers leef uit dieselfde genade as hulle.

Intussen bestaan daar tog so iets soos 'n heilige opstand wanneer van kind en onderdaan geëis word om te kies tussen die wet van God en die bevele van die gesagsdraer. Dan word die nee van die onderhoriges 'n nee om sy ontwil en nie om sy eie ontwil nie. So word sy ongehoorsaamheid 'n kragtige getuienis van sy geloof in Christus Jesus die Here, die Koning van sy volk op aarde.

## *Die regte gebruik van gesag*

Die diepste motief van die vyfde gebod is ongetwyfeld dat kinders deur hulle ouers die geleentheid sal kry om God te ontmoet, Hom te leer ken en lief te kry. Daarom moet ouerlike gesag bo alles betroubaar wees. En betroubaar kan die ouerlike gesag alleen wees wanneer die ouer baie duidelik laat blyk dat hy self ook leef en handel soos een wat self onder gesag staan, die Oppergesag van God wat self alle gesag ingestel het, en in sy Woord die grense vasgestel het waarbinne ouer en kind die God-gewilde lewensruimte mag geniet. Dan alleen sal die ouer deur die kind en die owerheid deur die onderdaan vertrou kan word, want niemand kan God verteenwoordig as hy self nie die teenwoordigheid van God in sy eie lewe ken en bely nie.

In die verhouding tussen gesagdraer en onderhorige speel onderlinge vertroue dus 'n belangrike rol. Gesagskrisis is dan ook in werklikheid 'n vertrouenskrisis. So kan die gesagdraer moeilik gesag handhaaf waar die vertroue in hom geskok is. En na die mate dat die gesagsdraer deur die onderhorige vertrou word, kan gesag in waarheid gehandhaaf word.

Nie alleen die voorbeeld nie, of ook die onderlinge liefde nie, maar ook die kwaliteite van die gesagsdraer of ook die wyse waarop die gesag toegepas word en aangepas word, speel 'n belangrike rol om die onderlinge vertroue te verseker. Teenoor die kleiner kind wat gehoorsaam en glo omdat moeder en vader so sê, let die groter kind meer op wat die ouer is as wat hy sê. En al hoef die ouer nooit, solank hy binne die God-gestelde lewensruimte bly, eers voor die regbank van die kind gedaag te word voordat hy gehoorsaamheid afeis nie, is sy opdragte tog nooit 'n blinde gebod wat die einde van vrae en bespreking is nie, en verduideliking en verklaring, bedenkinge en verskil van mening in die verhouding van ouers en kinders uitskakel nie.

In die handhawing van gesag sal voorts voortdurend met die beperkinge van ouer en kind, owerheid en onderdaan rekening gehou moet word; dit sal oor en weer aanvaar en verwerk moet word, terwyl gesagsdraer en onderhorige albei moet leer om steeds te leef uit die genade van God wat hulle in staat stel om te begin lewe na al die eise van die wet, ook die eise van die vyfde gebod.

## *Die draers van gesag*

Onder die draers van gesag tel die "konings en almal wat hooggeplaas is" (1 Tim. 2:2). Paulus skrywe dan ook: "Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom" (Rom. 13:7). Hy het self hooggeplaastes geëer; van "koning Agrippa" gepraat (Hand. 26:2) en Festus as "hoogedele Festus" aangespreek (Hand. 26:25). So eis ook Petrus onderworpenheid aan die

koning en aan almal wat die koning verteenwoordig ter wille van die Here (1 Petr. 2:13-17).

In die kerklike lewe word die gesag of toesig meer bepaald aan die ouderlinge toegesê (1 Petr. 5:1-5), terwyl gehoorsaamheid en onderdanigheid aan die voorgangers beveel word omdat hulle waak oor die siele van die kudde van God as diegene wat rekenskap aan God moet gee (Hebr. 13:17).

In die huisgesin word die vader gesien as die hoof en leier van die gesin. Hy het groot mag gehad en kon in die ou tyd byvoorbeeld sy kinders verkoop of selfs doodmaak. Aan hom was meer bepaald die funksie van tug toegeken (Spr. 1:8).

Ook die moeder beklee as gesagsfiguur 'n belangrike funksie in die huisgesin. Die vyfde gebod leer: "Eer jou vader en jou moeder" (Ex. 20:12). In Lev. 19:3 word sy selfs voor die vader genoem: "Elkeen moet sy moeder en sy vader vrees . . ." Dit is net asof die Skrif die gesag van die moeder hier spesiaal onderstreep, sodat daar nie teen haar oortree mag word nie. Die kinders is trouens langer onder haar sorg as onder dié van die vader wat as broodwinner meer uithuisig moet wees.

En die eerbied van die kind teenoor sy moeder sal nie alleen vasstaan omdat die Woord van God dit gebied nie, maar veral daar tot uiting kom waar die man haar eer en bystaan. Dan sal dit ook van haar huis waar word: "Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar" (Spr. 31:28).

Gesagsdraer is die mens alleen by die grasie van God, en daarom sal aan hulle die eer gegee moet word wat hulle toekom ter wille van die Here (1 Petr. 2:13) en ter wille van die gewete (Rom. 13:5).

## *Die onderhoriges*

Alle mense tel onder die onderhoriges want alle mense staan onder die oppergesag van God wat "Koning van alle konings en Here van alle here" is (1 Tim. 6:15). Alle gesagsdraers is dus ook onderhoriges van alle magte wat weer oor hulle gestel is (1 Petr. 2:14) tot by die hoogste aardse gesag wat as opperheer oor alle ander magte gestel is (1 Petr. 2:13). In die kerk is die lidmate ondergeskik aan die geestelike leiers of voorgangers (Hebr. 13:17; 1 Petr. 5:1-5); in die huwelik is die vrou ondergeskik aan die man (1 Kor. 11:3; 14:34; Kol. 3:18; 1 Tim. 2:11-15; 1 Petr. 3:1-6); in die huis is die kinders ondergeskik aan die vader en moeder (Ef. 6:1; Kol. 3:20); in die skool en aan die universiteit is die leerlinge en studente ondergeskik aan die wat onderwys gee, soldate aan hul offisiere, juniors aan seniors, werknemers aan werkgewers ensovoorts.

En van alle onderhoriges word verwag om hulle te onderwerp aan die magte wat oor hulle gestel is (Rom. 13:1) en onderdanig te wees aan elke menslike verordening ter wille van die Here (1 Petr. 2:13). Dit geld dan ook van sake soos verkeersreëls, inkomstebelasting en dergelike meer. Wie hier oortree, verwerp daarmee die gebod van God. Om dieselfde rede word in die kerk gehoorsaamheid van die lidmate gevorder aan hulle geestelike leiers (Matt. 23:2, 3; Fil. 2:12). In die huwelik is die vrou ondergeskik aan die man (Num. 30:1-16) omdat die man die hoof is van die vrou (1 Kor. 11:3). Daarom word sy beveel: "Vroue, wees julle mans onderdanig soos dit betaamlik is in die Here" (Kol. 3:18; 1 Petr. 3:1-6). Hierdie toedrag van sake geld ook die vrou in haar verhouding tot die man in die algemeen: "Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, hy sal oor jou heers" (Gen. 3:16). En al is daar in Christus geen man of vrou nie (Gal. 3:28) is die vrou in die Nuwe Testament nie van haar onderdanigheid aan haar man (1 Kor. 11:3; Kol. 3:18; 1 Petr. 3:1-6) of van haar onderhorigheid aan die man in die algemeen ontslaan nie (1 Kor. 14:34; 1 Tim. 2:11-15). En teen hierdie gebod van God mag die vrou nie in verset kom nie. En waar dit wel gebeur sal die wrange gevolge vir kind en samelewing seker nie uitbly nie. Indien daar egter teen haar as vrou diskrimineer word, moet dit reggestel word, maar die oorsaak hiervan kan nie in die gebod van God gesoek word nie. Die gebod van die Here mag nie aangepas word nie, want dit is volmaak (Ps. 19:8). Om presies dieselfde rede sal kinders, leerlinge, studente, soldate en werknemers nie hul onderhorigheid mag afskud nie, want ongehoorsaamheid aan of verset teen enige hoere

mag is 'n oortreding van die vyfde gebod.

## *Die hoë roeping van die gesagsdraer*

Groter voorregte bring steeds groter verantwoordelikhede. Daarom het elke gesagdraer 'n verantwoordelikheid teenoor sy onderhorige. Hiervan sal hy aan God rekenskap moet gee (vgl. Hebr. 13:17). Daar rus dus 'n plig op die sterkere om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie homself te behaag nie (Rom. 15:1; 14:21).

Om hierdie rede mag die krag van die goeie voorbeeld nooit onderskat word nie. Josua het aan die volk gesê, dat hy en sy huis die Here sal dien (Jos. 24:15); Jesus het die voete van sy dissipels gewas om aan ons 'n voorbeeld te gee (Joh. 13:14, 15); Paulus het homself as 'n voorbeeld aan die gelowiges voorgehou (Fil. 3:17; 2 Thess. 3:9), en Petrus vermaan die ouderlinge om "voorbeelde vir die kudde" te wees (1 Petr. 5:3).

Wanneer leiers of gesagsdraers die Here dien, openlik bely en die huis van die Here gereeld besoek, het dit 'n kragtige invloed op die hele gemeenskap en verhoog dit die aansien en status van die kerk in die oë van die volk. Hierdeur kan almal wat hooggeplaas is 'n kragtige bydrae lewer om die sedelike peil van die volk te verhoog.

Van Job lees ons: "En sy seuns was gewoond om 'n maaltyd aan te rig in die huis van elkeen op sy dag. Dan stuur hulle en nooi hul die susters om saam met hulle te eet en te drink. En elke keer as die dae van die maaltye om was, het Job gestuur en hulle geheilig. Dan maak Job die môre vroeg klaar en bring brandoffers vir elkeen van hulle; want Job het gedink: Miskien het my kinders gesondig en God in hulle hart geseën! So het Job altyd gedoen" (Job 1:5). Hy tree op as priester en voorbidder van sy huis. In hierdie voorbeeld lê waarskynlik die antwoord vir enige gesagskrisis (vgl. Hand. 16:31). So het ook Abraham, Moses en Samuel vir andere by God ingetree, en so moet elke gesagsdraer ook sy onderhoriges aan die genade van God opdra (2 Thess. 1:11), soos daar van die onderhorige verwag word om vir alle hooggeplaastes te bid (1 Tim. 2:1-4; Kol. 4:3,4).

Voorts word alle ouers uitdruklik beveel om die woorde van die Here aan hul kinders mee te deel (Deut. 6:6, 7; Ps. 78:3-8), want God wil deur middel van die ouers na die kinders kom. Daarom word die kinders beveel dat as hulle iets van God en sy wonderdade wil weet, hulle hul vader en moeder daarna moet vra (Ex. 12:26; 13:14; Deut. 6:20; 32:7; Jos. 4:6). So is die ouers nie alleen draers van Goddelike gesag en oorbringer van woorde van God nie, maar ook verteenwoordigers van 'n geestelike tradisie wat vir huis en samelewing van beslissende betekenis moet bly, om 'n gesonde en hegte gemeenskap te verseker.

## *Die kinders en die vyfde gebod*

Die kinders wat in die vyfde gebod aangespreek word, is verbondskinders, en hulle ouers is verbondsouers. Daarom moet die aanhef saam met die gebod gelees word: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het . . . Eer jou vader en jou moeder" (Ex. 20:2, 12). Dit is duidelik dat die Skrif die kinders konsekwent sien as 'n integrale deel van die gesin, en dat God die kinders van kleins af in sy handelinge met sy volk betrek (vgl. Joël 2:15, 16). So het ook Christus klein kindertjies geseën en gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God" (Mark. 10:14). En aan Petrus het Hy gesê: "Laat my Lammers wei" (Joh. 21:15).

Dit is dan juis vanweë hierdie verbondsgedagte en die verantwoordelikheid wat dit op die verbondsouer plaas om die kind die woorde van God mee te deel dat Paulus byvoorbeeld kon verklaar dat hy en Timótheüs die Here vanaf hulle voorouers gedien het (2 Tim. 1:3,5) en dat Timótheüs van kleins af die heilige Skrifte geken het (2 Tim. 3:15) soos dit in Israel die gebruik was: "Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die Here en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het. Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het - om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy

gebooie kan bewaar, en nie word soos hulle vaders nie, 'n koppige en wederstrewige geslag, 'n geslag met 'n onvaste hart en wie se gees nie trou was teenoor God nie" (Ps. 78:3-8).

Die feit dat ouers hul kinders die woorde van God moet inskerp (Deut. 6:4; Ef. 6:4) en dat kinders hulle ouers daaromtrent moet vra (Ex. 12:26; Deut. 32:7) sny elke neutrale houding by die ouers by die wortel af. Dit is die onvervreembare reg en voorreg, of liewers, dure plig van elke ouer om sy kinders in die vrese van die Here te onderrig. Die kerk en skool mag en moet die ouer hierin behulpsaam wees, maar mag die funksie tog nooit geheel en al oorneem of alleen behartig nie. Daarom lê ouers by die doop van hulle kindertjies dan ook die dure belofte af om hul kinders in die leer van die kerk te onderrig en te laat onderrig, omdat hulle ook lidmate van die gemeente van Christus is, verbondskinders is (H.K. 74).

## *Die skool*

Waar in die primitiewe samelewing die ouerhuis feitlik die enigste plek was waar die kind alle nodige onderrig ontvang het, het in die meer ontwikkelde samelewing die skool en universiteit as 'n verlengstuk van die ouerhuis as gevolg van die behoefte aan meer gespesialiseerde onderrig tot stand gekom. Dat ons hier met 'n eie gesagsinstelling, met die reg tot die uitoefening van tughandelinge, te doen het, is duidelik.

Met die totstandkoming van die skool is die ouer egter nie van sy verantwoordelikheid om toe te sien dat sy kind geestelik versorg en bewaar moet word, ontslaan nie. Hy het immers by die doop van sy kindjie aan God belowe dat hy sy kind in die leer van die kerk sal onderrig en laat onderrig. Neutrale onderwys is daarmee uitdruklik veroordeel. Opvoeding en onderwys kan wel objektief aangebied word, maar nooit neutraal nie. Ouers en opvoeders wat nie doelbewus die Skriftuurlike standpunt inneem, en die kind nie leer om van kleins af die Skrifte te ken nie (2 Tim. 3:15), laat die kind begryp dat die geloof vir die ouer of onderwyser nie van wesenlike belang is nie. Sulke kinders kom dan gewoonweg by die selfvernietigende mag van ongeloof en die monster van materialisme tereg. Hulle word deur God vergeet (Hos. 4:6).

Om hierdie rede het die kerk die volgende standpunt ingeneem: "Die kerk aanvaar dit as sy roeping om toe te sien dat daar steeds 'n ereplek aan die Woord van God op die dagskole gegee word, dat die opvoeding van die jeug behoorlik en in 'n Christelike gees en rigting behartig word en dat, met die oog daarop, geskikte leerkragte aangestel word. Die kerk erken die soewereiniteit in eie kring van die skool en die universiteit, maar het die reg om van skole en universiteite Christelike onderwys vir sy kinders en jongmense te verwag. Die kerk sal hom daarvoor beywer om die Protestants-Christelike karakter van ons volk te beskerm en te behou en uit te bou" (Kerkorde Art.67).

Daarom moet ons dankbaar wees vir Wet no. 39 van 1967 wat bepaal dat die onderwys in ons land "Christelik" moet wees. Nietemin moet ouers steeds hulle plig doen om deur skoolkomitees, beheerrade en ouer-onderwyser-verenigings die hande van die onderwysowerhede te sterk in hulle taak om toe te sien dat daar op die fondamente wat die ouers gelê het, voortgebou word, en seker te maak dat die wyse en inhoud van die onderwys ooreenstem met die norme van die wet van God. Ook vir die onderwysinrigtings moet daar gebid word.

## *Die Kerk*

Dit is duidelik dat dit God behaag het om sy kerk op aarde sigbaar te laat word deur die ampte en bedieninge. Daarmee het Hy ook die geestelike leiers van die kerk met gesag beklee en van die lidmate onderdanigheid en gehoorsaamheid geëis (Hebr. 13:17; 1 Petr. 5:1-6). Hierdie gesag is egter ook begrens deur die norme wat God self in sy wet neergelê het (Ps. 119:9; Jes. 8:19, 20; Hebr. 4:12; Rom. 3:20). Die gesagdraer van die kerk moet dus as verteenwoordiger van God betroubaar wees, of hom andersins aan indiwidualisme of subjektivisme skuldig maak.

Alleen so lank as wat die kerk in sy handelinge betroubaar bly, die ware kerk bly, kan hy gesag uitoefen en tug toepas tot eer van God, tot heil van die kerk en tot behoud van die sondaar; kan hy bind en ontbind (Matt. 18:18) en die sleutels van die koninkryk van die hemele

(Matt. 16:19) betroubaar hanteer (Luk. 11:52).

Maar dan het die kerk as herder teenoor die Opperherder en die kudde van God 'n taak om toe te sien dat die wet van God op aarde gehandhaaf word (vgl. 1 Petr. 5:1-6), dat die gesag van die ouers (Kol. 3:20), mans (Kol. 3:18), werkgewers (Kol. 3:22), hooggeplaastes (1 Petr. 2:13-17) en die Oppergesag van God (Rom. 13:1-7, 1 Petr. 2:17) eerbiedig word. Hierin tree die kerk op as die gewete van elke onderhorige om hom gedurig aan die eise van die vyfde gebod te herinner.

Maar dan gaan die roeping van die kerk ook verder om toe te sien dat die gesagsdraers nie hulle perke oorskry en hulle mag misbruik nie, want die kerk moet die Woord van God in die wêreld uitdra -sowel in die amptelike prediking as in die persoonlike getuienis van sy lidmate - en so alle terreine van die lewe vir Christus op te eis, of om deur Jesaja veroordeel te staan: "Hulle wagte is almal blind, hulle merk niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie" (Jes. 56:10). Die kerk mag hom nie laat inkerker binne sy eie mure nie!

Die kerk mag nie op ander terreine oortree deur byvoorbeeld handboeke oor die wetenskap op te stel of aan die staat wetgewing voor te skrywe nie, maar hy mag en moet al hierdie dinge toets aan die norme van Gods Woord, en moet sy getuienis in hierdie verband laat hoor of dit goedkeurend of afkeurend mag wees of nie, (Kerkorde Art. 65.4) ook al sou dit beteken dat die kerk daaronder moet ly. Ook die staat kan ophou om aan die beskrywing van Rom. 13 te beantwoord en onder oordeel van Openb. 13 te staan kom. Daarom sal die wekroep van die kerk steeds gehoor moet word: Vrees God! (1 Petr. 2:17).

## *Die staat*

"Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied .. . Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, toestand of staat hy ook al mag wees, verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belastings te betaal, aan hulle eer en eerbied te betoon en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie; vir hulle voorbidding te doen, sodat die Here hulle mag bestuur in al hul weë en ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (N.G.B. 36). En ook: "Die kerk as instituut onderwerp hom aan die gesag en wette van die staat, in soverre dit sy deelname aan die regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte betref en in soverre genoemde regsverkeer en burgerlike regte nie met Gods Woord bots nie" (Kerkorde 65.2).

Die Skrif verklaar dan ook dat die owerheid deur God ingestel is (Gen. 9:5, 6; Spr. 8:15; Dan. 4:32; Joh. 19:11; Tit. 3:1; Rom. 13:1-7; 1 Petr. 2:13-17) en eis dat verordeninge van die owerhede gehoorsaam moet word (1 Petr. 2:13-17) en dat daar vir alle hooggeplaastes gebid moet word (1 Tim. 2:1-2). Daarmee word alle goedkoop kritiek en negativisme veroordeel. Dit beteken nie dat die staat bo alle kritiek verhewe is nie, want ook die mag van die staat is begrens, terwyl alle gesagdraers net soos die onderhoriges moet leef uit die genade van God.

Intussen beskik die staat oor 'n groot bestuursmag wat selfs die doodstraf insluit (Gen. 9:5, 6; Rom. 13:4), 'n werk wat anders God alleen toekom (Rom. 12:19; 1 Thess, 4:6). En aan hierdie bestuursmag moet ons ons onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete (Rom. 13:5) omdat God ons beveel het om dit te doen (1 Petr. 2:13-17; Mark. 12:17-22). Verder sal elke burger van die land met die owerhede moet saamwerk en sy of haar bydrae moet lewer om die ordelike bestaan en voortbestaan van die volk moontlik te maak (vgl. Rom. 13:6,7).

Aan die anderkant sal elke burger verplig wees om wanneer die staat ontaard (Openb. 13) en van sy onderdane verg om dinge te doen wat deur die Woord van God verbied word (Dan. 3), ter wille van die eer van God en die gewete, soos Sadrag, Mesag en Abednego, bereid moet wees om te brand eerder as om te buig. Solank die staat egter die Oppergesag van God erken en sy wette in ooreenstemming met die Woord van God is, sal die onderdaan die beeld van God in die owerhede moet eerbiedig en alle verordeninge van harte onderhou soos vir die Here (Kol.

3:22-24), ter wille van die Here (1 Petr. 2:13).

## *Die regswese*

Onder reg kan verstaan word die wetlike reg of voorreg van iemand (vgl. Gen. 18:25; Ex. 23:1-6; 1 Sam. 10:25; Spr. 29:26; Jer. 8:7; Kol. 4:1) of ook die wetlike voorskrifte en bepalings wat in 'n gemeenskap geld (Ex. 20:1-17; Ps. 37:28; Rom. 8:4).

Ons het reeds gesien dat die Tien Gebooie die norm is waarin die reg van God en van die mens beskerm word. Hier lê God die grense vas waarbinne daar lewensruimte vir sy volk moet wees. Die inhoud van daardie ruimte moet egter vasgestel word aangesien geen volledig uitgewerkte stipulasies vir elke moontlike situasie daarin gevind word nie. Hierdie afgeleide formules of wette noem ons beginsels wat altyd weer aan die wet van God getoets moet word.

Nou is dit die taak van die owerhede om hierdie beginsels vas te stel en toe te pas. Daarom is daar polisie om die openbare orde te bewaak en toe te sien dat die wette van die owerhede eerbiedig word; die reg van God en mens gehandhaaf word. So is ook die regbank ingestel om die wette te interpreteer, die reg van die onskuldige te handhaaf en die vonnis van die skuldige vas te stel. En die reg in hierdie sin, sowel as wat sy ontstaan en sy handhawing betref, rus in die vyfde gebod waar gesag ingestel word. Al die ander gebooie handel meer bepaald oor die inhoudelike aspekte van die reg soos oor eiendom en eerbied vir die lewe, maar die vyfde gebod raak die formele beginsel van die reg onder mense as sodanig.

Hierdie reg is egter 'n floue afbeeldsel en 'n tydelike plaasvervanger van die eintlike reg wat nie deur mense nie, maar deur God self toegepas en gehandhaaf word (Deut. 10:17, 18; Jer. 8:7). Voordat die aardse regter nog die vonnis vel, het God reeds in die gewete en skuldbesef van die skuldige die vonnis gevel, en Hom soms reeds gewreek (Rom. 12:19) soos Hy dit ten volle op die dag van oordeel sal doen (Hand. 17:31).

Dit spreek vanself dat wanneer daar verskil of botsing kom tussen die reg van God of ook sy wet en die reg of wette van die mens, die menslike voor die Goddelike moet wyk. Wanneer byvoorbeeld die reg van God die doodstraf beveel, maar die menslike reg dit nie opeis nie, sal teen die menslike reg met alle mag protesteer moet word. En wanneer die aardse regter, soos in die geval van Kajafas en Pilatus met Jesus, 'n verkeerde vonnis vel, die skuldige onskuldig en die onskuldige skuldig verklaar word, rus die plig op elkeen om beswaar te maak. Intussen mag egter nie vergeet word nie, dat die aardse regbank, ten spyte van al sy gebreke, nietemin 'n instelling van God is en bly, waardeur die Here, nie regstreeks nie maar middellik, die reg op aarde handhaaf. Die reg van die regbank moet eerbiedig word soos Jesus ons 'n voorbeeld gestel het (Joh. 19:10,**1**1).

## *Die Oppergesag*

Waar die vyfde gebod ons na die huis, skool, kerk en staat geneem het, is dit noodsaaklik dat daar ook oor die hoogste gesag, die absolute gesag van God vanwaar alle gesag vandaan kom, iets gesê moet word. Dit is Hy van wie Paulus getuig: "Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en van Christus Jesus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het, dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse Here Jesus Christus wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen" (1 Tim. 6:13-16). En van Christus die Here wat Emmanuel genoem word, dit is, as dit vertaal word: "God met ons" (Matt. 1:23). Hy wat in die gestalte van God was en dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie (Fil. 2:6), en gesê het: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Matt. 28:18). En van die Heilige Gees wat self ook God is (Hand. 5:3, 4). God drie-enig (Matt. 28:19; 2 Kor. 13:13), die Oppergesag wat oor elke gesag is en aan niemand verantwoording skuldig is nie, is die Skepper en Onderhouer van alle dinge, die God van die geskiedenis wat in Christus Jesus ons Vader is, die eintlike vader is, waarvan elke aardse vader net maar 'n gebrekkige afbeeldsel is.

Hierdie grote en sterke God, wat sy volk met uitgestrekte arm uit slawediens verlos het

(Deut. 5:15), het geen gelyke nie, en is die eintlike Heerser van sy volk op aarde. Maar Hy doen dit deur mense wat Hy daartoe aangestel het. Hierdie mense oefen gesag uit namens Hom. Dit is Hy wat beveel het: "Eer jou vader en jou moeder" (Ex. 20:12). Uit hulle self het mense geen gesag nie. Dit is alles ingestelde gesag. God gee aan hulle die reg om te regeer. Hulle verteenwoordig Hom. Daarom hou dit ook op om egte gesag te wees, as dit nie in die Naam van God beoefen word nie.

En as God dan die staat, kerk, skool en huis as gesagsinstellinge daargestel het, ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van sy volk op aarde, dan hoort elkeen hierdie instellinge te eerbiedig ter wille van die Here en van die gewete, omdat Hy self ons daartoe beveel het.

Hoe word ouers geëer?

Die vyfde gebod beveel dat kinders hul ouers moet eer. Die woord "eer" kom van die stam: gewig. Ouers moet vir die kinders mense van gewig, dit wil sê, belangrike mense, ja, die belangrikste mense op aarde wees.

Daarom moet ouers met eerbied en ontsag behandel word of ook aangespreek word (Lev. 19:3). Koning Salomo het toe sy moeder hom besoek het van sy koninklike troon opgestaan, voor haar gebuig en haar op 'n stoel aan sy regterhand laat sit (1 Kon. 2:19).

Dit beteken ook dat kinders hulle ouers nooit verag nie (Deut. 27:16), ook al bring ouers skande oor hulleself. So het byvoorbeeld Sem en Jafet op 'n edele wyse die naaktheid van hul vader bedek, toe hy beskonke was.

Wie sy ouers eer, sal hulle nie soveel smart en pyn besorg soos wat Absalom gedoen het nie. Oor hom het Dawid bitterlik geween: "My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun! " (2 Sam. 18:33).

Wie sy ouers eer, sal met groot toewyding en liefde hulle op hulle oudag versorg of laat versorg en dit as 'n eer en voorreg beskou. So het Josef byvoorbeeld 17 jaar na sy gryse vader omgesien (Gen. 47:12, 28). So het Jesus sy weduweemoeder aan die apostel Johannes afgegee (Joh. 19:26, 27). So word ons almal deur Paulus beveel om te doen (1 Tim. 5:8).

Wie sy ouers eer sal selfs op hulle sterfdag met teerheid die liggaam van sy dierbares versorg of laat versorg (Gen. 50:1-14), en ook die nagedagtenis van sy ouers sal hy eer.

Laaste maar nie die minste nie, staan dit vas dat 'n kind sy ouers nie eer as hy hulle nie liefhet nie. En liefde vind juis in eerbied sy omskrywing en uitdrukking; eerbied vir hul persoon, naam, begeertes, ideale, beskouinge en opdragte. Daarom is die gesegde so waar: Dit is nie die blomme op die graf nie, maar die blomme wat kinders aan hulle ouers gee, terwyl hulle nog lewe, wat saak maak.

Wie sy ouers só eer sal ook weet hoe om hom in die buitewêreld te gedra, sal ook eerbied vir die ander gesagsinstellings van God hê, sal lewe en groei in die krag van die vyfde gebod.

# HOOFSTUK VII

## *Die Sesde Gebod*

Die sesde gebod lees so: *"Jy mag nie doodslaan nie' (Ex. 20:13).*

By nadere ondersoek blyk dit spoedig dat die woord "doodslaan" nie die Hebreeuse woord in die sesde gebod volledig weergee nie. Die Hebreeuse woord "rasag" (רצח) dui 'n bepaalde wyse van doodmaak onder bepaalde omstandighede aan. Die gebod wil byvoorbeeld nie sê dat daar onder geen omstandighede doodgemaak mag word nie. Die Skrif leer byvoorbeeld dat hy wat 'n mens slaan, dat hy sterwe, sekerlik gedood moet word (Ex. 21:12); dat 'n bees wat 'n man of 'n vrou stoot sodat hy sterwe, gestenig moet word (Ex. 21:28) en dat sekere bome in oorlogstyd verwoes en afgekap mag word (Deut. 20:20). Daarom word die woord nooit vir die doodmaak van 'n mens of 'n dier wat onder die oordeel van God val, of met betrekking tot oorlogshandelinge gebruik nie.

Dit word dus uit bostaande reeds onmiddellik duidelik dat nie alle doding deur die gebod verbied word nie. Daar is ook 'n geoorloofde wyse van doodmaak. So het God byvoorbeeld aan die staat die swaardmag gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4). Aan die ander kant is daar ook die wederregtelike doodmaak wanneer onskuldige bloed vergiet word (vgl. Deut. 19:10). Ons kan dus besluit dat die sesde gebod die wederregtelike en onbevoegde doodmaak van dit wat lewe verbied.

Hierdie gebod is des te meer verstaanbaar in die lig van wat Israel in Egipte deurgemaak het, toe Farao beveel het dat alle seuntjies direk by hulle geboorte gedood moes word (Ex. 1:16, 22). Dit sou die geleidelike uitwissing van Israel kon meebring. Daarmee het Egipte vir Israel nie net 'n slawehuis nie, maar ook 'n dodehuis geword. Deur Israel uit Egipteland te lei, het die lewe self vir Israel 'n teken van genade geword. Wie dus wederregtelik doodmaak, vergryp hom aan die genade van God.

Om hierdie rede is die lewe van mens (Ex. 21:13), dier (Jona 4:11; Spr. 12:10) en plant (Deut. 20:19) in beskerming geneem. Die lewe as lewe behoort nie aan die mens nie, maar aan God; dit is 'n genadegawe van God. Die dood daarenteen is onnatuurlik, nie vanselfsprekend nie, die straf vir die sonde (Gen. 2:17; Rom. 5:12). Die lewe moet ons liefhê, maar die dood moet ons haat.

## *Die dood*

Die mees voor-die-hand-liggende definisie van die dood is seker dat dit die einde van die lewe by mens, dier en plant beteken.

Die dood kan nie gesien word as die natuurlike lewenseinde van alles wat geskape is nie omdat dit met die wese en bestemming van die mens in stryd is. Uit die Skrif staan dit ook dan vas dat die dood nie vanselfsprekend is nie, maar gekom het as 'n straf vir die sonde: "En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" (Gen. 2:16, 17; Rom. 5:12, 15, 17; 6:23).

Die wetenskap kon tot op vandag ook nog nie die dood wetenskaplik verklaar nie. Die wetenskap kan wel die verskynsels van die dood en die dood self aantoon, maar nie bewys dat die lewe in die dood moet eindig nie. Die dood bly onnatuurlik en in sy wese onverklaarbaar. Die rede vir die dood kan dan ook alleen in die sonde (Rom. 5:12; 6:23) en in die regverdigheid van God (Rom. 3:21-26) gevind word.

Die wese van die dood is nie die algehele vernietiging van dit wat bestaan nie, want dit wat was, bestaan in die dood alleen op 'n ander wyse. Wanneer die dier en die plant sterf, word die lewe wel vernietig, en ontbinding tree in, maar die stof waaruit dit bestaan het, en waarheen dit terugkeer, word nie vernietig nie, en kan nie vernietig word nie. Dieselfde gebeur met die liggaam van die mens, behalwe dat die gees van die mens terugkeer na God wat dit gegee het (Pred. 12:7), omdat die innerlike mens ewig is (2 Kor. 4:18), na sy ewige huis

vertrek (Pred. 12:5) en bewus voortlewe (Openb. 6:9-11) vir ewig in die hemele (2 Kor. 5:1).

Die dood staan teenoor die lewe. Die lewe is die samebinding van dit wat God bedoel het om saamgebind te wees. Die dood is die ontbinding van hierdie lewensbande of verbindinge. Toe Adam gesondig het, is die band tussen hom en God deurgesny en het hy geestelik gesterwe. Toe hy eindelik aan die einde van sy aardse lewe gekom het, is die band, wat sy liggaam en siel verbind het, deurgesny. Daarom is die dood niks anders nie as skeiding tussen God en die mens, tussen siel en liggaam, tussen alles wat God in die lewe saamgebind het.

## *Verskillende soorte van dood*

Die Bybel praat van verskillende soorte van dood. Die doodgaan van plant en dier verskil seker van die doodgaan van 'n mens, want alleen van die mens word gesê dat hy na die beeld van God geskape is. Wat die mens betref word van drie soorte van dood gespreek: 'n tydelike, geestelike en ewige dood.

Die tydelike dood van die mens vind plaas wanneer die siel die liggaam verlaat (Gen. 35:18) en die liggaam na die stof van die aarde terugkeer (Pred. 12:7) waaruit dit geneem is (Gen. 2:7; 1 Kor. 15:47). Hierdie dood noem ons die tydelike dood omdat dit net voortduur tot op die dag van die opstanding (Job 19:25-27; Jes. 62:19; vgl. Matt. 27:52; 1 Kor. 15:12-18) wanneer die gees na die liggaam terugkeer, (vgl. Luk. 8:55) en die siel en die liggaam weer verenig word (Joh. 5:28,29; 1 Thess. 4:16) om daarna geoordeel te word (Joh. 5:27-30; Hebr. 9:27). Intussen is die mens as gees of siel, die innerlike mens, ewig (2 Kor. 4:18) en lewe nadat die tydelike dood ingetree het (Luk. 20:37, 38) apart van die liggaam (Luk. 9:30) of in die gevangenis (1 Petr. 3:19, 20; Luk. 16:25) óf in die paradys (Luk. 23:43; Joh. 14:1-3; 1 Thess. 4:14) bewustelik voort (Openb. 6:9-11; Jes. 14:9; Eseg. 32:10, 21, 22; Luk. 16:24, 25) tot op die dag dat Jesus die wat in Hom ontslaap het saam met Hom bring (1 Thess. 4:13-17) wanneer die see, die dood en die doderyk die dode gee om geoordeel te word (Openb. 20:13-15). En alhoewel alle mense aan die dood onderworpe is (Ps. 89:49), beteken dit nie dat almal die tydelike dood ingaan nie, want Henog en Elia is lewendig in die hemel opgeneem (Gen. 5:24; 2 Kon. 2:11) en Korag, Datan en Abiram het lewendig in die doderyk afgedaal (Num. 16:28-35). En op die jongste dag sal almal nie ontslaap nie, maar in 'n oogwink verander word (1 Kor. 15:51-54).

Die geestelike dood beteken om vervreemd te wees van die lewe van God (Ef. 4:18) en dood te wees vanweë die misdade en die sondes (Ef. 2:1; Kol. 2:13; 1 Tim. 5:6; Openb. 3:1). Dit is iemand wat verduisterd is in die verstand (Ef. 4:18), een van wie die sinne verblind is (2 Kor. 4:3, 4) en wat alleen deur die wedergeboorte (Joh. 3:3, 5) uit die geestelike dood opgewek kan word (Ef. 5:14; Jak.5:19,20).

Die ewige dood is die dood wat tot in alle ewigheid voortduur (Openb. 14:9-11), die dood waarin die mens met siel en liggaam gewerp word (Matt. 5:29,30), die buitenste duisternis (Matt. 25:30), die ewige vuur (Matt. 25:41, 46), die tweede dood (Openb. 20:14). Alleen die gelowiges word deur Christus Jesus van hierdie tweede dood verlos (Rom. 8:1; 1 Kor. 15:55-57) en erfgename van die opstanding tot die ewige geluksaligheid (Matt. 25:46; Joh. 5:29; Openb. 21:7,24).

## *'n Gebod sonder voorwerp*

Die sesde gebod het geen voorwerp nie. Hier word nie gesê wie en wat nie doodgeslaan mag word nie. Dit word dus onmiddellik duidelik dat die gebod nie net 'n bepaalde soort van lewe op die oog het nie, maar alles wat lewe. Nie net die lewe van die mens nie, maar ook die lewe van die plant en die dier word hier in beskerming geneem, soos dit ook uit ander uitsprake van die Skrif duidelik blyk (Ex. 32:13; Jona4:11; Deut. 20:19).

Die sesde gebod dwing ons dus om die vraag na die doodmaak van plant en dier en mens te ondersoek. In hierdie gebod sal die lewe as verskynsel, met alles wat daarmee saamhang, dus ook onder die soeklig moet kom. Vrae oor die funksie van die plant en dier, oor die beeld van God in die mens, oor die eerbied vir die lewe in die algemeen, oor die liefde vir die naaste, oor die bewaring van die lewe of oor dit wat tot die dood aanleiding kan gee, oor die doodmaak

met of sonder opset, oor selfverdediging en die vraag of 'n mens sy eie lewe ter wille van 'n mens of dier mag waag of nie. En wat die mens betref sal ook sake soos selfmoord, die genadedood, aborsie, doodstraf en oorlog ondersoek moet word.

Uit die gebod blyk dit onmiddellik dat die lewe in die algemeen deur God met groot sorg omring word. Direk na die sondeval het God se genade die lewe in beskerming geneem. Hy het sy skepping nie aan sy lot oorgelaat of aan die dood prysgegee nie. Dit beteken egter dat die lewe nie 'n kreatuurlike vanselfsprekendheid is nie, nie meer 'n durende eienskap van die mens is nie, maar 'n genadegawe op grond van God se geduld en vergifnis.

Die mens sou egter hierdie gawe nie waardeer nie, want heel gou word die eerste moord gepleeg toe Kain sy broer Abel vermoor (Gen. 4:8). Ja, dwarsdeur die geskiedenis van die mens lê die bloedspatsels van bloeddorstigheid omdat die versinsels van sy hart altyddeur net sleg is (Gen. 6:5,11) en hy van nature geneig is om God en sy naaste te haat (Tit. 3:3). Om hierdie rede het God aan die mens die sesde gebod gegee*,* om daarmee die lewe van plant, mens en dier teen die haat en nyd van die mens te verskans.

## *Die plant*

Plante is lewende wesens wat vir die voortbestaan van mens en dier onontbeerlik is. Afgesien van sekere tipes van wildehawer wat die vermoë het om te beweeg en die valisneria spiralis wat hom op 'n sekere tydstip van sy stam losmaak en op water ronddrywe "op soek na 'n huweliksmaat", beskik die plant nie oor willekeurige beweging nie, besit hy geen gevoel nie, en behalwe vir 'n aantal insekte-etende plante, soos byvoorbeeld die nepenthes, leef plante hoofsaaklik van anorganiese stowwe, wat in vloeibare toestand deur die wortels en in gasvormige toestand deur die blare opgeneem word.

Die plantewêreld is 'n kragtige getuienis vir 'n spesiale skepping. Die naturalis wil alles verklaar as natuurlike tendense van kombinasie. Die plante lewer egter bewys daarvan dat dinge gekombineerd is. Die mens kan wel die plant tot sy verskillende elemente skei, maar hy kan nie uit daardie elemente weer 'n lewendige plant skep nie. Die plant is dus nie net 'n kombinasie van bestanddele nie maar 'n skepping, so wonderlik dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van God se lelies nie (Matt. 6:28, 29).

Groot hoeveelhede suurstof word daagliks deur mens en dier verbruik en koolsuurgas word vrygestel wat skadelik vir mens en dier is as die lug met net een tiende daarvan besmet is. Die plantewêreld is egter daar om die goeie balans te waarborg wanneer dit koolsuurgas inneem maar suurstof vrystel en sodoende die hele diere- en mense-wêreld in die lewe hou.

Verder het God die plante wat saad gee en al die bome waar boomvrugte aan is, aan die mens en al die groen plante aan die dier as voedsel gegee (Gen. 1:29,30).

Geen wonder dus dat ook die plantewêreld deur die sesde gebod beskerm word nie, sodat selfs bepaal word dat in tye van oorlog vrugtebome nie verwoes of afgekap mag word nie (Deut. 20:19, 20). Daar geld egter 'n ander reël vir die onvrugbare vyeboom (Luk. 13:6-9; Mark. 11:12-22) of onkruid (Matt. 13:24-30; Hebr. 6:8; Gen. 3:18) en die onvrugbare loot (Joh. 15:2, 6); dit moet afgekap, bymekaargemaak en verbrand word.

En ook hierin het die plante 'n kragtige boodskap vir al wat lewe. God het die lewe geskep met die doel om tot sy eer nuttig en bruikbaar te wees, of anders verwyder te word.

## *Die dier*

Diere is organiese en lewende wesens wat hulle veral van die plante daarin onderskei dat hulle oor 'n geheue of die vermoë om dinge te herinner beskik. Wat die asemhaling, assimilasie en instink betref kom plant en dier met mekaar ooreen. Diere kan willekeurig beweeg en besit 'n gevoel en bewussyn. Hulle leef van plantaardige en dierlike voedsel. Diere beskik nie oor die verstandelike, redelike en sedelike vermoëns van die mens nie; die mens besit egter wel 'n "dierlike" liggaam. Die siel van die dier is uit die aarde, maar die siel van die mens is uit God. Die laagste vorm van dierelewe is moeilik van die plantelewe te onderskei.

God het die mens oor al die diere gestel (Gen. 1:26, 28; 9:2; Ps. 8:7-9). Daarom kan die mens die dier as ry-, las- en trekdier gebruik. Die mens kan egter nie met die diere maak wat hy wil nie. Die dier moet byvoorbeeld ook geleentheid kry om te rus (Ex. 20:10; 23:12), mag nie mishandel word nie (Ex. 23:5), die kalf of lam mag nie dadelik van sy moeder weggevat word nie (Ex. 22:30; Lev. 22:27), diere moet genoeg voedsel (Ex. 23:11; Lev. 25:7; Deut. 25:4) en water (Luk. 13:15) gegee word, en mag nie na willekeur uitgeroei word nie (Deut. 22:6, 7). Diere wat afgedwaal het, moet versorg en aan die eienaar terugbesorg word (Deut. 22:1-4; Ex. 23:4), 'n os of 'n skaap mag nie tesame met die moeder geslag (Lev. 22:28) en die bokkie in sy moeder se melk gekook word nie (Ex. 23:19; 34:26). Twee soorte van vee mag die mens nie laat paar nie (Lev. 19:19), en hy mag nie met 'n os en 'n esel tegelyk ploeë nie (Deut. 22:10). Uit dit alles blyk dit duidelik dat God ook die lewe van diere teen die moontlike wreedheid van die mens in beskerming geneem het.

God het egter die dier aan die mens as voedsel gegee (Gen. 9:3). Hiertoe moes die mens spesiale verlof ontvang. God het dit egter met 'n bepaalde voorbehoud toegelaat. Wanneer die mens die dier doodmaak, moet hy die lewe self aan God teruggee; die bloed van die dier is aan die menslike gebruik onttrek (Gen. 9:4; Lev. 17:11, 14; Deut. 12:13-16). Ook in die Nuwe Testament is die gebod herhaal (Hand. 15:20). In Gen. 9 het God ook met die diere 'n verbond gesluit (Gen. 9:9-17; vgl. Jona 4:11). 'n Dier wat stoot moet egter gedood word (Ex. 21:28,29).

Hieruit mag ons besluit dat ook die diere God se diere is en alleen ter wille van menslike gebruik, nut, beskerming of veiligheid gedood mag word. Daar mag dus gejag word, maar nie net ter wille van die ontspanning, sport of lekker nie. Die dier mag nie voor die voet uitgeroei word nie. Plae soos sprinkaanplae mag wel bestry word.

## *Die mens*

Die Skrif leer dat God die mens uit die stof van die aarde geformeer het en in sy neus die asem van die lewe geblaas het waardeur hy 'n lewende siel geword het (Gen. 2:7; 1 Kor. 15:47); 'n twee-eenheid van siel en liggaam geword het (Matt. 10:28).

Die feit dat die Skrif verklaar dat die mens uit die lewelose stof van die aarde formeer is, sny alle oorwegings af asof die mens uit die lewende diere sou kon ontwikkel het. Gelukkig is die tyd toe die wetenskap gereken het dat die mens uit die dier voortgekom het, vergoed verby. Die verskille tussen mens en dier is te groot dat die een ooit van die ander kon afstam. Alleen die mens loop regop vanweë verskille in liggaamsbou. Sy bloed verskil wesenlik van dié van die dier. Hy alleen beskik oor 'n redelike verstand en die sedelike vermoë om tussen goed en kwaad te onderskei. Die voorsiening van sy voedsel, die maak van vuur, die aantrek van klere en 'n omgangstaal by die mens alleen, maak die soeke na 'n vermiste skakel 'n ydele droom. Liefs moet daar in bepaalde ooreenkomste tussen plant, mens en dier één gemeenskaplike oorsaak, die één Skeppergod gesoek word wat ten spyte van 'n groot verskeidenheid 'n pragtige harmonie in sy skepping laat ontvou het.

Uit Adam, die eerste en enigste mens, het God Eva vir hom as vrou geneem (Gen. 2:20-24) en sy het moeder van al wat lewe geword (Gen. 3:20; 5:4), ten spyte van die verskille in ras en kleur van al haar kinders wat op die aarde is. Die wetenskap het die vraag oor die ontstaan van die groot verskille tussen die verskillende volke nog nie opgelos nie. Gen. 10 sien blykbaar die volkereverskeidenheid as die gevolg van 'n voortgaande verdeling in die genealogiese lyn, terwyl dit lyk of Gen. 11:1-9 dit voorstel as die gevolg van die verstrooiing wat by Babel begin het. Dit wil dus voorkom of die spontane ontplooiing juis by Babel sy momentum en bepaalde beslag verkry het. Die mensheid word gewoonlik hoofsaaklik in vyf rasse, dit is groepe van volke met dieselfde kenmerke, verdeel, te wete: wit, swart, geel, bruin en rooi, terwyl die sterkste argumente pleit vir één gemeenskaplike oorsprong van alle rasse, en daarmee die Skriftuurlike standpunt bevestig dat God uit één (bloed) al die nasies van die mensdom gemaak het om op die hele aarde te woon (Deut. 32:8; Hand. 17:26).

## *Die mens as beeld van God*

Die wese van die mens moenie in die eerste plek gesoek word in die feit dat hy 'n lewende wese is nie, maar daarin dat hy die enigste lewende wese is wat na die beeld van die lewende God geskape is (Gen. 1:26, 27). Dit word nie van die plant, die dier of van die engele gesê nie.

Om beeld van God te wees beteken nie dat God en mens dieselfde is nie, maar dat die mens op een of ander wyse met God vergelyk kan word, met die drie-enige God vergelyk kan word, want God het gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis..." (Gen. 1:26).

Maar as die mens na die beeld van God geskape is, is hy daarmee ook tot verteenwoordiger van God op aarde gemaak, en dus ingeskakel by die skeppingswerk van God. Hy sit dan as 't ware die werk van God voort, nie alleen in die voortplanting van die mensegeslag nie (Gen. 1:28), maar ook in heerskappy oor die diere (Gen. 1:28) en die verdere ontwikkeling en uitbouing van die werke van sy hande (Ps. 8:7-9; Gen. 2:15). Hy word in die Bybelse kultuuropdrag 'n medewerker van God op aarde.

Die mens het egter in sonde geval en die beeld van God in engere sin verloor, maar tog nie heeltemal nie. Tog het daar nou 'n groot verandering in die mens gekom. In plaas van mekaar lief te hê, het die mens so ontaard dat hy van nature geneig is om God en sy naaste te haat (Kort Begrip 6; 7) en meteen 'n moordenaar geword (1 Joh. 3:15). En om die lewe van die mens te beskerm, het God die doodstraf beveel ten opsigte van die wat 'n ander een doodmaak (Gen. 9:6; Deut. 21:22; Num. 35:31).

Dit beteken egter nie dat die lewe hierdeur ter wille van die lewe verheerlik of vergoddelik word nie. Die Skrif leer dat die lewe van plant en dier beskerm word omdat die lewe 'n genadegawe van God is, en dat die dood van die mens gewreek moet word omdat die mens na die beeld van God geskape is (Gen. 9:6); die beeld wat dus selfs in die gevalle mens nie totaal vernietig is nie, en beskerm moet word (vgl. Gen. 5:3; 1 Kor. 11:7); die beeld wat deur Christus vir die gelowige herwin word (Ef. 4:20-24; Kol. 3:9-11).

## *Die lewe*

Net soos die dood is ook die lewe vir ons 'n geheimenis. Net soos God, wat "die lewe" is (vgl. 1 Kon. 2:24; Jer. 10:10; Joh. 5:26; 1 Tim. 6:16), nie deur ons begryp kan word nie, so kan ook die lewe wat Hy aan sy skepsele gegee het nie deur ons begryp word nie. Ons kan wel die lewensuitinge en die lewensverskynsels waarneem en bestudeer. So byvoorbeeld hou die Sielkunde hom met die lewensuitinge en die Biologie hom met die lewensverskynsels besig. Maar meer van die lewe weet ons nie. Die lewe kan ook onwaarneembaar wees soos in die geval van 'n saadkorrel waarvan eers vasgestel kan word of dit 'n lewende korrel was nadat dit in die grond ontkiem of nie ontkiem het nie.

Ons kan nie sê dat alles wat beweeg lewende wesens is nie, want dan is die wind, die see, vuur en die planete almal lewende wesens. Ons kan ook nie sê dat alles wat lewe moet kan beweeg nie, want dan sou sekere laere diersoorte en plante nie lewende wesens genoem kan word nie. Wat wel waar is, is die feit dat eie beweging, dit wil sê, beweging waarvan die oorsaak in die skepsel self gevind word die mees opvallende uiting van 'n lewende wese is. Hierby kom ook die vermoë wat die lewende wese het om op prikkels of invloede van buite af te reageer soos byvoorbeeld 'n plant wat op aanraking toevou. Dit wat lewe, het verder die vermoë om te groei en voort te plant. Miskien is die vernaamste uiting van die lewe dié van stofwisseling. 'n Lewende wese neem byvoorbeeld suurstof en voedingstowwe op en neem daaruit die stowwe op wat hy vir sy eie bestaan, groei en voortplanting nodig het, en gee dit wat onnodig of skadelik is weer aan sy omgewing terug. Lewende wesens ontstaan nooit anders as deur lewende wesens nie, terwyl lewelose stof uit organiese wesens en anorganiese stof kan ontstaan. Dit is 'n fundamentele verskil tussen die lewende en lewelose skepping. Sedert die voleinding van die skepping ontstaan geen lewende wesens meer uit die lewelose stof van die aarde nie.

Maar juis omdat die lewende wesens uit die lewelose stof voortgekom het (Gen. 1:11, 12,

24, 25), dui dit daarop dat die lewe 'n skepping van God is, en nie vergoddelik mag word nie. Die lewe kom of vloei dus nie voort uit die één, grote Goddelike lewe nie, maar is uit niks, deur Hom wat lewe in Homself het (Joh. 5:26) in aansyn geroep (Gen. 1).

## *Die mens as fetus*

Beskouinge oor die wese van die mens en oor die wese van die lewe bring ons ook by die vraag na die oorsprong van die siel van elke indiwiduele mens. En dit beteken dat vasgestel sal moet word of daar 'n stadium bestaan dat die bevrugte embrio in die moeder net "iets" is en nog nie 'n "menslike wese" nie.

En aangesien die mediese wetenskap nie hierdie vraag kan beantwoord nie, omdat dit buite sy terrein lê, sal ons as gelowiges oor hierdie fundamentele vraag in die Skrif 'n antwoord moet probeer vind. Die Bybel gee egter nie wetenskaplike definisies van die mens in sy voorgeboortelike stadium nie. Tog vind ons verskeie uitsprake wat vir ons ondersoek ter sake is.

Daar is getuienis in die Skrif wat daarop dui dat die ontstaan van die menslike liggaam deur bemiddeling van die ouers plaasvind, maar dat die gees van die mens telkens regstreeks van God afkomstig is (Hebr. 12:9; Num. 16:22; 27:16; Pred. 12:7; Sag. 12:1; Gen. 2:7). Dan word die erfsonde verklaar uit die feit dat God aan alle mense die skuld van Adam toereken, 'n vonnis wat in vervulling gaan by die skepping van elke afsonderlike siel, waardeur die siel, van die eerste oomblik af, onrein word. Die ooreenkoms tussen ouers en kinders word dan verklaar uit die mag van die voorbeeld, die invloed wat die liggaam op die siel uitoefen en die feit dat God die siel in verband met die liggaam skep en daarmee in verband met die geslag en voorouers waaruit die mens straks gebore sal word. Dit verklaar die verskil in indiwidualiteit, die fisiese en etiese eenheid van die menslike geslag, en bewaar ons daarvan om die siel te verstoflik en van die sonde as van 'n smetstof te spreek waardeur ons siel verderf sou word.

Bogenoemde bewysplase kan egter, met alles wat reeds gesê is, ewe goed dui op die oorspronklike skepping van die mens toe God hom uit die lewelose stof geformeer het en in sy neus die asem van die lewe geblaas het en hy 'n lewende siel geword het (Gen. 2:7) na die beeld van God geskape (Gen. 1:26, 27), met die vermoë om as medewerker van God vrugbaar te wees en te vermeerder en die aarde te vul (Gen. 1:28), waardeur Eva moeder geword het van al wat lewe (Gen. 3:20) en God uit één (bloed) al die nasies van die mensdom kon maak om oor die hele aarde te woon (Hand. 17:26; Deut. 32:8). So kan die Skrif doodgewoon verklaar dat Levi in die lendene van Abraham lank voor sy geboorte, handelend opgetree het (Hebr. 7:9, 10), dat God Jeremia geken het voordat Hy hom in die skoot van sy moeder gevorm het (Jer. 1:5), dat die suigeling wat gebore word, reeds in Adam die werkverbond oortree het (Gen. 17:14), dat Paulus God vanaf sy voorouers gedien het (2 Tim 1:3). Verder sê die Skrif dat die kind uit die heup van sy vader afkomstig is (Gen. 46:26), die man die vrou bevrug (Gen. 38:2, 3) en die kind selfs die geestelike eienskappe van die vader besit (Gen. 49:1-33). Die mens is dus 'n sinvolle twee-eenheid van siel en liggaam (Matt. 10:28; Ps. 84:3; Job 14:22), terwyl die siel en liggaam van die kind met die samekoms van sy ouers kon ontstaan (Gen. 1:28; 38:2, 3; 46:26; Hebr. 7:9, 10), waaruit verklaar kan word dat geen reine uit 'n onreine kan voortkom nie (Job 14:4; Ps. 51:7; 58:4), en die ganse menslike geslag deur die oortreding van Adam verdorwe kon word (Rom. 5:12).

Verder gee die Skrif 'n hoë waardering vir die vrug van die moederskoot (Ps. 127:3; 128:3); verklaar dat God self die mens in die skoot van sy moeder weef (Ps. 139:13-16; Jer. 1:5); beskerm die bestaan en voortbestaan daarvan in die voorgeboortelike stadium (Ex. 21:22-25); leer dat die ontwikkelende vrug in die baarmoeder handelend optree (Gen. 25:21-26) en selfs oomblikke van vreugde belewe (Luk. 1:36-44).

Die ontwikkelende vrug of menslike fetus is dus op geen stadium net "iets" of 'n "ding" wat as sodanig behandel mag word nie, veral as daaraan gedink word dat Christus Jesus, toe Hy die mensheid aangeneem het, self ook 'n menslike fetus was.

# *Aborsie*

Aborsie is die afdrywing van die nog ontwikkelende vrug deur menslike ingryping. Aborsie is 'n lekewoord wat die twee mediese begrippe vir kriminele en terapeutiese abortus (abortus op mediese indikasies) beskryf. Die lekewoord miskraam beteken wanneer die fetus sonder menslike ingryping wegkom. Ons het gesien dat die menslike fetus of hierdie ontwikkelende vrug in sy voorgeboortelike stadium reeds 'n menslike wese is (vgl. Luk. 1:36-44) en daarom deur ons as menslike wese beskou en behandel moet word. Die sesde gebod verbied die wederregtelike doodmaak van die mens omdat hy na die beeld van God geskape is. Die ongebore kind is egter van die eerste stadium af kind, nog kiemend en onselfstandig, maar 'n wesenlike menslike lewe afsonderlik van die moeder. Hy besit 'n eiewetlikheid, 'n eie harsings- en senustelsel en eie bloedsomloop. In sekere gevalle is dit moontlik dat die fetus nog lewe, al het die moeder reeds gesterf. En wie hierdie kiemende lewe vernietig, hy dood 'n mens wat na die beeld van God gemaak is (Gen. 9:6).

As ons nou uitgaan van die standpunt dat God telkens regstreeks by die bevrugting van die embrio die gees van elke afsonderlike mens skep, dan word dit weliswaar 'n ernstige vraag of aborsie onder enige omstandigheid Bybels verantwoord kan word, selfs in gevalle soos bloedskande, verkragting, mediese indikasie en so meer, want watter reg sou die mens dan kon hê om 'n lewe te neem daar waar God self besluit het om 'n gees aan dié betrokke ontwikkelende vrug te gee? En het God dan selfs in die geval van verkragting en bloedskande saamgewerk? Word God dan nie sodoende deur die mens gemanipuleer en tot 'n afgod gemaak nie? En verhef die mens hom nie hier oor God om die werk van God tot niet te wil maak nie?

Die saak word egter geheel en al anders as ons aanvaar dat die mens as beeld van God die skeppingswerk van God voortsit om mense voort te bring (Gen. 1:27,28); op 'n verantwoordelike manier omdat die ganse natuur deur God aan die mens onderwerp is (Gen. 1:28; Ps. 8:7), Hy kan hierdie vermoë gebruik soos Juda by Sua (Gen. 38:2,3) of ook misbruik soos by Tamar (Gen. 38:13-30). Die gebruik van hierdie vermoë word dan goedgekeur en geseën (Gen. 1:28), maar die misbruik daarvan kan selfs gestraf word (2 Sam. 12:7-20). Intussen kan selfs teen die wil van God in kinders verwek word (Hos. 9:16; Gen. 19:36; 2 Sam. 11:5).

Die mens is dus nie aan die biologiese in sy natuur uitgelewer nie, maar hy kan dit beheer deur sy gesin te beplan ook deur die gebruik van voorbehoedmiddels. Voorbehoedmiddels wat egter eers na bevrugting in werking tree, is gelykstaande aan aborsie en moet vir normale gebruik afgekeur word. In gevalle waar die vrou 'n idioot of swaksinnige is behoort vroegtydige sterilisasie die aangewese weg te wees.

Om bogenoemde redes kan aborsie om sosio-ekonomiese, maatskaplike of ook eugenetiese motiewe (sien later) nie geregverdig word nie. In gevalle van egbreuk (Deut. 22:22-24) of bloedskande (Lev. 20:12) waar beide man en vrou skuldig was, is albei met die dood gestraf en daarmee saam het ook die moontlike ontwikkelende vrug in die geval van swangerskap omgekom. In gevalle van aanranding is slegs die verkragter gedood (Deut. 22:25), maar die verloofde of dogter oorgesien want “daar is in die dogter geen sonde gevind wat die dood verdien nie; want soos wanneer 'n man teen sy naaste opstaan en hom doodslaan, so is hierdie geval” (Duet. 22:26). Daar bestaan egter geen voorskrif dat in geval van swangerskap hierdie dogter van die ontwikkelende vrug ontslae mag raak nie.

Ons sou egter kan redeneer dat aangesien die verkragter die dood skuldig is, daarmee ook die saad wat van hom afkomstig is (Gen. 46:26) die doodvonnis opgelê kan word en aborsie op grond hiervan geregverdig is, aangesien wederregtelik vreemde gebied, en dit sonder liefde, verower is. Hierop sou weer gesê kan word dat waar die verkragter nie gedood word nie, waarom dan die doodvonnis oor die onskuldige ongebore kind uitgespreek word terwyl daar bepaal is dat onskuldige bloed nie gedood mag word nie (vgl. Deut. 19:10; Ex. 23:7).

As egter aanvaar word dat die ongebore kind op die oomblik van die verkragting nog deel van sy vader was (Hebr. 7:10) en dus vir die daad medeverantwoordelik was (vgl. Hebr. 7:9, 10) en die vader die dood skuldig is (Deut. 22:25) maar die dogter onskuldig (Deut. 22:26),

sou met reg aborsie onder sulke omstandighede Skriftuurlik verantwoord kan word, al sou die huidige wetgewing die verkragter sy lewe spaar.

Aborsie op grond van verkragting maak die pad egter wyd oop vir wanpraktyke, veral daar waar die saak eers ná swangerskap ontdek en aangegee word. Dit is genoegsaam aangetoon dat ongehude moeders weier om verantwoordelikheid vir die daad te aanvaar en dan 'n “onskuld-pleitmg-sindroom” ontwikkel as 'n soort van verdedigingsmeganisme, en volhou dat sy verkrag is; 'n houding wat dan nie met die feite ooreenkom nie. Verkragting kan alleen bo alle twyfel vasgestel word wanneer die saak onder die aandag van die gereg en 'n geneesheer gebring word nog voordat sy weet of sy swanger is.

Dit is verder 'n ope vraag of aborsie in die geval van bloedskande en verkragting deur wetgewing op die moeder van die ongebore kind afgedwing mag word, al sou die goeie reg van aborsie vir sodanige gevalle aanvaar word, aangesien daar genoegsame hulpmiddele en toevlugsoorde vir ongehude moeders bestaan en aangesien kinders uit sodanige onwettige gemeenskap goedskiks vir aanneming of opname in kinderhuise gekommitteer kan word en as nuttige burgers 'n positiewe bydrae kan lewer (vgl. Gen. 19:31-38; 38:11-30; Rut 4:18-22; 1 Kron. 2:5, 9-15; Matt. 1:3-16; Rigt. 11:1).

## *Mediese indikasies en aborsie*

Dit bly 'n deel van die gevolge van die sondeval dat die vrou met smart kinders baar (Gen. 3:16) en dat dit in die reël met spanning, pyn en selfs lewensgevaar gepaard gaan ten spyte van die geweldige vordering wat die mediese wetenskap gemaak het. En tog is werklike ernstige psigiatriese komplikasies gedurende swangerskap seldsaam. Die gevaarperiode lê dan eintlik na die normale beëindiging van swangerskap. Daar is dan ook psigiaters wat die besliste mening huldig dat daar geen psigiatriese indikasie vir aborsie bestaan nie. Die gebruik van psigiatriese behandeling gedurende swangerskap is ook toelaatbaar en onder goed gekontroleerde omstandighede sonder veel gevaar vir moeder en baba. Die enigste uitsondering behoort te wees die gevalle waar voortgesette swangerskap 'n aanwesige psigiese versteuring sodanig begin vererger dat dit 'n bedreiging word vir die moeder en/of die kind se lewe, of dat sy daardeur permanente psigiese skade sal opdoen.

Suiwer eugenetiese indikasies vir aborsie kan ook nie deur ons aanvaar word nie. Gevalle van monsters soos byvoorbeeld 'n anensefaal (Kattekop) wat bo alle twyfel lank voor die geboorte gediagnoseer kan word, en in ieder geval nie kan bly lewe nie, kan nie hieronder getel word nie, aangesien die motief hier geensins eugeneties is nie. By eugenetiese indikasies gaan dit om die verbetering van die menslike ras deur te voorkom dat 'n kind met liggaamlike of geestelike gebreke gebore sou word. Hierdie standpunt gaan uit van die lewensbeskouing dat alleen die liggaamlik en geestelik gesonde mens, 'n bruikbare en sinvolle lewe kan lei, terwyl ons weet dat ook die mens met baie gebreke aan sy doel kan beantwoord en vir andere geestelik iets kan beteken. Hierdie standpunt sou ook nie meer die genadedood van swaksinniges, gestremdes, seniele bejaardes en ongeneeslike siekes kan verwerp nie, en daarmee het ons by die heidendom tereg gekom.

In gevalle van swangerskap waar die lewe van die moeder sonder enige twyfel bedreig word, sou dit 'n billike uitgangspunt wees om die boom te spaar wat die vrugte voortbring, ook op grond van die beginsel dat 'n ander se lewe uit selfverdediging geneem mag word (vgl. Ex. 22:2). Wanneer vroeg al vermoed word dat die lewe van die moeder deur die swangerskap bedreig word, sal 'n paneel van deskundiges oor die moontlike aborsie moet besluit, aangesien foutiewe diagnose reeds plaasgevind het waar moeders besluit het om teen die advies van die geneesheer met die swangerskap voort te gaan en die kind sowel as die moeder behoue gebly het. Die mens bly feilbaar (vgl. Pred. 11:5). Sulke operasies sal dus alleen in goedgekeurde inrigtings gedoen mag word om alle moontlike wanpraktyke te probeer uitskakel.

Aborsie in gevalle waar vermoed word dat die lewe van die moeder bedreig word, kan tog seker nie op die moeder afgedwing word nie, en dit sou nie eties-religieus onverantwoord vir die moeder wees om met die swangerskap voort te gaan terwyl sy op die Here vertrou om haar deur alles heen te bewaar om so haar Godgegewe roeping te vervul (vgl. Gen. 1:27, 28; 1 Tim. 2:15). Maar indien dit bo alle twyfel duidelik sou word dat daar geen kans bestaan dat sy die

geboorte sal oorlewe nie, sal sy haar aan die advies van die mediese wetenskap moet onderwerp en aborsie toelaat of anders skuldig word aan die sesde gebod deur haar eie lewe roekeloos prys te gee of ten minste daarmee te dobbel.

## *Die genadedood*

Eutanasie of genadedood beteken om uit medelye die einde van byvoorbeeld ongeneeslike siekes, erg verminktes of seniele bejaardes te bewerkstellig deur die toedien van bepaalde middele of die weiering daarvan.

Ons het reeds gesien dat ons die lewe moet liefhê, maar die dood moet haat. Voorts tel dit ook onder die kultuuropdrag van die mens om dit wat siek is, gesond te maak. Dit is natuurlik 'n vraag of dit nog sinvol is om die lewe van die mens kunsmatig te verleng, en daarmee ook die lyding te verleng, wanneer dit eintlik nie meer die mens is wat lewe nie, maar die masjien wat die hart nog kunsmatig laat klop?

Maar dit is 'n gans ander storie wanneer daar geredeneer word dat die lewe van bepaalde mense om verskeie redes maar beëindig moet word, want dan word daar meteen vergeet dat die lewe van die mens nie in die hande van die geneesheer of mens is nie, maar in die hande van die lewende God wat die lewe in die sesde gebod beskerm het.

Die argument dat mense met 'n ongeneeslike siekte tog nie gehelp kan word nie, moet deur ons afgewys word omdat daar te eniger tyd tog 'n middel teen so 'n siekte ontdek kan word. Dat mense met 'n aansteeklike siekte die gesondheid van ander bedreig, is waar, maar in die Bybelse tye is sulke mense nie gedood nie, net afgesonder. Erg verminktes kan steeds vir ander mense 'n spieël wees om hulle gesondheid te waardeer, die genade van God in diesulkes te bewonder en uit talle voorbeelde gedurig daaraan herinner te word om self versigtig te handel. Seniele bejaardes het wel self geen markwaarde meer nie, maar bied uitmuntende geleentheid om die genadegawes van barmhartigheid en hulpbetoon te beoefen en te ontwikkel.

Nooit mag die gesondheid as die hoogste waarde beskou word waaraan alles en almal opgeoffer moet word nie, of die bruikbaarheid tot maatstaf vir die menslike lewe verhef word nie. Die beeld van God word nie in siek mense vernietig nie, en daarom word ook hulle lewe teen moord beskerm (Gen. 9:6; Ex. 20:13). Ons mag dus die lewe nooit afskrywe as God dit nog vir sy doel en genade laat lewe nie. Christus het siek mense genees. Daarmee het Hy ons almal opgeroep om die stryd teen die siekte aan te knoop en nie om ons verantwoordelikheid te ontvlug deur mense wederregtelik te vermoor nie.

## *Selfmoord*

In die verbod op moord (Gen. 9:6; 20:13) is selfmoord vanselfsprekend ingesluit. As die naaste nie gedood mag word nie omdat hy as beeld van God geskape is, dan geld dieselfde argument ook teen selfmoord. Die Skrif leer dat die mens homself moet liefhê (Matt. 22:39), dus ook sy eie lewe moet liefhê.

Die oorsake vir selfmoord is legio. Dit is mense wat die sin vir die lewe verloor het, voel dat hulle vir niemand meer iets beteken nie, en net in almal se pad is, of selfs oorsake soos finansiële moeilikhede, liefdesteleurstelling, drankmisbruik, vrees vir ontdekking of straf, skuldbesef, verdriet, rusie, liggaamlike pyn of 'n ongeneeslike kwaal. Dit kan ook die daad van iemand wees wat geestelik versteurd is.

Wie sy eie lewe neem, gee daarmee bewustelik of onbewustelik te kenne dat hy ten volle oor sy eie lewe beskikking het, terwyl alleen God absolute reg op die lewe het. Die daad van selfmoord is altyd wreed teenoor diegene wat agterbly, want niemand leef of sterf vir homself nie (Rom. 14:7). Die wat agterbly word altyd met die skuldvraag gekwel: Het ek dalk 'n aandeel daaraan gehad?

Die heiden pleeg makliker selfmoord as die Christen vanweë hulle siening van die lewe. Die lewe word vergoddelik. Dit is 'n uitvloeisel van die Al-siel of Al-Ene en keer ná die dood daarheen terug. Die lewe is dus slegs 'n tussenspel, 'n fase, 'n deurgangshuis. Wie so glo, kan die lewe nie waarlik liefhê en die dood nie waarlik haat nie. Daarom vind ons onder die heidene

'n diepe teleurstelling in die lewe self soos dit steeds in hul lewenstyl en handelinge duidelik spreek. Die Romeine het dan ook geleer dat jy 'n einde aan jou lewe mag maak as jy jou walg aan die lewe self, jy jou eer wil red of aan 'n chroniese en ongeneeslike kwaal ly.

Hierteen neem die Bybel standpunt in, en leer dat die lewe goed is, maar die dood word verbied. Al die selfmoordgevalle in die Bybel (Rigt. 9:53, 54; 1 Sam. 31:4; 2 Sam. 17:23; 1 Kon. 16:18; Matt. 27:5) word vir ons op so 'n wyse vertel dat dit duidelik word hoe treurig die einde van diegene is wat onder die oordeel van God geval het. Nie een van die gevalle lyk hoopvol nie. Hulle probleme is in elk geval nie opgelos nie, eerder vererger!

Dit beteken nie dat almal wat hulle eie lewe neem, verlore sal gaan nie, want niemand weet wat in die laaste oomblikke tussen die sterwende en sy God plaasvind nie. Dit hang seker ook daarvan af of die persoon dit opsetlik en by sy volle verstand gedoen het en of sy geestestoestand sodanig was dat hy vir die daad aanspreeklik gehou kan word. En in laasgenoemde voorbeeld sal sy lewe vóórdat hy versteurd geraak het of dit dié van 'n gelowige was of nie, vir sy eindbestemming beslissend wees. Die mens mag dus geen oordeel uitspreek nie (1 Kor. 4: 5). Die oordeel berus by 'n regverdige God. En dit moet vir ons genoeg wees. Intussen moet selfmoord egter met alle mag bestry word omdat die sesde gebod dit verbied. Selfmoord is altyd skokkend, afskrikwekkend, wreed en dikwels nie suksesvol nie. Namelose ellende vir die verminktes of agterblywendes maak selfmoord een van die mees skokkende misdade wat ons met afsku moet vul, maar ons desnieteenstaande met innige jammer vervul vir die persoon wat dit gedoen het.

## *Moord*

Alhoewel ons die woord "moord" al meermale in ons bespreking tot dusver teëgekom het, is dit tog nodig om op hierdie stadium iets meer daaromtrent te sê. Ons het reeds gesien dat die sesde gebod alleen die wederregtelike en onbevoegde doodmaak van dit wat lewe verbied. Wat die mens betref sou dit nie alleen neerkom op die doodmaak van onskuldige bloed nie (Ex. 23:7; Deut. 19:10), maar ook op die wederregtelike doodmaak van skuldige bloed (vgl. Gen. 9:6) wanneer die indiwidu eie reg sou gebruik en die wet in eie hande sou neem om hom op iemand te wreek. God het aan die staat die swaardmag gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4). Hierdie reg is nie aan die enkeling toevertrou nie. Hy wat 'n ander persoon, hoe skuldig ook al, uit eie wil en op sy eie doodmaak staan skuldig aan moord; hy het die sesde gebod oortree. Hy oortree inderdaad meer as net die sesde gebod. Hy vergryp hom byvoorbeeld aan die eerste gebod om self soos God oor die lewe van 'n mens te wil beskik, of ook die agste gebod wanneer hy iemand van sy eie mense beroof, of ook die derde gebod, wanneer hy die koninkryk van God aanrand en God beroof van iemand wat sy Naam op aarde kon loof en sy koninkryk kon bevorder (Ps. 30:10; 118:17). Die moordenaar ontruk 'n lewe van die hede van genade, want dit bring 'n onverbiddelike finaliteit mee. Hierin lê juis die diepgaande genadeloosheid van moord opgesluit. Natuurlik geld doodmaak alleen as moord wanneer dit gepleeg word in 'n gemoedstemming wat nadenke toelaat wat rekenskap gegee het van die betekenis en gevolge van sy daad, dit wil sê, wanneer dit opsetlike doodslag is.

Die Bybel gee aan die lewe van 'n mens 'n baie hoër waarde as aan die lewe van 'n dier (Matt. 10:28-31). Die Bybel gee geen uitdruklike strafmaatreël vir die onregmatige doodmaak van 'n dier nie, maar lê die doodstraf op wanneer die lewe van 'n mens wederregtelik geneem word, "want God het die mens na sy beeld gemaak" (Gen. 9:6). Die onaantasbaarheid van die lewe van die mens lê dus nie daarin opgesluit dat dit ook lewe is nie, of dat dit nuttige of waardevolle kwaliteite het nie, maar omdat die mens religieus aanspreekbaar is en die moordenaar hom vergryp aan die beeld van God, dit veral waarin die mens van plant en dier te onderskei is.

## *Aanleiding tot moord*

Die sesde gebod leer voorts ondubbelsinnig dat alles wat tot moord aanleiding kan gee deur ons vermy moet word. Die gebod wil nie net doodslaan verbied nie, maar leer dat ons die wortel van die doodstraf soos nyd (Spr. 14:30; Rom. 1:29), haat (1 Joh. 2:11), toorn (Jak. 1:20; Gal. 5:19-21) en wraakgierigheid, en dit alles vir 'n doodslag moet hou (1 Joh. 3:15, H.K.

106). Die gesindheid van die hart is so belangrik (Lev. 19:17, 18; Matt. 5:21, 22; 22:39) dat dit bepalend was in die saak van doodslag of dit 'n ongeluk was of nie, of "hy hom van gister en eergister af nie vyandig was nie" (Deut. 19:4). Haat het baie gesigte wat as aanloopplanke dien op pad na moord. Wanneer dit met 'n verkeerde gesindheid gedoen word, is gesigte trek, uitlag, koggel, terg, tart, pla, uitskel, bangmaak, doodwens en doodkyk aan doodslag verwant. Dit is bloedlose moord! Geen wonder nie, want toorn en wreedheid en moord loop hand aan hand: "Simeon en Levi is broers. Hulle wapens is werktuie van geweld. Laat my siel nie kom in hulle raad nie, laat my eer nie eens wees met hulle vergadering nie. Want in hulle toorn het hulle manne doodgeslaan, en in hulle moedswilligheid het hulle beeste vermink. Vervloek is hulle toorn, want dit is heftig; en hulle grimmigheid, want dit is hard" (Gen. 49:5-7).

Maar daar is nog talle ander wortels van doodslag en moord soos die afguns van Josef se broers (Gen. 37:11, 20) terwyl selfs leuens op 'n moord kan uitloop (Joh. 18:30, 31). Hoeveel mense is nie al doodgeskinder nie; sy geluk, sy toekoms, sy bevordering, sy naam deur 'n tong afgebreek en vernietig.

Na die egbreek van Dawid met Batseba (2 Sam. 11:15) het hy sy spore probeer uitwis met 'n moord (2 Sam. 12:9). Die inrigtings vir ongehude moeders, misbruikte mense, word op die lewenspad agtergelaat deur "beskaafde moordenaars" wat nie meer opgespoor kan word nie, pornografie, bloufilms, dwelmmiddels en gewetenlose mense het almal bygedra; die oorlogsvliegtuie is verby, die slag is gelewer en niemand weet uit watter vliegtuig die bom geval het nie.

Geldgierigheid (1 Tim. 6:10; Luk. 22:3-6) en hebsug (1 Kon 21) kan uitloop op moord. Spiritisme het koning Saul sy lewe gekos (Deut. 18:9-14; 1 Sam. 28 en 31:4). Hy wat 'n ander boikot, voedsel van die hongeriges weghou, die moontlikheid van bestaan van iemand wegneem (Deut. 24:6; Matt. 25:34-40; Luk. 16:19-22), is skuldig aan moord; indirekte moord.

## *Doodmaak sonder opset*

Dit is helaas moontlik dat die een 'n ander sonder opset kan doodmaak. Om dit te bevestig kry ons 'n klassieke voorbeeld en verklaring daar van in Deut. 19:4-6: "En dit is die saak van hom wat 'n doodslag begaan het, wat daarheen (dit is na een van die vrystede) vlug, dat hy kan lewe: hy wat sy naaste sonder opset doodslaan, terwyl hy hom van gister en eergister af nie vyandig was nie; en hy wat saam met sy naaste in die bos gaan om hout te kap en sy hand swaai met die byl om die boom af te kap, en die yster glip van die steel af en tref sy naaste, sodat hy sterwe - hy moet in een van hierdie stede vlug om in die lewe te bly; sodat die bloedwreker hom wat 'n doodslag begaan het, nie agtervolg as sy hart verhit is en hom inhaal - omdat die pad lank is - en hom doodslaan nie, terwyl hy die dood nie verdien het nie, omdat hy hom van gister en eergister af nie vyandig was nie" (vgl. Ex. 21:13; Num. 35:12-34).

Uit bostaande aanhaling word dit al dadelik duidelik dat hier geen motief tot moord aanwesig is nie; dit was 'n blote ongeluk. Daarom word dit elders so gestel: "Hy wat 'n mens slaan, dat hy sterwe, moet sekerlik gedood word. Maar as hy dit daar nie op toegelê het nie, maar God dit sy hand laat ontmoet het, dan sal Ek jou 'n plek aanwys waarheen hy kan vlug" (Ex. 21:12, 13; Deut. 4:41, 42). Dit is hier geen voorafbeplande misdaad wat opgekom het uit die hart van een wat sy naaste gehaat het en hom van gister en eergister af vyandig was nie.

In al sulke gevalle is die lewe van die onskuldige een deur wetgewing beskerm: "sodat geen onskuldige bloed vergiet word binne-in jou land wat die Here jou God jou as erfenis sal gee, en bloedskuld op jou kom nie" (Deut. 19:10).

En om die onskuldige nog verder te beskerm, is die volgende bepaling gemaak: "As iemand 'n mens doodslaan, moet die moordenaar op verklaring van getuies gedood word; maar een getuie is nie genoegsaam om iemand tot die dood te veroordeel nie" (Num. 35:30; Deut. 17:6; 19:15). Die lewe van die mens is kosbaar in die oë van die Here en moet teen elke onbevoegde en wederregtelike doding beskerm word. Aan die anderkant eis die geregtigheid van God dat onskuldige bloed gewreek moet word sodat die volk kan vrees en nie verder iets verkeerds doen nie (vgl. Deut. 19:15-21).

## *Eerbied vir die lewe*

**In** die sesde gebod gaan dit om die positiewe waardering van die lewe as 'n gawe van God. Die gebod spreek van 'n diepe liefde vir die lewe. Daarom moet daar by die mens eerbied vir die lewe wees; moet die mens God daarvoor dankbaar wees, aangesien dit 'n gawe van God is (Gen. 2:7). En hieruit spreek al klaar die prinsipiële onaantasbaarheid van die lewe, wat aan God alleen toebehoort en daarom as 'n heilige saak aan die menslike beskikkingsreg onttrokke bly. Selfs die plant en dier sou nie vir die mens beskikbaar gewees het nie, was dit nie vir die feit dat God self eers die plante (Gen. 1:29) en later die diere (Gen. 9:3) aan die mens as voedsel *gegee* het nie. Maar daarby is ook allerhande voorskrifte gegee (Deut. 20:19, 20; Ex. 23:12; Deut. 22:6, 7) wat daarop dui dat die mens ook nie willekeurig oor die plant en dier beskik nie. Dit is God se plante en diere, en die mens mag nie na willekeur daarmee handel nie.

Die mens is egter van nature geneig om die lewe te haat: "Daarom het ek die lewe gehaat, want die werk wat onder die son gedoen word, het my mishaag, omdat alles tevergeefs is en 'n gejaag na wind" (Pred. 2:17). Die mens verkies dikwels die dood bó die lewe (Jer. 8:3). So het byvoorbeeld Job sy geboortedag vervloek (Job 3:10-19) en Elia begeer om te sterwe (1 Kon. 19:4). Erger nog, die mens is van nature geneig om met die moordenaar simpatie te hê (vgl. Hand. 3:14), maar om terselfdertyd die Leidsman tot die lewe dood te maak (Hand. 3:15). Hoe word Christus nie dag vir dag in die handel en wandel van baie mense opnuut gekruisig nie (vgl. Hebr. 6:4-6)? Die mens is in sy diepste wese 'n moordenaar en is geneig om God en sy naaste te haat.

Daarom het God die mens beveel om God die Here lief te hê en ook sy naaste soos homself lief te hê (Matt. 22:37-39). Selfliefde, buite die sonde om, is die drang in ons, om op die plek waar God ons geplaas het, te bly voortbestaan. Dit is die wil om te lewe. Naasteliefde beteken dan ook dat ek my naaste die plek langs my, wat God aan hom gegee het, sal gun en dat ek hom ter wille van God lief sal hê. Ek is dus nie geskape om éénsaam te wees nie, maar om my naaste as 'n geskenk van God te aanvaar, as 'n deel van die heil, en goedheid van God jeens my. God het my nie alleen gelaat nie, maar die gemeenskap met andere gegee. Daarom mag ek nie my naaste doodmaak, die éénsaamheid opsoek, en soos God Al-een wil wees nie. Ek mag my eie heil nie vernietig nie, maar moet wandel in die sonnige en vrolike lewe en gemeenskap met andere, sodat ons, soos die kleure van die reënboog, 'n skone harmonie tot eer van God en tot heil van almal kan uitmaak (1 Kor. 12:4-31; Ef. 4:11-16).

## *Die bewaring van die lewe*

Die mens as beeld van God is deur God self aangestel om die skeppingswerk van God op aarde voort te sit. God het hom beveel: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen. 1:28). En 'n bietjie verder staan daar geskrywe: "Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak" (Gen. 2:15). Ook moes die mens aan die diere en voëls name gee: "En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees" (Gen. 2:19). So het God die mens laat heers oor die werke van sy hande (Ps. 8:5-10). Dit alles hoort tot die kultuurtaak van die mens wat die mensheid en die ganse natuur omvat, en dus tot taak het die arbeid, verbetering en veredeling van elke terrein waarop die mens hom bevind.

Kultuur hang dan baie nou saam met begrippe soos beskawing, ontwikkeling, verbouing, uitbreiding en veredeling van grond, plante, diere en mense. Dit het te doen met die ontwikkeling en bewaring van die lewe self deur die mens. Hierdie kultuuropdrag het dus ook te make met alle aspekte van die menslike lewe soos byvoorbeeld die wetenskap, kuns, tegniek, gesin, ekonomie, staatkunde en reg. Dit waarmee die mens besig raak, word kultuur.

So sit die mens die werk van God voort, en word hy 'n medewerker van God, nie alleen deur die voortplanting van die lewe in plant, mens en dier nie, maar ook in die verdere uitbouing, ontwikkeling en bewaring van alles wat God onder sy hande gestel het.

Deur die sondeval is sy taak egter geweldig bemoeilik deur die vloek wat oor alles gekom het met sy dorings en distels, droogtes en plae, oorloë en hongersnood. Dit alles speel 'n

belangrike rol in kultuurbeoefening. Die kultuurtaak van die mens het in 'n groot mate 'n stryd geword teen die gevolge van die sonde. Daarom het hy tot taak bygekry om wat siek is, gesond te maak, wat woes en leeg is, bewoonbaar te maak, wat krom en skeef is, reguit te maak. Kortom, hy het tot taak om dit vir plant en mens en dier leefbaar te maak, dit wil sê, om die lewe wat God aan sy sorg toevertrou het, te bewaar. En om die mens in sy kultuurtaak te help, het God in die sesde gebod die lewe teen elke ongeoorloofde metode van uitwissing in beskerming geneem.

## *Die dood te voorkom*

Dit is 'n uiters doeltreffende manier om die lewe te bewaar deur die dood te voorkom. Dit gaan hier oor die vraag of die mens gedoen het wat hy kon om die dood van al wat lewe te verhoed. Die mens het in sy kultuurtaak van God die opdrag gekry om oor die lewe die wag te hou. Alle onverskilligheid, asof dit ons nie aangaan nie, word in die sesde gebod veroordeel. Die vraag van Kain of hy dan sy broer se wagter is (Gen. 4: 9), is hier ter sake. God hou ons stellig verantwoordelik vir die lewe van ons naaste, wanneer dit in ons mag was om sy dood te voorkom, en hy as gevolg van ons nalatigheid en sorgloosheid, sy dood gevind het. Dit is hier weliswaar nie opsetlike doodslag of moord met voorbedagte rade nie. Maar tog is dit bloedskuld wat tot God bly roep om wraak.

Om hierdie rede kry ons in hierdie verband belangrike voorskrifte in die Skrif: "Maar as 'n bees tevore al stoterig gewees het en sy baas gewaarsku was, maar dit nie opgepas het nie, en dit 'n man of 'n vrou doodmaak, moet die bees gestenig word, en sy baas moet ook gedood word" (Ex. 21:29). Hierdie gebod kom ooreen met 'n kwaai hond of enige ander dier wat nie deur ons opgepas word as ons weet dat hy gevaarlik is nie.

En 'n bietjie verder lees ons van die straf wat rus op een wat 'n put grawe en dit nie toemaak nie en 'n dier daarin val (Ex. 21:33, 34). Dit kom ooreen met iemand wat 'n swembad sou bou en dit nie behoorlik omhein nie en 'n kind daarin val en verdrink. Hy staan skuldig aan bloedskuld voor God. Albei genoemde voorbeelde verraai 'n roekelose en onverantwoordelike gesindheid, wat deur die Skrif strafbaar gehou word.

In Deut. 22:8 staan geskrywe: "As jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n leuning aan jou dak maak, sodat jy geen bloedskuld op jou huis bring as iemand daarvan afval nie." Sulke growwe nalatigheid word nie as vergeetagtigheid of gebrek aan versigtigheid afgemaak nie, maar word as bloedskuld gestraf en val dus onder die sesde gebod. Dit kom ooreen met enige onverskilligheid op enige terrein van die lewe soos byvoorbeeld swak boustellasies, los dakpanne, gladde oppervlaktes of enigiets wat die lewe van mense in gevaar stel. Hieronder kan ook tel, 'n skip sonder reddingsbote, aansteeklike siekes wat nie afgesonder word nie (Lev. 13:4), te vinnig ry of sonder ligte of goeie remme ry, en selfs gevaarlike sportsoorte, soos sekere metodes van bergklim, motorsport of akrobatiese toertjies wat jou eie lewe of die van jou naaste onnodig in gevaar stel (vgl. Matt. 4:7; Deut. 6:16). Die lewe is 'n kosbare geskenk en moet teen alle moontlike gevare beskerm en beveilig word, terwyl alle onnodige blootstelling aan gevare en aan dood vermy moet word.

## *Nie betrokke te raak nie*

Die opskrif hierbo kon ook gelees het: Ander nie te hulp kom nie. Alles wat tot nou oor die eerbied en liefde vir die lewe gesê is, oor die feit dat lewe 'n gawe van God is, dat die mens na die beeld van God geskape is, dat God die lewe in die sesde gebod in beskerming geneem het, dat die mens nie wederregtelik mag doodmaak nie, dat dit tot sy kultuurtaak behoort om die lewe te bewaar en nog baie ander uitsprake omtrent die lewe, maak dit vanself sprekend dat elke mens die plig het om ander te hulp te kom wat wederregtelik bedreig word of aangeval word in 'n geveg tot die dood toe, indien hy dit op die pad teëkom. Ook wanneer iemand in gevaar verkeer soos byvoorbeeld besig is om te verdrink of in 'n brandende gebou vasgekeer is of deur wilde diere aangeval word of deur rowers oorval word, is dit elkeen se plig om alles in sy vermoë te doen om te red of te help of hulp te soek.

Juis die laaste voorbeeld help ons om te sê dat baie mense eenvoudig verbystap en ook

wanneer hulle op 'n ongeluk afkom, geen hulp aanbied nie, bloot om die eenvoudige rede dat hulle nie betrokke wil raak nie.

In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:29-37) word hierdie gesindheid goed uitgebeeld in die houding van die priester en die Leviet wat die gewonde man wel gesien het, op hom afgekom het, maar anderkant verbygestap het, omdat hulle nie betrokke wou raak nie.

Indien hierdie man wat half dood daar gelê het, nie van ander hulp gekry het nie, en van sy wonde omgekom het, terwyl hulle twee tog dit met onmiddellike optrede kon verhoed het, dan sou albei van hulle inderdaad skuldig aan die dood van hierdie man gewees het. Dit moet as 'n strafbare misdaad gesien word.

Ons is eers gehoorsaam aan die sesde gebod as ons soos die Samaritaan by die ongeluk stilhou en die gewondes help en verpleeg, al doen ek dit met gevaar vir my eie lewe. Ek hou die gebod as ek self iets probeer doen om iemand wat besig is om te verdrink of in watter gevaar ook al verkeer, probeer red. Maar boweal hou ek die gebod wanneer ek mense red van die ewige dood (Jak. 5:19, 20), wanneer my getuienis vir andere 'n reuk van die lewe tot die lewe geword het (vgl. 2 Kor. 2:16), terwyl stilswye my die gebod laat oortree (Eseg. 3:17,18).

## *Selfbehoud en selfliefde*

Die drang tot selfbehoud word in elke lewende wese gevind. Dit is 'n wil om te lewe en te bly lewe. Elke lewende wese wil in sy bestaan volhard. By die plant en by die dier kan ons dit noem 'n onbewuste of instinkmatige drang om gevaar te vermy. Die Bybel praat selfs van die versigtigheid van die slange (Matt. 10:16). By die mens is die drang tot selfbehoud 'n bewuste selfbewaring wat in die selfliefde gegrond is.

Selfliefde kan nie verkeerd wees nie, want die Here self beveel ons om ons naaste lief te hê soos onsself (Lev. 19:18; Matt. 22:39). Dit beteken die wil by die mens om die plek wat God hom as persoon wat deur God daar gestel is te bly behou. So het Jesus ook by geleentheid toe 'n verwoede klomp mense Hom van 'n krans wou afstoot, dit nie toegelaat nie (Luk. 4:28-30) en geweier toe Satan Hom van die dak van die tempel wou laat afspring (Matt. 4:5-7).

Selfliefde kan natuurlik deur die sonde ontaard in selfsug wat steeds daarop uit is om eie voordeel te soek en dit dikwels ten koste van alle andere aan wie glad nie gedink word nie. Selfsug is 'n aaklige vrug van die sonde en maak die mens haatlik om ook andere te haat (Tit. 3:3). In die wedergeboorte egter word die selfsug in beginsel gedood en werk die drang tot selfbehoud spontaan en word die selfliefde aan God ondergeskik. Daarom is die opdrag in Joh. 12:25 om die lewe te haat, nie in stryd met die opdrag tot selfliefde in Matt. 22:39 nie. Dit beteken niks anders nie as dat die mens sy eie vader, moeder, seun dogter, aardse goed en selfs sy eie lewe vóór sy liefde vir God mag stel nie (Matt. 10:37-39; 16:24-26; Mark. 8:34-38; Luk. 9:23-26; 17:32,33).

Intussen moet ook onder selfbehoud en selfliefde verstaan word die wil om gesond te lewe om jou bestemming as mens na die beste van jou vermoë te verwerklik. Dit beteken dat die mens nie sy gesondheid verwaarloos nie, maar arbeid en rus op 'n verantwoorde wyse afwissel, en om teen enige dreigende gevaar of enige simptoom van siekte steeds op die hoede te wees. Oormatige gebruik van voedsel, alkohol, tabak, pille, laatnagte en losbandigheid wat sy gesondheid kan benadeel, sal doelbewus vermy moet word. Daarom beteken die sesde gebod ook dat niemand homself op 'n indirekte wyse mag doodmaak nie, maar positief sal strewe en werk om sy eie lewe te koester en te bewaar.

## *Selfverdediging*

Onder selfverdediging kan verstaan word die beveiliging van die eie lewe wanneer dit bedreig word. Terwyl die dier hom onbewus of instinkmatig teen aanvallers verdedig of wegvlug, doen die mens dit doelbewus.

Maar nou kan dit ook gebeur dat die man wat homself of sy huis en besittings verdedig in die proses sy aanvaller doodmaak. Die vraag is nou of dit as 'n oortreding van die sesde gebod

beskou moet word? In die Ou Testament kry ons 'n praktiese voorbeeld wat ons enigsins help om hierop 'n antwoord te kry: *"As* 'n dief betrap word terwyl hy inbreek, en hy word geslaan, sodat hy sterwe, sal daardeur geen bloedskuld ontstaan nie; as die son oor hom opgegaan het, ontstaan daardeur bloedskuld" (Ex. 22:2, 3). Die vraag na bloedskuld of nie, hang af van die tydstip waarop die diefstal plaasgevind het. As dit helder oordag plaasgevind het, dan is daar 'n moord gepleeg, aangesien niemand die wet in eie hande mag neem en dit nog bowe al oor 'n saak soos diefstal gegaan het waarop daar geen vonnis van doodstraf opgelê was nie. Maar indien dit in die nag gebeur het, was daar geen bloedskuld nie. Die bedoeling is waarskynlik dat die eienaar nie kon sien deur hoeveel sy besittings bedreig was nie, oor welke wapens die indringer(s) beskik het nie, en presies waar hy hom geslaan het toe hy sy goed en homself moes beveilig het nie.

Die gevolgtrekkings wat hieruit gemaak mag word is seker dat dit ook geld vir gevalle waar nie die besittings nie, maar die lewe van iemand doelbewus bedreig word en dit 'n geveg tot die dood toe word. In dié geval is die man wat wederregtelik aangeval word sonder bloedskuld indien hy die aanvaller sou dood. Selfverdediging kan dus prinsipieel vanuit die Skrif verantwoord word, daar waar van geen ander uitweg sprake was nie.

Jesus het na regsuitsprake van die Ou Testament (Ex. 21:24, 25; Lev. 24:20; Deut. 19:19) verwys (Matt. 5:38), en geleer dat die mens nie die wet in eie hande moet neem nie (Matt. 5:39), aangesien dit nooit persoonlike wraak aangemoedig het nie (Lev. 19:18; Spr. 20:22; 24:29), maar dat reg en geregtigheid in die openbare hof gehandhaaf moet word (Lev. 24:14; Deut. 19:15-21; Num. 35:9-34). So word eie belange en die eie lewe steeds op die mees doeltreffende wyse gehandhaaf teen wederregtelike bedreiging, en word verhoed dat die sesde gebod vanuit verkeerde motiewe oortree sal word.

**Die lewe van my naaste**

As selfliefde beteken om die plek te bly behou wat God aan my as persoon wat deur Hom geskape is, gegee is, dan beteken die naasteliefde ewe-eens dat ek sy plek wat deur God aan hom toegeken is, hom sal gun, en alles in my vermoë sal doen om hom te help om dit te behou, ook wanneer hierdie Godgegewe reg hom wederregtelik ontneem wil word. So het Abraham byvoorbeeld vir Lot en sy mense bevry toe Kedor-Laómer en die konings wat saam met hom was, hulle weggevoer het. En die Here het hom deur Melgisédek geseën (Gen. 14). So het ook die goeie Samaritaan voorkom dat iemand wat halfdood langs die pad gelê het sou sterf deur aan hom dadelik hulp te verleen toe hy op hom afgekom het (Luk. 10:29-37).

So het Christus ook geleer dat aan die skape op die oordeelsdag gesê sal word: "Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee*;* Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee*;* Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen" (Matt. 25:34-40).

Die wil tot naastediens hoort tot die beoefening van die ware godsdiens: "Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God" (1 Petr. 4:10). En ook: "Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers" (Hebr. 13:16; Jes. 58:7; Hebr. 13:3; Jak. 1:27; 2:15). Elkeen in wie die Koning van sy kerk woning gemaak het, kan nie anders as om 'n wakker oog, 'n simpatieke oor en 'n helpende hand vir sy medemens in nood te hê nie. Deur allerlei vorme van barmhartigheidsdiens en geestelike hulp word die naaste gehelp om 'n regmatige deel te hê aan al die seëninge wat God vir sy skepsele op aarde gegee het; gehelp om sy Godgegewe roeping te vervul en sy bestemming te bereik, waarvoor hy ook bestem was. Hierdeur word die sin van die sesde gebod van lewe en laat lewe vervul.

## *Martelare*

Met die steniging van Stéfanus (Hand. 7:59) het die eerste vervolging teen die Christene begin (Hand. 8:1) wat deur die eeue heen vele duisende martelare sou oplewer; manne, vroue en kinders wat ter wille van hulle geloof in Christus sou sterf: "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moet rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees" (Openb. 6:9-11).

Stéfanus is gestenig omdat die waarheid van sy woorde die skare met woede vervul het (Hand. 7:54). So was Johannes die doper onthoof omdat hy Herodes bestraf het oor die vrou van sy broer Filippus en Herodias hom dit nie vergewe het nie (Matt. 14:3-10). Baie duisende gelowiges moes dan ook sterf ter wille van die Woord van God en die getuienis wat hulle gehad het (Openb. 6:9). Hulle moes op die wreedste en mees afskuwelike wyses sterf onder die valbyl en op brandstapels. Hulle is gestenig, in stukke gesaag en met die swaard vermoor (vgl. Hebr. 11:37). En tog het hulle genade ontvang om hulle geloof nie te verloor of hulle Heiland te verloën nie.

Ons lees dat baie in die ou tyd hulleself voor die tyd gemartel het om hulleself te staal dat hulle tog nie in 'n oomblik van swakheid hulle Here sou verloën nie. Maar dit was alles onnodig en 'n teken van swak geloof. Die feit dat talle en talle martelare op die brandstapels lofliedere tot eer van God gesing het terwyl die vlamme aan hulle gelek het, het nie getuig van mense wat hulleself voor die tyd in pyn geoefen het nie, maar van iets groters en heerliker: God het self sy kinders onderskraag in die uur van hulle nood. Want dit is die verskil tussen die dood van 'n martelaar en dié van Jesus. Jesus moes uitroep dat sy Vader Hom verlaat het (Matt. 27:46). Maar nooit is dit waar van ons nie, want selfs geen mossie sterf sonder die simpatieke teenwoordigheid van God nie, en ons is meer werd as baie mossies (Matt. 10:29-31).

## *Die dood van 'n held*

In Hebreërs 11 vind ons 'n galery van geloofshelde: "wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het (Hebr. 11:33, 34). En talle van hulle het vir hulle heldedade geboet met hulle lewe (Hebr. 11:37).

En juis hierdie feit beantwoord die vraag of dit vir ons geoorloof is om ons lewe te waag ter wille van 'n groot saak wat die goedkeuring van God mag wegdra? So het byvoorbeeld Dawid sy eie lewe gewaag om Goliat te straf omdat die eer van die God van Israel op die spel was (1 Sam. 17:45), en die Here het hom daarom geseën. So het Ester haar eie lewe ter wille van die Joodse volk gewaag en die koning sonder dat sy geroep was besoek (Ester 4:11, 16), en God het haar weg voorspoedig gemaak (Ester 5:2) en die koning het haar versoek toegestaan (Ester 8 en 9).

Ook die geval van Simson (Rigt. 16:30) waar hy die dak van die huis op die Filistyne laat instort en hy self ook willens en wetens saam met hulle sterf, moet as 'n heldedaad gesien word omdat Simson daarmee geen eie voordeel op die oog gehad het nie, maar 'n offer vir volk en vaderland gebring het. En die Here het sy goedkeuring daaraan gegee deur Simson se gebed te verhoor en hom weer eens te versterk en in staat te stel om hom op sy vyande te wreek (Rigt. 16:28). So word Simson se naam ook onder die ry van geloofshelde genoem (Hebr. 11:32).

Helde is nie noodwendig mense wat oor buitengewone of bonatuurlike kragte beskik het nie. Nee, hulle is maar net begenadigde sondaars. So was Simson nie sterker as 'n gewone man toe die Here van hom gewyk het nie (Rigt. 16:20,21). En Gideon die dapper held (Rigt. 6:12) het ook maar vrees in sy lewe geken (Rigt. 7:9-11). En die magtige profeet Elia het ook maar moedeloos onder 'n besembos gelê (1 Kon. 19:4), terwyl selfs die grootste profeet van almal wat uit vroue gebore was (Matt. 11:11) self ook sy oomblikke van twyfel geken het (Matt. 11:2,

3). Helde is ons kragtens die grasie Gods, sodat dit nooit die mens is nie, maar die Here wat geprys moet word, want selfs die grote Elia “was net so 'n mens soos ons” (Jak.5:17).

## *As plaasvervanger sterf*

Die Christendom is die enigste godsdiens ter wêreld wat 'n Middelaar ken (1 Tim. 2:5, 6; 1 Joh. 2:1, 2). Hy het gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Joh. 14:6). Die Christendom is nie 'n stelsel nie, maar 'n persoon; nie sy voorbeeld nie maar sy persoon - Hy self is die Offer, die prys waarmee sy gemeente gekoop is (1 Kor. 6:20) met sy kosbare bloed (1 Petr. 1:18, 19). Daarom staan daar geskrywe: “Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom” (2 Kor. 5: 21). En ook: “En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense *gegee* is, waardeur ons gered moet word nie” (Hand. 4:12).

Hieruit is dit baie duidelik dat Christus Jesus as plaasvervanger in ons plek gesterf het en so vir ons 'n vloek geword het om ons van die vloek te verlos (Gal. 3:10,13). En niemand sou hierdie boodskap ooit beter besef en beleef het nie, as juis die moordenaar Barabbas (Hand. 3:14, 15; Matt. 27:15-26) wat inderdaad sou kon sê: Daar hang Hy in my plek! Jesus het dan ook self gesê: “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir sy skape” (Joh. 10:11). En ook: “groter lief de het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel” (Joh. 15:13, 14). Daarom staan daar geskrywe: “Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe - vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe -maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn” (Rom.5:6-9).

Dit is dus Skriftuurlik verantwoord dat die een mens as plaasvervanger vir 'n ander sy lewe mag prysgee sonder om daardeur aan selfmoord skuldig te staan, mits die dood nie buite die geloof en liefde geskied nie, want al sou 'n mens sy liggaam oorgee om verbrand te word en hy het nie die liefde nie, sal dit hom niks baat nie (1 Kor. 13:3). Intussen sou geen ander mens nie, behalwe Christus Jesus alleen, vir die sondes van andere kon sterf, en die mens met God versoen deur sy bloed (2 Kor. 5:18-20).

## *Mediese hulp weier*

Ons het reeds gesien dat dit tot die kultuurtaak van die mens behoort om ook die gevolge van die sonde te bestry. En hierin het die mediese wetenskap 'n groot uitdaging om wat siek is gesond te maak. Die sonde maak hierdie taak egter dubbel swaar aangesien die mens nie altyd bereid is om saam te werk nie. Hier speel towery, onkunde, bygeloof, vrees of selfs blote moedswilligheid dikwels 'n beslissende rol. Wat die een probeer bou, breek die ander weer af. Daar is dele van die aarde waar die mediese wetenskap nog nie erkenning geniet nie, en in ander dele is daar nog talle wat om verskeie redes nie van mediese hulp gebruik wil maak nie. En dit is hierdie houding wat deur ons ondersoek moet word.

Reeds in die Ou Testament sien ons dat alle voorsorgmaatreëls getref was om siekte te voorkom, te wete sanitasie (Ex. 29:14; Deut. 23:12-14), sterilisasie (Lev. 11:32; 39, 40), kwarantyn (Num. 5:4) en higiëne (Lev. 11) met genoegsaam geleentheid vir oefening, dit is, arbeid (Jos. 21:13-19) en rus (Ex. 20:10). Hieruit blyk dit dat 'n mens sy gesondheid doelbewus kan verwaarloos, wanneer hy die wette van die natuur verbreek, homself nie teen aansteeklike siektes beveilig nie, of selfs deur nie-oordeelkundige arbeidsverrigting in die ritme van arbeid en rus - al is hy ook met goeie en noodsaaklike dinge besig. So het Epafroditus homself byna dood gewerk ter wille van die werk van Christus (Fil. 2:25-30).

Die Bybel sê nooit onvriendelike dinge van geneeshere nie (Jer. 8:22; Matt. 9:12), en noem Lukas selfs die geliefde geneesheer (Kol. 4:14). Dit is egter verkeerd om geneeshere te raadpleeg sonder om op die seën van die Here te hoop (2 Kron. 16:12,13).

Die gebruik maak van mediese hulpmiddels en medisyne is Bybels verantwoord (Jer.

8:22; Openb. 22:2, 3). Toe Hiskia baie siek was en tot God gebid het, het die Here hom verhoor en besluit om vyftien jaar aan sy lewe toe te voeg (Jes. 38:1-8), maar die Here het hom deur middel van medisyne genees: "En Jesaja het gesê: Laat hulle 'n vyekoek neem en dit op die sweer sit, dat hy gesond kan word" (Jes. 38:21. Vgl. 1 Tim. 5:23; Joh. 9:6, 7). Alle genesing kom van God; Hy het die genesende krag in die medisyne gelê.

Om hierdie rede is die gebruik maak van middels nie alleen geoorloof nie, maar 'n noodsaaklikheid in die stryd teen siekte. En die mens maak hom skuldig aan 'n oortreding van die sesde gebod indien hy onder alle omstandighede mediese hulp vir homself en vir andere sou weier.

## *Die kwaad moet uitgeroei word*

Ons het reeds gesê dat dit tot die kultuuropdrag van die mens behoort om die gevolge van die sonde te bestry. Die Skrif leer dat dit tot die vloek behoort dat die aarde dorings en distels sal voortbring (Gen. 3:17, 18). Hierdie onkruid bedreig die voortbestaan van die nuttige plante, en moet daarom uitgeroei word. Die onvrugbare boom, wat die aarde net onvrugbaar maak moet afgekap word (Luk. 13:6-9).

Dit tel dan ook onder een van die opdragte aan die mens dat die kwaad uitgeroei moet word (Deut. 21:21; 19:19; 22:21). Daarom word daar van die een wat 'n ander met opset doodmaak gesê: "Jou oog mag hom nie verskoon nie, maar jy moet die onskuldige bloed uit Israel wegdoen, dat dit met jou goed kan gaan" (Deut. 19:13; Ex. 21:14; 2 Kon. 2:28-34). Indien 'n regter 'n moordenaar teen sy beterwete sou vryspreek, en die man sou nog iemand anders vermoor, het daardie regter nie die kwaad uitgeroei nie, en self ook aan die moord aandadig geword. God het bepaal dat 'n bees wat 'n man of vrou stoot dat hy sterwe, gestenig moet word (Ex. 21:28), maar indien die bees tevore al stoterig was en sy baas gewaarsku was, maar dit nie opgepas het nie, en dit 'n man of vrou doodmaak, moet die bees en sy baas gedood word (Ex. 21:29). Alles wat die voortbestaan van die nuttige lewe en die menslike lewe bedreig, moet uitgeroei word.

En tog het God die lewe van Dawid gespaar, alhoewel hy hom aan egbreuk en moord skuldig gemaak het (2 Sam. 12:9). Daar waar die mens nog vir rehabilitasie vatbaar is, mag daar seker ook in ons regstelsel plek vir genade wees vir die kwaaddoener en moordenaar, al weet ons ook dat die kwaad so maklik deur die slegte mens verder versprei. Maar daar is tog gevalle waar die mens nie meer vir verbetering of rehabilitasie vatbaar is nie en soos Sodom en Gomorra geword het (Gen. 18 en 19), wanneer die opdrag van God tot die gemeente kom: "Verwyder tog die slegte mense onder julleuit"(lKor.5:13).

'n Goeie mens kan soos Josef vir 'n hele omgewing tot seën wees (Gen. 39:5), maar 'n slegte mens kan soos Agan vir 'n hele volk tot 'n vloek wees (Josua 7). Daarom staan daar geskrywe: "Geregtigheid verhoog 'n volk, maar die sonde is 'n skandvlek vir die nasie (Spr. 14:34). Gelukkig is die genade van God groot genoeg om ook die grootste sondaar te red (1 Tim. 1:15) en van hom 'n nuwe en bruikbare mens te maak. Daarom vervul ons eers waarlik die sesde gebod as ons alles in ons vermoë doen om in alle geval sommige te red (1 Kor.9:22.vgl.Luk.9:56).

## *Doodstraf*

Doodstraf is die straf waarby iemand die lewe ontneem word. Die vernaamste argumente wat teen die doodstraf ingebring word, is onder meer die volgende: Die onverbiddelike finaliteit indien 'n foutiewe vonnis gevel word; die geleentheid tot opvoeding en verbetering word die doodveroordeelde ontneem; die feit dat sosiale omstandighede en psigopatiese tendense van iemand 'n moordenaar kan maak, en hy dus nie vir sy daad aanspreeklik gehou kan word nie.

Wat die laaste argument betref, is die doodstraf aan skuld verbind en die kranksinnige of die onskuldige (vgl. Deut. 19:10; Ex. 23:7) mag nie gedood word nie. Wat die opvoeding en verbetering van die doodveroordeelde betref, word die uitwerking wat die doodstraf op die veroordeelde het heeltemal onderskat. Baie het in die dodesel hulle verlossing gevind. Die redding van die rower aan die kruis is hiervan 'n klassieke voorbeeld (Matt. 27:44; Luk.

23:4(M3). Die onverbiddelike finaliteit by 'n foutiewe vonnis is waar. Dit was nooit meer waar as juis in die geval van Jesus en Pilatus nie (Joh. 19:1-16). Maar om een onskuldige van die doodstraf te red beteken waarskynlik om tien ander aan die moordlus van moordenaars uit te lewer, wat nou doodmaak sonder die vrees dat hulle self gedood gaan word.

Intussen bly dit 'n onomstootbare feit dat die Skrif oor doodstraf geen onsekerheid lewer nie. Die doodstraf is deur God self ingestel (Gen. 9:6) vir doodslag (Ex. 21:12), godslastering (Lev. 24:16), ongeloofsleer (Deut. 13:5), owerspel (Deut. 22:22) en sabbatsontheiliging (Ex. 35:2). Daarom dra die owerheid die swaard om ook doodslag te weer (Gen. 9:6; Ex. 21:14; Matt. 26:52; Rom. 13:4; H.K. 105). En die owerheid wat die swaard wat God aan haar gegee het, uit haar hand verwyder, ondermyn haar eie gesag.

Die belangrikste redes vir die doodstraf is die feit dat die beeld van God in die vermoorde geskend is (Gen. 9:6), dat die Here dit beveel het (Ex. 21:12; Num. 35:31), dat Christus die reg daarvan erken het (Joh. 19:10,11), en dat Paulus dit geleer het (Rom. 13:4-8). Verder eis reg en geregtigheid dit (Deut. 19:19-21), roep die bloed van die vermoorde om wraak (Gen. 4:10; Deut. 19:12, 13; Openb. 6:9-11), dien dit as afskrikmiddel (Deut. 19:20; 21:21) en moet die kwaad onder Gods volk uitgeroei word (Ex. 21:23-25).

## *Oorlog*

As doodstraf Skriftuurlik verantwoord is, dan ook oorlog. As God die swaard in die hand van die owerheid gestel het om die enkeling te straf (Rom. 13:4), dan geld dieselfde argument vir die kollektiewe vyand wat die lewe van mense in 'n bepaalde land sou bedreig. Wanneer die Skrif selfs voorskrifte gee met betrekking tot oorlogsvoering (vgl. Deut. 20), word dit meteen duidelik dat oorlog nie buite die wil en raad van God omgaan nie. So gebruik God Assirië om Israel te straf (Jes. 10) en gebruik Hy Israel om Kanaän skoon te maak deur middel van oorlog (Jos. 6). Oorloë wat egter bloot uit wraaksug en magshonger gevoer word, is niks anders as massale moord nie.

En as God die swaard in die hand van die owerheid gestel het, is dit duidelik dat Hy dit daarmee uit die hand van die moordenaar geneem het. Oorlog sal dus alleen deur die owerheid gevoer kan word, waardeur alle strooptogte deur bendes en aanvalle deur terroriste 'n oortreding van die sesde gebod is.

Daarmee is elke owerheid aan God rekenskap skuldig vir elke oorlog wat deur hom gevoer word. Die noodsaaklikheid vir sulke oorloë moet vasstaan. Elke oorlog wat deur middel van arbitrasie vermy kan word, moet vermy word.

Intussen moet alle landsburgers hulle onderwerp aan die beslissing van die owerheid (Rom. 13:1-8; 1 Petr. 2:13-17) en mag niemand in tye van oorlog hom afsydig hou nie, want 'n oorlog is die gewapende optrede van die owerheid deur sy onderdane van wie gehoorsaamheid verwag word. En elke soldaat wat iemand anders in die geveg dood, doen dit in opdrag van sy owerheid. Die laksman wat iemand ophang, voer wel die opdrag uit, maar die owerheid is vir die daad verantwoordelik. Net so is in die oorlog nie die soldaat wat die wapen dra vir die doodmaak van mense verantwoordelik nie, maar die owerheid.

Die vraag of net die verdedigende oorlog geregverdigde oorlog is, is nie so maklik om te beantwoord nie, want ook Abraham, het met die seën van Melgisedek teen Kedor-Laomer opgetrek om Lot en sy mense te bevry toe hulle weggevoer was (Gen. 14; Hebr. 7). In elke geval sal dit tog seker met die gewete van die mensheid gekontroleer moet word. Ook in die oorlog is die mens aan God verantwoording skuldig en moet alle onmenslike wreedheid, gruwels, troueloosheid en verraad vermy word. Oorlog hef nie alle wette op nie, want alleen binne die grense van die wet moet oortreding gestraf word (vgl. Deut. 20).

En juis hier kom ook die probleem van moderne oorlogsvoering ter sprake; 'n oorlog met sy wapens soos die atoombom wat byna alles vernietig en selfs die aarde as bestaansruimte vir toekomstige geslagte onmoontlik maak. As die wapens as afskrikmiddel teen oorlog gehou kan word, wapens op grond waarvan 'n oorlog nie geveg mag word nie, dan het dit seker bestaansreg - anders nie!

En tog weet ons dat ook hierin geen waarborg vir blywende vrede lê nie, want ongelukkig sal daar tot aan die einde van hierdie aardse bedeling oorloë en gerugte van oorloë wees (Matt. 24:6). Maar desnieteenstaande het elke gelowige 'n verantwoordelikheid en 'n taak om in lyn met die sesde gebod toe te sien dat daar altyd en oral eerbied vir die lewe van plante en mens en dier sal wees, en boweal dat die vrede van God wat in Christus ons erfenis geword het deel van alle mense sal wees.

# HOOFSTUK VIII

## *Die Sewende Gebod*

Die sewende gebod lees so:

*"Jy mag nie egbreek nie" (Ex. 20:14).*

Die sewende gebod leer dat alle onkuisheid deur God vervloek is (Lev. 18:28), en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees (Judas 23), en kuis en ingetoë moet lewe (1 Thess. 4:3-5), óf dit in die heilige staat van die huwelik is óf daarbuite (Hebr. 13:4; 1 Kor. 7:7; H.K. 108). God verbied in hierdie gebod meer as egbreuk en dergelike skandelikhede. Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee rein en heilig moet bewaar. Daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde (Ef. 5:3, 4; 1 Kor. 6:18, 19), gedagtes, luste (Matt. 5:27, 28), en wat die mens daartoe kan verlei (Ef. 5:18; 1 Kor. 15:33; H.K. 109).

Uit bostaande is dit dus duidelik dat die Heidelbergse Kategismus in die woord kuisheid die kern van die gebod gesien het. Kuis beteken oor die algemeen: rein, skoon, eerbaar, fatsoenlik en maagdelik. In die Nuwe Testament word die woord hagnos (ἁγνός) in Tit. 2:5 met kuis vertaal, maar in 2 Kor. 11:2 en 1 Petr. 3:2 met rein. Kuis het veral die betekenis om rein te wees van seksuele sondes. Dit weer beteken om jouself en jou naaste in die seksuele lewe te respekteer. Dit geld vir sowel die getroude as die ongetroude.

Alleen Adam en Eva het in hulle sondelose staat absolute kuisheid geken. Met die sondeval het die mens hierdie absolute kuisheid verloor. En so kom uit die sonde daagliks allerlei vorme van onkuisheid op soos byvoorbeeld onkuise gebare, woorde gedagtes, luste en dade. Al hierdie dinge word in die sewende gebod deur God verbied. Want al vind ons in die gebod net één voorbeeld van oortreding word daarmee meteen alle vorme hiervan in die gebod veroordeel. Christus het byvoorbeeld ook die sonde van die hart as egbreuk aangedui (Matt. 5:28).

Ons moet verder onderskei tussen kuisheid binne en buite die huwelik; tussen die individuele, dit is kuisheid met betrekking tot onsself, en die sosiale, dit is kuisheid met betrekking tot die naaste; tussen inwendige en uitwendige kuisheid. By inwendige kuisheid moet aan gedagtes of begeertes gedink word, en by uitwendige kuisheid aan gebare, blikke, woorde en handelinge. Terwyl ook die verbeeldingslewe hierby hoort, moet selfs alles wat die mens tot onkuisheid kan verlei, soos skamele kleredrag, prikkellektuur en suggestiewe films vermy word.

Deur die genade word die mens egter in staat gestel om die sonde, en daarmee alle vorme van onkuisheid, te begin af te lê (Rom. 6:10-18). Die kuisheid as deug is dus die vaste en voortdurende wil om alle onreine begeertes met betrekking tot die geslagtelike lewe te beheers en om alles wat tot die oortreding van die gebod aanleiding mag gee te vermy, om sodoende in siel en liggaam God te verheerlik (1 Kor. 6:12-20).

## *Die oorsprong van die huwelik*

Die mens is nie soos die diere indirek op Gods bevel deur die aarde voortgebring nie, maar is direk deur God uit die lewelose stof van die aarde geformeer en het 'n lewende siel geword nadat God in sy neus die asem van die lewe geblaas het (Gen. 1:24; 2:7). Adam was die eerste en enigste mens op aarde want hy het onder al die lewende wesens geen hulp gevind wat by hom kon pas nie (Gen. 2:20). So moet die oorsprong van die huwelik dan ook gevind word in die woorde van God: "Ook het die Here God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hompas"(Gen.2:18).

En hierdie besluit van God en die uitvoering daarvan word soos volg beskrywe: "Toe het die Here God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl sy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou, en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want

sy is uit die man geneem" (Gen. 2:21-23).

Wat oorspronklik één was, het nou twee geword. In die huwelik kry ons dan hierdie twee-eenheid, naamlik die van manlik en vroulik. So word die man hoof van die vrou (1 Kor. 11:3) want Adam is eerste gemaak, daarna Eva (1 Tim. 2:11-15). Die man is die beeld en heerlikheid van God, maar die vrou is die heerlikheid van die man. Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man. Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man (1 Kor. 11:7-9). En tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie. Want soos die vrou uit die man is, so is ook die man deur middel van die vrou (1 Kor. 11:11-12).

Van hierdie heilige verbintenis het Jesus gesê: "Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? (Matt. 19:4-6; Gen. 2:24). Hierdie uitdrukking "een vlees" sien op die totale mens wat na sowel die liggaamlike as die geestelike bestaan. Die verskil in geslag en seksualiteit volg dus nie op die sondeval nie, maar vind sy grondslag in die skepping self.

As man en vrou is hulle vir mekaar bestem en op die innigste verbintenis in die huwelik aangelê. Daarom is die huwelik nie deur die mens uitgevind nie, maar deur God self verorden. Met die huwelik het God dan ook die passende aanvulling vir die tydelike en geestelike behoeftes van die man en vrou, asook die voortplanting van die menslike geslag op die oog.

## *'n Definisie van die huwelik*

'n Enkele formule of volledige definisie van die huwelik is nie so eenvoudig nie. Tog kan die volgende poging vir ons doel as 'n leidraad dien. Die huwelik is 'n verhouding tussen één man en vrou deur God as 'n alomvattende, lewenslange, samelewende, liefdes- en geloofsgemeenskap ingestel. Die huwelik hoort tot die gebied van die natuurlike lewe, en word in beginsel deur die huwendes self gesluit. Maar omdat dit 'n openlike en amptelike werklikheid moet wees, is die goedkeuring van die ouers in die geval van onmondiges, die bevestiging deur die owerheid en die seën van die kerk nodig alvorens die twee wettig getroud is en dus aanspraak op die regte en voorregte van die huwelik verkry.

Die feit dat man en vrou vir mekaar geskape is en die vrou die hulp is wat by die man pas, terwyl die geslagsonderskeid met die oog op die intiemste verbintenis in die huwelik aangelê is, maak dit duidelik dat die huwelik as instelling nie 'n menslike uitvindsel kan wees nie, maar maak die oorspronklike instelling in die skepping die enigste grond vir 'n sinvolle en geseënde huwelik (vgl. Matt. 19:3-9).

En die feit dat God in die begin net één man en één vrou geskape het (vgl. Gen. 1:27; Matt. 19:4) en verklaar het dat die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou (enkelvoud) aankleef en hulle twee (nie meer as twee nie) een vlees sal wees (Gen. 2:24; Matt. 19:5), terwyl aan die voortplanting van 'n kind net één man en één vrou deel kan hê, kan aan die twee-eenheid van die huwelik uit die aard van sy samestelling nooit waarlik 'n derde of meer deel hê nie. Daarom moet veelwywery of veelmannery afgewys word. Veelwywery het dan ook vir die eerste keer in die verworpe geslag van Kain voorgekom (Gen. 4:9). Wel word dit nie regstreeks afgekeur nie, maar alleen geduld, gesien in die lig van die vele voorskrifte waardeur dit beperk en teëgegaan word (Deut. 17:17; 21:15; Lev. 18:18). Intussen word Israel voorgestel as die één bruid van die één God (Jes. 50:1; 54:6, 7; 62:4, 5), terwyl die monogamie as bevel van die Here uitdruklik in die Nuwe Testament geleer word (Matt. 19:4;Ef.5:31).

Hierdie verbintenis is alomvattend omdat dit die wedersydse inset en oorgawe van die liggaamlike en geestelike bestaan, sonder enige voorbehoud, veronderstel. Dit is lewenslank omdat twee mense in die huwelik na hul hele bestaan één word; 'n eenheid wat nie anders as vir 'n volle lewensduur bestem is nie, terwyl die huweliksreg, wat die lewende man aan die lewende vrou bind, deur die dood van een van die twee buite werking gestel word (vgl. Rom. 7:1-3). Dit is 'n samelewende, dit wil sê, seksuele gemeenskap omdat die huwelik juis gebaseer

is op die seks-onderskeid tussen man en vrou terwyl die een aan die ander die verskuldigde welwillendheid moet gee (1 Kor. 7:1-6). Dit is 'n liefdesgemeenskap omdat die tipiese en bepalende van die huweliksgemeenskap in die liefde as die etiese bestemmingsfunksie lê (vgl. Ef. 5:25). Dit is 'n geloofsgemeenskap omdat die huwelik steeds 'n huwelik in die Here moet wees (1 Kor. 7:39). Alhoewel dit geen sakrament is nie, word dit tog duidelik 'n verbond genoem (Spr. 2:17) wat nie verbreek moet word nie (Mal. 2:14), want God haat egskeiding (Mal. 2:16).

## *Die doel of bestemming van die huwelik*

Tot die doel of bestemming van die huwelik behoort in die eerste plek dat dit tot verheerliking van God moet wees, "want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge" (Rom. 11:36). Dit kom daarop neer dat die huwelik as 'n instelling van God aanvaar word en dat die eer van God ook daarin gehandhaaf moet word totdat dit Hom behaag om dit deur die dood te ontbind.

Die bestemming van die huwelik kan nie slegs met God in verband gebring word nie, maar ook met die twee huweliksgenote. Man en vrou is ook op mekaar aangewys tot aanvulling beide wat die tydelike en ewige lewe betref. Dit beteken om in wederkerige diensbaarheid vir mekaar tot hulp te wees in sake soos arbeid, huishouding, en godsdiens. Wedersydse beplanning, ondersteuning, versterking en aanmoediging is hier onontbeerlik.

Verder het ons reeds gesien dat die huwelik met die menslike geslag in verband gebring word. Daarmee moet dit duidelik wees dat ook die seksuele gemeenskap in die huwelik 'n eie selfstandige betekenis het en nie slegs met die verwekking van kinders in verband gebring moet word nie. Reeds in 1 Kor. 7 word hierdie aspek van die huwelik in behandeling geneem waaruit dit blyk dat die seksuele gemeenskap 'n primêr persoonlike betekenis in die huwelik verkry sodat wanneer daar geen kinders gebore sou word nie, die huwelik nog altyd in alle opsigte volledig huwelik bly en die seksuele gemeenskap nie 'n sinlose en onvrugbare daad is nie, maar ryk aan betekenis en inhoud met betrekking tot die verhouding van die huwendes bly.

En tog het God aan die getroudes gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder" (Gen. 1:28). Daarmee het ons by die bopersoonlike doel van die huwelik gekom wat heenwys na die voortbring van kinders, te wete gesinsvorming. Alleen deur hierdie bestemming in die huwelik kan die menslike geslag en daarmee ook die verbondsgeslag normaalweg in stand gehou en verder uitgebou word. Alhoewel gesinsbeplanning hiermee nie as ongeoorloof verklaar word nie, mag die mens egter nooit deur middel van geboortebeperking die roeping van God tot gesinsvorming op selfsugtige of onverantwoordelike wyse verontagsaam, strem of verydel nie.

Die doel van die huwelik moet voorts met die menslike gemeenskap as 'n voorbeeld van 'n gemeenskap in die menslike samelewing op aarde in verband gebring word, aangesien die huwelik as 'n bepaalde vorm van samesyn tydelik van aard is en daarheen op weg is waar daar uiteindelik geen huwelik meer sal wees nie (Mark. 12:25). Intussen is die huwelik God se bedoelde orde vir ons voortbestaan waarin die man-vrou-kind-verhouding in hul onlosmaaklike eenheid die drievoudige snoer is wat alle ander verhoudinge in die menslike samelewing ten grondslag lê.

## *Gesinsbeplanning*

Waar God die mens die opdrag gegee het om vrugbaar te wees en te vermeerder (Gen. 1:28), veroordeel dit beslis alle selfopgelegde kinderloosheid van egpare, sowel as die beperking van geboortes uit selfsugtige en onwaardige motiewe wat nie voor God met 'n rein gewete verantwoord kan word nie. Maar hiermee is reeds gesê dat die mens nie magteloos aan die biologiese aspek van sy natuur uitgelewer is om maar onbeperk voort te gaan om kinders te verwek nie. Die vrugbaarheid is wel met die seksuele gemeenskap verbind, maar dit beteken geensins dat die maksimum aantal kinders voortgebring moet word nie. God het die mens aangestel om te heers oor die natuur (vgl. Ps. 8), ook sy eie natuur. Wanneer die mens toelaat dat hy willoos deur die natuur oorheers word, het hy daarvan 'n afgod gemaak en so aan die eerste gebod skuldig geword. Maar van hierdie reg mag die mens ewe min misbruik maak deur

geen kinders of die minimum aantal kinders te verwek nie omdat hy daarmee vanweë selfsugtige en onwaardige motiewe aan die opdrag van God ongehoorsaam geword het. Gehoorsaamheid sou in hierdie geval beteken dat die gehudes dié aantal kinders wat hulle kan ontvang en op 'n verantwoordelike wyse kan versorg, dit wil sê, die optimum aantal kinders moet verwek.

Oor die beginsel van bevrugtingsbeperking met die oog op geboortereëling of gesinsbeplanning behoort daar nie meer verskil van opinie te bestaan nie, want dit sou onverantwoord wees om te aanvaar dat die uitbreiding van die gesin te alle tye en onder alle omstandighede onverbiddelik, sonder dat dit gekontroleer mag word, moet voortgaan. Om lewe te voorkom lê in lyn met die opdrag om oor die natuur te heers. Die wyse waarop dit gedoen moet en mag word is egter 'n ingewikkelde aangeleentheid waarvoor moeilik algemeen geldende reëls neergelê kan word. Alle voorbehoedmiddels wat eers na konsepsie in werking tree, moet as gelykstaande aan aborsie veroordeel word. Sterilisasie, wat die finale beëindiging van alle moontlikheid tot bevrugting meebring en die liggaam se fisiese integriteit blywend skend, sal alleen in gevalle van 'n idioot, 'n swaksinnige of om gesondheidsredes mag plaasvind.

Voorts moet daarop gelet word dat geeneen van die bekende metodes sonder gevaarpunte is nie of volledig bo die ander te verkies is of onder alle omstandighede verwerp kan word nie. Absolute onthouding van elke geslagtelike omgang stel baie hoë eise aan die gehudes. Hoewel dit nie skadelik vir die gesondheid is nie, kan dit probleme skep wat die voortbestaan van 'n gelukkige huwelik kan bedreig (vgl. 1 Kor. 7:3-9). Die periodieke onthouding wat gebaseer is op die sikliese onvrugbare periode by die vrou, en die metode van die basaaltemperatuurmeting wat berus op die samehang van die liggaamstemperatuur en die ovulasieperiode in die maandelikse siklus van die vrou, waarvolgens die onvrugbare periode bereken word, verskil wesenlik slegs gradueel en nie prinsipieel van die aanwending van voorbehoedmiddels nie. Hierdie metode word deur sommige die "ideale weg" genoem, maar is nie absoluut veilig nie en is vir 'n groot aantal vroue met 'n te ongereelde maandelikse siklus prakties nie moontlik nie. Onder ideale omstandighede bied dit egter aan gehudes geleentheid om hulle gesin te beplan sonder om die opdrag van God om te vermeerder absoluut te verydel. So word God toegelaat om soewerein oor hul handelwyse te beskik om tog swangerskap toe te laat as Hy in sy alwysheid so sou besluit.

'n Ander metode van gesinsbeplanning soos die onderbreking van geslagsgemeenskap (coitus interruptus, onanie) kan by vele mans 'n angsneurose skep en ook vir die vrou fisies en psigies nadelig wees. Dieselfde kan van die "kunsmatige" metodes of middels wat deur die man of vrou gebruik word, gesê word, terwyl bowendien estetiese en higiëniese besware hier geld. Alhoewel die chemiese metode of orale antikonsepsie deur middel van die "pil" 'n baie betroubare metode van gesinsbeplanning is, is dit 'n vorm van kunsmatige sterilisasie wat 'n bepaalde aantasting van die liggaamlike ongeskondenheid asook ander (nog vrywel onberekenbare) bywerkinge meebring. Selfs van mediese kant word op die gevare daaraan verbonde gewys. Afgesien daarvan dat elke egpaar 'n betroubare geneesheer behoort te raadpleeg oor die metode wat in hulle geval die beste metode van gesinsbeplanning kan wees, bly gesinsbeplanning vir die Christelike egpaar steeds 'n persoonlike geloofsbeslissing wat met inagneming van die hede en die toekoms, tesame met die bopersoonlike doel van die huwelik tot vermeerdering, biddend voor God gedoen moet word.

## *Kunsmatige inseminasie*

Onder kunsmatige bevrugting word verstaan die kunsmatige inbring van die manlike saad by die vrou om bevrugting langs die weg te probeer verkry waar bevrugting nie op die normale wyse kan plaasvind nie. Dieselfde geld vir die moontlike oorplanting van die embrio's van die een vrou na die ander.

Kunsmatige bevrugting of inseminasie is tans 'n bekende gebruik onder die beoefenaars van die veeteelt met die doel om hul kuddes te vermeerder en te verbeter. Die argument is nou dat dit ook by mense gedoen moet word. So kan byvoorbeeld die sperma uit saadbanke wat in die loop van die tyd verkry word van groot atlete, geleerdes en ander begaafdes gebruik word

om 'n “supermens-tipe” daar te stel. Intussen kan baie vroue van die smart van kinderloosheid verlos word.

Waar die skenker van die saad die wettige man is, sal kunsmatige inseminasie nie as 'n oortreding van die sewende gebod gesien kan word nie. Hierteen behoort daar dan ook nie van Christelike kant beswaar ingebring te word nie, aangesien dit hier slegs gaan om die hulp wat die eie vader en eie moeder van mediese kant verkry. Dit kan ons die wettige en verantwoordelike ontwikkeling in die wetenskaplike stryd teen kinderloosheid noem in lyn met die kultuuropdrag van God om vrugbaar te wees en te vermeerder. Hier word die mens medewerker van God.

Maar dit is 'n gans ander storie wanneer 'n vreemde skenker optree by die gehude of ook ongehude vrou. So 'n optrede moet op natuurlike, fisiese, psigiese, wetlike, sedelik-godsdienstige gronde en beginselbesware beslis verwerp word. Dit is niks anders as kunsmatige owerspel nie, en is dus 'n oortreding van die sewende gebod. Hier word immers 'n anonieme “derde” persoon tussen die wettige egpaar, ingeskakel. Verder is dit eintlik net die vrou wat waarlik ouer geword het en nie die man nie. Al bly die skenker van die saad totaal onbekend en al vind die toediening van die saad per proefbuis uit die laboratorium plaas en vind daar dus geen liggaamlike aanraking met die ander party plaas nie, bly dit nietemin vreemde saad wat van buite die huwelik ontvang is, en 'n kind van die moeder en 'n ander (nie die wettige man nie) word in die wêreld gebring. So 'n handelwyse is in stryd met die wese van die huwelik en van gemeenskaplike ouerskap.

Kinderloosheid is vir menige 'n smartlike belewenis waaroor met groot simpatie geoordeel moet word. En al mag sulke gehudes soos Hanna om 'n kindjie bid (vgl. 1 Sam. 1) en op 'n geoorloofde wyse van mediese hulp gebruik maak, moet hulle ook waar die gebede nie verhoor word en geen mediese hulp suksesvol is nie, eenvoudig in die wil van God berus en ernstige oorweging daaraan skenk of hulle nie 'n baba as hulle eie moet aanneem en vir die Here grootmaak nie.

## *Seksualiteit*

Wanneer God verklaar dat die mens een vlees sal wees (Gen. 2:24), dan sien dit op die totale mens na sowel sy geestelike as liggaamlike bestaan. Die onderskeie geslagtelikheid met alles wat daaraan verbonde is, is deur God self gegee. Daarom is man en vrou van die skepping af bestem om in die huwelik tot 'n lewenseenheid te kom. Die seksuele verhouding tussen man en vrou in die huwelik kan dus nie uit die bose wees nie, want God wat die mens beveel het om vrugbaar te wees en te vermeerder (Gen. 1:28), het self gesien dat alles wat Hy gemaak het baie goed was (Gen. 1:31). Die sondeval het dan ook niks met seks te make nie, want nog vóór die sondeval is die opdrag tot seksuele verkeer by die mens deur God self gegee. Ook die seksuele is 'n gawe van God en moet as een van die rykste en hoogste openbaringe van hul liefde vir mekaar in die huwelik beoefen word aangesien die seksuele alleen daar 'n heilige en sinvolle karakter en betekenis verkry.

Die seksuele verkeer hoort dan ook tot die normale en vanselfsprekende funksie en werking in die huwelik waarin die gehudes aan mekaar die verskuldigde welwillendheid bewys en die gebruik daarvan met wedersydse ooreenstemming beoefen en gereël word (vgl. 1 Kor. 7:1-6). In die Ou Testament moes dit alleen onderbreek word by die periodieke ongesteldheid van die vrou (Lev. 18:19), wanneer die man hom op 'n heilige oorlog voorberei (1 Sam. 21:4) of by 'n heilige saak soos byvoorbeeld die afkondiging van die Tien Gebooie by Sinai (Ex. 19:15). Origens tel die seksuele samelewing onder die drie elementêre pligte van die huwelik (Ex. 21:10; Spr. 5:18, 19). Deur die sondeval is die intiemste verhouding onder mense die swaarste getref; veral die vrou sou daaronder moet ly. Moederskap sou voortaan met smart gepaard gaan. En tog sou haar begeerte, haar aandrif na geslagtelike verkeer met die man sterker as ooit wees (Gen. 3:16). Hierdie seksuele begeerte sal die man weens die sonde kan uitbuit om haar as bloot seksuele voorwerp te misbruik in die praktyk van die vrye liefde, vir reklame en advertensiedoeleindes, in tydskrifte, toneelopvoerings, rolprente en ontkleevertonings. Nie haar status, stand, intelligensie, begaafdheid, karakteradel en inbors nie, maar bors-, buik- en heupmate word geroem, bekroon en verheerlik.

Hoewel die erotiese 'n essensiële en onmisbare deel van die liefdespel in die huwelik uitmaak, mag dit in die seksuele verkeer nooit net liggame wees wat mekaar ontmoet nie; of net om 'n ek-dit-verhouding gaan nie. Dit moet steeds 'n ek-jy-verhouding wees waarin na die ek van die ander gesoek word omdat dit sowel die geestelike as die liggaamlike is wat met mekaar verenig moet word (Mal. 2:16) omdat die huweliksliefde op die hele mens betrek is, terwyl al sy behoeftes van seksuele, sosiale, geestelike en godsdienstige aard hierby betrek word.

## *Liefkosing*

Ons het reeds gesien dat die eenwording van die vlees, dit wil sê, die seksuele gemeenskap, die prerogatief van die gehudes is (Gen. 2:24; 1 Kor. 6:12-20) terwyl gemeenskap vóór die huwelik (vgl. Deut. 22:20, 21, 28, 29; 24:1-4; Ex. 22:16, 17; 1 Thess. 4:3-8) of buite die huwelik (Job 31:9-11; Spr. 6:32, 33; 1 Kor. 6:10, 11) streng veroordeel word (Spr. 5:8,9; 1 Tim. 5:22).

En dat binne die huwelik die spel van die liefde gespeel moet word (Spr. 5:18,19; Eseg. 24:16,18), en dat die hofmaking in die huwelik nie eensydig mag wees nie, maar van albei kante moet kom, is reeds uit die Hooglied van Salomo baie duidelik. Dit bestaan hoofsaaklik uit die sê van mooi dinge vir mekaar uit 'n rein en onselfsugtige hart, maar sluit ook 'n tere omarming en streling van mekaar se liggame op só 'n wyse dat albei vir die geslagsdaad voorberei en gereedgemaak word om in die gemeenskap self langs die weg van 'n hoogtepunt volledig bevredig te kan word. Hier is die vóórspel, die eintlike geslagsdaad en die naspel van die uiterste belang om geestelik en liggaamlik verryk en verdiep te kan word.

Maar nou spreek dit vanself dat daar waar hierdie metode van liefkosing vóór of buite die huwelik beoefen word, dit om baie redes streng veroordeel moet word. Dit bestaan hoofsaaklik uit omarming en soene wat veral op die tongkus konsentreer, die wedersydse betasting van mekaar se primêre en sekondêre geslagsorgane insluit totdat 'n uiterste geslagsopwinding bereik word sonder om tot die geslagsdaad self oor te gaan. Afgesien daarvan dat hierdie soort van liefdespel vir die ongetroudes deur die Skrif verbied word (2 Tim. 2:22; 1 Thess. 4:3-8), word die skaamtegevoel hierdeur afgestomp, volg daarop beide liggaamlike en geestelike krampagtigheid en senuspanning, is die weg van versigtigheid (Matt. 10:16; 4:7) laat vaar, word voorsorg vir die begeerlikheid van die vlees gemaak en daarmee die bevel van God oortree (Rom. 13:14), word die geslagsdrang tot so 'n mate opgewek dat baie min deur selfbeheersing hulle van die uiterste daad kan weerhou.

Daarom moet teen intieme betasting vóór die huwelik gewaarsku word omdat dit roep op 'n vervulling wat alleen in die huwelik gegee mag word. Maar daarmee word ook alles veroordeel wat daartoe aanleiding kan gee soos byvoorbeeld pornografiese of prikkelende lektuur, skamele of suggestiewe kleredrag, bedenklike films, vermaak of ontspanning, slegte gesprekke of watter ander saak ook al wat die weerstand afbreek en die sedes aftakel.

As die menslike natuur nie beheers word nie, beheers dit jou, en stuur dit af op 'n totale seksuele verwildering, en word dit 'n onbedwingbare kwaad wat uiteindelik alle selfbeheersing en selfrespek moet vernietig.

## *Kleredrag*

Adam en Eva was albei sonder klere. Eers na die sondeval het alles verander; het die mens dit nodig gevind om sy naaktheid met klere toe te maak: "Toe gaan altwee se oë oop en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak" (Gen. 3:7). En hierin het die Here die mens tegemoetgekom deur vir hulle rokke van vel te maak om aan te trek (Gen. 3:21). Nou het naaktheid onder bepaalde omstandighede 'n skande (Gen. 9:20-27; 1 Sam. 20:30; Jes. 3:16, 17; Openb. 3:15-19) en 'n bedreiging geword (2 Sam. 11:2-5).

Later vind ons allerlei voorskrifte oor klere (Ex. 21:10; Lev. 19:19) en selfs 'n voorskrif dat daar 'n duidelike onderskeid tussen die klere van 'n man en 'n vrou gehandhaaf moet word (Deut. 22:5). Dan ook word gesê hoedanig die kleredrag moet wees: "So moet ook die vroue

hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid" (1 Tim. 2:9; 1 Petr. 3:3-6). Ook in ons kleredrag moet ons rekening hou met die feit dat ons liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is en aan God behoort (1 Kor. 6:12-20; Rom.l2:l;Fil. 1:20).

Omdat die liggaam wat geheel en al of gedeeltelik ontbloot is eroties op 'n ander kan inwerk (vgl. 2 Sam. 11:2-5) en hom of haar tot struikeling kan bring deur gedagte (Matt. 5:28), woord (1 Kor. 15:33) of daad (Spr. 7:10; 2 Sam. 11:4), moet die liggaam behoorlik bedek wees (Gen. 3:7, 21). So moet liggaam en siel rein en heilig bewaar word en word alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei deur die sewende gebod verbied (H.K. 109). En as die Skrif ons beveel om niemand 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie (Rom. 14:13), of iets te doen waardeur iemand aanstoot neem of struikel of swak is nie (Rom. 14:21), dan word daarmee dié dans en komediespel, dié literatuur en oorprikkeling deur spys en drank en alles in kuns en kleding wat tot onkuisheid aanleiding kan gee (Rom. 13:14), veroordeel.

Klere is dus as 'n bedekking van die liggaam deur God aan die mens gegee (Gen. 3:21) met die drie funksionele oogmerke van beskerming (Ex. 22:26; 2 Tim. 4:13), versiering (Jes. 3:18-26; 61:10; Jer. 2:32; 1 Tim. 2:9; 1 Petr. 3:5; Openb. 21:2) en kuisheid (1 Tim. 2:9; Tit. 2:5; 1 Petr. 3:4) as maatstaf vir verantwoordelike gebruik vir elke geleentheid soos byvoorbeeld sport, swem, atletiek, teater, parade, piekniek, bergklim, perdry, slaapkamer en kerk.

Die Bybel is geen handboek vir sake soos kleredrag nie, maar gee tog duidelike riglyne waarmee voortdurend rekening gehou moet word in die volle lig van die skepping, sondeval en verlossing van die totale mens met al sy behoeftes en node. Daarom moet ons ook in ons kleredrag kuis (Tit. 2:5), ingetoë (1 Tim. 2:9), rein (1 Petr. 3:1-6) en versigtig (Matt. 10:16) wees.

## *Die skaamtegevoel*

Vóór die sondeval was daar nog geen sprake van skaamte nie: "En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie" (Gen. 2:25). Die skaamtegevoel is 'n direkte gevolg of uitvloeisel van die sonde: "Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is" (Gen. 3:7).

Ten onregte word soms beweer dat die sondeval met 'n seksuele daad saamgeval het en dat die skaamtegevoel as gevolg daarvan ontstaan het, want voor die sondeval is die opdrag tot seksuele samelewing reeds gegee (Gen. 1:28). Veeleer moet verstaan word dat die sonde alle onderlinge menslike verhoudinge, en daarmee ook vir die naakte mens die seksuele as die mees opvallende verskil, ontwrigtend aangetas het. Die sondeval bevestig op sprekende wyse dat daar selfs op die intiemste wyse van gemeenskap tussen die mens wat bestem is om één vlees te wees nou 'n smartlike breuk gekom het.

Dit gaan egter in die sondeval nie net oor die seksuele skaamtegevoel nie, maar ook skaamte in die algemeen. 'n Mens kan jou oor baie dinge skaam: Oor jou eie naaktheid (Gen. 3:7; Jes. 20:4; Miga 1:11; Openb. 3:18; 16:15) of dié van andere (Gen. 9:23; 2 Sam. 6:20); oor een of ander vernedering wat jou aangedoen is (2 Sam. 10:4, 5) of oor 'n seksuele sonde wat jy gepleeg het (2 Sam. 13:13). Dit is 'n sedelike skaamte oor alles wat met die geslagslewe in verband staan of wat onbehoorlik en met die sedes en gebruike in stryd is. Jy skaam jou omdat jy misluk het en een of ander skande oor jou naam en die van andere gebring het, of omdat jy van jouself iewers 'n gek gemaak het, of vir jou nederige afkoms of selfs die gedrag van andere in wie jy teleurgesteld is. 'n Mens kan jou selfs skaam vir Christus en vir sy Woord in hierdie sondige en owerspelige wêreld (Mark. 8:38) en soos Petrus jou Heiland verloën (Matt. 26:69-75).

En tog is die skaamtegevoel ook 'n groot seën, want dit is 'n magtige wapen om die vloedgolf van die sonde te stuit en te verhoed dat mense soos diere sal word. Ons moet die skaamte dus ook sien as 'n natuurlike afweermiddel teen die sonde, ook wat die verhouding tussen die onderskeie geslagte betref. Daarom mag ons nooit toelaat dat ons skaamtegevoel afgestomp raak nie en moet ons alles vermy wat daartoe aanleiding kan gee.

Ons leef in 'n seks-perverse wêreld. Dit wat voorheen as onbetaamlik vir die openbare gesprek, geskrif, film of publieke optrede beskou was, word vandag in al sy naaktheid oopgevlek - die slaap- en badkamer word die sitkamer ingedra vir die oë en ore van almal. Hoerery en allerhande onreinheid wat selfs onder ons nie genoem mag word nie (Ef. 5:3,12), word oral op allerlei wyse grof-sinlik en walglik uitgestal en luidkeels uitbasuin. Veral word op die vrou 'n subtiele aanslag gemaak, op haar fynere vroulike oordeel en skaamtegevoel. Haar klere word al minder, al meer deurskynend of heeltemal van haar afgeruk. Die verborgenhede van haar siel en liggaam, die intiemste daad word in die fynste besonderhede ontrafel, onteer en ontadel. En wat sake nog vererger, is dat sy hierteen nie protesteer nie, maar toelaat dat dit voortwoeker tot 'n toestand wat van baie vroue waar geword het: "Jy het geweier om jou te skaam" (Jer. 3:3); 'n toestand waarin die oordele van God oor die dogter van Sion onvermydelik geword het (Jes. 3:16-26), tensy sy haar tot God bekeer en lewe (Jer. 3:13, 22). Dit is egter 'n belangrike vraag of daar sulke vroue sou wees as alle mans hulle soos ware here gedra het? En ook die vraag: in welke mate die man haar ongeregtigheid sal dra? (Num. 30:15), moet hier gestel word.

## *Die ongehude staat*

Uit 1 Kor. 7:8, 27, 40 is dit duidelik dat Paulus met die oog op die aanstaande nood (1 Kor. 7:26) wat die wederkoms van die Here Jesus sal voorafgaan (1 Kor. 7:29), voorkeur gee aan die ongehude staat (1 Kor. 7:8, 9, 26, 27) mits die ongetroude die gawe van onthouding het (1 Kor. 7:7, 27, 28), die versoekings kan weerstaan (1 Kor. 7:2, 9) of 'n weduwee is (1 Kor. 7:39, 40) wat haarself kan beheers (1 Kor. 7:8, 9). Hy sê dit omdat die ongetroude van die sorge van die huwelik vry is om die Here des te beter te kan dien (1 Kor. 7:26-35). Daarmee het Paulus egter nie die regmatige plek van die huwelik as instelling van God (Gen. 1:28; 2:18,21-25) enigsins as minderwaardig uitgewys nie, aangesien hy self die hoogste waardering vir die huwelik aanprys (1 Kor. 7:2-5; Ef. 5:22-33). Dit gaan in 1 Kor. 7 oor bepaalde persone onder bepaalde omstandighede en met bepaalde genadegawes, terwyl sy argumente meer bepaald op praktiese oorwegings as op die prinsipiële berus.

Hiermee het Paulus nou aangesluit by Jesus waar Hy sê: "Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is. Want daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele. Wie dit kan vat, laat hom dit vat" (Matt. 19:11, 12). Hulle wat van moederskoot af so gebore is, sien op diegene wat liggaamlik en geestelik onbekwaam is om in die huwelik te kan tree. Hulle wat deur mense onbekwaam gemaak is, sien op diegene wat doelbewus ontman is, terwyl die derde groep hulle verteenwoordig wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van God. Hierdie mense is fisies en geestelik in staat om te kan trou, maar doen die keuse vrywillig om nie te trou nie met die oog op die onafgebroke toewyding aan die Here (1 Kor. 7:35).

Hierdie uitsprake in die Skrif dui daarop dat die hoë eise van die huwelikslewe vir baie 'n verdrukking in die vlees kan beteken (1 Kor. 7:28). Alhoewel dit nie pleit vir egskeiding (1 Kor. 7:10, 12, 13) of vir algehele onthouding van geslagsgemeenskap in die huwelik nie (1 Kor. 7:2-5), bestaan die gevaar dat die ongetroudes net vir mekaar lewe (1 Kor. 7:29-35) terwyl die dinge van die Here (1 Kor. 7:23) nie sy regmatige plek in die huwelik verkry nie. Dit hoef egter nie die geval te wees nie (1 Kor. 9:5; Matt. 8:14; Hand. 18: 1^-3,26).

## *Die keuse van 'n lewensmaat*

Die sonde van egbreuk kan sy wortels alreeds vind in die jare lank voor die huwelik wanneer jongmense op soek is na 'n lewensmaat. Wanneer jongmense vroeg reeds in die keuse van hulle vriende hulle aan goedkoop flirtasie skuldig maak en soos vlinders van die een na die ander kom en gaan sonder enige ander bedoelings as net om 'n "lekker tyd" te hê, kan dit as aanduiding dien dat dit in die huwelik self nie beter daaraan sal toegaan nie.

Jongmense sal moet leer om van jongsaf nie net aan hulleself te dink en hul eie genot te soek ten koste van iemand anders nie. Hier sal hulle nie die ander party doelbewus mislei en

onder wanindrukke bring nie, maar in alles eerlik en eerbaar bly. Hulle moenie oorhaastig wees nie, want die spreekwoord sê: Vroeg ryp, vroeg rot!

Die Skepper het in elke mens 'n natuur gelê wat sekere mense aantrek en andere eenvoudig koud laat. Dit moet al vir ons 'n aanduiding wees in die keuse van 'n lewensmaat. Ons kan egter op meer as een manier mekaar liefkry. Dit kan voortvloei uit 'n toegeneentheid wat oor jare strek, of twee mense kan mekaar met die eerste oogopslag lief kry. Tog moet ons hier baie versigtig wees, want ons moet tussen verliefdheid en die opofferende liefde kan onderskei omdat 'n huwelik nie net op die uiterlike gebou kan word nie. Die innerlike, die totale persoonlikheid van die ander party, sy geaardheid, karakter, aanleg en deugde moet ontdek en waardeer word. Sy temperament, of hy emosioneel of beredeneerd, voortvarend of beheersd, flink of lusteloos, doelgerig of besluiteloos optree, is alles aspekte wat aanpassing laat vlot of verongeluk.

Hierby kom nog talle ander faktore waarmee deeglik rekening gehou moet word soos byvoorbeeld die volgende: Die verstandelike vermoë en peil van ontwikkeling mag nie te veel verskil nie; die lewens- en wêreldbeskouing, huislike en maatskaplike agtergrond, volks- en kulturele verband, ouderdomsverskille en selfs sake soos stokperdjies, gewoontes, liefhebberye en dergelike meer moenie die aanpassing onnodig bemoeilik nie. En omdat die godsdienssin die sterkste emosie van die mens is, speel die kerkverband en veral die geloofsoortuiging hier 'n beslissende rol, want nooit mag die gelowige met die ongelowige in een juk trek nie (2 Kor. 6:14). Dit is dus so belangrik dat twee mense mekaar eers goed sal leer ken alvorens tot 'n meer ernstige verhouding soos die verlowing oorgegaan mag word. En tog is daar ten spyte van wat ons tot nou gesê het nog altyd by elke huwelikskeuse ook die irrasionele element, dit wil sê, die onverklaarbaarheid waarom nou juis hierdie of daardie persoon gekies word en hulle by mekaar pas (vgl. Gen. 2:18).

## *Jeug-liefde*

God het reeds aan die begin gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie" (Gen. 2:18). Met hierdie woorde is die mens op mekaar aangewys. By uitnemendheid geld dit van die onderskeie geslagte wanneer God daarop vir Adam 'n vrou gee wat by hom pas (Gen. 2:1&-25).

Maar hierdie behoefte aan 'n steunpunt of hulp, aan iemand wat sal verstaan en een of ander leemte kan aanvul, iemand wat kan help dat die bestemming van volwaardige menswording bereik kan word, geld van die mens in al die stadia van sy lewe, van die wieg tot by die graf - dus ook van die seun of dogter.

Waar die kind egter tot op 'n sekere ouderdom meer bepaald belangstel in maats van sy eie geslag, ontdek hy op een of ander tydstip die persoon van die teenoorgestelde geslag.

Nou tree daar 'n nuwe waardebepaling, 'n edele en onbaatsugtige offervaardigheid vir die ander geslag na vore, wat so lank as wat die verhouding gesond bly, kragtig meewerk om tot sedelike ewewigtigheid te kom. Die eerste fase is 'n natuurlike en spontane wedersydse aangetrokkenheid wat selfs daarmee tevrede is om mekaar op 'n afstand te bewonder of vir die ander, een of ander gunsie te doen. Hulle is doodgelukkig net om in mekaar se teenwoordigheid te wees of minnebriefies te skrywe wat deur hul maats oor en weer gedra word.

Hierdie sogenaamde "kalwerliefde" is 'n noodwendige ontwikkeling by die kind op weg na 'n eie identiteit en karakter in die vorming van nuwe bindinge ook aan die teenoorgestelde geslag in die gestadigde proses van losmaking van sy ouers op weg na die uiteindelike éénwording in die huwelik, presies soos God verklaar het dat dit sal wees (Gen. 2:24).

In die voorgaande ontwikkeling is die tienderjarige nie meer tevrede om op 'n afstand lief te hê nie, en is hy op soek na 'n meer ernstige en vaste verhouding. Die jeugdiges noem dit: "case"! Hulle wil nie meer net aan mekaar sê dat hulle van mekaar hou nie, maar wil dit op een of ander manier bewys.

Al is hier nog geen sprake van verlowing of van die huwelik nie, is dit duidelik dat twee jongmense hier reeds uitvaar op die lewensee met sy baie gevaarpunte en afdraaipaadjies, terwyl juis nou al die grondslag vir die latere verlowing en huwelik gelê word. Die jeugdiges is

dikwels geneig om met 'n voorheen ongekende dweepsug eenvoudig alles vir mekaar te offer. En in hierdie klimaat is dit nie maklik om afstand en eerbied, selfrespek en kuisheid in 'n seks-perverse wêreld te handhaaf nie. Die jeugdiges slaag nie altyd daarin om vriendelik en hartlik teenoor mekaar te wees sonder om hulle aan onbehoorlike, skadelike en sondige intimiteite oor te gee nie.

Dit pas ons dus om langs hierdie weg 'n vroegtydige woord van waarskuwing te rig. Die jeugdige moenie toelaat dat hy deur 'n oorhaastige en onverskillige optrede met sy eie toekoms dobbel nie. Hy moet sorg dat sy studie, gesonde ontspanning en sport nie benadeel word nie. Hy moenie sodanig optree dat hy homself bespotlik en goedkoop maak nie; iets doen waaroor hy later ongelukkig en skaam sal voel nie. Dit is 'n goeie maatstaf om jou optrede in alles in ooreenstemming te bring met die riglyne in Gods Woord (Ps. 119:9; Hebr. 4:12). Ek moet steeds só optree dat my maat kan sê: Ek voel altyd skoon in jou geselskap. Ek moet onthou: Dieselfde tipe mens met wie ek speel, met wie ek vriende maak, is dieselfde tipe man of vrou met wie ek later in die huwelik tree.

## *Die verlowing*

As dit goeie raad aan jeugdiges is om nie te vroeg of te jonk deur middel van 'n “case” aan net één persoon gekoppel te wil wees nie dan geld dit in meerdere mate van die verlowing. Die verlowing is meer nog 'n “amptelike” verhouding tussen twee mense wat aan mekaar die jawoord gegee het met die oog op hul voorgenome huwelik. Alhoewel ons geen direkte opdrag daartoe in die Bybel vind nie, is daar tog duidelike voorskrifte in die Skrif wat spesifiek die verloofdes raak (Ex. 22:16,17; Deut. 22:23-27; Matt. 1:18) en dit duidelik maak dat, hoewel die verlowing nog geen huwelik is nie (Matt. 1:18), die verlowing byna op een lyn met die huwelik gestel word. Dieselfde vonnis vir 'n oortreding teen 'n getroude word vir 'n oortreding teen 'n verloofde opgelê (Deut. 22:22-27), maar nie vir 'n soortgelyke oortreding teen 'n jongmeisie nie (Deut. 22:28-29; Ex. 22:16,17).

Die verlowing is uiteraard allereers 'n saak tussen die twee betrokkenes, maar hoort tog nie sonder die seën en toestemming van die betrokke ouerpare of voogde te geskied nie. Selfs in die geval van mondiges en diegene wat op 'n latere ouderdom in die huwelik tree, behoort die ouers in die saak geken te word.

Die verlowing moet voorts gesien word as 'n inleiding en voorbereiding tot die huwelik. In hierdie tyd word gepraat oor sake soos die lewensroeping en werk, en die aandeel of rol van die vrou daarin sodat die man waarlik hoof en broodwinner in die huwelik en in die huis kan bly, want alleen wanneer die roeping en taak van die vrou nou verweef is met die van die man kan allerlei spanning en wrywing uitbly. Voorsiening in lewensonderhoud is belangrik en geen huwelik behoort onder normale omstandighede gesluit te word nie as die man dit nie kan bekostig nie. Die nadeel en gevare vir moeders wat moet werk sal duidelik voor oë gehou moet word. Daar sal ook besluit moet word of die huwelik op of sonder huweliksvoorwaardes moet plaasvind. Albei moet hul van die vóór- en nadele hieraan verbonde deeglik vergewis. Die probleem van huisvesting hang ook met die ekonomiese aspekte saam. Goeie literatuur oor die seksuele samelewing moet gelees word; oor gesinsbeplanning moet gepraat en saamgestem word; die troudatum moet bepaal word; sake rondom die plek, die huweliksbevestiger, die gebooie, die onthaal, ensovoorts moet uitgepraat word.

Die verlowing wil nie net meer sekerheid aan mekaar gee nie, en is nie net 'n belofte om aan mekaar getrou te bly nie, maar is 'n doelgerigte beplanning en voorbereiding vir die komende huwelik. Dit spreek dus vanself dat die verlowing in die reël nie te lank moet duur nie, hoogstens drie of vier jaar. Die verbreking van die verlowing is wel geoorloof, maar bly nietemin 'n ernstige saak waartoe nie ligtelik oorgegaan mag word nie. Maar wanneer dit tydens die verlowing blyk dat die verskille tussen die twee sodanig is dat dit op 'n ramp in die huwelik gaan afstuur of wanneer sake soos onverenigbare bloedeienskappe en mediese getuienis oor onvrugbaarheid by een van die twee, nie verwek kan word nie, of wanneer 'n ernstige wanaanpassing ontdek word, of die liefde en toegeneentheid verdwyn, kan tot die beëindiging van die verlowing oorgegaan word, maar dan alleen op 'n waardige en eerbare manier met 'n rein gewete voor God en mekaar nadat met biddende opsien tot God wedersyds tot so 'n stap

besluit word.

## *Huweliksluiting en -bevestiging*

Vroeër het ons alreeds gesê dat die huwelik tot die natuurlike lewe behoort en geen sakrament is nie, al word dit ook 'n verbond genoem (Spr. 2:17; Mal. 2:14) en is dit 'n geloofsgemeenskap omdat **dit** steeds 'n huwelik in die Here moet wees (1 Kor. 7:39). Daarom word die huwelik in beginsel deur die huwendes self gesluit; "Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan ... en jy het myne geword" (Eseg. 16:8). Maar aangesien die huwelik deur God self ingestel is (Gen. 2:18, 21-23), moet dit 'n openlike en amptelike (Joh. 2:1-12) plegtigheid wees wat deur die owerheid met die goedkeuring van die ouers (vgl. 1 Sam. 18:20-27) en die seën van die kerk bevestig moet word alvorens die twee wettig getroud is en dus aanspraak op die regte en voorregte van die huwelik verkry. Die predikant wat die huwelik bevestig, is net soos die landdros 'n amptenaar van die staat by die bevestiging van 'n huwelik. 'n Huwelik wat om een of ander rede deur 'n amptenaar van die staat in die landdrosdistrik bevestig word, is ewe-eens wettig maar aangesien die kerk vanselfsprekend seggenskap in huweliksaangeleenthede eis, behoort so 'n huwelik so spoedig moontlik daarna kerklik ingeseën te word (vgl. Spr. 2:17; Mal. 2:14).

By die bevestiging van die voorgenome huwelik sal wel deeglik rekening gehou moet word of daar enige beletsel daarteen aanwesig is te wete 'n onhubare leeftyd, 'n ernstige geesteskrankheid van byvoorbeeld kranksinnigheid of idiotisme, liggaamlike onvermoë tot die huweliksverpligtinge van byvoorbeeld ontmandes (Matt. 19:12), sekere ongeneeslike en aansteeklike siektes, verskil in godsdiens (Deut. 7: 1-4; 2 Kor. 6:14-16), verbode grade van bloedverwantskap (Lev. 18:6-18; 20:11-21; Deut. 27:20, 22-23; Lev. 18:3; 24:20, 23), terwyl 'n "gedwonge" huwelik of die weiering van die ouers en ander besware in elk geval ondersoek behoort te word.

Nadat aan al hierdie vereistes voldoen is, sowel as aan al die ander eise wat deur die owerheid gestel word uitvoering gegee en in orde bevind is, en nadat van die voorgenome huwelik aan die gemeente kennis gegee is, behoort die huwelik in 'n openbare plek en onder omstandighede wat so 'n heilige plegtigheid waardig is onder die aanroeping van die Naam van die Here en in teenwoordigheid van die gemeente bevestig te word.

En alhoewel 'n feestelikheid daarna in orde sal wees (vgl. Rigt. 4:10-14; Matt. 9:15; Joh. 2:1-11), sal die betrokkenes tog moet toesien dat daar nie dinge gebeur wat aan die heiligheid en eerbaarheid van die huweliksplegtigheid afbreek doen nie of die feestelikheid in treurigheid omskep nie.

## *Egskeiding*

Hoewel die huwelik kragtens die skeppingsverordening van God (Gen. 1:27,28; 2:18, 21-24; Matt. 19:4-6) 'n lewenslange verbintenis tussen één man en één vrou is (Gen. 2:24; Ex. 20:14; Mal. 2:13-16; Matt. 5:31, 32; 19:1-12; 1 Kor. 7:10, 11), wat alleen deur die dood beëindig moet word (Rom. 7:2, 3; 1 Kor. 7:39) en dus in wese onverbreekbaar is (Mal. 2:14-16; Matt. 19:3-10; 1 Kor. 7:10, 11), word egskeiding nie absoluut deur God verbied nie, al haat Hy dit ook (Mal. 2:16). Vanweë die hardheid van die menslike hart het Moses byvoorbeeld toegelaat dat manne van hulle vroue kan skei al was dit van die begin af, dit wil sê, voor die sondeval, nie so nie (Matt. 19:8; Deut. 22:13-21; 24:1-4; Matt. 1:18-19; Ex. 21:10, 11).

Daar bestaan dan ook veral twee grense ten opsigte van die onverbreekbaarheid van die huwelik te wete hoerery (Matt. 5:31,32; 19:4-9) en geloofsverskille (1 Kor. 7:15, 16). In die geval van geloofsverskille moet in elke geval die ongelowige die inisiatief neem om te wil skei - nie die gelowige nie! Die woord vir "iets skandeliks" in Deut. 24:1 en vir "hoerery" in Matt. 19:9 het in albei gevalle 'n veel omvattender betekenis as net 'n onwettige seksuele daad met 'n vrou, maar sluit enige onwelvoeglike, ongeoorloofde sedelike gedrag van enige aard in, soos byvoorbeeld die vrye liefde (Deut. 22:13-21), bloedskande (Lev. 18), hoerery (Lev. 19:29), homoseksualiteit of lesbianisme (Lev. 20:13, 23; Rom. 1:26, 27), of bestialiteit (Ex. 22:19; Lev. 20:15,16) en so meer. Matt. 5:27-39 pleit dus daarvoor dat hoerery slegs één voorbeeld

is, naas andere gevalle, waardeur die huwelik wel verbreek kan word. So word in Matt. 5:34 die eed absoluut verbied, terwyl Jesus alleen bedoel om die ligvaardige eed teë te gaan (vgl. Deut. 6:13; Matt. 26:63, 64; Rom. 1:9; 9:1). Net so word in Mark. 10:4-12; Luk. 16:18 en 1 Kor. 7:10, 11 die egskeiding sonder enige uitsondering vir ongeoorloof verklaar, terwyl Christus in Matt. 5:31, 32 en 19:7-9 die egskeiding wel toestaan in die geval van owerspel. Dit word dus duidelik dat Jesus wel die praktyk by die Jode om oor allerhande beuselagtige redes egskeiding toe te laat (Matt. 19:3), ten sterkste afkeur omdat dit oorspronklik nie so was nie (Matt. 19:8), maar tog ook duidelik leer dat wanneer sodanige sonde gepleeg word, waardeur die wese van die huwelik aangetas word, egskeiding geoorloof is.

Dit is belangrik om te onthou dat my huwelik nie met dié van Adam en Eva vergelyk kan word as 'n onaf wendbare gebeurtenis met uitskakeling van my verantwoordelikheid nie. Die "saamvoeg" beteken nie dat God my lewensmaat vir my uitsoek en dat Hy elke huwelik goedkeur nie. Die "saamvoeg" in Matt. 19:6 beteken alleen dat twee mense hulle uit eie keuse deur God in die huwelik laat saamvoeg by die amptelike en openlike bevestiging daarvan onder die aanroeping van sy Naam. Belangrik is dus die woordjie "wat" in plaas van "wie" in die teks: "Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Matt. 19:6). Wanneer die owerheid deur die hof, byvoorbeeld in gevalle van owerspel en geloofsverskille die huwelik ontbind, dan is dit God wat die huwelik ontbind deur middel van dieselfde gesag waardeur Hy die gehudes saamgevoeg het. In sulke gevalle is die huwelik wettiglik beëindig en is dié man en vrou nie meer getroud nie. Maar hierdie reg van die owerheid is nie 'n onbegrensde reg nie. Wanneer die huwelik om onbenullige en ongeoorloof de redes ontbind sou word, tree die owerheid op in stryd met die wet van God en kan die kerk in dié geval nie die egskeiding erken nie, is die twee in die oë van God nog steeds getroud, en pleeg hulle egbreuk indien hulle met 'n ander sou trou (Matt. 19:9), want in sulke omstandighede mag "geen mens", ook nie die owerheid nie, hulle skei nie. In sulke gevalle sal die kerk sy stem van protes moet laat hoor sodat elke lidmaat kan hoor dat die kerk die egskeidingsreg in sulke gevalle verwerp.

Egskeiding is altyd 'n ramp met pynlike gevolge en is in sommige gevalle smartliker as selfs die dood. Ook in gevalle van owerspel is egskeiding alleen 'n "mag" en nie 'n "moet" nie. Tussen 'n enkele oortreding en hardnekkige volharding moet onderskei word. Die moontlikheid tot berou, bekering en versoening moet steeds gesoek word aangesien God mag het om in te gryp en te herstel selfs daar waar geen mens herstel meer moontlik ag nie.

## *Die hertrou van geskeides*

Weduwees en dus ook wewenaars mag weer trou (Rom. 7:2, 3; 1 Kor. 7:8, 9, 39). Maar wanneer 'n man sy vrou verstoot het en sy 'n ander man s'n word, dan mag haar eerste man haar nie weer neem dat sy sy vrou word nie, ook al het haar laaste man gesterwe, want hertrou in só 'n geval is vir die Here 'n gruwel (Deut. 24:1-4).

Paulus beveel die getroude vrou om nie van haar man te skei nie, maar indien sy tog om een of ander rede, wat waarskynlik die huwelik vir haar onmoontlik maak, van hom sou weggaan, moet sy nie haar eerste huwelik tot niet maak deur weer te trou nie. Sy moet ongetroud bly of haar met "haar man" (met wie sy dus nog getroud is) versoen; en dat die man "sy vrou" (die huwelik is dus nog nie ontbind nie) nie moet verstoot nie (1 Kor. 7:10,11).

Wanneer iemand om allerhande onbenullige redes van sy vrou skei, is so 'n handelswyse nie goed te keur nie, en is dit 'n ongeoorloofde egskeiding wat nie deur die kerk erken mag word nie, en moet enige hertrou met 'n ander party as 'n sondige daad deur die kerk veroordeel word en mag die kerk op geen wyse sy samewerking daartoe gee, of mag so 'n huwelik nie in die kerk bevestig word nie, aangesien Christus self op geen ondubbelsinnige wyse so 'n stap as egbreuk bestempel het (Matt. 5:31, 32; 19:3-10). Egskeiding onder sulke omstandighede en hertrou van diesulkes met 'n ander maak in elk geval van die huwelik 'n bespotting en doen die heilige Naam van God in albei gevalle oneer aan. En God sal nie straffeloos kan toekyk as sy eer nie deur sy kerk te hulp gekom word nie (vgl. Rigt. 5:23).

Die saak verander egter wanneer ons met die onskuldige party in die geval van 'n sedelike oortreding (Matt. 5:31, 32; 19:3-10) of in die geval van 'n ongelowige wat wil skei (1 Kor. 7:15) te make het. In sulke gevalle is die onskuldige party nie gebonde nie (Matt. 19:9; 1 Kor.

7:15), maar vry om weer met iemand anders 'n huwelik te doen.

En aangesien die huwelik in sulke gevalle wettiglik ontbind mag word en hy in die geval van egskeiding dus nie aan egbreuk skuldig word indien ook die skuldige party met 'n ander in die huwelik sou tree nie, is dit vanselfsprekend dat die kerk ook in die geval van die skuldige party nie die huwelik kan bevestig nie, alvorens ware berou en belydenis die sensuur wat rondom egskeiding en hertrou toegepas moet word ophef en hom of haar kerklik vrymaak om weer te trou.

## *Owerspel*

Owerspel is dié sonde teen die sewende gebod waardeur die huwelikstrou geskend en egbreuk gepleeg word. Dié sonde kan dus nie buite die huwelik voorkom nie, maar geskied wanneer 'n man (getroud of ongetroud) 'n verhouding met 'n verloofde meisie of 'n getroude vrou sou hê.

'n Man wat owerspel pleeg tas die huwelik van iemand anders aan (vgl. Spr. 6:32-35), 'n vrou oortree teen haar eie huwelik (vgl. Eseg. 16:38). Hy word 'n egbreker en sy 'n egbreekster genoem en die wet het bepaal dat albei die dood skuldig is (Lev. 20:10; Deut. 22:22-27). Die feit dat 'n man in die geval van 'n jongmeisie feitlik met net 'n boete afkom indien haar vader nie tot 'n huwelik instem nie (Ex. 22:16, 17; Deut. 22:28, 29) spruit voort uit die feit dat sy aan niemand behoort nie en dat elke man meer as een vrou kon hê. Dit bly in elke geval 'n oortreding (Ex. 22:16, 17) en kon by latere ontdekking in die huweliksbevestiging haar dood kos (Deut. 22:20, 21).

Owerspel hoort tot die werke van die vlees (Gal. 5:19), is gelyk aan moord en hoerery (Matt. 15:19; Mark. 7:21) en sluit die koninkryk vir die oortreder toe tensy hy hom bekeer (1 Kor. 6:10, 11; Gal. 5:21, 24; Hebr. 13:4; Jak. 4:4)! Ja, elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg (Matt. 5:27,28).

Owerspel is 'n groot sonde voor God (Gen. 20:6; 39:9; Ps. 51:6) en 'n saak wat nie mag gebeur nie (Gen. 20:9); 'n man sonder verstand en hy wat sy eie lewe wil verwoes, hy doen so iets (Spr. 6:32-35). Job noem dit 'n skandelike daad en 'n strafbare misdaad (Job 31:9-11; Jer. 29:23). Hulle sal nie ongestraf bly nie (Mal. 3:5).

Die Bybel waarsku teen die ontugtige vrou: “Hou jou ver van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie, sodat jy nie jou bloei aan ander gee en jou jare aan een wat onbarmhartig is nie” (Spr. 5:8, 9). By Josef het ons geleer dat dit nie help om met 'n sondige mens te redeneer nie (Gen. 39:6-12). Hy moes van haar af wegvlug(Gen.39:12).

Getroudes kan dit vir mekaar makliker of moeiliker maak om tot owerspel oor te gaan of nie. Versuim van die huweliksplig is waarskynlik een van die belangrikste oorsake tot huweliksontrou (vgl. 1 Kor. 7:2-6).

Gelukkig is daar ook vir owerspel (1 Kor. 6:10; Gal. 5:19) vergifnis by God (2 Sam. 12:13) deur die bloed van Christus (1 Joh. 1:7; 1 Kor. 6:11; Gal. 5:24) vir elkeen wat sy sondes bely en laat staan (Spr. 28:13; 1 Joh. 1:7-10).

## *Onwettig saamwoon*

Konkubinaat of buite-egtelike samewoning dui op mense wat as man en vrou saamlewe sonder dat hulle wettig getroud is. Veral oorsee kry ons die verskynsel dat jongmense - skoliere, studente en werkende jongmense - alleen saamwoon totdat hulle later dalk in die huwelik mag tree. Ook onder die ouer geslag word dit in allerlei vorme deur sowel getroudes as ongetroudes beoefen. In die geval van die getroudes word soms met of sonder die huweliksmaat se toestemming of medewete 'n derde persoon aangehou met die oog op seksuele verkeer. Dit sou dan 'n natuurlike reg wees waarop die ongetroude, met of sonder die verwekking van kinders, aanspraak mag maak omdat die voorreg om soos andere in die huwelik te tree hulle deur een of ander rede ontneem word, of bloot op grond van die feit dat hulle verkies om nie getroud te wees nie. Onnodig om te sê dat hier nie meer na die persoon van die ander nie, maar na die geslag van die ander gesoek word. Daarmee word die menslike

waardigheid aangetas. Dit word nou 'n "ek-dit"-verhouding waardeur die ander persoon soos 'n ding vir eie voordeel gebruik word. Die saamdoen van gewone dinge wat vir die wedersydse eerbied en selfrespek so belangrik is, word vanweë die geheimhouding nie moontlik nie of is ook nie meer aangenaam of selfs interessant nie, omdat daar net of te veel op die seksuele gekonsentreer word. Geen wonder dan ook nie dat die wrange vrugte van so 'n verhouding ook nie lank uitbly nie.

In dié verband moet nog na die sogenaamde "proefhuwelik" verwys word wat 'n verhouding tussen één man en één vrou aandui en gesluit word op die verstandhouding onder mekaar dat indien verlang hulle dit weer sal ontbind. Ons het hier geen wettige huwelik op die oog nie, maar 'n proefneming tussen twee mense met die doel voor oë om later in die huwelik te tree indien die eksperiment sou slaag. Seksuele gemeenskap is egter om mekaar te beken (vgl. Gen. 4:1) en dit kan geen eksperimentele oorgawe wees nie. In die daad van jou met 'n ander te verenig lê, indien dit reg en goed is, 'n onvoorwaardelike belydenis, keuse en oorgawe opgesluit wat geen aarseling, reserwes of eksperimente duld nie. Met geslagsomgang word in feite met 'n huwelik begin, en 'n geheime "huwelik" dra al die laste van heimlikheid soos die vrees dat die een die ander sal los of dat iets sal gebeur vóór die troue. Hoe langer hulle by mekaar uithou, hoe groter is die pyn en teleurstelling by die beëindiging daarvan. Proefneming op seksuele gebied is 'n dwaling. Dit is veel belangriker om te weet of twee mense by mekaar pas, of hulle sosiale, emosionele en geestelike instellinge ooreenkom. Waar die gesindhede in kameraadskap soos teerheid, beskerming, waardering, respek, harmonie, meegevoel, idealisme, romantiek en getrouheid aanwesig is, sal twee mense mekaar ongetwyfeld ook in die geslagtelike gemeenskap vind.

Intussen moet daarop gelet word dat die Woord van God enige onwettige saamwoon van man en vrou verbied: "Want julle weet watter bevele ons julle deur die Here Jesus gegee het. Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie; dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het. Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het (1 Thess. 4:2-8).

**'n Ongelyke juk in die huwelik**

In die Skrif is daar 'n belangrike uitspraak wat daarop dui dat twee mense in die huwelik liggaamlik en geestelik verenig word of behoort te word: "Omdat die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond. Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie. Want Ek haat egskeiding, sê die Here, die God van Israel en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die Here van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie" (Mal. 2:14-16).

Nie alleen word in hierdie gedeelte geleer dat dit teen die oorspronklike instelling van die huwelik is dat die man meer as een vrou moet hê nie, aangesien God, hoewel Hy gees oorgehad het, net één vrou vir Adam gemaak het (Gen. 1:27; 2:24; Matt. 19:4; Mark. 10:6,7; 1 Kor. 6:16; Ef. 5:31), maar ook dat die huwelik voor Gods aangesig gesluit word en 'n heilige en onverbreekbare verbond tussen twee mense is en wat tegelykertyd ook die verbond van hulle God is (Spr.2:17).

'n Huwelik dus tussen 'n gelowige en 'n ongelowige maak die huwelik uiteraard 'n bespotting. Daarom skrywe Paulus: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie" (2 Kor. 6:14-18; vgl. Deut. 22:10). Dit was van die eerste instelling van die huwelik af die bedoeling van God dat man en vrou by mekaar sal pas (Gen. 2:18). Daarom is daar 'n bepaalde voorskrif in die Bybel vir gevalle waar net die man tot geloof kom, maar nie sy vrou nie. As sy dit goedvind om met hom saam te lewe, moet hy haar nie verstoot nie, want die ongelowige word deur die gelowige geheilig (1 Kor. 7:12-14). Maar as die ongelowige wil skei moet hy toegelaat word omdat sy tog nie weet of sy hom sal red nie, en God man en vrou tot vrede

geroep het (1 Kor. 7:15, 16). In sulke gevalle is die broeder of suster nie gebonde nie (1 Kor. 7:15).

Die saak verander egter daar waar 'n gelowige doelbewus met 'n ongelowige wil trou. Dit mag nie gebeur nie (2 Kor. 6:14-18). Die seën van die Here kan nie op so 'n huwelik verwag word nie. Die huwelik is 'n verbond voor God tussen twee gelowiges en mag nie tussen 'n gelowige en 'n ongelowige gesluit word met die hoop dat die ongelowige later gered sal word nie. Of dit ooit sal gebeur, weet niemand in elk geval nie (1 Kor. 7:16). Verskille in kerkverband tussen twee gelowiges maak aanpassing al klaar moeilik en behoort in bepaalde gevalle eerder ontmoedig te word aangesien kerklike verskille dikwels ook ander verskille daarmee die huwelik indra. Hoeveel te meer lê die verskille tussen 'n gelowige en 'n ongelowige vervleg met allerlei kulturele, nasionale, maatskaplike, geskiedkundige, sosiale en opvoedkundige aspekte as 'n onsalige fontein van eindelose verdeeldheid wat die innige vereniging van siel en liggaam teenstaan. Waar man en vrou mekaar andersins in moeilike tye van spanning weer in Christus kan vind, maak die verskil in godsdiens hier self die skeiding. Selfs daar waar die twee ooreenkom om mekaar oor hulle verskil in geloof nie meer lastig te val nie en elkeen op daardie gebied sy eie weg opgaan, maak dit die kanse op sukses nog kleiner omdat twee mense met betrekking tot die sterkste emosie van die mens by mekaar verby lewe en dit meehelp om die huwelik in sy wese self te vervals en sy bestemming te verydel. Selfs as daar uit so 'n huwelik kinders gebore word, dan is juis die kind, wat man en vrou inniger aan mekaar moes bind, die wig tussen die twee om verdeeldheid te bevorder omdat albei gewoonlik stry om die siel van die kind vir sy eie standpunt te wen. Alleen daar waar mense vir mekaar kan sê soos Rut gedoen het, kan die huwelik hoop om te slaag: "U volk is my volk, en u God is my God" (Rut 1:16).

## *Selfbeheersing*

Selfbeheersing is 'n wonderlike bestanddeel van karakter-adel, want hy wat sy gees beheers is beter as hy wat 'n stad inneem (Spr. 16:32), maar hy wat sy gees nie kan inhou nie, is soos 'n afgebreekte stad sonder muur (Spr. 25:28). Hy wat sy eie tong kan beheer, is in staat om ook sy hele liggaam in toom te kan hou (Jak. 3:2-12).

God het die mens aangestel om te heers oor die werke van sy hande (Ps. 8:1-10) en oor die ganse natuur (Gen. 1:28), ook oor sy eie natuur (Gen. 1:28; 2:24). In die Bybel word die kind besing as 'n geskenk van God (Gen. 30:20; 1 Sam. 1:17-20), as 'n skepping van God (Ps. 139:13-16; Jer. 1:5) en as 'n erfgenaam van die koninkryk van God (Ps. 127:3; Mark. 10:14). Maar daaruit mag nie afgelei word dat die werke van God in hierdie verband geen ruimte laat vir die verantwoordelikheid van man en vrou in hul seksuele handelinge nie. Die Bybel spreek duidelik daarvan dat die mens verantwoordelik gehou word vir al sy dade, vir die verborge dinge van die mense (Rom. 2:15, 16), sy woorde (Luk. 12:2, 3; Matt. 12:36) en sy dade (Joh. 5:29; Openb. 20:12; Rom. 14:10-12). Ook in verband met die voortplanting van kinders lees ons byvoorbeeld in Gen. 19:36; 2 Sam. 11:5 en Hosea 9:16 van kinders wat teen die wil van God in verwek is. Die Here kan soos in die geval van Juda en Tamar die handeling kondoneer en vergewe (Gen. 38:6-30; Rut. 4:18-22; 1 Kron. 2:5, 9-15; Matt. 12:14; vgl. Hosea 9:16). Die mens word dus deur God toegelaat om sy natuurlike vermoëns te gebruik of ook te misbruik. Gebruik hy dit, word hy deur God geseën (Gen. 1:28; Ps. 127:3); misbruik hy dit, kan hy deur God gestraf word (2 Sam. 12:14; Hosea 9:16).

Ook met betrekking tot die natuur van die mens word hy deur God tot selfbeheersing opgeroep (1 Kor. 6:12-20; Rom. 12:1; 2 Tim. 2:22). Dit kan geen man of vrou kwaad doen om seksuele gevoelens in bedwang te hou nie. Selfbeheersing sal van niemand 'n senuweepasiënt maak nie. Die neuroklinieke is egter vol pasiënte wat hulleself ongedissiplineerd uitleef op seksuele gebied en met skuldgevoelens worstel omdat hulle in stryd met hulle gewete gehandel het. Deur selfbeheersing word die seksuele vermoëns van die mens deur die sublimasieproses vervang en aangewend vir sake soos arbeid, studie, kuns, wetenskap, sport, diensbetoon, hulpvaardigheid en gesonde idealisme wat onmisbaar is vir die ontwikkeling van jou persoonlikheid tot volwaardige menswees. Maar elkeen wat roekeloos uitgelewer is aan sy seksuele drange stuur af op 'n onvermydelike ramp: "Kan iemand vuur in sy skoot dra sonder dat sy klere verbrand?" (Spr.6:27-29).

## *Selfbevrediging*

God het self gesê dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie (Gen. 2:18). Daarom is menswees steeds saamwees met andere. Ook wat die seksuele betref kan dit dan alleen sy regmatige funksie en plek ontvang daar waar dit op die ander gerig is, op die teenoorgestelde geslag gerig is, want God het die mens na sy Beeld geskape, man en vrou het Hy hulle geskape (Gen. 1:26, 27). As gevolg van die verskil in geslag is man en vrou op grond van die skepping self vir mekaar bestem en op die innigste verbintenis in die huwelik aangelê. Dit spreek dus vanself dat daar waar die seksuele beoefen word terwyl die naaste ontbreek die seksuele van sy bestemming beroof en op die huwelik vooruitgegryp word. Hier het ons met afgeskeie seksualiteit, wat weer afgeskeie menslikheid beteken, te make. Geen wonder dus nie dat masturbasie of selfbevrediging 'n onnatuurlike mensskuheid met simptome van 'n minderwaardigheidskompleks by die betrokkene kan veroorsaak nie.

Onder selfbevrediging word verstaan die aanraking en streling van die eie geslagsorgane totdat in spanning 'n soort van hoogtepunt bereik word. Die resultaat is 'n gevoel van ontspanning en 'n mate van selfbevrediging. Dit gaan egter gewoonlik gepaard met 'n gevoel van teleurstelling, skuld, vrees, twyfel en selfverwyt. En alhoewel die medici ons verseker dat dit geen gevreesde siektes ten gevolge kan hê nie, en al is dit geen onvergeeflike sonde nie, is dit eweseer duidelik dat die gebruik by volharding en oordrywing veel nadelige fisiese en psigiese gevolge kan hê. So byvoorbeeld word alle selfbeheersing ondermyn en kan die betrokkene 'n blywende onbeheerbare seksuele drang ten prooi val. Gewoonlik het seuns en dogters wat masturbasie beoefen, studieprobleme. Dit is kompleet asof hierdie praktyk die geheue en die vermoë om te konsentreer verswak, terwyl dit die deursettingsvermoë en spontane lewensvreugde by sommige laat afneem. Andere vind buitengewoon las van aanvegtinge oor geloof sake of 'n gevoel van vyandigheid teenoor die godsdiens. Dit is kompleet asof die betrokkene diep binne in sy eie wese dit aanvoel dat dit nie so hoort nie, dat God dit nie so bedoel het nie, al is hy ook magteloos om teen die gewoonte te stry. Werklike vrede en rus oor die aangeleentheid word dan ook nie gegee deur hulle wat dit goedpraat nie, maar word eers verkry wanneer die jongmense deur self beheersing en 'n gesonde leefwyse, met die nodige arbeid en ontspanning, volkome oorwinning daaroor verkry het.

## *Seksuele wanpraktyke*

Veral onder die heidene bestaan daar vele teennatuurlike en afstootlike of walglike seksuele praktyke wat onder ons nie eers genoem mag word nie (Ef. 5:3, 12) want net die hoor daarvan kan 'n sedebederwende uitwerking op ons hê (vgl. 1 Kor. 15:33). En al weet die meeste mense niks daarvan nie is almal tog in mindere of meerdere mate daaraan blootgestel omdat hierdie wanpraktyke oral sy aanhangers tel. Sonder om op al hierdie aaklige perversiteite in te gaan, sal dit vir enige regdenkende mens genoegsaam 'n aanduiding wees om te weet dat enige seksuele daad wat nie op die natuurlike bestemming van voortplanting kan afstuur nie as satanies van oorsprong deur ons verwerp moet word omdat dit van die huwelik 'n karikatuur en 'n bespotting maak.

Tot die meer bekende wanverhoudings hoort die seks-aanrandings waaraan dogters sowel as seuns blootgestel is. Sonder toestemming van die ander party word op die geslag van 'n ander beslag gelê vir die bevrediging van die eie lusgevoelens. Die minder aggressiewe metode van verleiding moet ook onder hierdie kategorie getel word. Hierdie handelswyse word skerp deur die Bybel veroordeel. In eersgenoemde geval is die doodstraf opgelê (Deut. 22:25-27). Indien dit 'n jongmeisie was, dan moet hy die vader van die dogter vyftig sikkels gee; en sy moet sy vrou wees, omdat hy haar onteer het; hy mag haar nie verstoot so lank as hy lewe nie (Deut. 22:28, 29). As die vader weier om haar aan hom te gee, moet hy geld gee volgens die huweliksprys vir jongmeisies (Ex. 22:16,17).

Die vrou aan die ander kant gaan weer meer listig te werk. Met die uitstal van haar liggaamlike skoonheid (Spr. 6:25), met die aantrek van suggestiewe klere (Spr. 7:10), met baie mooipraatjies en die gladheid van haar lippe (Spr. 7:21) stel sy 'n wip vir haar prooi (Spr. 5:1-23; 6:23-35; 7:1-27). Die Bybel sê: "Haar huis is weë na die doderyk, wat afdaal na die kamers van die dood" (Spr. 7:27). Wees gewaarsku vir dié vroue wat deur middel van suggestiewe

klere die teenoorgestelde geslag uitlok. 'n Mens adverteer niks as jy nie bereid is om dit te verkoop nie!

'n Ander seksuele perversiteit wat skrikwekkend in oorsese lande toeneem is bestialiteit. Dit is wanneer 'n vrou of 'n man naby enige dier kom om daarmee seksueel te doen te hê. God het bepaal dat mens en dier in dié geval gedood moet word. Hulle bloedskuld is op hulle (Ex. 22:19; Lev. 20:15, 16). Hierby moet nog gevoeg word wanverhoudinge soos byvoorbeeld bloedskande, hoerery, homoseksualiteit of lesbianisme waaroor later meer gesê moet word.

## *Bloedskande*

In Lev. 18 en 20 vind ons allerlei voorskrifte oor verbode huwelike tussen bloedverwante: “Niemand van julle mag naby sy naaste bloedverwant kom om die skaamte te ontbloot nie. Ek is die Here... Hulle is bloedverwante. Bloedskande is dit” (Lev. 18:6, 7). Dan volg daar in Lev. 18 en 20 en in Deut. 27 'n beskrywing van wie almal onder die naaste bloedverwante tel soos byvoorbeeld tussen vader en dogter, moeder en seun, broer en suster, vader en skoondogter, seun en skoonmoeder of ook 'n man en sy tante, 'n man en sy skoonsuster (behalwe in die geval van die swaershuwelik waar die weduwee kinderloos mag sterwe - Deut. 27:5-10; Gen. 38:6-7; Rut 4:5, 10) en so voorts. In geval van die allernaaste bloed is die doodstraf opgelê (Lev. 20:11, 12), maar in geval van aanverwante bloed is die vloek van kinderloosheid oor hulle uitgespreek (Lev. 20:20-21).

Die Bybel sê nie waarom hierdie verbod opgelê was nie, aangesien dit in die begin nie verbied was nie, want alleen deurdat broer en suster getrou het (vgl. Gen. 5:4) kon die menslike ras op die aarde voortgeplant word (vgl. Gen. 3:20; Hand. 17:26) terwyl selfs Abraham met sy halfsuster getroud was (Gen. 20:12) en Jakob gelyktydig met twee susters getroud was (Gen. 29:16-30), terwyl aldrie genoemde voorbeelde in die tyd van Moses verbied word (Lev. 18 en 20 en Deut. 27). Hierdie verbod het waarskynlik nodig geword omdat dit ter wille van die voortplanting van die mens nie meer nodig was dat bloedverwante in die huwelik moet tree nie en ook omdat familielede grootliks aan die sonde van ontug blootgestel word as gevolg van die intieme verkeer onderling. Die verbod sou dan die gevolg eerder vanweë praktiese implikasies wees as dat dit op prinsipiële gronde sou rus (vgl. 1 Kor. 7:26). Sonde het dit in elk geval geword van die oomblik af dat dit deur God verbied was en hierdie voorskrifte moet onvoorwaardelik deur ons eerbiedig word, al begryp ons dit ook nie en weet ons ook nie waarom God die verbod ingestel het nie. En waar sekere aspekte soos byvoorbeeld die doodstraf en ook die swaershuwelik vandag nie meer praktyk is nie, beteken dit nie dat die spesifieke opdragte om daardie redes deur God herroep of dat sy gebod verouderd is nie. Die kerk sal seker hierdie aspekte nader moet ondersoek om aan enige onsekerheid met betrekking tot 'n steeds aktuele saak tot vaste oortuiging te moet kom, want met die afwys van die een voorskrif kom ook die goeie reg van die ander voorskrifte meteen in gedrang ten opsigte van die vraag in welke mate hierdie voorskrifte ook vir alle eeue en vir alle ander volke geldend is of nie.

## *Homoseksualiteit*

Onder homoseksualiteit verstaan ons die teennatuurlike verskynsel waar iemand hom of haar vir seksuele bevrediging aangetrokke voel tot en ook toespits op persone van dieselfde geslag. Seksuele bevrediging word dan deur die liggaamlike of deur kunsmatige organe gesoek. Dit is duidelik dat hier nie na die persoon van die ander nie, maar na die seksuele bevrediging, dit wil sê, na die geslag van die ander gesoek word en die eie aangebied word met lusbevrediging as hoofdoel. Hierdie homoseksuele of lesbiese verhouding staan nie in diens van die voortplanting nie, en maak daarom van die huwelik 'n bespotting. God het in die begin één man en één vrou geskape, nie twee mans of twee vroue nie. Hierdie abnormale afwyking van die natuurlike verhouding tussen man en vrou moet dus gesien word as een van die rampspoedige gevolge van die sondeval wat die menslike geslag op allerlei wyse aantas.

Daar bestaan baie teorieë oor die oorsake van hierdie verskynsel. Sommige praat van 'n soort aangebore patroon terwyl ander weer die klem op 'n aangeleerde ontwikkeling laat val wat grootliks aan wanaanpassing tussen ouer en kind te wyte is. Hierby kom nog homo-

seksualiteit in sy "noodvorm" wat meer bepaald van verbygaande aard is waar persone van dieselfde geslag vir 'n tyd lank saamgehok bly. Sulke afwykings kan ook uit verskillende sondige praktyke ontwikkel (vgl. Rom. 1:18-32).

Wat die oorsake egter ook al mag wees, bly dit 'n feit dat dit deur die Bybel as iets gruweliks beskryf word wat die dood skuldig is (Lev. 18:22; 20:13). Paulus noem dit 'n skandelike hartstog (Rom. 1:26) wat die dood verdien (Rom. 1:32): "Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer - hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so ook het die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang" (Rom. 1:24-27).

Intussen mag hierdie mense nie deur ons verag word nie, maar moet op begrypende wyse gehelp word om langs die weg van berou en bekering tot redding te kom, want by God sal niks onmoontlik wees nie. Waar daar egter in die kwaad volhard word en die sedes van ander onskuldiges deur diesulkes bedreig word, sal die owerheid en kerk opnuut aandag moet gee aan die vraag op grond waarvan die betrokkene nie meer die dood skuldig is nie? (Lev. 18:29; 20:13; Rom. 1:32.)

## *Prostitusie*

Onder prostitusie of hoerery word gewoonlik verstaan die beoefening van seksuele omgang deur vroue as 'n beroep. Toe die Christendom in Europa algemeen geword het, het die owerhede maatreëls teen prostitusie ingestel, maar geen wetlike bepaling was in staat om die kwaad uit te roei nie. Hierop is geredeneer dat as die kwaad tog nie uitgeroei kan word nie, dit beter is dat die owerhede maatreëls neem om die treurige gevolge van prostitusie te wete die verbreiding van allerlei geslagsiektes teë te gaan. So word prostitusie dan deur die owerhede gereglementeer, verlof tot die oprigting van huise van ontug word *gcgoo* en bepaalde voorskrifte word neergelê, onder meer dat alle prostitute gereeld medies ondersoek moet word en in geval van geslagsiektes vir behandeling in 'n hospitaal opgeneem moet word. Die doel om geslagsiektes te bestry was goed, maar die middel is te veroordeel. Die owerheid verbied hierdeur die sonde nie meer nie, maar reël dit, en gee geleentheid aan sommige om straffeloos teen Gods wet te oortree en dit sogenaamd in belang van die volksgesondheid.

Die Skrif leer egter onomwonde: "Daar mag geen hoer uit die dogters van Israel wees nie; en daar mag geen skandseun uit die seuns van Israel wees nie. Jy mag geen hoereloon of hondeprys in die huis van die Here jou God as enige gelofte-offer bring nie; want altwee is vir die Here jou God 'n gruwel" (Deut. 23:17, 18). En ook: "Ontheilig jou dogter nie deur haar vir hoerery aan te hou nie, sodat die land nie hoereer en die land vol skandelike dade word nie" (Lev. 19:29; 21:7, 9). In die Nuwe Testament word die Christene vermaan om hulle van hoerery te onthou (Hand. 15:29; 1 Kor. 10:8), om nie met hoereerders om te gaan nie (1 Kor. 5:9), maar vir hoerery te vlug (1 Kor. 6:13-18), omdat ons liggame 'n tempel is van die Heilige Gees wat in ons woon (1 Kor. 6:19, 20), en nie tot lid van 'n hoer gemaak mag word nie (1 Kor. 6:15-17).

Ook hier word nie na die persoon van 'n ander gesoek nie, maar net na die geslag van 'n ander, en dit teen 'n prys (Spr. 6:26; 23:28). Net die liggaam is hier die maatstaf, net die geslag van die ander is belangrik. Die persoon, die naam, die karakter, die herkoms of geloof maak geen verskil nie. Maar so word die menswees ontadel en verneder; alle menslikheid het verdwyn. Dit kan dan ook geen duursame verhouding wees nie; net 'n vlugtige besoek, die bevrediging van die eie lusgevoelens; dan die betaling en nog 'n transaksie is afgehandel en nog een en nog een...

Geen wonder dan ook nie dat daar vasgestel is dat daar in die hart van 'n hoer net die diepste veragting kan skuil vir elke man wat haar besoek; 'n magtelose prooi van 'n onbeheerbare seksuele drang: "Hy loop skielik agter haar aan soos 'n bees wat na die slagpaal gaan, en soos voetboeie wat dien tot tugtiging van die sot, totdat die pyl sy lewer splits; soos 'n

voël haastig na die vangnet vlieg - sonder om te weet dat dit ten koste van sy lewe is" (Spr. 7:22-23).

## *Die vrye liefde*

Die voorskrifte in Deut. 22:20, 21 en 24:1-4 wys ondubbelsinnig daarop dat dit van 'n jongmeisie verwag word om 'n maagd te bly tot op die dag van haar huwelik. Ook in die Nuwe Testament word die ongetroude 'n maagd genoem (1 Kor. 7:34). Wanneer Paulus die gemeente aan Christus verbind as verloof aan één man, stel hy dit soos volg: "Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel" (2 Kor. 11:2). Selfs 'n moeilike teks soos 1 Kor. 7:36 kan nie anders opgevat word nie. Ek vertaal letterlik: "As 'n jongman reken dat hy onvanpas teenoor sy maagd (dit is die jongmeisie met wie hy verloof is), wat oud genoeg is om te trou, optree, en die saak na 'n huwelik dwing, laat hom doen wat hy verlang om te doen, dit is, laat hulle trou." Dit is duidelik dat sy verloofde hier nog steeds 'n maagd is en bly tot op die dag van hulle troue (vgl. 1 Thess. 4:3-8; 1 Tim. 5:6,22).

Reeds uit die skeppingsverordening het dit geblyk dat die éénwording van die vlees vir die huwelik alleen bestem is. Seksuele verkeer buite of vóór die wettige huwelik gaan dus in teen die orde wat God daargestel het en is dus 'n aanranding van sowel die wese van die huwelik as van die seksuele. Wanneer in die erotiese liefdespel twee mense nie verantwoordelikheid vir mekaar se welsyn aanvaar nie, kan daar van geen ware liefde sprake wees nie, word die menslike waardigheid aangetas en ook die seksuele van sy luister berowe. Seks kan alleen ryk en sinvol wees wanneer twee mense reeds vantevore 'n innige toegeneentheid, begrip, waardering en respek vir mekaar ontwikkel het. Seks vóór die huwelik laat die onderlinge verhouding af stuur op net één saak, die liggaamlike, waardeur die geestelike aspekte van kameraadskap soos teerheid, meegevoel, getrouheid, idealisme en romantiek wat deur rustige gesprekke en die gewone saamdoen van dinge opgebou word, totaal vernietig word. Seks het tyd, begrip, respek, waardering, harmonie, sekerheid en beskerming no dig wat die huwelik alleen kan gee. Spanning, vrees, heimelikheid, onsekerheid, haastigheid en skuldbesef maak die seksuele samelewing arm en verval uiteindelik tot teleurstelling, verbittering, sinisme enwalging.

Kragtens die skeppingsverordening is geslagsgemeenskap van nature bestem vir die moontlikheid van bevrugting. Die uitsluiting van hierdie moontlikheid deur allerlei middele hef hierdie waarheid nie op nie. Gemeenskap vóór die huwelik gaan dus altyd gepaard met die vrees vir swangerskap en ontdekking. Ook gaan die eerste geslagsgemeenskap gewoonlik saam met ontmaagding. Hierdie gebeurtenis kan nie herhaal of herstel word nie, en is vir die meisie 'n ontsaglike psigiese werklikheid. Sy leef voortaan in die vrees dat haar geheim nie vir haar toekomstige bruidegom verborge sal bly nie (vgl. Deut. 22:20, 21; 24:1-4). Geslagsgemeen-skap kan dus alleen verantwoord en sinvol wees as dit die verseëling beteken van die huweliksverbond (Eseg. 16:8; Mal. 2:14-16; Spr. 2:17) omdat dit in die seksuele samelewing gaan om 'n bekenning, 'n belydenis en 'n keuse wat vir eksperimente, serwitute en twyfel geen plek het nie. 'n Eksperimentele oorgawe is in feite geen egte oorgawe nie. Daarom het die seksuele samelewing buite die huwelik geen regmatige plek nie en is dit redelik en reg dat die Skrif só 'n verhouding afkeer en vervloek (1 Thess. 4:3-8; 1 Kor. 6:10; Gal. 5:19-21; Openb. 21:27). Alleen langs die weg van berou en belydenis kan daar vir diesulkes genade en vergifnis wees (1 Kor. 10:11; Gal. 5:24; 1 Joh. 1:7-10).

## *By wie die vrye liefde gewoonlik voorkom*

Jongmense vir wie beginsels en 'n goeie gewete iets werd is, vermy ongeoorloofde seksuele intimiteite vóór die huwelik. Die seun of dogter wat 'n leier wil word, wat nog drome droom en ideale nastrewe, doen nie sulke dinge nie. Hulle wil nie hulle toekomsplanne voor die tyd verongeluk of daarmee dobbel nie. Dit kom egter geredelik voor by diegene wat nie baie van die lewe verwag nie. Hulle gee nie veel om nie en is dikwels geneig om uit die lewe te vat wat hulle kan kry. Hulle verkies onmiddellike plesier bo toekomstige vervulling.

Jongmense uit ongelukkige en onstabiele ouerhuise, raak maklik self onseker en

emosioneel verward. Hulle voel dat niemand hulle begryp of lief het nie, en verwar maklik seksuele toegeneentheid met ware liefde. Wat by die jongman begeerte en wellus is, word deur haar as ware liefde, begrip, teerheid, beskerming en belangstelling gesien - iets wat in haar lewe kortkom en waarna sy met haar hele wese verlang en die rede is waarom sy self s tot die uiterste toegee.

Dan is dit ook vir meisies uit 'n “laer stand” 'n groot versoeking om aan jongmans uit 'n “hoër stand” toe te gee in die hoop dat hulle sodoende 'n beter huwelik sal kan doen, want haar laaste troefkaart is 'n gedwonge huwelik deur middel van swangerskap.

Dan is daar 'n groot persentasie wat heeltemal onkundig is met betrekking tot seksuele aangeleenthede, nie bewus is van die dinamiese kragte wat in hulle ontsluit word deur onversigtige en ongeoorloofde streling van mekaar se liggame of ook die primêre of sekondêre geslagsorgane nie. Vir sulke jongmense word dit op 'n dag onmoontlik om om te draai en daarna gee hulle ook nie meer om nie.

Ander weer is op een of ander stadium van hulle lewe verkrag of op 'n slinkse wyse deur 'n “ervare” persoon verlei, en kan nie meer uit die greep van lusbevrediging loskom nie.

Nog andere doen dit omdat hulle eenvoudig onverskillig uitgebreek en alle konserwatiewe norme oorboord gegooi het of omdat hulle nie oor die nodige selfbeheersing of selfdissipline beskik nie. Elkeen het 'n eie ongelukkige storie om te vertel, want niemand is in sy diepste wese met so 'n lewe gelukkig nie. Die stryd om kuis te bly, is in elk geval verloor. Maagdelikheid kan nooit teruggekry word nie. Al wat in sulke gevalle oorbly is om te glo dat alles sal meewerk ten goede (Rom. 8:28), dat uit die kwaad die goeie sal voortkom en dat die bloed van Christus alle sondes sal afwas (1 Joh. 1:7-10) en die gewete van dooie werke sal reinig (Hebr. 9:14).

## *Die redes vir die vrye liefde*

Baie jongmense vind regverdiging vir die vrye liefde omdat hulle graag wil glo dat dit deur almal beoefen word. Ondersoeke het egter aan die lig gebring dat dit nie outyds is om kuis te lewe nie. Hierdie soort van lewe word alleen deur 'n lawaaierige minderheidsgroep beoefen wat graag die indruk wil skep dat dit algemene praktyk is. Hierin word hulle nogal deur sekere tydskrifte en skrywers van goedkoop-boekies gehelp.

Dan weer word beweer dat hulle mekaar opreg liefhet en mekaar op daardie wyse ten volle gelukkig wil maak. Maar sulke jongmense vind dikwels uit dat die opregte liefde van die tienderjarige baie gou plek maak vir die opregte liefde vir 'n ander. En wat het hulle dan nie intussen alles verloor nie!

Ander beweer dat dit 'n wet van die natuur is om van opgehoopte energie en spanning ontslae te raak, maar vergeet al te gou dat waar één probleem opgelos word, dit sewe ander in die plek daarvan veroorsaak. Nou word hy 'n slaaf van sy seksuele drif te.

Die mens word juis geroep om oor sy natuur te heers. Maar wanneer hy toelaat dat sy seksuele drange oor hom heers en hy dit buite die huwelik om gaan beoefen, word hy ru, gemeen en aggressief soos 'n dier. Om bo die dierlike uit te styg moet die vrou deur die man idealiseer word wat 'n gevolg is van seksuele onthouding. Alleen in so 'n patroon van vriendskap konsentreer die twee op mekaar se persoonlikheid en karaktereienskappe en die alledaagse saamdoen van dinge behou hulle bekoring. So leer hulle dat mense mekaar op meer as een manier moet liefhê, nie net liggaamlik nie.

Sommige sê dat hulle op so 'n wyse moet toets of hulle by mekaar pas. Maar wat die seksuele betref, is dit 'n dwaling aangesien God die vroulike geslag so gevorm het dat dit by die geslag van feitlik enige man sal kan pas. Belangrik en beslissend is nie die liggaamlike nie, maar die geestelike eienskappe van twee mense, en die vraag of hulle mekaar se lewensopvatting begryp en mekaar op daardie wyse kan vind en aanvul? Egskeiding kom dubbel soveel maal voor by paartjies wat te vroeg begin het. Die vrees dat die een die ander sal los of dat iets vreesliks sal gebeur voordat die troudag aanbreek, knaag onophoudelik aan hierdie mense. Dit bring dikwels soveel spanning en twis dat sulke paartjies uitmekaar spat met baie onaangename herinneringe en verwyte. Die risiko binne die huwelik is kleiner. Daar is veel

meer in 'n gelukkige huweliksverhouding as in onmiddellike seksuele aanpassing. Onthouding voor die huwelik versterk die wedersydse respek en waardering sodanig dat dit die seksuele aanpassing en elke ander krisis help oorkom en die weg baan vir die volle uitlewing van albei se persoonlikhede.

## *Die gevolge van die vrye liefde*

Die meisie wat toegee het haar maagdelikheid vir altyd verloor en kan dit nooit herstel of ongedaan maak nie. Die vrees dat haar toekomstige bruidegom dit sal uitvind, sal sy nooit heeltemal kan af skud nie. So 'n verhouding gaan steeds gepaard met al die pyne van heimlikheid.

Die gevaar dat die man haar kan verag omdat sy ingegee het, is nie denkbeeldig nie. Dit is 'n feit dat 'n man dikwels 'n groot teësin ontwikkel in die meisie op wie se liggaam hy verlief geraak het (vgl. 2Sam. 13:11-15).

Baie meisies ontdek te laat dat die meeste mans wat vryelik met meisies flankeer glad nie van plan is om met hulle te trou nie. As hy die dag trou, wil hy niemand se "oorskiet" hê nie, maar soek hy 'n maagd wat hy na die huwelik kan vertrou om aan hom getrou te bly.

En trou sulke jongmense tog, word hulle dikwels deur besitlikheid, jaloesie en wantroue verteer omdat hulle nie van mekaar seker is nie. Hoe weet ek my maat sal nie weer onwettig aan iemand anders toegee soos aan my voor die huwelik nie? So word gevrees!

Erger nog. Baie meisies ontdek skielik dat hulle deur toe te gee nie 'n houvas op die man gekry het nie, maar hy op haar. Hy het nou die hef in die hande. Sy is verleë om te trou, maar hy is nie meer haastig nie. Wat het sy per slot van sake meer om hom aan te bied. Hy besit tog reeds alles. En die huwelik beteken vir hom die verlies van sy vryheid. En wanneer sy die skroef begin aandraai, vlug meer as een jongman weg omdat hy al die voorregte van die huwelik geniet het sonder om die verantwoordelikheid daarvan te wil dra. Hy stel nie werklik in haar persoon belang nie, net in haar geslag. En baie meisies is so blind van verliefdheid dat hulle dit nie raaksien of wil raaksien nie.

En dan besef sy op 'n dag dat die prys wat sy vir sy attensies betaal het te hoog was. Sy was net tydelik gebruik, nou is sy verstoot en verruil vir 'n ander. Intussen was sy blootgestel aan baie gevare en vrese wat sy merke onuitwisbaar op haar liggaam en gees gemaak het.

En geen wonder nie, dat sulke ongelukkige vroue hulle soms of geheel en al aan slegtigheid oorgee en eindelik as wrakke op die lewenssee uitspoel, of in verbittering en afsondering hulle van die lewe afsluit op 'n eensame pad van alleenheid - ongelukkige mense wie se smart en hartseer deur geen pen beskrywe kan word nie -geestelik vermoor deur mans wat voor geen aardse regbank gedaag word nie, maar aan God rekenskap sal moet gee (Rom. 14:10-12) van dit wat in die geheim deur hulle gedoen was (Luk. 12:2, 3). Mag God hulle genadig wees! (Jer. 3:13,22).

## *Die gevare van die vrye liefde*

Die gevare van die vrye liefde is legio. Waar die seksuele samelewing buite die huwelik plaasvind, is daar minder waardering vir mekaar as mens. Die "ek-jy"-verhouding word verander in 'n "ek-dit"-verhouding. Die ander mens word 'n ding wat vir eie voordeel aangewend word. Die idealisering van die vrou word prysgegee. Haar liggaam en geslag word gesoek, nie sy self nie. Die gemoedslewe van die vrou word deur so 'n verhouding beskadig. Die geneentheid word afgestomp. Sulke meisies het dikwels die diepste veragting vir die mans wat hulle besoek. Teleurgesteldheid in die ander en in die self is die gevolg. Simptome van skuldbesef en geesteskwellinge teister sulke mense later. Simptome van terneergedruktheid, lusteloosheid, lewensmoegheid, slapeloosheid, minderwaardigheid, spanning en angs word dikwels vererger. Die lewe word 'n aaklige nagmerrie. Jaloesie en besitlikheid begin om hulle te verteer.

En by al hierdie aaklige nagevolge moet nog 'n lang ry ander soort gevare genoem word: Vrees vir ontdekking, swangerskap, geslagsiektes, ontrouheid, afpersing en seksmoord word 'n

aaklige monster wat hierdie mense dag en nag bedreig. Geen wonder nie dat selfmoord so toeneem onder hierdie ongelukkige mense nie.

Maar die grootste gevaar is seker dat hierdie mense hulle geloof kan verloor en so verhard en verbitterd teen die lewe en teen God kan raak dat hulle nie alleen vir die kerk nie maar ook vir die koninkryk verlore kan raak.

Daarom sal die gelowiges nooit mag verslap in hul roeping en verantwoordelikheid om ook aan hierdie mense van die genade, vergifnis en liefde van Christus te vertel nie. Hy wat vir die vrou wat in egbreuk betrap was kon sê: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie" (Joh. 8:11); Hy is die Een wat begryp, vergewe en genees.

# HOOFSTUK IX

## *Die Agtste Gebod*

Die agtste gebod lees so: *" Jy mag nie steel nie" (Ex. 20:15).*

Terwyl dit in die sewende gebod grootliks oor die huwelik gehandel het, gaan dit in die agtste gebod meer bepaald oor die eiendom van die mens. Hier kom die hele sosiale en ekonomiese vraagstuk aan die orde. Dit wat kragtens die beeld van God oorspronklik in die hart geskrywe was, maar deur die sondeval byna totaal vernietig is (vgl. Rom. 2:14), is deur die afkondiging van die agtste gebod op Sinai uitwendig herstel, en kom as 'n stem van buite tot die gewete van die mens. Daarmee word die plek en funksie van eiendom vir die volk van God aangewys en die norm neergelê waarvolgens bepaalde beginsels en reëls uitgewerk moet word oor hoe met eiendom gehandel moet word en wat die mens se houding daarteenoor behoort te wees. Dit raak dus onder meer vrae soos byvoorbeeld hoe die mens oor eiendom moet dink, hoe hy dit mag besit, hoe hy dit moet bekom en hoe hy dit moet gebruik of bestee. Sowel dit wat verbied as dit wat gebied word met betrekking tot eiendom, kom dus ter sprake. En in hierdie sin is die agtste gebod een van die fondamentstene van die maatskaplike gebou vir die ordelike bestaan en voortbestaan van Gods volk op aarde.

Die agtste gebod handhaaf dus die eiendomsreg, en handel oor die besit van eiendom deur die mens, terwyl God alleen die absolute en onvervreembare Eienaar van almal en alles in die ganse heelal is; die Skepper en Beskikker oor die lewe en die goed van alle mense. Die gebod leer dat daar wettige en onwettige wyses bestaan waarop eiendom bekom kan word. Hier word aspekte soos arbeid, handel, koop, reklame, wins, spekulasie, erflating en selfs loterye en weddenskappe betrek. Dan ook gaan dit hier om die regte en verkeerde besit van eiendom en kom aspekte soos privaatbesit en gemeenskaplike besit aan die orde, terwyl ook begrippe soos rentmeesterskap, gierigheid en verkwisting aandag ontvang. Die feit dat die gebod die eiendom van andere in beskerming neem, dui ook daarop dat die bestaansmoontlikheid van alle mense verseker moet word en aan diegene wat meer bevoorreg is die opdrag gegee word om deur middel van dienste van barmhartigheid te lewe en te laat lewe binne die lewensruimte wat God geskep het vir sy koninkryk, wat ook vir hierdie aarde bestem is en die ganse aarde, dus ook die stoflike, omvat. Erkenning van die absolute eiendomsreg van God, die besitreg van die mens en eerbied vir die eiendom van die naaste word onder meer deur die agtste gebod geëis.

## *Die tweede gebod sonder 'n voorwerp*

Soos in die geval van die sesde gebod het ons ook hier by die agtste gebod geen voorwerp nie. Die gebod sê net: "Jy mag nie steel nie" (Ex. 20:15), maar kwalifiseer dit nie verder nie. Dit is dus ons taak om uit alle Skrifgegewens verder te bepaal wat alles nie gesteel mag word nie.

In Ex. 21:16 en Deut. 24:7 word menseroof verbied en met die doodstraf bedreig. Daarmee word slawerny egter nie vanself sprekend veroordeel nie, want Moses aanvaar die eiendomsreg op slawe: "Wat jou slaaf of jou slavin aangaan wat aan jou sal behoort - van die nasies wat rondom julle is, van hulle mag julle 'n slaaf of slavin koop" (Lev. 25:44). Hierdie reg word deur Paulus as 'n bestaande feit aanvaar (1 Kor. 7:20-24) en die reg van Filémon oor Onésimus deur hom eerbiedig (Filémon v. 8-21). Die Bybel praat van diefstal van mense omdat dit 'n misdaad teen dié mense se eienaar is. So het Josef wat deur sy broers as slaaf verkoop was (Gen. 37:28) later verklaar dat hy gesteel was (Gen. 40:15).

In Ex. 22:1-13 kry ons allerhande voorskrifte aangaande die eiendom van die naaste en die diefstal van sy stoflike besittings soos diere, geld en goed. Dit dien as voorbeelde van enigiets wat as eiendom aangedui kan word en as voorbeelde van alle moontlike vorme van diefstal, selfs van mense. Dan lees ons van Agan wat gesteel het van die buitgoed wat by die skat van die Here moes kom (Josua 6:18, 19, 24; 7:11, 20-26), van diegene wat bedrieglik gehandel het met 'n verkleinde efa en 'n valse weegskaal (Amos 8:5), van mense wat die Here beroof het omdat hulle nie die hele tiende na die skathuis gebring het nie (Mal. 3:8-10) of van diegene wat die dagloner in sy loon en die weduwee en wees verdruk (Mal. 3:5; Jer. 22:13;

Jak. 5:4).

Ons sien dus dat die agtste gebod nie slegs menseroof verbied nie, maar elke moontlike diefstal veroordeel, dit wil sê, die steel van enigiets wat as eiendom aangedui kan word, op watter wyse dit ook al mag geskied.

Die agtste gebod laat die lig van Gods Woord dus val op die stoflike dinge van die aarde soos geld, goed en arbeid, en omspan ons ganse lewe. Dit gaan in die godsdiens dus nie net om die geestelike lewe en om Sondag nie, maar beslis ook om die materiële dinge en om al die dae van die week.

Soos God in die vierde gebod sy volk van die slawerny van arbeid wil bevry, so wil Hy sy volk deur die agtste gebod van die geldgod en daardeur van baie ander sondes verlos, want hy wat gou ryk wil word, val in baie strikke waardeur baie hulleself met baie smarte deurboor (1 Tim. 6:7-11).

## *Die Alleen-Eienaar*

God het die hemel en die aarde geskape (Gen. 1:1). Daarom staan daar geskrywe: "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon" (Ps. 24:1). Hy alleen is die absolute en onvervreembare Eienaar van hemel en aarde. En al belowe Hy om Kanaan aan Israel as besitting te gee (Gen. 12:7; Jos. 1:2, 3), bly God die werklike besitter, die Alleen-Eienaar. Daarom word aan hulle gesê: "Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is" (Lev. 25:23). Aan hierdie feit word Israel voortdurend herinner (Jos. 22:19; Hos. 9:3). Dit word ook gesê van alle lewende hawe: "Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie; want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op die berge by duisende" (Ps. 50:9, 10). Dit was die seën van die Here wat die besittings van Jakob grootliks vermeerder het (Gen. 30:30, 43). En van die goud en silwer lees ons: "Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die Here van die leërskare" (Hag. 2:8). Wat die mens ook al mag besit, het hy van God ontvang (1 Kor. 4:7). Dit was God wat Abraham (Gen. 14:23) en Salomo (1 Kon. 3:13) ryk gemaak het.

Die feit dat God alleen die volstrekte eienaar van alles en almal is, word treffend geïllustreer in die besondere opdragte wat aan Israel gegee was. Die bepaalde voorskrifte in verband met die sabbatjaar (Ex. 23:9-11) en die jubeljaar (Lev. 25:8-13) is onder meer voorbeelde van bepalinge wat daarop gemik was om die gedagte voortdurend onder die volk van God lewend te hou, dat nie die mens nie maar God alleen absolute besitter is en as sodanig deur almal eerbiedig en gehoorsaam moet word.

Intussen moet hieruit verder afgelei word dat die mens nooit absolute of volstrekte besitreg of beskikkingsreg oor sy eiendom verkry nie. Hy kan hoogstens bestuurder of rentmeester van God se goed genoem word en is dus in die eerste plek aan God rekenskap verskuldig. Hy kan nie met God se goed maak wat hy wil nie!

## *Absolute beskikkingsreg*

As God die Alleen-Eienaar van alles en van almal is (Ps. 24:1; Ex. 9:5), dan spreek dit vanself dat alleen Hy oor absolute beskikkingsreg beskik; dat alleen Hy met sy eiendom kan maak wat Hy wil, en dat Hy aan niemand rekenskap hoef te gee van wat Hy het sy besittings doen nie. Net Hy alleen kan vra: "Of staan dit my nie vry om met eie goed te maak wat ek wil nie?" (Matt. 20:15). Hy is die Pottebakker wat die volste reg het om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak (Rom. 9:21). Daarom mag geen mens teen God antwoord nie (Rom. 9:20). God mag gee en neem soos Hy wil (Job 1:21); Hy mag arm of ryk maak as Hy wil (1 Sam. 2:7); Hy mag doodmaak of laat lewe as Hy wil (1 Sam. 2:6). Niemand kan aan God voorskrywe nie; niemand mag Hom ooit verwyt nie.

Daarom handel God binne sy volle reg wanneer Hy aan sy diensknegte nie almal ewe veel talente toevertrou nie (Matt. 25:14, 15), of wanneer Hy aan werkers wat nie ewe veel presteer het nie, tog dieselfde beloning gee (Matt. 20:1-16), of wanneer Hy aan sy beminde in die slaap

gee, terwyl die andere tevergeefs vroeg opstaan, laat opbly en brood van smarte eet (Ps. 127:2).

Omdat God oor almal en alles beskik, mag Hy die* mens beveel om 'n tiende van sy inkomste aan God af te staan (Mal. 3:10; Matt. 23:23) en aan die ontroue en ongehoorsame sê dat hy sy God besteel (Mal. 3:7-10); mag Hy die ryk jongman beveel: “Gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes” (Mark. 10:21); mag Hy aan die ryk dwaas wat in hebsug alles opgegaar het, sê: “Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereed gemaak het, wie s'n sal dit wees?” (Luk. 12:20); mag Hy aan ons sê: “Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang” (Luk. 16:9); mag Hy die rykes beveel om goed te doen en ryk te wees in goeie werke, vrygewig en mededeelsaam (1 Tim. 6:17-19).

Wie die absolute beskikkingsreg van God erken, murmureer nie meer nie, is nie ontevrede nie, vra nie meer vrae nie, maar gehoorsaam en doen sonder teëspraak dit wat God hom beveel om te doen in alle lankmoedigheid en blydskap tot eer van die Here.

## *Eiendom*

Die agtste gebod gaan eenvoudig van die veronderstelling uit dat eiendom in die lewe van die mens legitiem is. Ook in die Heidelbergse Kategismus word van eiendom geen probleem gemaak nie, maar as vanselfsprekend aanvaar. Die goeie reg van eiendom word dan nie alleen erken nie, maar ook deur die gebod in beskerming geneem. Daar is dinge wat nie aan my nie, maar aan andere behoort. En, ek mag nie wederregtelik daarop beslag lê nie.

God het as volstrekte Eienaar (Ps. 24:1; 50:10) aan die mens die opdrag gegee om die aarde in besit te neem en om oor alles wat op die aarde bestaan te heers (Gen. 1:28; Ps. 8:4-10). Daarmee het God 'n gedeelte van sy eiendom aan die sorg van die mens toevertrou en het die mens as beelddraer van God self ook eienaar geword (vgl. 2 Kron. 20:11; Miga 2:4; Luk. 15:12, 13) en kon byvoorbeeld Nabot met goeie reg weier om die erfdeel van sy vaders aan koning Agab te gee (1 Kon. 21).

Volwaardige menswees en beelddraer van God wees sonder eiendom, is eenvoudig ondenkbaar. Die Christen moet egter vanweë die nood (vgl. 1 Kor. 7:26) en dringendheid van die tyd (1 Kor. 7:29) besit asof hy nie besit nie sodat hy onbesorg kan wees (1 Kor. 7:29-32), en selfs die berowing van sy goed met blydskap kan aanvaar, omdat hy weet dat hy in homself 'n beter en blywende besitting in die hemele het (Hebr. 10:34).

Intussen moet daar onthou word dat menswees ook saam-wees beteken en nie alleen-wees nie. Die mens bestaan saam met andere en moet daarom ook met andere deel. Maar juis vanweë die feit dat daar nie gelykheid van eiendom in die koninkryk van God bestaan nie aangesien Hy aan elkeen uitdeel soos Hy wil (Matt. 20:15) en na die vermoë van elke mens (Matt. 25:15), en omdat almal nie daarmee handel drywe en wins maak nie (Matt. 25:24, 25), is dit nodig dat die een met die ander rekening moet hou ook wat persoonlike eiendom betref. Hieruit word dit dan ook meteen duidelik dat die ordelike bestaan en voortbestaan van die menslike samelewing bepaalde regsverhoudinge vereis om hierdie sake te reël. Maar hierdie reëling kan alleen slaag indien die soewereine beskikkingsreg van God erken word om met sy goed te maak soos Hy wil en uit te deel aan wie Hy wil en soos Hy wil, en indien hierdie sake deur naasteliefde geheilig word, en totale besitloosheid of behoeftigheid deur onderlinge hulpbetoon, weldadigheid en mededeelsaamheid (vgl. Hebr. 13:16; 1 Petr. 4:10) bestry word.

## *Eiendomsreg*

Eiendomsreg of besitreg is volgens die Romeins-Hollandse reg die deur wetgewing beskermende relasie waarin 'n persoon staan tot 'n saak wat hy mag besit, gebruik en geniet, vervreem en vernietig. Hierdie interpretasie is byna woordeliks so in die Suid-Afrikaanse strafreg oorgeneem. Eiendomsreg word gewoonlik verstaan as 'n saaklike reg wat die mees volledige heerskappy oor 'n saak verleen om

243

met die saak te doen wat hy wil met inagneming van die beperkings van die objektiewe reg en die subjektiewe regte van ander. Dit *is* dus die mees volledige reg wat 'n mens op 'n saak kan kry omdat hy vrye, onbelemmerde besit daarvan geniet en dit tot sy uitsluitlike voordeel kan gebruik.

Hierdie beskouing gaan dus daarvan uit dat die mens volstrekte eienaar is van wat hy besit en dat hy daaroor volledig beskik. Hy kan daarmee maak wat hy wil. Indien dit 'n korrekte vertolking van die wet is, dan is dit, hoe vanselfsprekend dit ook al mag blyk, niks anders as 'n diep-goddelose gedagte nie. Volgens die Skrif beskik die mens as beeld van God (Gen. 1) beslis oor eiendomsreg, wat aan hom reg gee om met sy eiendom na goeddunke te handel (Hand. 5:4; Luk. 15:13; 19:20, 21), maar dan nie as volstrekte eienaar nie, maar as een wat daarmee handel drywe totdat die huisheer hom (Luk. 19:13) om dan aan Hom rekenskap te gee (Luk. 19:15-28). Die grondstelling in die Bybel is dat God alleen die volstrekte Eienaar van alles en almal is (Ps. 24:1); dat Hy alleen absolute beskikkingsreg besit (Matt. 20:15). Toe die huisheer in die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30) sy besittings aan sy diensknegte toevertrou het, het daar geen oordrag van eiendomsreg plaasgevind nie; alleen van bestuursreg is daar sprake. Die mens ontvang nooit absolute beskikkingsreg nie. Hy mag nooit met sy besittings ongekwalifiseerd maak wat hy wil nie; nie eers met die brood op sy tafel nie. Niemand nie!

Wanneer daar egter in wetgewing absolute beskikkingsreg aan die mens oor sy goed toegeken sou word, word aan die mens regte en magte toegeken wat aan God alleen toekom, word van God in die betrokke wetsartikel ontslae geraak, sy volstrekte beskikkingsreg oor die mens en sy goed Hom ontneem, dinge in sy koninkryk anders gereël (vgl. Matt. 5:19) as wat Hy bepaal het (Luk. 19:11-13), Christus van sy koningskap gestroop (Luk. 14:14), en 'n sware bedreiging oor die owerhede uitgeroep (Luk. 19:27), terwyl die Woord dringend waarsku: "Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! Dien die Here met vrees, en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam" (Ps. 2:10-12).

## *Die mens as rentmeester van God*

Waar God die Skepper en Eienaar van heel die skepping is, maar 'n gedeelte van sy goed aan die mens toevertrou het, spreek dit vanself dat die mens hoogstens rentmeester kan wees van God se goed, en alleen reg het om daarmee handel te drywe totdat die huisheer weer kom (Luk. 19:13) om dan rekenskap te gee van hierdie rentmeesterskap (Luk. 19:15) en uit die hand van die huisheer loon of straf te ontvang afhangende van wat hy met die eiendom van die huisheer gemaak het (Luk. 19:16-28).

Die oproep tot rekenskap sal vir almal op die jongste dag afkom wanneer vuur elkeen se werk op die proef sal stel, hoedanig dit is, goud, silwer, kosbare stene of hout, hooi en stoppels. As iemand se werk bly staan, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen (1 Kor. 3:11-15).

Maar die huisheer kan selfs vóór die jongste dag van sy diensknegte rekenskap eis en sê: "Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake; want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie" (Luk. 16:2). Die vyeboom wat deur Christus vervloek was en wat toe uitgedroog het (Mark. 11:12-14, 20-21) is 'n voorbeeld van wat met mense kan gebeur in wie se lewe daar net blare, maar geen vrugte gevind word nie. Jesus het geleer: "Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra" (Joh. 15:2).

En die belangrikste opdrag aan sy diensknegte is om die evangelie aan die ganse mensdom te verkondig (Mark. 16:15), want eers moet die evangelie van die koninkryk verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom (Matt. 24:14). Die Here Jesus sê wel dat hy sy diensknegte soos skape onder wolwe instuur (Matt. 10:16), maar belowe nietemin om met hulle te wees tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 28:20). Daarom sal elkeen van ons, hoe moeilik die taak ook al mag wees, altyd en oral kan sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4:13; 1 Thess. 5:24; 2 Tim. 2:13).

## *Wat God in die agtste gebod verbied*

Oor die verbod in die agtste gebod leer die Heidelbergse Kategismus soos volg: "God verbied nie alleen dié diefstal (1 Kor. 6:10) en roof (1 Kor. 5:10; Jes. 33:1) wat die owerheid straf nie; maar Hy noem ook diewery alle bose dade en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste onsself toe te eien (Luk. 3:14; 1 Thess. 4:6), met geweld of skyn van reg, soos met valse gewig, el, maat, ware (Spr. 11:1; 16:11; Eseg. 45:9, 10; Deut. 25:13), munt, woeker (Ps. 15:5; Luk. 6:35) of deur enige middel wat God verbied; waarby ook alle gierigheid (1 Kor. 6:10), alle misbruik en verkwisting van sy gawes" (Spr. 23:20,21; 21:20; H.K. 110). Die Kategismus leer ons dat die agtste gebod hoofsaaklik die wanpraktyke verbied wat met die verkryging, besit en besteding van eiendom te make het, en dat sy oortreders in geen geringe mate gesoek moet word onder die wat besit eerder as onder die wat nie besit nie. Onder die verkryging van eiendom word sowel die sondes wat die owerheid straf soos diefstal en rowery getel as alle bose dade en listige planne waarmee die mens homself ten koste van andere wil verryk, óf met geweld óf met die skyn van reg of deur enige middel wat God verbied. Dit gaan dus in die gebod nie slegs oor dié sondes wat onder die aandag van die owerheid kom en deur hom gestraf word nie, maar beslis ook oor dié sondes wat die aandag van die owerhede ontglip of selfs nie deur die owerheid as 'n oortreding beskou word nie; dinge wat die skyn van reg het, maar wat die aandag van God nie ontsnap nie, en wat deur die agtste gebod verbied word. Die mens kan dus moontlik volgens die landswette korrek optree, maar tog deur Gods wet veroordeeld staan. Vir die volk van God is dit nie voldoende om net die wette van die landsowerheid te eerbiedig nie, maar is dit noodsaaklik om die wet van God te onderhou, al sou die landswette daarmee nie ooreenstem nie.

Wat die besit van eiendom betref word alle gierigheid verbied, al het die persoon ook al sy eiendom op 'n eerlike wyse bekom. Die gierigaard tree op asof hy absoluut oor sy eiendom beskik, waardeur die absolute beskikkingsreg van God oor almal en alles misken word (vgl. Ps. 24:1; 50:10; Hag. 2:8). God het die mens byvoorbeeld beveel om vir sy eie mense te sorg (1 Tim. 5:8) en om sy oor nie vir die hulpgeroep van die arme toe te stop nie (Spr. 19:17; 21:13). Wie sy besittings vir homself alleen gebruik, is nie meer 'n getroue rentmeester en bestuurder van God se goed nie, voer nie meer sy opdragte uit nie, neem vir homself meer as waarop hy geregtig is, besteel God, en oortree die agtste gebod.

En wat die besteding van eiendom betref word ook alle misbruik en verkwisting verbied, omdat die mens nie met God se goed mag maak wat hy wil nie (Matt. 25:24-30), veral nie mors nie (Matt. 14:20; 15:37).

Die gierigaard besef nie dat eiendom moet dien nie en nie 'n doel op sigself is nie. Die verkwister verstaan nie dat eiendom besit moet word nie. Die roeping tot bewaring en vermeerdering word hier nie begryp nie.

## *Hoe eiendom verwerf moet word*

Alle eiendom moet gesien word as 'n gawe van God. Daarom moet ons daagliks bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood" (Matt. 6:11).

Die erkenning dat eiendom 'n gawe van God is, mag my egter nie passief of lui maak nie, want saam met luiheid kom armoede (Spr. 6:9-11). Dit moet ook nie my eie verantwoordelikheid of private inisiatief enigsins demp nie, want hoewel God die land Kanaän aan Israel gegee het, moes hulle dit tog self van die vyand afneem (Jos. 1:1-3).

Een van die belangrikste beginsels vir die verwerwing van eiendom is arbeid (Gen. 1:28; 2:15; 3:19; Ef. 4:28), want 'n arbeider is sy loon werd (Luk. 10:7), mits hy 'n (eerlike) dag se eerlike werk verrig. Hier mag, werkgewer en werknemer mekaar nie te kort doen of uitbuit nie. Loon mag nie net aan prestasie gemeet word nie, want dan ontvang die blinde, minderontwikkelde en gestremde nie 'n menswaardige vergoeding nie. Die werker mag nooit minder betaal word as wat dit hom toelaat om hom volledig as mens uit te lewe nie, want dan steel die ryke van die arme. In die handel mag nie met 'n valse weegskaal geweeg word nie (Amos 8:5; Hosea 12:8). Aan woekerwins mag die mens hom nie skuldig maak nie (Eseg. 18:8, 13, 17; 22:12, 13). Kennis van verkoopkuns mag nie ingespan word om die onkundige,

oningeligte of goedgelowige te beweeg om goedere te koop wat hy nie nodig het nie, nie kan of behoort te bekostig nie of dalk nie wou gehad het nie. Reklame moet waar en betroubaar wees en aan alle morele en sedelike kodes getrou bly. Krediet en huurkoop moet nie met bybedoelings aan riskante kliënte beskikbaar gestel word nie. Van dief stal en bedrog mag daar by die verwerwing van eiendom geen sprake wees nie.

Die mens kan ook sy eiendom vermeerder deur middel van oorlog (Gen. 14), ontdekking of erflating (Deut. 21:15-17; 2 Kor. 12:14). In Israel was daar bepalinge wat verhoed het dat families nie vir altyd hulle grond sou verloor nie. In die erfreg sal die owerhede moet toesien dat nooit 'n ewigdurende verarming van sommige en 'n te grote opeenhoping van besit vir een of 'n paar families tot stand sal kom nie, want dan kan dit gebeur dat 'n hele volk verarm en net één of 'n paar families alles besit (Jes. 5:8). Dit sou teëlaarde vir Sosialisme en Kommunisme teweegbring, tensy die owerheid ingryp, soos Nehemia ook gedoen en 'n nasionale ramp afgewend het (Neh. 5:1-13).

Dit beteken nie dat daar gelykheid van besittings moet wees nie. Ongelykheid van bekwaamheid (Matt. 25:15) en van prestasievermoë (Luk. 19:16-19) bring ongetwyfeld ongelykheid in besitting voort (Luk. 19:16-19). Christus leer ons dus dat die blote verskil in besit nie afgekeur mag word nie, en dat dit aan niemand die reg verleen om 'n ander se goed wederregtelik te neem nie. Ons mag dit net nie wederregtelik verwerf nie (Ex. 20:15; Lev. 19:11) en ongelykheid mag nie 'n nasionale ramp word nie (Neh. 5:1-13).

## *Arbeid*

Kragtens die skepping van die mens na die beeld van God (Gen. 1:26, 27) moet arbeid as 'n vanselfsprekende lewensnoodwendigheid gesien word, omdat God die steeds werkende God is (Joh. 5:17). Die kultuuropdrag (Gen. 1:28; 2:15) moet dus as 'n omskrywing van die kultuurtaak eerder as 'n opdrag van buite tot arbeid gesien word. Grond en grondstowwe is sonder arbeid byna nutteloos. Die mens moet homself inspan ten einde ekonomiese goedere te kan produseer of allerlei dienste te kan lewer. Hierdie inspanning is geestelik en fisies tegelyk, terwyl die verhouding tussen die twee bepaal word deur die aard van die werk wat verrig word, of dit met die oog, oor, mond, hand of verstand plaasvind, al dan nie.

Dit is egter 'n grondbeginsel dat die mens in die gewone gang van sake nie arbeid sonder vergoeding verskaf nie (Jer. 22:13). Daarom is arbeid een van die belangrikste en mees algemene middele om eiendom te verwerf. Wie nie werk en verdien nie, moet dan ook te gronde gaan (Spr. 24:30-34), en so iemand verval baie maklik in die versoeking om te steel om te kan lewe. Daarom skrywe Paulus: "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het" (Ef. 4:28). Vir die luiaard het die Bybel geen vriendelike woord nie (Spr. 6:6-11). Die Here verwag van ons om 'n eerlike dag se werk te doen, om ons brood op 'n eerbare wyse te verdien. Daarom is die reël neergelê: As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie" (2 Thess. 3:10). Wie sy lyf wegsteek en nie sy beste gee in diens van sy werkgewer nie, ontvang loon vir wat hy nie gedoen het nie. Hy is inderdaad 'n dief en 'n rower.

Al het die sondeval dit meegebring dat die mens nou met moeite van die aarde eet (Gen. 3:17-19), het die Here nietemin aan sy gelowige volk gesê: "Die Here jou God sal jou seën in al jou inkomste en in al die werk van jou hande" (Deut. 16:15). En ook: "Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel! Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy, en dit gaan met jou goed" (Ps. 128:1, 2). Die mens ontvang dus per slot van sake ook sy stoflike besittings van God (1 Sam. 2:7), sodat die mens kan leer dat hy steeds van God afhanklik is en dat hy nie op brood nie, maar op die Skepper moet vertrou (Deut. 8:3), dié God wat aan die mens die gesondheid, krag en verstand en geleentheid gee om te werk en te verdien.

## *Lone*

Loon is die vergoeding wat arbeid ontvang vir hetsy liggaamlike en of geestelike vermoëns wat aangewend word om goedere en of dienste te produseer wat ekonomiese nut het. Sommige

lone is ook gedeeltelik betaalbaar in natura, en bestaan uit losies, uniform, pensioenvoorregte en so meer.

Lone word gewoonlik bepaal deur die wet wat geld ten opsigte van ewewig of vraag en aanbod. 'n Vergelyk vind tussen werkgewer en werknemer plaas, 'n Ondernemer hou gewoonlik die beginsel in gedagte dat sy totale koste nooit sy verwagte ontvangste moet ewenaar nie. In die geval waar daar meer werknemers as betrekkings is, het die ondernemers 'n keuse en is die lone geneig om te daal aangesien die werk toegesê word aan die persoon wat sy dienste teen die laagste prys aanbied, en omgekeerd.

Daar bestaan ook verskillende lone vir verskillende beroepe. Daar is gewoonlik 'n groter aanvraag om werk onder die ongeskoolde werkers en hier word dus die beginsel van die laagste aanbod bepalend afhangende van die minimumskaal wat deur nywerheidswetgewing vasgelê is. In essensiële arbeid waar daar 'n tekort aan werknemers bestaan, is die lone geneig om hoër te wees. In sekere beroepe wat hoë uitgawes aan opvoeding en opleiding meebring moet die salaris wat aangebied word met die hoë koste van opleiding tred hou. Druk wat deur byvoorbeeld vakunies uitgeoefen word bring ook styging in lone mee.

Vroue verdien in die algemeen nie dieselfde lone as mans nie. Die redes wat gewoonlik hiervoor aangegee word is dat die vroue oor die algemeen nie 'n loopbaan van hulle beroep maak nie, dat die getal betrekkinge waarin hulle gebruik word beperk is, dat hulle in die reël nie die broodwinner van 'n familie is nie, behalwe in die geval van 'n weduwee of waar hul ouers onderhou moet word, dat personeelverliese as gevolg van bedankings geweldig hoog is en dit dus vir werkgewers 'n groot risiko inhou om vroue in diens te neem, behalwe vir pligte van roetine aard wat nie veel opleiding vereis nie. Dit is egter 'n vraag of bogenoemde redes dit basies regverdig dat daar teen die vrou in die algemeen wat die loon betref gediskrimineer mag word, bloot op grond van die feit dat sy 'n vrou is? Enige diskriminasie teen wie ook al kan nie met die Skrif regverdig word nie. Dieselfde opleiding en dieselfde kwaliteit van arbeidslewering, vereis dieselfde vergoeding, onder soortgelyke omstandighede.

Die Bybel leer dat daar 'n verband bestaan tussen arbeid en loon: "Die arbeider is sy loon werd" (Luk. 10:7; 1 Tim. 1:18). Daar moet in die reël 'n verband bestaan tussen prestasie en loon, wat daarop neerkom dat werkgewer en werknemer mekaar nie mag uitbuit nie. Die werkgewer mag nie 'n maksimum arbeid vereis vir 'n minimum loon nie; en die werknemer mag nie 'n minimum arbeid lewer vir 'n maksimum salaris nie. In beide gevalle word die agtste gebod oortree.

Die Bybel spreek 'n wee uit oor elkeen "wat sy naaste laat werk vir niks en hom sy loon nie gee nie" (Jer. 22:13), en 'n ernstige bedreiging "teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk" (Mal. 3:5), dit wil sê, minder betaal as waarop hy geregtig is. Hy kan nie met die verskoning wegkom, dat dit 'n vrou of 'n nieblanke is nie.

Die werkgewer wat sy werknemers nie op tyd betaal nie (Lev. 19:13; Jak. 5:4), verdruk hom (Deut. 24:14): "Op die dag self moet jy sy loon gee, sodat die son oor hom nie ondergaan nie - want hy is arm en sy siel verlang daarna - dat hy nie teen jou tot die Here roep en dit sonde in jou word nie" (Deut. 24:15).

## *Handel*

Indien onder die begrip handel verstaan word die koop en verkoop of ruil en verruil van ware, dan omvat die term handel al die beroepe en werksaamhede waarvan die uiteindelike doel is om handelsware en produkte vanaf die vervaardiger of produsent in die hande van die verbruiker te besorg. Produkte soos melk, vleis of groente moet van die produsente versamel en by die verbruikers besorg word. Grondstowwe soos ystererts, graan of wol moet van produsente versamel en by fabrikante besorg word. Die fabrikate soos motors, meubels of klere moet weer by fabrieke versamel en onder verbruikers versprei word. Al die instansies wat hierdie versameling en verspreiding behartig, word die handel genoem.

Die hooftaak van handeldrywe is dan die koop en verkoop van goedere met die doel om wins te maak. Alle dienste soos die vervoer, versekering of adverteer van die goedere, word hulpdienste genoem omdat hulle die handelaar help om kopers en verkopers met mekaar in

verbinding te bring en transaksies te beklink.

Die handel maak dus 'n belangrike deel uit van die ekonomiese meganisme van 'n land, enersyds deur die verspreiding van handelsartikels en andersyds die verskaffing van arbeid. 'n Gedeelte van die handel bestaan uit markte waar goedere volgens die beginsel van vraag en aanbod aan die verbruikers aangebied word. Handel is dus 'n bepaalde vorm van arbeid wat sonder die winsmotief geheel en al ondenkbaar is.

Jakobus het dit dan ook nie teen die "handel drywe en wins maak" nie (vgl. Jak. 4:13), maar daarteen dat God as faktor buite rekening gelaat word (Jak. 4:13-17; vgl. Amos 8:7). Die huisheer van die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30) het dan ook vermeerdering van eiendom beloon en verwag dat hy ten minste sy geld met rente terug sal ontvang (Matt. 25:27). Misbruike in die handel (vgl. Deut. 25:13-16; Lev. 19:35, 36; Spr. 11:1; 16:11; Eseg. 45:9,10; Amos 8:4-7; Mal. 3:5; Jer. 22:13; Jak. 5:4) en onbehoorlike rente en woekerwins (Eseg. 18:8, 13, 17; 22:12, 13) is egter skerp veroordeel: "Julle mag nie steel nie, en julle mag nie lieg nie, en julle mag die een die ander nie bedrieg nie" (Lev. 19:11).

Vertroue moet die grondslag van alle handel wees. Goedere moet streng volgens vereiste kwaliteit gelewer word, beloftes en waarborge moet nagekom word, onreëlmatighede moet reggestel word en geen handelsware van swak gehalte moet aan klante afgesmeer word nie. Die maksimum bedrag wat vir goedere vasgestel is of vir diens, mag nie oorskry word nie. Onjuiste dokumente mag nie uitgereik word nie. Op geen wyse mag enige bestaande regulasie oortree word nie. En wat die kinders van die koninkryk van God betref, mag daar nie net gesoek word om volgens die landswette korrek op te tree nie, maar steeds gevra word na die eise van Gods wet (Hebr. 4:12; 2 Petr. 1:19-21).

## *Verkoopkuns*

Verkoopkuns is die kuns om goedere aan klante te verkoop deur hulle te oortuig dat hulle die goedere wel nodig het. Verkoopkuns bestaan dus in die vermoë om die produk en dienswaarde daarvan in terme van die nut en voordele aan die koper te verduidelik en hom te oortuig en te motiveer om die regte soort en kwaliteit produk te koop.

Die welslae van die verkoopklerk hang grootliks af van sy besondere kennis van sy handelsware en sy klante. Mensekennis is noodsaaklik. Daarom word verkoopklerke geleer om hulle klante op te som. Sy houding en stap, voorkoms en drag, ouderdom, liggaamsbou, stem, taal en gesigsuitdrukking moet fyn dopgehou en korrek opgesom word, sodat hy reg benader en behandel kan word. Hy moet tussen die verskillende tipes kan onderskei en sy verkoopsgesprek daarvolgens beplan, die impulsiewe, senuweeagtige, onbesliste, spraaksame, kritiese, verwaande, agtelosige of godsdienstige klant moet elkeen anders hanteer word. Hy moet onthou dat ook die vyf sintuie van 'n mens 'n rol speel wanneer klante aankope oorweeg, en dat selfs die diepste wese van 'n mens by 'n kooptransaksie 'n rol speel, te wete sy bewussynsverskynsels, gevoelens, gedagtes, denkwyses, leerhandelinge, gemoedsaandoeninge, drange en begeertes. Die verkoopklerk moet om hierdie redes die gedagtes, denke, handelinge en woordkeuse van potensiële kopers bestudeer en die geskikste benadering vind om transaksies te beklink. Sielkundiges het vasgestel dat iemand 'n artikel koop op grond van sy dienswaarde. Die dienswaarde sluit aan by 'n bepaalde behoefte wat dit kan bevredig. Die verkoopklerk verkoop dus nie goedere nie, maar behoeftebevrediging. Hy beklemtoon dus nie die kenmerke van die artikel nie, maar die behoeftes wat dit bevredig, deur eerstens die klant te oortuig dat hy 'n behoefte aan 'n besondere artikel het en dan dat die goedere wat hy hom aanbied van so 'n gehalte is dat dit sy behoeftes die beste sal bevredig. Daarom sal ook die sterkte van die begeertes van mense bepaal moet word soos byvoorbeeld, eet, beskerming, gesondheid, voorkoms, skoonheid, vriendskap, trots, plesier en nuuskierigheid, wat weer deur faktore soos gewoontes, godsdiens, omgewing, modes of selfs bygeloof beïnvloed word. Selfs die bui waarin die klant is of sy moontlike finansiële posisie moet konsidereer word.

Hierby moet nog gevoeg word die besondere tegniek wat deur die verkoper aangewend word om die klant se aandag en belangstelling te verkry deur die uitlok van 'n gunstige reaksie, die inwin en verstrek van inligting en die behoeftebepaling. Die potensiële koper se belangstelling word gewek deur die gebruikswaardes van die artikel te stel, die goedere te

demonstreer of die klant aan die demonstrasie te laat deelneem en so al die sintuie van hom te benut. Hy word oortuig deur waarborge, toetse, statistiek en getuigskrifte. Sy begeerte om te besit word gewek deurdat die verkoopklerk die klant ten volle in die situasie laat inleef en hom in werklikheid laat indink hoe dit moet voel om die artikel wel te besit. Daarom word die klant se gevoel of reaksie deur middel van sekere vrae of tegnieke getoets; die moontlike besware word vooruit bepaal en uit die weg geruim, sodat die begeerte om te besit so sterk word dat die klant tot handeling, tot die koop van die ware, oorgaan. Hierop volg die by-verkope en die afronding van die transaksie wanneer die klant hartlik bedank word vir sy ondersteuning.

Teen dit alles kan seker geen prinsipiële besware ingebring word nie, mits dit gaan om ware dienslewering en geen enkele etiese reël oortree word nie. Dit is egter 'n onweerlegbare feit dat die verkoper, met sy kennis van massa-psigoanalitiese metodes, en kennis van menslike dryfvere en motiewe, waarom mense tot 'n bepaalde aankope kom, baie maklik misbruik van andere, en veral die onkundige en oningeligte kan maak, en homself ten koste van sy medemens kan verryk, deurdat mense verlei kan word om te koop wat hulle óf nie nodig het nie óf nie kan bekostig nie, óf selfs nie wou gehad het nie, veral daar waar hulle deur sekere tipes van musiek, of 'n bedenklike soort van reklame, waar die artikel aan 'n bepaalde simbool verbind word, of die werklike dienswaarde bo alle redelikheid opgeblaas word, tot koophandeling oorreed word. Dit is hier niks anders as bedrog, diefstal en 'n oortreding van die agste gebod nie (Ex. 20:15; Lev. 19:11; Amos 8:4-7).

## *Reklame*

Reklame, advertensie of vraagskepping is betaalde, onpersoonlike kommunikasie in 'n verskeidenheid media soos byvoorbeeld die pers, radio, televisie, strooibiljette en so meer, waarin die adverteerder uit die boodskap uitgeken kan word. Dit is dus 'n kommunikasiemiddel met 'n uiteindelike verkope ten doel, wat bereik word deur 'n idee of begrip aan andere oor te dra, hulle aandag te trek, die belangstelling op te wek, inligting oor die produk mee te deel, en 'n begeerte aan te wakker om die produk te koop. Reklame sluit dus al die middele in wat aangewend word om 'n vraag na goedere wat nog by die koperspubliek onbekend is, te skep, of om die vraag na goedere wat reeds bekend is, te handhaaf of te vergroot.

Verkoopsbevordering kan dus op twee maniere geskied, naamlik deur reklame en verkoopkuns wat weer mekaar wedersyds moet aanvul. Terwyl reklame die koperspubliek laat belangstel, moet die verkooplui die onsekerheid verwyder en die transaksies beklink. Indien die reklame nie die saak vir die verkooplui wil verongeluk nie, moet daar steeds 'n streng morele of etiese kode vir alle reklame gehandhaaf word om die vertroue van die koperspubliek nie te skok nie. Dit is oneerlik om valse en misleidende advertensies te gebruik, want dit stuur af op bedrog, en die handel, asook die verbruiker word daardeur benadeel. Dit is oneties en onwettig om enige onwaarheid oor die kwaliteit en voordele van goedere valse beweringe oor mededingers se goedere, of om misleidende opskrifte, beskrywings en illustrasies van goedere te adverteer. Sakemanne en reklamekontrakteurs behoort almal die gedragskode te aanvaar dat eerlikheid en die waarheid in alle reklame gehandhaaf moet word. Advertensies moet steeds skoon en aanvaarbaar wees.

Ongelukkig kan dit nie van alle advertensies gesê word nie. Vanweë die sondeval het dit haas onmoontlik geword om alle sakemanne sover te kry dat hulle streng by die etiese kode hou, as gevolg waarvan die koperspubliek steeds op hulle hoede moet bly vir een of ander vorm van bedrog en dit die betroubaarheid van alle reklame ondermyn.

Reklame moet as hulpdiens van die handel 'n diens lewer om die voordele van massaproduksie te benut, 'n hoër lewenstandaard te bevorder, 'n groter behoeftebevrediging vir die laer besoldigdes te verseker, die taak van die verkoopslui te vergemaklik, welwillendheid te kweek, tot beter dienslewering aan te spoor, klante te herinner, fabrikante se aandag op nuwe moontlikhede te vestig en so meer.

Maar in plaas hiervan kan dit in die hande van boosdoeners so ontaard dat goedere wat geen waarde het nie (vgl. Jes. 55:2), of waarvoor daar geen behoefte bestaan nie, só aangeprys word, en deur 'n verleidelike aanbod, behoeftes kunsmatig geskep word, dat mense nie anders kan as om te koop nie, wat dan enersyds 'n valse getuienis is en andersyds 'n

afgeperste kooptransaksie word wat 'n oortreding van sowel die negende as die agste gebod is (Ex. 20:**15,** 16).

## *Krediet, huurkoop en agterstallige rekenings*

Krediet kan in die handel beteken die lewering van goedere of dienste waarvoor op 'n toekomstige datum betaal sal word, of 'n bedrag geld wat oorbetaal word aan die lener wat dit in 'n bepaalde tyd met rente moet terugbetaal. In die meeste gevalle moet die lener sekuriteit verskaf. Kredietverlening kan deur middel van 'n ope rekening, of by wyse van wissels wat geaksepteer word, of krediet op huurkoop verskaf word.

Die voordele van krediethandel bestaan onder meer daarin dat die handelaar met baie meer klandisie sy omset kan vergroot. Dit weer lei tot 'n uitbreiding van die handel, groter landbou- en fabrieksproduksie en gevolglik meer werkgeleenthede en minder werkloosheid. Intussen is die handelaar wat krediet verskaf, geregtig om duurder vir sy goedere te laat betaal om te vergoed vir die risiko wat hy loop en om rente te vra vir uitgestelde betaling. Hy wen verder die goeie gesindheid van sy klante en maak van hulle gereelde ondersteuners van sy saak. Die klante kan koop wat hulle nodig het en eers later betaal, in die geval van boere, eers na die oes.

Daar is egter ook nadele aan krediethandel verbonde. Die handelaar het meer bedryfs-kapitaal nodig, hy loop die risiko van oninbare skulde; sy administratiewe koste is baie hoër as wanneer teen kontant verkoop word, terwyl die krediethandel verder met kredietbeheer, inwin van inligting insake kredietwaardigheid en invordering van agterstallige rekenings te make het, aangesien die krediethandel dikwels daartoe bydra dat klante meer koop as wat hulle werklik kan bekostig en aangemoedig word om bokant hulle inkomste te lewe.

Huurkoop beteken dat die koper 'n bepaalde kontantdeposito betaal of goedere inruil, terwyl die res van die koopsom in paaiemente afbetaal word en wel met rente op die agterstallige bedrag. Terwyl die koper die goedere intussen gebruik, word in die huurkoopkontrak bepaal dat indien die koper in gebreke bly om die paaiemente te betaal, die goedere teruggeneem en weer verkoop kan word om vir die skade wat die verkoper gely het te vergoed, terwyl die koper nog vir die balans aanspreeklik bly.

Die voor- en nadele is min of meer dieselfde as by kredietverskaffing genoem. Die koper word ook in staat gestel om noodsaaklike benodigdhede te koop en te gebruik. Hy weet presies wanneer paaiemente betaalbaar is en kan derhalwe sy finansies daarvolgens reël. Die huurkoopprys is hoër en die rentekoers op paaiemente baie voordeliger vir die verkoper as die normale jaarlikse rentekoerse. Die kopers is in die versoeking om baie meer te koop as wat hulle kan bekostig en gewetenlose verkopers kan kopers uitbuit deur byvoorbeeld byna afbetaalde goedere terug te neem wanneer kopers vanweë onvoorsiene omstandighede soos ernstige siekte nie die betaling van paaiemente kan volhou nie. Erger nog word dit wanneer verkopers wat in verkoopkuns bedrewe is by onkundiges, goedgelowiges en minderbevoorregtes 'n kunsmatige behoefte skep en deur 'n baie billike afbetalingsisteem die besit van nie-noodsaaklike goedere só onweerstaanbaar maak dat hulle dit koop wat hulle nie kan of behóórt te bekostig nie, welvermoedende dat hulle die paaiemente nie sal kan volhou nie en riskante klante is.

Twee belangrike aspekte kom hier onmiddellik ter sprake. Mense wat los en vas skuld maak en daarna onwillig of agtelosig is om te betaal. Hy wat skuld maak en nie betaal nie, is in werklikheid niks minder as 'n bedrieër en rower nie. Die Bybel sê: "Die goddelose leen en gee nie terug nie" (Ps. 37:21). En ook: "Wee hom wat sy huis bou met ongeregtigheid en sy dakkamers met onreg; wat sy naaste laat werk vir niks en hom sy loon nie gee nie" (Jer. 22:13). En ook: "Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is" (Rom. 13:7, 8; Mark. 12:17). As die neiging om skuld te maak en dan nie betaal nie, immoreel is, dan is dit nog meer waar van dié verkoper, wat ander doelbewus uitbuit en sy naaste met sy behendige verkoopsvernuf omkoop om te koop wat hy nie kan bekostig nie of nie nodig het nie, en krediet verleen aan wie dit nie verleen moet word nie. Dit is in feite 'n geraffineerde vorm van diefstal, 'n sonde wat die skyn van reg het, 'n oortreding waarmee hy waarskynlik by die regter sal verbykom, maar by God as skuldige van die aardse hof sal weggaan. Hy het inderdaad die

agtste gebod oortree (Ex. 20:15;Lev.l9:ll)!

## *Geld, rente en woekerwins*

Geld is 'n algemeen aanvaarde ruilmiddel waarmee die waarde van goedere en dienste gemeet en rykdom opgegaar word. Dit is 'n wettige betaalmiddel en dus 'n aanvaarde middel waarmee rekenings betaal en waarde oorgedra kan word.

Wanneer iemand iets wil koop of 'n onderneming wil begin en hy nie die nodige geld besit nie, moet dit iewers geleen word. Die instansie wat die geld leen, verbeur dan vir 'n tyd daardie besondere bedrag, terwyl die lener die reg verkry om die geleende geld onmiddellik te benut, hoewel dit nie sy eie is nie. Ten einde die geldskieter te vergoed vir die ongerief wat hy verduur en die skuldenaar huur te laat betaal vir die gerief wat hy van die onmiddellike gebruik van die geld het, word 'n sekere bedrag geëis wat gewoonlik teen 'n bepaalde koers vir 'n bepaalde tyd bereken word. Dit word geldrente genoem. Die rentekoers hang weer saam met die algemene ewewigs-beginsel, naamlik die aanbod van en die vraag na leningsgeld. Indien geld vir hierdie doel beskikbaar is en daar is nie veel vraag daarna nie, sal die rentekoers neig om te daal, en omgekeerd.

Tot sover vind ons ook geen fout nie. Israel is wel belet om rente van 'n volksgenoot (Deut. 23:18) en veral van 'n arme (Ex. 22:25; Lev. 25:23-37) te vra; van die uitlander wel (Deut. 23:20, 13:3). Dit spreek egter vanself dat enige buitensporige rente ongeoorloof is. Nou word dit woekerwins wat sonder meer as 'n vorm van dief stal afgekeur moet word. Gewoonlik kom woekerwins voor waar iemand in nood verkeer en van hierdie verleentheid misbruik gemaak word, of wanneer die onkundigheid of onervarenheid van iemand uitgebuit word met die bedoeling om uit die transaksie meer te bekom as waarop jy geregtig is. Hierdie optrede word in die Skrif baie skerp veroordeel (Eseg. 18:8, 13, 17; 22:12, 13; Ps. 15:5; Spr. 28:8). Woekerwins is dan wins wat deur "afpersing" verkry word (Luk. 19:8), of is onregverdige wins deur iemand te veel te laat betaal (Eseg. 22:12, 13), dit wil sê, om op 'n onregverdige wyse wins te maak. Die sogenaamde swartmark moet ook hieronder getel word, of daar waar noodsaaklike lewensmiddele doelbewus teruggehou word om dit skaars te maak sodat 'n slag geslaan kan word. Alle onregverdige en onwettige metodes om jouself ten koste van jou medemens te verryk, is woekerwins, en word deur die agste gebod veroordeel.

Die kwade en gevaarlike kant van geld as geld lê daarin dat geld vry is en dat die beginsel van sedelike vryheid hierby in die spel kom. Geld as waardemeter en as ruilmiddel het meegewerk om die mens los te maak van die besef dat God die Alleenbesitter en Alleenbeskikker van alles en van almal is. Net soos die dier 'n dier en die plant 'n plant voortbring so laat die mens geld geld voortbring deur rente. En aangesien geld van elke natuurlike binding vry is en alleen deur die sedelike band gebind kan word, maar hom vanweë die sonde ook daarvan losgemaak het, is die geld tot 'n eie mag verhef en in die gees van die mens die dwase besef van eie beskikkingsreg ingedra oor sy eie maar ook oor die geld van andere. So welig het daardeur die onheilige op die ekonomiese akker begin bloei dat dit oral vir owerhede nodig geword het om die vermeerderingsmag van geld tot die kleinste moontlike afmeting te beperk. Hoe hoër die rentekoers toegelaat word om te styg, hoe verder weg beweeg die maatskappy van die standaard van eweredige verdeling van rykdom, hoe ryker word 'n al kleiner groep en armer die groter gedeelte van die bevolking en hoe meer noodsaaklik word 'n opdrag soos Lev. 25:35-37 of 'n praktiese ingryping deur die owerheid soos byvoorbeeld Nehemia gedoen het (Neh. 5:1-13) omdat die Here nie wil hê dat daar onder sy volk armes moet wees nie (Deut. 15:4), alhoewel die arme in die land nie sal ontbreek nie (Deut. 15:11; 24:14; Matt. 26:11). Die ideale toestand is dus dat, deur wetgewing, maar veral deur onderlinge hulpbetoon, toegesien moet word dat niemand behoeftig moet wees nie (vgl. Hand. 4:34), sodat die een se oorvloed die ander se gebrek kan aanvul en daar gelykheid kan wees (2 Kor. 8:14). Soos geskrywe is: Hy wat baie gehad het, het nie te veel gehad nie; en hy wat weinig gehad het, het nie te min gehad nie" (2 Kor. 8:15). So word wettige ongelykheid (Luk 19:11-28) deur hulpbetoon getemper en 'n gelukkige harmonie in God se verskeidenheid bestendig.

## *Versekering*

Die Heidelbergse Kategismus verklaar dat God ons in die agtste gebod gebied om onder meer die belange van ons naaste waar ons kan en mag, te moet bevorder (vgl. Gal. 6:2; Jak. 2:15-17). As 'n hulpdiens in die handel het versekering vir die produsent, die fabrikant, die handelaar en die samelewing onmisbaar geword om die belange van almal eweredig te beveilig en te bevorder.

Versekering het ontstaan as gevolg van risiko's wat voortdurend bestaan. Om die risiko van die indiwidu te beskerm, is 'n koöperatiewe vorm van risiko-dra ontwerp, waardeur op betaling van 'n geringe bedraggie (premie) die verantwoordelikheid verskuif word na die sogenaamde versekeringsmaatskappy. Hierdie prosedure staan bekend as versekering.

Versekering is dus 'n kontrak waarvolgens 'n versekeringsmaatskappy (die versekeraar) onderneem om teen die betaling van 'n premie van die skade te vergoed wat moontlik deur 'n persoon (die versekerde) gely word ten gevolge van 'n gespesifiseerde gebeurlikheid. Die verskillende soorte versekering wat aangebied word is byvoorbeeld teen stormskade, brandskade, haelskade, inbraak, diefstal, werkloosheid, derde party, oninbare skulde en lewensversekering. Lewensversekering verskil van alle ander vorme van versekering, omdat dit nie gaan oor skadeloosstelling teen moontlike verliese nie maar om 'n bedrag wat uitbetaal word by die dood van die versekerde (lewenspolis) of wanneer die versekerde ouderdom bereik word (uitkeringspolis).

Die funksies of voordele van versekering is legio. Dit stel sakemanne skadeloos teen enige moontlike versekerbare verlies wat gely mag word, vrywaar skuldeisers teen verliese as gevolg van insolvensie of af sterwe van skuldenaars, stel versekeraars in staat om lenings in tye van nood te bekom, verskaf die nodige sekuriteit aan werknemers indien hulle werkloos sou raak, beskerm werkgewers teen skade wat mag ontstaan deur onverantwoordelike optrede van werknemers, is 'n vorm van verpligte besparing, verskaf groter sekuriteit aan die algemene publiek in geval van die skielike af sterwe van broodwinners, en so meer. In plaas daarvan dat die persoon in nood of beproefde familie nou op die gunste en gawes van andere of liefdadigheidsorganisasies aangewys is, geskied hulpbetoon nou meer ordelik en veel waardiger. Die een wat ontvang, behou sy selfrespek en menswaardigheid want hy het self tot die fonds bygedra (Spr. 6:6-8; 3Q:25). So het Josef byvoorbeeld deur graan op te berg tydens die vet jare 'n versekeringspolis vir die maer jare uitgeneem (Gen.41).

Dit spreek egter vanself dat goeie trou of absolute eerlikheid van beide die versekeraar en die versekerde verwag word. Die versekeraar moet presies weet hoe groot die risiko is wat hy loop om aan die versekerde 'n polis te verkoop. Die vrae op die aansoekvorms moet korrek en eerlik beantwoord word. Aan die anderkant mag die versekerde nie mislei word met betrekking tot die presiese voordele wat die kontrak vir hom inhou nie; van onkundiges, oningeligtes en goedgelowiges mag nie misbruik gemaak word nie. In beide die laasgenoemde gevalle kom dit neer op diefstal, bedrog en rowery, en dit is 'n oortreding van die agtste gebod (Lev. 19:11).

## *Diefstal*

Diefstal kan definieer word as die heimlike en wederregtelike toe-eiening van 'n ander se eiendom. Volgens die Romeins-Hollandsereg vind diefstal plaas wanneer ongeoorloofde of onregmatige gebruik inbreuk maak op die reghebbende se regte, teen sy wil is, en dit besef word, en die opset om voordeel te behaal, bestaan. In die Suid-Afrikaanse strafreg is diefstal dan die wederregtelike, opsetlike verrigting van 'n toeëieningshandeling ten aansien van 'n ander se roerende stoflike saak of ten aansien van 'n ander se besit- of gebruiksreg op so 'n saak waaruit 'n toeëieningsgesindheid blyk.

Volgens bostaande interpretasie sou ons diefstal die oersonde van die mens kan noem omdat Adam en Eva geneem het wat hulle verbied was, en geëet het van die boom waarop hulle geen reg gehad het nie. Maar dan is dit ook meteen duidelik dat hulle alleen van die ander bome in die tuin kon eet omdat God hulle daartoe die reg gegee het (Gen. 2:16, 17). En as God alleen die volstrekte Eienaar van alles en van almal is (vgl. Ps. 24:1; 50:10; Hag. 2:8) en die mens alleen rentmeester of bestuurder van 'n gedeelte van God se eiendom is, en die mens dus

aan God rekenskap verskuldig is, dan spreek dit vanself dat alle diefstal in die eerste plek diefstal teenoor God is, omdat God hierdeur nie as absolute Eienaar eerbiedig word nie en met sy eiendom na willekeur of ook in stryd met sy uitdruklike bevele gehandel word. Wie byvoorbeeld sy hand vir sy naaste toemaak (Spr. 19:17; 21:13; Matt. 25:41-46; 1 Tim. 5:8), neem vir homself meer as waarop hy geregtig is, en besteel dus vir God. Onnodig om te sê, dat die Bybelse begrip vir diefstal veel wyer strek as wat die strafreg ooit durf gaan.

Maar alleen vanuit die erkenning van die absolute eiendomsreg, en daarmee dus die vrymagtige beskikkingsreg van God, kan die relatiewe eiendomsreg van die mens erken en begryp word omdat God kan gee aan wie Hy wil en soos Hy wil na elkeen se onderskeie vermoë (vgl. Matt. 25:14-30). Wie dit nie erken nie, kan hom na willekeur aan sy eie, maar ook aan die eiendom van sy naaste vergryp, en in beide gevalle die agtste gebod oortree. Diefstal kan egter ook 'n begryplike protes wees daar waar één persoon of 'n groep soveel besit dat dit vir die ander nie meer moontlik is om 'n menswaardige bestaan te voer nie. Dit sal ook diefstal wees wanneer gemeenskaplike besit die moontlikheid van privaatbesit ophef, omdat die reg van die enkeling op eiendom daardeur aangerand en sy persoon gekrenk word omdat hy as beeld van God reg op persoonlike besit het soos God self besitreg het. Ons vind dan ook in die Bybel allerlei voorskrifte oor diefstal en die spesifieke strawwe wat die oortreders opgelê moet word (Ex. 21:16; Deut. 24:7; Ex. 22:1-13; Lev. 6:1-7; Spr. 6:30, 31) waardeur die reg tot besit erken word en dit voorts duidelik word dat wie die eiendom van sy naaste op een of ander wyse aantas, daarmee teen God gesondig het (Ps. 51:6).

## *Bedrog*

Bedrog kan beskrywe word as 'n bedrieglike handeling, as misleiding, as 'n leuen in woord en daad of selfs as veinsery. Dit is die opsetlike misleiding of voorstelling van iets as waar wat nie waar is nie, of ook omgekeerd. In die Romeins-Hollandse reg is bedrog die opsetlike onwaarheid (verdraaiing, verberging of verswyging) wat nadeel vir 'n ander kan veroorsaak. Dit is dan enige onbillike, onjuiste en onregmatige bedenksel waardeur die een 'n voordeel bo 'n ander verkry deur 'n opsetlike wanvoorstelling. In die Suid-Afrikaanse strafreg is bedrog dan ook as gemeenregtelike misdaad die wederregtelike, opsetlike misleiding van 'n ander tot sy vermoënsregtelike nadeel of potensiële nadeel, of anders gestel, die wederregtelike, opsetlike vermoënsbevoordeling van 'n ander deur misleiding.

Dit gaan dus by bedrog oor die sake wat die skyn van reg het (vgl. H.K. 110) soos byvoorbeeld 'n valse gewig, el, maat of ware: " Jy mag nie twee soorte weegstene, 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie. Jy mag in jou huis nie twee soorte efas, 'n grote en 'n kleintjie, hê nie. Jy moet 'n volle en regte gewig hê; jy moet 'n volle en regte efa hê; sodat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God jou sal gee. Want almal wat hierdie dinge doen, is 'n gruwel vir die Here jou God - almal wat onreg doen" (Deut. 25:13-16; Lev. 19:35, 36; Spr. 11:1; 16:11; Eseg. 45:9,10). Bedrog is diefstal!

Die Woord sê: "Julle mag nie steel nie, en julle mag nie lieg nie, en julle mag die een die ander nie bedrieg nie" (Lev. 19:11; 1 Thess. 4:6; 1 Petr. 2:1). Dawid verklaar: "U sal die leuensprekers laat omkom; van 'n man van bloed en bedrog het die Here 'n afsku" (Ps. 5:7). En Maleagi spreek 'n vloek uit oor alle bedrieërs (Mal. 1:14), terwyl daar gesê word dat die wat leuens doen nie in die nuwe Jerusalem sal inkom nie (Openb. 21:27). Daar rus teen bedrog in die handel (vgl. Amos 8:4-6) 'n sware bedreiging van Gods kant: "Die Here het gesweer by die hoogheid van Jakob: Gewis, Ek sal in ewigheid nie een van hulle werke vergeet nie" (Amos 8:7-14).

'n Wanvoorstelling is 'n verklaring wat onwaar is. Dit hoef natuurlik nie in soveel woorde te geskied nie, maar kan ook deur nie-geartikuleerde bedrog gemaak word, soos byvoorbeeld die uitstalling van 'n namaaksel tussen 'n klomp egte stukke oudhede, of tafels met verkoopware op tussen ander tafels wat as uitverkoping aangebied word waardeur die koperspubliek stilswyend om die bos gelei word. Die bedrieër wat andere opsetlik mislei het, kan hom nie voor God daarop beroep dat die ander persoon beter moes geweet het nie, of by 'n verkooptransaksie met 'n onkundige wegkom met die argument dat die ander party die ooreenkoms nie te goeie trou moes geteken het nie (Amos 8:4, 6). Om van 'n onkundige of

oningeligte misbruik te maak, is nie goeie besigheid nie, maar afskuwelike bedrog wat nie ongestraf gelaat sal word nie (Mal. 1:14; 3:5). Bedrog kom van binne en maak die mens onrein (Mark. 7:20-23). En hierdie onreinheid kan alleen deur die bloed van Christus gereinig word as ons dit bely (1 Joh. 1:7-10) en laat staan (Spr. 28:13; Luk. 19:8).

## *Lotery en dobbelary*

Lotery is 'n spel of wedstryd waar die prys gewen word nie op grond van die wenner se bekwaamheid of kennis nie, maar deur die geluk. Dobbelary is 'n ooreenkoms tussen twee partye waardeur die oordrag van dit wat op die spel is, bepaal word deur die geluk, en wel in so 'n mate dat die hele wins van die een die hele verlies van die verloorder beteken. Lotery en dobbelary is dan in wese een en dieselfde ding, en dit word deur die Woord van God as sondig verbied: "Maar julle wat die Here verlaat, wat my heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot - Ek sal julle bestem vir die swaard, en julle sal almal buig om geslag te word, omdat Ek geroep maar julle nie geantwoord het nie, Ek gespreek maar julle nie geluister het nie, maar gedoen het wat verkeerd is in my oë en verkies het wat My nie behaag nie. Daarom, so sê die Here Here: Kyk, my knegte sal eet, maar julle sal honger bly . . . en die Here Here sal jou ombring" (Jes. 65:11-15).

Die Here het verklaar dat die mens in die sweet van sy aangesig sy brood sal eet (Gen. 3:19). Maar hy wat aan loterye of dobbelary deelneem werk nie meer vir dit wat hy hoop om te ontvang nie. Daar is dan ook min dinge wat die arbeidslus van 'n volk so kan ondermyn en verswak as juis 'n dobbelgees. Die Skrif het uitdruklik verklaar dat hy wat sy tafel vir die geluksgod dek, die Here sy God verlaat het (Jes. 65:11) en gedoen het wat verkeerd is in sy oë (Jes. 65:12), en dit behoort vir ons rede genoeg te wees om nie eers by wyse van uitsondering daarmee iets te doen te hê nie, omdat God die ongehoorsames sal ombring (Jes. 65:15).

Die dobbelaar wil gou en maklik ryk word, maar hy is ook gewillig om te verloor; hy beskik oor 'n eienaardige samestelling van gierigheid en verkwisting. Dit veroorsaak 'n wanbalans tussen prestasie en vergoeding en kan dus op ekonomiese, sedelike en godsdienstige gronde nie goedgekeur word nie. Wie homself vrywillig laat berowe, sowel as hy wat van die verloorder ontvang waarvoor hy nie gewerk het nie, oortree die agste gebod. En hy wat in hierdie spel bid dat hy as wenner mag uittree, gebruik die Naam van God ydelik en word skuldig aan die derde gebod.

Self s al sou die opbrengs van so 'n saak vir 'n goeie saak gebruik word, kan dit nie regverdig word nie, aangesien die doel nooit 'n onetiese en ongeoorloofde middel kan heilig nie! Nooit kan dit die wese van liefdadigheid bevorder nie, want liefdadigheid wil juis dat ons moet gee sonder om iets terug te verwag (Luk. 6:33-35).

## *Strafmaatreëls*

Wat die oortreding van die agtste gebod betref is bepaalde strafmaatreëls in die Bybel neergelê (Ex. 22:1-13; 21:16; Deut. 24:7). In die wette van God gaan dit steeds om die eis van reg en geregtigheid (Ex. 21:23-25; Deut. 19:21) wat die ongeregtigheid nie ongestraf laat bly nie (Ex. 20:5,7; Luk. 12:47,48), al is daar ook vergifnis vir elke oortreding (Ps. 103:3; 1 Joh. 1:7-10).

Menseroof is met doodstraf bedreig (Ex. 21:16; Deut. 24:7). Vir ander soorte van dief stal is die straf dienooreenkomstig die aard van die oortreding opgelê: "As die gesteelde goed - of dit 'n bees, 'n esel of 'n stuk kleinvee is - nog lewendig in sy besit gevind word, moet hy dubbel vergoeding gee" (Ex. 22:4). Maar as die gesteelde goed nie meer teruggegee kan word nie, is die straf swaarder: "As iemand 'n bees of 'n stuk kleinvee steel en dit slag of verkoop, moet hy vyf beeste vir 'n bees vergoed en vier stuks kleinvee vir 'n stuk kleinvee" (Ex. 22:1). Vir elke bepaalde saak is 'n vonnis neergelê (Ex. 22:1-13).

Die strawwe op gewone vorme van diefstal was nie so swaar as op byvoorbeeld moord en egbreuk nie, waarskynlik omdat die eienaar vir sy skade vergoed kon word. By doodslag en egbreuk is die handeling so finaal. Die diefstal van Agan, wat God besteel het (Josua 7:11, 20, 24-26), staan as 'n gebeurtenis heeltemal op sy eie. Hy en sy hele huis is gestenig (Josua 7:25,

26). Alles hang dus van die omstandighede af. Maar as diefstal van God se goed wat vir sy diens afgesonder moes word (Josua 6:18, 19) só swaar gestraf is, en die terughou van die tiendes berowing van God genoem word (Mal. 3:8), hoe vreeslik moet die vloek nie wees wat God oor diesulkes uitgespreek het nie (Mal. 3:9). Die vergryp aan die eiendom van God of aan die eiendom van die naaste, wat tog ook maar die eiendom van God is, kan nie straffeloos bly nie, want God sal 'n haastige getuie wees teen elkeen wat hierdie dinge doen (Mal. 3:5; Jer. 22:13; Jak. 5:4). Van dié wat hulle naaste berowe (Amos 8:4-6) staan daar geskrywe: "Die Here het gesweer by die hoogheid van Jakob: Gewis, Ek sal in ewigheid nie een van hulle werke vergeet nie" (Amos 8:7-14). Waar die owerheid nie straf nie of kan straf nie (H.K. 110), sal die Here self optree: "omdat hulle die Here nie tot hulp gekom het nie" (Rigt. 5:23), en vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God (Hebr. 10:31), want onse God is 'n verterendevuur (Hebr. 12:29).

## *Wat God in die agtste gebod gebied*

Die Heidelbergse Kategismus leer dat God my in die agtste gebod gebied "dat ek die belange van my naaste, waar ek kan en mag, moet bevorder; met hom so moet handel soos ek sou wens dat met my gehandel word (Matt. 7:12); daarby ook, dat ek getrou moet arbei, sodat ek die behoeftiges kan help" (Ef. 4:28; H.K. 111).

Uit hierdie positiewe kant van die agtste gebod word dit duidelik dat nie slegs dit wat ons oortree, ons tot sonde gereken word nie, maar ook dit wat ons versuim om te doen. Nie alleen is geloof sonder werke dood nie (Jak. 2:14-26), maar hy wat nie werk nie, moet steel (Ef. 4:28) of bedel (Luk. 16:3) om te kan lewe; is nie daarop geregtig om te eet nie (2 Thess. 3:10); het niks om mee te deel aan die een wat gebrek het nie (Ef. 4:28), en is ongehoorsaam aan die Woord wat hom beveel "om rustig te werk en hulle eie brood te eet" (2 Thess. 3:12). Die nalaat van die positiewe kant van die gebod is dus ewe-eens 'n oortreding van die gebod.

In die eerste plek leer die gebod dat ek waar ek kan en mag die belange van my naaste moet bevorder. My naaste kan my werkgewer of werknemer en selfs my mededinger of vyand wees. Dit klink vir die ongelowige wêreld na 'n skrille teenstelling en 'n bespotting. Maar Christus self het gesê: "Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg" (Matt. 5:43-48). By hom wat net sy eie belange bevorder en hom glad niks oor sy naaste bekommer nie, ontbreek die ware liefde wat die eintlike vervulling van die wet is (Rom. 13:8-10). Menswees is saam-wees, en dit beteken om ook aan andere lewensruimte te gee en so God te dien (Matt. 25:34-40) of andersins te verloën (Matt. 25:41-46).

In die tweede plek beveel die gebod dat ek steeds in my optrede teenoor andere vir myself die vraag sal stel: Hoe sou ek graag in soortgelyke omstandighede deur andere behandel wou wees? Die antwoord op hierdie vraag waarborg 'n onselfsugtige en nugtere wyse van omgaan met andere, en sluit aan by 'n eenvoudige en praktiese reël wat Christus reeds in sy bergpredikasie neergelê het (Matt. 7:12).

In die derde plek word ons in die agtste gebod opgeroep tot getroue arbeid met die edele motief om sodoende genoeg te hê om ook aan die behoeftiges mee te deel (Ef. 4:28). Daardeur word nie alleen die beeld van God, wat die steeds werkende God is (Joh. 5:17), in my bevestig nie (vgl. Gen. 1:26-28; 2: 15), maar word ek navolger en medewerker van God wat die groot Helper in nood is (Ps. 46:2; Luk. 8:22-25; 9:10-17).

## *Hoe ek moet besit*

Ek kan alleenlik my eiendom reg besit as ek steeds onthou dat my eiendom niks anders as 'n geskenk van God is nie (1 Kor. 4:7). Ook my liggaam behoort nie aan myself nie, want ek is duur gekoop (1 Kor. 6:19, 20). Daarom moet ek steeds God verheerlik in alles wat ek is of wat ek mag besit (1 Kor. 6:19, 20; Rom. 12:1; Spr. 3:9, 10).

Ek moet steeds onthou dat dit wat ek het slegs aan my geleen is om daarmee handel te drywe (Luk. 19:13) soos een wat aan God self rekenskap sal moet gee (Luk. 19:15), en van my bestuurderskap afgesit kan word indien ek God se goed sou verkwis (Luk. 16:1-13). Ek besit

dus hoogstens as bestuurder of rentmeester, maar nooit as volstrekte eienaar nie.

Ek sal moet begryp dat ek nie eiesinnig met God se eiendom kan handel, deur of deur gierigheid versuim om te dien, of deur verkwisting weier om te besit nie (Ef. 5:5; Spr. 28:7; Luk. 15:13-16).

Ek het reg op privaatbesit (1 Kon. 21; Luk. 19:8; 2 Tim. 4:13), of op gemeenskaplike besit (Hand. 2:44; 4:32-35), mits ek nie tot laasgenoemde gedwing word nie (Hand. 5:4), en ek nie daardeur tot totale besitloosheid verval nie, want dan het ek by die Sosialisme of Kommunisme tereg gekom, en dit is 'n toestand vreemd aan die Skrif (Hand. 5:4; 2 Kor. 8:8,15).

Maar nooit mag ek só besit dat ek my eiendom buite God om wil sien as 'n produk van my eie prestasie nie, want dan het die Sosialis of Kommunis, wat hul standpunt ook buite God om formuleer, 'n ewe sterk saak teen my. Dan is dit opinie teen opinie en is geen beslissing meer moontlik nie. Dan is dit, dat mens teen mens begin oorlog maak in 'n stryd waarin die sterkere die swakkere verslaan, en het ons by die wet van die oerwoud te staan gekom; die wet van die sterkere een. Hier het die mens sy eie god geword en totaal in die greep van Mammon gekom. Die God van die agtste gebod ken en erken hy nie meer nie.

## *Gierigheid*

Gierigheid as 'n wyse van besit word in die Skrif skerp veroordeel: "Wee hulle wat huis aan huis trek, akker aan akker voeg, totdat daar geen plek meer is nie, en julle alleen grondeienaars in die land is" (Jes. 5:8). Die gierigaard het 'n onversadigbare dors na nog meer: "Die bloedsuier het twee dogters: Gee, gee! " (Spr. 30:15). Die gierigaard besit nie sy rykdomme, maar hy word besit. Mammon het sy god geword (Luk. 16:13). In feite is gierigheid dan ook afgodery (Ef. 5:5), want geld het hier die plek van God ingeneem. Vir die gierigaard is geld nie meer 'n middel tot 'n doel nie, maar het geld en goed 'n doel op sigself geword. Hy besef nie meer dat geld moet dien nie en dat dit eintlik nie syne is nie, maar aan God behoort (Lev. 25:23; Hag. 2:8). Hy besef ook nie dat alles wat van God as 't ware geleen is, en dat alles wat God aan die mens toevertrou (Matt. 25:14), eintlik gerig moet wees op die diens van God in sy koninkryk (Luk. 16:9); 'n diens wat konkrete gestalte verkry in die diens van barmhartigheid (Luk. 10:29-37; Matt. 25:34-46). Daarom word die rykes beveel "om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf" (1 Tim. 6:17-19).

Daarom staan daar verder geskrywe: "Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins, Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor" (1 Tim. 6:6-10). En geen wonder nie, want eers toe Saggéüs die tollenaar tot inkeer gekom het, het hy die gerigtheid van sy eiendom verstaan en daarna gehandel (Luk. 19:8).

## *Verkwisting*

Word die gierigaard in die Bybel skerp veroordeel, so ook die verkwister en deurbringer (Deut. 21:18-21; Spr. 18:9; 28:7). As die gierigaard nie besef dat eiendom diensbaar moet wees nie, dan begryp die verkwister nie dat eiendom tog wel besit moet word nie; die roeping tot bewaring en vermeerdering, word nie deur hom uitgevoer nie. Hy gaan dus op 'n onverantwoordelike wyse voort om God se goed, wat aan hom geleen is, roekeloos te verkwis. So het ook die verlore seun met sy erfporsie gemaak. Hy het "sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe. En toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land, en hy het begin gebrek ly. Toe het hy hom by een van die burgers van daardie land gaan

voeg. En die het hom in sy veld gestuur om varke op te pas. En hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit aan hom gegee nie" (Luk. 15:13-16).

Die verkwister weet nie wat dit beteken om te spaar nie; hy kan nie rus voordat hy nie alles uitgegee het nie. Daarom ly die verkwister gewoonlik aan 'n swak gewete of erger nog, gewetenloosheid. Hy kan nie omgee of die skuldeisers lank vir hulle geld wag nie. Daarin is hy ongehoorsaam aan die opdrag van God dat skulde betaal moet word (Rom. 13:7, 8). Verder maak die verkwister niks van die voorbeeld van Christus by die vermeerdering van die brode toe die brokstukke van wat oorgebly het in mandjies opgetel was nie (Matt. 14:20; 15:37). Die boodskap van hierdie optrede is dat ons nie mag mors nie. Hiervan begryp die verkwister niks nie. Hy het 'n skreiende tekort aan verantwoordelikheidsin. Gewoonlik is hy slordig, ondankbaar, egosentries, verwaand en wreed; iemand wat selfs nie omgee wat word van sy vrou en kinders nie.

Die gierigaard en verkwister is ewe skuldig voor God. Albei hanteer die eiendom van God verkeerd. Albei gaan uit van die standpunt dat eie inspanning absolute beskikkingsreg op besit gee, om daarmee eiemagtig te maak wat hulle wil en soos hulle wil; die gierigaard om alles vir homself in te palm, die verkwister om alles na willekeur weg te gee. In albei gevalle word God buite rekening gelaat, sy gebooie word ignoreer en die mens sy eie god gemaak. Albei is in die volle sin van die woord goddeloos, eiegeregtig, eiesinnig; albei staan in diens van Mammon (Luk. 16:1,13; Ef. 5:5); die verkwister word afgedank (Luk. 16:1, 2), die gierigaard maak sy oë oop in die doderyk, in 'n plek van smart (Luk. 16:19-25).

## *Privaatbesit en gemeenskaplike besit*

Ons het reeds gesien dat die mens as beelddraer van God nie volledig mens kan wees as hy nie ook eiendom besit nie. Die besitreg van elke individuele mens is dus reeds met die skepping gegee. Die mens beskik oor eiendom, nie omdat andere hulle oor hom ontferm het nie, maar omdat God aan hom die reg gegee het om te besit. Privaatbesit hou voorts in dat die individu 'n reg, titel en belang in 'n saak of goed het wat regtens afdwingbaar is. Om van hierdie reg ontneem te word, sou inderdaad beteken dat die mens in sy persoon aangetas word en verhinder word om sy roeping as mens te vervul, aangesien daarmee meteen sy persoonlike verantwoordelikheid teenoor God en sy medemens, sy persoonlike inisiatief om maksimaal produktief te wees en sy persoonlike vryheid om homself te kan wees, van hom weggeneem sou word. En dit kan nie anders as met rampspoedige gevolge vir die hele samelewing plaasvind nie.

Maar dit beteken hoegenaamd nie dat alle besit privaatbesit moet wees nie. Groot ondernemings soos myne, fabrieke en industrieë sal nie anders as deur gemeenskaplike ondernemings ontwikkel kan word nie. Parke, museums, publieke swembaddens en sportgronde sal nie anders as op gemeenskaplike basis ontwikkel en in stand gehou kan word nie. Hoewel die gemeenskap as 'n geheel vir die instandhouding verantwoordelik gehou word, word dit nooit die eiendom van 'n enkele mens nie. Daarby kom nog die sosiale strukture soos byvoorbeeld kerkgenootskappe waar die eiendomsreg of trusteeskap setel in die plaaslike kerkrade, maar die eiendomme nie aan één lid afsonderlik behoort nie - dit is ook hier 'n vorm van gemeenskaplike besit. Met genoemde voorbeelde kan seker geen fout gevind word nie.

Maar wanneer gemeenskaplik besit tot kollektivisme oorgaan waar privaatbesit met sy spesifieke voordele prakties geen lewensruimte meer het nie, het ons in feite by die Sosialisme en Kommunisme tereg gekom. En so 'n toestand is vreemd aan die Skrif. Selfs heel in die begin, toe die gemeente alles in gemeenskap gehad het (Hand. 2:45; 4:32-35), het Petrus aan Ananias kon sê: "As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie?" (Hand. 5:4). Hier was geen dwang uitgeoefen nie en geen kerklike bepaling was hieroor gemaak nie. Die reg tot besit is nie afgeskaf nie. Wat wel gebeur het, is dat die gemeenskap onder werking van die Heilige Gees tot buitengewone offervaardigheid gekom het. Dit was dan ook tydelik, want later moes die meer welgestelde lidmate tot groter hulpbetoon aangespoor word (1 Tim. 6:17-19;Hebr. 13:16; 1 Petr.4:10).

## *Hoe eiendom bestee moet word*

Ek moet in my eie behoeftes voorsien: "En julle eer daarin te stel om rustig te lewe en julle eie sake te behartig en met julle eie hande te werk, soos ons julle beveel het, sodat julle welvoeglik kan wandel teenoor die wat buite is, en aan niks behoefte mag hê nie" (1 Thess. 4:11,12).

Ek moet my eie mense en huisgenote versorg: "Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige" (1 Tim. 5:8).

Ek moet aan die behoeftiges meedeel: "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrekhet"(Ef.4:28).

Ek moet die volle deel van my tiende aan die kerk gee soos God dit in sy Woord bepaal het: "Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees" (Mal. 3:10; Matt. 23:23).

Ek moet aan die owerheid gee wat hom toekom (Matt. 22:21): "Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is. Betaal dan ook almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom" (Rom.l3:6,7).

Om te gee is 'n kuns wat aangeleer moet word. Rykdom en armoede is ewe moeilik om te hanteer (Spr. 30:8, 9). Ek moet myself eers aan die Here gee, voordat ek sal weet om myself aan my naaste te gee (2 Kor. 8:5), voor ek sal weet hoe om my naaste met my besittings te dien (Luk. 19:8), en om dit blymoedig te doen (2 Kor. 9:7). Dit moenie nodig wees dat dit van my afgepers moet word nie (2 Kor. 9:5). Ek moet dit uit my eie doen, en dit as 'n eer en 'n voorreg sien om te kan gee (2 Kor. 8:4). Dit moet 'n offer wees wat die Here welbehaaglik sal wees (Mark. 12:41-44). Na die mate van my voorspoed (1 Kor. 16:2) moet ek mildelik gee (1 Tim. 6:17-19): "Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers" (Hebr. 13:16; 1 Petr. 4:10).

Ek moet die Here dien met my goed (vgl. Luk. 8:3) en die koninkryk van God bevorder met my geld (Luk. 16:9), want die Woord van God sê: "Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees" (Matt. 6:19^-21).

## *Bestaansmoontlikheid*

Bestaansmoontlikheid of lewensruimte is die moontlikheid om 'n bestaan te kan voer. Hierdie moontlikheid vir die mens in die algemeen bestaan daar waar grond, arbeid, kapitaal en ondernemerskap aangewend word in die regte verhouding sodat goedere geskep word wat ekonomiese waarde of nut het. Die aanwesigheid van produksiefaktore gee bestaans-moontlikheid. Dit stem ooreen met die kultuurtaak van die mens om die aarde te onderwerp en oor die werke van God te heers.

Vir die indiwidu sou bestaansmoontlikheid ook arbeidsmoontlikheid beteken, sodat hy kan verdien en selfversorgend kan wees. Dit sou meteen 'n billike loon vereis sodat die werknemer en sy familie nie onder die broodlyn hoef te lewe nie. Indien dit nie gebeur nie, dan steel die ryke hier van die arme! Die arme moet ook kan geniet van die oorvloed van die land: "En as julle die opbrengs van julle land oes, moet jy die kant van jou land nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Jou wingerd moet jy ook nie skoon afoes nie, en die trossies wat van jou wingerd val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly" (Lev. 19:9, 10; 23:22; 24:19-22; Rut 2:2-3). Om hierdie rede was daar dan ook verskillende wette en voorskrifte in Israel om totale besitloosheid by sommige te voorkom (Lev. 25:13; Deut. 15:12-15).

En al is dit waar dat daar 'n noue verband tussen prestasie en loon bestaan, sou dit tog

verkeerd wees as hierdie beginsels in alle gevalle toegepas word. Hier kom onmiddellik die bestaansmoontlikheid van die gestremde ter sprake. Hy moet ook kan lewe, al kan hy nie 'n gelyke teenprestasie lewer vir die loon wat genoegsaam is om sy gesin na behore te onderhou nie. Uit die gelykenis van die arbeiders wat op verskillende ure gehuur is, sien ons dat dit wel vir die werkgewer geoorloof is om meer te betaal as waarvoor gewerk is (Matt. 20:1-16). Nooit egter mag daar minder betaal word as wat die werker toelaat om hom volledig as mens uit te lewe nie (Mal. 3:5). Naasteliefde kan dit dus eis dat die arme geen rentelas opgelê sal word nie (Ex. 22:25; Lev. 25:35-37) omdat dade van barmhartigheid geen vergoeding vra nie. Die Skrif sê dan ook: "Wie sy oor toestop vir die geskreeu van die arme, hy sal self ook roep en nie verhoor word nie" (Spr. 21:13). En: "Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die Here; en Hy sal hom sy weldaad vergelde" (Spr. 19:17).

In hierdie daad van hulpbetoon sal geen armlastigheid gekweek mag word nie, maar die ware hulpbehoewende, die regte weduwee en wees, sal ondersteun moet word, en dan ook steeds op die enigste toelaatbare grondslag: Hy sal gehelp moet word om homself te help! (vgl.2Kon.4:l~7).

## *Tiendes*

Wanneer ons Deut. 12:6-7, 17-19; 14:22-27; 26:12 met Lev. 27:30-33 en Num. 18:21-32 vergelyk wil dit voorkom asof Israel baie meer as één tiende van hulle inkomste aan die Here gegee het. Die gee van tiendes is 'n baie ou gebruik. Reeds Abraham het aan Melgisedek 'n tiende van sy oorlogsbuit gegee (Gen. 14:20) en Jakob het onderneem om 'n tiende van alles wat God hom sou gee, aan die Here af te staan (Gen. 28:22). Later is dié gebruik in die wette van Moses opgeneem met bepaalde voorskrifte soos waarvan die tiende (Lev. 27:30-33), aan wie die tiende (Num. 18:31-32), en waarvoor die tiende gegee of gebruik moet word (Deut. 12:6,7,17-19; 14:22-27; 26:12). Dit was tot ten minste in die tyd van die Nuwe Testament nog die gebruik in Israel (Matt. 23:23; Luk. 11:42; 18:12) en is bereken uit die totale opbrengs en nie net uit die netto wins nie (Mal. 3:8-10). Dit was bestem vir die lewensonderhoud van die geestelike werkers en die instandhouding van die erediens (vgl. 2 Kron. 31:4-12; Neh. 10:37, 38; 13:10-12). Wie versuim om sy tiendes te gee, word deur Maleagi daarvan beskuldig dat hy God beroof in die tiendes en die offergawe (Mal. 3:8-10), dat hy dus die agtste gebod oortree (Ex. 20:15).

Aangesien die tiendes en offergawes so nou verweef lê met die offerdiens van Israel en met die lewensonderhoud van die stam van Levi (Num. 35:1-8; Lev. 27:30-33; Num. 18:21-24; Deut. 26:2) en van die priesters (Num. 18:26-32; Neh. 10:39), en aangesien dit in die wette van Moses opgeneem was (Lev. 27:30-33), en Christus die einde van die wet is vir elkeen wat glo (Rom. 10:4), en die wet van gebooie wat in insettinge bestaan tot niet gemaak is (Ef. 2:15; Kol. 2:14), kan die voorskrifte met betrekking tot die gee van tiendes onmoontlik ongekwalifiseerd of net so op die volk van die Nuwe Testament oorgedra word nie.

Daarmee kan egter nie beweer word, dat dit vanselfsprekend meteen die herroeping van die gee van die tiendes veronderstel nie. Want hoewel Paulus geen onderskeid maak tussen die kulties-seremoniële verordeninge en morele voorskrifte wanneer hy die wet teenoor die genade stel en verklaar dat Christus die einde van die wet is nie (Rom. 10:4), dit is die wet in heel haar aanklaende krag (Kol. 2:14), beteken die tot niet maak (Ef. 2:15) of uitdelging (Kol. 2:14) geensins dat die wet as uitdrukking van Gods wil vir sy volk nie meer geld nie (Rom. 3:31; 8:4; 13:8,9; 1 Kor. 14:34; Gal. 5:14; 6:2). In hierdie opsig moet wel deeglik tussen die skaduagtige (vgl. Kol. 2:16,17) en die blywende (Rom. 13:8,9) inhoud van die wet onderskei word. Dit is dus nie die wet sonder meer wat tot niet gemaak is nie, maar die skaduwees, die insettinge wat ons vyandig was wat uitgedelg en weggeruim is (Kol. 2:14, 17). Net so is ons wel van die spesifieke voorskrifte met betrekking tot die gee van tiendes vrygemaak, maar nie van die saak self nie. Immers, die onderhoud van die geestelike arbeiders (1 Kor. 9:14), die instandhouding van die erediens (Ex. 23:15; 34:20; Deut. 15:16), dienste van barmhartigheid (Matt. 25:34-46), sending en evangelisasie (Mark. 16:15, 16; Ef. 4:11-16) het met die koms van die nuwe verbond nie skielik van die vasgestelde geldelike bydraes van die lidmate onafhanklik geraak nie. Ook onder die nuwe volk van God moet ordelikheid (1 Kor. 14:40) en nie willekeurigheid nie, gehandhaaf word, ook wat die bydraes betref (vgl. 1 Kor. 16:1-4). Juis die volk van die

Nuwe Testament het kragtens die genade van God (2 Kor. 8:1-5) oorvloediger (Hand. 4:32-35) ja, bo hulle vermoë (2 Kor. 8:3) *gegeQ9* al was niemand van hulle tot so 'n buitengewone stap wetlik verplig nie (Hand. 4:36-5:11).

Gebrek aan fondse was dan ook so dikwels die mees stremmende faktor teen die uitbreiding van Gods koninkryk op aarde. En dit kan met reg van die Christen verwag word om aan die hand van die geïnspireerde voorbeeld in die Ou Testament, op 'n vaste basis, nog meer te gee omdat ons onverdienstelike diensknegte is wat alleen doen wat ons verplig is om te doen (Luk. 17:10), omdat ons alles wat ons het van Hom ontvang het (1 Kor. 4:7) en alleen gee wat ons uit sy hand ontvang het (1 Kron. 29:14), terwyl ons weet dat die Here dié wat Hom in die gee van tiendes beproef het, oorvloedig geseën het (Mal. 3:10) en weet dat hy wat volop saai ook volop sal maai (2 Kor. 9:6).

**Offergawes**

Ons woord offer kom van die Latynse woord *offere* wat beteken om aan te bied of om te gee. Salomo verklaar: "Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die Here; en Hy sal hom sy weldaad vergelde" (Spr. 19:17). Jesus sê van hulle wat die hongeriges voed, die wat dors het te drinke gee, aan die vreemdeling herberg gee, die wat naak is klee, siek en in die gevangenis is, besoek, die volgende: "Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen" (Matt. 25:34-46). Dit is dus 'n offergawe aan die Here.

So gesien, het die barmhartige Samaritaan, wat hom ontferm het oor die man wat half dood langs die pad gelê het, en sy onkostes by die herberg betaal het (Luk. 10:30-37), 'n offergawe aan die Here gegee (Matt. 25:40). Indien hierdie Samaritaan 'n gelowige was, sou hy egter hierdie bydrae nie van sy tiendes kon aftrek nie; dit was 'n ekstra offergawe wat hy moes gee, want die wet het hom nie toegelaat om in sulke gevalle self oor sy tiendes te beskik nie. Die opdrag was duidelik: "Bring die hele tiende na die skathuis" (Mal. 3:10). Selfs oor die "tweede tiende" was daar duidelike voorskrifte gegee (vgl. Deut. 12:6, 7; 17-19; 14:22-27; 26:12 met Lev. 27:30-33; Num. 18:21-32).

Net so moet die bydraes waarvan byvoorbeeld in 1 Kor. 16:1-4; 2 Kor. 8:1-15 en 9:1-11 sprake is, nie verwar word met die gewone bydraes vir die instandhouding van die plaaslike erediens nie (vgl. 1 Kor. 9:6-14). In bogenoemde voorbeelde word gekollekteer vir gemeentes elders wat dit swaar gekry het. Dit was ekstra offergawes! Hierdie bydraes is nie na die skathuis gebring nie (vgl. Mal. 3:10), maar soos beveel is, is gedoen: "Op die eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsysit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie. En wanneer ek aangekom het, sal ek die persone wat julle goedkeur, met briewe stuur om julle gawe na Jerusalem te bring" (1 Kor. 16:2, 3). In 2 Kor. 8 en 9 word vir die arm Christene van Judéa gekollekteer. Hierdie gedeelte kan dus onmoontlik gebruik word om te sê dat dit nou die gee van tiendes vervang het en die metode aanwys wat vir die Nuwe Testament sou geld vir die instandhouding van die plaaslike erediens nie. Hier gaan dit beslis om ekstra kollektes vir ander gemeentes wat finansieel nie die mas kon opkom nie, maar sê absoluut niks oor hoe die offergawes plaaslik vir die plaaslike behoeftes gereël moet word nie. Dit was ook nie nodig nie. Hierdie gemeentes by wie gekollekteer was, was self onderhoudend.

Maar om ekstra, bo en behalwe die gewone, te gee, is 'n genadewerk van God (2 Kor. 8:1), want hulle was bo hulle vermoë gewillig om te gee (2 Kor. 8:3) en het "met groot aandrang gesmeek dat ons hulle gawe en hulle deel in die diensbetoning aan die heiliges moet ontvang" (2 Kor. 8:4). Dit kon hulle doen omdat hulle hulleself eers aan die Here gegee het, toe aan die apostels (2 Kor. 8:5; vgl. Luk. 19:8), want dit was hier geen bevel nie, maar om die egtheid van hulle liefde op proef te stel (2 Kor. 8:8), terwyl Christus, wat ter wille van hulle arm geword het, as voorbeeld vir hulle gestel was (2 Kor. 8:9). Daarom het dit by hulle nie net by 'n voorneme gebly nie, maar 'n daad geword (2 Kor. 8:10, 11). Hierdie offervaardigheid moet in eweredigheid met die besit wees (2 Kor. 8:11) want nie die grootheid van die offer nie, maar die eweredigheid daarvan tot wat 'n mens besit, maak dit welgevallig by God (2 Kor. 8:12; vgl. Mark. 12:41-44). So doen die gewer dit nie tot verligting van andere en verdrukking vir homself nie, maar dat daar gelykheid vir almal kan wees (2 Kor. 8:13-15; Ex. 16:18). So word die

voorbeeld van die een 'n besieling vir die ander (2 Kor. 9:1, 2). Dit maak egter nie 'n vaste sisteem van insameling oorbodig nie (2 Kor. 9:3-5), maar lewer juis 'n bydrae wat help dat die kollekte die karakter van 'n milde gawe behou wat uit 'n dankbare hart gegee word en nooit iets mag wees wat uit die greep van gierigheid ontworstel is nie (2 Kor. 9:5). Daarom sê Paulus van hierdie spesiale kollekte, dat elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief (2 Kor. 9:7), terwyl hy wat volop saai ook volop sal maai (2 Kor. 9:6); nie net in die hiernamaals nie, maar reeds nou op aarde deur God geseën sal word (2 Kor. 9:8-15).

# HOOFSTUK X

## *Die Negende Gebod*

*Die* negende gebod lees so:

*"Jy mag geen valse getuienis ... spreek nie" (Ex. 20:16)*

Die negende gebod lui: "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie" (Gen. 20:16). Dit gaan in die eerste plek hier om die getuie wat in 'n regsaak optree. Volgens Deut. 19:16; Jer. 29:23 en Mal. 2:14 beteken die woord getuig ook om aan te kla. Hierdie gebod waarsku ons dus om niemand wederregtelik aan te kla deur valslik teen hom te getuig nie. Al word net een saak, te wete meineed, hier genoem, word meteen alle ander onwaarhede hiermee veroordeel. En al word net die naaste hier genoem, bedoel die gebod dat ons vir niemand mag lieg nie (vgl. Lev. 19:11), ook nie vir God nie (Hand. 5:3, 5).

Hieruit vloei dus allerlei vrae voort oor sake soos byvoorbeeld die noodleuen, die lokvinkstelsel, spoedlokvalle, krygslis, spioenasie, diplomasie, en so meer, én in hoeverre dit geoorloof is of nie?

Die negende gebod verbind ons dus aan die regspraak of gereg, en het as blywende betekenis die waarde dat dit die regspraak in beskerming neem, en 'n regsorde skep waarin die wêreld vir die mens leefbaar gemaak word.

Die gebod leer dat nie net die verkeerde daad nie, maar ook die valse woord strafbaar is. Nie net die goeie naam van die naaste moet beskerm word nie, maar ook die Naam van God moet geheilig word. Teen die een wat laster moet daar opgetree word (Lev. 5:1; Spr. 19:24).

Die vraag na waarheid en die uitwys van die leuen tel dus onder die opdragte van die negende gebod.

## *Die verband met die ander gebooie*

Dit is opvallend dat die negende gebod 'n duidelike verband toon met al die ander gebooie, maar veral met die derde, sesde en agtste gebod te make het.

Reeds in die derde gebod het ons met die eed in aanraking gekom en ingegaan op die stelling: "Nie vals sweer nie". 'n Valse getuienis onder eed geneem, is 'n vergryp teen die Naam van God. Maar hy wat 'n valse getuienis teen sy naaste uitspreek, vergryp hom weer aan die naam van 'n medemens. Die inhoudelike optrede is dieselfde, maar die voorwerp teen wie oortree word, verskil.

Die sesde gebod beveel om nie dood te slaan nie. Maar 'n valse getuie kan selfs die dood van iemand ten gevolge hê, soos dit byvoorbeeld in die geval van Nabot duidelik bewys is (1 Kon. 21). Daarom was daar ook 'n bepaling dat 'n valse getuie met dieselfde straf gestraf moet word as waarvan hy iemand anders beskuldig het; selfs met sy eie lewe kan boet (Deut. 19:15-21). Daar bestaan dus 'n baie nou verband tussen die doodstraf en die getuienis van die aanklaers; tussen die negende en die sesde gebod.

Die agtste gebod beveel om nie te steel nie. In Ex. 22 is daar 'n besondere bepaling wat die verband tussen die negende en die agtste gebod duidelik aantoon: "As iemand aan sy naaste 'n esel of bees of stuk kleinvee of enige dier gee om op te pas, en dit gaan dood of kry 'n ongeluk of word weggevoer sonder dat iemand dit sien, dan moet die eed by die Here tussen hulle twee beslis, of hy nie sy hand na sy naaste se goed uitgesteek het nie; en die eienaar moet daarmee tevrede wees, en die ander hoef geen vergoeding te gee nie" (Ex. 22:10,11).

En op hierdie wyse kan ook al die gebooie betrek word. Ook met woorde kan jy ander gode dien, beeldediens pleeg, die heilige dag van die Here oortree, jou ouers oneer aandoen, egbreuk pleeg, of andere selfs die tiende gebod laat oortree (vgl. Jak. 2:10). Daarom maak nie alleen die daad self nie, maar ook die woord 'n mens strafbaar voor God en voor sy naaste (Matt. 12:36; Luk. 12:2, 3; Rom.2:16).

## *Wat die negende gebod verbied*

Die Heidelbergse Kategismus leer dat die negende gebod eis "dat ek teen niemand valse getuienis moet aflê nie (Spr. 19:5, 9; 21:28), niemand se woorde moet verdraai nie (Ps. 15:3; 50:19, 20), geen kwaadspreker of lasteraar moet wees nie (Rom. 1:30), niemand ligvaardig of onverhoord moet oordeel of help veroordeel nie" (Matt. 7:l;Luk.6:37;H.K.112).

Oor die aflê van valse getuienis het ons alreeds byna genoegsaam gespreek, behalwe dat dit ook hier gesê mag word dat die Kategismus die woord "naaste" tot "niemand" uitgebrei het. Dit sluit ook ons vyand of selfs God in. Niemand kan deur te lieg God benadeel nie, die naaste wel. In beide gevalle benadeel die een wat lieg homself. 'n Mens mag ook nie lieg om 'n ander daardeur te probeer bevoordeel, soos in die geval van getuigskrifte nie. Hier beteken die woorde boaan 'n getuigskrif dikwels nie "Heil Die Leser" nie, maar "Hoor Die Leuens". Om aan te dik is 'n leuen so oud soos die mensheid self, want Eva het dit al gedoen toe sy by die woorde van God die woorde toegevoeg het, "en dit nie aanroer nie" (Gen.3:3).

Die waarskuwing dat niemand se woorde verdraai moet word nie, is 'n tydige woord vir alle tye so lank as wat daar mense op die aarde sal wees, tot aan die einde toe. Mense word so maklik iets in die mond gelê. 'n Mens lees in 'n brief of in 'n boek so maklik wat jy graag daarin wil lees. 'n Mens aanvaar so maklik dat iemand bedoel wat jy meen hy bedoel; veral wanneer jy iemand verkeerd wil bewys. Jy gee 'n eie interpretasie, wat nie aan die ander se betoog reg laat geskied nie, en dan skeur jy jou eie afleiding aan flarde; ewe selfvoldaan, omdat jy jou opponent op sy plek gesit het. Ook dit is 'n oortreding van die negende gebod.

Om kwaad te praat, is om allerlei onvriendelike praatjies oor andere kwistig rond te strooi; dinge wat nie nodig is om te vertel nie. So word ander se invloed en gesag afgebreek, vooroordeel teen hulle opgewek, en dit terwyl hulle nie daar is om hulle self te verdedig nie. Laster is die rondstrooi van verhale of dinge wat nie waar is of nie heeltemal waar is nie. Dinge wat ons gehoor het, word ewe maklik oorvertel sonder dat gekontroleer is of dit wat ons uit "betroubare bronne" verneem het, die waarheid is. En om die verhaal interessant genoeg te maak, word met nodige kleur en geur kwistig aangedik en saam gelieg.

Om nie eers te praat van iemand ligvaardig of onverhoord te oordeel of help veroordeel nie. Hierin het ons meesters geword. Die oorhaastige, onbeskaamde en liefdelose wyse waarop ons met mense klaarspeel, maak dit nodig om weer na die Woord te luister: "Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging, want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge" (Rom. 2:1-3; Matt. 7:1-5). Sien ons nie dalk ons eie foute in andere nie, en verraai ons gesprekkie nie dalk meer van ons innerlike self as wat ons bereid is om toe te gee nie? Ons moet liewer dubbel versigtigwees!

## *Wat die negende gebod gebied*

Die negende gebod eis dat ek "alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel (Joh. 8:44) moet vermy, tensy ek die sware toorn van God op my wil laai (Spr. 12:22; 13:5); so ook, dat ek in die gereg en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely (1 Kor. 13:6; Ef. 4:25); ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë moet verdedig en bevorder" (1 Pet. 4:8; H.K. 112).

Onder alle lieg en bedrieg kan 'n menigte sondes aangetoon word. Dit geld vir enige misleidende voorstelling van enige saak, óf in die verdraaiing van die feite óf in die verswyging daarvan, in koop en verkoop, in handel en reklame, in buitensporige rente en woekerwins, in die op- en weer afmerk van pryse by uitverkopings, in die verkoop van "aanteelbeeste" wat nie daartoe in staat is nie, in die betaling van 'n hongerloon, die gebruikmaak van 'n ander se dienste sonder die nodige vergoeding, in enige saak waarin met lieg en bedrieg die kronkelpaaie van die Bose bewandel word.

Die Bybel verklaar dat diewe, gierigaards en rowers die koninkryk van God nie sal beërwe nie (1 Kor. 6:10) en dat valse lippe vir die Here 'n gruwel is (Spr. 12:22). Wie hierdie dinge doen, laai die sware toorn van God op hom (Amos 8:4-7).

In die gereg moet ons die waarheid liefhê, opreg spreek en bely, want die gereg is die saak van God (Deut. 1:17). Maar ook in alle ander handelinge mag die waarheid nooit verkrag word nie: "Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede" (Ef. 4:25).

Verder moet elkeen sy naaste se eer en goeie naam na sy vermoë verdedig en bevorder. Die Skrif beveel ons: "Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek" (1 Petr. 4:8). Alleen wanneer ek my naaste liefhet, het ek die wet vervul (Rom. 13:8), want die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:10). Die goeie naam van ons naaste is aan ons toevertrou; dit hang baie daarvan af, wat ons van ons naaste sê en of ons bereid is om vir die goeie naam van iemand op te kom. Dit pas ons om altyd die mooie en die goeie in andere raak te sien en dit aan die groot klok te hang, eerder as om met 'n valke-oog die splinters in 'n ander se oog op te merk, maar die balk in die eie oog nie raak te sien nie (Matt. 7:3-5). Dit is so jammer dat ons so geneig is om van die ander kwaad te dink, in plaas daarvan dat ons in andere glo en van hulle bedink, alles wat waar, eerbaar, regverdig, rein, lieflik, loflik of watter deug en watter lof daar ook mag wees (Fil. 3:8). Hoe waarlik vry sou dit ons nie maak nie!

## *Die regspraak*

In die vyfde gebod het ons reeds gespreek oor die formele beginsel van die reg onder mense as sodanig. Die negende gebod handel meer bepaald oor 'n inhoudelike aspek van die reg, naamlik dat ek in die gereg en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely (H.K. 112). In hierdie sin dus verbind die negende gebod ons aan die regspraak of gereg.

Wanneer die wet van God beveel dat geen valse getuienis teen die naaste gespreek mag word nie, en God daarmee die naam van die mens in beskerming neem, word elkeen wat 'n getuienis lewer of ook 'n vonnis uitspreek meteen verantwoordelik voor God. Die Skrif verklaar dan ook in duidelike taal dat die *gereg* 'n saak van God is: "Julle mag in die gereg nie partydig wees nie; julle moet klein sowel as groot aanhoor; julle mag niemand ontsien nie, want die gereg is die saak van God" (Deut. 1:17). Of ook: "God staan in die vergadering van die gode; Hy hou gerig te midde van die gode. Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die goddelose mense. Doen reg aan die swakke en die wees; gee aan die ellendige en arme sy reg" (Ps. 82:1-3). Elke verkeerde vonnis roep tot God om wraak (Ps. 82:1-8) en elke leuen wat in die hof vertel word, is 'n leuen voor God; sy Naam word daardeur ontheilig(Ex.20:7).

In Israel het aanvanklik geen beroepsregters opgetree nie; hulle was nie vakmanne van beroep nie. Geringe regsake het voor die oudstes gedien (Rut 4). Hulle was manne van lewenservaring wat aan die hand van die gewoontereg, die eise van billikheid en die regsreëls van die Ou Testament hulle uitsprake moes gee. Gewone godsdienstige sake is deur die priesters uitgewys (Lev. 13). Moeilike sake is in hoër beroep na die rigter of koning geneem (1 Sam. 7:16, 17; 1 Kon. 3:16-28). Beroepsregters is later deur koning Jósafat van Juda aangestel (2 Kron. 19:4-11). Daar was geen advokate wat die beskuldigde bygestaan het nie, want die getuie was tegelyk ook die aanklaer (Deut. 19:16). In die geval van 'n doodvonnis moes die getuies eerste optree (Deut. 17:7).

'n Ooreenstemmende getuienis van minstens twee getuies was 'n vereiste (Deut. 17:6; 19:15; Num. 15:30), terwyl teen 'n valse getuie baie streng opgetree was (Deut. 19:18-21). Om hierdie rede word die optrede van iemand wat vals sweer in die hof baie skerp veroordeel in die Skrif (Ps. 24:4; Jer. 7:9).

Die negende gebod wil dus 'n regswese daarstel wat in sy uitsprake altyd bo alle verdenking sal wees, en wil dit op die hart van die aanklaer en beskuldigde druk, dat hulle net die waarheid moet spreek omdat hulle staan in teenwoordigheid van God, wat hoewel Hy deur regters verteenwoordig word, tog self deur hulle die uitspraak gee.

## *Die naam van die mens*

By die bespreking van die Naam van God, het ons gesien dat die Naam van God nie van

sy wese losgemaak kan word nie, dat Hy dus nie alleen 'n Naam het nie, maar tegelyk sy Naam is. Gewoonlik bestaan daar 'n noue samehang tussen die naam en die persoon wat die naam dra. In die Bybel het name dan ook 'n bepaalde inhoud gehad en bepaalde eienskappe van persone weer*gegee.* So is mense se name verander om by nuwe en veranderde omstandighede aan te pas: Jakob word Israel en Simon word Petrus.

Die naam van 'n mens, as beelddraer van God, is dus meer as net 'n nommer of 'n etiket om van andere onderskei te word; dit het 'n bepaalde funksie om aan die diepste wese van 'n mens uitdrukking te gee. Al het hierdie opvatting in die Bybelse tyd veel sterker gespreek as by ons, kan ons nie daarvan wegkom nie, dat die naam en 'n persoon feitlik dubbelgangers is. Die naam op 'n tjek is byvoorbeeld die skriftelike magtiging vir uitbetaling van 'n genoemde som op 'n bank, en agter hierdie naam sit die hele persoon met volle aanspreeklikheid. Wie dus 'n ander se naam aantas, rand daarmee sy persoon aan.

Die negende gebod neem dus die naam van ons naaste in beskerming, omdat die naam 'n uitdrukking van die naaste self is en omdat hy na die beeld van God geskape is (Gen. 1:26, 27), en omdat 'n goeie naam soveel waarde het: "'n Naam is verkiesliker as groot rykdom" (Spr. 22:1). En ook: "'n Goeie naam is beter as goeie olie" (Pred. 7:1). Geen wonder nie dat Jesus al in sy bergrede gesê het, dat die kinders van die koninkryk se name weggegooi sal word soos iets wat sleg is (Luk. 6:22).

Maar vir die volk van God is dit 'n heerlike troos om te weet dat ons name in die hemele opgeskrywe staan (Luk. 10:20; Openb. 20:15), en van ons gesê word: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang" (Openb. 2:17). Hierdie nuwe naam sal nie op 'n gebrekkige wyse nie, maar ten volle uitdrukking gee aan ons diepste wese, terwyl dit deur die bloed van die lam gereinig sal wees (Openb. 5:9).

Intussen roep die negende gebod ons op om die een die ander hoër te ag as homself (Fil. 2:3), die een moet die ander voorgaan in eerbetoning (Rom. 12:10) want ons is saam opgeneem in die nuwe verbond (Hebr. 8:10,11; Rom. 11:17) en het deel aan die één heilige volk (1 Petr. 2:9): "Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede" (Ef. 4:25).

## *Die valse getuienis*

'n Getuie is iemand wat getuig van wat hy gehoor of proefondervindelik deurgemaak het. In die Ou Testament het dit selfs 'n wyer betekenis. Lev. 5:1 praat van iemand wat die luid uitgesproke beswering hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet.

In regsake was die getuienis van 'n persoon die belangrikste bewysmiddel. Die finale uitspraak het daarvan afgehang of iemand vrygespreek of gevonnis gaan word. Daarom was dit so belangrik dat niemand 'n valse getuienis sou aflê nie, want in sommige gevalle het selfs die lewe of die dood van 'n beskuldigde daarvan afgehang (1 Kon. 21; Spr. 18:21).

Om hierdie rede was die getuienis van een persoon nie voldoende om iemand te veroordeel nie (Num. 35:30; Deut. 17:6; 19:15); die ooreenstemming van minstens twee was 'n vereiste (Num. 35:30; Deut. 17:6; Matt. 18:16).

Die regters was meestal nie vakmanne nie, en daar was geen advokate om die getuies onder kruisverhoor te neem nie. Teen 'n eenstemmige verklaring was die regter dus volkome magteloos. Sameswering tussen twee was dus dodelike getuienis soos dit uit die voorbeelde van Nabot (1 Kon. 21:9-13) en van Jesus (Matt. 26:60-62) duidelik blyk. Daarom was dit so belangrik dat die getuienis die waarheid moes wees.

Daar was dan ook gewoonlik baie streng teen 'n valse getuie opgetree: "En die regters moet terdeë ondersoek doen, en is *die* getuie 'n valse getuie, het hy vals teen sy broer getuig, dan moet julle met hom doen soos hy gedink het om met sy broer te doen; so moet julle die kwaad uit jou midde uitroei. En 'n ander moet dit hoor en vrees en nie meer verder by jou so iets verkeerds doen nie. En jou oog mag nie verskoon nie: lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet" (Deut. 19:18-21). In die geval van 'n doodvonnis moes die

getuies eerste optree (Deut. 17:7; Hand. 7:58,59).

Die negende gebod veroordeel en verbied dus elke valse getuienis (Ex. 20:16; Lev. 19:11). In die Skrif vind ons 'n sware bedreiging teen elkeen wat hieraan meedoen: "'n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, sal nie vrykom nie" (Spr. 19:5, 9; 21:28). En tog het dit meermale voorgekom (1 Kor. 21:10; Matt. 26:60-62) en lees ons op verskillende plekke in die Bybel van valse getuies (Ps. 27:12; 35:11;Spr. 6:19; 12:17; Matt. 26:59-62).

Gelukkig vir ons, is daar Een om ons regsaak by God te verdedig (1 Joh. 2:1, 2), Jesus Christus, die getroue en waaragtige Getuie (Openb. 1:5; 3:14; 1 Tim. 6:13; Jes. 55:4). En by Hom is ons regsaak veilig! Nou is Hy ons advokaat (1 Joh. 2:1) en ons Middelaar (1 Tim. 2:5); eendag is Hy ons Regter (Joh. 5:26-34; Hand. 17:30,31).

## *Kerklike tug*

In die Skrif word die plig tot beskuldiging die gelowige opgelê: "En as iemand sondig - dat hy die luid uitgesproke beswering hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet - as hy naamlik dit nie te kenne gee nie en so sy ongeregtigheid moet dra" (Lev. 5:1; Spr. 29:24). Hieruit blyk dit dat die Israeliet verplig was om, wanneer die heilige Naam van God aangerand was, dit aan die owerhede bekend te maak, sodat die kwaad onder Israel uitgeroei mag word (Deut. 13:5; 17:7; 19:19; 21:21; 22:21). Versuim om dit te doen, word hom tot sonde gereken. Omdat God onder sy volk woon, staan elkeen onder die verpligting om toe te sien dat sy heilige Naam nie ontheilig sal word nie: "En jy mag die land waar julle in woon, nie verontreinig nie, omdat Ek daarin woon; want Ek, die Here woon in die midde van die kinders van Israel" (Num. 35:34). So woon Christus onder sy volk (Sag. 2:10, 11; Joh. 1:14; Matt. 28:20) en in hulle (2 Kor. 6:16; Ef. 3:17). Daarom het ons 'n plig om mekaar te vermaan (Rom. 15:14; Kol. 3:16; 1 Thess. 5:14; Hebr. 3:13; 10:25).

Maar omdat die gevaar bestaan dat ons dit liefdeloos mag doen, is die voorskrif deur Jesus self soos volg neergelê: "En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar" (Matt. 18:15-17). Wanneer dit eindelik aan die gemeente gesê word, is die klag dan ook ten volle geregverdig.

Die kerklike tug is geen dwingende mag nie, maar 'n dienende geestelike mag (Matt. 20:28; Joh. 18:36; Ef. 4:11) wat deur Christus aan sy kerk gegee is, ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van sy volk op aarde (1 Kor. 14:33-40). Uit die sleutelmag wat Christus eers aan Petrus (Matt. 16:19), en daarna aan al die apostels toevertrou het (Matt. 18:18; Joh. 20:23), word die goeie reg van die kerklike tug afgelei (Rom. 16:17, 18; 1 Kor. 5:2, 13; 1 Thess. 5:14; 2 Thess. 3:6, 14; 1 Tim. 5:20; Tit. 3:10; Openb. 2:2, 14, 20). Dit beteken om die lidmate van die gemeente, wat hulle aan een of ander tugwaardige sonde in leer (1 Kor. 16:22) en lewe (1 Kor. 5:11-13) skuldig maak, te vermaan of te bestraf, te verbied om aan die Nagmaal mee te doen, en by hardnekkige volharding in die kwaad na veelvuldige vermaning deur die kerkraad, en met goedkeuring van die ring, van die gemeente uit te sluit deur middel van die ban (vgl. 1 Kor. 5:13). Die tughandeling gaan nie oor diegene wat nie aan die gemeente behoort nie (1 Kor.5:12,13).

Die doel van die kerklike tug is nooit om van die sondaars ontslae te raak nie, maar juis om moeisaam met hulle besig te bly in die hoop dat hulle ook gered mag word (Matt. 18:11). Gewoonlik word 'n drieërlei doel met kerklike tug beoog. In die eerste plek moet die eer van God gehandhaaf word (Eseg. 36:20; Rom. 2:24; 1 Kor. 10:31). In die tweede instansie gaan dit om die heiligheid van die gemeente; die kerk moet van sonde gesuiwer word (Matt 13:33; 16:6; 1 Kor. 11:30; Gal. 5:9; Ef. 5:3; 1 Petr. 2:9). En derdens moet die sondaar gered word (1 Kor. 5:5; 11:32; Gal. 6:l;2Thess.3:14,15).

God maak dus nie net sy wil aan ons bekend sodat ons slegs daarvan kennis sal neem nie,

maar dat ons dit moet doen (Jak. 1:22). En wanneer ons nie toesien dat sy bevele uitgevoer word nie (Rigt. 5:23), sal Hy self vir sy eer stry (Deut. 6:13-18; Josua 24:19,20).

## *Die taal wat ons praat*

Die mens kan praat omdat hy na die beeld van God geskape is; en daarna ook wat gespreek word, opskrywe. Om te kan praat is een van die belangrikste verskille tussen mens en dier. Met die sondeval het die mens die vermoë om te kan praat nie verloor nie, maar sy spreke is sodanig bederf dat hy dit nou kan misbruik om te vloek, te laster en te lieg. Selfs die verskeidenheid van tale, soos ons dit vandag ken, is die gevolg van sonde. Die mens het teen die uitdruklike bevel van God in, geweier om die aarde te vul (Gen. 1:28; 9:1). Toe het God by die toring van Babel hulle taal verwar en hulle sodoende oor die hele aarde verstrooi (Gen. 11:1-9).

Taal is gesamentlike klankgroepe waarmee die mens sy gedagtes en gevoelens uit, en dit aan andere kenbaar maak. Daardeur kan die mens homself aan andere gee soos hy in der waarheid in sy diepste wese is. Die mens is wat hy praat. Aan sy spraak word hy geken (Matt. 26:23; Mark. 14:70). Die geleerde praat anders as die ongeletterde; die beskaafde anders as die barbaar; die kind van God anders as die wêreldling (Jes. 19:18; Joh. 8:43).

Die taal is nie net 'n besit van die indiwidu nie, maar is uitdrukking van 'n gemeenskap; dit is gemeenskapsbesit. Daarom kon die Efraimiete uitgeken word aan die wyse waarop hulle sibbolet in plaas van sjibbolet gesê het (Rigt. 12:5, 6). Daarom kon Israel dankbaar sing dat God hulle uit Egipte laat wegtrek het en verlos het uit die hand van 'n volk met 'n vreemde taal (Ps. 114:1-8). Daarom kan 'n mens in werklikheid alleen dié taal begryp wat jy met jou moeder se melk ingekry het (vgl. Deut. 28:49; Ps. 114:1; Jes. 19:18; 28:11, 12; Jer. 5:15; 1 Kor. 14:21), en kan die evangelie alleen sinvol gehoor en begryp word (Matt. 13:19, 23; Hand. 8:30), wanneer dit gehoor word in die taal waarin ons gebore is (Hand. 2:6-12). Dit moet onder meer vir die Bybelvertalers tot die grootste aansporing dien om onverpoosd te arbei totdat die Bybel in elke taal van die wêreld beskikbaar is. En ons andere, sal ons deel moet doen!

Intussen mag ons nie vergeet nie, dat ons van nature onrein van lippe is, en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is (vgl. Jes. 6:5). Ons het nodig dat ons mond aangeraak mag word met vuur van die altaar, om gereinig te word (vgl. Jes. 6:6, 7); ons het nodig om voortdurend soos Dawid te bid: "Here, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe" (Ps. 141:3). Onse God is 'n God wat nie kan lieg nie (Tit. 1:2), en Hy het van ons gesê: "Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie" (Jes. 63:8).

## *Die tong van die mens*

Die tong van die mens is die beweeglike orgaan in die mond wat 'n funksie vervul met betrekking tot die sintuig van die smaak, 'n hulpdiens verrig met die kou van voedsel en ook met die afsluk daarvan, maar veral om te praat. Die tong vorm 'n deel van ons spraakorgaan. In Jakobus 3 word 'n deel vir die geheel geneem, en aan die tong die funksie van te praat toegeken (Jak. 3:9,10).

Jakobus het sy lesers vermaan om gou te wees om te hoor, maar stadig om te praat (Jak. 1:19), en gesê: "As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs" (Jak. 1:26).

Die tong van die mens is soos 'n klein vuurtjie wat 'n groot hoop hout aan die brand steek, en word uit die hel uit aangesteek (Jak. 3:3-6). Salomo skrywe: "Daar is een wat onverskillig woorde uitspreek soos swaardsteke, maar die tong van die wyse is genesing" (Spr. 12:18; 15:2). Met die tong getuig ons vals teen ons naaste, verdraai ons sy woorde, spreek ons kwaad van andere en laster ons, oordeel ons mekaar ligvaardig of onverhoord, lieg en bedrieg ons mekaar (H.K. 112). Daarom is dit nodig dat ons elke dag sal bid: "Here, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe" (Ps. 141:3). Voordat ek my mond oopmaak, moet ek wanneer ek van iemand anders iets wil sê, myself eers afvra: Is dit die waarheid wat ek praat? Is dit nodig om dit te sê? Is dit vriendelik van my om dit te sê?

Die Bybel leer uitdruklik dat geen kwaadspreker die koninkryk van God beërwe nie (1 Kor. 6:10), dat niemand wat leuens doen die nuwe Jerusalem sal ingaan nie (Openb. 21:27), dat die Here al die vleiende lippe sal uitroei (Ps. 12:4), dat die nuusdraer die dood verdien (Rom. 1:30:32), dat 'n valse getuie nie ongestraf bly nie, en hy wat leuens uitstrooi omkom (Spr. 19:9) dit is, tensy hulle hul bekeer (1 Kor. 6:11).

Die mens het elke soort natuur van wilde diere en voëls en kruipende sowel as see diere getem: "Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif" (Jak. 3:8; Ps. 140:4; Rom. 3:13). Dit is soos 'n sak vere wat 'n mens in die wind uitskud. Dié skade kan geen mens ooit herstel nie! En tog gaan die mens met sy bose werke voort ten spyte van die vermaning dat dit nie so hoort nie (Jak. 3:9-12; Ps. 34:14), "omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Rom. 8:7).

Daar is dus net één oplossing - die mens moet weergebore word (Joh. 3:3, 5), uit die Gees gebore word (Joh. 3:6), sodat hy deur die Gees die werke van die vlees kan doodmaak, en lewe (Rom. 8:13), want die bekering omvat die ganse mens, ook die tong van die mens (Ps. 35:28; Spr. 10:20). Maar die goddelose mense sal eendag hulle tonge kou van pyn (Openb. 16:10), of soos die rykman smeek dat die tong verkoel mag word, "want ek ly smarte in hierdie vlam" (Luk. 16:24).

## *Die taal van Satan*

Die negende gebod bring ons ook op die terrein van Satan (Openb. 12:9; 20:2). Satan, of ook genoem die duiwel, is 'n gevalle engel wat sy woonplek verlaat het (Judas vers 6) en die groot teëstander van God geword het; hy is die owerste van hierdie wêreld (Joh. 12:31; 14:30; 16:10) en die aanklaer van die kinders van die koninkryk van God (Openb. 12:10). Christus het egter na hierdie wêreld gekom om die werke van die duiwel te verbreek (1 Joh. 3:8), sodat God die Vader ons kan verlos uit die mag van die duisternis en oorbring in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes (Kol. 1:13, 14). Hierdie werk sal Christus dan ook voltooi wanneer Hy Satan met al sy aanhangers sal werp in die poel van vuur en swawel (Openb. 20:10,15).

En dat Satan met lieg en bedrieg poog om die koninkryk van God te vernietig, is reeds van die begin af duidelik. Wanneer Jesus met die ongelowige Jode praat, sê Hy vir hulle: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" (Joh. 8:44). Die Heidelbergse Kategismus noem dan ook alle lieg en bedrieg, die eie werke van die duiwel (H.K. 112). Dit is dus duidelik dat lieg en bedrieg die ganse bestaan van Satan is, dat die leuen uit hom opkom, en dat om te lieg sy ganse handel en wandel beheers. In hom is geen waarheid nie, en wanneer hy lieg en bedrieg, doen hy dit steeds met die doel om dood te maak (Joh. 8:44; Rom. 5:12; Hebr. 2:14; 1 Joh. 3:8).

Satan is 'n lewende werklikheid (Gen. 3:1, 4; Job 1:9-11; Matt. 4:1-11; Hand. 5:3; 2 Thess. 2:9-11; Openb. 12:1-17) en is 'n groot en gedugte vyand van die mens (1 Petr. 5:8, 9), maar beskik slegs oor toelatende mag (Job 1:12), sodat hy nie kan doen wat hy wil nie.

Direk teenoor Satan die leuenaar, staan God as die God van waarheid (Ps. 31:6; Ex. 32:4) wat nie kan lieg nie (Tit. 1:2), die Gees van die waarheid wat ons in die hele waarheid lei (Joh. 16:13), en Christus wat getuig: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh. 14:6), en sê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde . . . En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:18, 20). En sy Woord beveel ons: "Weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug" (Jak.4:7).

## *Die taal wat God praat*

By die behandeling van die aanhef tot die Tien Gebooie het ons reeds daarop gewys dat die God van Sinai 'n sprekende God is. En daarin is Hy gans anders as al die ander gode; Hy kan ook aangespreek word.

In die negende gebod gaan dit meer bepaald oor die inhoud van hierdie spreke van God. Sy woord is die woord wat skep: "Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër . . . want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan" (Ps. 33:6, 9; Gen. 1:1-31). En deur dieselfde woord sou Hy die wêreld herskep: "Die Gees van die Here Here is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenis 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis" (Jes. 61:1; Luk. 4:14-21; Rom. 10:13-21; 1 Thess. 2:13; 1 Petr. 1:23-25).

Die Woord van God is ook 'n skrifgeworde Woord, want Hy het self die tien woorde met sy vinger geskryf (Ex. 31:18; 32:16; 24:12), en aan Moses bevel *gegee*: "Skrywe vir jou hierdie woorde op, want volgens hierdie woorde het Ek 'n verbond gesluit met jou en met Israel" (Ex. 34:27; Deut. 27:3, 8; Jer. 36:1, 2; 2 Tim. 3:16; 2 Petr. 1:19-21). God is dus die God van die openbaring; Hy het sy wil aan sy volk bekendgemaak; die lewensruimte aangetoon waarbinne daar vir die mens ware vryheid sou bestaan (2 Kor.3:17;Gal.5:l).

Maar die Woord van God is ook die vleesgeworde Woord: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God . . . En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid (Joh. 1:1, 14; Matt. 1:23; Rom. 9:5; 1 Joh. 5:20). Hy, die beeld van die onsienlike God (Kol. 1:15), wat aan Filippus kon sê: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:9); Hy wat kon verklaar: "My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My" (Joh. 10:27), maar die ongelowige Jode verwyt: "Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie" (Joh. 8:43).

Daarom is sy woord ook 'n ware (Joh. 17:17) en betroubare woord (1 Tim. 1:15; Tit. 3:8) omdat Hy 'n God is wat nie kan lieg nie (Tit. 1:2) en van sy volk verwag, dat hulle kinders sal wees wat nie sal lieg nie (Jes. 63:8). Daarom het Hy aan hulle die negende gebod gegee, en gesê: "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie" (Ex. 20:16; Lev. 19:11).

## *Wat is waarheid?*

Om geen valse getuienis te spreek nie (Ex. 20:16), beteken om niks anders as die waarheid te praat nie. Maar Pilatus het al gevra: "Wat is waarheid?" (Joh. 18:38). Plato het agter die werklikheid na 'n dieper en hoër werklikheid gesoek. Ooreenstemming tussen die twee werklikhede was vir hom waarheid. Aristoteles het die waarheid weer gesoek in die ooreenstemming tussen kennis en die werklikheid. Vir die Bybel is waar en juis nie noodwendig dieselfde nie en dek die begrippe waarheid en werklikheid mekaar nie. Daarom kan die Bybel praat van die opgang en die ondergang van die son (Mal. 1:11; Matt. 5:45) of van die land wat naderkom (Hand. 27:27).

Die Ou Testament gebruik vir waarheid die woord *emeth* (אמת) met die grondbetekenis van stewig, vas en betroubaar. Dit beteken dus die aanvaarding van daardie kennis waarop ek my vertroue stel. Die Nuwe Testament gebruik ook die Griekse woord *aletheia* (ἀλήθεια) wat op die onthulde dui - die openbaring van die evangelie wat vantevore nie bekend was nie. Dit gaan egter hier om meer as net die blote ooreenkoms tussen kennis en die werklikheid. Dit gaan om die aanvaarding van die evangelie wat my in Christus Jesus verlos; 'n evangelie waarop ek my kan verlaat.

Waarheid veronderstel dus 'n eksistensiële moment, want ons is by die waarheid betrokke. Dit raak ons hele bestaan - ons verstand en ons hart. Waarheid ontvou egter ook 'n etiese karakter, aangesien waarheid en ongeregtigheid teenoor mekaar gestel word (Joh. 7:18; Rom. 1:18). Waarheid bring ook 'n kennis-element aan die orde - die onthulling van 'n heils-werklikheid; dit wat tevore nie bekend was nie, word openbaar gemaak (Hebr. 1:1; 1 Joh. 1:1-4).

In die spreke van die waarheid, is dus nie die ooreenstemming tussen denke en werklikheid beslissend nie, maar die vraag of ons getrou is? Getrou is aan onsself? Of ons agter ons gesproke woord staan met ons persoonlike oortuiging dat dit wat ons praat die waarheid is?

(1 Tim. 2:7). Getrou aan God? Of ons spreek met die diepe besef dat ons in teenwoordigheid van God staan en aan Hom verantwoording skuldig is vir elke woord wat ons spreek? (Matt. 12:36). Getrou aan ons naaste? Of ek steeds optree om hom te dien en sy goeie naam te beveilig? (Rom. 13:8-10).

## *Getrou aan myself*

Ons het reeds gesê dat om getrou te wees aan jouself beteken om agter ons woord te staan met die persoonlike oortuiging dat dit wat ons praat die waarheid is (1 Tim. 2:7). Dit beteken om aan ons eie woord te glo, omdat dit ooreenstem *met* ons insig en oortuiging soos dit leef in die gedagtes van ons eie hart. Ons moet elke woord bedoel wat ons sê en moet bereid wees om vir die waarheid daarvan 'n eed af te lê. Daar moet dus 'n ooreenstemming bestaan tussen ons denke of kennis met betrekking tot 'n bepaalde saak en ons vertolking daarvan. Ons lewe moet met ander woorde, ooreenstem met die belydenis van ons mond (Tit. 1:16).

Dit beteken nie dat ons getuienis noodwendig moet ooreenstem met die werklikheid soos dit voor God bestaan nie, maar met die werklikheid soos ons dit ken en belewe. Om die waarheid te praat is dus subjektief bepaald omdat die spreke van die mens aan aller-*M* persoonlike gebreke mank gaan, en sluit dus die moontlikheid van vergissing in. So kan my getuienis in die hof oor 'n bepaalde gebeure op sigself onjuis wees, maar wat my insig betref tog waar wees, omdat ek persoonlik daarvoor kan instaan en omdat dit 'n getroue weergawe van my ervaring en insig is. So het ek dit gesien; so het dit vir my voorgekom. Ek kan om allerlei redes as 'n onbetroubare getuie afgewys word, sonder dat iemand kan sê dat ek lieg, as ek nie willens en wetens besig was om die hof 'n rat voor die oë te draai nie; te lieg en te bedrieg nie. So lank as wat ek getrou was aan myself, gaan dit om my waarheid, my insig, my eerlike weergawe daarvan.

Maar wanneer ek sing en bid in die kerk en my bydrae gee bloot uit gewoonte, sonder dat my hart daarin is, omdat dit bloot 'n uiterlike pligpleging is, sonder inhoud en lewe; of wanneer ek met my mond bely by die doopvont en Nagmaalstafel sonder dat ek bedoel wat ek sê; of wanneer ek by die sluiting van my huwelik of die aflegging van my geloofsbelydenis, nie met my hart daarin is nie; of wanneer ek met my mond bely dat ek God ken, maar Hom deur die werke verloën, dan het ek gruwelik en ongehoorsaam geword, onbetroubaar, onwaar en ongeskik vir elke goeie werk (vgl. Tit. 1:16) en is ek nie meer trou aan myself nie; praat ek nie die waarheid nie!

## *Getrou aan God*

Om getrou te wees aan jouself, is nie 'n losstaande werklikheid nie, want mens-wees is nie alleen-wees nie, maar saam-wees en in-die-teenwoordigheid-van-God-wees. Maar dit beteken ook sondaar-wees. Was dit anders, dan was dit soveel makliker om aan jouself getrou te wees - net jy self om mee rekening te hou. En tog is die mens nie bestem om alleen of al-een te wees nie.

Maar omdat die mens sondaar is en bly (Rom. 7:14-26; 1 Tim. 1:15), bly die hart van die mens 'n onsalige fontein waaruit voortdurend allerlei onreinhede uitborrel: "Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein" (Mark. 7:21-23). Dit is dus duidelik dat hierdie sondes die naaste benadeel en dat nie toegelaat kan word om aan die sondaar vrye teuels te gee om homself bandeloos uit te lewe nie. So mag die skape nie roekeloos aan die wolwe uitgelewer word nie. Dit sou selfmoord beteken. Die begrip "trou-bly-aan-jou-self, kan alleen in perspektief gebring word wanneer dit ook beteken om in liefde trou te bly aan die naaste, want alleen die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:8-10). Maar net soos daar met die naaste rekening gehou moet word, so moet daar ook aan God getrou gebly word, want Hy is dit wat sy wette aan sy volk gegee het juis om die ordelike bestaan en voortbestaan van sy skepsele te waarborg. Jesus het gesê: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Joh. 14:15). Johannes skrywe: "Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in

hom is die waarheid nie" (1 Joh. 2:4).

Maar om getrou te wees aan jouself en alleen te getuig wat volgens jou kennis en insig so is, kan nie ongekwalifiseerd as die waarheid aanvaar word nie, want wanneer iemand sou sê dat Jesus Christus nie in die vlees gekom het nie, dan leef daar in hom nie die waarheid nie, maar die gees van die dwaling (1 Joh. 4:1-6; Matt. 16:15-18). En hy wat sê dat hy God liefhet en sy broeder haat, is 'n leuenaar (1 Joh. 4:20, 21); hy praat nie die waarheid nie.

Wie dus die waarheid praat, moet tegelyk getrou bly aan homself, aan God en aan sy naaste; alleen só word aan die eis van die negende gebod voldoen.

## *Getrou aan my naaste*

Oor die getrou bly aan ons naaste het ons reeds gespreek. Die ganse maatskaplike lewe rus op die onderlinge vertroue tussen mense. Die tweede tafel van die wet leer dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself (Lev. 19:18; Matt. 22:39). En Paulus skrywe: "Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul. Want dit: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet" (Rom. 13:8-10).

Gewoonlik draai die lewe net om onsself, ons eie belange, ons eie vooruitgang en bevordering. En in hierdie selfsugtige strewe voel ons altyd deur andere bedreig. Daarom mag ons nie toelaat dat andere beter as ons doen nie; veral nie ons konkurrent nie. Ons is van nature haatlik en haat mekaar (Tit. 3:3). En hieruit word die leuens gebore. Ons lieg, en bedrieg mekaar (Lev. 19:11). Ons steel en roof mekaar se goed (Ex. 20:15; 1 Kor. 6:10). Ons laster en praat kwaad van mekaar (Rom. 1:30). Ons steier voort op die murasies wat ons self geskep het op die pad van ons aaklike hebsug en geldgierigheid om gou ryk te word (Luk. 12:15; 1 Tim. 6:9-11) en ander na die kroon te steek. Van naasteliefde het hier niks meer oorgebly nie, van waarheid is hier geen sprake meer nie.

Moeiliker word die vraag na getrouheid aan my naaste in tye van oorlog, of wanneer daar 'n brand in 'n saal uitbreek en ek nie aan die gehoor die waarheid durf vertel nie, omdat dit paniek en dood kan veroorsaak, of die vraag of 'n geneesheer aan 'n pasiënt moet sê dat hy sy dood binnekort verwag? Hierby moet nog aspekte soos die noodleuen, die lokvinkstelsel, spoedlokvalle, krygslis, spioenasie, diplomasie en so meer gevoeg word, om te weet wat ek mag doen of nie, en tog nog getrou te bly aan my naaste, getrou te bly aan die gebod wat sê: " Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie" (Ex. 20:16).

## *Wie is my naaste?*

Die negende gebod sê dat ek geen valse getuienis teen my naaste mag spreek nie (Ex. 20:16). Belangrik word nou die vraag of ek dan maar teen iemand wat nie my naaste is nie wel 'n valse getuienis mag aflê? En as ek die kring van diegene wat my naaste is tot my volksgenote beperk, dan sou die afleiding ewe maklik gemaak kan word dat dit nie verkeerd of sonde sal wees as ek die vreemdeling of my vyand belieg en bedrieg nie; dié wat buite staan hoef ek dan ook nie lief te hê soos wat ek myself moet liefhê nie (Lev. 19:18; Luk. 10:27). Dit was dan ook die opvatting onder die Jode in die dae van Jesus. Vandaar dat Hy by geleentheid gesê het: "Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat" (Matt. 5:43). Hierdie afleiding kan nêrens uit die Ou Testament gemaak word nie. Immers, selfs in Lev. 19 vind ons voorskrifte omtrent die beoefening van die liefde wat ook die vreemdeling ten goede kom (Lev. 19:34-37. Vgl. Ex. 23:4, 5). Daarom reageer Jesus baie skerp op die valse beskouing en verklaar dat selfs die vyand as naaste beskou moet word: "Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê; seën die wat julle vervloek, doen goed aan die wat julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg ..." (Matt.5:44-48).

In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan leer Jesus dat die vraag beter beantwoord word as ons sou vra: Wie se naaste is ek? (Luk. 10:36). Hier word dit glashelder, dat dit in die vraag oor my naaste, nie gaan oor grense van nasionaliteit of wat ook al nie, maar

oor wie ook al op 'n bepaalde tydstip die naaste aan my is. Dit kan 'n familielid en volksgenoot of ook 'n vreemdeling wees, 'n vriend of vyand, wit of swart, bekend of onbekend wees. Ons moet onthou dat alle mense na die beeld van God geskape is en dat ons iets van God in elke mens moet raaksien. Ons moet onthou dat alle mensekinders tog uit een (bloed) geskape is (Hand. 17:26; Gen. 3:20), en ons daarom alle mense as ons naaste moet erken en behandel. En as die negende gebod ons beveel om geen valse getuienis teen ons naaste af te lê nie (Ex. 20:16), dan is die Heidelbergse Kategismus reg as hy dit uitbrei en leer dat ek teen niemand valse getuienis moet aflê nie, maar dat ek in die gereg en in alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg moet spreek en bely (H.K. 112).

## *Die leuen wat ons vertel*

Uit wat ons oor die waarheid gesê het, blyk dit alreeds dat 'n leuen nie net 'n opsetlike onwaarheid is nie, nie net 'n opsetlike teenstelling tussen wat ek dink of weet en wat ek sê, is nie, maar alles is wat ek doen, sê of verswyg waarin ek tegelyk ontrou is aan myself, aan God en aan my naaste.

Dit is egter nie altyd so eenvoudig om die leuen uit te wys nie. Is dit 'n leuen wanneer ek 'n hondjie na buite lok en maak asof ek hom iets wil gee om te eet? Vis vang met aas aan die hoek? 'n Skuilnaam gebruik? Vrae na die herkoms aan kleiner kinders verduidelik met die ooievaar? Is dit reg om iemand met lis te vang? (vgl. 2 Kor. 12:16). Het Moses gelieg toe hy van Farao verlof gevra het dat Israel vir drie dae in die woestyn mag intrek om aan die Here te offer, terwyl dit tog sy eintlike plan was dat Israel Egipte vergoed moes verlaat? (Ex. 3:18; 5:3; 8:27). Was Paulus in Hand. 23:5 wel eerlik?

Feit is dat elke mens leuenagtig is (Rom. 3:4) en dat al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg is (Gen. 6:5). Die talle soorte van inspekteurs, kaartjieondersoekers, opsigters, polisie en gevangenisse getuig daarvan, Die sekretaresse sê so maklik dat haar werkgewer nie daar is nie. Daar word so baie met die inkomstebelasting geknoei. Vir alles moet daar kwitansies en bewysstukke wees. Ons kan mekaar nie vertrou nie.

Maar waarom lieg ons vir mekaar? Gewoonlik omdat ons deur die waarheid te praat dalk benadeel mag word. Daar is die konvensionele leuen om nie aanstoot te gee nie; die nooi teenoor die ongewenste kêrel; vriendelik wees met die lastige buurman. Leuens word vertel uit skaamte omdat ons nie wil hê dat ander moet weet dat ons gefaal het nie, of om iemand te beskerm wat in skande gekom het, om die kwaad toe te dek, ons eie saak of besigheid te bevorder, uit blote gewoonte, ons eie ego te streel deur middel van oordrywing van 'n saak, ander wederregtelik te bevoordeel met getuigskrifte wat nie realisties is nie, of uit vrees vir straf.

Maar van die leuen sê die Skrif: “'n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, sal nie vrykom nie” (Spr. 19:5; Openb. 21:27). Hoe verskriklik was die oordeel van God nie oor die leuen van Ananias en Saffira nie! (Hand. 5:1-11). Hy wat lieg, het die negende gebod oortree.

## *Uitsonderinge wat toelaatbaar is*

Die Skrif leer duidelik dat daar 'n uitsondering op elke reël bestaan. Toe die Fariseërs die honger dissipels van Jesus wat op die sabbat deur die gesaaides geloop en are begin pluk en eet het, daaroor verkwalik het, het Jesus onder meer aan hulle gevra: “Of het julle nie in die wet gelees dat die priesters op die sabbat in die tempel die sabbat ontheilig en onskuldig is nie?” (Matt. 12:1, 2, 5; Num. 28:9, 10; Deut. 5:14). Die vierde gebod kon dus in tye van oorlog (Josua 6:2-5, 14, 15), in verband met godsdienstige handelinge (Matt. 12:5) soos ook die besnydenis (Joh. 7:22, 23), of die genesing van siekes (Matt. 12:9-13), oortree word, sonder om skuldig te wees (Matt. 12:5). So word in Matt. 5:34 die eed absoluut verbied, terwyl Jesus alleen bedoel om die ligvaardige eed teë te gaan (Deut. 6:13; Matt. 26:63, 64; Rom. 1:9; 9:1); word egskeiding in Mark. 10:4-12, Luk. 16:18 en 1 Kor. 7:10, 11 sonder enige uitsondering vir ongeoorloof verklaar, terwyl Jesus in Matt. 5:31, 32 en 19:7-9 die egskeiding in die geval van owerspel wel toestaan; word doodslaan verbied (Ex. 20:13), maar die reg tot doodstraf aan die

owerheid verleen (Gen. 9:6; Rom. 13:4); moet die kind die ouer eer (Ex. 20:12), maar nie ongekwalifiseerd nie (Luk. 14:26), en so meer.

Net so is daar gevalle waar die leuen geoorloof is, ja, selfs gebiedend noodsaaklik is. Hier is die vertel van die leuen nie sonde nie, want die waarheid spreek sou hier veroordeel word. Sulke voorbeelde kry ons in die verhale van Sifra en Pua (Ex. 1:15-22), van Ragab (Josua 2:1-22) en die vrou wat Jonatan en Ahimaäs in 'n put versteek het (2 Sam. 17:17-21).

Ons mag allerlei woorde en omskrywinge gebruik om te bewys dat daar in hierdie gevalle nie werklik leuens vertel was nie, maar dit werk eerder verduisterend as verhelderend in op ons probleem. Jesus het egter ronduit gesê dat die priesters op die sabbat die tempel ontheilig en onskuldig is (Matt. 12:5). Laat ons dan ook maar liewers sê dat hierdie mense almal wel gelieg het, maar onskuldig is, omdat 'n leuen onder sulke omstandighede, waar die voortbestaan van onskuldige lewens op die spel was (vgl. Ex. 20:13; Deut. 19:10), wel geoorloof is.

## *Sifra en Pua*

Farao het die Israeliete gevrees en hulle swaar verdruk en aan die twee Hebreeuse vroedvroue, Sifra en Pua, bevel gegee om alle Joodse seuntjies by die geboorte om te bring (Ex. 1:8-16). Die twee vroue was egter aan God meer gehoorsaam as aan die koning, en het dit nie gedoen nie, maar die seuntjies laat lewe (Ex. 1:17). Toe Farao hulle dan laat roep het en om 'n verduideliking gevra het, het hulle geantwoord: "Die Hebreeuse vroue is nie soos die Egiptiese nie, want hulle is sterk - voordat die vroedvrou by hulle kom, het hulle al gebaar" (Ex. 1:19).

Uit die voorafgaande verklaring (Ex. 1:17), is dit duidelik dat hierdie twee vroue nie die waarheid gepraat het nie. Hulle kennis en denke het nie met hulle spreke ooreengekom nie. Hulle het Farao definitief, willens en wetens, met opset, 'n leuen vertel.

Maar nou staan dit ook verder vas dat die Here die leuen nie afkeur nie, maar aan die vroue weldadigheid bewys. En omdat die vroedvroue God gevrees het, het Hy huisgesinne aan hulle geskenk (Ex. 1:20,21).

Agter die bevel van die koning het ongetwyfeld die haat teen die vrouesaad geskuil (Gen. 3:15; Matt. 2:16; Openb. 12:1-17). Daarom het God sowel die optrede as die leuen van die vroedvroue goedgekeur omdat hulle instrumente was wat meegehelp het dat die belofte van God (Gen. 3:15) nie verydel mag word nie, en omdat hulle geweier het om onskuldige bloed te vergiet (Deut. 19:10) en God meer gehoorsaam was as die mens (Hand. 4:19). Al het hulle dus die letter van die wet (Ex. 20:16) oortree, was hulle onskuldig, soos dit ook met die priesters die geval was, wat hoewel hulle die tempel ontheilig het, tog onskuldig was (Matt. 12:5). 'n Hoër wet het in geding gekom.

## *Ragab*

Josua het twee spioene uitgestuur om die land Kanaän te verken. Hulle kom in Jerigo aan en skuil by die huis van Ragab. Dit raak egter by die koning bekend, en hy stuur na Rabab om die manne uit te lewer. Sy het hulle egter weggesteek en gesê: "Seker, die manne het na my gekom; maar ek het nie geweet waar hulle vandaan was nie. En toe die poort met donker gesluit moes word, het die manne uitgegaan; ek weet nie waar die manne heengegaan het nie; jaag hulle gou agterna, want julle sal hulle inhaal" (Josua 2:4-5). Met hierdie daad het sy haar aan die kant van Israel geskaar en die verklaring vir haar optrede vind ons in vers 9 tot 11.

Met die beste wil ter wêreld kan nie ontken word dat Ragab hier 'n blatante leuen vertel het nie, en tog word sy om haar geloof geprys omdat sy die spioene in vrede ontvang het (Hebr. 11:31) en uit die werke geregverdig toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het (Jak. 2:25). Hierdeur is die lewe van Ragab en haar huis gespaar (Josua 6:22, 23) en word sy selfs opgeneem in die geslagslinie waaruit Dawid en later die Christus gebore sou word (Matt. 1:5-16).

Ongetwyfeld is die lewe van die twee verspieders en later ook die lewe van Ragab gered deur die leuen wat sy vertel het. Haar optrede en daarmee ook haar leuen word in die Bybel

geloof (Hebr. 11:31; Jak. 2:25), omdat sy haar geloof (Josua 2:9-11) in dade omgesit het (Jak. 2:25), omdat sy die lewe van twee gesante van God gered het en daardeur 'n goeie daad aan Christus self gedoen het (vgl. Matt. 25:45); meegehelp het aan die uiteindelike vervulling van die belofte van God aan sy volk (Gen. 3:15).

Die uitwerking van haar optrede wys ongetwyfeld daarop dat haar leuen deur God goedgekeur was. 'n Leuen onder 'n soortgelyke omstandigheid sou dus vir geoorloof gehou moet word.

## *Die vrou in Bahúrim*

**In** 2 Sam. 17 lees ons van 'n vrou in Bahúrim wat vir Jonatan en Ahimaäs in 'n droë put versteek het, en 'n doek geneem en dit bo-oor die put oopgetrek en graankorrels daarop uitgestrooi het, sodat 'n mens niks kon merk nie (2 Sam. 17:17-19). Toe Absalom se dienaars by die vrou in die huis kom en na die twee verneem, het die vrou gesê: "Hulle het die watertjie deurgegaan" (2 Sam. 17:20). So kon Jonatan en Ahimaäs hulle agtervolgers afskud en by Dawid aankom (2 Sam. 17:20-21).

Ook deur hierdie vrou word 'n duidelike leuen vertel. Hierdie leuen word hier nie goedgepraat nie, maar ook nie afgekeur nie. Die leuen help egter dat die boodskap van Jonatan Dawid veilig bereik, wat hom tot voordeel moes gekom het.

Dawid was met sy seun Absalom in 'n heilige oorlog betrokke en ons het reeds gesien dat sekere wette - hoewel nie almal nie (Deut. 20) - in tye van oorlog opgeskort mag word (vgl. Josua 6:2-5, 14, 15). Haar leuen het meegehelp om in die oorlog reg en geregtigheid te dien en die onreg en bedrog van 'n opstandige teen die wettige koning, te straf. Haar leuen is aan die waarheid diensbaar gemaak, en hierin was dit sedelik geoorloof. Al het sy in haar optrede die letter van die wet oortree, was sy onskuldig; kan dit haar nie tot sonde gereken word nie (Matt. 12:5, 7). Dit is hier nie die geval dat die doel die middele heilig nie, maar wel dat die goeie deur die kwaad gedien is; die saak van die God van waarheid gedien is. In tye van 'n regverdige oorlog sou 'n leuen dan as geoorloof beskou kan word, mits dit aangewend word om daarmee reg en geregtigheid te dien en om die lewe van die onskuldige te red (Ex. 20:13; Deut. 19:10), soos die leuen van die vrou in Bahúrim ongetwyfeld die lewes van Jonatan en Ahimaas gered het.

## *Die noodleuen*

Die noodleuen kan nie meer soos vroeër ongekwalifiseerd afgekeur word nie. Natuurlik is 'n leuen nooit net omdat of wanneer dit uit nood gebore word, te regverdig nie, of wanneer dit alleen gaan om eie belang, net om onsself uit moeilikheid te red nie. Ook in nood mag ons nie vir mekaar lieg nie (Lev. 19:11; Kol. 3:9).

En tog leer ons uit die Skrif dat noodsaak in bepaalde situasies geen wet ken nie. Toe Jesus se dissipels honger gehad en op die sabbat are gepluk en geëet het, het Jesus hulle optrede teenoor die Fariseërs soos volg verdedig: "Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het nie - toe hy en die wat saam met hom was, honger gehad het - hoe hy in die huis van God gegaan en die toonbrode geëet het wat vir hom en die wat saam met hom was, nie geoorloof was om te eet nie, maar net vir die priesters alleen?" (Matt. 12:3, 4; Ex. 25:30; Lev. 24:9; 1 Sam. 21:6). Die menslike lewe en gesondheid (Ex. 20:13), mag nie aan die letter van die wet geoffer word nie. Daarom kon Jesus 'n bietjie verder sê: "Maar as julle geweet het wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie" (Matt. 12:7).

Daar is dus regverdiging vir die noodleuen van Abraham (Gen. 12:10-20) en van Isak (Gen. 26:6-11) wat oor hulle eie vroue gelieg het, uit vrees vir hulle eie lewe, al kon dit in beide gevalle op 'n ramp afgestuur het; vir die noodleuen van Samuel, wat uit vrees vir sy lewe aan Saul nie alles hoef te vertel het nie (1 Sam. 16:1, 2); vir die noodleuen van Dawid toe hy hom, uit vrees vir sy lewe, voor Agis, die koning van Gat, kranksinnig voorgedoen het (1 Sam. 21:10-15), omdat die lewe van 'n onskuldige mens in al vier hierdie gevalle op die spel was (Ex. 20:13; Deut. 19:10). In sulke gevalle is die een wat die wet verbreek (Ex. 20:16) onskuldig

(vgl. Matt. 12:5,7).

## *Krygslis*

Krygslis kan beskryf word as die kuns om die vyand in die oorlog in 'n geveg te uitoorlê. Krygslis is hoofsaaklik bedrog in dade. Met die verwoesting van Ai het Josua 'n hinderlaag opgestel en sodoende die vyand mislei en oorval (Josua 8:3-29). *So* het ook Gideon met net driehonderd man die vyand 'n rat voor die oë gespan en by die vyand die indruk geskep dat hulle deur 'n groot menigte van vegters omsingel was en sodoende 'n groot oorwinning behaal (Rigt. 7:16-25). En die hand van die Here was met Josua en met Gideon. En in die geval van Sisera die leërowerste van Jabin, die koning van Kanaän, het die Here die eer van die oorwinning aan 'n vrou gegee (Rigt. 4:9). Sy was Jael, die vrou van Heber, die Keniet, wat toe Sisera te voet op vlug was hom tegemoet gegaan en aan hom gesê het: "Draai uit, my heer, draai uit na my! Moenie bang wees nie" (Rigt. 4:18). Hy het uitgedraai, na die tent. Sy het hom in 'n kombers toegedraai en aan hom dikmelk gegee om te drink, en toe hy vas aan die slaap was 'n tentpen dwarsdeur sy slape gedryf sodat hy gesterf het (Rigt. 4:18-24). Ook hier was die hand van die Here met hierdie vrou; het hy deur hierdie daad volkome oorwinning aan sy volk oor die vyand gegee.

In al drie gevalle was daar sprake van krygslis; 'n misleidende skynbeweging; 'n bedrieglike geraas, en 'n listige misleidende woord. Al drie handelinge is deur God geseën en gebruik om aan sy volk die oorwinning oor die vyand te gee. Net soos die maak van oorlog in beginsel in die Skrif goedgekeur word (vgl. Ps. 144:1), so word ook die aanwending van allerlei vorme van krygslis goedgekeur. Die negende gebod word dus in die geval van 'n geregverdigde oorlog of opgeskort öf die oortreding daarvan, binne redelike perke, goedgekeur. In oorlog gaan dit om reg en geregtigheid te handhaaf en onthef die misleiding van die vyand in woord en daad die gelowige nie van sy verantwoordelikheid om sy vyand nog steeds as sy naaste te sien en te behandel nie.

## *Spioenasie*

Spioenasie beteken heimlike bespieding. Josua het van spioene gebruik gemaak: "Daarop het Josua, die seun van Nun, uit Sittim in die geheim twee manne as verkenners uitgestuur en gesê: Gaan bekyk die land en Jerigo" (Josua 2:1). In Jerigo het hulle tuisgegaan by 'n huis waar dit die minste opspraak sou verwerk. En toe daar na hulle gesoek was, het hulle toegelaat dat Ragab hulle wegsteek op die dak van haar huis onder vlasstoppels wat op haar dak oopgegooi was. Later het sy hulle met 'n lyn laat afsak, en het hulle in die gebergte gaan skuil totdat die vervolgers teruggekeer het (Josua 2).

Die sending was in die geheim en hulle het gedeel in die geheime plan van Ragab om die koning van Jerigo te flous. Die optrede van Ragab word in die Bybel geloof (Hebr. 11:31; Jak. 2:25). Van verspieders kan dit immers nie verwag word om oop en bloot hulle werk te verrig nie en dat hulle teenoor almal die waarheid moet praat sonder om enigsins hulle woorde te kamoefleer nie; kan nie verwag word dat daar streng volgens die letter van die negende gebod opgetree moet word nie. Dan sou geen spioenasie ooit toegelaat mag word nie. En tog het die Here die weg van hierdie manne voorspoedig gemaak en die seël daarop gesit deur boonop Jerigo in die hand van Israel te gee en om die huisgesin van Ragab te red en haar verder te vereer om in die geslagslinie van koning Dawid opgeneem te word (Matt. 1:5-16).

Ons moet dus tot die slotsom kom dat God die gebruik van spioene goedkeur, en dat 'n paslike optrede deur die verspieders nie deur die negende gebod veroordeel word nie, of dan die spioene nie ten laste gelê mag word nie. Dit is nog 'n uitsondering op die reël.

## *Diplomasie*

Diplomasie sien seker in die eerste instansie op die reëlings van betrekking tussen state, en dus ook op die werk van diplomate. 'n Diplomaat is die gevolgmagtigde verteenwoordiger van die een soewereine staat by 'n ander om die amptelike verkeer tussen die twee te behartig. Dit kan ook 'n ongunstige betekenis hê en sien op 'n politieke of geslepe onderhandelaar.

Diplomasie kan en behoort egter 'n edele werksaamheid te wees, waarin op 'n baie hoë vlak, en 'n onbesproke manier van doen, vriendskapsbetrekkinge tussen state verstewig word om wedersydse belange op die bes moontlike wyse te dien. Daar bestaan geen rede waarom die negende gebod in tye van vrede ooit oortree hoef te word nie. Die waarheid is die beste diplomaat.

Daar kan egter omstandighede kom waarin konfrontasie vermy moet word en oogmerke bereik moet word wat met geen of dan moontlik die minste bloedvergieting moet geskied, wanneer state in 'n staat van oorlog verkeer, dat dit vir die diplomaat of onderhandelaar wel nodig kan word om van 'n leuen gebruik te maak om sy goeie oogmerk te probeer bereik. So 'n voorbeeld vind ons by Moses. Hy moes in opdrag van God van Farao verlof vra om drie dae die woestyn te mag intrek om te gaan offer (Ex. 3:18; 8:3; 8:27), terwyl dit tog nie die ware rede was nie. Dit was sy plan dat Israel Egipte vergoed moes verlaat. Maar hy kon dit nie waag om op daardie stadium die volle implikasies van sy plan bekend te maak nie. Dit sou vir Israel noodlottig gewees het. Hy moes sorg dat hulle 'n voorsprong van minstens drie dae opbou. Dan kon die plan sonder die minste verhindering en dalk sonder bloedvergieting slaag. Dalk sou Farao daarvan afsien om hulle agterna te jaag en te probeer terugbring.

Wat vir ons belangrik is om te weet, is die feit dat Moses nie aan Farao die ware doel van sy versoek bekend gemaak het nie; dat hy dus vir Farao om die bos gelei het, hom bedrieg het, vir hom gelieg het. En dit het hy gedoen in opdrag van God self (Ex. 3:15-18). Dit is dus reg om in tye van oorlog, indien die oogmerk die heil van Gods volk op die oog het, reg en geregtigheid op die oog het, die negende gebod te oortree en onskuldig te wees (vgl. Matt.l2:5,7).

## *In tye van vervolging*

Mag 'n mens in tye van vervolging die Here Jesus verloën? Mag jy dan ontken dat jy in Hom glo? Mag jy dan om jou lewe of die lewe van jou huis te spaar, verklaar dat Jesus nie die Christus die Seun van die lewende God is nie? (vgl. Matt. 16:16).

Die smartlike ondervinding van Petrus moet aan ons 'n ernstige waarskuwing rig dat so iets nooit mag gebeur nie (Matt. 26:69-75). Die kloekmoedige optrede van Sadrag, Mesag en Abednego, wat bereid was om eerder in 'n brandende vuuroond te sterf as om hulle God te verloën, moet steeds aan ons 'n besielende voorbeeld bly en 'n antwoord wees op die vraag wat God in sulke tye van sy kinders verwag (Dan. 3:1-30). Die uiteinde van die saak het genoegsaam bewys gelewer dat God self hulle vir hul geloofsmoed geëer het.

Ook ons sal, as dit ooit van ons gevra sou word, gewillig moet wees om met ons lewe, as dit moet, ons geloof te verseël. En ons hoef nie bang te wees of onsself vooraf te pynig om seker te maak dat ons tot die einde toe getrou sal bly nie. Daar is net één wat moes bid en sê: “My God, my God, waarom het U my verlaat?” (Matt. 27:46). Ons wat in Hom glo, sal nooit nodig hê om so te bid nie. Hy is deur God verlaat, sodat ons nooit deur God verlaat mag word nie. Op daardie dag en in daardie uur sal Hy self daar wees om ons te versterk, soos die marteldood van derduisende dit al bewys het. In die oomblikke van skynbaar die grootste pyn kon hulle lofliedere tot eer van God sing. Die God wat geleer het, dat geen mossie sterf sonder die simpatieke teenwoordigheid van God nie (Matt. 10:29), sal Hy dan nie duisend maal eerder daar wees waar sy kinders moet sterf nie? Ons is meer werd as baie mossies (Matt. 10:29-31). So het die duisende der duisende van martelare deur die eeue heen dan ook meer as enigiets anders die sin vir waarheid onder die mensheid gesterk. Sy Woord roep ons toe: “Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee” (Openb. 2:10).

## *Die lokvalstelsel*

Die lokvalstelsel is 'n stelsel wat al deur polisie gebruik is om verdagte persone op heterdaad te betrap. As iemand byvoorbeeld daarvan verdink word dat hy met diamante smokkel, word iemand deur die polisie na dié persoon gestuur onder voorwendsel dat hy aan hom diamante wil verkoop. Sodra die persoon aan die lokval toegee, word op hom toegeslaan en word die misdadiger as 't ware op heterdaad betrap.

Dit is uit die hele opset duidelik dat die sogenaamde "verkoper van diamante" voorgee wat in feite nie so is nie. Hy bedrieg dus die persoon wat van misdaad verdink word. Dit word beweer dat die polisie feitlik nooit na iemand 'n lokval stuur nie, as hulle nie doodseker van die persoon se skuld is nie.

Hierdie stelsel kan egter onder geen omstandighede regverdig word nie, en wel om die volgende redes. Deur hierdie optrede word selfs die onskuldige voor 'n geweldige versoeking gestel, veral as hy op daardie oomblik in finansiële nood verkeer. Mense is feilbaar en ook die polisie kan in hulle oordeel 'n fout maak. Deur so 'n optrede word die moontlike swakplek in iemand se toerusting oopgevlek of dalk gestimuleer. Die slagoffer van die lokval mag dalk al in die verlede oortree het, maar 'n besluit geneem het om sy lewe te verander. Maar omdat hy dalk nog swak en onseker van homself is, by so 'n aanloklike versoeking weer struikel. En dit kan vir hom dalk die begin van 'n misdaad-loopbaan beteken. Dan het die gereg van iemand 'n skelm gemaak.

Nog erger word hierdie stelsel wanneer mans of vroue as lokvalle gebruik word om bordele op te spoor. Ook hierdie persone is net maar sondige mense, wat self ook later, deur hierdie werk daartoe geprikkel, tot prostitusie kan verval. Nooit kan hierdie lokvalstelsel op sedelike gronde goedgepraat word nie. Die owerheid wat hom hieraan skuldig maak, het self die kweker van misdaad geword. Hierteen sal die stem van protes van die kerk en van elke gelowige baie luid gehoor moet word. So iets mag nie gedoen word nie. Daar is ander metodes genoeg om die kwaaddoener aan die man te bring en te straf.

## *Spoedlokvalle*

Spoedlokvalle moenie met die lokvalstelsel verwar word nie. Dit is hoegenaamd nie een en dieselfde saak nie. In 'n spoedlokval word op een of ander onopvallende wyse 'n lokval vir motoriste gestel om die spoed waarmee hulle ry te meet om vas te stel of die vasgestelde snelheidsbeperking oorskry word. Hierdeur word niemand in die versoeking gelei nie. Inteendeel, die f eit van moontlike spoedlokvalle word duidelik onder die aandag van die publiek gebring en dien eerder as 'n afskrikmiddel om die motoriste tot gehoorsaamheid aan die verkeersreëls te dwing. Dit help om van almal beter mense, meer gehoorsame burgers te maak. Daar word ook niemand na die potensiële oortreders gestuur om hulle as 't ware tot oortreding uit te lok nie. Niemand word daardeur op enige wyse tot misdadigheid aangespoor nie. Die owerheid lieg en bedrieg nie daardeur enigiemand nie; die negende gebod word nie deur die gebruik van dié stelsel oortree nie.

Intussen staan daar geskrywe in die Woord van God: "Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here . . ." (1 Petr. 2:13). En elkeen wat die verkeersreëls van die owerhede oortree, oortree daarmee meteen die opdragte van God (1 Petr. 2:13-17; Rom. 13:1-7). Min respek vir die wette van die owerheid, beteken min respek vir die instelling van God (Rom. 13:1, 2), beteken min respek vir God. En as die owerhede nie teen die oortreders optree, en die publiek teen hulleself en teen ander wat geen respek vir die lewe van ander mense het nie, beskerm nie (vgl. Rigt. 5:23), sal God self teen alle potensiële moordenaars optree: "En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke" (vgl. Openb. 2:23).

## *Oor die naderende dood praat*

Dit is 'n belangrike vraag of 'n geneesheer verplig is om sy pasiënt altyd ten volle op hoogte te hou met betrekking tot die ware aard en volle implikasies van sy siektetoestand? En of hy met hom oor die naderende dood moet praat? Dit geld sowel van die sieke wat navraag doen as van die een wat hom skynbaar nie bekommer nie, veral waar hy dalk nie die erns van sy toestand besef nie.

Een van die basiese uitgangspunte moet seker bly die beginsel dat die geneesheer niks mag doen wat sy pasiënt kan benadeel nie. En in die algemeen gesproke mag 'n geneesheer seker nie swyg oor die naderende dood teenoor sy pasiënt nie, want hierdie sieke sal binnekort

voor sy Maker moet verskyn, en moet seker elke moontlike geleentheid gegun word om oor sy lewe na te dink, aan sy huis bevel te gee en homself vir die hiernamaals ten volle voor te berei. (vgl. Gen. 40:19; Jes. 38:1). In elk geval is die geneesheer ook net maar 'n feilbare mens; hy weet in geen geval absoluut seker nie. Dit moet hy ook steeds aan die sieke sê. Maar nooit mag hy aan sy pasiënt valse hoop gee nie.

En tog is daar pasiënte wat heeltemal bereid is om te gaan en om oor die erns van hulle toestand nie navraag te doen nie, en vir wie dit dalk beter mag wees om nie te weet nie. Op die regte tyd sal hulle weet en dan ook krag ontvang om dit te verwerk. Maar dan is daar andere wat met soveel onrus wil weet dat hulle in elk geval nie emosioneel gereed is om die volle waarheid op daardie oomblik te weet nie. Andere weer sal juis deur die ongevraagde kennis so benadeel kan word, dat dit veel beter sou gewees het as hulle liewers nie geweet het nie.

Elke saak sal liefs op meriete behandel word en geen voorafbepaalde resep van optrede vasgestel word nie. Gelukkig is daar nog altyd 'n toevlugsoord as ons in 'n bepaalde geval nie seker weet nie: "En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word" (Jak. 1:5).

## *Geheimhouding*

Wanneer in *die* handel sekere feite verswyg sou word met die doel om andere daardeur te mislei, moet dit as 'n oortreding van die negende gebod gesien word. Maar om somtyds te swyg, en nie alles te sê wat 'n mens weet nie, mag selfs 'n plig teenoor die naaste wees (Joh. 16:12). So sal die geneesheer alleen aan die kranke die ware erns van sy siekte meedeel as dit waarlik in die sieke se belang is om dit te weet. Wanneer Moses byvoorbeeld uit Midian na Egipte vertrek om Israel te verlos, noem hy ook, om Jetro, sy skoonvader, nie te veronrus nie, nie die hoofdoel van sy vertrek nie (Ex. 4:18). Samuel het ook nie die hele doel van sy sending aan koning Saul hoef te vertel het nie (1 Sam. 16:1, 2). Reeds die feit dat God die mens klere aangetrek het, waarborg die sedelike reg dat almal nie alles van ons hoef te weet nie. Die vertroulikheid agter die geslote deur van 'n familie hoef ook nie aan die wêreld uitgelap te word nie. Die bedoeling is nooit dat die mens sy privaatheid ontneem moet word nie. Dit was juis 'n groot fout van koning Hiskia om aan vreemdelinge alles wat in die huis was, te vertoon (2 Kon. 20:14-19).

So het Maria vir Jesus beskerm en die geheim van sy Goddelike sending verberg toe sy hom tussen die leraars in die tempel gevind het en uitdruklik gesê het. "Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek" (Luk. 2:48). En om onnodige publisiteit te vermy, het Jesus self dikwels die wat Hy genees het die swye opgelê (Mark. 1:44, 45). In tye van vervolging was die Christene ook dikwels verplig om Christus in die geheim te dien. As beelddraer van God (Deut. 29:29; Jes. 45:15; Dan. 2:29, 47; Amos 3:7; 1 Kor. 14:25) is dit eie aan die mens om ook sy geheime te hê, en is dit seker nie verkeerd in besigheid om nie al jou kaarte op die tafel uit te pak nie, of in diplomasie en in tye van oorlog of selfs in tye van vrede nie al jou geheime aan die vreemdes of die vyand bloot te lê nie. In bepaalde omstandighede is geheimhouding prinsipieel te regverdig, tensy jy dit gebruik om jou naaste wederregtelik te benadeel.

Dan is daar nog die plig wat op die predikant, geneesheer en ander professionele dienste rus om nie die vertroue in hulle gestel te skok deur ander se geheime uit te lap nie. Die Skrif het 'n sware bedreiging teen die nuusdraer en kwaadspreker (Spr. 11:13; Rom. 1:30-32). Hierdie plig het egter ook sy grense, wanneer dit tot die ore kom van iemand dat 'n ander se lewe bedreig word, of 'n ander onskuldig gestraf mag word oor 'n misdaad van die een wat kom bieg het. Hier is dit die plig om die ander van sy verkeerde voorneme af te raai en om in die tweede geval die skuldige te oorreed om homself oor te gee. En indien daar nie geluister word nie, moet die geheim openbaar en die onskuldige gered word. Wanneer die owerheid dit eis, is die predikant verplig om die geheim te openbaar omdat die belange van die indiwidu aan die gemeenskap geoffer moet word. Eindelik is dit dan in almal se belang, ook van die een wat kom bieg het.

# HOOFSTUK XI

## *Die Tiende Gebod*

Die tiende gebed lees so:

*"Jy mag nie jou naaste se (goed) begeer nie" (Ex. 20:17)*

Die tiende gebod is die laaste van die tien woorde (Deut. 4:13; 10:4) wat God by Sinai aan sy volk gegee het, en verskil van die sesde, sewende en agste gebod daarin dat dit bepaalde voorwerpe noem teen wie nie oortree mag word nie.

Die grondgedagte van die gebod is om nie die naaste se goed te begeer nie, en maak dit onmoontlik dat die gebod in twee gebooie verdeel kan word. Juis die verskil in die twee weergawes van die gebod onderstreep dit en help mee tot 'n begrip van die bedoeling van die gebod. Nie alleen word die selfstandigheid van die gebod duidelik nie, maar ook die andersheid daarvan, terwyl dit aan die gebod 'n dieptedimensie verleen wat by die ander gebooie ontbreek, en juis die tiende gebod die hek voor al die gebooie maak.

Dit gaan in die tiende gebod oor die verborge lewe van die mens, dwing die gelowige om op die gesindheid van die hart, die gedagtewêreld en die ontwikkeling van die sonde te let.

In die onderhouding van die gebod is die gewete 'n hulpmiddel en die Woord van God 'n wegwyser.

Vrae oor die begeerte van die mens, oor heiligmaking, oor die erfsonde, oor perfeksionisme en imperfeksionisme moet ondersoek word want ook hierdie gebod is baie wyd.

Die tiende gebod is dan ook 'n pretbederwer wat ook vir die ongehoorsames wrange vrugte besorg. Die gebod leer dat dit beter is om te voorkom as wat dit is om te probeer genees en dat tevredenheid 'n belangrike houding is om te help om die gebod gehoorsaam te wees,

Daarom beveel die gebod ons om die werke van die vlees dood te maak en verklaar dat die nut van die wetsprediking veral daarin gesoek moet word dat dit steeds die waarhede van sonde, verlossing en dankbaarheid onder die aandag van almal bring om te help bou aan 'n beter wêreld en om die kinders van God hoe langer hoe meer te laat groei en toeneem in die allerheiligste geloof, tot eer van God en tot redding van kosbare lewens tot op die dag dat Hy verskyn, en ons aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is (1 Joh. 3:2; 1 Kor. 15:28).

## *Verskille in die twee weergawes van die tiende gebod*

Die gebod in Ex. 20:17 lui soos volg: "Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie". Die weergawe deur Moses hiervan in Deut. 5:21 verskil van dit wat ons in Ex. 20 vind, en lees soos volg: "En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie - na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie."

Wanneer ons die twee weergawes met mekaar vergelyk dan sê reeds die woordjie "en" in die weergawe van Deut. 5, dat ons hier 'n meer los of vryer weergawe van 'n spesifieke opdrag vind as die meer formele aankondiging van dieselfde saak in Ex. 20. Die tweede opvallende verskil is die feit dat die plekke wat die vrou en die huis in Ex. 20 gehad het, in Deut. 5 omgeruil word, sodat die voorskrif met betrekking tot die vrou van die naaste nou boaan die gebod geplaas word. Verder word die woord vir "begeer" in die weergawe van Deuteronomium vervang met 'n ander woord wat met die woorde "hunker na" vertaal word. En dan vind ons ook op die koop toe 'n byvoeging van die woorde, "na sy landerye".

Ons het reeds by die bespreking van die vierde gebod daarop gewys, dat die feit dat die weergawe van Moses in Deuteronomium verskil van die tien woorde in Exodus, nie daarop dui dat ons oorspronklik net met kort en kragtige uitsprake te make gehad het, soos wel deur baie beweer word nie, maar dat Moses in Deuteronomium nie bedoel het om die Tien Gebooie, soos

dit oorspronklik gegee was, woordeliks te herhaal nie - hy sê dit ook nie - maar wel om 'n vrye weergawe met begrypende kommentaar onder leiding van die Heilige Gees te gee, om die volk daarin breedvoeriger te onderrig en tot groter helderheid te bring met betrekking tot die eintlike bedoeling van die gebod, om daardeur alle moontlike misverstaan uit te skakel,

Ons vind egter nêrens 'n botsing of weerspreking tussen die twee weergawes nie. So byvoorbeeld kon die toevoeging van die woorde, "na sy landerye", met goeie reg nog verder uitgebrei word om nog ander nuwe sake te noem, want dit is reeds gedek onder die woorde "of iets wat van jou naaste is nie", wat reeds in Exodus genoem word. Afgesien van die feit dat in die vermelding van die landerye 'n sterk profetiese woord uitgespreek word, en na die land Kanaän verwys word, het die wysiginge ook verdere betekenisse waarop ons voorts moet ingaan.

## *Net één gebod*

Soos reeds vroeër deur ons aangetoon, bestaan daar verskille tussen onder andere die Roomse en die Lutherse aan die een kant en die Gereformeerdes aan die ander kant oor die verdeling van die tien woorde in afsonderlike gebooie om die getal van tien vol te maak. Die Roomse en Lutherse kerke het net één gebod gemaak van dié gedeelte wat vir die Gereformeerdes uit die eerste twee gebooie bestaan, en hulle het dié gedeelte wat die Gereformeerdes vir die tiende gebod neem, weer gaan verdeel in twee gebooie om vir hulle die negende en tiende gebod te wees. Vir hulle is die negende gebod: "Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie." En die tiende gebod: "Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie".

Maar dit is net hier waar die Roomse en Lutherse standpunt vasloop teen die weergawe van die Tien Gebooie in Deuteronomium. Met die verdeling van Ex. 20:17 in twee gebooie, word Moses stilswyend van twee dinge beskuldig. In die eerste plek, dat hy die "Laaste twee gebooie" omgedraai het, dit wil sê, van die negende gebod die tiende, en van die tiende gebod die negende gemaak het. Op sigself sou dit ook nie so erg gewees het nie, want Moses het nie beweer dat hy van plan was om die gebooie in volgorde weer te gee nie. Dit sou egter al 'n belangrike afwyking van die oorspronklike beteken het. Maar wat die Roomse en Lutherse kerke blykbaar vergeet, is dat hulle verdeling van Ex. 20:17 in twee gebooie meebring, dat Deut. 5:21, nie alleen dan die twee gebooie omdraai nie, maar ook deurmekaar skommel, want in Deuteronomium word die naaste se landerye, dienskneg, diensmaagd, os, esel of iets wat van die naaste is, aan die huis van die naaste verbind en nie soos in Exodus aan die vrou van die naaste nie. Volgens hulle indeling, het Moses dus by die negende gebod gevoeg en van die tiende gebod weggeneem. En dit kan tog nie onder leiding van die Heilige Gees gebeur nie.

Dit is dus reg om hierdie gedeelte as net één gebod te neem, en om die omdraai van die huis en vrou te sien, nie as 'n verbetering op Exodus nie, maar as 'n hulp vir die korrekte verstaan van die gebod, want nou kan die begrip huis nie meer net geestelik opgevat word nie, maar soos dit eintlik ook bedoel is om te wees, die letterlike huis of woonplek van jou naaste.

Die verdeling van die tiende gebod in twee, is dus willekeurig en ongeoorloof, want die grondgedagte van die gebod is: Jy mag nie begeer nie, en nie die verskillende voorwerpe wat nie begeer mag word nie. En dit gee aan hierdie gebod 'n bepaalde éénheid wat enige verdeling ongeoorloof maak.

## *Gebod met 'n voorwerp*

Anders as wat dit met die sesde, sewende en agste gebod die geval was, word in die tiende gebod bepaalde voorwerpe genoem wat nie wederregtelik begeer mag word nie, te wete die huis van die naaste, sy vrou, sy dienskneg en diensmaagd, sy landerye, sy os en sy esel, of iets wat van die naaste is nie.

Op hierdie wyse word nie alleen die hele terrein van al tien woorde gedek nie, maar daarmee ook al die aspekte van die gemeenskapslewe van die volk van God aangedui. Die vrou van die naaste sien in die eerste plek op die godsdienstige lewe, want die huwelik is gesluit in die Naam van die Here, en moet daarom eerbiedig word. Dit sluit egter ook, as één voorbeeld,

die seksuele lewe in die algemeen, en dus die moreel-sedelike lewe, in. Die huis van die naaste, dek nie alleen die besitreg van die naaste nie, maar oorkoepel alle aspekte van sosiaal-maatskaplike en opvoedkundige aard. Die landerye, dienskneg en diensmaagd, os of esel, of iets wat van die naaste is, sien op al die aspekte van die ekonomiese lewe. Die ganse lewe van die mens word dus deur die kwade begeerte bedreig, en word deur die tiende gebod in beskerming geneem.

En waar in die Nuwe Testament na die tiende gebod verwys word, sonder dat daar spesifiek na bepaalde voorwerpe verwys word (Mark. 7:20-23; Rom. 7:7; 13:8-10; Jak. 1:14, 15; 1 Joh. 2:16, 17), is dit ook nie nodig nie, aangesien dit uit die onderlinge verband genoegsaam blyk dat die Bybel hier die hele wet op die oog het en daarmee ook die tiende gebod in sy volle omvang betrek word, en telkemale die woorde van die Psalmdigter as 't ware bevestig, waar ons lees: "Aan alle volmaaktheid het ek 'n einde gesien, maar u gebod is baie wyd" (Ps. 119:96).

En die rede vir bepaalde voorwerpe by die tiende gebod is duidelik, want anders sou daaruit te maklik afgelei kon word dat dit onder alle omstandighede verkeerd sou wees om te begeer, en dan het ons in die vaarwaters van die Stoïsyne of Boeddhiste tereg gekom, terwyl die gebod alleen wil sê, dat ons slegs dit waarop ons nie geregtig is nie, nie mag begeer nie.

## *Die selfstandigheid van die tiende gebod*

Ons het reeds daarop gewys dat die woord "begeer" wel die gedagte inhou dat dit kan sien op 'n woord wat op die voet gevolg word deur die daad van in besit neem, (Ex. 34:24; Josua 7:21), maar dat Moses, deur die woord te vervang met 'n woord wat met "hunker na" vertaal word, enige misverstand uitgeskakel het van dit wat presies met die woord "begeer" in die tiende gebod bedoel word, te wete die verlange in die hart om 'n ander syne te besit, sonder dat tot die daad om te neem oor gegaan wil word.

Toe het ons daaruit afgelei dat dit die besondere dieptedimensie van die tiende gebod aandui. Maar daaruit is nog 'n verdere waarheid af te lei, te wete die selfstandigheid van die tiende gebod. As die woord "begeer" meteen sou beteken het om tot die daad oor te gaan, dan sal die tiende gebod gesien moet word as slegs 'n verdere uitbreiding van of selfs as slegs 'n duplisering van byvoorbeeld die agtste gebod. Dat die tiende gebod 'n verdere uitbreiding van al ander nege gebooie is, is duidelik, want dit dui die wortel van elke ander oortreding aan, maar daarmee mag die tiende gebod nie sy selfstandige betekenis en plek in die dekaloog verloor nie, aangesien God reeds die vonnis vel vóórdat die mens by die oortreding van die ander nege gebooie gekom het (Gen. 6:5; Ps. 139:23, 24; Rom. 2:15, 16). Die kyk om te begeer (vgl. Matt. 5:28; Josua 7:21), het nog nie 'n oortreding van die sewende of van die agste gebod geword nie, maar is wel 'n oortreding van die tiende gebod.

Daardeur is weliswaar die onvolledigheid van al nege ander gebooie uitgewys, en is die tiende gebod 'n volmaakte afronding van die Tien Gebooie as 'n geheel, in 'n volmaakte eenheid, met die besondere funksie as hekwagter en sleutel tot die beveiliging, maar ook die verstaan van die dieptedimensie van al tien gebooie tesaam of elkeen afsonderlik, omdat dit die hart aandui waaruit, en die gesindheid waarmee, die volk van God al die gebooie moet bewaar en ook doen.

## *Die andersheid van die tiende gebod*

Die tiende gebod verskil van al nege ander gebooie hierin dat dit gaan oor 'n terrein waaroor nog die kerk nog die staat enige jurisdiksie kan uitoefen, want dit gaan oor sake waar geen mens oor 'n ander 'n oordeel kan uitspreek nie, te wete die gedagtes, gesindheid of verborge begeertes van die ander. Die onvermoë van die mens om oor die ander se geheime lewe 'n oordeel te fel word goed geïllustreer in die woorde: "Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg" (Hebr. 13:2). 'n Mens kan selfs nie eers sy eie hart altyd reg beoordeel nie: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?" (Jer. 17:9). God alleen ken die hart en niere van die mens (Jer. 17:10; 1 Kon. 8:39).

Daarom betree die tiende gebod, anders as wat dit met al die ander gebooie die geval is, 'n terrein waaroor die kerk geen tughandeling kan uitvoer nie en die regspraak van die owerheid geen straf kan oplê nie, want sodra die kwaad sigbaar word, het ons nie meer met die tiende gebod te make nie, maar met een van die ander nege. Wanneer een van die ander nege gebooie oortree word, of 'n poging aangewend word om te oortree, eers dan verraai dit die oortreding van die tiende gebod. By 'n moord of diefstal kan moontlik die motief tot die misdaad bepaal word, maar nooit 'kan die motief vóór die misdaad of poging tot misdaad, deur die mens uitgewys word nie. Dit is hier suiwer die terrein van God. Om te oordeel is die saak van God (Deut. 1:17; Joh. 5:27-30; Hand. 17:30, 31). Die mens mag wel 'n saak beoordeel (1 Kor. 14:24, 25) op grond van dinge wat gesê en gedoen word (Luk. 19:22), maar nooit mag hy oordeel nie (Matt. 7:1-5; Rom. 2:1-11). Dit was alleen aan die epidemie in Korinthe, aan die baie swakkes en sieklikes en die aantal wat ontslaap het (1 Kor. 11:30), dat Paulus kon aflei dat hulle op 'n onwaardige wyse die Nagmaal van die Here gebruik het (1 Kor. 11:17-34). En dit was alleen onder die kragtige leiding van die Heilige Gees dat Petrus daarom bewus geword het dat Ananias en Saffira besig was om vir die Heilige Gees te lieg (Hand. 5:1-11).

## *Die dieptedimensie van die tiende gebod*

In die tiende gebod gaan dit om die begeertes van die mens wat 'n innerlike strewe van die hart is om in sy sondige gedaante, óf diep verskuild nog in die hart, óf in die vormgewing aan gedagtes, woorde of dade, aan 'n ander nie te gun wat wettig aan hom behoort nie, en dit op 'n wederregtelike wyse vir homself wil toe-eien. In die tiende gebod gaan dit egter nie om die daad nie, want dan het ons alreeds op die terrein van een van die ander gebooie gekom, maar dit gaan hier om 'n gesindheid, 'n toestand of 'n gedagte.

Dat dit die bedoeling van die tiende gebod is, blyk reeds uit die feit dat Moses in die weergawe van Deuteronomium die woord *chamad* (חמד), wat met "begeer" vertaal is, na *hit'awwah* (אוה), wat met "hunker na" vertaal is, verander het. Dit is in wese geen verandering of verbetering op die woord in Exodus nie, maar bring beslis 'n korreksie aan op enige misverstand, as sou die tiende gebod verder as net die verborge terrein van die hart sou gaan, want *hit'awwah* dui onteenseglik op die verlange in die hart om wat aan 'n ander behoort te besit, sonder die minste gedagte om tot die daad van toeëiening oor te gaan, 'n betekenis wat *chamad* ook kan hê, hoewel die woord begeerte tog ook ruimte bied vir die gedagte dat dit 'n houding verraai wat gereed staan om tot die daad oor te gaan. Hierdie moontlike misverstand is deur Moses uit die weg geruim.

Die tiende gebod leer ons dus dat nie net die vrug nie, maar ook die wortel skuldig maak voor God. In hierdie sin het die Septuaginta, die Griekse vertaling van die Ou Testament, die woord *begeer* gebruik. En Jesus het hierby aangesluit, toe Hy gesê het: "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Matt. 5:28).

En as die gebod van God só diep sny, dan word alle skanse voor die alsiende oë van God afgebreek, alle vyeskorte van ons afgestroop sodat ons, almal van ons, naak voor God staan, en saam met Paulus kan bely: "Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees; aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde" (Rom. 3:19,20).

## *Die hek voor al die gebooie*

Uit wat ons oor die dieptedimensie van die tiende gebod gesê het, het dit alreeds duidelik geword dat hierdie gebod in 'n besonder noue verband met al die ander gebooie gesien moet word, want die oortreding van al die ander gebooie moet noodwendig by die oortreding van die tiende gebod begin. Wie dus in staat is om die tiende gebod te hou, hou tegelyk daarmee al die ander gebooie.

Wie begeer waarop hy nie geregtig is nie, het aan God ongehoorsaam geword. Hy het God

se gebod geïgnoreer en met God klaargespeel, sy eie god geword, en sodoende die eerste gebod oortree. Wie begeer, maak hom skuldig aan 'n eiesinnige godsdiens omdat hy dinge anders wil as wat God dit bestel het, en oortree daardeur die tweede gebod. Wie begeer kom in opstand teen God en rand sy heilige Naam aan, want die Naam van God is die uitdrukking van sy wese; hy kan ook nie die regte gebruik van die Naam van God maak nie, kan nie sy koninkryk dien nie, want hy maak bymekaar en gee nie; hy oortree dus ook die derde gebod. Wie begeer, sal die dag van die Here nie 'n verlustiging kan noem nie, want dit is 'n dag minder om vir homself te vergader; hy sal ook nie genoeg hê om aan sy ouers te gee nie, want hy wat 'n slaaf van begeertes geword het, het nooit genoeg vir homself nie; sal ook nie respek hê vir die lewe van plant, mens of dier nie, want hy weet nie wat dit beteken om te lewe en te laat lewe nie; sal ook nie 'n ander se vrou met rus kan laat nie, want hy wil alles in almal wees; sal ook nie aarsel om ander se goed te steel nie, want hy het nooit genoeg aan sy eie nie; sal ook nie omgee vir die goeie naam van sy naaste nie, want hy leef net vir homself, maak nie saak of hy deur lieg en bedrieg sy onheilige doel kan bereik nie.

Wanneer die hek oopswaai omdat die tiende gebod oortree word, kan die kwaad na nege verskillende kante toe uitbreek, is die pad wyd oop om enige van die ander nege gebooie te oortree.

Daarom moet die hart van die mens meer as enigiets anders bewaak word, want uit die hart is die oorspronge van die lewe (Spr. 4:23), maar ook die oorspronge van die dood (Mark. 7:20-23).

## *Die verborge lewe van die mens*

Die tiende gebod gaan veral oor die verborge lewe van die mens en sny dus ook die skadukant van die menslike lewe aan. En dit kan begryp word aangesien God die totale mens vir Hom opeis. Die uiterlike handelinge van die mens is nog glad nie die hele mens nie. Die mens kan die wet na die uiterlike nakom, maar terselfdertyd die innerlike van die wet oortree. Daarvan het Christus die leiers van sy tyd beskuldig: "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle na: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat" (Matt. 23:23). Daarom kon die ryk jongman, toe Jesus aan hom die gebooie voorgehou het, met vrymoedigheid verklaar: "Meester, al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af" (Mark. 10:20). Maar toe Jesus hom beveel het om alles te verkoop wat hy besit het, het hy bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad (Mark. 10:21, 22). Jesus het hom geweeg en te lig bevind. Hy het, sonder dat hy weet, die eerste gebod oortree. En as Jesus in die diepte van die ander gebooie met hom afgegaan het, sou hy tot dieselfde ontdekking gekom het. Diep in die hart van elke mens word in werklikheid al tien die gebooie van die wet oortree al besef ons dit ook nie eers nie (Ps. 19:13), omdat ons net soos die ryk jongman geneig is om op die letter van die wet af te gaan, en nie op die diepere sin daarvan te let nie. Daarom het Jesus geleer dat 'n mens met die blik van die oog en die begeerte van die hart die tiende gebod kan oortree (Matt. 5:28) en het Johannes verklaar dat slegs die gesindheid van jou hart voldoende is om 'n moord te pleeg (1 Joh. 3:15).

Die dade van 'n mens het immers sy ontstaan in die hart van 'n mens en daarom wil God deur die tiende gebod op die hart van die mens beslag lê, en word daar aan die mens 'n belofte gemaak: "En julle sal My soek en vind as julle na my vra met julle hele hart" (Jer. 29:13). Die Here eis alles, of niks (Openb. 3:15, 16). Dit is daarom nodig om goed te let op wat die Woord sê: "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe" (Spr. 4:23).

## *Die gesindheid*

Ook die gesindheid van die mens kom onder die soeklig in die tiende gebod. Onder die gesindheid word in die algemeen verstaan die denkwyse of oortuiging van die mens. Meestal word dit gesien as 'n eienskap van die wil waardeur reeds vantevore bepaal is wat in die besondere geval begeer word of nie. Dit kan ook opgeneem word as die produk van ervaring waardeur 'n spesifieke handelswyse of houding bepaal word deur dit wat in die verlede as

doelmatig bevind was, sonder om by elke nuwe situasie die doelmatige te ondersoek. Die gesindheid is in beide gevalle meer as net 'n neiging of 'n gewoonte. Die gesindheid kan ook met die persoonlikheid van die mens in verband gebring word en die motief wees vir die sedelike handeling teenoor mense en dinge sonder dat die oorsprong van hierdie motief bekend is. So is die gesindheid, hoewel verskillend, verwant aan die instink en intuïsie, en druk 'n bepaalde stempel af, nie alleen op die wil nie, maar ook op die denke (vgl. Rom. 1:28-32).

En wanneer Petrus pleit vir 'n suiwere gesindheid onder die gelowiges (2 Petr. 3:1), dan besef ons opnuut hoe diep die tiende gebod sny in die siel van die mens. 'n Regte gesindheid is net so belangrik as 'n goeie woord of daad. En 'n slegte gesindheid is in die oë van God net so verkeerd as 'n ydele woord of gemene daad. God let op die gesindheid van ons hart. Daarom is dit nie voldoende om te sê dat jy nog nooit iemand doodgemaak het nie, want daar staan geskrywe: “Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar” (1 Joh. 3:15). 'n Mens kan 'n ander doodmaak met 'n verkeerde gesindheid, met 'n onvriendelike houding, met net die kyk van die oë. Dit is die gesindheid waarmee 'n ding gedoen word wat by die Here saak maak, wat verskil maak en bepaal of 'n daad sedelik goed of sleg is. Die buitekant van die beker en skottel kan dalk skoon wees, maar binne dalk vol roof en onmagtigheid (Matt. 23:25-28). En al hierdie dinge word deur God raakgesien en deur die tiende gebod veroordeel. Die gesindheid van 'n mens moet reg wees, anders begin die aaklige sondes van Rom. 1:28-32 hulle verskyning te maak.

## *Die gedagte*

Die gedagte is 'n produk van ons denke en kom volgens die Skrif uit die hart van die mens op (Mark. 7:21). Word die gedagte in woorde uitgedruk, kry dit 'n objektiewe bestaan buite die persoon wat dit voortbring. Dan kan ander dit vir hulleself toeëien of in hulle opneem.

Die Skrif ken ook aan God gedagtes toe, maar dié is wesenlik van ons gedagtes te onderskei, sodat geen mens dit kan deurgrond nie (Jes. 55:8, 9; Rom. 11:33-36), behalwe dan, en in so 'n mate as wat dit God behaag, wanneer Hy sy gedagte aan die mens bekend maak (Amos4:13; 3:7).

Aan die anderkant is dit duidelik dat die gedagtes van die mense aan God bekend is (Ps. 94:11; 139:2; Jes. *66:*18; Matt. 9:4), en dat Hy ook die gedagtes van die mense in die oordeel sal bring (Rom. 2:15,16).

Dit is dus verkeerd om te sê dat 'n mens maar kan dink wat hy wil, as hy maar net nie sê wat hy wil nie. Dit is 'n groot oorwinning om jou humeur te beteuel (Spr. 16:32; 25:28). So ver as wat die mens kan sien, is jy sonder blaam, maar nie in die oë van die alwetende God nie. Daarom bid Dawid: “Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg” (Ps. 139:23,24).

Ook in ons gedagtewêreld kan ons ons besondig, kan ons die gebooie van God oortree en skuldig word en ons skuld moet dra, want Hy verydel die gedagtes van die volke (Ps. 33:10) en hoogmoediges in die gedagtes van hulle hart het Hy verstrooi (Luk. 1:51).

Terwyl ons dan weet dat slegte gedagtes tel onder die booshede wat van binne uit die hart uit opkom en die mens onrein maak (Mark. 7:20-23), moet ons daarvan wegylug en tot God bid om ons te reinig. Hy wat gesê het: “Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jes. 55:7).

## *Verkeerde gedagtes*

Uit die tiende gebod staan dit vas dat 'n mens met die gedagte kan sondig, net soos met woorde en dade. Dit is 'n vraag of die mens en dan ook die wedergeborene, ooit in hierdie bedeling sy sondige gedagtes aan bande sal kan lê, 'n Mens oordeel so maklik andere, dink so maklik verkeerd van andere, gee *so* maklik toe aan onrein gedagtes. En hierdie seks-perverse wêreld met sy duisend en een versoekings, maak dit vir die kind van God nie makliker nie. Maar nooit mag die gelowige die verkeerde gedagte vertroetel nie. 'n Mens kan nie help dat 'n voël

oor jou kop vlieg nie, maar jy mag nooit toelaat dat hy op jou kop nesmaak nie. Die Bybel sê: "Gee aan die duiwel geen plek nie." (Ef. 4:27).

Die seksuele begeerte as sodanig is nie sondig nie. Die Here het reeds vóór die sondeval opdrag gegee om te vermeerder. Maar van alle begeertes het die sondeval blykbaar die seksuele begeerte van die mens die ergste geskend. Daarom is dit dan so geweldig moeilik vir die mens om binne en buite die huwelik rein en kuis te kan bly, en is dit juis op hierdie terrein van die lewe dat Satan sy felste aanslag maak in die lewe van die kind van God, want hy weet, as aanklaer van die mens (Openb. 12:9, 10), dat die oordeel van God ook gaan oor die gedagtewêreld van die mens, want Jesus het gesê dat elkeen wat na die teenoorgestelde geslag kyk met die begeerte om met die persoon seksueel te verkeer, op daardie oomblik reeds aan egbreuk skuldig is (Matt. 5:28). Hierdie sonde van die gedagte moet nie deur ons gering geag of goedgepraat word nie, want wie onverskillig hierteenoor staan, en hierdie gedagtes toelaat en verder vertroetel, ontdek gou dat dit nie net by gedagtes bly nie, maar voortwoeker soos 'n kanker om te eindig in die daad, en dit bring die dood voort (Jak. 1:14, 15). Wie begin om onrein te lewe, verban God uit sy lewe (1 Thess. 4:3-8). Maar hy wat sy sondes bely en laat staan, sal barmhartigheid vind (Spr. 28:13; 1 Joh. 1:7-10).

## *Die ontwikkeling van die sonde*

Sonde het gewoonlik 'n klein begin, en deurloop dan bepaalde stadiums totdat eindelik tot handeling oorgegaan word. Dit kan so beskryf word. Die Skrif leer dat God die niere en die hart van 'n mens deursoek (Ps. 7:10; 26:2; Jer. 17:10; Openb. 2:23). God gaan dus nog dieper as die hart in ons wese af, terwyl die eerste ritseling van ons persoon reeds in ons siel skuiling maak. Van die siel gaan dit uit, kies die bloed as haar voertuig, dring deur die niere tot in die hart, gaan op in die bewussyn en eis die handeling van die wil op. Die eerste stadium is dus die uitgang van die siel na die niere; die tweede van die niere na die hart; die derde van die hart na die bewussyn; die vierde van die bewussyn na die wil; die vyfde van die wil na die woord of daad. Jakobus beskrywe die ontwikkeling soos volg: "Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort" (Jak. 1:14, 15). Hierdie teks betree ongetwyfeld die tiende gebod en beskrywe byna presies hoe die sonde deur Eva *(vgl.* 1 Tim. 2:14) die mensheid besoedel het. Sy was ook deur haar begeerlikheid weggesleep en verlok (Gen. 3:6). En toe die begeerlikheid ontvang het, het dit sonde gebaar. En toe dit tot volle ontwikkeling gekom het, het dit die dood, sowel as die geestelike dood, voortgebring (Gen. 2:17; 3:7-23; Ef. 2:1-3; Rom. 5:12).

Op 'n treffende wyse vind ons dit ook uitgebeeld in die geval van Agan. Hy het gesien, hy het dit begeer, hy het dit geneem, hy het dit begrawe, hy is uitgevind en hy met sy hele huis is gestenig (Josua7:20-26).

Dit is opvallend dat die wêreld nooit teen die begin van die kwaad is nie, maar tog die vrug van die kwaad afkeur. Dit is asof dit by die wêreld eerder gaan om die saak dat jy net nie uitgevind moet word nie. Dit alleen is vir die wêreld die fout, die onvergeeflike sonde. Die Bybel egter waarsku steeds teen die begin van die kwaad: "Vang julle vir ons die jakkalse, die klein jakkalse wat die wingerde verniel" (Hoogl. 2:15; Spr. 23:31, 32; Ef. 4:27; 2 Tim. 2:22).

## *Die gewete*

Aangesien die oortreding van die tiende gebod gaan oor die verborge terrein van die menslike lewe, waaroor geen ander mens kan oordeel nie, die kerk geen sensuur en die staat geen tronkstraf kan oplê nie, hoort die oordeel oor elke oortreding daarvan by God wat op die laaste dag die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel (Rom. 2:16).

Maar om die mens teen homself te beskerm en hom te hulp te kom in sy stryd teen die sonde het God aan elke mens 'n gewete gegee. So leer Paulus byvoorbeeld dat die heidene toon dat die werke van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig (Rom. 2:15). Die gewete is 'n streng en onverbiddelike regter oor die doen en late van 'n mens, en dit is nooit verstandig

om teen die getuienis van die gewete in te handel nie (1 Petr. 3:15, 16).

Die gewete is egter nie onfeilbaar nie. Daar is mense met 'n swak gewete (1 Kor. 8:12); andere wie se gewete eers gereinig moet word van dooie werke (Hebr. 9:14; 10:22); andere met 'n besoedelde (Tit. 1:15) of toegeskroeide gewete (1 Tim. 4:2); nog andere met 'n rein (Hand. 23:1; 24:16; 1 Tim. 3:9; 2 Tim. 1:3) en goeie gewete (1 Tim. 1:5, 19; Hebr. 13:18; 1 Petr. 3:16, 21). Om hierdie rede moet die gewete van die mens steeds deur die Gees van God gereinig en geheilig word en is die mens eintlik op die wet van God vir 'n beoordeling van die oorlegginge en gedagtes van sy hart aangewys (Hebr. 4:12).

Intussen is die gewete 'n daad van die sedelike selfbewussyn waardeur ons ons eie oortuiginge en handeling na die ingeskape sedewet beoordeel (Rom. 2:15). Dit is dus 'n onmiddellike, spontane beoordeling van dinge wat ons doen, gedoen het of nog gaan doen. So het Adam en Eva onmiddellik geweet dat hulle oortree het (Gen. 3:6, 7); het die gewete van Dawid hom dadelik aangekla omdat hy die slip van Saul se mantel afgesny het (1 Sam. 24:5-7); het die skrifgeleerdes en Fariseërs se gewetens hulle bestraf oor die sondes in hul eie verlede (Joh. 8:7-9) en het Pilatus se gewete hom gepla oor die vonnis wat hy oor Jesus moes vel (Matt. 27:24).

Wie dus na die stem van sy gewete luister, dit toets aan die getuienis van die Woord en daarvolgens handel, sal homself baie smarte bespaar, en sy vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie verloor nie (Hebr. 10:35; Rom. 14:22). Maar hy wat die stem van sy gewete ignoreer, kan dit so geheel en al vergiftig, dat dit later nie meer spreek en waarsku nie. Dan het dit laat geword! Die gewete sterf egter nooit. En as hy dan wakker word, is die las van 'n besoedelde gewete vir menigeen te swaar en doen hulle verskriklike dinge, soos byvoorbeeld Judas (Matt. 27:1-5; Hand. 1:15-20,25) vir ons 'n waarskuwende voorbeeld geword het.

## *Die tiende gebod en die Woord*

Uit wat ons oor die gewete gesê het, is dit duidelik dat die gewete geen betroubare gids vir ons lewe kan wees nie (1 Kor. 8:12; Hebr. 9:14). En wat die ervaring betref (Vgl. 1 Thess. 5:21) leer die Skrif ons genoegsaam dat ons alleen maar dié dinge mag beproef wat die Here welbehaaglik is (Ef. 5:10) om sodoende die goeie te behou (1 Thess. 5:21). Al is dit waar dat vele deur skade en skande wysheid bekom, is dit net so waar dat baie mense nooit leer nie. Verder is dit ook van betekenis om op die goeie voorbeeld van goeie mense te let. Paulus het homself dan ook aan die Filippense as voorbeeld voorgehou (Fil. 4:9), maar niemand sal Paulus tog daarin wil naloop wanneer hy en Barnabas in verbittering uitmekaar gegaan het nie (Hand. 15:39). 'n Mens wonder net hoe dié twee, in die tyd dat hulle verbitterd was, met 'n goeie gewete die Nagmaal bedien en gebruik het.

Daar bly, vanweë die totale verdorwenheid van alle mense, net maar een betroubare wegwyser oor, en dit is die onfeilbare woord van God (Ps. 119:9; Jes. 8:19, 20; Hebr. 4:12). En so skrywe Paulus ook: "Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees; aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde" (Rom. 3:19, 20). En 'n bietjie verder skryf hy: "Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie" (Rom. 7:7; 13:9).

## *Mag ek begeer?*

Die Bybel verbied die begeerte as sodanig glad nie, want die Here self het Sion as woonplek begeer (Ps. 68:17), en het by geleentheid aan Salomo gesê: "Begeer wat Ek jou moet gee" (1 Kon. 3:5).

As dit verkeerd is om te begeer, dan sal dit ook verkeerd wees om te bid. Daarom het Paulus beveel: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God" (Fil. 4:6; Ps. 37:4).

Die begeerte na voedsel (Mark. 11:12,13; Luk. 15:16; 16:21), na 'n geleentheid om te kan werk (Matt. 20:6, 7; Luk. 15:15), of na 'n lewensmaat (Gen. 29:18) kan ons tog nie tot sonde gereken word nie. Seker ook nie die begeerte om iets net soos dié van my naaste te wil besit nie. Solank ek net nie syne begeer nie; verlang om dit wederregtelik my eie te maak nie.

Dit behoort tot die wysheid van die heidendom om in elke begeerte die sonde te sien, en hierdie soort van wysheid loop uit op die dood. Die filosofie van die Boeddhisme predik die vernietiging van alle begeertes. Alleen so kan die mens verlos word van die eindelose kringloop van geboortes. Die Yogi dra min of meer dieselfde boodskap: Alleen deur hierdie wêreld geheel en al af te lê, kan die ander wêreld kom. So verkondig ook die sosialisme 'n boodskap van 'n wêreld sonder besitreg en begeertes.

Hierdie gedagtestrominge gaan uit van 'n totaal verwronge denkbeeld van die mens, want wie nie meer begeer nie, leef nie meer nie. Daarom is hierdie denkrigtinge op die lang duur tot 'n mislukking gedoem, want dit misken die begeerte as 'n skeppingsdrang by die mens. God het die mens geskape om te kan begeer. Daarom het ons ideale, en droom ons drome. Maar die sonde het hierdie ingeskape drang lelik en selfsugtig gemaak. Die gebod van God ontneem ons dus nie ons begeertes nie, maar wil dit aan bande lê, wil dit heilig en bruikbaar maak. Immers, die positiewe opdrag van die tiende gebod is dan juis die kweking van 'n heilige begeerte om na al die gebooie van God te begin lewe (Ps. 42:3; 73:25; 119:40; H.K. 114).

## *Wanneer word begeerte sonde?*

Die sondige begeerte is in feite 'n rustelose imperialis. Dit is 'n onversadigbare honger en dors wat nooit genoeg kry nie. Hy wat hieraan uitgelewer word, wil alles wat sy oë sien vir homself hê; hy wil alles en almal besit; hy wil alles in almal wees; hy wil met alle mag wees wat God alleen eendag, aan die einde van hierdie bedeling, sal wees (1 Kor. 15:24-28); hy wil self God wees! Daarom word hierdie sondige begeertes by die mens ook so skerp veroordeel (Mark. 7:21-23; 1 Tim. 6:8-11), en op die verskriklike gevolge daarvan gewys: "Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort" (Jak. 1:14, 15). En Johannes vermaan ons: "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig" (1 Joh. 2:15-17).

Die begeertes wat dus teen God se wil is, wat teen sy gebooie is, is sonde. Daarom is dit verkeerd om 'n ander se vrou te begeer, want die gebod het gesê: "Jy mag nie egbreek nie"; is dit verkeerd om 'n ander se eiendom te begeer, want die gebod beveel: "Jy mag nie steel nie"; is dit verkeerd om enigiets ten koste van die naaste te begeer, want die positiewe van die gebod is dat ons ons naaste moet liefhê (Lev. 19:18; Matt. 22:39), en die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:8-10).

Wie verkeerd begeer, vertrou nie meer die gebooie van God nie, glo nie dat hierdie gebooie dit waarlik wel meen met hom nie. Hy wil vir homself sorg, sy eie lewe buite God om vir homself gerieflik inrig, vir homself al meer en meer bymekaarmaak soos die ryk dwaas ook gedoen het (Luk. 12:13-21). En wie verleer het om op God te vertrou, het daarmee sy enigste ware sekerheid prysgegee. Die uiteinde is dan ook die dood: "Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereed gemaak het, wie s'n sal dit wees?" (Luk. 12:20). Dit pas elkeen van ons om een of ander tyd ons self af te vra: Waarvoor leef ek? Want wat help dit om vir onsself skatte te vergader en ons is nie ryk in God nie! (Luk. 12:21).

## *Heiligmaking*

Die Skrif verklaar dat niemand sonder heiligmaking die Here sal sien nie (Hebr. 12:14); dat alleen hy wat die wil van die Vader doen in die koninkryk van die hemele sal ingaan (Matt.

7:21) en dat heiligmaking die wil van God is (1 Thess. 4:3). Dit is dus duidelik dat God met niks minder as volkome heiligmaking tevrede is nie.

Maar nou is dit net so waar dat God niks van die mens eis, wat Hy nie reeds aan hom geskenk het nie. En dit het die Vader gedoen toe Hy sy Seun aan die wêreld geskenk het (Joh. 3:16; 2 Kor. 9:15), want Hy is ook ons heiligmaking (1 Kor. 1:30), en daar bestaan geen geestelike seën nie of ons ontvang dit in Christus (Ef. 1:3). Die heiligmaking wat God vereis, is dus ons heiligmaking in Christus (Kol. 1:2); dit is toegerekende heiligmaking; ons status in Christus, en nie ons eie geestelike stand nie.

Die Heidelbergse Kategismus sê dan ook dat die allerheiligstes net maar 'n klein beginsel van gehoorsaamheid besit so lank as wat hulle in hierdie lewe is (H.K. 114). En dit is ook geen wonder nie, want die Skrif verklaar dat al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed is (Jes. 64:6). Wat wel van bogenoemde stelling afgelei mag word, is dat alle kinders van die Here nie ewe ver gevorderd is op die pad van genade nie. Daar is heiliges, die wat heiliger is, die wat die heiligste is, en dan die allerheiligstes. Dit is soos 'n leer met sporte. Die allerheiligstes vorder nooit verder as die vierde sport nie, dit bly maar 'n klein beginsel van gehoorsaamheid (H.K. 114).

Daaruit moet niks meer as net graadverskille afgelei word nie. Dit is verkeerd om byvoorbeeld die kinders van die Here in twee groepe te verdeel en te praat van geestelike en van vleeslike kinders van die Here. Alle kinders van die Here is tegelyk geestelik en vleeslik. Paulus beskuldig wel die Korinthiërs dat hulle nog vleeslik is (1 Kor. 3:1^1), maar sê dit ook van homself (Rom. 7:14). In die gelowige duur die stryd tussen die vlees en die Gees onverpoosd voort (Gal. 5:16, 17) om óf die werke van die vlees (Gal. 5:19-21) óf die vrug van die Gees voort te bring (Gal. 5:22). En na dié mate dat die gelowige deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak (Rom. 8:13), is hy geestelik (Rom. 8:5; Gal. 6:1), is daar sprake van groei (Ps. 92:13; 1 Kor. 3:6-8; Kol. 1:10) en vooruitgang (1 Tim. 4:15). Maar na dié mate dat die werke van die vlees nog aanwesig is, is hy 'n vleeslike Christen (1 Kor. 3:1-4; Kol. 2:18; 1 Petr. 2:11). Maar in beide gevalle is hy tegelyk geestelik en vleeslik; dit is soos 'n wipplank waarop die twee strydende magte ry.

Nooit mag daar egter stilstand kom nie (Kol. 3:5-17), en kan daar stilstand kom nie (Rom. 6:1-2), maar sit God die goeie werk voort (Fil. 1:6, 7) om in die gelowige 'n ernstige voorneme te werk (Fil. 2:12, 13) om nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God te begin lewe (H.K. 114; Rom. 7:22; Ps. 1:2). En dit is voldoende vir 'n onberispelike lewenswandel (vgl. 1 Tim. 3:2).

## *Die erfsonde*

Terwyl die tiende gebod die begeertes van die hart, en daarmee die verkeerde gedagtes en slegte gesindheid veroordeel, is dit meteen duidelik dat die gebod ook die verdorwe toestand van die mens hom tot skuld reken. God het reeds aan Abraham gesê dat as 'n kindjie nie besny word nie, hy uitgeroei moes word, omdat daardie kindjie sy verbond verbreek het (Gen. 17:14). Hier word sekerlik nie die verbond van die besnydenis bedoel nie, want hoe kan dit 'n suigeling toegereken word? Dit het dus op die werkverbond in Adam gesien wat die suigeling in Adam reeds verbreek het (vgl. Rom. 5:12). So het later ook Dawid sy erf skuld as sy eie sonde aanGodbely(Ps.51:7).

Hierdie sonde word erfsonde genoem, omdat die woord uitdrukking gee aan die gedagte dat die sonde nie slegs persoonlik deur ons gedoen word nie, maar dat die hele menslike geslag skuldig staan aan die één sonde wat Adam in die paradys gepleeg het, en dat alle mensekinders sedert die sondeval in sonde ontvang en gebore word, en met 'n sondige natuur in die wêreld kom, en daardeur tot allerlei persoonlike sondes gedryf word (Ps. 58:4; Jes. 48:8; Rom. 8:4-8).

En dit het so gebeur as gevolg van die feit dat Adam sowel die natuurlike stamhoof as bondshoof van die ganse mensheid is. As bondshoof het hy in die werkverbond die hele menslike geslag verteenwoordig en word sy misdaad sy ganse nageslag tot sonde toegereken kragtens die organiese band tussen vader en kind, asof hulle dit in eie persoon gepleeg het. Net so word die gehoorsaamheid van Christus, as die tweede Adam, hulle tot geregtigheid

toegereken, hulle wat dit gelowig aanneem, kragtens dieselfde heilige verordening wat God vasgestel het in die wet van die solidariteit (Rom. 5:12-19; 1 Kor. 15:21,22).

So het Adam dan ook 'n seun verwek na sy gelykenis en na sy ewebeeld (Gen. 5:3), en is uit 'n sondige vader 'n sondige kind gebore. Daarom kon Paulus skrywe: "En ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander" (Ef. 2:3). En Dawid verklaar: "Afvallig is die goddelose mense van die geboorte af; die leuensprekers dwaal van die moederskoot af" (Ps. 58:4). En Jesaja praat van Jakob wat van die moederskoot af 'n oortreder genoem is (Jes. 48:8 vgl. Gen. 25:21-26). En geen wonder nie, want Job het al gevra: "Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine - nie een nie" (Job 14:4), en "wat uit die vlees gebore is, is vlees" (Joh. 3:6), en "wat die vlees bedink is vyandskap teen God", "want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Rom. 8:7). Daarom beskrywe Paulus hierdie toestand soos volg: "Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat'' (Tit. 3:3).

En al hierdie dinge word saamgevat in die volgende Skrif: "Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het" (Rom. 5:12). Dit word verder uiteengesit in Rom. 5:12-19 en in 1 Kor. 15:21, 22, terwyl die Skrif baie duidelik verklaar dat die dood nie as 'n blote natuurwet opgevat moet word nie, maar as die loon van die sonde (Rom. 5:12; 6:23), en rig die dood ook sy verwoestingswerk onder klein kindertjies, aangesien hulle net soos die volwassene met erfskuld en erfsonde of erfsmet belas is. En dit kan ons begryp, aangesien God uit één (bloed) al die nasies van die mensdom gemaak het (Hand. 17:26; Gen. 3:20), en net soos Levi, lank voor sy geboorte, in Abraham aan Melgisedek tiendes gegee het, aangesien hy nog in die lendene van sy vader was (Hebr. 7:9, 10), net so kan ons ook sê dat ons nog in die lendene van Adam was toe hy gesondig het en dus persoonlik aan sy sonde skuldig staan.

Die leer van die erfsonde is dus geformuleer uit, sowel die kennis van die Skrif, as deur die waarneming van die feit dat die sonde 'n algemene verskynsel is, En aangesien dit 'n verskriklike, aaklige werklike feit is en die verdorwe toestand van alle skepsele aandui, 'n onheilige wortel waarby Satan in die oue mens nog steeds 'n aanknoping vind, word in die tiende gebod geleer dat die stryd reeds teen die begin van alle sondes aangeknoop moet word; dat die stryd reeds daar gewen of verloor word (vgl. Kol. 3:9-11).

## ***Die perfeksionisme***

Perfeksionisme is die beskouing dat die wedergeborene op aarde reeds 'n staat kan bereik waar hy nooit meer sondig nie, of selfs nie meer kan sondig nie. Die laaste van die twee sieninge moet onmiddellik verwerp word, want die Bybel hou wel deeglik rekening met die feit dat wedergeborenes wel weer in sonde kan val. So stel Johannes dit in 1 Joh. 2:1, terwyl Petrus in 1 Petr. 5:8 die wedergeborenes oproep om te waak, want die Satan soek wie hy kan verslind. En een wat dan nou nie meer kan sondig nie, hoef seker nie eers te waak nie, en is dan al klaar ongehoorsaam aan 'n bevel in die Bybel; hy sondig reeds deur nie te waak nie! En as hy waak, moet hy erken, dat hy ook kan sondig.

Maar vir die eersgenoemde siening is daar wel getuienis in die Skrif wat werklik voorkom asof dit so 'n standpunt voorstaan. Ons dink aan uitsprake soos 2 Petr. 1:4 en 1 Joh. 3:6, 9 om nie meer te noem nie. Die probleem word nie makliker nie, wanneer ons uit die pen van dieselfde skrywers uitsprake kry wat duidelik leer dat die wedergeborene sonde het (2 Petr. 3:14; 1 Joh. 1:8). Wanneer ons egter na die werkwoordsvorme in die oorspronklike Grieks van die Bybel kyk, bestaan daar geen probleem nie, want al wat byvoorbeeld deur Johannes gesê word, is dat die wedergeborene nie voortdurend sondig nie; hy sondig wel, maar kan nie in die sonde bly lê nie.

En tog is daar ook ander uitsprake wat die indruk van sondeloosheid skep soos byvoorbeeld waar Petrus die gemeente 'n heilige volk noem (1 Petr. 2:9). Maar nou vind ons hierdie uitdrukking ook in die sendbriewe van Paulus (Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2; 2 Kor. 1:1; Fil. 1:1). Daarmee word egter alleen bedoel dat hulle as gelowiges afgesonderd of aan die Here toegewyd is, en geensins dat hulle sonder sonde is nie, want juis van die Korinthiërs sê Paulus,

dat hulle nog vleeslik is (1 Kor. 3:1-4).

En tog spoor die Bybel ons aan om heilig (1 Petr. 1:16) en volmaak (Matt. 5:48) te wees, en sê Paulus: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is" (Fil. 3:12). Intussen bely Paulus egter: "Ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek ... Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek" (Rom. 7:14, 15, 18, 19). En as ons van hierdie feit wil wegkom deur byvoorbeeld te sê dat Paulus toe nog nie met die Gees vervul was nie, dan strook dit nie met die getuienis van die Skrif nie (vgl. Hand. 9:17-19), of as ons wil beweer dat dit die ondervinding van Paulus in die vroeëre stadium van sy lewe was, dan slaan Paulus self hierdie versinsel inmekaar as hy in 'n latere tyd van sy lewe aan Timothéüs skrywe: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is" (1 Tim. 1:15; Job 42:5, 6) Paulus gebruik nie die verlede tyd nie. Hy sê nie "was" nie, maar "is".

Om hierdie rede kan die Heidelbergse Kategismus met groot reg beweer dat die allerheiligstes maar 'n klein beginsel van gehoorsaamheid besit (H.K. 114). Ons bly as wedergeborenes net maar begenadigde sondaars.

## *Imperfeksionisme*

Imperfeksionisme staan in direkte teenstelling met perfeksionisme. Dit is die gesindheid by hulle wat min of meer so redeneer. As niemand sonder sonde is nie (1 Joh. 1:8) en die vlees hom nie aan die wet van God kan onderwerp nie (Rom. 8:5-8) en die allerheiligste maar 'n klein beginsel van gehoorsaamheid het (H.K. 114) wat help dit dan om nog te probeer? En dan gee hulle ook nie meer om nie.

Hier word egter vergeet dat Paulus net 'n bietjie verder gesê het: "Julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon" (Rom. 8:9). Die kind van God is nie tevrede met sy sondige toestand nie, maar roep saam met Paulus uit: "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" (Rom. 7:24). Reeds vroeër het hy al geskrywe: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom. 6:1,2).

Intussen word ons beveel om van die ou lewe weg te vlug (2 Tim. 2:22) en na volmaaktheid (Matt. 5:48) en heiligmaking (1 Petr. 16) te strewe: "Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het. Maar nou moet julle dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper" (Kol. 3:5-10). Daarom leer die Heidelbergse Kategismus ook dat die tiende gebod van ons eis dat ook nie die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God ooit in ons hart moet opkom nie, maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê (H.K. 113).

Ons moet dus nie die geringste verkeerde gedagte troetel nie, maar haat. Moses het skynbaar 'n geringe misstap begaan toe hy die rots geslaan in plaas van met hom gepraat het, maar daarom is die eer hom ontneem om Israel die land Kanaän in te bring (Num. 20:7-12; 27:12-14). Alleen die wat tot die einde toe volhard, sal gered word (Matt. 24:13); alleen hy wat van al sy besittings afsien, kan 'n dissipel wees (Luk. 14:33); sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie (Hebr. 12:14).

Die onbekeerde is "soos 'n perd, soos 'n muilesel wat geen verstand het nie, wat 'n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie" (Ps. 32:9). Die wet

van God is vir hom 'n straf en maak van hom 'n gevangene. Hy voel nie vry nie; hy kan nie maak wat hy wil nie. Maar die bekeerde kind van God ondervind dit so anders. Dit is vir hom louter vreugde om die wil van God te doen: “Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens” (Rom. 7:22). Hy kan waarlik sê: “Hoe lief het ek U wet” (Ps. 119:97).

## *Die tiende gebod is 'n pretbederwer*

Paulus waarsku teen mense wat in die huise insluip en arme vroue gevange neem wat met sondes belaai is en deur allerhande begeerlikhede gedryf word (2 Tim. 3:6), dit wil sê, wat in die greep van allerlei vleeslike en sondige luste verkeer. Hierdie mense het dus die kuns verstaan om die seksuele sensitiwiteit of swakheid ter wille van eie hebsug en hartstog uit te buit.

En die mens het aan vindingrykheid en listige planne nie agteruit gegaan nie, want aan nuwe uitvindsels om langs hierdie weg ten koste van die ander hulle swakhede en sondige begeertes uit te buit om geldelike gewin, is daar geen einde nie.

Vandag word dit gedoen deur middel van die koerant en tydskrif, boek en toneel, film en televisie, reklame en vermaak, om die seksdrang te eksploiteer ter wille van 'n groter omset of 'n beter opkoms; alles in diens van die geldgod, hebsug en wellus.

Deur die skaamtelose misbruik van die seksuele geheimenis van die mens word die mees liederlike dade van misdadigers in fynste besonderhede op die mees blatante wyse vir die oë en ore van klein en groot oopgevlek. Die naakte of halfnaakte liggaam van die mens word stof vir reklame en 'n lokmiddel vir meer geld, waardeur die mens van sy persoonlikheid beroof en verder ontadel word tot 'n blote liggaam wat deur enige ander mens te enige tyd en op enige plek in die gedagte- of ideewêreld seksueel onteer mag word. Hier het die ek-jy-verhouding in die samelewing plek gemaak vir 'n ek-dit-verhouding, en is die mens aan slagvee gelyk gestel.

Dit is waar. Die tiende gebod is 'n pretbederwer, 'n winsbederwer, 'n filmvernieler en 'n spelbreker. Maar dit het tyd geword dat ons die woorde van Jesus ernstig opneem en daaraan dink, dat net die kyk om te begeer reeds 'n oortreding van die gebod is (Matt. 5:28), “want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaarverskyn?” (1 Petr. 4:17,18).

## *Wrange vrugte*

En dat God nie net wette maak vir sy eie plesier nie, is duidelik uit die talle voorbeelde van hulle wat hulle aan die tiende gebod nie gesteur het nie. Wie aan slegte begeertes toegee, is onderweg om een of ander gebod van God te oortree, en hy doen dit altyd met skade vir andere, maar ook vir homself.

So byvoorbeeld het dit al in die paradys begin toe Eva gesien het dat die boom van die kennis van goed en kwaad (Gen. 2:17) goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer (Gen. 3:6). En wat was die wrange gevolge nie hiervan vir die ganse skepping nie! 'n Sware vloek wat oor die aarde gekom het (Gen. 3:17) en ook die mens getref het (Deut. 27:26; Gal. 3:10-13). Eva het die tiende gebod, wat in haar hart, as beelddraer van God (Gen. 1:26, 27), geskrywe was, oortree (1 Tim. 2:14), en die ganse mensheid in ellende gestort.

Later sou Agan sy oë lê op 'n mooi mantel, tweehonderd sikkels silwer en een goudstaaf van vyftig sikkels in gewig en dit begeer (Josua 7:21). Hy was nie geregtig daarop nie, want dit moes by die skat van die Here kom (Josua 6:18, 19). As dit maar daarby gebly het, by die begeerte alleen. Dan kon hy dit aan die Here bely het, en sou hy hom alleen aan die tiende gebod skuldig gemaak het. Maar hy het nie. Hy het verder gegaan en dit geneem (Josua

7:21), en daarmee die agtste gebod oortree. En wat was die wrange gevolge? Israel moes voor die manne van Ai vlug terwyl ses-en-dertig manne doodgeslaan word. Die uiteinde van dié saak was dat Agan se misdaad uitgevind word en dat hy met sy huis gestenig word (Josua 7:1-26). As hy maar net na die wet van God geluister het, maar hy wou nie.

Die tragiese verhaal van Dawid en Batseba met sy treurige gevolge is aan ons goed bekend (2 Sam. 11, 12, 16 en 18) - egbreuk, moord en burgeroorlog! Ook die verhaal van Nabot se wingerd, sy vermoording en die gevolge vir koning Agab en Isebel (1 Kon. 21, 22) is 'n ernstige waarskuwing aan elkeen wat 'n ander se goed begeer en dit op 'n wederregtelike wyse vir homself wil bekom.

En dan, Judas wat 'n dief en 'n duiwel was, (Joh. 12:6) en gewillig was om sy Meester vir dertig silwerstukke te verkoop (Matt. 26:14-16), en heengegaan het en homself opgehang het (Matt. 27:1-5), vooroor geval en oopgebars het (Hand. 1:15-18).

Die rykman het geen hart en hand vir die sterwende bedelaar gehad nie, maar in die doderyk gesmeek dat Lasarus sy tong moes verkoel in die vlam (Luk. 16:19-24). Ja hy wat die tiende gebod oortree val in versoeking en strikke en baie dwase en skandelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang; hulle word met baie smarte deurboor (1 Tim, 6:9, 10). Van hierdie dinge moet ons wegvlug voordat dit te laat is (1 Tim. 6:11,12).

## *Om te voorkom is beter as om te genees*

Die woord van God leer ons dat die kwaad in die hart kan oorgaan tot die daad (Josua 7:21; Mark. 7:21, 22) en die mens onrein maak (Mark. 7:20, 23) en allerlei vreeslike nasleepsels kan hê (Josua 7:24-26) en dit vir die mens moeilik kan maak om tot bekering te kan kom (Mark. 10:23-27). Om te voorkom is dus altyd beter as om te genees.

'n Mens moet jou vriende reg kies, want dit is moeilik om vir 'n vriend nee te sê: "Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie" (Ps. 1:1). Dit begin by wandel en eindig by sit.

Jy moet nie naby die huis van 'n slegte vrou kom nie (Spr. 5:8), want slae en skande sal jy kry, en jou smaad sal nie uitgewis word nie (Spr. 6:32-35).

Na wyn moet jy nie kyk as dit rooiagtig lyk nie, want op die end byt dit soos 'n slang en spuug gif soos 'n basilisk (Spr. 23:31-36).

Met 'n dief moet jy nie deel nie, want dan haat jy jou eie siel (Spr. 29:24).

Die Bybel waarsku dat ons nie voorsorg vir die vlees moet maak om sy begeerlikhede te bevredig nie (Rom. 13:14), want wat die vlees bedink is die dood (Rom. 8:6) en as ons na die vlees lewe sal ons sterwe (Rom. 8:13; Kol. 2:13).

Na slegte gesprekke moet ons nie luister nie, want dit bederf goeie sedes (1 Kor. 15:33), en aan die duiwel moet ons geen staanplek gee nie (Ef. 4:27), want hy loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind (1 Petr. 5:8).

Ons moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie, want as ons die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in ons nie (1 Joh. 2:15), en dit beteken die ewige dood. Jesus het gesê: "Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal óf die een haat en die ander een liefhê, óf die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en Mammon dien nie" (Luk. 16:13). Vriendskap van die wêreld is vyandskap teen God. Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God (Jak. 4:4).

Ons moet nooit kyk hoe na aan die kranse ons kan verbykom nie; liewers hoe ver ons daarvan kan wegbly. Daar kom dalk 'n dag dat ons nie meer kan omdraai nie, of 'n oomblik in ons lewe dat God van ons sê soos van Efraim: "Efraim is gekoppel aan die afgode: Laat hom staan! " (Hos. 4:17). Om te voorkom is beter as om te genees.

## *Tevredenheid*

As daar een ding is wat ons sal help om nie aan die tiende gebod skuldig te wees nie, dan is dit om tevrede te wees met wat ons het (Hebr. 13:5), om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ons is (Fil. 4:11, 12), en om mededeelsaam te wees (Hebr. 13:16; 1 Petr. 4:10).

Van Johannes die Doper lees ons: "En die skare het hom gevra en gesê: Wat moet ons dan doen? En hy antwoord en sê vir hulle: Wie twee kledingstukke het, moet meedeel aan hom wat nie het nie; en wie voedsel het, moet dieselfde doen. En die tollenaars het ook gekom om gedoop te word, en vir hom gesê: Meester, wat moet ons doen? En hy antwoord hulle: Moenie meer invorder as wat julle voorgeskrywe is nie. En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle; Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy" (Luk. 3:10-14). En so skrywe Paulus: "Maar die godsaligheid saam met vergenoegheid is 'n groot wins. Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat mense laat wegsink in verderf en ondergang" (1 Tim. 6:6-9).

En op 'n ander plek sê hy: "Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is. Is jy as slaaf geroep, laat dit jou nie kwel nie; maar as jy ook vry kan word, maak des te meer gebruik daarvan" (1 Kor. 7:20, 21). Tevredenheid hang saam met die feit dat geluk bepaal word deur die graad van jou behoeftes. En behoeftes verskil van mens tot mens. Daar is minderontwikkeldes wat met minder tevrede en gelukkig is. Daarom moet daar baie versigtig te werk gegaan word wanneer behoeftes by mense gekweek word om vooruitgang te bewerkstellig, anders word ontevredenheid geskep. Mense moet in staat wees om 'n gelykwaardige teenprestasie te kan lewer wat 'n sodanige lewenspeil regverdig, anders kom daar nie ontwikkeling en vooruitgang nie, maar rewolusie, chaos, agteruitgang en selfs ondergang.

Verder sal tevredenheid ook nooit waarlik gekweek word as mense nie geleer word dat daar in die skepping van God geen eentonige gelykheid tussen mense bestaan nie, maar wel 'n Godgegewe ongelykheid (Matt. 25:14, 15; Luk. 19:12-28; Matt. 20:1-16), waarin almal nie ewe veel ontvang of oor ewe veel vermoëns beskik nie. Hierdie verskil in gawes en goed is deur God self gereël (1 Sam. 2:7) en ons kan daar niks aan verander nie, en ons mag ook nie daaroor ontevrede wees nie.

Dit is nie verkeerd om te strewe na beter nie, om jou eie en die mindergegoede se lewensmoontlikhede of kwalifikasies te verbeter nie, mits die dryfkrag agter dié strewe nie ontevredenheid, afguns, hebsug of suiwer humanistiese motiewe is nie, en jy aan die tiende gebod skuldig word, of dalk een van die ander gebooie oortree nie.

## *Wat die tiende gebod ons gebied*

Die Heidelbergse Kategismus leer dat die tiende gebod van ons eis "dat ook die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God ooit in ons hart moet opkom nie, maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê" (Rom. 7:7; H.K. 113).

Dit is duidelik dat hier by ons selfs geen goedkeuring aan (vgl. Rom. 1:32) en geen verdraagsaamheid teenoor enige sondige lus of selfs nie die geringste gedagte teen enige van die gebooie van God in ons hart mag toelaat nie, maar dat ons van alle sondes en van ganser harte 'n vyand moet wees, en in alle geregtigheid 'n behae moet hê. Hier is geen plek vir enige neutrale of afsydige houding nie. Dit impliseer 'n oorlogsverklaring teen alles wat in stryd met al die gebooie van God is, 'n stryd wat te alle tye en onder alle omstandighede sonder die minste verslapping aangeknoop moet word, terwyl alle geregtigheid met alle mag bevorder moet word. En dit is te begrype, want net in een onwaaksame oomblik (1 Petr. 5:8), kan die duiwel 'n slag slaan en sy prooi verslind (1 Petr. 5:8). Daarom beveel die Skrif ons om die duiwel te weerstaan, en hy sal van ons wegvlug (Jak. 4:7). Met die vyand moenie gespeel word nie.

Daarom beveel die Skrif ons om versigtig te wees soos die slange en opreg te wees soos die duiwe (Matt. 10:16); om die hand en die voet af te kap en die oog uit te pluk as dit jou sou laat struikel, want dit is beter om vermink die lewe in te gaan as om in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur (Matt. 5:29, 30; Mark. 9:42-48); om jou nie deur die kwaad te laat oorwin nie, maar die kwaad te oorwin deur die goeie (Rom. 12:21; 1 Thess. 5:22); om van die sonde weg te vlug (2 Tim. 2:22) en jou van slegte mense af te keer (2 Tim. 3:1-5), want Jesus het gesê: "Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie" (Luk. 13:24).

## *Waarom is wetsprediking nodig?*

Op hierdie vraag antwoord die Heidelbergse Kategismus soos volg: "Ten eerste, dat ons ons lewe lank ons sondige aard hoe langer hoe meer leer ken (Rom. 3:20; 1 Joh. 1:9; Ps. 32:5) en des te begeriger wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek (Matt. 5:6; Rom. 7:24, 25). Dan ook, dat ons sonder ophou ons sal beywer en God sal bid om die genade van die Heilige Gees, sodat ons hoe langer hoe meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word, totdat ons hierdie volkomenheid wat ons voorgehou word, na hierdie lewe bereik" (1 Kor. 9:24; Fil. 3:12-14;H.K. 115).

Hier word 'n drieledige gebruik van die wet geleer. Die eerste is dat ons ons lewe lank ons sondige aard hoe langer hoe meer leer ken - dit is die kennis van ons sonde en ellende. Die tweede is om des te begeriger te wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek - dit is die kennis van hoe ek van my sonde en ellende verlos kan word. Die derde is dat ons sonder ophou ons sal beywer en God sal bid om die genade van die Heilige Gees, sodat ons hoe langer hoe meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word, totdat ons hierdie volkomenheid wat ons voorgehou word, na hierdie lewe bereik - dit is die kennis van hoe ons God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

Uit die antwoord van die Kategismus is dit verder duidelik dat hierdie drieledige gebruik van die wet gelyktydig is. Dit gaan ons lewe lank voort en leer ons hoe langer hoe meer, en maak ons des te begeriger. Dit staan dus vas dat ook die kind van God die wet voortdurend nodig het, omdat dit in sy lewe steeds meer en meer hierdie drie dinge doen; dat hy sy sonde steeds bly ontdek; dat dit hom steeds na Christus toe dwing; dat dit daagliks sy lewe van dankbaarheid reël.

En afgesien van hierdie heerlike waarheid het wetsprediking steeds 'n hoë en belangrike betekenis omdat dit oral waar dit verkondig word 'n suiwerder begrip omtrent die wet van God versprei, die greep van Gods wet op die hele volk verstewig, 'n positiewe invloed op wetgewing uitoefen, die invloed van die Christendom onder die ongelowiges en heidene vergroot, daartoe aanleiding gee dat gruwels onder die mense verwyder word, die goddeloses en onordelikes aan bande gelê word, die sondige natuur bedwing word en daar vir die volk van God lewensruimte geskep word ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van alle skepsele in die koninkryk van God op aarde.

## *Sonde*

Sonde is die godsdienstige woord vir sedelike kwaad. Die begin van sonde is aan ons onbekend. Die verhaal van die sonde begin in die engelewêreld (2 Petr. 2:4; Judas v. 6) en die oorsaak daarvan is waarskynlik in hoogmoed te soek (vgl. 1 Tim. 3:6). Deur Satan (Joh. 8:44; Openb. 20:2) is die sonde die mensewêreld ingedra, toe hy vir Eva verlei het (1 Tim. 2:14), en deur haar ook Adam tot 'n val gebring is (Gen. 3:6), en deur Adam die ganse mensheid met erfskuld en erfsonde of erfsmet besoedel is (Rom. 5:12, 15-19; 1 Kor. 15:21, 22; 2 Kor. 7:1), sodat hulle van nature kinders van die toorn is (Ef. 2:3) en uit hierdie onsalige bron (Rom. 6:6; Ef. 4:22; Kol. 3:9) 'n menigte van persoonlike sondes voortspruit (Mark. 7:21-23) sowel as verborge sondes (Ps. 19:13); dinge wat deur die tiende gebod veroordeel word.

Die Bybel gebruik verskillende woorde om sonde mee te beskrywe. In die Ou Testament is die belangrikste woord die een wat 'n verkeerde beweging aandui. Ander woorde is vertaal met ongeregtigheid, slegtheid, boosheid of die kwade. Die Nuwe Testament sê dat die sonde

wetteloosheid is (1 Joh. 3:4), maar die mees algemene betekenis is om jou doel of bestemming te mis, ongehoorsaamheid, om te struikel of 'n tekortkoming in jou lewe.

Die Skrif spreek van verskillende soorte van sondes soos die sondes van die gesindheid, gedagtes, woorde en dade. Sommige van hierdie sondes is verborge waarvan die mens nie eers weet nie (Job 11:4; Ps. 19:13; 90:8), sommige word uit onkunde gepleeg (Luk. 23:34; Hand. 3:17; 1 Tim. 1:13) andere uit swakheid (Num. 15:27-29; Matt. 26:41; Rom. 7:15, 20) en andere weer opsetlik (Num. 15:30; Hebr. 10:26,27).

Alle sondes is nie ewe groot nie (Spr. 6:30; Joh. 19:11) en sal ook nie ewe swaar gestraf word nie (Luk. 12:47, 48). Daar is net één sonde wat nie vergewe word nie (Matt. 12:31, 32). Maar alle sondes wat bely word en laat staan word, vind vergifnis by God (Spr. 28:13; 1 Joh. 1:7-9).

Niemand word op aarde volkome vry van die sondes nie (Rom. 7:22, 23; 1 Tim. 1:15; Jak. 3:2; 1 Joh. 1:8). Daarom het wets-prediking ook in die lewe van die kind van God dié uitwerking dat hy sy lewe lank sy sondige aard hoe langer hoe meer ken (Rom. 3:20) en daardeur des te meer na Christus toe uitgedryf word en 'n inniger begeerte ontwikkel om sy lewe in dankbaarheid aan die Here diensbaar te laat wees (H.K. 115).

## ***Verlossing***

Hoewel die verlossing aan God Drie-enig toegeskrywe word, is dit tog so dat die verlossing meer bepaald die werk van God die Seun, die skepping die werk van God die Vader en die heiligmaking die werk van God die Heilige Gees genoem kan word (H.K. 24).

Christus het ons met sy bloed gekoop uit elke taal, stam, volk en nasie (Ef. 1:7; Hebr. 9:12; Openb. 5:9). Hy wat geen sonde geken het nie, is sonde gemaak vir ons, sodat ons kan word geregtigheid in Hom (Jes. 53:4-6; 2 Kor. 5:21), want Hy het sy lewe *gegee* as 'n losprys vir baie (Matt. 20:28; 1 Tim. 2:6) en ons uit die gevangenis van Satan bevry (Ef. 4:8).

Maar die verlossing het ook 'n subjektiewe kant wat nie vergeet mag word nie, want nie alle mense word deur Christus salig soos hulle in Adam verdoem is nie, maar alleen dié wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem (Matt. 7:14; 22:14; Mark. 16:16; Joh. 1:12; 3:16, 18, 36; Jes. 53:11; Ps. 2:12; Rom. 11:20; 3:22; Hebr. 4:3; 5:9; 10:39; 11:6; H.K. 20).

Christus is ons geregtigheid (1 Kor. 1:30) en in die regverdigmaking lê die verlossing van die erfskuld, die straf op die sonde. Maar die mens het ook erfsmet of die besoedeling van die vlees waarvan ons deur heiligmaking bevry moet word (2 Kor. 7:1). Christus is egter ook ons heiligmaking (1 Kor. 1:30) en Hy bewerk dit in die wedergeborene deur die Heilige Gees, waardeur die mens hoe langer hoe meer van die oue mens bevry en met die nuwe mens oorklee word (Ef. 4:22-24; Kol. 3:9, 10), om eers met die oomblik van af sterwe die oue mens volkome af te lê.

Maar dit is nie al nie. Die straf op die sonde het ook die liggaam van die mens aangetas, terwyl ons na liggaam en siel aan Christus toebehoort. Daarom gaan die verlossing ook uit na die liggaam, sodat Hy ook ons vernederde liggame van gedaante sal laat verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam (Fil. 3:20, 21). Alleen dan is die verlossing van die mens uit die mag van Satan (Hand. 26:16-18) volkome (Hebr. 7:25).

Maar die verlossing sluit ook die verlossing van die ganse skepping in (Rom. 8:19-25), in die wedergeboorte (Matt. 19:28), wanneer die verheerlikte mens sal lewe op die nuwe aarde (Jes. 11:9; 2 Petr. 3:13; Openb. 21:9-27).

Daarom is die verlossing nie net 'n verlossing van ons siel nie, maar ook van ons liggaam sowel as van die ganse skepping, wanneer God alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28). En Jesus het gesê van die einde van die dae: "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is" (Luk. 21:28).

## *Dankbaarheid*

Dankbaarheid is die betuiging van erkentlikheid vir een of ander weldaad wat ontvang is. Dit is egter noodsaaklik dat hierdie betuiging 'n innerlike gesindheid uit 'n welmenende hart moet wees, anders bly dit net 'n blote vorm, bedrog en skyn, en word ons skuldig aan die tiende gebod.

Allereers is elke mens aan God dank verskuldig vir die gawe van die lewe. Nooit sal die mens God hiervoor ooit kan vergoed nie. Hy moet dankbaar wees teenoor God wat Skepper en Onderhouer is van alles; wat hom op 'n wonderbaarlike wyse (Job 10:8-12) in die skoot van sy moeder geweef het (Ps. 139:13-16; Jer. 1:5) hom deur die asem van die Gees laat lewe (Gen. 2:7; Job 33:4) en uit die skoot van die moeder laat voortkom het (Ps. 22:10, 11; 71:6) en daagliks in Hom laat lewe, beweeg en bestaan (Hand. 17:28). Dankbaar wees teenoor dié God wat toesien dat saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie (Gen. 8:22); wat sy son laat opgaan oor slegtes en goeies, en laat reën op regverdiges en onregverdiges (Matt. 5:45; Hand. 14:17), wat sy hand oopmaak en alles wat lewe versadig (Ps. 145:16), ja, wat nooit laat vaar die werke van sy hande nie (Ps. 138:8;Joh.5:17).

Maar groter nog moet die dank wees teenoor God omdat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). Daarom juig ons saam met Paulus: "Maar God sy dank vir sy onuitspreeklike gawe" (2 Kor. 9:15), want "geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus ... In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade" (Ef. 1:3,7).

Dawid skrywe: "Ek wil die Naam van God prys met 'n lied en Hom groot maak met danksegging; en dit sal die Here welgevalliger wees as beeste, as stiere wat horings en gesplitste kloue het" (Ps. 69:31, 32). Om aan God dank te offer, is om Hom te eer (Ps. 50:23), want hoe sal ons die Here ooit kan vergeld vir al sy weldade aan ons? (Ps. 116:12,17).

Daarom word ons ook in die Bybel beveel om dankbaar te wees (Ps. 147:7; Fil. 4:6; 1 Thess. 5:18) soos Noag (Gen. 8:20, 21) en selfs Nebukadnésar (Dan. 3:28, 29), Christus (Matt. 14:19) en selfs die Samaritaan (Luk. 17:16) aan ons 'n voorbeeld gestel het.

Die Bybel bevat dan ook lof- en dankliedere, waarvan die oorwinningslied van Moses (Ex. 15) en die lofsang van Debóra (Rigt. 5), van Maria (Luk. 1:46-55) en van Sagaria (Luk. 1:68-79) miskien die mooiste voorbeelde is.

Ondankbaarheid is 'n vreeslike sonde (Jes. 1:3), waarvan die verwerping van Jesus (Joh. 1:11; Matt. 27:22, 23) en die verraad van Judas (Joh. 13:18; 18:3-5) miskien die aakligste voorbeelde is.

Dankbaarheid word dan ook beloon (Ps. 50:22, 23), maar ondankbaarheid gestraf (Rom. 1:21; Jes. 1:3-9; 2 Tim. 3:1-9). En tog is daar by God barmhartigheid ook oor die ondankbares en slegtes (Luk. 6:35) om ook hulle tot bekering te lei (Luk. 6:36; Matt. 18:11), sodat ook hulle kan leer om God in alles dankbaar te wees (Kol. 1:12; 2:7; 3:15; 4:2), want uit ons dankbaarheid moet die egtheid van ons verlossing spreek as 'n getuienis vir almal om ook gered te mag word uit 'n krom en verdraaide geslag (Hand. 2:40).

# HOOFSTUK XII

## *Die "elfde" gebod*

Jesus het gesê:

"'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het" (Joh. 13:34,35).

Die Tien Gebooie het Jesus by geleentheid só saamgevat: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:37-39). Aan hierdie twee gebooie, het Hy gesê, hang die hele wet en die profete (Matt. 22:40). Dit was 'n samevatting of groepering van twee uitsprake reeds in die Ou Testament gegee, te wete, Deut. 6:5 en Lev. 19:18. Die maatstaf vir naasteliefde was dus dat ek my naaste moet liefhê soos ek myself lief het.

Maar nou het Jesus aan die gebod 'n dieper dimensie gegee; Hy het 'n ander en edeler maatstaf aangelê. Dit is nog liefde, maar 'n liefde wat so veel hoër is: Soos Ek julle liefgehad het, moet julle mekaar liefhê. Nie meer soos julle julleself liefhet nie, maar soos wat Ek liefgehad het. Daarom noem ons die gebod in ons opskrif die "elfde" gebod.

Dit is dus vir ons nodig om te weet hoe Jesus liefgehad het, sodat ons kan uitvind in hoe 'n mate ons Hom gehoorsaam is. Daarom gaan ons dan in wat volg probeer om elke keer 'n nuwe aspek van die liefde van Jesus onder die soeklig te bring, met die gebed in ons hart dat dit vir ons almal tot 'n besieling of aansporing mag dien om te kom tot volkome gehoorsaamheid aan Hom; uit dankbaarheid, omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19); want as Hy ons dan só liefgehad het dan behoort ons mekaar ook lief te hê (1 Joh. 4:11) net soos Hy ons liefgehad het (John. 13:34,35).

## *Diepe simpatie en innige meegevoel (Matt. 8:14-17)*

Toe Jesus in die huis van Petrus kom, het Hy sy skoonmoeder gesien wat siek was aan die koors. Hulle het Hom dit blykbaar nie vertel nie, maar Hy het dit dadelik gesien. Dit is die houding van iemand wat na buite lewe en waarlik in sy medemens belangstel. Hy het haar hand aangeraak, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en hulle bedien. Teen die aand het hy baie wat met duiwels besete was verlos en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, "sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra" (Matt. 8:17; Jes. 53:4; 1 Petr. 2:24).

En dit het Hy gedoen omdat Hy die stryd teen siekte aangeknoop het, as 'n aanduiding dat ook die liggaam van die mens eenmaal volkome bevry en verheerlik sal word, maar ook as 'n aansporing vir een en almal om alles in hulle vermoë te doen om siek mense gesond te maak, as ons hulle waarlik liefhet soos wat Hy ons liefgehad het. Nooit mag die geneesheer of die sieke die stryd teen die siekte gewonne gee nie en nie een oomblik in hul stryd daarteen verslap nie.

Maar Jesus het ook mense genees omdat Hy 'n diepe simpatie en innige meegevoel met hulle gehad het: "En toe Jesus uitgaan, het Hy 'n groot skare gesien en innig jammer vir hulle gevoel, en Hy het hulle siekes gesond gemaak" (Matt. 14:14). Jesus het ten volle en persoonlik in die smarte van mense opgegaan; Hy het deel daarvan geword en hulle gehelp omdat Hy vir hulle jammer was.

En as ons ons medemens liefhet soos wat Jesus ons liefhet, dan behoort daar in ons hart dieselfde gesindheid, dieselfde diepe simpatie en innige medelye te wees, soos Hy ons beveel het om te hê.

En waar dit ooit teenoor siek mense in ons eie hart mag ontbreek, moet ons Hom hoe langer hoe meer smeek dat Hy deur die Heilige Gees aan ons meer en meer van dié lief de mag gee.

## *Eie belange of Syne? (Matt. 12: 46-50)*

Terwyl Jesus besig was om met die skare te spreek het sy moeder en broers daarbuite gestaan en wou graag met Hom praat. Die rede vir hierdie onderbreking is nie duidelik nie. Maar tog slaag iemand daarin om die boodskap met hulle versoek aan Jesus oor te bring. Maar dan antwoord Hy en sê vir die een wat Hom dit vertel het: "Wie is my moeder en my broer?" (Matt. 12:48). En dan steek Hy sy hand oor sy dissipels uit en sê: "Daar is my moeder en my broers. Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is dié is my broer en suster en moeder" (Matt. 12:49, 50).

Seker beteken hierdie opmerking van Jesus dat die band van die geloof ver uitstyg bo bloedverwantskap (vgl. Matt. 8:21, 22; 10:37), en dat nóg sy moeder nóg sy broers die reg het om Hom te onderbreek terwyl Hy met die werke van sy Vader besig is, bloot op grond van die feit dat hulle sy familie is, of enige aanspraak op Hom het bo andere wat net soos sy familie skepsele van God is (Matt. 10:37; Luk. 2:49; Joh. 2:4; 7:1-9).

Maar hierdie gebeurtenis het ook 'n ander boodskap, en dit is, dat Jesus sy dissipels en andere wat Hom nodig gehad het, so liefgehad het, dat eie belange daarvoor moes wyk; dat Hy self nie sy eie familie daarin voorkeur bo die dinge van sy hemelse Vader gegee het nie.

Natuurlik het dit nie beteken dat Hy daardeur sy eie huis verwaarloos of as minder belangrik beskou het nie, want toe Hy later aan die kruis gehang het, het Hy nog aan sy moeder gedink en in haar behoeftes voorsien toe Hy aan Johannes opdrag gegee het om na sy moeder om te sien: "Daar is jou moeder" (Joh. 19:27). En later het sy Gees dit in die hart van Paulus gelê om te skrywe: "Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige" (1 Tim. 5:8).

Maar as dieselfde liefde in ons harte woon as wat in die hart van Jesus was, dan sal ons die kinders van die koninkryk en die ander mense wat die koninkryk nodig het, só liefhê, dat eie belange en bloedverwantskap ons nooit sal terughou of stuit om die werk van ons hemelse Vader te doen nie, want ons moet hulle liefhê net soos Hy ons liefgehad het.

## *Voed die wat honger het (Matt. 14:14-21)*

Die eerste vermeerdering van die brode het plaasgevind net nadat Jesus in 'n skuit na 'n verlate plek vertrek het, waarskynlik om 'n bietjie alleen te wees en te rus (Matt. 14:13; Mark. 6:31, 32). Maar die skare het dit gehoor en Hom van die stede af te voet gevolg. En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer vir hulle gevoel en hulle siekes gesond gemaak. Ten spyte van sy eie moegheid en behoefte aan stilte, en ten spyte van die materialistiese motiewe wat dikwels die skare na Hom gebring het (vgl. Joh. 6:2, 15, 26, 66), het Hy na hulle toe uitgegaan; hulle verwelkom.

En toe dit aand geword het, kom sy dissipels na Hom toe en sê: "Die plek is verlate, en dit is al oor die tyd; stuur die skare weg, sodat hulle na die dorpe kan gaan en vir hulle voedsel koop. Maar Jesus sê vir hulle: Hulle hoef nie weg te gaan nie; gee julle vir hulle iets om te eet" (Matt. 14:15,16).

Die Here Jesus wou sy dissipels leer om nie so gou hulle verantwoordelikheid af te skud nie. Dit is makliker om die skare weg te stuur as om aan hulle voedsel te gee.

Die dissipels het weliswaar goeie redes vir hulle optrede gehad: Die plek is verlate, dit is al oor die tyd en hulle het net vyf brode en twee visse.

Jesus wou egter hê dat sy dissipels sy woorde in sy bergpredikasie moet onthou (Matt. 6:11, 25-34) en Hom moes vertrou. Sou Hy wat die water in wyn verander het, dan nie in staat wees om die brode te vermeerder nie? (Joh. 2:1-11). Daarom het Hy gesê: "Bring dit hier vir My" (Matt. 14:18). En in sy hand het die wonder gebeur. Hy het die skare se behoeftes voorsien sodat almal geëet en versadig geword en daar nog oorgebly het.

Hierin het Jesus nie net aan sy dissipels nie, maar ook aan ons 'n voorbeeld gestel, maar meer nog sy ware liefde vir sy medemens gedemonstreer om hulle te hulp te kom in hulle nood.

En as ons ons naaste só liefhet soos wat Hy ons liefgehad het, dan sal ons ook aan die minderbevoorregtes dink met die daad, want as ons gee aan die wat honger het, of hulle wit of swart is, Boer of Brit is (Matt. 25:42), dan doen ons dit eintlik aan Hom (Matt. 25:45) wat die voorbeeld aan ons gestel het.

## *Nie aanstoot gee nie (Matt. 17: 24-27)*

Toe Jesus in Kapernaüm kom, het die wat die tempelbelasting ontvang na Petrus gegaan en gesê: "Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie?" (Matt. 17:24). Dit is opvallend dat Petrus ook nie toe al sy belasting betaal het nie, maar hulle vra hom nie daarna nie. Die rede vir die optrede is nie duidelik nie, maar dit het aan Jesus die geleentheid gebied om aan Petrus te leer dat die Seun van God in die huis van sy Vader van belastingplig onthef is (Luk. 2:49; Joh. 2:16, 17). Daarna stuur hy hom na die see, beveel hom om 'n hoek uit te gooi, en sê dat hy die bek van die eerste vis wat opkom moet oopmaak want daarin sou hy 'n stater vind; dit moet hy neem en aan die belastinggaarders gee, vir Hom en vir Petrus.

Hierdie besondere gebeurtenis leer ons iets van die Godheid van Christus; Hy het geweet waaroor die mense van die tempelbelasting met Petrus gepraat het sonder dat Hy die gesprek kon gehoor het (Matt. 17:24, 25); die feit dat Jesus bewus daarvan was dat Hy die Seun van God was (Matt. 17:25-27); die mag van Jesus oor die visse van die see (Matt. 17:27); die reg wat Hy het om te neem uit die oorvloedige rykdom van sy Vader om in sy behoeftes te voorsien (Matt. 17:27) en sy mededeelsaamheid om terselfdertyd ook aan Petrus se belasting te dink en daarin te voorsien (Matt. 17:27).

Maar by dit alles het ons een baie belangrike aspek uitgelaat, te wete die wonderlike bedagsaamheid van die Meester; Hy wou nie aanstoot gee nie. Nieteenstaande die feit dat Hy as Seun van God onder geen verpligting gestaan het nie, wou Hy diegene wat tog nie begryp het nie, nie aanstoot gee nie.

En ook hierin spreek alleen maar die taal van sy wonderlike liefde waarmee Hy liefgehad het. Hy wat liefhet, gee nie aanstoot nie. Hy doen selfs meer as wat sy plig is, net om nie aanstoot te gee nie. En hoe maklik oortree ons nie juis op hierdie terrein van die lewe nie. Maak ons altyd seker dat ons nie dalk deur ons onbedagsame optrede aanstoot gee nie? Wie egter liefhet soos Hy liefgehad het, kan nie daaraan skuldig word nie, want die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:10).

## *Liefde vir kindertjies (Matt. 19:13-15)*

Jesus was in die gebied van Judéa oorkant die Jordaan terwyl groot menigtes Hom gevolg en Hy hulle daar gesond gemaak het. By hierdie geleentheid het die Fariseërs Hom 'n vraag oor egskeiding gevra. En dit was blykbaar by dieselfde geleentheid, net nadat Hy die Fariseërs geantwoord het (Matt. 19:1-15; Mark. 10:1-16), dat hulle (waarskynlik moeders en vaders of susters en oppassers) klein kindertjies (Luk. 18:15) na Jesus gebring het, dat Hy hulle die hande sou oplê en bid (Matt. 19:13).

Op hierdie oomblik het die dissipels, wat altyd gereed was om hulle Meester teen, soos hulle gedink het, lastige indringing te beskerm (vgl. Matt. 14:15; 15:23), ook hierdie volwassenes bestraf en blykbaar gesê, dat hulle nie Jesus met sulke dinge lastig moet val nie; Hy het veel belangriker dinge om te doen as om babas te seën en vir hulle spesiaal te bid.

Maar Jesus het die optrede van sy dissipels nie goedgekeur nie, en gesê: "Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele" (Matt. 19:14). Dit beteken: aan hulle, en aan almal wat in ootmoedige vertroue soos hulle is (vgl. Matt. 18:2-11), behoort die koninkryk van die hemele. En Hy het hulle die hande opgelê (Matt. 19:15) en geseën (Mark. 10:16). En so bly die gelowige en sy saad ook die voorwerp van sy tere liefde (Gen. 17:7-14; Ps. 103:17; 105:6-10; Jes. 59:21; Joël 2:15-17; Hand. 2:38, 39; Hebr.8:8-ll).

En as die koninkryk van God ook aan klein kindertjies behoort, dan is dit net logies en reg dat die doop, wat 'n teken van die gekome koninkryk is (Joh. 3:3, 5), ook aan hulle bedien sal

word. En as ons bostaande Skrifgedeeltes vergelyk met uitsprake soos Hand. 16:15, 33; 1 Kor. 1:16 en Kol. 2:11, 12, waaruit dit blyk dat die gelowige en sy hele huis onmiddellik gedoop was, en dus as behorende tot die kerk en verbond beskou was, (vgl. Hand. 21:18-26), en die doop 'n teken van die verbond is (Gal. 3:16-29), dan is die gebruik om kindertjies te doop wel deeglik gegrond op die Skrif, en moet die getuienis van die kerkvaders, Origenes, Cyprianus en Augustinus, aanvaar word, wanneer hulle beweer dat die kinderdoop die algemene praktyk van die hele kerk was, dat dit van Christus en die Apostels afkomstig is, en dit nooit deur enige kerklike besluit tot kerklike gebruik geword het nie; te meer omdat bogenoemde beweringe nooit deur enige persoon van daardie tyd weerspreek is nie, en tot op hede nog geen getuienis uit die vroeë literatuur gevind is, wat hulle bewering in die minste bevraagteken nie.

Intussen spreek Matt. 19:13-15 van die groot liefde van Jesus vir kindertjies. Daarom beveel Hy 'n bietjie later vir Petrus: "Laat my lammers wei" (Joh. 21:15). En as sy liefde ook in ons harte is, sal daar net so 'n groot plek in ons hart en genoeg tyd in ons vol program wees vir klein kindertjies.

## *Vir die veronregte opgekom (Matt 26:6-13)*

Terwyl Jesus in Betanië was, in die huis van Simon, die melaatse, het 'n vrou, dit is Maria (Joh. 12:3), na Jesus gekom, en 'n albaste fles met baie kosbare nardussalf (Mark. 14:3; Joh. 12:3) oor sy hoof (Matt. 26:7) en liggaam (Matt. 26:12; Mark. 14:8) uitgegooi, en ook sy voete gesalf en afgedroog met haar hare (Joh. 12:3). Van hierdie daad sê Jesus, dat sy dit gedoen het met die oog op sy begrafnis (Matt. 19:12; Mark. 14:8; Joh. 12:7).

Maar die dissipels, met Judas Iskariot op die voorpunt (vgl. Joh. 12:4-6), was verontwaardig (Matt. 19:8) en het teen haar uitgevaar (Mark. 14:5), en gesê: "Waarvoor is hierdie verkwisting? Want die geld kon duur verkoop en die geld aan die armes gegee geword het (Matt. 26:8, 9). Dit klink na 'n billike beswaar en die argument is goed, en die motief kon ook suiwer wees, behalwe in die geval van Judas (Joh. 12:6).

Maar Jesus het nie met hulle saamgestem nie, en dit afgekeur dat hulle Maria so veronreg, en gesê: "Waarom val julle die vrou lastig? Want sy het 'n goeie werk aan My gedoen. Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie. Want toe sy hierdie salf op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis" (Matt. 19:10-12). En dit het Jesus gesê, nie omdat Hy nie oor die armes bekommerd was nie (vgl. Matt. 5:7; 6:2-4; 12:7; 19:21), maar omdat daar nog baie tyd en geleentheid was om oor die armes bekommerd te wees, terwyl die geleentheid om aan Hom, in sy staat van vernedering, iets goeds te doen byna verby was, en omdat die motief van Maria so edel was; sy het dit gedoen met die oog op sy begrafnis. Wat sy kon, het sy gedoen.

En met hierdie optrede van Jesus, het Hy in die bresse getree vir die veronregte; vir een wat haarself nie kon verdedig nie. En Hy het nog verder gegaan, om vir haar edele daad 'n monument op te rig, wat alle aardse monumente sou oorleef, want Hy het gesê: "Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar" (Matt. 26:13).

Hierdie daad spreek van die liefde van Jesus vir die veronregtes. En as ons sy kinders is, en sy liefde ook in ons is, sal ons net soos Hy altyd gereed staan om dié te help, en vir hulle op te kom, wat veronreg word en hulle eie saak nie kan verdedig nie.

## *Nie eie voordeel gesoek nie (Matt. 27:12-14)*

Die verhaal van Jesus se veroordeling is aan ons almal goed bekend. Ook hoe Pilatus byna alles in sy vermoë gedoen het om te voorkom dat hy 'n uitspraak oor Jesus hoef te gee, maar hoe hy, toe sy eie posisie bedreig was, toegegee het, veral toe die Jode geskreeu en gesê het: "As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser" (Joh. 19:12).

Daarom het Pilatus ook aan Jesus gevra: "Is U die koning van die Jode?" (Matt. 27:11). Op hierdie vraag het Jesus bevestigend geantwoord, deur te sê: "U sê dit" (Matt. 27:11; vgl.

Matt. 26:25, 64; Joh. 18:37). Maar op die ander gedeeltes van die beskuldiging van die owerpriesters en die ouderlinge (vgl. Luk. 23:2, 5) het Hy niks geantwoord nie (Matt. 27:12-14).

En toe al sy pogings vrugteloos blyk te wees om Jesus nie tot die dood te veroordeel nie (vgl. Luk. 23:6-12; 23:13-16, 22; Matt. 27:21-23), en hy sien dat niks help nie, maar dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water geneem en sy hande voor die skare gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien" (Matt. 27:24), terwyl die hele volk antwoord en sê: "Laat sy bloed op ons en ons kinders kom! " (Matt. 27:25). Toe het Pilatus vir hulle Barabbas losgelaat, maar Jesus het hy laat gésel en oorgelewer om gekruisig te word (Matt. 27:26).

So groot was Jesus se liefde, ook vir hulle wat Hom vals beskuldig 'het, in sy gesig gespuug en met die vuis geslaan het, wat 'n misdadiger bó Hom verkies het, wat Hom saam met die misdadigers gereken het (Mark. 15:28), wat Hom verwerp het, wat uitgeroep het: "Laat Hom gekruisig word!" (Matt. 27:22, 23), dat Hy sy hemelse Vader nie om hulp gebid het nie (vgl. Matt. 26:52-54), dat Hy nie sy regsaak verdedig het nie, maar stilgebly het (Matt. 27:12-14), dat Hy sodoende sy saak verloor het, maar sy vyand gewen het.

Christus het Homself nooit gesoek nie, sy eie voordeel nooit swaarder laat weeg as die belange van hulle wat Hy liefgehad het nie. Hy het vir ons 'n voorbeeld gegee om liewers onreg te ly as dit tot voordeel van die aanklaers kon wees; om liewers reg en geregtigheid te laat in die hande van ons hemelse Vader wat gesê het: "My kom die wraak toe en die vergelding" (Deut. 32:35; Hebr. 10:30). Daarom staan daar geskrywe: "Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn" (Rom. 12:19).

Maar alleen hy in wie die liefde van Christus woon, is tot hierdie dinge in staat (2 Kor. 5:14; Fil. 4:13); om gehoorsaam te wees aan Hom wat gesê het: "Soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê" (Joh. 13:34).

## *Niemand verstoot nie (Matt. 27: 3&-44; Luk. 23: 39-43)*

Toe Jesus gekruisig was, is daar twee rowers saam met Hom gekruisig, een aan die regter- en een aan die linkerkant. En die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud en sê: "U wat die Tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis" (Matt. 27:38-40). Dit herinner aan Ps. 22:7-9; Ps. 109:22-27; Jes. 37:22 en Klaagl. 2:15. Met die woorde het hulle by die woorde van die valse getuies aansluiting gevind (vgl. Matt. 26:61), wat 'n misinterpretasie was van Jesus se woorde in Joh. 2:19, en toe reeds deur die Jode verkeerd opgeneem was (Joh. 2:20) en eers na sy opstanding deur sy dissipels verstaan was (Joh. 2:21-22). En so het ook die owerpriesters saam met die Skrifgeleerdes en ouderlinge gespot en gesê: "Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo. Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God" (Matt. 27:41-43). Die verbygangers het Jesus direk aangespreek, maar nie die lede van die Sanhedrin nie. Hulle praat oor Hom, nie met Hom nie. Volgens Lukas 23:35 het hulle letterlik hulle neus vir Hom opgetrek; so geweldig het hulle Hom gehaat. Dit herinner ons aan Ps. 22:8, 9 en Ps. 42:11. Ook die soldate het Hom gespot (Luk. 23:36). Ja, ook die rowers: "En op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig was, Hom ook beledig" (Matt. 27:44). Vir diesulkes, almal van hulle, het Jesus gebid en gesê: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Luk. 23:34). Verder het Hy stilgebly: "Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie; wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel; wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is"(lPetr.2:22-24).

Miskien was dit vanweë die gebed van Jesus en die wyse waarop Hy die spot verdra het dat een van die twee rowers daar op die kruishout opgehou het met spot, sy maat bestraf en gesê het: "Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? - ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie. En hy sê

vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom" (Luk. 23:39^2).

En wat sou Jesus hierop antwoord? Hoor wat sê Hy: "Voorwaar En sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Luk. 23:43). Jesus het niemand ooit verstoot nie! Ook nie dié wat Hom beledig het nie. Ja, niemand nie! En as ons liefhet soos Hy liefgehad het, moet ons dieselfde doen! (Joh. 13:34,35).

## ***Ruimheid van hart***

By geleentheid het Johannes aan Jesus gesê: "Meester, ons het iemand gesien wat in u Naam duiwels uitdryf en wat ons nie volg nie; en ons het hom belet, omdat hy ons nie volg nie" (Mark. 9:38). Dit herinner aan Josua wat van Moses verlang het om Eldad en Medad te belet om te profeteer omdat hulle in die laer geprofeteer het en nie na die tent uitgegaan het nie. Moses het egter geweier en gesê: "Ywer jy vir my? Ag, as die hele volk van die Here maar profete was, dat die Here sy Gees oor hulle mag gee" (Num. 11:29). Die antwoord van Jesus aan Johannes hoef ons dan ook nie te verwonder nie: "Moet hom nie belet nie, want daar is niemand wat 'n krag in my Naam sal doen en gou van My sal kan kwaad spreek nie; want wie nie teen ons is nie, is vir ons (Mark. 9:39, 40). Elders het Jesus gesê: "Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi" (Matt. 12:30; Luk. 11:23). Albei uitsprake is waar en staan nie teenoor mekaar nie. Dit is in albei gevalle die een of die ander. In die tweede uitspraak verwys Jesus na Satan (Matt. 12:24-30) wat verstrooi (vgl. Joh. 10:12). Maar die geestesbesweerder van Mark. 9:38 was juis besig om in die Naam van Jesus bymekaar te maak; daarom is hy nie teen Jesus of sy dissipels nie (Mark. 9:39, 40). Die feit dat hy Jesus se Naam gebruik, is 'n waarborg dat hy nie gou van Jesus sal kwaadpraat nie (Mark. 9:39). En wie van geen vyandskap praat nie, moet as 'n vriend en bondgenoot aanvaar word. Dit geld natuurlik nie van alle groepe sonder meer nie; daar is hulle teen wie gewaarsku word (Gal. 1:8,9; 2 Joh. :10).

Christus maan egter tot 'n ruimheid van hart teenoor andere wat nie aan die eie groep behoort nie, of nie in opdrag van die eie groep werk nie, maar tog in die Naam van Jesus optree. Hieruit moet afgelei word dat Jesus leer, dat die bevordering van die belange van die koninkryk in die algemeen as belangriker as die voordele vir die eie groep, geag moet word. Andere moenie veroordeel, bestry of belet word, net omdat hulle ons nie volg nie. Teenoor elkeen wat die Naam van Jesus dien moet simpatiek gestaan word (Fil, 1:15-18) en partyskappe moet as vleeslik afgewys word (1 Kor. 3:1-23).

Intussen word die liefde vir die eie nie afgewys nie, maar erken (Mark. 9:41) en selfs aangemoedig (1 Petr. 2:17) en ontrouheid aan jou eie mense afgewys (1 Tim. 5:8). Maar om andere te veroordeel of te belet, is nie vanselfsprekend 'n bewys van ware liefde vir die eie nie. Elkeen in wie die liefde van Jesus 'n werklikheid geword het, wat liefhet soos Hy liefgehad het, sal ook sê: Moet hom nie belet nie. Wie nie teen ons is nie, is vir ons!

## ***Tyd vir 'n bedelaar (Mark. 10:46-52)***

Toe Jesus en sy dissipels en 'n aansienlike skare uit Jerigo uitgaan op weg na Jerusalem vir die Paasfees, het daar langs die pad 'n blinde bedelaar, met die naam van Bartiméüs, gesit. En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: "Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!" (Mark. 10:47). Of die bedelaar die regte insig gehad het met betrekking tot die Messiasskap van Jesus en of hy elke Jood as seun van Dawid aangespreek het, is nie seker nie, maar dat dit 'n beroep op die Messias-bewussyn van Jesus gehad het, is duidelik.

Die reaksie van sommige uit die skare is egter nie vriendelik nie. Hulle het hom bestraf dat hy moet stilbly. Dit het hom egter nie afgesit nie. Hy het al harder uitgeroep: "Seun van Dawid, wees my barmhartig! " (Mark. 10:48). Die rede vir die optrede van hulle wat die blinde bestraf het, word ook nie gegee nie. Dalk wou hulle nie dat daar 'n oponthoud moet kom nie, of dalk het hulle net maar nie plek in hulle hart en tyd op hulle program vir 'n blinde bedelaar gehad nie.

Met Jesus was dit in elk geval anders. Hy het gaan staan en gesê dat hy geroep moes

word. Dié wat die blinde gaan roep het, het egter vriendeliker geklink: "Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou" (Mark. 10:49). Hy gooi toe sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe. En Jesus antwoord en sê vir hom: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" (Mark. 10:51). Wat sou hy van Jesus vra? 'n Aalmoes? En die blinde man sê vir Hom: "Rabbóni, dat ek mag sien" (Mark. 10:51). En daarop het Jesus hom genees omdat hy in Hom geglo het (Mark. 10:52). En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.

Wat vir ons belangrik is, is dat Jesus 'n simpatieke oor en, anders as wat dit met sommige uit die skare die geval was, tyd gehad of liewers tyd gemaak het vir hierdie blinde bedelaar, ongetwyfeld omdat Hy ook in sy hart vir hom 'n plek gehad het.

En Jesus het ons beveel om mekaar lief te hê soos Hy ons liefgehad het; dat ons dus ook soos Hy 'n simpatieke oor en tyd op ons program en plek in ons hart vir blindes en bedelaars sal hê. En dat ons ook wat die geestelike blindes betref die tyd en geleentheid sal maak om hulle na Jesus te lei omdat die liefde van Christus ons dring(2Kor.5:14).

## *Die geringste offer raakgesien (Mark. 12: 41-44)*

Markus vertel dat Jesus by geleentheid reg voor die skatkis, waarin die vrywillige offergawes vir die tempeldiens gestort word, gaan sit en kyk het hoe die skare geld in die skatkis gooi (Mark. 12:41). Jesus het werklik belanggestel in die gawes wat mense aan die koninkryk spandeer, want offergawes aan die Here maak 'n wesenlike deel uit van ons godsdiens. En baie rykes het veel ingegooi. Daar kom toe 'n arm weduwee en gooi twee geldstukkies in, dit is 'n oortjie (Mark. 12:41, 42). Markus beklemtoon die feit dat sy arm was en dat sy twee geldstukkies ingegooi het. Dit was dus vir hierdie weduwee moontlik om een terug te hou, en net een in te gooi. Maar sy gooi albei in. En dit bewys haar self verloëning.

In verhouding met wat die rykes ingegooi het, was haar offertjie seker die geringste van almal; net maar 'n oortjie. En tog roep Jesus op hierdie stadium sy dissipels nader, en sê vir hulle: "Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het. Want hulle het almal uit hulle oorvloed ingegooi; maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud" (Mark. 12:43, 44). Dit wil sê, alles wat sy op daardie oomblik gehad het om van te lewe. Dit gaan dus nie by God oor hoeveel ons gee nie, maar wat dit ons kos om ons offer te bring. Om uit jou oorvloed te gee, is om dit nie eers te voel nie. En dit is nog geen offergawe nie.

Maar wat vir ons in hierdie verhaal van belang is, is die feit dat Jesus die geringste offertjie raakgesien het en dat Hy dit openlik geprys het. Ons maak dikwels 'n ophef van groot bydraes, maar ons vergeet die sente wat as "bloedgeld" uit die beursie van die arm weduwee in die oë van God 'n groter offer geword het.

Ook die geringste prestasie moet ons kan raaksien en diesulkes aanspoor soos Hy ons 'n voorbeeld nagelaat het, en ook sy wonderlike toegeneentheid en sy waardering vir armes en eenvoudiges, wat ook in hul offervaardigheid dikwels al vir rykes en ontwikkeldes 'n beskamende voorbeeld gestel het. Dit is net liefde wat 'n oog en 'n hart het vir die kleinste prestasie, en die wete dat in die oë van God die kleinste dalk die grootste kan wees.

## *Liefde wat nie verander nie (Markus 14:29-31,66-72; 16:1-7)*

Toe Jesus uit die graf uit opgestaan het, het 'n jongman met 'n lang wit kleed om aan die vroue, wat gegaan het om Hom te gaan salf, gesê: "Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasarener wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Daar is die plek waar hulle Hom neergelê het. Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het" (Mark. 16:6,7).

Die feit dat die engel die naam van Petrus spesiaal genoem het, het 'n spesifieke rede. Petrus het voor die gevangeneming van Jesus gesê: "Al sal almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie" (Mark. 14:29). Daarop het Jesus hom gewaarsku: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag, in hierdie nag, voordat die haan twee maal gekraai het, sal jy My drie maal verloën" (Mark. 14:30).

En dit het net so gebeur. Dieselfde nag terwyl Petrus besig was om hom warm te maak, het hy drie maal ontken dat hy by die Nasarener was en by hulle behoort. Die derde keer het hy begin om homself te verwens en te sweer: "Ek ken nie daardie man van wie julle praat nie" (Mark. 14:71). Op daardie oomblik het die haan die tweede keer gekraai; en Petrus het die woord onthou wat Jesus vir hom gesê het: "Voordat die haan twee maal gekraai het, sal jy my drie maal verloën" (Mark. 14:72). En hy het in trane uitgebars.

Elke mens kan homself indink in watter toestand Petrus homself bevind het - platgeslaan, diepe selfverwyt, teleurgesteld in homself, skaam om sy makkers in die oë te kyk. Hy het sy Heer en Meester verloën en selfs gesweer dat hy die man van wie hulle gepraat het, nie ken nie.

En dan kom die boodskap van Jesus, aangedra deur die vroue: "Sê vir sy dissipels en vir Petrus" (Mark. 16:7). Wat moes hierdie boodskap, en die spesiale vermelding van sy naam, nie vir Petrus beteken het nie? Dit was die taal van liefde wat nie verander nie. Ja, so lief het Jesus gehad. En Hy het ons beveel om lief te hê soos Hy liefgehad het. Ook dié lief te hê, en bly liefhê, wat ons teleurgestel of dalk in die rug gesteek het.

En hoe maklik verander ons gesindheid nie teenoor hulle vir wie ons hartlik liefgehad het nie. En toe daar 'n rusie ontstaan het oor een of ander onaangename insident, het ons paaie uiteen geloop. Miskien is ons later tog versoen. Maar dinge is nie meer soos dit vroeër was nie. Ons kan maar nie oor die onaangenaamheid van die verlede kom nie; ons kan gister nie heeltemal afskud nie. En tog was dit so anders met Jesus. Sy vergifnis was volkome, want sy liefde kon nie verander nie. En Hy het gesê dat ons mekaar net so moet liefhê soos Hy ons liefgehad het, sodat almal kan weet dat ons sy dissipels is (Joh. 13:34,35).

## *'n Vriend van sondaars (Luk. 7: 34)*

Jesus het gesê: "Waarmee sal Ek dan die mense van hierdie geslag vergelyk, en waaraan is hulle gelyk? Hulle is net soos kinders wat op die mark sit en na mekaar roep en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie gehuil nie" (Luk. 7:31, 32). Om kinderlik te wees, het Jesus geprys (Matt. 18:1-6; 19:13-15), maar om kinderagtig te wees, het Hy veroordeel (Luk. 7:31, 32). Soos kinders is hulle wanneer die een klompie die ander klompie met fluitspel in 'n kamma-bruilof wil interesseer; die ander wil liewer kamma-begrafnis speel en sing 'n klaaglied, maar die een wil nie met die ander saamspeel nie; niemand volg nie. So was die Jode, so wispelturig soos kinders.

Want Johannes die Doper het gekom en nie brood geëet of wyn gedrink nie, en hulle het gesê: "Hy het 'n duiwel" (Luk. 7:33). Johannes was nie sosiaal genoeg nie, en sy boodskap te hard. 'n Mens wat soos hy lewe en só preek, het hulle gesê, moet besete wees.

Die Seun van die mens het gekom en Hy eet en drink, en hulle sê: "Daar is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars" (Luk. 7:34). Jesus weer was té sosiaal. Hy het te dikwels saam met die tollenaars verkeer (vgl. Luk. 15:2; 19:5-7). Vandaar hulle verkeerde afleiding dat Jesus Hom aan oormaat met betrekking tot spys en drank skuldig gemaak het. Die feit dat hulle in hul beskuldiging van sowel Johannes die Doper as van Jesus gedwaal het, sê Jesus, word daarin bevestig dat die wysheid geregverdig is deur al sy kinders (Luk. 7:35), of soos dit waarskynlik moet lees, deur al sy werke. Johannes en Jesus is duidelik kenbaar aan hulle werke dat dit uit God was (vgl. Joh. 10:37, 38; 14:11;15:24).

Maar in een opsig was hulle beskuldiging tog waar. Jesus was inderdaad 'n vriend van tollenaars en sondaars. En daar is seker geen titel van Jesus wat soveel hoop en troos aan sondaars gee as juis hierdie wete dat Jesus ook vir hulle waarlik liefhet nie. Hoeveel duisende is nie al en juis deur hierdie heerlike waarheid aangespoor om soos die verlore seun op te staan en terug te keer na hulle hemelse Vader nie.

Maar, en hierin lê die uitdaging vir ons almal, ons moet ook soos Hy, ja, elkeen van ons, 'n vriend wees van tollenaars en sondaars. Nie om met hulle saam te loop en saam te doen nie, maar om hulle waarlik lief te hê soos Hy hulle liefgehad het, met die liefde wat soek om te red dié wat nog verlore is.

## *Vyandigheid nie gewreek (Luk. 9: 51-56)*

Toe die dae van sy opneming nader kom, het Jesus sy aangesig gerig om na Jerusalem te reis, en boodskappers voor Hom uit gestuur; en hulle het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om vir Hom klarigheid te maak. En hulle het Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem op reis was (Luk. 9:51-53).

Dit word uitdruklik as rede aangegee dat die Samaritane Jesus nie wou ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem op reis was. Die spanning wat daar tussen Jood en Samaritaan bestaan het, is aan ons goed bekend (vgl. Joh. 4:9, 20; 8:48); veral die strydpunt vir die Samaritane dat die Here op die berg Gerisim en nie in Jerusalem nie, aanbid moet word (Joh. 4:20). Wat nog alles die stryd aangeblaas het, is nie hier ter sake nie. Feit bly dat die Samaritane baie vyandig of om die minste te sê, baie onvriendelik en beledigend teen Jesus en sy dissipels opgetree het deur aan hulle huisvesting te weier.

Hierdie optrede het veral by Jakobus en Johannes, eie aan hulle geaardheid (vgl. Mark. 3:17), skerp reaksie uitgelok, toe hulle dit sien. En hulle het gesê: "Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elia ook gedoen het?" (Luk. 9:54. vgl. 2 Kon. 1:9-12). Hulle wou wraak neem omdat hulle Heer en Meester beledig was; sulke verregaande vermetelheid wou hulle straf met die dood.

Maar dan draai Jesus Hom om en bestraf hulle en sê: "Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het *nie* gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red" (Luk. 9:55,56). En hulle het na 'n ander dorp vertrek.

Die feit dat Hy hulle bestraf het, dui daarop dat hulle plan verskriklik verkeerd was en dat die gedagte Hom gepynig het. Hoe min het hulle hom in der waarheid nog begryp. En hoe min van sy gesindheid en liefde was daar in hulle harte. Ja, hoe min het hulle nog die boosheid en haat van hulle eie hart geken. Daarom het Jesus gesê: "Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie" (Luk. 9:55). Die sending van Jesus was nie om te verderf nie, maar om te red.

En hoe gou is ons nie ook om ons op ondankbaarheid of vyandigheid te wreek nie! Hoe dikwels verkies ons ons vyande se dood in plaas van hul redding. Hoe min is daar nie ook maar van Jesus se liefde in ons eie hart nie! Maar as ons liefhet soos Hy liefgehad het sal ons ook soos Hy, nie soek om te verderf nie, maar om te red (1 Kor. 9:19-23; Jak. 5:19,20).

## *Verwondes versorg (Luk. 10:25-37)*

'n Sekere wetgeleerde het om Jesus te versoek aan Hom gevra: "Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" (Luk. 10:25). Jesus het hom geantwoord deur aan hom 'n vraag te stel oor wat in die wet geskrywe staan, hoe hy lees? Hierop het die wetgeleerde geantwoord: " Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself' (Luk. 10:27). Uit die antwoord blyk dit dat hy óf die verbinding van Deut. 6:5 en Lev. 19:18 geken het, óf dit self gemaak het. Daarop het Jesus gesê: "Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe" (Luk. 10:28). Hiermee het Jesus nie gesê dat dit vir die wetgeleerde moontlik is om dit te doen nie. Hy sê alleen wat God eis. En omdat dit vir niemand moontlik is nie (Gal. 2:16, 21; 3:10-13; 1 Joh. 1:8, 10), het Jesus juis gekom om die wet te vervul (Matt. 5:17-19) deur dit self volkome te onderhou, en ons ongeregtigheid op Hom te neem aan die kruis (1 Joh. 3:5; 2 Kor. 5:21).

Maar die wetgeleerde wou homself regverdig, en sê vir Jesus: "En wie is my naaste?" (Luk. 10:29). Hieruit blyk dit ongetwyfeld dat die wetgeleerde nie almal vir sy naaste gehou het nie, anders sou dit nie nodig gewees het om homself te wou regverdig en die vraag te stel nie. Toe vertel Jesus die bekende verhaal van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:30-37). Of dit 'n gelykenis of 'n ware verhaal was, maak geen verskil nie. In die verhaal word vertel van 'n priester en 'n Leviet wat albei by 'n man wat half dood langs die pad gelê het, verbygestap het. Hulle wat in diens van God gestaan het, en van wie dit verwag kon word om aan 'n verwonde barmhartigheid te bewys, het dit nie gedoen nie. Maar toe kom daar 'n Samaritaan verby wat op reis was. En hy het hom innig jammer gekry, en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem

en vir hom gesorg. En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.

Hiermee het Jesus geleer dat daar by die eise wat barmhartigheid stel, geen grense van nasionaliteit tel nie; nie net liefde tot die volksgenoot word geëis nie, maar ook liefde vir die ander wat jou dalk mag haat (vgl. Luk. 9:52; Joh. 4:9, 20; 8:48). En moenie vra wie my naaste is nie, maar eerder: Van wie is ek 'n naaste? Daarom het Jesus ook die vraag van die wetgeleerde omgedraai en gevra: "Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" (Luk. 10:36)

Die rede waarom die priester en Leviet verbygestap het, was seker omdat hulle nie betrokke wou raak nie, maar veral omdat hulle nie waarlik liefgehad het, soos wat Jesus liefgehad het nie. As Jesus dan sê: "Gaan en doen net so" (Luk. 10:37), sê Hy met ander woorde: Julle moet liefhê, soos wat Ek liefhet, sodat almal kan weet dat julle my dissipels is (vgl. Joh. 13: 34,35).

## *Plek vir die mindergegoede en verstoteling (Luk. 14:15-24)*

In Lukas 14:15-24 kry ons die aangrypende verhaal van die gelykenis van die groot maaltyd. Op die uur van die maaltyd word die dienskneg uitgestuur om vir die genooides te sê: "Kom, want alles is nou gereed" (Luk. 14:17). Dan begin elkeen van hulle om hulleself te verontskuldig. Die een het 'n stuk grond gekoop, die ander het vyf paar osse gekoop, en 'n derde het 'n vrou getrou; en daarom kon hulle nie kom nie, en het hulle eenparig gevra: "Ek vra u, verskoon my tog" (Luk. 14:18,19,20).

Toe die dienskneg gekom en dié dinge aan sy heer vertel het, het hy kwaad geword, want hy het dwarsdeur hulle verskonings gesien; hulle wou maar net nie kom nie. Daarop het hy aan sy dienskneg gesê: "Gaan gou uit in die strate en die gangetjies van die stad en bring die armes en verminktes en kreupeles en blindes hier in" (Luk. 14:21). En die dienskneg het gesê: "Meneer, wat u beveel het, is gedoen, en daar is nog plek" (Luk. 14:22). Toe sê die heer vir die dienskneg: "Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word" (Luk. 14:23).

Die eerste groep wat genooi was, was wel arm en ellendig, maar sou tog kon tel onder diegene wat 'n eie tuiste gehad het. Maar die tweede groep tel beslis onder die wat geen onderdak het nie, die rondswerwers wat oral maar 'n skuilplekkie soek, die verstotelinge. Maar vir albei groepe was daar plek in die huis van die heer, plek aan sy tafel, om deel te kon hê aan die feesmaal wat hy gereedgemaak het vir dié wat dit nie werd was nie, en van wie hy ook later gesê het, dat hulle sy maaltyd nie sal smaak nie (Luk. 14:24).

In die Bybel word die ewige geluksaligheid dikwels vergelyk by 'n maaltyd (Jes. 25:6; 65:13; Matt. 8:11; 22:1-14; Luk. 13:29; Openb. 19:7, 9). En in hierdie gelykenis word onder meer gewaarsku dat alleen dié wat die uitnodiging van God aanvaar, daaraan sal deelhê, die ander nie (Luk. 14:18-20,24; Matt. 22:1-14).

Maar wat vir ons doel van belang is, is dat hierdie gelykenis ons 'n kykie gee in die hart van Christus. En daar sien ons dat Hy plek het vir die mindergegoede, die gestremde en die verstoteling. Hy skaam Hom nie om hulle vriend genoem te word nie; dat diesulkes in sy huis opgemerk word nie. Wat 'n voorbeeld vir ons! Het ons waarlik lief, soos wat Hy liefgehad het? Gaan ons ook uit ons pad uit om aan diesulkes goed te doen. En dwing ons ook met ons warme liefde die skaam en skugter persoon, die agterdogtige, die vreesagtige, die eensames, die voortvlugtendes om by ons skuiling en voedsel te vind? Het ons ook plek vir die armes en verminktes en kreupeles en blindes, soos Hy nog plek het vir hulle? Het ons liefde vir hulle? Kan almal aan ons handel en wandel sien dat ons soos Jesus is, dat ons sy dissipels is? (Joh. 13:34,35).

## *Blydskap oor één siel (Luk. 15:1-10)*

Jesus vertel in Lukas 15 die gelykenisse van die afgedwaalde skaap en die verlore penning

om die waarde van één siel te beklemtoon. Op 'n ander plek het Hy dit treffend gedoen deur te vra: "Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" (Mark. 8:36, 37). Maar in die gelykenis van die afgedwaalde skaap het Jesus vertel hoedat die herder geen moeite ontsien nie en aanhou met soek totdat hy die skaap gekry het, en dan sy blydskap deel met sy vriende en bure, en vervolg: "Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie" (Luk. 15:7). Dit beteken, diegene wat dink dat hulle die bekering nie nodig het nie, soos die Fariseërs en skrifgeleerdes in die dae van Jesus wat op hulleself vertrou het dat hulle regverdig is en die ander verag het (Luk. 15:2; 18:9-14).

In die gelykenis van die verlore penning word veral die sorgvuldigheid waarmee gesoek word, beklemtoon. Dit is net asof die waarde wat een nietige sondaar in die oë van die Here het, hier nog sterker uitkom. Daarom sluit Jesus ook hierdie gelykenis af deur te sê: "So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer" (Luk. 15:10).

Hoe anders was die gesindheid by die Fariseërs en die skrifgeleerdes oor die feit dat al die tollenaars en sondaars die gewoonte gehad het om na Jesus te kom en na Hom te luister: ,,En die Fariseërs en die skrifgeleerdes het baie gemurmureer en gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle" (Luk. 15:1, 2). En hierdie gelykenisse was juis ook vir hulle ore bedoel. 'n Evangelie-hart is nie tevrede met die skape in die kraal nie. Hy gaan uit en soek totdat hy gekry het. En oor daardie één siel juig hy saam met hulle in die hemele, omdat hy weet dat één siel kosbaar is vir God.

Maar is ons waarlik bly oor 'n siel wat tot bekering kom? Of het ons al te gewoond geraak daaraan? Of raak dit ons eenvoudig nie? Dan is daar by ons 'n groot fout. Dan leef ons in 'n ander wêreld as Jesus; het ons 'n ander gesindheid as Hy; het ons nie sy liefde in ons hart nie. Dan moet ons ons liefdeloosheid aan God bely, en bid dat die liefde van God in ons harte uitgestort mag word deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is (Rom. 5:5) sodat die liefde van God die Vader (Joh. 3:16; 1 Joh. 4:7-21) en van God die Seun (Rom. 8:35-39) en van God die Gees (Rom. 15:30) ryklik in ons mag woon.

## *Vir sondaars jammer (Luk. 15:11-32)*

Die verhaal van die verlore seun, of moet dit wees, van die vergewende vader, is seker een van die mooiste kortverhale wat nog ooit op skrif verskyn het. 'n Man het twee seuns gehad. En die jongste van hulle het vir sy vader gesê: "Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom" (Luk. 15:12). En die Vader het die goed tussen hulle verdeel. En hierdie jongste seun het alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. Daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe. En toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land, en hy het begin gebrek ly. Toe het Hy hom by een van die burgers van daardie land gevoeg. En dié het hom in sy veld gestuur om varke op te pas. En hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit aan hom gegee, nie. Toe het hy tot homself gekom en gesê: "Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger! Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader ek het gesondig teen die hemel en voor u, ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge" (Luk. 15:17-19).

Dieselfde seun wat op 'n stadium gesê het: "Gee my", het nou 'n radikale verandering ondergaan. Die voorbarigheid is weg. In ootmoed wil hy hom voor sy vader gaan verneder; gewillig om net maar soos een van die huurlinge te wees; gewillig om twee ander woorde te gebruik: "Maak my." Nie meer gee my wat my toekom nie, maar maak my soos een van u huurlinge; maak met my soos dit u welbehae mag wees.

En hy het opgestaan en na sy vader gegaan, met 'n vaste voorneme om sy sondes te bely, te erken dat hy gesondig het, dat hy nou eers uitgevind het wie werklik sy vriende is. Nie die maats wat met hom saam jolyt gemaak en op sy geld geteer het nie. Toe sy geld opgeraak het, was sy sogenaamde "vriende" skoonveld. Die wat kamtig verstaan het; met hom gesimpatiseer het oor die harde lewe van reëls en regulasies by sy ouerhuis; wat hom vertel het

hoe wonderlik dit is om weg te wees van die bande van die ouerhuis -die strengheid van die ou mense wat die jeug nie meer begryp nie, wat nie kan besef dat hulle in 'n ander tyd lewe nie. Sy oë het skielik oopgegaan. Vir die eerste maal in sy lewe het hy begryp en onthou dat hy nie waardeer het nie, maar die goedheid en liefde van sy vader vertrap het. Hoe dom en dwaas was hy nie!

In sy vodde is hy op pad terug huis toe. En dan volg seker die mooiste deel van die verhaal. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen (Luk. 15:20). 'n Kykie in die hart van ons hemelse Vader; maar meteen ook in die hart van Jesus; 'n hart wat jammer is vir sondaars. Is ons ook jammer vir sondaars? Of kyk ons dalk neer op hulle, en verag ons hulle? Jesus wil hê dat ons vir hulle jammer sal wees; dat ons soos Hy moet wees.

## *Vergewe sonder om te verwyt (Luk. 15: 21-32)*

Ons is nog nie klaar met die verhaal van die verlore seun nie. In die voorafgaande het ons gekom tot waar die vader sy seun gesien, hom jammer gekry, en na hom gehardloop het, hom omhels en hartlik gesoen het. Maar dan begin die seun te praat. Ons onthou nog wat hy van plan was om alles te sê. Nou praat hy en sê: "Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie" (Luk. 15:21). Maar net hier onderbreek die vader hom. Hy laat hom nie toe om verder te praat nie. Die seun wou nog sê: "Maak my soos een van u huurlinge" (Luk. 15:19). Nee, die vader het genoeg gehoor. Hy is heeltemal tevrede. Hy praat alreeds met sy diensknegte: "Bring die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees. Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word" (Luk. 15: 22-24).

Vergifnis, volkome vergifnis; en dit sonder 'n enkele verwyt. So vergewe ons hemelse Vader vandag nog (Jes. 1:18; Jer. 3:22; Hebr. 8:12; 1 Joh. 1:7-10). En só moet ons ook vergewe die wat teen ons gesondig het (Ef. 4:32).

En die oudste seun van die vader was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange. En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken. Dié sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het. En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie (Luk. 15:25-28). Dit is duidelik dat hy nie bly was oor sy broer se terugkoms nie, en dat hy die optrede van sy vader nie goedgekeur het nie.

Sy vader gaan toe uit en smeek hom. Maar hy antwoord en sê vir sy vader: "Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie. Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag" (Luk. 15:29, 30). Die ene verwyt! 'n Gesindheid so anders as dié van sy vader. 'n Tipiese tekening van die Fariseërs en skrifgeleerdes wat na Jesus geluister het. Die pyl van sy woorde het die kol getref. Hulle is ook nie bly oor één siel wat tuis gekom het nie (vgl. Luk. 15:1,2).

Maar dan antwoord die vader die oudste seun, en daarmee Jesus ook die Fariseërs en skrifgeleerdes: "Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue" (Luk. 15:31). Moenie langer kneg wees nie, maar kind! Leef nie uit die wet nie, maar uit die genade. En wees ook bly saam met jou jonger broer: "Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind" (Luk. 15:32). Dit is vergifnis sonder om te verwyt.

## *Soek en red wat verlore was (Luk. 19:1-10)*

Jesus het in Jerigo gekom en daar deurgegaan. En daar was 'n man met die naam van Saggéüs, 'n hoof van die tollenaars en 'n ryk man. En hy het probeer om Jesus te sien, maar vanweë die skare kon hy nie, omdat hy klein van persoon was. En hy het vooruit gehardloop en in 'n wilde vyeboom geklim, sodat hy Jesus kon sien, want Hy sou daarlangs verbygaan.

Dit was ongetwyfeld die Here wat al met hierdie man besig was, want hy doen dinge wat hy onder normale omstandighede nooit sou doen nie. Die optrede sê dat sy belangstelling in Jesus meer as net nuuskierigheid was.

En toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sien hom en sê vir hom: "Saggéüs, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly" (Luk. 19:5). Hoe ken hierdie man my naam? Weet Hy van my? Weet Hy alles van my? En wie is Hy dat Hy net maar kan beveel, en dit moet gedoen word? Het Hy dan reg op elkeen se huis en se goed? Dit is dalk vrae wat by Saggéüs opgekom het, maar dit is beslis vrae wat ons vra, maar waarop ons ook die antwoorde ken, omdat ons weet, ja, seker beter as wat Saggéüs sou kon geweet het, dat hierdie man die Seun van God is, en dat ons met alles wat ons het, nie aan onsself behoort nie, maar dat dit alles syne is (Ps. 24:1; 1 Kor. 10:26,28).

Saggéüs het dadelik afgeklim en het Jesus met blydskap ontvang. Wat 'n vreugdevolle voorreg en eer om te dink dat die Here wat aan niks behoefte het nie, tog gebruik maak van dit wat Hy aan sy skepsele geleen het. Maar die omstanders was nie bly nie. Hulle het gemurmureer en gesê: "Hy het by 'n sondige man tuis gegaan" (Luk. 19:7). Asof hulle nie ook sondaars was nie. Saggéüs was dalk die enigste een in die hele Jerigo wat geweet en erken het dat hy 'n sondaar was. Sulke sondaars is skaars; die ander is volop.

Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: "Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug" (Luk. 19:8). Die slag is gelewer; die oorwinning is reeds betaal; die verandering in die hart het reeds plaasgevind. Die besluit is klaar en finaal geneem. Daar is nie meer so iets soos omdraai nie.

Toe sê Jesus aan hom: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is" (Luk. 19:9). Nie bo en behalwe nie, maar kragtens die verbond het daar vir Saggéüs en sy huis redding gekom (Luk. 10:5; Hand. 16:15, 30-33; 1 Kor. 1:16). En dan gee Jesus die rede waarom Hy juis die huis van Saggéüs uitgesoek het: "Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was" (Luk. 19:10). En as dieselfde passie, dieselfde liefde ook in ons harte woon sal ons ook soos Hy besig wees om te soek en te red wat verlore is. Maar doen ons dit? (Jak. 5:19,20).

## *Oor sondaars geween (Luk. 19: 29-44)*

Met die intog van Jesus in Jerusalem het Hy op 'n eselsvul gery. En terwyl hy voortgaan, het die skare hulle klere op die pad oopgegooi. En toe Hy al naby die afdraand van die Olyfberg kom, begin die hele menigte dissipels God met blydskap te prys met 'n groot stem oor al die kragtige dade wat hulle gesien het, terwyl hulle sê: "Geseënd is die Koning wat kom in die Naam van die Here, vrede in die hemel en heerlikheid in die hoogste hemele! " (Luk. 19:38; Sag. 9:9; Ps. 118:15, 16, 26). Sommige van die Fariseërs wou dat Jesus sy dissipels bestraf, waarskynlik uit vrees dat die Romeinse heersers teen die volk mag optree. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: "Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep" (Luk. 19:40). Jesus wou nie dat sy ware identiteit langer verborge sou bly nie.

En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween; was Hy buitengewoon diep bewoë. Jesus het oor sondaars geween, en gesê: "As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat jou tot vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie" (Luk. 19:42-44).

Jesus het op daardie oomblik innig verlang dat sy volk nog op daardie uur die reddende hand van God sou aangryp en hulle tot Hom sou bekeer nie. Sekerlik sou God dat die oordeel wat oor Jerusalem uitgespreek is, verander word in 'n heerlike fees, want so het God lank vantevore met Ninevé gedoen (Jona 3:4-10). Maar op daardie oomblik het Jesus reeds geweet dat hulle dit nie sou doen nie, want Hy het gesê: "Maar nou is dit vir jou oë bedek" (Luk. 19:42). In sy gees het Hy die grusame dinge gesien, wat later oor die stad sou kom, van die mense wat by sy veroordeling sou uitroep en sê: "Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!

" (Matt. 27: 25). En dit omdat hy die gunstige tyd toe God hom besoek het, nie opgemerk het nie.

Jesus het geween omdat so baie sou ly as gevolg van die blindheid, ongeloof en ongehoorsaamheid van hulle wat blinde leiers van blindes was. Maar tog sou daar in antwoord op sy trane 'n kerk tot stand kom wat die poorte van die doderyk nie sal oorweldig nie (Matt. 16:18), en Hy sal die trane van hulle, wat soos Hy liefhet (Ps. 56:9; 126:5; Hand. 20:19; 2 Tim. 1:4), nie verag nie, tot op dié dag dat Hy in die hemelse geluksaligheid alle trane van hulle oë sal afvee (Openb. 7:17; 21:4). Intussen is die persoonlike vraag tog nodig. Ween ons ook oor siele, soos Hy oor hulle geween het? Het ons lief, soos Hy liefgehad het? (Joh. 13:34,35).

## *Hy bid vir hulle wat Hom doodmaak (Luk. 23:33,34)*

En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig (Luk. 23:33). Spykers word deur sy hande en voete geslaan. Nou word die paal opgelig en in die grond vasgestamp. Die spykers skeur aaklige wonde oop. Die verskriklike pyne sny deur hande en voete. En die hemele swyg. Daar gebeur eenvoudig niks. Lank gelede toe Abraham sy seun Isak moes offer, het 'n stem uit die hemel hom verhinder, en is 'n ram voorsien om in sy seun se plek geslag en geoffer te word. Maar nou is daar geen stem nie; net maar 'n yskoue stilte. Het God dan miskien vir Isak liewer gehad as vir sy eie Seun? Nee, dit is ter wille van Isak en van ons almal dat Hy daar moes hang as 'n vervloekte, om ons so van die vloek te verlos (Gal. 3:10,13).

En dan bid Jesus: "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Luk. 23:34). Vir wie bid Hy? Vir die soldate? Ja vir hulle ook. Maar hulle voer tog maar net bevele uit. Dit is tog nie die laksman wat iemand doodmaak nie, maar die regter, en agter die regter die owerheid. Nee, Jesus bid vir almal wat vir sy kruisiging verantwoordelik was. Maar het hulle almal, Pilatus, Herodes, Kajafas en die Joodse volk, nie geweet wat hulle doen nie? Ja, hulle het almal geweet dat Jesus onskuldig was, en dat hulle Hom as gevolg van onheilige motiewe aan die kruisdood prysgegee het; dit moes hulle gewete alreeds gesê het. Maar tog het hulle nie werklik geweet wat hulle gedoen het nie, dat hulle die Messias die Seun van God gekruisig het nie, want dit was vir hulle oë bedek (Luk. 19:42), anders sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie (1 Kor. 2:8; Hand. 13:27).

Maar die wonder van dit alles is, dat Jesus onder sulke omstandighede vir sy vyande gebid het, en so ook aan ons 'n voorbeeld nagelaat en 'n opdrag gegee het, om, indien dit ooit met ons sou gebeur, dieselfde te doen. En dat dit nie onmoontlik is nie, is genoegsaam deur Stefanus, die eerste martelaar, bewys; want toe die Jode hom gestenig het, het hy op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! " (Hand. 7:60).

## *Arm geword, ter wille van ons (Joh. 1:14)*

Johannes skrywe: "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid" (Joh. 1:14). Die inkarnasie, dit is die vleeswording (Joh. 1:14) van die Woord (Joh. 1:1, 18), met die oog op die versoening, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het, deur hulle hul misdade nie toe te reken nie (2 Kor. 5:18-21), moet gesien word as die grootste uitdrukking van God se liefde vir ons (Joh. 3:16).

Die Woord (Joh. 1:1) het vlees geword (Joh. 1:14; Rom. 9:5), dit beteken, die menslike natuur aangeneem, wat hoewel sonder sonde (Joh. 8:46; 1 Joh. 3:5), in alle ander opsigte, totdat die losprys betaal was (1 Tim. 2:6), aan ons gelyk was (Hebr. 2:17), en die voorwerp van moegheid, pyn, hartseer en dood was (Joh. 4:6, 7; 11:33, 35; 12:27; 13:21; 19:30). So skrywe Paulus: "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan mense gelyk te word; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis" (Fil. 2:6-8). Van Hom het Jesaja getuig: "Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë

grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie" (Jes. 53:2, 3). Soos geskrywe staan: "Dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van ons arm geword het" (2 Kor. 8:9).

Daardeur het Hy nie sy Godheid afgelê nie (Joh. 8:58; 17:22), maar verberg (Joh. 14: 8, 9), sodat alleen dié aan wie die Vader (Matt. 16:15-17) deur sy Gees (1 Kor. 12:3) dit openbaar, in Hom die Seun van God sien (Joh. 20:28,31).

Hy het vir 'n tydjie sy tent onder mense kom opslaan, terwyl baie, ten spyte van die feit dat Hy geen aardse heerlikheid gehad het nie (Jes. 53:2) en vir die meeste net maar 'n Jood (Joh. 4:9) of 'n profeet was (Matt. 16:14), tog die heerlikheid van die hemele, wat so nou en dan sterker deurgestraal het (Joh. 2:11) aanskou (Joh. 1:14); 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene (Kol. 1:15) wat van die Vader kom (Joh. 1:14, 18; Matt. 11:27) vol van genade en waarheid; van genade, soos blyk uit sy liefde vir tollenaars en sondaars (Luk. 7:34; 19:41); van waarheid, want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol. 2:9) en is al die skaduwees volmaak vervul (Kol. 2:16,17).

En as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun (Rom. 5:10), dan het Hy reg op ons lewe, ons talente ons goed om ons te stuur om onder sondaars te woon, en selfs arm te word, soos Hy arm geword het, ter wille van hulle vir wie Hy gesterf het, sodat hulle gered kan word tot die ewige lewe (vgl. Hand. 2:44,45; 4:32-35; 2 Kor. 8:6,7).

## *Die mooie in elkeen raakgesien (Joh. 1: 41-43)*

Andreas het sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: "Ons het die Messias gevind" (Joh. 1:42). En hy het sy broer na Jesus gelei. Wat 'n pragtige voorbeeld van persoonlike werk, en dit in sy eie huis, onder sy eie mense.

En toe Simon by Jesus kom, het Hy hom stip aangekyk. Hy het dwarsdeur Petrus gesien. 'n Onverfynde, ongeletterde visserman; 'n impulsiewe onvoorspelbare mens. Eintlik 'n groot risiko om so iemand in diens te neem. Ons sou hom definitief afgewys het.

Maar Jesus het verder gesien as dit; Hy het by die lelike verby gekyk; Hy het klaar die mooie in Simon raakgesien. Toe sê Jesus vir hom: "Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Cefas" (wat vertaal word Petrus) (Joh. 1:43). Later sou hierdie woorde nog diepere betekenis verkry toe Jesus aan sy dissipels gevra het: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" (Matt. 16:15), en Petrus vir Hom gesê het: "U is die Christus, die Seun van die lewende God" (Matt. 16:16). Toe het Jesus vir hom gesê: "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie (Matt. 16: 17, 18). Dit beteken natuurlik nie die persoon van Petrus nie, maar op sy belydenis dat Christus die Seun van die lewende God is. En dit het Jesus al by hulle eerste ontmoeting raakgesien.

Elke mens het iets goeds in hom. Dikwels word dit weggesteek deur ander dinge, dikwels lelike dinge, sodat dit nie maklik raakgesien word nie, behalwe as 'n mens regtig belangstel in mense, as 'n mens met 'n wakker oog sou kyk. En as jy dit in iemand raaksien en dit vir hom sê, soos Jesus ook gedoen het, kan dit dalk net die woord wees wat die hele lewe van die persoon kan verander ten goede.

Ons is so geneig om die verkeerde en die lelike in andere op te merk en hulle daarop attent te maak. En dit is so jammer. Meer as een se moed is al so gebreek. Dit kos tog niks om vriendelik te wees en mooi dinge vir mekaar en van mekaar te sê nie. 'n Groot kunstenaar kan selfs uit weggooi marmer 'n mooi beeld maak. Sou iets vir God te wonderlik wees om te kan doen? (Luk. 1:37). Hy maak van Jakob 'n Israel en van Simon 'n Petrus; Hy kan aan ons 'n hart van vlees gee al het ons 'n hart van klip (Eseg. 36:26). En as sy liefde ryklik in ons woon (Ef. 3:17), sal ons soos Hy wees om ook die mooie in ander raak te sien en hulle daarop attent te maak.

## *Dié wat in verleentheid was, het Hy gehelp (Joh. 2:1-12)*

En daar was 'n bruilof te Kana in Galilea, en die moeder van Jesus was daar. Dalk was dit familie of vriende van haar. En Jesus en sy dissipels was ook na die bruilof genooi. Dink daaraan. Jesus was ook welkom by daardie bruilof. Maar wonderliker nog. Hy het die uitnodiging aangeneem. Hy het 'n bruilof belangrik genoeg geag om self teenwoordig te wees.

Dit is goed om Jesus na jou bruilof te nooi en so sy seën te ontvang. Maar dit waarborg egter nie dat daar nie ook verleenthede sal kom nie. Hierdie bruilof is daarvan 'n sprekende bewys. Die wyn het opgeraak. Vir die Oosterlinge is dit 'n groot verleentheid; iets wat net nie mag gebeur nie. En, let daarop. Dit het plaasgevind ten spyte van die feit dat Jesus persoonlik daar was.

Maar sê nou maar net, Hy was nie daar nie. Toe die moeder van Jesus merk wat aan die gang was, het sy haar toevlug na Jesus geneem. Hy het weliswaar eers sy moeder laat verstaan dat sy nie, omdat sy sy moeder is, 'n natuurlike reg of aanspraak op Hom het om Hom enigsins voor te skryf nie, want die werke van sy Vader doen Hy suiwer en alleen in opdrag van sy hemelse Vader (Joh. 17:4). Sy moeder het begryp en vir die dienaars gesê: "Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen" (Joh. 2:5). Daarop het Jesus hulle beveel om die ses klipkanne wat daar gestaan het vol water te maak. Daarna beveel Hy hulle om uit te skep en dit vir die hoofdienaar te bring. En toe die hoofdienaar die water proe wat wyn geword het, en hy nie geweet het waarvandaan dit was nie, het hy die bruidegom geroep en gesê: "Elke mens sit eers die goeie wyn op en wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar u het die goeie wyn tot nou toe bewaar" (Joh. 2:10).

So is die verleentheid vir almal by daardie feestelikheid omskep in 'n geleentheid; 'n geleentheid waarin die heerlikheid van Christus Jesus geopenbaar is, en sy dissipels het in Hom geglo (Joh. 2:11). En dit is ons ondervinding vandag nog: "God is 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef" (Ps. 46:2; 34:7; 50:15), al kom Hy dikwels in die vierde nagwaak (Matt. 14:25), wanneer die nood op die hoogste is.

Maar ook op ons pad kom daar situasies wanneer andere in verleentheid verkeer en ons tog in die vermoë is om te kan help. Doen ons dit altyd? Of maak ons nie soms juis van andere se verleenthede misbruik nie, veral wanneer ons in een of ander transaksie daaruit vir onsself munt kan slaan? Sou Jesus dit gedoen het? En ons moet dan liefhê soos Hy liefgehad het (Joh. 13:34, 35), moet andere help soos Hy gehelp het (Joh. 2:7-10).

## *Oor die hulpelose het Hy Hom ontferm (Joh. 5:1-9)*

Daar was in Jerusalem 'n bad wat in Hebreeus Betesda genoem word. En daar het 'n groot menigte siekes gelê, blindes en kreupeles en lammes, wat op die roering van die water gewag het. Die een wat eerste ingegaan het na die roering van die water, het gesond geword, aan watter siekte hy ook al gely het. En 'n sekere man was daar, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het. Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: "Wil jy gesond word?" (Joh. 5:6). Dit wil voorkom asof hierdie ongelukkige man op daardie stadium alle hoop laat vaar het, dat hy ooit sal gesond word, en dat Jesus hom wou help om by die oorsaak van sy houding uit te kom. Dalk het hy op daardie oomblik gehoop dat hierdie vreemdeling hom sal help om na die roering van die water eerste in die water te kom. Of het hy dalk al van Jesus gehoor?

En die sieke antwoord Hom: "Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander voor my in" (Joh. 5:7). Dit wil voorkom asof die reël van elkeen vir homself hier gegeld het. Hy het in elk geval niemand gehad wat hom gehelp het nie; die andere skynbaar wel. Hy was totaal hulpeloos. Niemand het hulle oor hom ontferm nie.

Daarop sê Jesus vir hom: "Staan op, neem jou bed op en loop" (Joh. 5:8). Dit was 'n bevel; 'n magswoord wat uitgespreek was. En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop (Joh. 5:9). Die werke van God is volmaak, en aan sy goedheid en trou is daar geen einde nie. Juis dié wat deur almal verdruk of vergeet word, word deur Hom

raakgesien; Hy ontferm Hom oor hulle wat geheel en al hulpeloos geword het (Ps. 72:12).

Maar daar moet tog iets daarvan ook in ons wees, omdat ons sy kinders is, en na sy beeld en gelykenis geskape is (Gen. 1:26, 27). En as medewerkers van God (1 Kor. 3:9) vir die koninkryk van God (Kol. 4:11), is ons geroepe om sy werk op aarde voort te sit, soos Hy dit gedoen het; dan moet ons ons ook ontferm oor hulle wat, soos die siek man in Betesda, geheel en al hulpeloos geword het.

## *Vir dié wat geval het, het Hy ingetree (Joh. 8:1-11)*

Hoewel die verhaal van die owerspelige vrou in die oudste handskrifte ontbreek, dra dit egter alle tekens van historiese egtheid. Vroeg in die môre het Jesus in die tempel gegaan; en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer. En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring. Hulle het hulle hoegenaamd nie daaraan gesteur dat die skande van hierdie vrou daardeur aan die groot klok gehang word nie; solank hulle net hulle doel kan bereik, sodat hulle iets kan hê om Hom te beskuldig (Joh. 8:6).

En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Jesus: "Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?" (Joh. 8:4, 5). Die pynlikste vir Jesus op daardie oomblik was nie die sonde van die vrou nie, maar die wete dat hierdie godsdienstige leiers met gemene spel besig is; dat hulle Hom wil verstrik. Daarom het Hy neergebuk, en met sy vinger op die grond geskrywe. Wat Hy geskryf het weet ons nie, en is seker ook nie vir ons belangrik om te weet nie.

Die Fariseërs en skrifgeleerdes het egter aangehou om Hom te vra; angstig om Hom in 'n hoek te dryf om dalk iets teen die wet van Moses te sê, sodat hulle Hom kon aankla en veroordeel as 'n oortreder van die wet, sodat Hy by die volk in diskrediet kan kom.

Maar dan rig Jesus Hom op, miskien om meer gewig aan sy woorde te gee (vgl. Joh. 7:37), en sê aan haar beskuldigers: "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi" (Joh. 8:7). En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. Hiermee het Jesus juis die wet van Moses in herinnering gebring: "Die hand van die getuies moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, en daarna die hand van die hele volk" (Deut. 17:7). Maar daarmee het dit vir elkeen, duidelik geword, dat hulle allermins geskik is om die wet van Moses ten uitvoer te bring, want toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe (Joh. 8:9).

En Jesus het alleen agtergebly en die vrou wat tussen hulle in gestaan het. Toe Jesus Hom opgerig het en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: "Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? (Joh. 8:10). En toe sy antwoord dat niemand haar veroordeel het nie, sê Jesus vir haar: "Ek veroordeel jou ook nie" (Joh. 8:11). Daarmee het Jesus nie haar sondes goedgepraat nie, maar Hy sê toe verder: "Gaan heen en sondig nie meer nie" (Joh. 8:11).

Vir die wat geval het, het Hy ingetree. En as ons liefhet, soos Hy liefgehad het, sal ons dieselfde doen! (Joh. 13:34,35).

## *Saam met die bedroefdes het Hy geween (Joh. 11: 30-36)*

Lasarus, die broer van Martha en Maria, het siek geword, en hulle het Jesus laat roep. Maar toe Jesus in Betanië kom, was Lasarus al vier dae dood. Martha was die eerste om Jesus tegemoet te gaan en aan Hom die nuus mee te deel. Daarna het sy na Maria gegaan en stilletjies vir haar gesê: "Die Meester is hier en Hy roep jou" (Joh. 11:28). Sy het toe vinnig opgestaan en na Hom toe gegaan. En toe sy Hom sien, val sy aan sy voete neer en sê vir Hom: "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie" (Joh. 11:32).

En toe Jesus haar dan sien ween en die Jode wat saam met haar gekom het, ook sien ween, het Hy geweldig bewoë geword in sy gees en Hom ontstel. Die woord wat hier gebruik word is moeilik om te vertaal. Dit was toorn wat met simpatie vermeng was. Toorn oor die

verskriklike uitwerking van die sonde en die mag van Satan tot die dood; en jammerte vir die mens wat so bitter daaronder moet

En dan tree Jesus op om sake te verander. Hoewel Hy seker geweet het, wat die antwoord was, spreek hy nou die treurendes aan. Hy begin om te handel: "Waar het julle hom neergelê?" (Joh. 11:34). En hulle sê vir Hom om te kom kyk. Maar daar het sy eie gemoed Hom oorweldig, en Hy het geween, sodat die Jode gesê het: "Kyk, hoe lief Hy hom gehad het! " (Joh. 11:36). Dit was nie net oor Lasarus dat Jesus bedroef was nie, maar ook oor Martha en Maria en al die ander. Meer nog oor al die skepsele, ja, die hele skepping van God wat aan nietigheid onderworpe is, en in barensnood is en smag na die verlossing wanneer alles nuut gemaak sal word.

En hoe staan die saak by ons? Raak die leed van ander ons ook soos vir Hom? Weet ons nog, wat dit beteken om saam met bedroefdes te ween? Kom die smart uit ons hart uit, sodat andere selfs sal kan sê: Kyk, hoe lief hy hom gehad het! Hiertoe het die Woord van God ons beveel: "Wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween" (Rom. 12:15). Dan het iets van die liefde van Jesus in ons gestalte gekry; het ons begin om lief te hê soos wat Hy liefgehad het (Joh. 13:34,35).

## *Andere se voete gewas (Joh. 13:1-20)*

En voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader en omdat Hy sy eie mense tot die einde toe, dit wil sê, op 'n volkome wyse (1 Thess. 2:16), liefgehad het, van die maaltyd opgestaan, en sy boklere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak, water in 'n bak gegooi en begin om die voete van sy dissipels te was en af te droog met die doek wat Hy omgehad het.

Petrus die man wat altyd impulsief opgetree het, hardop gedink het, en steeds aan uiterstes toegegee het, het aanvanklik geweier, maar toe Jesus verklaar het dat as Hy hom nie was nie, hy geen deel aan Hom sou hê nie, gesê het: "Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof' (Joh. 13:9).

Daarop het Jesus vir hom gesê: "Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein; en julle is rein, maar nie almal nie" (Joh. 13:10). Hy het dus geweet wie Hom sou verraai (Joh. 13:11). Daarom het Hy gesê, nie almal nie. En tog was Hy gewillig om ook Judas se voete te was. Dit leer ons dat al God se gawes, gawes is vir en deur die geloof. Vir Judas het dit alles niks gebaat nie, omdat dit nie met geloof gepaard gegaan het nie.

En toe Jesus klaar was, het Hy vir die dissipels gesê: "Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen" (Joh. 13:12-15).

Jesus het nie hierdeur 'n kerklike gebruik ingestel nie, maar geleer dat ons voortdurend gereed moet wees om die een die ander voor te gaan in eerbetoning, dat die een die ander gedurig hoër moet ag as homself en dat niemand van homself meer moet dink as wat hy behoort te dink nie (Rom. 12:10; Fil. 2:3). Daarin lê die krag van die voorbeeld wat Jesus gestel het (vgl. Hebr. 4:11; 8:5; 9:26; Jak. 5:10; 2 Petr. 2:6). Daarom kon Hy ons ook beveel om mekaar lief te hê soos Hy ons liefgehad het (Joh. 13:34,35).

## *Hy het sy lewe vir ons gegee (Joh. 15:12,13)*

Jesus het gesê: "Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee" (Joh. 15:12, 13). Dié liefde eis alles, selfs die lewe van die een wat liefhet (Rom. 5:7, 8; 1 John. 3:16).

Natuurlik kan geen mens deur sy lewe vir andere te gee, daarmee vir andere verwerf wat Jesus vir ons met sy dood en opstanding verkry het nie (vgl. 2 Kor. 5:21). Maar dit is ook hier glad nie ter sake nie. Dit gaan oor die gewilligheid om ter wille van liefde, as dit dan moet, deur

algehele selfverloëning, selfs gewillig te wees om vir andere te sterf.

Ons mag sterf deur andere van die dood te probeer red, deur ons land teen die vyand te beskerm, deur onsself gewillig te gee om in die plek van 'n ander te sterf, nie om daarmee die saligheid vir andere te verwerf of hulle skuld voor God te probeer betaal nie, maar om daardeur die egtheid van ons eie liefde te bewys soos Ester wat by geleentheid haar eie lewe gewaag het, om daarmee die lewes van baie andere te red toe sy gesê het: "En as ek omkom, dan kom ek om" (Ester 4:16).

Christus bewys dan sy liefde tot ons daarin dat Hy sy lewe vir ons gegee het (Joh. 15:13; 19:30); en ook aan ons sê: "'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het" (Joh. 13:34, 35). Dit is die "elfde gebod". Laat ons hierdie boek afsluit met die volgende gebed: *"Onse Vader, gee dat die liefde waarmee U ons liefgehad het ryklik in ons mag woon. Gee dat ons mekaar sal liefhê net soos U ons liefgehad het, sodat die wêreld kan weet dat ons U dissipels is, en dat u heilige Naam daardeur elke dag en onder alle omstandighede deur elkeen van ons geheilig mag word, ook tot redding van kosbare siele. Amen.*

# Geraadpleegde werke


1. Bain, J. S., *Pricing, distribution and employment,* Rev. ed. Henry Holt, NewYork, 1953.
2. Bech, L. (en andere), *Dé tien geboden in Spreuken,* Kok, Kampen.
3. Besselaar A. T. (en andere), *De Thora in de Thora,* Deel II, Tweede druk, T. Wever-Franeker.
4. Bolkestein, M. H., *De tien Geboden,* Holland Uitgeversmaatschappij, Amsterdam, 1945.
5. Cronjé, H. (en andere), *Aborsie,* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1973.
6. De Beer, D. F. B. (en andere), *Soeklig op ons Sedes* (Referate gelewer en besluite geneem op die landswye kongres van die N.G. Kerk gehou op 30 Junie tot 2 Julie 1970 aan die Universiteit van Pretoria), Pretoria, 1970.
7. De Wet, J. C. (en H. L. Swanepoel), *S.A. Strafreg,* Butterworths, Durban, tweede druk, 1960.
8. De Wet, J. C. (en J. P. Yeats), *Kontraktereg en Handelsreg,* Derde druk, Butterworths, Durban, 1964.
9. Du Preez, A. B., *Geboortebeperking,* Posbus 433, Pretoria.
10. Durall, E. M., *Waarom wag tot jy getroud is?* N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad-Pretoria, 1969.
11. Eksteen, F. R. L. N. (en J. G. von Backström), *Verkoopkuns vir standerd 7,* Nasou Beperk.
12. Eksteen, F. R. L. N. (A. J. van Rooyen, F. P. Viljoen en adviseur J. G. von Backström), *Bedryfsekonomie vir standerd 8,* Nasou Beperk.
13. Eksteen, F. R. L. N. (A. J. van Rooyen en adviseur J. G. von Backström), *Bedryfsekonomie vir standerd 9,* Nasou Beperk.
14. Id. *Bedryfsekonomie vir standerd 10,* Nasou Beperk.
15. Engelbrecht, B. J. (H. S. Pelser en A. H. van Zyl), *Wat sê die Bybel,*Van der Walt en Seun, Deel I, derde druk, 1975 en Deel II, 1972.
16. Eyton, Robert, *The ten Commandments,* London, 1894.
17. Gaum, F., *Die Bybel - en u, 2* vols., N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad en Pretoria.
18. Gibson, J. T. R., *Wille's principles of S.A. Law,* Juta, Kaapstad, 6de druk.
19. Greijdanus, S., *Het heilig evangelie naar de beschrijving van Lucas* (Hoofstukken 1-12) Bottenburg, Amsterdam, 1940 en hoofstukke 13-24, 1941.
20. Groenewald, E. P., *Die evangelie volgens Markus,* Van Schaik, Pretoria, 1948.
21. Id. *Hier en daar 'n teks,* N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad-Pretoria, 1974.
22. Grosheide, F. W. (en andere), *Christelijke Encydopaedie,* 6 vols., Kok te Kampen, 1925.
23. Haas, K. B., *Professional Salesmanship,* Holt, Rinehart and Winston, New York, 1962.
24. Hendriksen, William, *The Gospel of Matthew,* Billing and Sons, Guildford and London, 1974.
25. Id. *The Gospel of John,* Billing and Sons, Guildford and London, 1973.
26. Id. *Galatians,* Billing and Sons, Guildford and London, 1974.
27. Id. *Colossians and Philemon,* Billing and Sons, Guildford and London, 1974.
28. Heyns, J. A., *Die nuwe mens onderweg,* Tafelberg-Uitgewers, Tweede druk, 1973.
29. Id. *Die Mens,* Sacum, 1974.

30. Jones, M. W., *Commerce Examination Questions answered,* Pitman Publishing, 1973.

31. Jonker, W. D., *Die brief aan die Romeine,* N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad-Pretoria, 1967.

32. Koole, J. L., *De Tien Geboden,* Bosch en Keuning N.V., Boorn, 1964.

33. Kritzinger, M. S. B. (F. J. Labuschagne en P. de V. Pienaar), *Verklarende Afrikaanse Woordeboek,* Van Schaik, Pretoria, 1965.

34. Kuyper, *A.,E Voto Dordraceno,* Deel 2, 3 en 4, Kok en Kampen.

35. Lee, R. W., *Introduction to Roman Dutch Law,* Vyfde druk.

36. Landsdowne, A. V., *Outlines of S.A. crimïnal law and Procedure,* Juta, Kaapstad, tweede druk, 1960.

37. Morgan, G. Campbell, *The ten Commandments,* Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1974.

38. Mullan, B. O, *Die grondbeginsels van die ekonomie soos in Suid-Afrika toegepas,* Yuta & Kie, Kaapstad, 1959.

39. Müller, Jac. *J.,InU Lig,* 2 vols., Sacum, 1953 en 1957.

40. Newlyn, W. T., *Theory of money,* Claredon Press, Oxford, 1962.

41. Nielsen, E., *The ten Commandments in New Perspective,* S.C.M. Press, London, 1968.

42. Ridderbos, H., *Aan de Romeinen,* Kampen, 1959.

43. Id. *Aan de Kolossenzen,* Kampen, 1960.

44. Schumann, C. G. W. (D. G. Franzsen en G. de Kock), *Ekonomie, 'n inleidende studie,* Universiteits Uitgewers en Boekhandelaars, Stellenbosch-Grahamstad.

45. Stamm, J. J. (en M. E. Andrew), *The ten Commandments in recent research,* S.C.M. Press Ltd, Bloomsbury street, London, Tweede druk, 1970.

46. Stapelberg, N. H., *Rentekoersmanipulasie as beleidsinstrument,* Proefskrif vir D.Com.-graad aan P.U. vir C.H.O., Pretoria, 1972.

47. Tunstall, F. C. (en B. Wulfsohn), *Teorie en praktyk van die handel,* Juta en Kie, negende druk, Kaapstad.

48. Van den Berg, J. (en andere), *De Thora in de Thora,* Deel I, N.V. Uitgeversmaatschappij de graafshap - Aalten, 1967.

49. Van Niekerk, E. A., *Tien stippellyne vir die pad,* N.G. Kerk-Uitgewers, tweede druk, 1972.

50. Van der Merwe, Andries, *Liefde en Seksualiteit in die jeugjare,* **Bloem**fontein, 1967.

51. Van Ruler, A. A., *Laat heel de aard' een loflief wezen,* Uitgeverij G. F. Callenbach-Nijkerk, 1973.

52. Veldkamp, H., *Zondagskinderen,* Vierde druk, Wever-Franeker.

53. Verloren van Themaat, J. P., *Diefstal en, in verband daarmee bedrog in die Romeins-Hollandse Reg,* Proefskrif vir LLD.-graad aan U.P., 1960.

54. Viljoen, Dirk, *Hoe lief het ek u Wet?,* (kursus vir Bybelkor - ongepubliseerd), 1975.

55. Visser, H. A., *De jonge kerk hoort het oude woord* (de tien geboden), Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1950.

56. Watson, Thomas, *The ten Commandments,* Billing and Sons, Guildford and London, 1970.